Afrikaanse Protestantse Kerk

Sakelys
vir die
Vyftiende Sinode

Gehou te Pretoria
3–6 September 2017

Vertroulik
Die inhoud van hierdie dokument word nie bekend gemaak voordat die Sinode oor sake daarin besluit het nie

SAAMGESTEL: **SENTRALE KERKEKOMMISSIE VAN DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK**

UITLEG: Marius Gouws

GEDRUK & GEBIND: Exutate Facilitation (Pty) Ltd
Kontakno.: 082 932 8400
Faks: 086 764 9210
E-pos: riaan@exutate.co.za

INHOUDSOPGAWE

1.	**VOORWOORD**		**i**
2.	**ORDEREËLINGS**		**ii**
3.	**DAGPROGRAM**		**iii**
	VERSLAE VAN		
4.	**SENTRALE KERKEKOMMISSIE (SKK)**		**1**
4.1	Bylae SKK1	Reiskoste van reisende leraars	**30**
4.2	Bylae SKK2	Bedieningswerk – hulp aan gemeentes	**31**
4.3	Bylae SKK3	SKK-verklarings	**32**
4.4	Bylae SKK4	Groeteboodskappe	**42**
4.5	Bylae SKK5	Emeritushulpfonds	**48**
4.6	Bylae SKK6	Bybelgenootskap van Suid-Afrika.....	**49**
5.	**PUBLIKASIEKOMMISSIE (PK)**		**55**
5.1	Bylae PK1	*Die Boodskapper* en *Die Jeugboodskapper*	**73**
6.	**KOMMISSIE VIR DIE KERKARGIEF (KKA)**		**78**
6.1	Bylae KKA1	*In Memoriam*	**83**
7.	**KOMMISSIE VIR JEUG EN VERBONDSONDERRIG (KJV)**		**96**
8.	**GEMEENSKAPLIKE KERKKANTOORKOMMISSIE (GKK)**		**100**
8.1	Bylae GKK1	Prosedure by benoeming van Direkteur van Kerkadministrasie	**121**
8.2	Bylae GKK2	Name van gemeentes m.b.t. 15%	**122**
8.3	Bylae GKK3	Ooreenkoms tussen die Sinode van AP Kerk en die Raad van die AP Akademie	**124**
8.4	Bylae GKK4	Geouditeerde finansiële jaarstate 2016	**130**
8.5	Bylae GKK4.1	AP Akademie Ontwikkelingstrust 2016	**147**
8.6	Bylae GKK4.2	Ouditeursverslae vir 2014 & 2015	**153**
8.7	Bylae GKK4.3	Geouditeerde finansiële jaarstate 2013	**157**
8.8	Bylae GKK4.4	Grafiek van ontvangste en uitgawes 1987–2016	**180**
8.9	Bylae GKK4.5	Begroting en werklike bedrae 2013/2014	**181**
8.10	Bylae GKK4.6	Begroting en werklike bedrae 2015/2016	**183**
8.11	Bylae GKK4.7	Kommissiewerk 2013–2016	**184**
8.12	Bylae GKK5	Begroting 2018	**185**
		GKK-Begroting 2018	**185**
		PK-Begroting 2018.....	**186**
		SKK-Begroting 2018	**186**
		Reiskostebegroting vir kommissies 2018	**187**
9.	**KOMMISSIE VIR KERKLEER EN CHRISTELIKE ETIEK (KKCE)**		**188**
9.1	Bylae KKCE1	Studiestuk oor Sondagviering	**199**
9.2	Bylae KKCE2	Studiestuk oor Kleuterkerk	**211**
9.3	Bylae KKCE3	Beskrywingspunt: Ring van Stellenbosch oor evolusie	**219**
9.4	Bylae KKCE4	Beswaarskrif: Ring van Klerkdorp oor Skrifgesag	**222**
9.5	Bylae KKCE5	Advies oor wat is ergerlike sondes?	**226**
10.	**KOMMISSIE VIR KERKREGTELIKE SAKE (KKS)**		**228**
11.	**KOMMISSIE VIR SENDING EN EVANGELISASIE (KSE)**		**262**
11.1	Bylae KSE1	Brief aan gemeentes	**265**
12.	**KURATORIUM (KUR) EN AP AKADEMIE**		**268**
12.1	Bylae KUR1	Stand van fondse 2013–2016	**299**
12.2	Bylae KUR2	AP Akademie se geouditeerde finansiële jaarstate 2016	**300**
13.	***AD HOC*-KOMMISSIE VIR VERBONDSONDERRIGHANDBOEKE**		**316**
13.1	Addendum A	Model en Formaat.....	**322**
14.	**KOMMISSIE VIR ONDERWYS EN OPLEIDING (KOO)**		**326**
15.	**KOMMISSIE VIR FORMULIERE EN LITURGIE (KFL)**		**335**

VOORWOORD

Sinode 2017 van die Afrikaanse Protestantse kerkverband vind in 'n besondere jaar plaas. Die 500ste herdenking van die Reformasie word tydens die opening van die Sinode feestelik gevier. Met vreugde onthou ons dat ons kinders van die Reformasie is en dank ons die Here dat Hy tot sy eer alleen sy Woord weer die ereplek in die kerk gegee het. Ons verbind ons opnuut tot verkondiging van die heerlike evangelie dat God uit vrye genade alleen die sondaarmens deur geloof alleen in Jesus Christus alleen red. Mag hierdie gereformeerde oortuiging ons doen en late as kerkverband – en daarom ook hierdie sinodale vergadering – rig.

Die jaar 2017 is egter ook 'n jaar van woelinge en veranderinge op politieke gebied in Suid-Afrika en die wêreld, met al die gevolge wat dit meebring. In só 'n tyd wil die AP Kerk vir sy lidmate en die breë Suid-Afrikaanse gemeenskap vanuit God se onfeilbare Woord koers en rigting aandui. Ons bede is dat hierdie sinodesitting 'n belangrike bydrae in dié verband sal lewer.

Ons versoek is dat u as afgevaardigdes voorbereid na die vergadering sal kom. Hierdie voorbereiding behels die deeglike bestudering van die agenda, nadenke oor die sake daarin vervat en onophoudelike gebed tot God dat Hy, die Koning van sy kerk, die vergadering deur sy Gees sal lei.

PRAKTIESE REËLINGS:

Afgevaardigdes word op die volgende belangrike sake gewys:

1. Om 'n **kopie van Omsendbrief 3 van 27 Maart 2017** by hulle skribas te bekom en hulle **vertroud te maak met die belangrike inligting daarin.**

2. Om die inhoud van hierdie **SAKELYS as vertroulik te beskou** totdat die Sinode dit afgehandel het en om dit **vooraf aandagtig te bestudeer** aangesien die inhoud tydens die Sinode as gelese beskou sal word.

3. Om 'n **Bybel, *PSALMS EN GESANGE VIR DIE AP KERK*** en 'n eksemplaar van die ***KERKORDE 2014*** saam te bring na die Sinode.

4. Om die ***Ordereëls vir kerklike vergaderings* op bl. 71–77 in die *KERKORDE 2014*** aandagtig te lees sodat elke afgevaardigde daarvolgens kan optree (dit sal as gelese beskou word by die aanvang van die Sinode).

5. Om onderling te reël dat ná afloop van die Sinode, en ná ontvangs van die ***HANDELINGE***, **een afgevaardigde uit elke gemeente sy volledige stel sinodestukke aan die kerkraad vir bewaring en naslaandoeleindes sal oorhandig.**

6. Om **gereeld voorbidding** vir die komende Sinode **te doen**.

Elke afgevaardigde word 'n veilige reis en geseënde deelname aan die Sinode toegebid.

Prof.dr. JAE Adendorff
(Voorsitter SKK)

ORDEREËLINGS

1. Opening met Skriflesing, sang en gebed deur afgevaardigde predikant wat die oudste in jare is (Bep. 41E).

2. Waarnemende voorsitter ooreenkomstig Bepaling 41E – voorsitter van vorige Sinode: prof.dr. JAE Adendorff

3. Waarnemende skriba en hulpskriba totdat skribas verkies is:
di. HSW Strauss en HJ Dafel

4. Verwelkoming deur

   4.1 waarnemende voorsitter;
   4.2 voorsitter, Kerkraad AP Kerk Wonderboom

5. Verslag van Tydelike Kommissie vir Geloofsbriewe

6. Konstituering

7. Aanwysing van stemopnemers en -tellers

8. Kennisname van Ordereëls vir kerklike vergaderings (bl. 71–77 in *Kerkorde 2014*) – word as gelese beskou.

9. Verkiesing (Art. 40 en Bepalings 41B en 41F)

10. Benoeming van tydelike kommissies (indeling deur SKK volgens voorkeure en bekwaamhede van afgevaardigdes vooraf op Vorm SIN 3 aangedui). Volgens besluit van die vorige Sinode bestaan tydelike kommissies uit hoogstens 20 lede en alle afgevaardigdes kan dus nie ingedeel word nie.

11. Vasstelling van Sakelys

12. Goedkeuring van dagprogramme

13. Broederlike gesprek o.l.v. ds. HSW Strauss

14. Verslae van permanente kommissies

15. Verslae van tydelike kommissies:

    TKKS Kerkregtelike Sake
    TGKK Finansies (GKK)
    TKJV Jeug en Verbondsonderrig
    TKOO Onderwys en Opvoeding
    TKA Kerkargief
    TKFL Formuliere en Liturgie
    TKKCE Kerkleer en Christelike Etiek
    TKB Besluiteregister van sinodalebesluite vir aandag van kerkrade en ringe
    TKM Mediaskakeling
    TKR Ringsindeling van gemeentes
    TKV Verlofaansoeke
    TKN Notule (verwerking en nasien)
    TKG Geloofsbriewe
    TKP Publikasies en literatuurbekendstelling
    TKS Stemtellers
    TKK Samestelling van permanente kommissies

16. Konstituering van permanente kommissies

17. Bedankings

18. Mosies

19. Afsluiting: Skriflesing, sang en gebed

20. Spreekbeurte: Verteenwoordiger(s) van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika
    Verteenwoordiger(s) van GKSA se Deputate Publikasies – Dr. GJ Meijer

DAGPROGRAM

LET WEL:

1. **Die verrigtinge van die Sinode is geslote vir die openbare media totdat die vergadering anders daaroor besluit.**
2. **Indien 'n afgevaardigde vanweë dringende omstandighede vir 'n tydperk afwesig moet wees uit die vergadering moet hy betyds – minstens die vorige dag voor 16:00 – by die Verlofkommissie op die voorgeskrewe vorm aansoek doen.**
3. **Afgevaardigdes word versoek om 10 minute voor die aanvang van sittingstye hulle plekke in te neem vir samesang uit die *PSALMS EN GESANGE VIR DIE AP KERK*.**
4. **Afgevaardigdes word versoek om selfone tydens die sinodesittings af te skakel.**
5. **Afgevaardigdes wat ná 09:00 op Maandag 4 September registreer, sal nie stemreg hê alvorens 'n tweede verslag later deur die Sinode behandel is nie.**
6. **Die volgende aanbeveling raak die konstituering van die Sinode:**

6.1 Die Sinode besluit dat die genoemde gemeentes nie stemreg vir die Sinode van 04/09/2017 tot 06/09/2017 sal hê nie (kyk bladsy 121 Bylae GKK2).

	SONDAG 3 SEPTEMBER 2017
18:00	Amptelike opening van Sinode, Reformasie 500 en AP Kerk 30-jarige feesvieringe – ZK Matthews-saal UNISA

	MAANDAG 4 SEPTEMBER 2017	
07:00 — 09:00	Registrasie: 1. vir Sinode	
	2. vir verblyf	
09:00 — 10:00	Kommissie vir Geloofsbriewe stel ná die eerste registrasie 'n verslag op.	
	Samesang o.l.v. ds. H Scherman	
10:00 — 11:30	Opening:	10:00 — 10:10
	Verwelkoming: waarnemende voorsitter	10:10 — 10:15
	Verwelkoming: plaaslike kerkraad	10:15 — 10:20
	Verslag oor geloofsbriewe	10:20 — 11:00
	Konstituering	11:00 — 11:05
	Aanwysing van stemopnemers en –tellers	11:05 — 11:15
	Kennisname van Ordereëls	
	Verkiesing van voorsitter	
	Benoeming van tydelike kommissies	
	(Tydelike kommissies konstitueer wanneer opdragte na hulle verwys is)	
11:30 — 13:00	Verslag SKK (1 uur 30 min.)	
	Tafelgebed	
13:00 — 14:00	Middagete	
	Samesang o.l.v. ds. RF Smit	
14:00 — 14:05	Aankondigings	
14:05 — 15:30	Verslag SKK (1 uur 25 min. – totaal 2 uur 55 min.)	
15:30 — 16:00	Koffietyd	
	Samesang o.l.v. ds. PS Steyn	
16:00 — 17:30	Verslag PK (1 uur 30 min. – lewer en voltooi)	
	Tafelgebed	

17:30 — 18:30	Aandete
	Samesang o.l.v. ds. GCD Stoltz
18:30 — 19:00	Verslag KKA (30 min. – lewer en voltooi)
19:00 — 20:15	Broederlike gesprek – ds. HSW Strauss
20:15 — 21:00	Verslag KJV (45 min. – lewer en voltooi)
21:00	Verdaging

	DINSDAG 5 SEPTEMBER 2017
07:00 — 08:00	Ontbyt
	Samesang o.l.v. ds. LP Stoltz
08:00 — 08:20	Bidstond – afgevaardigde ouderling AP Kerk Alfa
08:20 — 08:30	Aankondigings en reëlings
08:30 — 10:30	Verslag GKK (2 ure)
10:30 — 11:00	Teetyd
	Samesang o.l.v. ds. A Swart
11:00 — 12:00	Verslag GKK (1 uur – totaal 3 ure)
12:00 — 12:50	Verslag KKCE (50 min.)
12:50 — 13:00	Boekbekendstelling tydens uitdeel van notule – aankondigings
	Tafelgebed
13:00 — 14:00	Middagete
	Samesang o.l.v. ds. NJ Swart
14:00 — 15:00	Verslag KKCE (1 uur – totaal 1 uur 50 min.)
15:00 — 15:50	Verslag KKS (50 min.)
15:50 — 16:00	Aankondigings
16:00 — 16:30	Koffietyd
	Samesang o.l.v. ds. WJ Theron
16:30 — 17:30	Verslag KKS (1 uur)
17:30 — 17:40	Mediaverslag
17:40 — 17:50	Behandeling van notule
17:50 — 18:00	Verlofaansoeke en aankondigings
	Tafelgebed
18:00 — 19:00	Aandete
	Samesang o.l.v. ds. JB Trollip
19:00 — 20:30	Verslag KKS en Appèlsake (1 uur 30 min. – totaal 3 ure 20 min.)
20:30 — 21:00	Verslag KSE (30 min. – lewer en voltooi)
21:00	Verdaging
	Tydelike kommissies vergader

WOENSDAG 6 SEPTEMBER 2017	
07:00 — 08:00	Ontbyt
	Samesang o.l.v. ds. WJ van der Westhuizen
08:00 — 08:20	Bidstond – afgevaardigde ouderling AP Kerk Amajuba
08:20 — 08:30	Aankondigings en reëlings
08:30 — 10:30	Verslag KUR en AP Akademie (2 ure – lewer en voltooi)
10:30 — 11:00	Teetyd
	Samesang o.l.v. ds. OG van Rooyen (jr.)
11:00 — 12:00	Verslag *Ad hoc*-kommissie Verbondsonderrig (1 uur – lewer en voltooi)
12:00 — 12:50	Verslag Bybelgenootskap (50 min.)
12:50 — 13:00	Boekbekendstelling, uitdeel van notule, aankondigings
	Tafelgebed
13:00 — 14:00	Middagete
	Samesang o.l.v. ds. OG van Rooyen (sr.)
14:00 — 15:00	KOO (1 uur – lewer en voltooi)
15:00 — 15:20	Verslag KFL (30 min. – lewer en voltooi)
15:20 — 15:50	Verkiesing GKK-lede en APA Raadslede
15:50 — 16:00	Aankondigings
16:00 — 16:30	Koffietyd
	Samesang o.l.v. ds. NJ Rautenbach
16:30 — 17:30	Verslag tydelike kommissies (1 uur)
17:30 — 18:00	Konstituering van permanente kommissies
	Tafelgebed
18:00 — 19:00	Aandete
	Samesang o.l.v. ds. WJA van Schalkwyk
19:00 — 19:30	Behandeling van notule en aankondigings
19:30 — 20:30	Laaste mediaverslag, *Censura morum*, dankbetuigings deur ondervoorsitter, mosies, afsluiting,
	Skriflesing, sang, gebed.
	Daarmee eindig die Sinode van 2017.

TYDTOEDELING:

SKK	2 uur 55 min.
PK	1 uur 30 min.
KKA	30 min.
KJV	45 min.
GKK	3 ure.
KKCE	1 uur 50 min.
KKS en Appèlsake	3 uur 20 min.
KSE	30 min.
KUR en AP Akademie	2 ure
Ad hoc-kommissie Verbondsonderrig	1 uur
Bybelgenootskap	50 min.
KOO	1 uur
KFL	30 min.
Tydelike kommissies	1 uur
Totaal	**20 uur 40 min.**

VERSLAG: SENTRALE KERKEKOMMISSIE (SKK)
Tydperk: September 2013 tot April 2017

1. PERSONEEL

Primarii: Prof. IA Brink (voorsitter), prof.dr. JAE Adendorff (ondervoorsitter), di. HSW Strauss (skriba), PJ Möller, JH Bisschoff, A Hough. Ds. MJ Mattheus word as primarius opgeroep na ds. A Hough die bediening verlaat het in Maart 2016.

Sekundi: di. MJ Mattheus, P Janse van Rensburg, IP du Preez.

Ds. PJ Möller was aangewys om die SKK op die GKK te verteenwoordig en ds. A Hough as sekundus. Prof. IA Brink het op 31/12/2016 geëmeriteer. Ds. JL Schütte is vanaf 21/04/2017 gekoöpteer om ampshalwe die kommissie se vergaderings by te woon.

2. VERGADERINGS

Dertien vergaderings is in die tydperk gehou en wel op: 04/09/2013 (konstituering); 29/10/2013; 11/04/2014; 24–25/06/2014; 15/10/2014; 20/02/2015; 23/04/2015; 30/07/2015; 13–14/10/2015; 08/04/2016; 10/06/2016; 14/10/2016 en 21/04/2017.

3. SINODALE OPDRAGTE 2013

Die SKK het die volgende opdragte ontvang en uitgevoer soos by elk vermeld:

3.1 BEDIENING AAN LIDMATE IN DIE BUITELAND (*Handelinge 2013*, bl. 256, pt. 3.2.1–3.2.2)

3.2.1 Die Sinode dra dit aan die SKK op om steeds weë te ondersoek om lidmate wat in die buiteland woon, te bedien.

Die SKK gee deurlopend aandag aan die versoeke wat ontvang word. Gemeentes word aangemoedig om eredienste uit te saai sodat Afrikaners in die buiteland daarby kan inskakel. AP kerke Lichtenburg, Pretoria-Oos, Hoëveld-Ermelo en Louis Trichardt saai eredienste uit (of het tot onlangs toe).

AP Kerk Engeland en Wallis het ’n bedieningsooreenkoms met AP Kerk Pretoria-Oos gesluit. Predikante besoek die gemeente kwartaalliks vanuit Suid-Afrika waartydens pastorale bediening, eredienste en huisbesoeke plaasvind. Hoewel dit op ’n stadium as gevolg van strenger visumregulasies met die gemeente nie so goed gegaan het nie, gaan dit tans heelwat beter en het hulle getalle weer mooi toegeneem. Tydens Pretoria FM se uitsending van *Redakteursforum* op 9 April 2017, is die program grootliks daaraan gewy om die AP Kerk se bediening in die Verenigde Koninkryk bekend te stel.

Lidmate in Paraguay was besoek deur ds. GCD Stoltz van AP Kerk Kimberley-Die Kruis gedurende Junie 2015. AP Kerk Dendron reël besoeke en eredienste vir Afrikaners in Francistown Botswana. Die AP Kerk se webblad bevat ook verskeie skakels na direkte uitsendings of opgeneemde preke binne ons kerkverband. Daar is ook preke op verskeie gemeente-webblaaie beskikbaar.

Die SKK het verder deur middel van ’n berig in Afriforum se maandelikse elektroniese nuusbrief aan Suid-Afrikaners in die buiteland, *Forumnuus*, met Afrikaners en oud-lidmate probeer kontak maak. Baie min of geen reaksie is ontvang.

AANBEVELINGS

3.1.1 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor gemeentes wat eredienste direk uitsaai of dit elektronies beskikbaar stel.

3.1.2 Die Sinode moedig steeds Kerkrade aan om die name van persone in die Verenigde Koninkryk aan die gemeentes Engeland en Wallis of Pretoria-Oos deur te gee.

3.1.3 Die Sinode kontinueer sy opdrag aan die SKK ten opsigte van bediening aan lidmate in die buiteland.

3.2 WEBBLAD VAN DIE AP KERK (*Handelinge 2013*, bl. 256–257, pt. 3.3.2)

3.3.2 Die Sinode dra dit aan die SKK op om voort te gaan met die ontwikkeling van die webblad, sodat dit ook vir bediening gebruik kan word.

Die webblad is ontwikkel en aktief. Daar word deurlopend aandag aan die webblad en sy ontwikkeling gegee. Vir 'n volledige verslag, kyk die verslag van die Publikasiekommissie.

AANBEVELING

3.2.1 Die Sinode besluit dat terugvoer oor die webblad en multimedia-aangeleenthede voortaan in die PK verslag opgeneem sal word.

3.3 KONVENT VAN REFORMATORIESE KERKE (*Handelinge 2013*, bl. 257, pt. 3.4.2)

3.4.2 Die Sinode dra dit aan die SKK op om met waarnemerstatus by die Konvent aan te bly.

Die Konvent-geleenthede was bygewoon wanneer dit moontlik was.

AANBEVELING

3.3.1 Die Sinode kontinueer sy opdrag aan die SKK.

3.4 AFSNYDATUM VIR ONTVANGS VAN STUKKE VIR SINODE (*Handelinge 2013*, bl. 257, pt. 3.10)

3.10.1 Die Sinode besluit om te volstaan met die tydskedule vir die indien van stukke vir 'n sinodesitting soos die SKK dit reël.

3.10.2 Die Sinode besluit om die volgende sinodesitting in 2017 te hou en daarna vierjaarliks.

3.10.3 Die Sinode besluit om sy verteenwoordigers op rade buite die sinodale verband aan te wys totdat die volgende Sinode konstitueer.

AANBEVELING

3.4.1 Die Sinode neem kennis dat die SKK uitvoering aan die opdrag gegee het.

3.5 PRAKTIESE HULP IN KLEINER GEMEENTES (*Handelinge 2013*, bl. 258, pt. 11.2)

11.2 Die Sinode beveel aan dat vakante gemeentes aan die bedieningsprojek van die SKK en die APA deelneem as die geleentheid hom voordoen.

Weens die krimpende getalle van die studente kon daar nie baie gemeentes gehelp word nie. Waar moontlik, is gemeentes wel deur studente bedien (kyk Bylae SKK1). Vir 'n volledige lys van gemeentes wat sedert 2013 by die SKK se bedieningsprojekte gebaat het (kyk Bylae SKK2). Daar was wel gepoog om gemeentes te help om by die direkte uitsaai-eredienste in te skakel. So kon byvoorbeeld AP Kerk Kroonstad na eredienste kyk en net vir die sakramente 'n leraar bekom totdat 'n beroep suksesvol opgevolg is.

Gedurende 2016 het die SKK in samewerking met die ringe van Bloemfontein en Petrusburg vir ses maande bedieningshulp aan die volgende gemeentes in die Suid-Vrystaat verleen: Petrusburg (ook preekpunt op Fauresmith); Philippolis; Smithfield en Reddersburg. Die doel van die bediening was om die gemeentes te begelei tot 'n punt waar hulle 'n leraar kan beroep.

Vakante gemeentes is aangemoedig om in te skakel by direkte uitsendings van eredienste of om van die opnames wat op die internet beskikbaar is, gebruik te maak.

Wat die bediening aan kleiner gemeentes betref, het die SKK op die volgende riglyn vir toekomstige bediening besluit:

Langtermyn

1. Gestruktureerde bestudering van die Skrif deur kerkrade aan die hand van kursusse en Bybelskoling.
2. Empiriese ondersoek om uit te vind wat die krisis veroorsaak het; wat mense se geestelike ingesteldheid/identiteit is.
3. Identiteitsvorming rondom die vraag: Waarom is ek Christen? HK So 12.
    - Begronding bring verwondering vir God se skeppings- en reddingsplan.
    - Sterker teologiese onderbou.
    - Neem verantwoordelikheid vir eie (gemeente) geestelike welstand.
    - Moontlike model: First Principles (kursus).

Kort- tot langtermyn

Doelwit: Gemeente aanvaar verantwoordelikheid vir gemeentewees.

1. Identifiseer gemeentes in nood.
2. Onderskei die graad van die nood:
    - Sterwend
    - Redbaar
    - Beseer
3. Verdeel gemeentes in hanteerbare bedieningsareas en prioritiseer die areas.
4. Identifiseer dominees (gemeentes) en lidmate wat kan help. Dit moet verkieslik reeds 'n jaar vooruit gereël word, sodat dit op gemeentes se kalenders aangebring kan word. Ringe behoort ook nou betrokke te wees.
5. Bepaal 'n tydperk van twee weke vir:
    - Empiriese ondersoeke/analise/navorsing – nie net in gemeente nie, maar ook in gemeenskap (meningsvormers).
    - Week twee: preekreeks, opleiding.
    - Identifisering van geestelike leier(s) in gemeente.
    - Twee weke word afgesluit met 'n groot saamtrek/gesamentlike erediens.
    - Vir die twee weke kan studente en emeriti gebruik word om in gemeentes wie se leraars diens lewer, uit te help.

6. Gebruik studente vir tydperk van 6 maande om op bg. gemeentes in 'n spesifieke geografiese gebied te fokus.
    - Spesifieke preekbeplanning.
    - Verdere opleiding van gemeente deur studente.
    - Evaluering aan einde van ses maande om stand te bepaal.
7. Bring 'n beplanningspan op die been wat postilles kan saamstel vir gebruik deur leespredikers.
8. Kursus moet saamgestel word vir skoling van ouderlinge en voorgangers.
9. SKK staan in vir van die reisuitgawes van bg. leraars en aflosleraars vir gemeentes wat hul leraars beskikbaar stel vir hulp.

AANBEVELINGS

3.5.1 Die Sinode spreek sy waardering uit teenoor die ringe van Petrusburg en Bloemfontein vir die inisiatief ten opsigte van die bediening van die gemeentes in die Suid-Vrystaat.

3.5.2 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor alle leraars en studente wat betrokke was by die bedieningshulp in die Suid-Vrystaat.

3.5.3 Die Sinode moedig vakante gemeentes aan om van die AP Kerk se multimedia-opsies gebruik te maak om hul bedieningsnood aan te spreek.

3.5.4 Die Sinode moedig groter gemeentes aan om kleiner gemeentes in hul sorg te neem.

3.5.5 Die Sinode wys klein gemeentes, wat sukkel om finansieel die mas op te kom, op die moontlikheid om eerder as 'n wyk by 'n ander gemeente in te skakel.

3.6.6 Die Sinode versoek die SKK om in samewerking met die GKK en KKS weë waarop gemeentes se finansiële en administratiewe las meer effektief bestuur kan word, te ondersoek en, waar moontlik, te implementeer.

3.6.7 Die Sinode neem kennis van die SKK se riglyne vir bediening aan kleiner gemeentes en versoek die SKK om te soek na weë om dit te implementeer.

3.6 GESPREKKE MET ANDER CHRISTELIKE KERKE (*Handelinge 2013*, bl. 259, pt. 13.6)

13.6.1 Die Sinode dra dit aan die SKK op om gesprekke met ander Christelike kerke voort te sit waar die geleentheid hom voordoen en omstandighede dit vereis.

3.6.1 DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Aangesien daar niemand beskikbaar was om die AP Kerk by die GKSA se Algemene Sinode in 2015 te verteenwoordig nie, het ons verskoning aangeteken.

Buiten vir verskeie informele gesprekke, het daar tydens die volgende geleenthede amptelike gesprekke met die Deputate Ekumenies van die GKSA plaasgevind: 10/06/2016 en 23/3/2017. Daar is ooreengekom om 'n konsep memorandum van ekumeniese verhoudinge tussen die AP Kerk en die GKSA aan elkeen se onderskeie sinodes voor te lê met die oog op kommentaar. Kommentaar wat ingedien word by die SKK en die Deputate Ekumenies, sal verwerk word ten einde 'n finale memorandum van ekumeniese verhoudinge aan 'n eersvolgende sinode voor te lê. Die konsep memorandum lei soos volg:

Memorandum van ekumeniese verhoudinge tussen die GKSA en die AP Kerk

1. Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA) en die Afrikaanse Protestantse Kerk erken mekaar as gereformeerde kerke. Ons doen dit op grond van die feit dat die leer in ons kerke volgens die Woord van God soos opgeteken in die Heilige Skrif is en tot uitdrukking kom in ons gemeenskaplike belydenisgrondslag:

1.1 Die drie ekumeniese geloofsbelydenisse, naamlik die *Apostolicum, Niceanum en Athanasium* waarin ons ons verbintenis aan die een, heilige, algemene en apostoliese Kerk uitdruk, en

1.2 Die Drie Formuliere van Eenheid, naamlik die Heidelbergse Kategismus, Nederlandse Geloofsbelydenis en Dordtse Leerreëls waarin ons ons verbintenis met die gereformeerde tradisie uitdruk. Daar bestaan dus 'n diep geloofseenheid tussen ons twee kerkverbande.

2. Ons erken ons Reformatoriese herkoms en gemeenskaplike geskiedenis. Verder erken ons ons kerkverbande se gesprekke oor baie dekades rakende die Bybelse eis aan ons ten opsigte van eenheid asook die volgehoue soeke daarna. Aangesien die Kerk van Jesus Christus die liggaam van Christus is, is ons geroep om die eenheid in Christus te laat realiseer en nie by 'n geskeidenheid te berus nie. Daarom behoort ons, gegewe ons gemeenskaplike belydenis en geskiedenis, steeds te streef om ook sigbaar en konkreet een in Christus te word.

   Hoewel hierdie eenheid nog nie volledig, genoegsaam sigbaar gerealiseer het nie, is ons geroepe om dit wat reeds bestaan, verdere gestalte te gee. As kerkverbande groei ons saam met mekaar in die volheid van Christus en is ons net in staat om sáám met mekaar die breedte, lengte, hoogte en diepte van die liefde van Christus te begryp.

   In hierdie verband wil ons graag stel:
   - Ons glo dat ons Hemelse Vader, vir Wie ons afgesonder is en deur Wie ons leef, ons op die pad van kerklike eenheid lei en dat sy Naam deur die uitdrukking van eenheid verheerlik word;
   - Ons besef dat kerklike eenheid nie iets is wat ons in eie krag kan bewerk nie, maar dat dit as kosbare gawe uit die versoeningswerk van die Seun voortvloei. Alleen in sy krag kan ons ook die opdrag om die eenheid steeds meer te soek en te laat realiseer, gehoorsaam;
   - Ons stel ons gewillig onder leiding van die Heilige Gees. Dit is die Gees alleen wat ons in die volle waarheid van sy Woord lei en daarom ook in die rykdom van eenheid wat die Vader vir ons deur sy Seun ontsluit het;
   - Ons verbind ons tot 'n groeiende verhouding, asook gesprekke oor en soeke na 'n verdere vergestalting van eenheid.

3. Hoewel ons met verskille[1] tussen ons kerke worstel, werk ons biddend daaraan om tot volle ekumeniese verhoudinge en groter eenheid te kom. Intussen leef ons daadwerklik saam met mekaar en fokus ons daarop om die bestaande terreine van samewerking te bestendig, te verdiep en te verbreed sodat die eenheid wat reeds bestaan meer sigbaar kan word.

4. Hierdie eenheid word tans en in die toekoms sigbaar deur samewerking op die volgende terreine:

4.1 Wedersydse afvaardiging van twee lede met spreekstem na mekaar se onderskeie algemene sinodale vergaderings.
4.2 Gesamentlike getuienis – waar moontlik – teenoor owerheid en gemeenskap.

[1] T.o.v. eenheid, verskeidenheid en volkseie kerk.

4.3 Samewerking ten opsigte van die bediening van mekaar se lidmate in die buiteland sonder om te verwag dat lidmaatskap opgegee word.
4.4 Gesamentlike deelname aan Bybelvertaling by die Bybelgenootskap van Suid-Afrika.
4.5 Gesamentlike deelname aan die hervertaling van die belydenisskrifte.
4.6 Gesamentlike gesprekvoering waar nodig oor belydenisvorming, bv. 'n *status confessionis.*
4.7 Gesamentlike studie oor formuliere in die twee kerkverbande.
4.8 Gesamentlike gesprekvoering oor die liturgie in die twee kerkverbande asook voortgesette samewerking met die hersiening en ontginning van nuwe liedere.
4.9 Gesamentlike studie oor etiese kwessies.
4.10 Gesamentlike betrokkenheid by onderwyskwessies.
4.11 Koördinering van die twee kerkverbande se barmhartigheidswerk wat gesamentlik op gemeenskaplike terreine gedoen word.
4.12 Samewerking ten einde sinvol by die wetgewende proses betrokke te wees.
4.13 Gesamentlike betrokkenheid in die werksaamhede van die Tussenkerklike Raad (TKR) en die *Conventus* van Reformatoriese Kerke (tot die mate wat sinodes besluit het).
4.14 Voortgaande gesprek oor gereformeerde teologiese opleiding in die Suider-Afrikaanse konteks asook samewerking en ondersteuning in die verband.
4.15 Gesamentlike soeke na effektiewer wyses om saam by plaaslike en internasionale ekumene betrokke te wees.
4.16 Samewerking t.o.v. van die ontwikkeling en gebruik van verbondsonderrig/kategese materiaal.
4.17 Skakeling en wedersydse ondersteuning van mekaar se missionêre betrokkenheid in die wêreld.
4.18 Ons onderneem om binne die raamwerk van die gereformeerde belydenis en kerkregering met mekaar en ook binne die afsonderlike kerkverbande verskille wat die belydenis in gedrang kan bring, aan te spreek.

Bogenoemde terreine van samewerking kan van tyd tot tyd aangevul en/of gewysig word.

5. Indien plaaslike kerke geleenthede sien om daadwerklik saam met mekaar te leef en daar sodanige herkenning plaasvind, kan – **volgens gebruike en besluite van die onderskeie kerkverbande** – die volgende gebeur:

5.1 Die aanvaarding van mekaar se lidmate op grond van goeie getuienis van kerkrade (attestate);
5.2 Belydende lidmate kan hulle kinders onderling ten doop bring volgens die gebruik en onderhewig aan die goedkeuring van beide kerkrade;
5.3 Volle tafelgemeenskap vir belydende lidmate op grond van goeie getuienis oor leer en lewe;
5.4 Toegang tot mekaar se kansels deur leraars met bedieningsbevoegdheid onder toesig van die kerkraad.
5.5 Gesamentlike eredienste vind plaas soos en wanneer kerkrade dit nodig ag.

Met hierdie Memorandum bely ons saam op grond van die Skrif en ons belydenis die eenheid en katolisiteit van die Liggaam van Christus, die kerk van ons Here Jesus Christus. Ons doen dit "… sodat die wêreld kan glo…" (Joh. 17:21).

AANBEVELINGS

3.6.1.1 Die Sinode kontinueer sy opdrag aan die SKK om gesprek met die GKSA voort te sit.

3.6.1.2 Die Sinode neem met dank kennis van die konsep memorandum en versoek kerkrade om kommentaar daaroor aan die SKK te stuur vir

oorweging. Kommentaar hierop moet die SKK nie later nie as einde Februarie 2018 bereik.

3.6.2 NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK

Geen amptelike samesprekings is sedert die vorige sinodesitting gehou nie.
Groeteboodskappe is aan die Sinodes 2013 en 2017 van die NG Kerk Vrystaat gestuur.

Die SKK het met teleurstelling kennis geneem van die NG Kerk se besluite ten opsigte van selfdegeslag verhoudings wat tydens die Algemene Sinode van 2015 en die Buitengewone Algemene Sinode van 2016 geneem is. Die SKK het twee verklarings oor hierdie besluit uitgereik (kyk Bylae SKK3).

AANBEVELING

3.6.2.1 Die Sinode dra dit aan die SKK op om gesprekvoering met die NG Kerk te hervat.

3.6.3 NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

Geen amptelike samesprekings is gevoer nie, maar hulle nooi afgevaardigdes van die AP Kerk na hulle Algemene Kerkergaderings. Die Algemene Kerkvergadering van September 2015 kon ongelukkig nie bygewoon word nie, maar ’n groeteboodskap is gestuur.

Intussen het die SKK met teleurstelling kennis geneem van die NHK se besluite ten opsigte van die Volkskerk-gedagte en selfdegeslagverhoudings. Ten opsigte van die NHK se besluit oor selfdegeslagverhoudings, is ’n amptelike verklaring uitgereik (kyk Bylae SKK3).

Op plaaslike vlak was daar wel gesprekke tussen die AP Kerk Uitenhage en die plaaslike Hervormde gemeente met die oog op moontlike samewerking gegrond op ’n gemeenskaplike belydenis.

AANBEVELING

3.6.3.1 Die Sinode dra dit aan die SKK op om gesprekvoering met die NH Kerk te hervat.

3.6.4 TUSSENKERKLIKE RAAD (TKR)

Daar was nog nie weer ’n uitnodiging aan die AP Kerk gerig vir bywoning nie.

3.6.5 KONFERENSIE VAN GEREFORMEERDE KERKE VAN SUID-AFRIKA (KGKSA)

Op 12 September 2015 is ’n skrywe van die skriba van die KGKSA ontvang waarin die KGKSA die SKK van die volgende besluit in kennis gestel het:

Die vergadering besluit om as KGKSA die band met die AP kerkverband los te maak, maar dat gemeentes van die KGKSA vry is om afsonderlik bande met die AP kerkverband aan te gaan soos hulle goeddink.

Hierdie besluit is geneem in die lig van spanning wat ontstaan het tussen die AP Kerk en die Vrye Gereformeerde Kerk De Deur (een van die gemeentes betrokke by die KGKSA) weens die optrede van een van De Deur se leraars in die AP kerke Jagersfontein en Koffiefontein. Verdere gesprekke met die Vrye Gereformeerde Kerk De Deur word in vooruitsig gestel.

Die SKK het op sy vergadering van 13 en 14 Oktober 2015 met die Gereformeerde Protestantse Kerk (GPK) Brakpan (ook betrokke by die KGKSA) vergader. Op hul versoek

het die SKK dit goedgekeur dat die verhouding met die GPK Brakpan sal voortgaan op dieselfde basis as die verhouding wat die AP Kerk voorheen met die KGKSA gehad het. Die implikasie van die KGKSA se besluit is dat vorige sinodebesluite rondom kanselruiling nou nie meer kan geld nie. Die SKK wil voorstel dat slegs die GPK Brakpan se leraar voortaan genoem word in *Kerkorde* Bylae 1: *Wie mag in 'n AP Kerk preek?* Punt 1.5.

AANBEVELINGS

3.6.5.1 Die Sinode neem met leedwese kennis van die KGKSA se besluit.

3.6.5.2 In die lig van die skrywe van die KGKSA, besluit die Sinode om alle vorige erkenning, ooreenkomste en moontlike kanselruiling met lidkerke van die KGKSA op te skort.

3.6.5.3 Die Sinode gee opdrag aan die SKK om afsonderlik gesprek te voer met elke lidkerk van die KGKSA met die oog daarop om die verhoudings te herstel.

3.6.5.4 Die Sinode neem kennis dat die GPK Brakpan die enigste gemeente uit die KGKSA is wat sy verhouding met die AP Kerk handhaaf.

3.6.5.5 Die Sinode gee opdrag aan die KKS om Kerkorde Bylae 1 punt 1.5 te wysig om die huidige verhouding met die GPK Brakpan t.o.v. kanselruiling te weerspieël en die ander name daar te skrap.

3.6.6 GELOOFSBOND VAN HERVORMDE GEMEENTES

Die AP Kerk het kennis geneem van die totstandkoming van die Geloofsbond van Hervormde Gemeentes (GHG). Amptelike bande is egter nog nie gesmee nie, buiten 'n ooreenkoms tussen die AP Akademie en die GHG met die oog op die opleiding van predikante vir die GHG.

AANBEVELINGS

3.6.6.1 Die Sinode gee die SKK opdrag om met die GHG in gesprek te tree. Sodanige gesprek behoort die volgende sake in behandeling te neem:

- **Skrifbeskouing**
- **Kerkregering**
- **Praktiese sake**

Op grond van hierdie gesprek, sal die SKK gemeentes adviseer oor die hantering van lidmaatskap aangeleenthede, sakramentsbediening en dergelike sake, totdat die volgende Sinode 'n besluit kan neem oor amptelike erkenning.

3.6.6.2 Die Sinode versoek die SKK om die volgende sinode met 'n voorstel te dien ten opsigte van die amptelike erkenning van die GHG as kerkverband.

3.6.7 REFORMED CHURCH OF THE NORTH SHORE, AUCKLAND, NEW ZEALAND (RCNS)

AANBEVELINGS

3.6.7.1 Die Sinode neem kennis dat daar gedurende die afgelope vier jaar geen kontak met die RCNS was nie as gevolg van die siekte en gevolglike emeritaat van die twee kontakpersone.

3.6.7.2 Die Sinode dra dit aan die SKK op om gesprekke met die RCNS weer op dreef te kry.

3.6.7 GROETEBOODSKAPPE ONTVANG (Kyk Bylae SKK4)

Teen druktyd vir die Sakelys van die 15de Sinode is groeteboodskappe is van die volgende kerke en instansies onvang:

1. NG Kerk Vrystaat
2. GPK Brakpan
3. BCVO
4. TLU SA

AANBEVELING

13.7.1 Die Sinode neem kennis van die groeteboodskappe in Bylae SKK4.

3.7 500-JARIGE HERDENKING VAN DIE KERKHERVORMING (*Handelinge 2013*, bl. 261, pt. 22.1 en 27)

Die Sinode dra dit aan die SKK op om 'n feestelike viering van die 500-jarige herdenking van die Kerkhervorming inne kerkverband te reël.

22.1.1 Die Sinode dra dit aan die SKK op om in samewerking met die Kuratorium en die AP Akademie aandag aan die reël van herdenkingsgeleenthede van die reformasie te gee.

Die feesgeleentheid het saamgeval met die opening van die Sinode.

AANBEVELINGS

3.7.1 Die Sinode betuig sy diepe dankbaarheid en lofbetuiging teenoor ons hemelse Vader vir die kosbare erfenis van die Reformasie en dat die AP Kerk in hierdie erfenisskat mag deel.

3.7.2 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor elkeen wat betrokke was by die reëlings van die feesgeleentheid.

3.7.3 Die Sinode versoek kerkrade om ook die 400-jarige herdenking van die Sinode van Dordrecht op 'n gepaste wyse in 2018 te vier.

3.8 ELKEEN ORAL GESTUURDE (*Handelinge 2013*, bl. 261, pt. 21.1)

21.2 Die Sinode verwys die publikasie na die SKK en PK om dit te wysig en finaal af te handel.

Die SKK het aandag aan die publikasie gegee en geoordeel dat dit opgeneem moet word in die publikasie *JOU ROEPING IN DIE KONINKRYK* wat herskryf moet word. Laasgenoemde publikasie word deur die AP Akademie aan sy studente voorgeskryf en so kan die sendingbeleid van die kerkverband beter gedien word.

AANBEVELINGS

3.8.1 Die Sinode neem kennis dat die publikasie *Jou roeping in die koninkryk* tans deur die teologiese dosente van die AP Akademie hersien word met die oog op finale afhandeling.

3.8.2 Die Sinode dra dit aan die SKK en PK op om die publikasie na hersiening finaal af te handel.

3.8.3 Die Sinode neem kennis daarvan dat die publikasie *Elkeen oral gestuurde* nie verander is nie, maar deel gaan word van die hersiene weergawe van *Jou roeping in die koninkryk*.

3.8.4 Die Sinode gee opdrag aan die PK om die publikasie *Jou roeping in die koninkryk* elektronies beskikbaar te stel.

3.8.5 Die Sinode moedig kerkrade aan om hulself te vergewis van die AP Kerk se amptelike sendingbeleid soos vervat in hierdie publikasie en hul sendingtaak daarvolgens uit te voer.

3.9 DIE OPENINGSREDE BY 'n SINODE (*Handelinge 2013*, bl. 265, pt. 44, kyk ook *Sakelys 2013*, bl. 4, pt. 3.11.1)

Om gemeentes wat ver is te akkommodeer met luisterryke openinge, word die SKK versoek om na die moontlikheid te kyk om sinodes in die toekoms só te beplan dat die sinode later in die week begin, ten einde reistyd op 'n Sondag uit te skakel.

Die SKK het die moontlikheid ondersoek, maar in die lig van die feesgeleentheid ter herdenking van Reformasie 500 dit goedgedink om die opening van Sinode 2017 weer eens op 'n Sondag te laat plaasvind aangesien talle lidmate ook die geleentheid wil bywoon en daarby betrokke is.

AANBEVELINGS

3.9.1 In die lig van die feesgeleentheid ter herdenking van Reformasie 500, neem die Sinode kennis daarvan dat die SKK besluit het om die opening van Sinode 2017 weer eens op 'n Sondag te laat plaasvind.

3.9.2 Die Sinode versoek die SKK om steeds die moontlikheid te ondersoek om sinodes in die toekoms só te beplan dat die sinode later in die week begin, ten einde reistyd op 'n Sondag uit te skakel.

3.10 TOELATING VAN LIDMATE UIT ANDER KERKE (*Handelinge 2013*, bl.294-295, pt. 5.3, kyk ook *Sakelys 2013* bl.197, pt. 5.3)

5.3.3 Die Sinode besluit dat die SKK en die KKCE versoek word om gesamentlik 'n ondersoek te doen of die bestaande verhouding van die AP kerke tot die Nederduitse Gereformeerde Kerk, die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika en die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika steeds gehandhaaf kan word en aan die volgende sinode verslag te doen.

Kyk verslag van die KKCE.

4. STATISTIEK – 2013 tot 2016

Vanaf 2013 tot 2016 het die totale aantal gemeentes met 6 verminder, terwyl die belydende lidmate met 2414 en die dooplidmate met 802 verminder het. Net Namibië se dooplidmaattal het met 5 vermeerder sedert 2013.

	RINGE			GEMEENTES			BELYDENDE LIDMATE				DOOPLIDMATE			
	2014	2015	2016	2014	2015	2016	2014	2015	2016	Verskil 14-'16	2014	2015	2016	Verskil 14-'16
Transvaal	17	16	16	98	98	96	17483	16780	16539	-944	4439	4168	4094	-345
Natal	2	2	2	9	9	9	558	525	501	-57	96	85	92	-4
OVS	8	8	7	42	41	41	4264	4178	4023	-241	1000	950	928	-72
Kaap	9	9	9	59	59	59	4962	4937	4791	-171	1090	1051	1041	-49
SWA	1	1	1	7	7	7	457	443	431	-26	127	132	132	5
Totaal	37	36	35	215	214	212	27724	26863	26285	-1439	6752	6386	6287	-465

Die Ringe is soos volg her-ingedeel:

- De Aar ontbind en word by Beaufort-Wes ingedeel.
- Ring van Benoni
  (Benoni, Kempton Park, Nigel, Brakpan, Delmas, Fonteine, Devon, Grootfontein (RSA), Kleinfontein, Nigel, Oos-Rand). Ring van Germiston val dus weg. Johannesburg-Suid, Germiston, Primrose en Alberton ontbind. Germiston, Primrose en Alberton vorm nuwe gemeente Oos-Rand.
- Ring van Moot-Sentraal.
  (Engeland en Wallis oorgebring vanaf Ring van Clanwilliam.)
- Ring van Graniet verander na Ring van Viljoenskroon na die ontbinding van AP Kerk Graniet.
- Ring van Gordonia verander na Ring van Groblershoop.
- Ring van Hennenman ontbind. Hennenman, Welkom en Kroonstad word in die Ring van Viljoenskroon opgeneem.

4.1 GEMEENTES GESTIG EN ONTBIND SEDERT SINODE 2013

11 gemeentes het tussen 2013 tot 2016 ontbind: Swartruggens; Amersfoort, Germiston, Primrose, Alberton, Graniet, Hanover, Heidelberg (Kaap), Warden, Pretoria Suiderlig en Johannesburg-Suid. Slegs een nuwe gemeente, Oos-Rand, is sedert 2013 gestig.

Ons ondervind nog steeds dat die tersaaklike dokumente wegraak nadat ’n gemeente ontbind het of by ’n ander gemeente ingeskakel het. Menige ouer het doopseëls by die Gemeenskaplike Kerkkantoor gesoek omdat die dokumente nêrens anders opgespoor kon word nie en nodeloos om te sê dat in baie gevalle ons hulle nie van hulp kon wees nie omdat die inligting ook nie na die Kerkargief gestuur was nie.

AANBEVELINGS

4.1.1 Die Sinode doen ’n dringende beroep op ringe om gehoor te gee aan die sinodebesluit wat bepaal dat, by ontbinding van gemeentes, alle tersaaklike dokumente aan die Gemeenskaplike Kerkkantoor en Kerkargief deurgestuur moet word.

4.1.2 Die Sinode vestig opnuut kerkrade en ringe se aandag op *Kerkorde* Bepalings 37J en 37K.

4.2 LERAARS EMERITEER

Di. NJ Rautenbach (2013); S Botes (2014); MJ Hartzenberg (2014); DJ Malan (2014); AL van Heerden (2014 mediese redes); PG Stans (2015); JH van Vuuren (2016); dr. FJJ Neveling (2016); ds. H Warnich (2016); prof.dr. FAH van Staden (2016); prof. IA Brink

(2016); di. P Aucamp (2016); AE van den Berg sr. (2017); HB van Rooyen (2017); IP du Preez (2017).

AANBEVELINGS

4.2.1 Die Sinode neem kennis van die leraars wat geëmeriteer het.

4.2.2 Die Sinode spreek sy opregte dank uit teenoor die leraars wat geëmeriteer het vir hul jare lange toegewyde en lojale diens in die AP Kerk.

4.3 LERAARS UIT DIE BEDIENING

Di. G Venter (2013), C van Rooyen (2013), WM Snyman (2013), PDF le Grange (2013), JL Joubert (2014), PJL Olivier jr. (2014), AE van den Berg jr.(2014), AC Jordaan (2016), A Hough (2016), MA Buys (2016), GJ Kruger (2017), JF van der Merwe (2017).

AANBEVELING

4.3.1 Die Sinode neem het hartseer kennis van die leraars wat sedert Sinode 2013 die bediening verlaat het.

4.4 LERAARS OORLEDE

Di. GJ Hugo (2013), HC van der Merwe (2013), prof.dr. JC Lombard (2013), di. JWJ Hanekom (2014), JA Visser (2014), AJ Taute (2015), L Skein (2015), DN van Zyl (2016), prof.dr. WJG Lubbe (2017).

AANBEVELING

4.4.1 Die Sinode neem met hartseer kennis van leraars wat sedert Sinode 2013 oorlede is en spreek sy meegevoel teenoor hulle naasbestaandes uit.

4.5 LERAARS TOEGELAAT EN TANS IN DIENS

4.5.1 Leraars/studente toegelaat:

Dr. FJJ Neveling (11/2013), F Pretorius (11/2013), J Verdoes (11/2013), HJ Dafel (11/2013), HJ Jones (11/2013), LAF Kirstein (01/2016), OG van Rooyen jr. (01/2016), GM Blom (07/2016), A Nieuwhof (11/2016).

4.5.2 Voltydse leraars: 79; waarvan 5 met beperkte opdrag en 2 sonder gemeentes.

4.5.3 Emeriti: (beperkte dienstermyn) 18; (nie voltyds in gemeente) 35.

5. SAKE KRAGTENS LASGEWING HANTEER

5.1 REËL VAN SINODE

Die SKK het sy verantwoordelikheid ten opsigte van die reël van die sinode nagekom. As deel van die verantwoordelikheid is afgevaardigdes op tydelike kommissies aangewys volgens voorkeure en bekwaamhede soos vooraf op die vorm SIN3 aangedui.

AANBEVELING

5.1.1 Die Sinode keur die indeling van tydelike kommissies goed.

5.2 LERAARS WAT REISENDE DIENS GELEWER HET (Bylae SKK1)

Lede van die SKK en ander leraars het verskeie gemeentes, kombinasies en ringe op uitnodiging besoek om te help met bediening of bedieningsbeplanning. Dit was egter nie moontlik om aan al die versoeke te voldoen nie. Die behoefte is daar, maar daar is nie voldoende leraars om in die behoefte te voorsien nie. Ds. A Nieuwhof het Stella bedien totdat hy 'n beroep na Ellisras opgevolg het. Hospitaalbesoeke van lidmate wat uit ander AP gemeentes kom, is in Pretoria deur die Gemeenskaplike Kerkkantoor gereël.

Daar is ongelukkig baie AP kerke wat die sinodebesluit ignoreer deur leraars uit ander kerkverbande te gebruik om hulle, sonder toestemming van die SKK, te bedien en selfs die sakramente te bedien. Die SKK het verder ook kennis geneem van gevalle waar oud-leraars uit ander kerkverbande as ouderlinge gekies is, wat nou alle ampswerk van die leraar behartig. Daar is selfs gevalle waar 'n ouderling deur die kerkraad beroep en as leraar bevestig is, sonder enige toelating deur die Kuratorium.

AANBEVELINGS

5.2.1 Die Sinode betuig sy dank teenoor leraars wat reisende diens gelewer het en in besonder kerkrade wat dit vir hulle leraars moontlik gemaak het.

5.2.2 Die Sinode dra dit aan ringe op om toe te sien dat ouderlingerade van vakante gemeentes, die besluite soos vervat in Bylae 1 van die *Kerkorde 2014*, nakom.

5.3 HULPBEHOEWENDE GEMEENTES EN EMERITUS-HULPFONDS (Bylae SKK2 en SKK5)

Die name van gemeentes en die hulp wat hulle ontvang het, word in Bylae SKK2 verstrek. Die stand van die emeritus-hulpfonds word in Bylae SKK5 verstrek.

AANBEVELINGS

5.3.1 Die Sinode neem kennis van Bylae SKK2.

5.3.2 Die Sinode neem kennis van Bylae SKK5.

5.4 SKAKELING MET DIE REGERING

Die SKK het kommentaar gelewer op die regering se voorgestelde wetgewing oor haatspraak en haatmisdade en op die Law Commission se navraag oor openbare vakansiedae.

AANBEVELINGS

5.4.1 Die Sinode neem kennis dat die SKK namens die AP Kerk kommentaar gelewer het op die regering se voorgestelde wetgewing oor haatspraak en haatmisdaad en die Law Commission se navraag oor openbare vakansiedae.

5.4.2 Die Sinode moedig kerkrade aan om ook sélf oor aktuele sake hul profetiese stem te laat hoor.

Motivering:

Gemeentes verwag dikwels van die SKK om namens hulle te reageer oor aktuele sake terwyl die impak van die kerk se profetiese stem baie groter sal wees indien elke gemeente hulle roeping ten opsigte van hierdie saak nakom.

5.5 GESPREK MET TLU SA (*Handelinge 2013*, bl. 259, pt. 15)

15.3 Die Sinode doen 'n beroep op die owerheid om daadwerklik op te tree in die bestryding van misdaad en die vervolging van misdadigers.

15.4 Die Sinode spreek sy kommer uit oor die spanning op plase wat deur arbeidsonrus veroorsaak word en toekomstige voedselsekerheid ernstig bedreig.

15.5 Die Sinode wys die regering daarop dat sy grondherverdelingsprogram aanleiding gee tot onsekerhede in landbou wat voedselsekerheid ernstig kan knou en tot verdere werkloosheid kan lei.

Die SKK en TLU-SA het gesprekke gehad rondom die ernstige droogte wat ondervind is en hoe boere in die onderskeie dele van Suid-Afrika geraak word op materiële sowel as geestelike gebied. Die plaasaanvalle en gepaardgaande grondgrype is nog steeds 'n ernstige saak wat voedselsekerheid bedreig. Mnr. GJ Jansen van Rensburg en proff. IA Brink en JAE Adendorff het in 2014–2016 die kongres van TLU SA bygewoon. Ds. HSW Strauss het ook die 2016 kongres bygewoon.

AANBEVELINGS

5.5.1 Die Sinode verseker TLU SA van sy volgehoue ondersteuning en voorbidding.

5.5.2 Die Sinode neem met leedwese kennis van die toename in geweldsmisdade en in die besonder die talle plaasaanvalle en moorde op boere in ons land.

5.5.3 Die Sinode doen 'n beroep op die owerheid om daadwerklik op te tree in die bestryding van misdaad en die vervolging van misdadigers.

5.5.4 Die Sinode spreek sy kommer uit oor die spanning op plase wat deur arbeidsonrus veroorsaak word en toekomstige voedselsekerheid ernstig bedreig.

5.5.5 Die Sinode wys die regering daarop dat sy grondherverdelingsprogram aanleiding gee tot onsekerhede in landbou wat voedselsekerheid ernstig kan knou en tot verdere werkloosheid kan lei.

5.6 *AD HOC*-KOMMISSIE VIR ADVIES EN LEIDING

Volgens sinodebesluit moet daar slegs berig word oor die gevalle waar die *ad hoc*-kommissie nie probleme kon oplos nie. Die SKK kan met dankbaarheid verslag lewer dat daar met die opstel van die verslag nie een so geval was nie.

AANBEVELING

5.6.1 Die Sinode neem kennis van die werksaamhede van die *ad hoc*-kommissie vir advies en leiding se werksaamhede.

5.7 GEREFORMEERDE GESPREKSFORUM

Op inisiatief van die AP Kerk, het daar tydens drie geleenthede 'n gereformeerde gespreksforum plaasgevind met gereformeerdgesindes uit ander kerkverbande. Verskeie teologiese sake het aan die orde gekom.

AANBEVELING

5.7.1 Die Sinode neem kennis van die gereformeerde gespreksforum en versoek die SKK om voort te gaan met die reël van toekomstige geleenthede.

5.8 EEUFEESVIERING VROUEMONUMENT

Tydens die eeufeesvieringe van die Vrouemonument, het die SKK 'n krans namens die AP Kerk gelê.

AANBEVELING

5.8.1 Die Sinode neem kennis van die kranslegging tydens die eeufeesvieringe van die Vrouemonument.

5.9 AFRIKANERMUSEUM

Die SKK het gedurende die verslagtydperk die moontlikheid van 'n unieke Afrikanermuseum ondersoek in die lig van die toenemende agteruitgang van bestaande museums. Gesprekke met belangstellendes uit ander Afrikaanse kerkverbande, word in die vooruitsig gestel.

AANBEVELING

5.9.1 Die Sinode neem kennis van die inisiatief en moedig die SKK aan om steeds weë te ondersoek ten einde hierdie inisiatief te laat realiseer.

5.10 DEELNAME DIREKTE VERTALING VAN DIE BYBEL

Die SKK het prof.dr. JAE Adendorff aangewys as verteenwoordiger op die Kerklike Advieskomitee vir die Bybel in Afrikaans (KABA) na prof.dr. R Marè se uittrede.

AANBEVELINGS

5.10.1 Die Sinode neem kennis daarvan dat prof.dr. JAE Adendorff die AP Kerk op KABA in die plek van prof.dr. R Marè verteenwoordig.

5.10.2 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor prof.dr. R Marè vir die waardevolle bydrae wat hy namens die AP Kerk by KABA gelewer het.

5.11 WOORDEBOEK VIR DIE AFRIKAANSE TAAL (WAT)

Die AP Kerk het deelgeneem aan die "borg/koop-'n-woord-projek" van die WAT en het besluit om die woord "gereformeerd" te koop.

AANBEVELING

5.11.1 Die Sinode neem kennis daarvan dat die AP Kerk die woord "gereformeerd" in die WAT teen R5000-00 gekoop het.

5.12 VEROOTMOEDIGINGSDAE

Die SKK het verskeie versoeke om verootmoedigingsdae te reël ontvang. Die SKK het gemeentes voortdurend daarop gewys dat verootmoediging 'n deurlopende handeling behoort te wees, maar het ook tydens die verslagtydperk verskeie amptelike verootmoedigingsdae gereël.

AANBEVELINGS

5.12.1 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor gemeentes wat erns maak met verootmoediging.

5.12.2 Die Sinode herbevestig sy standpunt dat verootmoediging 'n deurlopende handeling moet wees.

5.12.3 Die Sinode moedig kerkrade aan om self inisiatief te neem met die reël van verootmoedigingsdae.

5.13 GEVANGENISBEARBEIDING

Die SKK het fondse beskikbaar gestel vir die bediening van gevangenes deur ds. AE van den Berg (sr) en dr. JP Bezuidenhout.

AANBEVELING

5.13.1 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor ds. AE van den Berg (sr) en dr. JP Bezuidenhout vir die waardevolle diens wat hulle aan gevangenes gelewer het.

5.14 MEDIASKAKELING

5.14.1 PRETORIA FM EN ANDER RADIOSTASIES

Pretoria FM het nog altyd 'n ope oor vir SKK-verklarings. Die AP kerkverband word gereeld betrek by godsdiensuitsendings en -programme wat 'n groot diens aan baie lidmate lewer.

Kerknuus vir uitsending op 'n Sondag word so gereeld as moontlik aan die volgende radiostasies gestuur: Pretoria Fm, Radio Lichtenburg en Radio Rosestad.

AANBEVELINGS

5.14.1.1 Die Sinode bedank Pretoria FM vir die diens wat hulle lewer om leraars die geleentheid te gee om die evangelie te verkondig en op ander programme op te tree.

5.14.1.2 Die Sinode gee opdrag aan die SKK om twee persone aan te wys om as medewerkers van die AP Kerk se verteenwoordiger by Pretoria FM op te tree.

5.14.1.3 Die Sinode versoek kerkrade om kerknuus vir moontlike uitsending oor die radio betyds (voor die Woensdag van die week waarop dit uitgesaai moet word) na die Gemeenskaplike Kerkkantoor te stuur.

5.14.2 VERKLARINGS

Die volgende mediaverklarings is uitgereik, op die webblad geplaas en aan verskeie mediahuise gestuur (kyk Bylae SKK3): 09/2013 – Oproep tot dag van verootmoediging; 04/2014 – Parool van Derby-Lewis; 04/2014 – Verklaring oor uitspraak "Maak geen plek vir Christus in die skool nie"; 10/2015 – Reaksie van SKK na aanleiding van briewe aan Gwede Mantashe en Die Kommersiële Boere van Suid-Afrika; 10/2015 – Verklaring oor NG Kerk se besluit oor "selfdegeslagverhoudings"; 02/2016 – Verklaring oor Geweld by Universiteite in Suid-Afrika; 17/10/2016 – Verklaring oor die NHKA se besluit/standpunt oor "selfdegeslagverhoudings"; 17/11/2016 – Reaksie op "Wet oor Haatspraak en Haatmisdade"; 24/11/2016 – NG Kerk se nuwe besluit oor "selfdegeslagverhoudings".

AANBEVELING

5.14.2.1 Die Sinode neem met dank kennis van die wye verskeidenheid aktuele sake waaroor die AP Kerk sy profetiese stem laat hoor het.

5.15 KORRESPONDENSIE

Tot en met 19 April 2017 is 1117 korrespondensiestukke tydens vergaderings gehanteer. Daarbenewens is baie meer korrespondensie tussen vergaderings afgehandel. Dit is veral korrespondensie deur middel van die internet wat steeds toeneem.

Daar het baie skakeling deur die kantoor plaasgevind ten opsigte van die reël van leraars om by die vakante gemeentes dienste waar te neem, maar alle gemeentes kan nie gehelp word nie aangesien die getal emeriti wat kan rondry en help, minder word en die studentegetalle afgeneem het. Die teologiese studente en emeritusleraars was nietemin van groot hulp om hierdie diens te laat vlot.

AANBEVELINGS

5.15.1 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor die personeel van die Gemeenskaplike Kerkkantoor vir die hantering van die korrespondensie en skakeling.

5.15.2 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor leraars en studente wat bereid is om met Woordverkondiging te help in gemeentes waar nood is.

5.16 SUSTERSWERKSAAMHEDE EN PREDIKANTEKONFERENSIES

Twee konferensies is gereël waar die susters en die broeders saam en afsonderlik vergader het:

- Deo Gloria/Pro Regno, AP Kerk Kimberley, 14–16 Oktober 2014. Die tema vir die susters was *Jou roeping in die Koninkryk.*
- Deo Gloria/Pro Regno, AP Kerk Kimberley, 4–6 Oktober 2016. Die tema vir die susters was *Die Verbondsgesin.*

Buiten vir die predikantekonferensies, was daar ook jaarliks ’n teologiese dag deur die AP Akademie gereël met die oog op verdere teologiese opleiding. Daar is besluit om weens die groot koste daaraan verbonde, die onderskeie werksgemeenskappe te laat saamsmelt. Tydens die byeenkomste van die werksgemeenskap kom die onderskeie vakgebiede aan die beurt.

AANBEVELINGS

5.16.1 Die Sinode bedank die gemeentesusters van AP Kerk Kimberley vir die organisering van die konferensies en moedig kerkrade aan om dit vir hulle susters en broeders moontlik te maak om die konferensies by te woon.

5.16.2 Die Sinode bedank die AP Akademie vir hulle volgehoue betrokkenheid by verdere teologiese opleiding.

5.16.3 Die Sinode roep kerkrade op om hul leraars aan te moedig en indien moontlik, finansieel in staat te stel om geleenthede vir verdere teologiese opleiding by te woon.

5.17 DIENS VAN BARMHARTIGHEID

Die SKK het ’n konferensie oor blanke verarming bygewoon wat deur Helpende Hand gereël was.

Die omvang van blanke verarming is 'n groot bron van kommer vir die kerk. Toenemende werkloosheid sal in die toekoms al meer uitdagings aan die kerk stel.

Gedurende die droogte van die afgelope paar jaar, het verskeie gemeentes, individuele lidmate en die SKK uit die gebeurlikheidsfonds 'n bydrae gelewer tot droogtehulp. 'n Totaal van R41 350 is uitbetaal.

AANBEVELINGS

5.17.1 Die Sinode doen 'n ernstige oproep op diakonieë om aandag te gee aan verarming van Afrikaners in hulle omgewing en daadwerklik op te tree om die krisis af te weer.

5.17.2 Die Sinode roep diakonieë op om moontlike werkverskaffingsprojekte te beplan en waar nodig in ringsverband te organiseer.

5.17.3 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor elkeen wat 'n bydrae gelewer het tot droogtehulp aan ons boere.

6. BESKRYWINGSPUNTE

6.1 RING VAN KLERKSDORP: GESPREKVOERING MET DIE NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

Die gesprekvoering met die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika het ongeveer 27 jaar gelede doodgeloop.

Die Sinode besluit dat:

1. Gesprekvoering weer opgeneem sal word met die oog op onderlinge begrip en beter verstandhouding, sonder inmenging in die oortuigings wat elkeen huldig.

Motivering:

Gesien die landsomstandighede waarin ons gedompel is, het ons wat dieselfde volkseie koester en in dieselfde geloofsverantwooordelikhede, liefde en genade van die Here van die Kerk deel, nodig om weer die gesprek met mekaar op te neem.

Hierdie gesprekvoering sal bydra om groter begrip, respek en samewerking op alle terreine van ons kerklike en volkslewe vir mekaar te hê, sonder om noodwendig kerklike eenwording op die tafel te plaas. Die eenheid in die geloof staan vas. Gesprekvoering kan onderlinge begrip vir mekaar se standpunte, samewerking en 'n beter verstandhouding bevorder in 'n samelewing waarin ons al meer en meer geïsoleer word en gedwing word om hande te vat.

AANBEVELINGS

6.1.1 Die beskrywingspunt is formeel ontvanklik.

6.1.2 Die Sinode neem kennis van die beskrywingspunt aangesien gesprek met ander Christelike kerke reeds deel van die SKK se lasgewing is.

Motivering:

Die SKK het kennis geneem van die NHKA se besluit om weer gesprek met die AP Kerk op te neem.

6.2 RING VAN MIDDELBURG: BAND MET DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK

Die Sinode 2017 van die Afrikaanse Protestantse Kerk besluit om die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK) nie verder as 'n "erkende kerk " te ag nie. Gevolglik sal lidmate uit daardie gemeentes voortaan nie toegang tot die nagmaal van AP kerke hê nie.

Voornemende lidmate wat hulle nie met die sake wat in ons sinodale publikasie *Ontmoetingsgesprek* behandel word, vereenselwig nie, of enige aspek van ons belydenisskrifte nie onderskryf nie, of Artikel 3 in ons Kerkorde verwerp, sal nie deur enige gemeente in ons kerkverband as lidmate opgeneem word nie.

Motivering:

Hierdie besluit word geneem veral as gevolg van die NGK se hantering van die Skrif, die beskouing oor die vrou in die amp, homoseksualisme en die volgende ander aspekte:

Nuwe Hervorming

Uit die geledere van die NG Kerk word deelgeneem aan die sg. Nuwe Hervorming – 'n stroming wat openlik erken dat hulle 'n groter spiritualiteit voorstaan waarin alle gelowe kan opgaan. Dit maak sinvolle, voortgesette, formele gemeenskaplike bande met hierdie denominasie waarskynlik onmoontlik. Die gewone NGK-lidmaat mag dalk nie volledige kennis hê oor waarmee sy kerk besig is nie (veral omdat hy met 'n dieet van dubbelslagtigheid gevoer word), maar by swaargewigte binne die NGK, veral dosente by teologiese fakulteite en die redaksie van die *Kerkbode* vind 'n duidelike verkragting van die evangelie plaas, soos sal blyk uit 'n studie van die elektroniese platforms waarna in hierdie stuk verwys word.

Die NGK leiding het hom vroeg na die begin van die sg. Nuwe Hervorming Netwerk (NHN) in 2004 by hierdie nuwe beweging geskaar. (Prof. Nelus Niemandt van die Universiteit van Pretoria se Teologie fakulteit was mede-stigter daarvan – *Google* Nuwe Hervorming Netwerk vir uitgebreide insette). Die NHN se webblad maak dit duidelik dat onder meer die manlike aard van God asook die bestaan van 'n hemel en hel verwerp word. In *Beeld* van 27 Augustus 2015 skryf prof. Sakkie Spangenberg (in 'n artikel met die opskrif "Fokus op lewe op aarde") dat daar sedert die NHN se ontstaan daarin geslaag is om 'n skepper-God te vervang met Gaia-moeder aarde of moeder natuur.[2] Die wye reeks publikasies en dvd's van die NHN sal toon dat elke lewensarea dekonstruksionisties bevraagteken word en dat 'n oorkoepelende wegbeweeg van oorgelewerde waardes ingetree het. Die NG Kerk se webblaaie (*Google* NG Kerk webblaaie) toon meermale hierdie denominasie se omarming van die NHN.

Van die puikste samevattings van die afwykende teologie waarheen die NG Kerkleiding beweeg het, word gegee deur 'n emeritus predikant, ds. Jan Louw, in 'n voorlegging aan die SDDK (Sinodale Dienskommissie). Hierin werp hy ook (onder die opskrif "'n Ander broederskap") lig op die intimidasie van studente by UP se teologiese fakulteit.[3] In 'n ander artikel verskaf hy 'n opsomming van skokkende sinodebesluite[4] en verduidelik hy hoe sinodes "ontwerp" word om deur klimaatskepping, emosionele manipulasie, gebruik

[2] http://proregno.co.2014/08/28/nuwe-hervorming-omhelsing-van-die-gaia-god-moeder/aardenatuur/

[3] http://www.glodiebybel.co.za/index.php.geloofskwessies-m/55-ng-kerk-kat/1126-voorlegging

[4] http://www.glodiebybel.so.za/component/content/article/448-opsomming-van-skokkende-ng-kerk-besluite.htm

[5] http://www.glodiebybel.co.za/component/content/article/1092-emosionele-manipulasie-by-die-sinode.html

van kunsstukke en musiek, verdraaide Skrifbeskouing en opgeleide fasiliteerders, bepaalde uitkomste te verkry.[5]

Die Nuwe Hervorming is 'n reaksionêre teologie wat sy wortels in 'n postmodernistiese God, lewens- en wêreldbeskouing vind eerder as in die Skrif. Die angel van Postmodernisme is die dogma van dekonstruksie waarop dit gebaseer is (geformuleer in die werk van die Franse poststrukturaliste Jacques Derrida, Michel Foucault en Jacques Lacan). Ingevolge dekonstruksie word daar met teenoorgesteldes omgegaan op só 'n wyse dat teenstellings mekaar eerder komplimenteer as teenstaan. Dit word moontlik gemaak deur middelpuntvliedend te werk (in bv. 'n diskoers, argument, of, in die geval van hierdie voorlegging, met Skrifbeskouing) sodat kwessies op die periferie na die middelpunt verskuif (en andersom). Sodoende ontstaan 'n swewingsproses wat vaste sekerhede nullifieer. Dekonstruksie stel dit duidelik dat 'n woord net bestaan terwyl dit gepraat (be-teken) word. As die klank wegsterf, is ook die betekenis weg. Dit is geïllustreer deur woorde te skryf en dan te kanselleer deur 'n X daaroor te teken, sodat beide woorde en die X'e daaroor tesame gelees moet word. Voortspruitend hieruit is vaste betekenis onmoontlik en moet voortdurende hersegging (herbe-tekening) plaasvind. Veral Derrida (in *Positions*) stel dit sterk dat enige vaste woordkonstruksie (in hierdie ondersoek byvoorbeeld die Bybel of Skrifbegrippe) vra om sy eie logika van aanvulling. Die gevaar van dekonstruksie is 'n oneindige kansellasie van betekenis sodat alles in 'n *Groot Niks* oplos.

Uit die bostaande is dit duidelik dat die Nuwe Hervorming ingestel is op 'n radikale breuk met die kerkgeskiedenis en heilshistoriese geskiedenis en 'n waarde-lose, sentimentlose nuwe soort mens en samelewing wil skep. Groot dele van die dekonstruksie-debat (sigbaar en hoorbaar in die wêreld om ons as postmodernisme) gaan oor die begeerte na mag (om te kan dink en te sê wat jy wil) en die mag van begeerte (om vaste konvensies uit te daag). Hierdie interaksie tussen begeerte en mag kan net plaasvind binne die reëls van uitsluiting (sulke reëls van uitsluiting bepaal die aard van 'n sisteem (soos byvoorbeeld 'n Calvinistiese wêreldbeskouing). Veral Lacan het die debat oor (homo)seksualiteit gedryf, want volgens hom is die beheer van seksualiteit 'n poging om totale beheer oor die liggaam en psige van 'n indiwidu te verkry. Derrida, Foucault en Lacan beklemtoon almal dat betekenis net verklaar kan word in terme van 'n onderliggende sisteem van verskille, soos wat inderdaad blyk uit die Nuwe Hervormers se stellinginname binne oënskynlik bekende Skrifbegrippe, terwyl gelyktydige uitkalwing van hierdie begrippe plaasvind.[6]

Die weg na die sg. Nuwe Hervorming is voorberei toe die term Kweekskool by universiteite rondom die 1980's na Teologiese fakulteit verander is, met 'n gepaardgaande klemverskuiwing weg van die Gereformeerde bestudering van die Bybel na wetenskapsnavorsing. By die Algemene Sinode van 2002 is 'n verslag oor Skrifgesag aanvaar wat klinkklaar toon dat die Bybel toenemend nie meer as Woord van God beskou sou word nie, maar as blote menslike woorde oor God. Dr. Willie Marais se omvattende kommentaar op die verslag en sy waarskuwing dat dit die 1986-verslag oor dieselfde onderwerp kanselleer, is in die wind geslaan[7]. Hiermee het 'n totale klemverskuiwing van Godgerigtheid na mensgerigtheid en 'n nimmereindigende herinterpretasie van die Skrif plaasgevind.

Onder die sambreelterm Nuwe Hervorming kan enkele aspekte uitgelig word, maar in der waarheid vorm alles een troebel poel van relativisme. Hierby is dit so dat gefokus

---

[6] 'n Afrikaanse samevatting van die hoofelemente van die werk van Derrida, Foucault en Lacan tot 1984 (toe die dekonstrusie diskoers se basis reeds gelê was) kan verskaf word. Dit is nie elektronies beskikbaar nie en is redelik lywig.

[7] Die Trojaanse perd in die NG Kerk. bl. 29 e.v. Hierdie publikasie is in 2010 saamgestel en uitgegee deur besorgde NG lidmate.

[8] Die Trojaanse perd in die NG Kerk, bl.79.

moet word op wat in teologiese fakulteite geleer word, uitsprake van die NGK-leiding en die *Kerkbode*.

Skrifkritiek en kontekstuele hermeneutiek

Skrifkritiek ontken Skrifgesag. Die Nuwe Hervorming beskou die Bybel as tyd- en kultuurgebonde en moet daarom voortdurend herinterpreteer word. Die aanhoudende herinterpretasie het veroorsaak dat 'n vaste Godsbegrip plek gemaak het vir 'n godheid wat 'n voortdurende wordingsproses in 'n mens se kop is en Skrifwaarhede verruil is vir die verheerliking van onsekerhede, soos o.m. blyk uit die volgende voorbeelde deur hoogaangeskrewe NGK-akademici: prof. Julian Müller se 2008 debat oor sy "Tussenin-en-duskantteologie"[8]; prof. Adrio König se *Is die Evangelie op die spel? 'n Skrifbeskoulike bespreking;* dr. Ben du Toit se *God? Geloof in 'n postmoderne tyd;* prof. Willie Esterhuyse se *God en die gode van Egipte* en prof. Nelus Niemandt se *Nuwe drome vir Nuwe Werklikhede: Geloofsgemeenskappe in pas met 'n Postmoderne Wêreld* (in 2010 'n voorgeskrewe boek vir studente). Dr. Du Toit (indertyd moderamenlid van die NGK se Algemene Sinode) se uitgangspunt in sy boek is dat die beskouing dat die Bybel deur God ingegee is, sonder enige integriteit is. Die Bybel, so meen hy, "is vol innerlike teenstrydighede" (p. 275).[9]

Horisontale, mensgerigte prediking

NG-gemeentes se missiestelling toon vry algemeen die klem wat geplaas word op mensgerigtheid, 'n sosiale plig, (regstellende) geregtigheid, akkommodering van alles en almal, en barmhartigheid. Dit het ook die jare lange diskoers oor Belhar en homoseksualiteit oorheers. Preke word toenemend filosofiese beredenering of sosiale praatjies. Preke uit die Ou Testament kom beduidend min voor en so ook enige verwysings na die oordeel van God as Regter.

Een voorval waar inderdaad vanaf 'n preekstoel so met teenoorgesteldes omgegaan is dat hulle uiteindelik mekaar komplimenteer het, is by die 09:00 diens in Tygerpoort NG Kerk op 7 Julie 2013, toe by herhaling roerend gebid is vir die destyds sterwende Nelson Mandela – asof hy 'n mede-gelowige was.

Aanbidding

By al hoe meer kerke maak die kansel plek vir 'n verhoog met 'n afgesonderde ruimte vir musiekinstrumente wat tydens die informele aanddienste gebruik word. By veral die groter gemeentes word selfs by oggenddienste sogenaamde FLAM- en VONKK-liedere met hulle afgeskaalde teologiese inhoud en meesleurende wysies veel meer as Liedboekliedere gesing. FLAM is 'n verspreider van kontemporêre Afrikaanse kerkmusiek en adverteer onder meer "Afrikaanse rock praise en Worship songs vir jong aanbidders".[10] VONKK (wat tydgenootlike klassieke en inheemse musiek vir die kerk versprei, is saam met FLAM "deel van die prioriteite van die Algemene Sinode ten opsigte van musiek vir die erediens."[11] Die Liedboek word nie meer as voldoende beskou nie omdat gemeentelede liedere wil hê wat tot hulle eietydse konteks spreek, en die kerk sensitief geraak het vir die "verskeidenheid van spiritualiteitsbehoeftes" van hulle lidmate.

Mites en oorlewerings

Groot gedeeltes van die Ou Testament word as oorlewerings (stories) en mites ('n natuurlike verskynsel wat die aanskyn van 'n bonatuurlike fenomeen verkry het) afgemaak. So is byvoorbeeld aan finalejaar teologiese studente voorgehou dat die verhaal van Abraham 'n mite is en selfs verduidelik hoe die predikant daarmee moet

[9] Volgens Lux Verbi, uitgewer van hierdie boeke, is almal tans (April 2016) uit druk.
[10] http://flam.co.za/
[11] http://Vonkk.co.za/

omgaan om nie die gemeente te ontstel nie.[12]Dit bring Judaïsme, die ontstaan van die Christendom en die Verbondsdoop in gedrang. Terselfdertyd word Nuwe-Testamentiese Bybelwaarhede soos Christus se maagdelike geboorte, sy priesterlike amp, wonderwerke en sy plaasvervangende kruisdood ontken. Hiermee word 'n streep getrek deur Christus se opstanding, die eindoordeel en 'n ewige lewe. Jesus is nie meer persoonlike Verlosser nie, maar 'n sosiale hervormer.

Breuk tussen Ou en Nuwe Testament

Dat die Ou Testament heenwysings na Christus bevat, word ontken. In pas hiermee word die Tien Gebooie nie meer voorgelees nie en is alle heenwysing na Christus weggeskryf in Psalms wat in die Liedboek opgeneem is.

Homoseksualiteit

Google NG kerk en gay *vir uitgebreide kommentare*.
Die Algemene Sinode se September 2015 aanvaarding van homoseksualiteit het 'n lang aanloop gehad en momentum opgetel sedert die 2004 Algemene Sinode se standpunt dat alle mense se getuienis oor o.m. hulle seksuele oriëntasie aanvaar en hulle integriteit bewaar moet word.[13] In twee insiggewende artikels belig die NG predikant (emeritus) ds. Jan Louw NG kerkleiers se misleiding oor gays[14] asook die pro-gay klimaat by die NG Kerk se teologiese fakulteite[15] en prof. Nelus Niemandt van UP se klimaatskepping vir aanvaarding van 'n afwykende geslagtelikheid.[16]

'n Waterskeidende stap is in Oktober 2006 geneem toe die NGK se destydse parlementêre verteenwoordigers (drs. Ben du Toit en Kobus Gerber) by die regering aanbeveel het dat homoseksuele huwelike gewettig moet word.[17] Hulle voorlegging se vertrekpunt was die Grondwet en meld verder dat dit betreur word dat sommige Christene die Bybel hoër ag as 'n sekulêre grondwet. Die daaropvolgende jaar (2007) besluit die Algemene Sinode egter dat homoseksuele verbintenisse nie as huwelike geag kan word nie, maar dat homoseksuele as lidmate en predikante (mits hulle selibaat bly), aanvaar word. Hierop volg die 2015 aanvaarding van praktiserende homoseksuele as lidmate en predikante en ook van verbintenisse tussen dieselfde geslag. Appèl is aangeteken, maar NGK webblaaie toon dat kinders van dieselfde geslag pare intussen gedoop is.[18]

Op 6 Maart 2015 het dr. Marietjie van Loggerenberg, 'n bekende apologeet vir die aanvaarding van afwykende geslagspatrone, by die NG Kerk Monumentpark 'n praatjie gelewer.

Roomse gebruike

Die gebruik van kerse en rituele by doopplegtighede en belydenisafleggings kom algemeen voor. 'n Voorbeeld is die 09:00 doopdiens op 7 Julie 2013, gelei deur dr. Danie Grey, by Tygerpoort NG gemeente waar elke dopeling 'n kers ontvang het. By dieselfde diens is al die kinders na vore geroep om in 'n aanhoudende sirkel om die doopvont te loop en met hulle vingers in die water te speel – inderwaarheid was dit die mistiese loop van 'n labirint (doolhof). Daar is ook – eg Rooms – verkondig dat almal wat gedoop is, hemel toe gaan. DVD's van "aannemingsplegtighede" in (veral groter) NG kerke sal die

[12] Die Trojaanse perd in die NG kerk, bl.18 e.v.
[13] Ibid; p 51 e.v.
[14] http://www.glodiebybel.co.za/component/content/article/1018-misleiding-van-die-ng-kerkleiers-oor gay-jan-louw.html/
[15] http://www.glodiebybel.co.za/component/content/article/1077-ng-teologiese-skole-pro-gay.html
[16] http://www.glodiebybel.co.za/component/content/article/1017-nelus-niemandt-se-pleidooi-gooi-ngk-oop-vir gays-2015-07-01.html
[17] Die Trojaanse perd in die NG Kerk, bl. 55 e.v.
[18] *Google* Gay en doop, klik op "Doop van twee vroue se kind help genees"

gewildheid van die gebruik van kerse toon. Die NGK se instelling van kindernagmaal slaan terug op Roomse tradisie.

Mistisisme

Die oorskakel na subjektiewe Skrifinterpretasie skep 'n vrugbare teelaarde vir die insluip van mistisisme, soos o.m. blyk uit die boeke waarna hierbo verwys is waaruit dit duidelik word dat vertroude Skrifterme gebruik word, maar die inhoud daarvan uitgekalwe word. Prof. CG du Toit (Noordbrug) skryf in die *Kerkbode* van 2 Augustus 2013[19] dissipelskap is gebaseer op 'n "persoonlike kennis van en toewyding aan Jesus Christus en nie op die aanhang van 'n geloof of belydenis nie". Dit toon die vernietigende uitwerking van die mistisisme wat deur Postmodernisme moontlik gemaak word.[20]

Die term "spiritualiteit" kom toenemend voor in leerplanne, of die name van afdelings of departmente in teologiese fakulteite, asook boeke en artikels. In die *Kerkbode* van 2 Augustus 2013 adverteer die NG-gemeente Debruinpark (Ermelo) die pos van 'n medeleraar. Volgens die "gemeenteprofiel" streef die gemeente daarna "om 'n breë spektrum van spiritualiteite binne gereformeerde teologie te akkommodeer" en stel die kerkraad "'n hoë premie op Skrifgetroue prediking met ruimte vir afwisseling en persoonlike dinamika."[21] Op die agterblad van die laaste 2015-uitgawe van die tydskrif *Bronberger*[22] adverteer die NG gemeente Tygerpoort die pos van 'n orrelis en/of aanbiddingsleier "om aanbidding binne 'n gebalanseerde, dinamies gereformeerde konteks te lei waarin alle spiritualiteite 'n tuiste kan vind". Die NG Kerk webblad[23] toon dat een van die skakels[24] die Sentrum vir Christelik spiritualiteit is, 'n sentrum wat verteenwoordigend van 'n groot aantal tradisies binne die Christendom wil wees en wat fokus op "veral … geloofsverdieping deur middel van meditasie en kontemplasie". As daarop geklik word, verskyn die "Centre for Christian Spirituality" – 'n sentrum wat in 1986 deur Desmond Tutu gestig is en intergeloof aanhang.

Die (ontheiliging van die) Sakramente

Die Nagmaalsformulier is nie te rym met 'n verdraaide Skrifbeskouing waar Jesus nie as persoonlike Verlosser geag word nie, maar 'n blote historiese figuur is vir wie die Nagmaal dan 'n gedenkdiens is.

Die voorhou van die doopformulier het by baie gemeentes verval. Die inhoud daarvan is ontkrag binne 'n geloofsomgewing sonder grense.

Evolusieleer

Daar is geen afwys van hierdie leer by teologiese fakulteite of in die *Kerkbode* nie. By die opening van die 2010 Teologiese jaar by UP was 'n selferkende ateïs, prof. George Claassen, die hoofspreker en sy onderwerp was die ewolusieleer.[25] Die indruk is ook dat die *Kerkbode* evolusie propageer met drie pro-evolusie-artikels na mekaar.[26] Twee hiervan gaan oor die boek *Evolusie, wetenskap en geloof*[27] van prof. Jaap Durand, afgetrede dekaan van die teologiese fakulteit van die Universiteit Wes-Kaap, waarin hy die skeiding van geloof en wetenskap voorstaan.

(Vir 'n verskeidenheid artikels oor en kommentare op die onderwerp, *Google* NG Kerk en *evolusie*.)

---

[19] Lesersbrief – "Fokus op die Woord alleen", Kerkbode, 2 Augustus 2013, bl.17
[20] Die Trojaanse perd in die NG Kerk, bl.80 e.v.
[21] NG gemeente Debruinpark Ermelo – medeleraar – Kerkbode, 2 Augustus 2013. P.22
[22] Bronberger, vol. 4 nr.2.
[23] http://ngkerk.org.za/wp
[24] http://ngkerk.org.za/wp/index.php/skakels
[25] Die Trojaanse perd in die NG Kerk, p.206 e.v
[26] http://www.glodiebybel.co.za/somponent/content/article/763-kerkbode-dryf-evolusie-agenda.htm
[27] Durand, J,(2013). Evolusie, wetenskap en geloof, Bybel-Media Kaapstad

Sinkretisme

Die NGK se ekumeniese bemoeienis met die Wêreldraad van Gereformeerde Kerke en Suid-Afrikaanse Raad van Kerke het voluit in die gees van 'n sinkretistiese, mensgerigte eenheid, maar dan met politieke en rewolusionêre ondertone, gestaan. Deur hierdie verwantskap was ook die befondsing van en alliansie met terreurgroepe moontlik. In 1986 het die Algemene Sinode 'n beleidstuk, *Kerk en samelewing* aanvaar, waarin 'n totaal ander Skrif-, kerk-, mens- en samelewingsbeskouing voorgehou word. Dit is nie toeval dat die Dakar samesprekings met die ANC 'n jaar later sou volg nie. Die fliek *Endgame* met prof. Willie Esterhuyse (as karakter) in die hoofrol teenoor Mbeki, ook as karakter, is insiggewend in hierdie verband.[28] Prof. Jaap Durand, waarna hierbo verwys is, mede-opsteller van die Belhar-belydenis, erken in sy boek *Ontluisterende wêreld – Die Afrikaner en sy kerk in 'n veranderende Suid-Afrika*[29] dat die NG Kerk leierskap die Nasionale Party in die afstand doen van apartheid, "minstens begelei" het. Uiteindelik het die teologiese towery daartoe gelei dat die NGK apartheid as sonde bely het. Die NGK was reeds in 1948 betrokke by die totstandkoming van USSALEP met sy liberale invloed ook op teoloë.

Dit is opvallend dat, waar die NGK se sinkretisme vroeër deur 'n (weliswaar verskuilde) politieke agenda gedryf is, volskaals daarmee voortgegaan word nádat apartheid se afskaffing bereik is. Die enigste afleiding wat gemaak kan word, is dat die Kerk nou, polities korrek, die rol van wegvoorbereider vir 'n universele spiritualiteit opgeneem het en daarmee die Christendom in Suid-Afrika 'n hartskoot wil toedien. 'n *Google* soektog na die NG Kerk sal twyfelagtige skakels toon: die Nuwe Hart-stigting – 'n interkulturele en interkerklike inisiatief wat fokus op algemene waardes en norme en waaraan die NGK deelneem onder die vaandel van sy "Seisoen van menswaardigheid"; die *Institute For Healing Of Memories* waar sterk gefokus word op sogenaamde slagoffers van apartheid, en *Verbum et Ecclesia*, 'n "multi-dissiplinêre en inter-dissiplinêre" navorsingstydskrif, geaffilieer by, en befonds deur die Teologiese Fakulteit by UP se Sentrum vir bedieningsontwikkeling (*Centre for Ministry Development/ Excelsus*). Die teologiese fakulteit het o.m. 'n *Sentrum vir volhoubare gemeenskappe* en 'n *Sentrum vir Afrika spiritualiteit en kultuur*. 'n Verdere onrusbarende verwikkeling is die Kerk se betrokkenheid by #*Imagine* – 'n veelrassige vennootskap van "jeugleraars, jeugwerkers, bedieningsnetwerke, instansies en maatskappye wat met die NG kerkfamilie hande vat om toe te sien "dat die kerk van môre haar roeping vandag vasgryp". Hierdie beweging het van 1 tot 3 April 2016 op drie plekke in die land jeugsaamtrekke gehou. Die *Kerkbode* het voluit dekking daarvan gegee en die foto's toon presies hoe veelrassig die byeenkoms was, asook die breinspoeling deur die twee-vinger V-teken se gebruik en die loslit "aanbidding".[30]

Die NGK is voortdurend besig met 'n verwarrende warboel van kommissies, komitees, groepe, forums en projekte wat sinkretisme bevorder. Een daarvan is die Diversiteitsforum wat 'n aanvang geneem het vroeg in 2010.[31] Dit het, soos die destydse elektroniese Kletskerk (met sy stroom vulgariteite)[32] ook saamgeval met die NGK se sg. "Seisoen van luister", 'n mooiklinkende maar niksseggende term. Die Forum se doel was om "…positiewe diversiteit ter wille van Christelike naasteliefde te bevorder…" In 2013 is 'n sogenaamde "Seisoen van menswaardigheid" aangekondig met in wese dieselfde doelstelling.

Die dwaalleringe van die mensgerigte sg. *emerging church* is deur 'n rits NG Kerk-dosente en -teoloë verkondig in gemeentes, die sosiale media, publikasies,

[28] Dit is gebaseer op Robert Harvey se 2003 boek *The Fall of Apartheid*, en meer bepaald op die laaste hoofstuk "Endgame", wat op versoek van pres. Thabo Mbeki deur Michael Young bygeskryf is vir die film.

[29] Durand, J. (2002) Ontluisterende wêreld – Die Afrikaner en sy kerk in 'n veranderende Suid Afrika Lux Verbi, Kaapstad. – tans uit druk)

[30] #imagine movement http://online.imaginemovement.co.za/wat-is-imagine/

[31] Die Trojaanse perd in die NG Kerk, p. 193 e.v.

[32] Ibid; p. 177 e.v.

katkisasieklasse, leermateriaal en oor die radio[33]. In dieselfde gees is die hele agterblad van die 2 Augustus 2013 *Kerkbode* afgestaan aan 'n advertensie oor die voorspoedsteoloog Bruce Wilkinson (van Jabes-faam) se evangelisasiekursusse.

In hierdie *Kerkbode* wy prof. Piet Meiring (voorsitter van die Verenigde Diensgroep vir Diens en Getuienis) 'n hele bladsy aan die fees van Ramadan en word vergoelikend, sonder enige afwysing of kontekstualisering, op die gemeenskaplikheid tussen die Moslemgeloof en Christendom gewys[34].

In dieselfde weergawe is 'n foto wat toon hoe die leraar, ds. Gideon van Wyk, met handoplegging bid vir die Kaapstadse burgemeester, Patricia de Lille. Die artikel toon dat dit eerder gaan om burgerlike organisering as om Woordverkondiging.

Slotsom

Die dekonstruktiewe omgaan met die Skrif lei tot sentimentlose wesens. Dit het geweldige implikasies vir goedgelowige Christene, die breë samelewing en Afrikaners wat die oortuiging deel dat God volke in aanskyn roep.

Volgens CS Lewis[35] is sentiment geroetineerde emosie – en is juis dít noodsaaklik om volledig mens te wees. Sentiment is vir hom die ruimte tussen intellek en emosie en is noodsaaklik om 'n oorkoepelende waardesisteem van geslag tot geslag oor te lewer. Die tragi-komiese van ons situasie (verwysende na die curriculum in die Britse skole) sê hy, is: "…we continue to clamour for those very qualities we are rendering impossible… In a sort of ghastly simplicity we remove the organ and demand the function. We make men without chests and expect of them virtue and enterprise. We laugh at honour and are shocked to find traitors in our midst. We castrate and bid the geldings be fruitful."[36] Uiteindelik lei hierdie "progressive" na 'n nulpunt. "There are progressions in which the last step is *sui generis* – incommensurable with the others – and in which to go the whole way is to undo all the labour of your previous journey."[37] As sentiment oor vaste Skrifwaarhede verdwyn, sal ons inderdaad die nulpunt bereik waarheen dekonstruksie mik.

AANBEVELING

6.2.1 Die beskrywingspunt is nie formeel ontvanklik nie.

Motivering:

Aangesien erkenning van die NG Kerk en toelating tot die sakramente deur die *Kerkorde* en vorige sinodebesluite gereël word, moes hierdie saak by wyse van 'n beswaarskrif na die Sinode gekom het waarin aangedui word watter bestaande besluite herroep moet word. Hierdie saak geniet wel aandag by die KKCE.

6.3 RING VAN OLIFANTSHOEK: PASTORALE BEGELEIDING BY LOSMAKING

Die Sinode besluit dat die SKK iemand aanwys om gemeentes en leraars pastoraal te begelei in gevalle waar gewigtige ondersoeke daartoe lei dat 'n gemeente die dienste van 'n leraar kwyt is, soos bv. die losmaking van die band tussen die leraar en sy gemeente.

[33] Ibid; p.75 e.v.
[34] Meiring, P. "Ramadan in Suid-Afrika. Die fees van vas en toewyding", Kerkbode, 2 Augustus 2013, p.16
[35] Lewis, C.S. (1947). The Abolition of Man. New York, Macmillan.

Motivering:

1. Wanneer 'n tugsaak teen die leraar ondersoek word is die ringskommissie en ander leraars binne die ring betrokke by die saak. Die gemeente is gewoonlik verdeel met bitter swaar wedersydse gevoelens. Aangesien die ring die saak hanteer het, skakel dit die ring uit as 'n behoorlike pastor.

2. Die gemeente het pastorale begeleiding nodig sodat die gemeente na afhandeling van die saak so normaal as moontlik kan funksioneer.

3. Die leraar en sy gesin het pastorale begeleiding nodig om die seer wat veroorsaak word deur die sonde te kan verwerk.

AANBEVELINGS

6.3.1 Die beskrywingspunt is formeel ontvanklik.

6.3.2 Die beskrywingspunt word nie goedgekeur nie.

6.3.3 Die Sinode dra dit aan die SKK op om na weë te soek om tog in die toekoms meer effektief aan hierdie behoefte aandag te gee.

Motivering:

Hoewel die SKK baie simpatie met hierdie saak het, is die SKK van mening dat hierdie taak deur die lasgewing van die Direkteur van Kerkadministrasie ondervang word. Indien hy nie self die begeleiding kan behartig nie, kan hy sodanige begeleiding koördineer.

6.4 RING VAN KLERKSDORP: SINODEVERSLAG OOR GEMEENTEHULP

Die Sinode besluit:

i. Dat in die verslag van die SKK oor bedieningshulp aan gemeentes, daar nie slegs verslag gedoen word oor gemeentes aan wie hulp verleen is en hoeveel hulp verleen is nie, maar ook oor gemeentes wat in die verslagtydperk by die SKK aansoek gedoen het om hulp en waarom hulle aansoeke afgekeur is;
ii. Dat ten opsigte van gemeentes wat wel hulp ontvang het, ook verslag gedoen word oor hoeveel geld die gemeentes benodig het, hoeveel toegeken is en wat die kriteria vir toekenning was;
iii. Dat daar nog tydens hierdie sinode verslag gedoen word oor gemeentes se aansoeke wat in die verslagtydperk afgekeur is en die redes waarom dit afgekeur is.

Motivering:

1. Talle gemeentes doen aansoek en word goed- of afgekeur, sonder dat daar duidelikheid oor die kriteria vir toekenning gegee word.
2. Toekomstige aansoeke van gemeentes kan beter gemotiveer en voorberei word as alle inligting oor spandering van kerklike bydraes vir die bedieningsfonds algemeen beskikbaar is.
3. Daar word dikwels aangevoer dat aansoeke afgekeur word omdat daar geen groeipotensiaal in gemeentes is nie en dat dit nie net gaan oor voortbestaan nie, maar ook die handhawing van bestaan.
4. Die Skriftuurlike roeping van barmhartigheid teenoor kwynende gemeentes behoort wesentlik oorweeg te word in lig van Paulus se kollekte vir die gemeentes in Jerusalem.

AANBEVELINGS

6.4.1 Die beskrywingspunt is formeel ontvanklik.

6.4.2 Die beskrywingspunt word nie goedgekeur nie.

6.4.3 Die Sinode gee opdrag dat die SKK in sy antwoord aan gemeentes kortliks sal motiveer waarom 'n aansoek nie goedgekeur is nie.

Motivering:

Die kriteria vir aansoeke is vervat in die dokument S1 waarin om hulp aansoek gedoen kan word.

6.5 RING VAN MOOINOOI: SKRIBA VAN DIE SINODE

Die sinode besluit dat slegs een van die hulpskriba of skriba (in dié volgorde), van die vorige sinode as waarnemende skriba van die sinode dien totdat die sinode self 'n skriba en hulpskriba kies ooreenkomstig Kerkorde Artikel 41B.

Motivering:

1. Die gebruik van twee skribas wat tydelik aangewys word veroorsaak dat daardie skribas met baie hoë uitsondering altyd as skribas verkies word.
2. Die besluit om slegs een waarnemende skriba aan te wys sal die deur open vir groter openheid dat iemand anders as die aangewese skribas as skriba van die sinode verkies kan word.
3. Daar bestaan geen besluite deur vorige sinodes oor die saak nie. Dit is noodsaaklik dat 'n sinode hieroor uitsluitsel gee.
4. Hoewel daar bepaalde vaardighede van 'n skriba vereis word, help die feit dat een skriba van 'n vorige sinode wat as tydelike skriba aangewys word en waarskynlik verkies kan word, dat daar kontinuïteit van vaardighede is.

AANBEVELINGS

6.5.1 Die beskrywingspunt is formeel ontvanklik.

6.5.2 Die beskrywingspunt word nie goedgekeur nie.

Motivering:

Aangesien die verkiesing van die skribaat meestal eers aan die einde van die eerste sittingsdag of op die tweede sittingsdag afgehandel word, is dit nie sinvol om slegs een tydelike skriba aan te wys nie, aangesien dit die kontrole en korrektheid van die notule asook die vloei van die sinode gaan beïnvloed.

6.6 RING VAN OLIFANTSHOEK: SAMESMELTING VAN RINGE VAN GROBLERSHOOP EN OLIFANTSHOEK

Die Sinode besluit dat die Ring van Olifantshoek en die Ring van Groblershoop saamsmelt.

Motivering:

Daar is net 3 gemeentes in die Ring van Groblershoop wat effektief funksioneer, terwyl die Ring van Olifantshoek uit 4 gemeentes bestaan. Die 2 ringe sal baie beter funksioneer binne een ring.

AANBEVELINGS

6.6.1 Die beskrywingspunt is formeel ontvanklik

6.6.2 Die beskrywingspunt word goedgekeur.

7. BESWAARSKRIFTE

7.1 RING VAN KLERKSDORP: KOMMISSIE VIR KOMMISSIES

Beswaar teen 'n gebruik wat die sinode self as 'n gebruik aanvaar het nl., dat die Kommissie vir kommissies deur die SKK aangewys word.

Vorige besluit:

Sinodebesluit 1999, bl. 441, pt. 24.15.1: Die Sinode volstaan met die huidige gebruik dat die kommissie vir die samestelling van permanente kommissies aanbevelings oor die Sinodale Kommissies maak en die Sinode daaroor besluit.

Nuwe besluit:

Die Sinode besluit dat die Kommissie vir kommissies se lede en sameroeper deur die sinode self aangewys sal word op die openingsdag van die sinode, direk na die verkiesing van die voorsitter.

Die Sinode keur goed dat:
1. die samestelling van die Kommissie vir kommissies verander word en dat die sinode self die sameroeper asook die kommissie vir kommissies saamstel wat staande die Sinode konstitueer in 'n TKK om die sinode teen die einde van die sitting te bedien met 'n voorstel oor die samestelling van die permanente kommissies van die sinode,
2. en die Kerkorde uitgebrei word by punt 2, bl. 167, met "Samestelling van die Kommissie vir kommissies" en die "Samestelling van die kommissies van die sinode".

Motivering:

1. Die "gebruik" dat die SKK die kommissie vir kommissies aanwys, is in stryd met die gereformeerde kerkreg.
2. 'n Vergadering moet sy eie kommissies kies.
3. 'n Sinodale kommissie (SKK) kan nie vir die Sinode 'n kommissie aanwys nie.
4. Dit is nie as deel van die lasgewing van die SKK nie.
5. Die Kommissie vir kommissies het nie genoegsame wisseling op die permanente komissies teweeggebring tot op hede nie, in stryd met Sinodebesluit, 1993, bl. 258, pt 130 wat lui:

   Die Sinode dra dit aan die Kommissie vir Kommissies op om, met in agneming van die beginsel van kontinuïteit, ook te sorg vir genoegsame wisseling van die lede van permanente kommissies wanneer hulle die permanente kommissies indeel vir voorlegging aan die Sinode, met die doel dat daar in die toekoms geen kommissie sal wees wat elke keer uit presies dieselfde predikante of ouderlinge sal bestaan nie.

AANBEVELINGS

7.1.1 Die beswaarskrif is formeel ontvanklik.

7.1.2 Die beswaarskrif word nie gehandhaaf nie.

Motivering:

Die SKK wys nie die Kommissie vir kommissies aan nie, maar maak bloot aanbevelings aan die sinode in uitvoering van sy opdrag om die sinode te reël. Die Sinode het by die aanvang van sy vergadering die geleentheid om die SKK se voorstelle ten opsigte van tydelike kommissies te wysig. Die stelling dat daar nie genoegsame wisseling tot op hede plaasgevind het nie is vals.

8. VERSLAG VAN DIE BYBELGENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA (Bylae SKK6)

AANBEVELINGS

8.1 Daar word met waardering kennis geneem van die werk van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika en die Bybelgenootskap word opnuut verseker van die Kerk se voorbidding en ondersteuning.

8.2 Dank word uitgespreek teenoor alle kerke, kerklike instansies, sakeondernemings en individue wat die Bybelgenootskap ondersteun het.

8.3 Kerkrade word versoek om toe te sien dat Bybels by gemeentelike kolporteurs beskikbaar is.

8.4 Kerkrade word versoek om alles in hulle vermoë te doen om die bedrag wat deur die Bybelgenootskap benodig word om een Bybel bekostigbaar beskikbaar te stel (R50.00 vir 2017), jaarliks per lidmaat direk aan die Bybelgenootskap oor te betaal.

8.5 Sustersaksies, Verbondsonderriggroepe, sakeondernemings en individue word aangemoedig om by te dra vir Bybelverspreiding.

8.6 Kerke word aangemoedig om die Bybelgenootskap se promosiemateriaal en hulpmiddels, wat gratis by die Bybelgenootskap beskikbaar is, te gebruik om die Bybelgenootskap bekend te stel en fondse daarvoor in te samel.

8.7 Die Sinode neem met dank kennis dat 'n verdere bedrag van R17 000 (15/10/2014) bestee is aan Bybelverspreiding en R10 000 pj vir die afgelope twee jaar vir die Stap-vir-Bybels-projek geskenk is vanuit die fondse vir Bybelverspreiding.

8.8 Die Sinode besluit dat die Kuratorium 'n leraar se aansoek om behoud van status volgens Art. 17.3.1 gunstig moet oorweeg indien dit in die toekoms gebeur dat die Bybelgenootskap 'n leraarspos vir die AP kerkverband beskikbaar stel.

BYLAE SKK1

REISKOSTEVERSLAG VAN REISENDE LERAARS EN STUDENTE

Tydperk: 1 Januarie 2013 tot 31 Desember 2016

LERAAR/STUDENT	GEMEENTE BESOEK	MAAND	KOSTE
2013			**R**
H Jones	APK George	Mei	10,252.50
T Roos	APK Arnot-Hendrina	Mei	1,417.50
C Jooste	APK Gordonia/Kakamas/Pofadder	Mei	10,375.00
G Blom	APK Douglas	Mei	4,871.20
OG van Rooyen jr.	APK Wesmoot	Mei	4,000.00
L Kirstein	APK Standerton	Mei	2,820.00
			33,736.20
2014			
G Blom	APK Kathu	Mei	4,545.00
C Jooste	APK Piketberg	Mei	10,762.00
L Kirstein	APK Worcester	Mei	10,162.50
OG van Rooyen jr.	APK Harrismith	Mei	2,741.00
			28,210.50
2015			
R van As	APK Bloemfontein	April	4,367.56
N Hefer	APK Ermelo	Mei	1,784.00
J Brink	APK Olifantshoek	Mei	5,200.00
Ds. GCD Stoltz	Paraguay	Mei	18,902.16
L Kirstein	APK Nelspruit	Mei	2,926.00
C Jooste	APK Piketberg	Mei	12,448.00
OG van Rooyen jr.	APK Harrismith	Julie	2,910.00
Dr. JP Bezuidenhout	Gevangenis en hospitaalbesoeke		5,085.00
Ds. AC Jordaan	Kerkplanting – Pretoria Kruis		81,945.93
			135,568.65
2016			
J Brink	APK Petrusburg	Mei	4,549.00
N Hefer	APK Beaufort-Wes	Mei	8,000.00
L du Plessis	APK Calvinia	Mei	12,000.00
Prof. JAE Adendorff	APK Leonardville	Junie	9,377.38
Ds. A Nieuwhof	SKK Reisend	Nov/Des	54,502.20
Ds. AC Jordaan	Kerkplanting – Pretoria Kruis		7,250.90
			95,679.48

BYLAE SKK2

BEDIENINGSWERK - HULP AAN GEMEENTES GEDURENDE SINODALE TYDPERK

GEMEENTE	DATUM GESTIG	01/04/2013 - 31/03/2017 R	TOTALE HULP 6/'87-3/'17 R	% VAN TOTAAL
BARKLY-OOS/STEYNSBURG/ TARKASTAD/JAMESTOWN	8804/8803/ 9905/8807	710 114	2 908 384	28.0
BIESIESVLEI	8707	150 000	150 000	1.4
CALVINIA/HARDEVELD/ OLIFANTSRIVIER/SUTHERLAND	9011/9411/ 9107/8904	627 134	3 179 190	30.6
CARNARVON	8804	144 000	167 580	1.6
DEWETSDORP	8812	45 000	172 000	1.7
GRENS	9102	15 000	35 000	0.3
HARTBEESFONTEIN	8905	42 000	47 265	0.5
HARRISMITH	8707	72 883	72 883	0.7
KAKAMAS/POFADDER	9405	177 500	202 500	1.9
KEETMANSHOOP	8906	4 493	238 974	2.3
KROONSTAD	8711	102 000	102 000	1.0
LEBOMBO	8806	64 000	441 100	4.2
MAGALIESBURG	8906	15 000	15 000	
NELSPRUIT	8707	94 455	104 455	1.0
NEWCASTLE	8709	132 000	285 000	2.7
ORANIA	9107	30 000	75 970	0.7
PORT ELIZABETH	8709	195 000	480 083	4.6
RIVERSDAL	8708	60 000	236 000	2.3
SOMERSET-OOS	8709	24 000	173 686	1.7
UITENHAGE	8903	204 000	247 000	2.4
VANWYKSVLEI	9506	124 800	131 200	1.3
WELKOM/HENNENMAN	8711/8710	558 444	903 557	8.7
ZEERUST	8707	21 270	21 270	0.2
TOTAAL		**3 613 093**	**10 390 098**	**99.7**

BYLAE SKK3

OPROEP TOT DAG VAN VEROOTMOEDIGING
September 2013

Die Sentrale Kerkekommissie (SKK) het versoeke gekry om 'n landswye dag van verootmoediging te reël. Ons moet erken dat dit baie nodig is dat ons ons sondes moet erken en dit na God bring. Dit geld van elke lidmaat binne ons kerkverband, maar ook van kerkrade en gemeentes. Laat ons opnuut eerlik raak oor ons eie woorde, dade, gedagtes, gesindhede en versuim. En laat ons voor God kom buig met geskeurde harte en nie geskeurde klere nie.

Ons kan ons verootmoedig met die wete dat daar in Jesus Christus vergifnis is as ons ons sondes bely (1 Joh. 1:9). Laat ons daarmee saam glo dat God ons sal verhoor en ons land sal genees (2 Kron. 7:14). Laat ons daarom ook voorbidding doen vir hulle wat swaar kry onder die droogte wat op baie plekke krisisafmetings aanneem; vir ons boere wat onder groot druk geplaas word as gevolg van die sinnelose moorde, die arbeidsonrus en die onsekerheid rondom grondverdeling; vir baie mense wat vanweë werkloosheid hoop verloor het.

Die SKK wil daarom 'n versoek rig tot alle kerkrade om op Sondag 29 September 2013 ruimte te skep vir verootmoediging tydens die erediens.

U kan plaaslik reëlings tref soos u omstandighede vereis.

VERKLARING: AANSOEK OM PAROOL VAN MNR. CLIVE DERBY-LEWIS
Junie 2014

Die Sentrale Kerkekommissie (SKK) van die Afrikaanse Protestantse Kerk het met teësin kennis geneem van die gebeure rondom die parool aansoek van mnr. Clive Derby-Lewis.

Dit is vir enige denkende persoon duidelik dat ons hier met jakkalsdraaie te doen het. Die een verskoning na die ander word voorgehou waarom die saak nie afgehandel word nie, bv. 'n vorm wat kwansuis verkeerd ingevul is of familie wat deel moet word van die regsbeslissing. Wanneer mens dit vergelyk met die hantering van ander hooggeplaaste misdadigers soos die here Shaik en Celebe wat kort nadat hulle met hulle vonnisuitdiening begin het, vrygelaat is, spreek dit van 'n growwe onreg teenoor 'n persoon wat na twee dekades in die tronk sekerlik voldoende betaal het vir sy medepligtigheid aan die Hani-teregstelling.

Hierdie debakel openbaar net weer dat die regstelsel in ons land by tye erg onder verdenking staan. Dit laat die vraag ontstaan wie nou eintlik moet beslis oor wat reg of verkeerd is in sekere sake? Dit lyk nie of dit altyd die regslui is nie. Dit wat aan Clive Derby-Lewis gedoen word, spreek van onreg, dubbele standaarde en die triomftog van onreg in ons land.

Terwyl ons hieroor ontsteld is, moet ons nie toelaat dat dit ons tot moedeloosheid dryf nie. Ons weet dat alle magte moet buig voor die Een wat aan die kruis oor alle onreg oorwin het en uit die graf opgestaan het omdat die dood ook nie teen Hom staande kon bly nie.

Die SKK roep alle lidmate in ons kerkverband op om te bid dat Clive Derby-Lewis toegelaat sal word om na sy huis terug te keer. Hy het sy straf uitgedien en is geregtig om nou in vrede by sy gesin te wees. Laat ons bid vir Gaye, sy vrou, wat 'n moeilike eensame pad stap en haar kwota van onreg moet dra.

Ons doen 'n beroep op die betrokke regeringsinstansies om die parool van Clive Derby-Lewis goed te keur.

VERKLARING: GEEN PLEK VIR GOD IN SKOLE
4 September 2014

Die Sentrale Kerkekommissie (SKK) het kennis geneem van die organisasie onder leiding van Hans Pietersen wat ’n hofaansoek gebring het by die Hooggeregshof in Johannesburg om skole met ’n Christelike karakter en skole met Christelike gebruike te stop om dusdanige identiteit te handhaaf of te openbaar.

In die keuse van skole wat geteiken word deur hierdie groep, is dit duidelik dat dit vir hulle nie maar net bloot om ’n godsdienstige "suiwering" van skole gaan nie, maar dat dit ’n doelbewuste poging is om die Christelike geloof teen te staan.

Dit is onmoontlik vir enige wetenskap om sonder bepaalde voorveronderstellings te funksioneer. Indien Christus en die Woord vanuit skole verwyder word, word daar bloot ’n ander geloof (of ongeloof) as invalshoek in die plek daarvan gestel; só word humanisme of sekularisme die nuwe voorveronderstelling.

Met hierdie verklaring spreek die SKK sy sterkste afkeuring uit teenoor enige pogings om die stem van die Here binne die ruimte van kinderopvoeding stil te maak. Die Skolewet bepaal dat die beheer van die skool die verantwoordelikheid van die beheerliggaam van die skool is en dit hou in die bepaling van die godsdiensbeoefening.

Die SKK bely die Bybelse waarheid dat elke burger onder die gesag van die owerheid en howe staan as gesag wat aan hulle toegeken is. Hierdie gesag is egter beperkte gesag. Wanneer daar van ’n Christen enige iets verwag word wat strydig is met God, sy wil en sy Woord, is die eis van God die deurslaggewende. Daarom herinner ons ouers en kinders aan die geleentheid toe die Joodse Raad die stem van Christus in Jerusalem wou stilmaak. Hierop het Petrus geantwoord: Ons moet aan God meer gehoorsaam wees as aan die mense (Handeling 5:29).

Hierdie en sodanige aksies roep elke Christen egter ook tot nadenke. Christelike opvoeding vra meer as net opening met Skriflesing en gebed of Christelike liedere wat gesing word. Dit vra ook dat daar ’n diepgrondige deurleefdheid van die Bybelse beginsels in alle vakgebiede op skool sal wees, ook tydens pouse en op die sportveld. Daarom respekteer ons skole wat uitgesproke is oor hulle geloof en is dankbaar oor die Christelike simbole wat steeds gehandhaaf word.

Die SKK roep die kerk van Christus op om voorbidding te doen vir alle persone betrokke by hierdie saak. Hierdie hofaansoek lyk na niks anders nie as ’n fyn, subtiele, en berekende aanslag op die Naam van Christus Jesus.

VERKLARING: TLU SA SE BRIEWE AAN GWEDE MANTASHE EN DIE KOMMERSIËLE BOERE VAN SA
29 Julie 2015

Die trek van die streep

Die Transvaalse Landbou Unie het onlangs by monde van mnr. Louis Meintjies in 'n openbare brief sterk standpunt ingeneem teen die optrede van die regering insake die boere van ons land. Hierdie inmenging raak nie net die boer en sy voortbestaan nie, maar elke persoon wat elke dag kos op sy tafel het. Dit raak duisende werkers en hul afhanklikes, die ekonomie, die regering, en die rustige voortbestaan van veral die platteland met sy onrus wat na die stede gaan uitbrei. Die regering gaan die vrugte pluk van honger landsburgers en as die skrywe van mnr. Meintjies mooi gelees word, van boere wat genoeg gehad het.

Mnr. Meintjies stel dit duidelik dat daar sekere beginsels is wat staande moet bly vir die boer om suksesvol sy boerdery te bedryf. Die vryemarkstelsel, die erkenning van privaat besitreg, veiligheid en ander voor die hand liggende sake word deur die regering met allerlei systappe ondermyn. Die regering is duidelik in die greep van 'n bepaalde ideologie wat na vore kom in programme soos "regstellende aksie", "swart ekonomiese bemagtiging", en "transformasie". Tereg word die vraag aan boere gestel of hulle nog aan hierdie sake kan meewerk. Dit blyk tog onverantwoordelik te wees dat 'n mens meewerk aan jou eie en die land se ondergang.

Die skrywe roep die boere op om standpunt in te neem. Boere het van niemand grond gesteel nie en behandel hulle arbeiders goed. Hulle hoef nie deel te neem aan die regering se ondermynende propaganda teen die boer nie. Om gesonde beginsels om suksesvol te boer op te gee deur onderwerping aan dit wat die regering aanvang, is gewoon onwys.

Die openbare brief van mnr. Meintjies spreek nie net tot die hart van die boer nie; dit roer ook die harte van ons wat in die stede woon en ons kos elke dag in oorvloed geniet. Dit is so maklik om met oogklappe binne jou eie omstandighede te leef en nie begrip te ontwikkel vir die stryd waarmee ander mense in hulle beroepe te kampe het nie. Die genoemde skrywe verwoord egter baie kragtig wat ook stedelinge in die hart voel: Genoeg is genoeg en die streep moet getrek word.

Hierdie mening laat dadelik die vraag na vore tree oor die regverdigheid van verset teen die regering, want dit is waarop die skrywe afstuur. Dit is natuurlik nie 'n nuwe debat nie, want voor 1994 was dit druk onder bespreking en het die kerke met mekaar hieroor in debat gegaan. Natuurlik kan elke indiwidu nie sy geweer opneem en die reg in eie hande neem nie. Al was daar mense wat dit as oplossing gesien het, was dit nooit die AP Kerk se standpunt nie. In die debatte was die rigting wat deur Calvyn aangedui was as riglyn gevolg. Dit behels dat dat daar slegs onder leiding van "mindere magistrate" stelselmatig tot verset oorgegaan kan word. Ons staan by Artikel 36 van die Nederlandse Geloofsbelydenis dat God dit gewil het dat daar 'n owerheid moet wees wat ons deur goeie wette regeer. So word die goeie orde in die samelewing behou. Kwaaddoeners word gestraf en die wat goed doen word beskerm. Die staat moet dit moontlik maak dat die Woord van God vryelik verkondig word en daar moet teen afgodery en ander euwels gestry word. Ons aanvaar ons verantwoordelikheid om die staat te eer deur die wetgewing te gehoorsaam en ons belasting te betaal in soverre dit ons nie aan God ongehoorsaam maak nie. Op hierdie wyse erken ons die staat as instelling van God.

Die vraag is egter of die staat doen wat van hom as instelling van God verwag word? Dit verg tog nie veel om te besef dat die staat hierin klaaglik misluk nie. Die staat verwag van sy burgers om mee te doen aan 'n stelsel wat in sy doelstelling nie Bybels regverdigbaar is nie. Godsdiens moet byvoorbeeld toenemend uit alle openbare plekke

verwyder en bloot na die privaatruimte verskuif word. Om in so ’n klimaat te sien hoe plaasmoorde net voortgaan en hoe misdadigers meer regte as die slagoffers het, skreeu eenvoudig ten hemele. Om vals beskuldig en van jou eiendom ontneem te word kan tog nie die toets van enige regverdigheid deurstaan nie. Talle ander gevalle sou hierby gevoeg kon word as voorbeelde van wet en orde wat drasties versteur word.

Die skrywe van mnr. Meintjies het ’n ernstige boodskap vir elke boer maar maak ook ’n oproep aan elke gelowige in hierdie land. Kan ons toekyk en selfs meedoen daaraan dat God se genade so geminag word? Die bestuur van TLU SA het ’n dapper stap in die rigting van stelselmatige verset geneem en ons ondersteuning en gebede gaan met hulle. Calvyn se “mindere magistrate" in ons eie midde moet nie misgekyk word nie.

VERKLARING: DIE NG KERK SE BESLUIT OOR SELFDEGESLAGVERHOUDINGS

14 Oktober 2015

Die AP Kerk is nie verbaas oor die onlangse besluite van die NG Kerk rakende die erkenning van homoseksuele verhoudings nie. Tog het ons wel met diepe hartseer van die besluite kennis geneem.

Die nuwe besluite van die NG Kerk val nie uit die lug nie. Ons was dit te wagte, gegewe die onbeskaamde en eensydige wyse waarop sekere kerkleiers en media lankal reeds sonder gevolge hul siening gepropageer het. Daar is egter 'n dieper oorsaak as media-kanale wat van bepaalde leiers handige pionne gemaak het. Die NG Kerk se besluite wortel ten diepste in 'n hoogmoedige hantering van die Bybel wat hom nou al dekades lank in sy leersale voltrek. Dit is opvallend dat die onlangse besluite van meet af aan deur die meeste dosente van die NG Kerk se teologiese instellings ondersteun is. Talle sinodale besluite oor die Skrif en sy gesag het oor jare heen ook reeds die vermoede bevestig dat die NG Kerk nie meer onomwonde by die gereformeerde standpunt oor die Skrif as die geïnspireerde, duidelike, genoegsame en onfeilbare Woord van God staan nie. Stemme dat die Bybel nie Woord van God nie, maar eerder as woorde oor God gesien moet word, het al sterker opgeklink. Die konsekwensies hiervan kon nie uitbly nie en die polities-korrekte besluite oor homoseksuele verhoudings is die bewys daarvan. Dit behoort vir ons elkeen 'n waarskuwing te wees: Wanneer daar nie meer nederige onderwerping aan die Woord van God is nie, verander kerke vanaf termostate wat die temperatuur behoort te reguleer, na termometers wat bloot weergee wat reeds in die kultuur aan die gang is.

Ons treur oor die feit dat 'n eens gereformeerde kerk die duidelike boodskap van die Skrif oor die seksuele lewe van die mens verlaat het. Ons glo immers op grond van die Skrif die volgende rakende die saak:

- God het die mens as man en vrou geskep.
- Die huwelik as lewenslange verbintenis tussen een man en een vrou is die enigste ruimte wat God gegee het waarin die seksuele sy van die mens kan gedy.
- Wanneer die Bybel oor homoseksualiteit praat, is dit altyd in negatiewe terme. Die verweer dat die konteks aantoon dat losbandigheid die eintlike groot probleem was, oortuig glad nie. Dit is duidelik dat die homoseksuele dade self veroordeel word.
- Homoseksuele praktyke en homoseksuele verhoudings moet daarom as in stryd met die wil van God afgewys word.
- Mense wat teen homoseksuele gedrag in die krag van Christus worstel en dit nie wil uitleef nie, moet met groot empatie deur die kerk ondersteun en pastoraal begelei word.

Die nuwe besluit plaas die verhouding van die NG Kerk met die AP Kerk op 'n baie gespanne voet, aangesien die evangelie met die besluit in die gedrang kom. Daarom roep ons die NG Kerk op om haar van hierdie heillose weg te bekeer.

VERKLARING: IN DIE SPERVUUR VAN ONREG
Februarie 2016

Die Sentrale Kerkekommissie van die Afrikaanse Protestantse Kerk het kennis geneem van die onrusbarende gebeure by sekere universiteite. Die afgelope dae was die media oorlaai met berigte oor die onrus wat op kampusse heers. Foto's wys die onbeheerde optrede van verskeie groepe mense. Die onvermoë van die gesagsinstansies om die oproer te beheer, is kommerwekkend. Dat hierdie dinge mense met diepe onrus vul, is te verstane.

Daar is etlike sake wat 'n rol speel in die ontstaan van die omstandighede. Ons sou kon verwys na 'n regering wat 'n klimaat van onverdraagsaamheid skep deur hulle eie korrupte optrede en swak prestasies. Dubbelpratery deur universiteitsowerhede en diskriminerende optrede teen sekere studente, is genoeg aanmoediging vir baie om gewelddadig te raak. Die verbreking van ooreenkomste met organisasies help nie om rustigheid te skep nie, maar dui op verskuilde agendas. So kan seker nog persone bygevoeg word om hierdie onaanvaarbare optrede te verklaar.

Die persone wat egter die meeste spanning verduur, is daardie studente wat net wil studeer. Hulle het 'n doel vir hulself gestel en jaag dit na, maar word dit nie gegun nie. Hoe gaan iemand klas toe met dreigemente van aanranding as jy op die kampus loop? Hoe skryf 'n student eksamen as dit kort-kort ontwrig word? Hierdie studente is die eintlike slagoffers van 'n situasie wat soos 'n kruitvat langs 'n vuur dreig om heeltemal te ontplof.

Wanneer ouers dan tot hierdie stryd toetree, is dit te verwagte en te verstane. Hulle moet immers die rekeninge betaal en word eenvoudig gedwarsboom in hul opvoedingstaak deur hierdie kriminaliteite. Dit is te verstane dat studente mekaar te hulp sal snel waar hulle vriende benadeel word. Die spanning wat die toestand op elkeen van ons plaas, is skrikwekkend en dit bly 'n uitdaging om dit reg te bestuur. Genadiglik beskik die Here ook ander alternatiewe, soos die Afrikaanse Protestantse Akademie, waar studente sonder ontwrigting oor taalkwessies, onbeskaamd in Afrikaans onderrig ontvang.

Dit is duidelik dat almal betrokke opgeroep moet word tot liefde en verdraagsaamheid. Waar die Woord van God die pad aandui sal oplossings gevind kan word. Waar die Woord nie aanvaar word nie, dien Bybelse optrede dan tot 'n getuienis vir alle betrokkenes, ook hulle wat dalk ongelowig is. In Mt. 11 lees ons dat Jesus Christus ons oproep om sy juk op ons te neem en van Horn te leer wat sagmoedigheid en nederigheid is. Dit mag dalk klink na 'n uitweg wat net deur mense sonder durf gekies sal word. Mense wat nie kans sien om die situasie in die oe te kyk en daadkragtig op te tree nie.

Hierdie oproep tot gelowiges is inderwaarheid baie moeiliker as om geweld met geweld en onreg met onreg aan te spreek. Die juk wat Jesus gedra het, was om die sonde van die mens op Hom te neem en sy antwoord op al die onreg en haat wat Hy moes verduur, was genade en liefde. Hy het sondaars opgesoek en aan hulle vergifnis geskenk. Die las wat Hy op ons lê, is om sy genade en liefde uit te leef. Dit beteken nie 'n lafhartigheid in die lig van uitdagings nie. Dit is nie 'n aanvaarding van onreg sonder meer nie. In dieselfde hoofstuk in Mattheus sê Jesus dat die oordeel nie sal uitbly oor diegene wat nie glo nie. Die oordeel kom Hom toe en dit sal nooit ontduik word deur diegene wat volhard in hulle onreg nie. Uiteindelik is dit alleen die geloof in 'n God aan wie die wraak toekom, wat ons verhoed om kwaad met kwaad te vergeld.

Terwyl ons moet erken dat ons woede gevaarlike hoe vlakke bereik, moet ons nie self oorgaan tot sonde nie. Nou moet ons met nugterheid optree en veral ons ware studente aan die Here opdra sodat hulle die juk van genade en liefde te midde van gewelddadige provokasie sal kan dra.

VERKLARING: DIE NHKA SE BESLUIT OOR SELFDEGESLAGVERHOUDINGS
17 Oktober 2016

Na die besluit van die NG Kerk oor selfdegeslagverhoudings, was daar met belangstelling uitgesien na die Algemene Kerkvergadering van die NHKA aangesien dit 'n geleentheid gebied het om die evangelie suiwer te laat spreek oor hierdie saak. Helaas het dit nie gebeur nie. Die Afrikaanse Protestantse Kerk neem met hartseer kennis van die feit dat die NHKA nie die geleentheid benut het om 'n Skrifgetroue standpunt oor die saak die wêreld in te stuur nie.

'n Besluit soos wat geneem is, getuig van oppervlakkige en sentimentele beredenering aangaande die waarhede van die Skrif waarin behoorlike teologiese begronding ontbreek. Die dieperliggende oorsaak hiervan is dat die Skrif nie meer beskou word as die Woord van God waardeur Hy sy heerskappy in sy kinders se lewens uitoefen nie. Die mens en sy ervaringe word die norm vir die verstaan van die Skrif. Die teendeel behoort eerder waar te wees aangesien gelowiges altyd voor die gesag van die Skrif behoort te buig. Ons bely immers dat die Woord deur God geïnspireer, duidelik, genoegsaam en onfeilbaar is (vgl. N.Gb. Art. 5 en 7).

Wanneer die NHKA in hulle besluit verklaar dat "elkeen in terme van sy of haar gewete en verstaan van die Bybel daarmee handel", ontbloot dit die feit dat die Bybel ondergeskik gestel word aan die mens se behoeftes en begeertes, met die gevolg dat die tydsgees en die praxis van die samelewing die besluite, asook die Skrifverklaring van die kerk beheers. Dit laat die vraag ontstaan of die NHKA, wat hierdie saak betref, nie sy roeping om suurdeeg en lig in die wêreld te wees, versaak het nie.

Die Bybel praat altyd oor homoseksualiteit in negatiewe terme. Die verweer dat die konteks aantoon dat losbandigheid die eintlike groot probleem was, oortuig glad nie. Dit is duidelik dat die homoseksuele dade self veroordeel word. Homoseksuele praktyke en homoseksuele verhoudings moet daarom as in stryd met die wil van God afgewys word. Mense wat teen homoseksuele gedrag in die krag van Christus worstel en dit nie wil uitleef nie, moet met groot empatie deur die kerk ondersteun en pastoraal begelei word. In die gees van die Reformasie roep die AP Kerk die NHKA op om in geloofsgehoorsaamheid met volle oorgawe te protesteer teen die sonde, eerder as om ruimte daarvoor te skep.

Die besluit van die NHKA aangaande selfdegeslagverhoudings plaas baie spanning op samewerking tussen die AP Kerk en die NHKA aangesien die evangelie besig is om in die gedrang te kom.

Die AP Kerk wil gelowiges aanspoor om opnuut die koningskap van Christus en die heerskappy van God te erken deur voortdurend bewustelik 'n keuse vir die waarheid van God se Woord te maak en dit vreesloos uit te leef (Efés. 6:14). Laat ons nie liefdeloos en genadeloos in ons liefde vir sondaars wees nie, maar voortdurend oproep tot bekering en die erkenning van sonde.

VERKLARING: PREVENTION AND COMBATING OF HATE CRIMES SPEECH BILL – NOTICE 698 of 2016

17 November 2016

The Central Committee of the *Afrikaanse Protestantse Kerk*, took notice of the Bill and must respond to it.

The time given to respond is very short and a majority of people will not be able to respond as they will not have the time to read the proposed Bill. This is in itself reason to doubt the Bill as a whole.

As a church our cornerstone is Jesus Christ as He present Himself to us in the Bible. Because of that we except the constitution. We cannot accept a Bill that is trying to criminalize our believes.

To differ from people is not to hate people, for example, we do not hate people if their sexual orientation is in our view a sin. We still love them without condoning their actions. The question arises as to WHO will determine what is hate crimes or hate speech? This Bill is degrading our religion to the personal opinion of an individual. As Christians we will not alter our believes about what the Bible teaches, about what sin is and what it is not. Our religion is the main reason why we can love people even if we have differences. With this Bill our Christian values are disregarded and placed in the hands of people WHO are not in a position to evaluate the Bible. We can only see in this Bill a hate crime against Christianity.

It is a question WHO are the people to educate the nation on hate crimes and hate speech. What are the norm for that teachings. For us it is the Bible that form the cornerstone for relationships with others and the constitution in general.

We thank you for this opportunity but ask you to extend the time for responding to the Bill.

VERKLARING: DIE NG KERK SE NUWE BESLUIT OOR SELFDEGESLAGVERHOUDINGS

24 November 2016

Die AP Kerk reageer met versigtigheid oor die NG Kerk se besluite oor selfdegeslagverhoudings soos geneem op sy buitengewone Algemene Sinode van 7 - 10 November 2016. Hierdie versigtigheid spruit veral vanuit die bewoording van 3.1 van die besluit wat lui dat *(die kerk) altyd soekend moet bly na die waarheid van die evangelie tussen veelvuldige stemme en in 'n stukkende wêreld.* Dit is kommerwekkend dat die postmodernistiese tydsgees so 'n houvas op ons gekry het, dat selfs die "waarheid van die evangelie" nie meer seker is nie, maar iets is waarna ons moet "soek". Die "waarheid van die evangelie" is nie onduidelik oor hierdie saak nie. Dit lyk egter asof die NG Kerk die besluit weer eens so akkommoderend en gevolglik vaag as moontlik geformuleer het.

Aan die een kant kan die besluit geïnterpreteer word as 'n bevestiging van Bybelse waarhede in verband met seksualiteit en die huwelik. Hiervolgens word seksuele omgang tussen persone van die teenoorgestelde geslag beperk tot die huwelik as instelling van God tussen een man en een vrou. Enige seksuele verhouding van mense met dieselfde geslag, word dus hierdeur afgewys. Al word die realiteit van selfdegeslagverhoudings erken as 'n gegewe, word dit nie goedgekeur nie. Lidmate wat Christus bely (en gevolglik hulle sonde, ook die van homoseksualisme) kan as ongesensureerde lidmate tot die ampte toegelaat word.

Aan die ander kant kan die besluit ook geïnterpreteer word as 'n besluit wat steeds ruimte laat vir persone wat hulle seksualiteit binne 'n homoseksuele verhouding wil uitleef. Hoewel die huwelik as instelling tussen man en vrou herbevestig word, word homoseksualisme nêrens pertinent as sonde veroordeel nie. Na aanleiding van ds. Nelis Janse van Rensburg se verduideliking oor die betekenis van die besluit, is dit duidelik dat lidmate wat in selfdegeslagverhoudings staan, nie noodwendig onder sensuur geplaas sal word nie. "Gay" dominees sal ook nie die kansel geweier word nie. Al wat belangrik is, is dat hulle nie 'n seksuele verhouding buite die huwelik mag hê nie. Dit word ook bevestig deur 4.7 van die besluit wat lui dat enige iemand, *ongeag seksuele oriëntasie, 'n volwaardige lidmaat van die kerk is en as sodanig as ongesensureerde lidmaat volle toegang het tot al die ampte in die kerk.* Die feit dat gemeentes wat anders voel, self oor die saak kan besluit, laat ruimte vir gemeentes om hulle nie te hou by die 2016 besluit nie, maar in wese by die 2015-besluit te bly.

Indien eersgenoemde die korrekte interpretasie van die NG Kerk se besluit is en so deur gemeentes geïmplementeer gaan word, kan met groot dank van hierdie besluit kennis geneem word. Indien laasgenoemde interpretasie egter die korrekte is, soos blyk uit ds. Janse van Rensburg se verduideliking, laat dit die rooi ligte net nog helderder flikker. Dit sou beteken dat die enigste wesentlike veranderings tussen die 2015- en 2016-besluit is dat die kerk nou nie meer verbintenisse tussen persone van dieselfde geslag gaan behartig nie en dat ampsdraers met 'n aangetrokkenheid tot dieselfde geslag, selibaat moet bly, maar nie noodwendig hul sienings of aangetrokkenheid tot dieselfde geslag as sonde hoef te bely nie.

Hoewel die NG Kerk dit duidelik maak dat hulle skeuring ten alle koste wil verhoed, het die verdeeldheid wat hierdie saak veroorsaak die kerk so versplinter dat die NG Kerk in wese reeds verskeurd is. Om in naam een te wees, maar in belydenis oor kernsake lynreg teenoor mekaar te staan, maak 'n bespotting van die Christelike eenheid ! Die vae bewoording van hierdie besluit, die onwilligheid om die sonde aan die kaak te stel en die huiwerigheid om die Skrif duidelik te laat spreek, gaan gelowiges meer skade berokken as goed doen.

BYLAE SKK4

GROETEBOODSKAPPE ONTVANG

Ek groet u met die woorde van Efes 1 :1 b - 2: Aan almal in die Afrikaanse Protestantse Kerk wat aan God behoort en in Christus Jesus glo. Genade en vrede vir julle van God ons Vader en die Here Jesus Christus!

Dit is vir my 'n voorreg om namens die NG Kerk Vrystaat 'n groeteboodskap aan u te rig in 2017 - die jaar waarin u as kerkverband u dertigste verjaarsdag en die kerke wat gebore is uit die Hervorming, Reformasie-500 vier. Die vieringe vind plaas in waarskynlik van die mees stormagtige en onseker tye in ons onderskeie kerke en ons land se geskiedenis. In Suid-Afrika en oor die wereld heen is daar ook van binne en buite die kerk 'n geweldige aanslag teen die kerk en evangelie van die Here Jesus Christus. Dit stel ons voor enorme uitdagings om, te midde van dit alles, steeds gehoorsaam te bly aan die laaste opdrag van die Hoof van die kerk: Gaan na al die nasies toe en maak die mense my dissipels .... .leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het (Matt 28: 19 en 20). Ons doen dit met die oortuiging dat alleenlik deur die genadige ingryping van die Drie-enige God, die gevalle mens en 'n stukkende wereld heelgemaak kan word.

Met groot dankbaarheid teenoor die Here kyk ons saam met u terug oor 30 jaar: u groei vanaf 113 gemeentes tydens u eerste Sinode tot die huidige 212 gemeentes met hulle 26 000+ belydende- en 6 000+ dooplidmate. Ons het ook met blydskap verneem van u 7 gemeentes in Namibië, 1 gemeente in London, en die bedieninge in Zambië en Botswana.

Ons gebed is dat u Vyftiende Sinode en die Afrikaanse Protestantse Kerk in geheel getrou en onbeskaamd sal vashou aan die vyf beginsels van die Reformasie:

- **Sola Scriptura** - alleen die Skrif. Die Skrif as die heilige en onfeilbare Woord van God en, soos uitgedruk in die Formuliere van Eenheid, is die basis en norm van alle besprekings en besluite, en is die boodskap wat bedien en verkondig word aan lidmate en die wereld. Die hele Skrif is immers deur Hom geïnspireer en bied alles wat nodig is om Hom en sy wil te ken, verlos te word en as verlostes te lewe (2 Tim 3:16 - 17).
- **Solus Christus** - alleen Christus. Deur sy kruisdood en opstanding is die Here Jesus Christus die enigste weg, die waarheid en die lewe. Niemand kom na die Vader behalwe deur Hom nie (Joh 14:6).
- **Sola Gratia** - alleen genade. Slegs uit genade skenk die Here vergifnis van sonde, verlossing en die ewige lewe - regverdigmaking, heiligmaking en verheerliking. Ons kan dit deur geen optrede of daad van ons kant verdien of bewerkstellig nie.
  Sola Fide - alleen geloof. Ons kan die genade in Christus net deelagtig word deur geloof (ware kennis en vaste vertroue) wat God deur sy Woord en Gees aan ons skenk.
- **Soli Deo Gloria** - alleen aan God die eer. Hy alleen is die hoogste sin en doel in ons bestaan. Hy is die Een wat verheerlik meet word in en deur u Sinode, in elke gemeente, en in die lewe van elke lidmaat in alles wat elkeen dink, sê en doen (1 Kor 10:31).

Wanneer ons te midde van talle vrae saam wonder oor die toekoms van die kerk, word ons bemoedig met die woorde uit ’n lied van die Hervormer, Martin Luther. Hy het in 1526 en 1527 self deur baie diep waters gegaan. Pessiekte het Wittenburg lamgelê, baie van sy vriende is afgemaai, hy is self getref deur nier- en hartmoeilikheid sodat hy oortuig was dat hy ook sou sterf. Hy het die dinge aangevoel as aanvegtinge van die duiwel self en daarom het God as ’n toevlug in nood vir hom nuwe betekenis gekry. Sy lied "Ein feste Burg", het toe ontstaan uit sy behoefte om hierdie groot Bybelse waarheid te verkondig:

’n Vaste burg is onse God,
ons skuil in Hom, die sterke.
Hy is ’n vesting in die nood –
vir ewig staan sy werke.
Al kom die Bose aan
in sy oorwinnaarswaan,
ons weet by al sy lis,
sy lot is reeds beslis -
God self stel aan hom perke.

Gods Woord hou stand in ewigheid,
geen mag kan dit laat wyk nie!
Beef, Satan, God voer hier ons stryd;
sy trou sal nooit beswyk nie!
Al eis jy dan ons goed,
ons dierbares, ons bloed:
dit bring jou geen gewin -
ons gaan die hemel in,
jy roof ons nooit Gods ryk nie (Ges 217: 1 en 4)

Wees verseker van ons voorbidding vir u Sinode en elkeen in die Afrikaanse Protestantse Kerk. Mag u die Here se wysheid en bystand ervaar in elke saak op u agenda en mag u besluite bydra tot die opbou en uitbou van God se koninkryk en kerk - Soli Deo Gloria!

Helgard M Janse van Rensburg (ds)
Voorsitter: Moderamen
31 Mei 2017

• Tel: +27 (0) 58 8210112 | Faks: +27 (0) 86 274 3872 | E-pos: helgardjvrensburg@vodamail.co.za | Posbus 22 | Villiers 9840

GEREFORMEERDE PROTESTANTSE KERK BRAKPAN

Leraar:
Ds. BJ Hefer
082 342 3091
heferbj@gmail.com

Posbus 8513, Minnebron, 1549

Kassier:
J W Nortier
011 743-2122

GROETEBOODSKAP AAN DIE AP KERKVERBAND SINODE

Medebroers in ons gemeenskaplike geloof,

Ons groet julle in die Naam van die Vader wat ons liefhet, en die Seun wat vir ons gesterf het en die Heilige Gees wat ons lei in die waarheid: Genade en vrede vir julle.

Broers, Christus het vir Homself ’n groot kudde deur sy bloed aan die kruis verkry. Oor hierdie kudde het Hy onder andere julle as opsieners aangestel om hulle te voed met die waarheid en te verdedig teen die leuen (Hand. 20:28). Julle taak is voor julle, soos die apostel Petrus dit stel: “*Hou as herders opsig oor die kudde van God wat onder julle is, nie uit dwang nie, maar gewillig; nie om vuil gewin nie, maar met bereidwilligheid; ook nie as heersers oor die erfdeel nie, maar as voorbeelde vir die kudde*.” (1 Pet 5:2-3)

Daarom bid ons dat God, ons Verlosser, julle in hierdie vergadering:

- met wysheid en insig sal seën, sodat julle die kudde wat onder julle sorg gestel is, reg kan lei volgens die Woord van ons Here.
- sal seën met ’n gees van eensgesindheid, een in liefde, een van siel en een van sin (Fil. 2:2)
- sal beskerm teen die aanslae van die bose, en dat die eer van Christus sal seëvier.

Mag die genade van ons Here Jesus Christus en die liefde van God ons Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees met julle wees. Amen.

Ds. BJ Hefer
Namens die kerkraad en gemeente van die Gereformeerde Protestantse Kerk Brakpan.

Gert Potgieterstraat 537
Garsfontein
0081
Posbus 74544
Lynnwoodrif
0040
Tel: 012 361 5793
012 361 7810
Faks: 086 626 7038
e-pos: admin1@bcvo.co.za

(Maatskappy Registrasienommer: 1996/002281/08)
MSW: 031-710
Calvinisties-gereformeerde Onderwys binne Verbonds- en volksverband.

31 Mei 2017

Ons leef tans in 'n baie onseker tyd en wêreld. 'n Tyd waar alles wat reg en waar is bevraagteken word of moet aanpas dat ons tog net nie iemand aanstoot gee nie. 'n Verbruikersmentaliteit veroorsaak dat almal na kitsoplossings hunker en inligting tog net nie te moeilik of te veel moet wees nie, eintlik melkkos, want vaste kos verteer te moeilik.
Die onsekerhede en probleme in die samelewing bring verwarring en verdere onsekerheid. Politieke onstabiliteit het op elkeen 'n invloed, want geweld is nie meer net 'n nuusberig van onbekendes nie, maar reeds 'n ervaring vir baie van ons of van dié naby ons. Al hierdie faktore het 'n invloed op die onderwys, op ons kinders, dus op die toekoms en veroorsaak dat mense moedverloor en hooploos leef.

As ons egter terugkyk, besef ons dat daar eintlik maar nog altyd meer uitdagings was as wat ons besef of onthou. Ons kan dan nie anders as om uit te roep: "O Heer my God, hoe groot is U!" nie. Hoe groot is God dat die Afrikaanse Protestantse kerke in kerkverband reeds 30 jaar 'n verskil in so baie mense, gemeenskappe se lewens kon maak. Mag u die toekoms met entoesiasme, geloofsmoed en vertroue tegemoet gaan; al die uitdagings van ons tyd aanvaar en 'n besliste bydrae lewer in belang van die kerk, samelewing en die koninkryk van God.

Die skool is 'n verlengstuk van die ouerhuis, ook van die kerk. CVO skole wil steeds met u hande vat om ouers se hande in die lug te help hou en hulle by te staan in die onderrig van hulle kinders en nakoming van hulle Verbondsbelofte. Dit is ook ons verantwoordelikheid om sterk te staan vir dit wat reg is en nie deur die massa meegesleur te word op die gewildheidsbaan nie. Ons wil graag help en 'n bydrae maak tot die bouwerk wat u doen om lidmate as lewende stene ingebou te kry in die geestelike huis. Laat ons handevat en erns bly maak met die kinders wat die Here aan ons toevertrou. Laat ons ook meewerk om hoop te bring in die hooplose tyd deur styf vas te hou aan die Bybel as enigste Waarheid. Baie dankie vir u ondersteuning aan die skole.

Ons bid u die ryke seën van God toe met die Vyftiende Sinode. Mag u wysheid en insig kry om die regte besluite te neem tot eer van God. Mag u getrou wees en bly aan u leuse om in alles te alle tye 'n helder lig in die duisternis te wees.

Vriendelike groete

L. VAN WYK
UITVOERENDE HOOF

Jamesrylaan 194
Posbus 912-51
SILVERTON
0127

Tel.: (012) 804-8031
Faks: (012) 804-2014
E-pos: info@tlu.co.za
Web: www.tlu.co.za

194 James Avenue
PO Box 912-51
SILVERTON
0127

Tel.: (012) 804-8031
Fax: (012) 804-2014
E-mail: info@tlu.co.za:
Web: www.tlu.co.za

Groeteboodskap van TLU SA

Om in enige struktuur 'n sekere bestaanstyd te herdenk bring altyd geleentheid om 'n oomblik stil te staan en terugskouend dinge te ontleed, maar dan dit wat daaruit geleer is toe te pas vir die toekoms. Vanjaar herdenk Protestantse, Calvinistiese, gereformeerde Christene die Reformasie wat 500 jaar gelede plaasgevind het met Martin Luther se standpuntinname oor bepaalde dwalinge van die kerk van toe wat nie Skriftuurlik was nie. Dit was die fondament vir ons as Christene waarop ons vandag voortbou om daarna te streef om 'n ware kerk te wees.

Vanuit daardie strewe om Skrifgebonde te wees het die Afrikaanse Protestantse Kerk 30 jaar gelede sy ontstaan gehad. Die goue draad van die evangelie, naamlik uit genade alleen en deur die soenverdienste van Jesus Christus kan ons die ewige lewe beërwe nie en daarom lei ons 'n dankbaarheidslewe tot eer van God, is deurlopend suiwer in die APK verkondig.

Dit is 'n voorreg vir TLU SA om 'n groeteboodskap te rig tot die AP Kerk en wil ons dit ook graag doen. Vir ons as landbouers is die Woord van God daagliks ons rigsnoer in ons keusemaking. Daarom meld ons ook in ons grondwet dat ons ons absolute afhanklikheid van God Drie-enig bely soos geopenbaar in Sy Woord. Die kultuuropdrag soos vervat in Génesis 1:28 en Génesis 2:15 het 'n direkte verband met die landbouers in hul taak en verantwoordelikheid vir die toekoms. Dit bring 'n bepaalde kultuurverbintenis en ook 'n lotsverbondenheid wat op elk 'n bepaalde verantwoordelikheid plaas. As Christen is ons dus elkeen 'n kultuurdraer wat daagliks skep vir die toekoms. Dit behoort volgens die Woord van God te geskied. As sondaars is alles wat ons skep ongelukkig nie iets wat met trots nagelaat behoort te word vir ons nageslag nie. Dit is met dankbaarheid dat daar kennis geneem word van die handelinge van die kerk om juis die suiwer pad te verkondig.

Die omstandighede in Suid-Afrika en spesifiek die landbou-omgewing is tans baie onseker. Buiten groot wispelturigheid in die klimatologiese omstandighede wat die laaste paar jaar verskeie landbouers ernstig finansieel geknou het, is ons ook vasgevang in 'n baie onseker beleidsomgewing wat vir enige grondeienaar meer vrae as antwoorde bring.

Met 'n bevolking in Suid-Afrika wat reeds meer as 66% verstedelik het, is die kommersiële boere wat help om kos op die tafel te sit seker die grootste bate wat ons land het. Dit is net ironies dat dit oral in die wêreld, buiten by die Suid-Afrikaanse regering, besef word.

TLU SA wil graag baie dankie sê aan die kerk in die algemeen, maar dan ook spesifiek vir die APK vir die bystand en ondersteuning wat ons deurlopend ervaar in die onderskeie gemeentes. Ons as landbouers weet en besef daagliks dat ons geloof die enigste fondament is wat onwrikbaar staan.

TLU SA is vanjaar 120 jaar oud, die Reformasie het 500 jaar gelede plaasgevind en die APK is 30 jaar oud. Ons kan heeltyd terugkyk en die geskiedenis weer en weer probeer herleef of

ons kan toekomsgerig, skeppend ons oog op die Here hou en in vertroue bou om vir die nageslag ’n trotse geskiedenis na te laat.

Mag die APK steeds voortbou op die pad waarmee daar die eerste 30 jaar gekom is. Mag die lig wat uitgestraal word altyd Skrifgebonde wees, want dan word die saad wat gesaai word korrek met kunsmis en water behandel om ’n groot oes te verseker. Die tye waarin ons leef kan maklik ’n moedeloosheid teweegbring en daarom is dit vir ons almal belangrik om vas te hou aan die Waarheid en nooit ’n beginsel te laat gaan nie. Deur dit te doen is ons reeds oorwinnaars deur Christus wat vir ons aan die kruis gesterf het.

Mnr. Bennie van Zyl

BYLAE SKK5

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK EMERITUSHULPFONDS

Tydperk: 1 Januarie 2013 tot 31 Desember 2016

	R
2013	
Balans op 01/01/2013	1,641,934.17
Tel by:	
Beleggingsinkomste vir die jaar	122,994.19
Bydrae ontvang gedurende die jaar	35,255.70
Trek af:	
Hulp verleen aan leraars	(48,000.00)
Balans op 31/12/2013	1,752,184.06
2014	
Balans op 01/01/2014	1,752,184.06
Tel by:	
Beleggingsinkomste vir die jaar	133,222.81
Bydrae ontvang gedurende die jaar	21,468.60
Balans op 31/12/2014	1,906,875.47
2015	
Balans op 01/01/2015	1,906,875.47
Tel by:	
Beleggingsinkomste vir die jaar	162,537.66
Bydrae ontvang gedurende die jaar	18,810.00
Balans op 31/12/2015	2,088,223.13
2016	
Balans op 01/01/2016	2,088,223.13
Tel by:	
Beleggingsinkomste vir die jaar	108,566.30
Bydrae ontvang gedurende die jaar	25,051.00
Trek af:	
Hulp verleen aan leraars	(55,000.00)
Balans op 31/12/2016	**2,166,840.43**

BYLAE SKK6

BYBELGENOOTSKAP VAN SUID-AFRIKA

Eerwaarde Voorsitter,

1. INLEIDING

Dit is my aangename voorreg om namens die Organiserende Sekretarisse van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika (BSA) wat die Afrikaanse Protestantse Kerk (AP Kerk) in die verskillende streke van die land bedien, kortliks verslag te doen oor die werksaamhede van die BSA en die AP Kerk se betrokkenheid daarby vir die tydperk 1 Januarie 2013 tot 31 Desember 2016. Aangesien ek reeds aan die einde van April geëmeriteer het en aan die einde van November uit die voltydse diens van die BSA tree, is hierdie verslag my laaste aan die Sinode.

Groot dank word hiermee weereens uitgespreek teenoor die medewerkers vanuit die AP Kerk wat die BSA gedurende die afgelope vier jaar lojaal ondersteun het in ons taak om bekostigbare Bybels in bruikbare formate aan al die mense van ons land in hulle moedertaal beskikbaar te stel. Die volgende verdien spesiale vermelding: Bybelvertalers, verteenwoordigers in komitees van die BSA, kerkrade, sustersaksies, verbondsonderriggroepe, individue en besighede.

Opregte dank word ook betuig teenoor al die ringsvergaderings wat ons gedurende die verslagtydperk ontvang en toegelaat het om namens die BSA op te tree. ’n Besondere woord van dank aan die kerke wat aan ons die geleentheid gebied het om die Woord te bedien en die BSA en sy werksaamhede met lidmate bekend te stel ná afloop van eredienste. Daar is groot waardering vir die hartlikheid waarmee ons telkens ontvang is en groot dankbaarheid vir die tyd wat vir ons ingeruim is.

2. WERKSAAMHEDE VAN DIE BYBELGENOOTSKAP

2.1 TERUGBLIK

’n Terugblik op die werksaamhede van die BSA in die jare 2013 tot 2016 bevestig dat God weereens vir die BSA goed was. Gedurende hierdie tydperk is net meer as 3,74 miljoen volledige gedrukte Bybels versprei, waarvan ongeveer 75% Standaard- en Uitreikbybels was. Meer as 1,5 miljoen weergawes van die Bybel is gratis op selfone afgelaai. Enkele hoogtepunte verdien om uitgesonder te word: die uiters suksesvolle bekendstelling en vestiging van die Bybelgebaseerde Geletterdheids-program; die verskyning van die proefuitgawe van die *Nuwe Testament en Psalms: ’n Direkte Vertaling* waarmee die BSA op versoek van die Afrikaanssprekende kerke wil beantwoord aan die behoefte vir ’n goed verstaanbare vertaling wat sterker aansluit by die bronteks, en ’n gewysigde Akte van Oprigting om onder meer voorsiening te maak vir meer direkte kerklike verteenwoordiging in die Algemene Jaarvergadering van die BSA. Verskeie vertalingsprojekte het goeie vordering getoon; talle nuwe produkte het verskyn en die inkomste van die BSA het weer bestendige groei getoon.

Ds. GS (Gerrit) Kritzinger het aan die einde van 2014 die tuig as Uitvoerende Hoof van die BSA neergelê en ds. DT (Dirk) Gevers, voormalige Streekhoof van Kwazulu-Natal, is deur die Algemene Jaarvergadering in sy plek aangewys. Ds. Gevers is predikant van die *Uniting Presbyterian Church in South Africa*.

2.2 VERTALING

Die BSA is verantwoordelik vir die voorsiening van die Bybel in al die tale van ons land. Vir hierdie doel moet die Bybel gesaghebbend uit die grondtale vertaal word.

Die volgende vertalingsprojekte het onder meer gedurende die verslagtydperk aandag geniet:

2.2.1 Afrikaans: Die Bybel: 'n Direkte vertaling (BDV)

Die vertalingsprojek *Die Bybel: 'n Direkte Vertaling* (BDV), waaraan die AP Kerk ook deelneem, vorder goed onder die leiding van prof. Bernard Combrink. Daar is 142 eksegete, brontaalkenners en Afrikaanse taal- en letterkundiges, asook 64 kerklike lesers betrokke by die projek. Die Nuwe Testament is 100% voltooi tot aan die einde van fase drie (die fase waarin die kommentaar deur die kerklike lesers oorweeg en die vertaling aangepas word) en is beskikbaar op die webwerf www.bybeldirektevertaling.co.za. Die Ou Testament is 83% voltooi in fase twee. Daar word beoog om die vertalingsproses teen die einde van 2020 af te handel.

Die Redaksionele Komitees is bewus van kerklike lesers se reaksie op die gebruik van sommige leenwoorde in die BDV. In 'n poging om o.m. hierdie reaksies te toets, is gedeeltes uit die BDV, wat sommige van die leenwoorde bevat waaroor gekla word, in die verslagjaar oor 'n tydperk van agt maande oor Radio Kaapse Kansel voorgelees. Luisteraars kon via teksboodskapper kommentaar lewer. Dit is interessant dat daar feitlik geen reaksie hierop was nie.

2.2.2 Engelse Bybel vir Dowes

Hierdie projek, met dr. R Hough as projekleier, is op 31 Augustus 2011 geloods en daar word beoog om die vertalingsproses aan die einde van 2018 af te handel. Die twee Engelse taalkundiges het reeds die Ou Testament en Nuwe Testament deurgewerk en die inleidings tot die Bybelboeke, voetnote, tekeninge en brugmateriaal geniet tans aandag. Die terugvoer van die dowe kerklike lesers oor die boeke wat reeds voltooi is, is baie positief.

2.2.3 IsiZulu Bybelvertalingsprojek

Hierdie projek is op 31 Augustus 2009 geloods en behoort teen einde 2018 afgehandel te wees. Die basiese vertaling van al die Bybelboeke is gedoen en die Hersieningskomitee is tans besig met die hersiening van die tekste. Die komitee bestaan uit hoogsgekwalifiseerde isiZulu moedertaalsprekende kerkleiers, akademici en gewone lesers. Behalwe 1 en 2 Kronieke, Daniël en Eségiël is al die Ou Testamentiese boeke reeds deur die Hersieningskomitee behandel.

Die vertalers is tans besig met die voorbereiding van die tekste vir plasing op die webblad asook die vertaling van die Nuwe Testament,.

2.2.4 Ander vertalingsprojekte

Die Raad van Direkteure het in beginsel goedgekeur dat aandag gegee word aan Bybelvertalings in die San-tale *Khwedam* en *!Xhun*. Samesprekings word reeds met betrokkenes gevoer.

Die BSA ondersteun die Suid-Afrikaanse Gebaretaal Bybelvertalingsprojek waarmee die organisasie "Hands with Words" in Kaapstad begin het.

2.3 PRODUKONTWIKKELING EN NUWE PUBLIKASIES

Die digitalisering van Bybeltekste het daartoe gelei dat daar tans 176 volledige Bybelprodukte beskikbaar is, onder meer die volgende:

- Uitreikbybels in Zulu, Engels, Afrikaans, Xhosa, Noord-Sotho, Suid-Sotho en Tswana.
- 22 Bybelvertalings in die nuwe Standaardformaat.
- Die Bybel aanlyn, op selfoon en as e-Bybels in al 11 amptelike tale van die RSA.

- Oudiobybels (MP3-formaat) in Afrikaans (1953- en 1983-vertalings), Engels, Noord-Sotho, Suid-Sotho, Tswana, Xhosa en Zulu.
- *Audibibles* (luisterapparaat) in Afrikaans (1953- en 1983-vertalings), Engels (King James en Good News weergawes), Noord-Sotho, Suid-Sotho, Tswana, Xhosa en Zulu.

2.4 Bybelprogramme

Die **Bybelgebaseerde Geletterdheidsprojek** se *My eerste Bybel Doen en Leer Boek* en die opvolgboekie, *My 2de Bybel Doen en Leer Boek* is nou beskikbaar in Engels, Afrikaans, Xhosa, Suid-Sotho en Zulu en eersdags ook in Noord-Sotho.

Die **Bybelluisterprogram (BLP)** is een van die hoekstene van die BSA se missionale program. Die fokus van die BLP is om uit te reik na Christene in nood, ongeletterdes en siggestremdes. *Audibible*- eenhede word gratis aan sulke persone beskikbaar gestel. Die Organiserende Sekretarisse van die BSA ontvang elkeen 'n allokasie wat volgens sy of haar diskresie gebruik kan word.

Danksy ons donateurs was dit vir die BSA moontlik om gratis Bybels beskikbaar te stel aan verskeie groepe wat dit nie self kon bekostig nie. Daar is bv. 102 066 Bybels aan **gevangenes** beskikbaar gestel, 155 578 aan **graad 7-leerders** in mindergegoede woongebiede en 92 020 aan **armes**.

2.5 VERSPREIDING

2.5.1 Bybels in alle tale

Die volgende hoeveelheid volledige Bybels is gedurende die verslagtydperk in die RSA versprei:

	2013	2014	2015	2016
Gedrukte Bybels	1 087 955	948 863	944 176	759 142
Selfoonbybels	511 199	350 375	372 682	294 370
E-Bybels	2 975	2 435	1 973	2 079
Totaal	**1 602 129**	**1 301 673**	**1 318 831**	**1 055 591**

Die hoogste verspreiding van volledige Bybels was soos volg gedurende die verslagtydperk: Engels (901 451), Zoeloe (719 908) en Afrikaans (488 716).

2.5.2 Die Bybel in Afrikaans

Sedert 1934 is daar reeds 11 598 279 eksemplare van die Afrikaanse ’53- en ’83-vertalings versprei. Die volgende hoeveelheid volledige Afrikaanse Bybels is gedurende die verslagtydperk in die RSA versprei:

	2013	2014	2015	2016
1953-vertaling	46 528	44 489	42 859	36 865
1983-vertaling	89 882	78 690	72 436	66 597
Bybel vir Almal	1 989	1 274	1 731	1 056
Totaal	**138 399**	**124 453**	**117 026**	**104 518**

32 232 eksemplare van die proefuitgawe van die *Nuwe Testament en Psalms: 'n Direkte Vertaling* is sedert die verskyning daarvan versprei.

2.5.3 Bestemmings buite Suid-Afrika

Daar is gedurende die verslagtydperk 148 942 volledige Bybels aan ander Bybelgenootskappe in Afrika gelewer.

2.6 FINANSIES (Syfers word in Randwaarde gegee)

2.6.1 Inkomste (BSA finansiële jare: 1 November – 31 Oktober)

Die BSA het vanuit verskeie oorde donasies ontvang. Dit lyk soos volg:

	2013	2014	2015	2016
Individue	20 629 921	20 847 769	24 056 384	22 259 645
Kerke	15 408 572	14 731 878	14 607 028	15 067 772
Kerklike Organisasies	257 947	304 735	379 548	274 212
Kategese / Verbondsonderrig	55 369	54 161	29 419	32 314
Kerkjeug	19 746	18 781	19 246	21 503
Opvoedkundige Instellings	119 225	125 817	104 350	117 818
Sakeondernemings	1 026 710	1 254 276	1 433 261	1 119 023
Allerlei	460 307	657 631	708 639	546 465
Boedels en Trusts	10 974 048	9 187 193	9 697 194	12 468 666
Totaal	**48 951 845**	**47 182 241**	**51 035 070**	**51 907 418**

2.6.2 Uitgawes (BSA finansiële jare: 1 November – 31 Oktober)

Die koste van die verspreidingsprogramme was soos volg:

	2013	2014	2015	2016
Bybelproduksie	48,3 miljoen	50,1 miljoen	51,5 miljoen	54,4 miljoen
Bybelvertalingsprojekte	4,1 miljoen	4,8 miljoen	4,8 miljoen	5,3 miljoen
Spesiale verspreiding	4,2 miljoen	2,0 miljoen	3,9 miljoen	3,7 miljoen
Wêreldwye werk	3,5 miljoen	4,8 miljoen	5,1 miljoen	6,2 miljoen
Bybelluister & oudio	1,4 miljoen	0,5 miljoen	1,4 miljoen	2,4 miljoen

Ander uitgawes was die volgende:

Personeel	28,2 miljoen	31,2 miljoen	32,0 miljoen	40,4 miljoen
Administrasie	9,3 miljoen	10,0 miljoen	11,2 miljoen	11,1 miljoen
Donateursprogramme e.a.	3,1 miljoen	5,6 miljoen	10,1 miljoen	5,1 miljoen

2.6.3 Verslae

'n Verkorte jaarverslag van die BSA se werksaamhede is elke jaar aan donateurs gestuur en die geouditeerde finansiële state was telkens by die Streekkantore van die BSA vir *bona fide*-donateurs ter insae beskikbaar.

3. BETROKKENHEID VAN DIE AP KERK

3.1 VERTEENWOORDIGING

3.1.1 Algemene Jaarvergadering

Prof.dr. R Marè en oudl. PB Botha het die AP Kerk in die laaste drie jaar onderskeidelik as geordende en nie-geordende lidmate in die Algemene Jaarvergadering verteenwoordig.

3.1.2 Streekkomitees

Verskeie geordende en nie-geordende lidmate van die AP Kerk het gedurende die verslagtydperk in 9 van die 11 streekkomitees gedien.

3.1.3 Kerklike Advieskomitee vir die Bybel in Afrikaans (KABA)

Die AP Kerk was in die Kerklike Advieskomitee vir die Bybel in Afrikaans goed verteenwoordig en 'n aantal kundiges vanuit die AP Kerk werk saam aan die Afrikaanse Bybelvertalingsprojek (BDV).

3.2 BYDRAES VANUIT DIE AP KERK (AP Kerk finansiële jare: 1 Januarie – 31 Desember)

Bydraes van kerke in die RSA gedurende die verslagtydperk lyk soos volg:

	2013	2014	2015	2016
Individue	100 925.47	94 108.13	119 161.20	129 199.95
Bybel 'n Maand Klub	82 180.00	81 195.00	52 672.00	39 722.00
Kerkrade	761 717.71	818 475.02	883 297.19	917 813.76
Sustersaksies	9 688.41	5 594.25	2 813.99	2 000.00
Verbondsonderrig/Jeug	924.65	3 047.50	1 894.00	1 663.35
Sakeondernemings	12 000.00	12 000.00	12 000.00	12 000.00
Totaal	**866 510.77**	**920 311.77**	**1 071 838.38**	**1 102 399.06**

Wat die bereiking van die bydraemikpunt per lidmaat betref (dit is die bedrag wat die BSA benodig om een Bybel teen 'n bekostigbare prys beskikbaar te stel) was die gemiddelde bydrae per lidmaat (in die RSA) R30.19 in 2013 (mikpunt R36.00), R33.20 in 2014 (mikpunt R40.00), R39.90 in 2015 (mikpunt R42.00) en R41.94 in 2016 (mikpunt R45.00). In Transvaal is die mikpunt vir die afgelope vyf jaar oortref.

Die BSA is dankbaar vir die pragtige groei in bydraes oor die verslagtydperk en bedank elke lidmaat vir die lojale ondersteuning.

4 AANBEVELINGS

Die volgende aanbevelings word vir oorweging aan die vergadering voorgelê:

4.1 Daar word met waardering kennis geneem van die werk van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika en die Bybelgenootskap word opnuut verseker van die Kerk se voorbidding en ondersteuning.

4.2 Dank word uitgespreek teenoor alle kerke, kerklike instansies, sakeondernemings en individue wat die Bybelgenootskap ondersteun het.

4.3 Kerkrade word versoek om toe te sien dat Bybels by gemeentelike kolporteurs beskikbaar is.

4.4 Kerkrade word versoek om alles in hulle vermoë te doen om die bedrag wat deur die Bybelgenootskap benodig word om een Bybel bekostigbaar beskikbaar te stel (R50.00 vir 2017), jaarliks per lidmaat direk aan die Bybelgenootskap oor te betaal.

4.5 Sustersaksies, Verbondsonderriggroepe, sakeondernemings en individue word aangemoedig om by te dra vir Bybelverspreiding.

4.6 Kerke word aangemoedig om die Bybelgenootskap se promosiemateriaal en hulpmiddels, wat gratis by die Bybelgenootskap beskikbaar is, te gebruik om die Bybelgenootskap bekend te stel en fondse daarvoor in te samel.

5 SLOT

Die BSA wil die Bybel as Woord van God in diens van die Kerk versorg en bekostigbaar in bruikbare formate in die verskillende tale van ons land beskikbaar maak.

God het gedurende die verslagtydperk uit genade aan ons alles voorsien wat ons nodig gehad het om hierdie taak uit te voer. Die AP Kerk en ons ander donateurs was hierin instrumente in sy hand. Daarvoor is ons opreg dankbaar en bring ons aan Hom die eer!

Die BSA wil ook, wat die toekoms betref, in die behoeftes van die AP Kerk bly voorsien, en vertrou dat die Kerk steeds vir die Genootskap voorbidding sal doen en ons finansieel sal bly ondersteun.

Dr. Kálmán D Papp

VERSLAG: PUBLIKASIEKOMMISSIE (PK)
Tydperk: 1 April 2013 tot 28 Februarie 2017

1. LEDE VAN DIE PUBLIKASIEKOMMISSIE (PK)

Die volgende lede het gedurende die verslagtyd op die Kommissie gedien:

2013:
Primarii: Di. IP du Preez (voorsitter), AP Boshoff (ondervoorsitter), AS van Staden, WA Burger, prof.dr. GDS Smit, di. MR Burger, LD Greyling, prof. IA Brink (gekoöpteer).

Sekundus: Ds. RJ Pretorius.

2014:
Primarii: Di. AP Boshoff (voorsitter), DJ Malan (ondervoorsitter), dr. CA Swanepoel, di. LD Greyling, LE Prinsloo, MJL Jordaan, prof.dr. GDS Smit, ds. RJ Pretorius, prof. IA Brink (gekoöpteer).

Sekundi: Di. A van Zyl, IP du Preez.

2015:
Primarii: Di. AP Boshoff (voorsitter), DJ Malan (ondervoorsitter), dr. CA Swanepoel, di. LD Greyling, LE Prinsloo, MJL Jordaan, prof.dr. GDS Smit, ds. RJ Pretorius, prof. IA Brink (gekoöpteer).

Sekundi: Di. A van Zyl, IP du Preez.

2016:
Primarii: Di. LD Greyling (voorsitter vanaf 15 Oktober 2016), MJL Jordaan (ondervoorsitter vanaf 15 Oktober 2016), HSW Strauss, AP Boshoff, LE Prinsloo, RJ Pretorius, DJ Malan, prof. IA Brink (gekoöpteer).

Sekundi: Di. A van Zyl, IP du Preez.

2017:
Primarii: Di. LD Greyling (voorsitter), MJL Jordaan (ondervoorsitter), HSW Strauss, AP Boshoff, LE Prinsloo, RJ Pretorius, prof.dr. GDS Smit, prof. IA Brink (gekoöpteer).

Sekundi: Di. DJ Malan (emeritus en adviserend), A van Zyl, IP du Preez.

2. PERSONEEL IN DIE GEMEENSKAPLIKE KERKKANTOOR

Die volgende persone het diens gedoen:

- Dr. CA Swanepoel – Redakteur *Die Boodskapper* en Hoof: Afdeling Publikasies (vanaf 15 Maart 2013 tot 31 Desember 2015)
- Ds. HSW Strauss – Redakteur *Die Boodskapper* en Hoof: Afdeling Publikasies (sedert 1 Februarie 2016)
- Mnr. M Gouws – Elektroniese ondersteuningsbeampte: Bemarking en Webblad
- Mev. JP van Lille – Senior Publikasiebeampte en Sekretaresse *Die Boodskapper* (halfdagpos sedert November 2014)
- Ds. AS van Staden – Publikasiebeampte (halfdagpos sedert 1 Januarie 2016).
- Mnr. A Bierman – Senior Boekwinkelklerk
- Mnr. JJ Coetzer – Boekwinkelklerk

AANBEVELINGS

2.1 Die Sinode betuig sy dank teenoor dr. CA Swanepoel (tot en met Desember 2015) en ds. HSW Strauss (vanaf 1 Februarie 2016) wat as afdelingshoof en redakteur van *Die Boodskapper* hulle taak met onderskeiding behartig het.

2.2 Die Sinode neem met groot waardering kennis van die diens wat deur die personeel van die Publikasie-afdeling gelewer word.

3. VERGADERINGS

Die volle PK het in 2013 vir die verslagtydperk een keer vergader. Gedurende 2014 het die PK drie keer; in 2015 twee keer en in 2016 twee keer vergader. In 2017 vir die verslagtydperk het die PK een keer vergader.

4. OPDRAGTE VAN SINODES

4.1 KONKORDANSIE VAN DIE PSALMS EN GESANGE VIR DIE AP KERK (*Handelinge 2007*, bl. 338, 6.1)

Die Konkordansie is voltooi en is gratis in elektroniese formaat op die webwerf onder die afdeling *Gratis publikasies en hulpbronne* beskikbaar.

AANBEVELING

4.1.1 Die Sinode spreek sy opregte dank uit teenoor ds. HJ Dafel en mnr. Christo van Rooyen vir die ontwikkeling van die elektroniese konkordansie en die gratis beskikbaarstelling daarvan.

4.2 UITBREIDING VAN VERBONDSONDERRIGHANDBOEKE (*Handelinge 2004* bl. 400, pt. 4.2.6; *Handelinge 2007*, bl. 339; *Handelinge 2010* bl. 274, pt. 3.9; *Handelinge 2013*, bl. 311, pt. 6)

In die lig van die opdrag van die Sinode van 2007 aan die *ad-hoc* kommissie om die herskryf van die verbondsonderrighandboeke en -handleidings te beplan en te koördineer (vgl. *Handelinge 2007*, bl. 334, pt. 6.1.3), word daar steeds voortgegaan met die voorsiening van huidige publikasies totdat die nuwe reeks wat deur die Sinode goedgekeur sal word, gereed is om te verskyn.

Wat die vordering van die projek om die verbondsonderrighandboeke en –handleidings te herskryf betref, kyk verslag van die *ad-hoc* kommissie vir die herskryf verbondsonderrighandboeke en –handleidings.

AANBEVELING

4.2.1 Die Sinode neem met dank kennis van die volgehoue voorsiening van die huidige Verbondsonderrigmateriaal vir gebruik binne gemeentes.

4.3 ENGELSE WEERGAWE VAN ***SKRIFLIG OP KERK EN VOLK*** (*Handelinge 2007*, bl. 340)

Skriflig op Kerk en Volk is vroeër in Engels vertaal, maar weens bepaalde besware teen die vertaalwerk uitgespreek, is die vertaling nooit afgehandel nie. Aangesien daar op geen sinode besluit is om nie meer voort te gaan met die publikasie nie, het die PK dit goedgedink om die vertaling af te handel en as e-boek in PDF formaat op die webtuiste onder die afdeling *Gratis publikasies en hulpbronne* beskikbaar te stel sodra die vertaling daarvan afgehandel en goedgekeur is.

AANBEVELINGS

4.3.1 Die Sinode neem met dank kennis van die vertaling van *Skriflig op Kerk en Volk* in Engels en die toekomstige beskikbaarheid daarvan in elektroniese formaat.

4.3.2 Die Sinode dra dit aan die KKCE op om die finale weergawe van die Engelse vertaling goed te keur voordat die publikasie elektronies beskikbaar gestel word.

4.4 *DIE BOODSKAPPER* IN ELEKTRONIESE FORMAAT (*Handelinge 2004*, bl. 405 pt. 9.5)

Aan die besluit om *Die Boodskapper* elektronies beskikbaar te stel, is uitvoering gegee. Sedert April 2006 kan daar elektronies op *Die Boodskapper* ingeteken word. Ten einde maksimale blootstelling aan *Die Boodskapper* te bied, is die beplande eie webwerf vir *Die Boodskapper* met die bestaande webwerf van die kerk geïntegreer sodat *Die Boodskapper* een maand na publikasie in elektroniese (blaaiboek en PDF) formaat daarop verskyn. Hiermee word gehoop om die boodskap van ons kerkverband baie wyer bekend te stel.

AANBEVELING

4.4.1 Die Sinode neem met dank kennis van die beskikbaarheid van *Die Boodskapper* in elektroniese formaat en moedig mense aan om hiervan gebruik te maak, veral in die buiteland wanneer posgeld te duur word.

4.5 PUBLIKASIE: *ELKEEN ORAL GESTUURDE* (*Handelinge 2013*, pt. 21, bl. 261)

21.2 Die Sinode verwys die publikasie na die SKK en PK om dit te wysig en finaal af te handel.

Die publikasie word tans hersien deur prof.dr. J Bosman. Aangesien dit 'n grondige hersiening van die publikasie is, is die hersiening nog nie afgehandel nie.

AANBEVELING

4.5.1 Die Sinode kontinueer sy opdrag aan die SKK en die PK

4.6 BYBELKENNIS-EKSAMEN (*Handelinge 2013*, pt. 4, bl. 278)

4.2.3 Die Sinode gee opdrag dat die bestek voortaan in die voorafgaande jaar se November-uitgawe van Die Boodskapper gepubliseer word en dat dit ook op die amptelike webwerf van die AP Kerk sal verskyn.

4.2.4 Die Sinode gee opdrag dat die vraestelle teen 1 April van die betrokke jaar op die amptelike webwerf van die AP Kerk beskikbaar sal wees.

Die PK het sover moontlik probeer om aan hierdie opdrag uitvoering te gee, maar kan slegs hieraan uitvoering gee indien die bestek en vraestelle betyds van die KJV ontvang word.

AANBEVELINGS

4.6.1 Die Sinode neem kennis daarvan dat die bestek so spoedig moontlik nadat dit van die KJV ontvang is, in *Die Boodskapper* geplaas word.

4.6.2 Die Sinode neem kennis daarvan dat die vraestelle so spoedig moontlik nadat dit van die KJV ontvang is, op die webblad van die AP Kerk gelaai word.

4.6.3 Die Sinode dra dit aan die KJV op om toe te sien dat die bestek vir 'n betrokke jaar se Bybelkennis-eksamen die kantoor van *Die Boodskapper* reeds voor die helfte van Augustus van die vorige jaar bereik, ten einde dit in die November uitgawe van *Die Boodskapper* te publiseer.

4.6.4 Die Sinode dra dit aan die KJV op om toe te sien dat die vraestelle en antwoordstelle vir 'n betrokke jaar se Bybelkennis-eksamen die Gemeenskaplike Kerkkantoor betyds bereik sodat dit voor die 1ste April op die kerk se webblad gelaai kan wees.

4.7 SONDAGVIERRING (*Handelinge 2013*, pt. 4.2, bl. 293)

3. Die Sinode versoek die PK om die studiestuk na konsensus tussen die KKCE en die dosent in Dogmatiek en Christelike Etiek af te handel en in pamfletvorm te publiseer.

Kyk verslag van die KKCE.

4.8 PUBLIKASIE VAN STUDIESTUKKE (*Handelinge 2013*, pt. 5.3, bl. 294-295)

5.3.4 Die Sinode versoek die Publikasiekommissie op alle goedgekeurde sinodale studiestukke vanaf die Eerste tot en met die Veertiende Sinode in 'n bundel uit te gee.

5.3.5 Die Sinode versoek die Publikasiekommissie om alle goedgekeurde sinodale studiestukke ten minste een maal per dekade in 'n bundel uit te gee.

5.3.6 'n Register van alle gepubliseerde studiestukke moet telkens in die jongste bundel opgeneem word.

Die PK het nie uitvoering aan hierdie opdrag gegee nie, aangesien dit onduidelik was presies watter studiestukke wel goedgekeur is. In die meeste gevalle het vorige sinodes slegs aanbevelings goedgekeur gegrond op die studiestukke, terwyl die studiestukke *per se* nie goedgekeur was nie.

AANBEVELINGS

4.8.1 Die Sinode neem kennis daarvan dat die PK nie uitvoering aan hierdie opdrag gegee het nie.

4.8.2 Die Sinode besluit om voortaan aan te dui watter studiestukke goedgekeur is vir publikasie deur die PK

4.8.3 Die Sinode gee opdrag aan die PK om, in samewerking met die betrokke kommissie verantwoordelik vir 'n bepaalde studiestuk(ke), alle vorige studiestukke inhoudelik te beoordeel met die oog op moontlike publikasie. Sodanige studiestukke sal in 'n elektroniese bundel, tesame met 'n behoorlike indeks, as 'n gratis publikasie op die kerk se webblad beskikbaar gestel word.

4.8.4 Die Sinode gee opdrag dat die PK toekomstige goedgekeurde studiestukke by hierdie bundel sal voeg.

Motivering:

Die kostes verbonde daaraan om só 'n publikasie die lig te laat sien, is geweldig hoog. So 'n publikasie se bemarkingswaarde is ook nie baie hoog nie, wat beteken dat slegs enkele eksemplare sal verkoop. Wanneer sodanige publikasie egter as e-publikasie beskikbaar gestel word, is daar bykans geen onkoste aanverbonde nie en is die publikasie vir alle lidmate toeganklik. Nuwe studiestukke kan ook baie meer gereeld en baie vinniger bygewerk word.

4.9 ANDER PUBLIKASIES (*Handelinge 2013*, pt. 5.3, bl. 297)

5.3.2.4 Die Sinode dra dit aan die PK op om steeds alternatiewe media te ondersoek waarmee die boodskap van die kerkverband gedien kan word.

Die PK gee deurlopend hieraan aandag. Kyk punt 8 van hierdie verslag.

AANBEVELING

4.9.1 Die Sinode versoek die GKK om daadwerklik aandag te skenk aan die uitbreiding van die multimedia-afdeling om die kerkverband se boodskap op so manier wyer te versprei.

4.10 VERSPREIDING VAN *DB* EN *DJB*: Maart 2010 – Maart 2013 (*Handelinge 2013*, pt. 6, bl. 298)

Die Sinode versoek dat ten minste 30% van Die Boodskapper se inhoud se taalvaardigheidsvlak op 'n vlak van 'n graad 7 of laer sal wees.

AANBEVELING

4.10.1 Die Sinode neem kennis daarvan dat die redaksie van *Die Boodskapper* voortdurend poog om die taalgebruik in *Die Boodskapper* en *Die Jeugboodskapper* so verstaanbaar as moontlik te hou ten einde die publikasies vir lesers van alle vaardigheidsvlakke toeganklik te maak.

4.11 UITBREIDING VAN VERBONDSONDERRIGHANDBOEKE (*Handelinge 2010*, pt. 3.9, bl. 274)

6.2 Die Sinode kontinueer sy opdrag aan die ad hoc-kommissie om voort te gaan met die herskryf van die verbondsonderrighandboeke en handleidings en dit so gou moontlik ná voorlegging aan en goedkeuring van die SKK, PK en KJV, te implementeer.

6.3 Die Sinode keur weer eens goed dat die ad hoc-kommissie opvoedkundiges/onderwyskundiges moet koöpteer en ander lede mag koöpteer wat hiermee behulpsaam kan wees, met dien verstande dat die goedgekeurde begroting nie oorskry word nie.

6.4 Die Sinode dra dit aan die KFL op om in samewerking met die PK die Kategismus te vertaal in 'n Afrikaans wat vir die kind verstaanbaar is aangesien die huidige vertaling nie deur die kinders verstaan word nie. Kundiges kan gekoöpteer word om hiermee te help.

Beide hierdie sake is tans onafgehandel. Oor die vordering met die verbonds-onderrighandboeke, kyk die verslag van die *ad hoc*-kommissie vir die herskryf van verbondsonderrighandboeke. Rakende die vertaling van die Kategismus, kyk die KFL se verslag.

5. VERSLAG OOR PUBLIKASIES

5.1 SINODAAL-GOEDGEKEURDE PUBLIKASIES WAT SEDERT SINODE 2013 VERSKYN HET:

5.1.1 *KERKORDE 2014*

Hierdie publikasie het op 14 Junie 2014 verskyn met 'n oplaag van 750. Gedurende Maart 2015 is 300 eksemplare herdruk.

AANBEVELING

5.1.1.1 Die Sinode neem met dank kennis van die aantal eksemplare van *Kerkorde 2014* wat gedruk en versprei is.

5.1.2 *KERKJAARBOEK 2014, 2015, 2016* EN *2017*

Die *Kerkjaarboek 2014* (oplaag 2800), *Kerkjaarboek 2015* (oplaag 2700), *Kerkjaarboek 2016* (oplaag 2752) en *Kerkjaarboek 2017* (oplaag 2880) is gedurende die verslagtydperk gedruk.

Die Kerkjaarboek weerspieël in ’n baie hoë mate die beeld van die AP Kerk, bevat uiters nuttige naslaangegewens en die dagstukkies kan baie vrugbaar deur enkelinge en huisgesinne vir geestelike verryking gebruik word. Daarom poog die Kommissie elke jaar steeds om, in samewerking met die Gemeenskaplike Kerkkantoor, ’n aantreklike en bruikbare publikasie met die nuutste inligting uit gemeentes en ringe daar te stel.

AANBEVELINGS

5.1.2.1 Die Sinode herbevestig dat die Kerkjaarboek as ’n uiters belangrike publikasie beskou word.

5.1.2.2 Die Sinode moedig almal wat by die produksie van die Kerkjaarboek betrokke is (soos skrywers van dagstukkies, keurders, verskaffers van gegewens en die publikasiebeampte) tot hul uiterste bes aan om steeds van dié publikasie ’n besondere produk tot eer van die Here te maak.

5.1.2.3 Die Sinode versoek kerkrade en kolporteurs tot samewerking om die Kerkjaarboek optimaal te versprei – binne én buite ons kerkverband.

5.1.2.4 Die Sinode betuig sy dankbaarheid dat die Kerkjaarboek goed verkoop en moedig ook die toekomstige aankoop, gebruik en lees daarvan by elke lidmaat aan.

5.1.2.5 Die Sinode doen ’n dringende beroep op skribas van gemeentes en ringe om betyds te reageer op die versoek om gegewens aan die Gemeenskaplike Kerkkantoor te stuur vir opname in die volgende jaar se Kerkjaarboek.

5.2 VERBONDSONDERRIGPUBLIKASIES (LEERBOEKE EN LESGIDSE/HAND-LEIDINGS) WAT SEDERT SINODE 2013 VERSKYN HET:

Dieselfde verduideliking as by 4.3 geld hier. Verskeie herdrukke t.o.v. verbondsonderrigpublikasies is gedoen ten einde nodige voorrade vir bestellings te kon uitvoer.

5.3 ANDER PUBLIKASIES WAT SEDERT SINODE 2013 VERSKYN HET:

Die volgende nuwe publikasies het verskyn:

- *Verken die rykdom van die Woord* – dr. CI van Heerden et al. (2014)
- *Wanneer die woestyn bly word* – preekbundel onder redaksie van dr. CA Swanepoel (2015)
- *Hoséa – ’n Bybelstudie vir vandag* – ds. MC Adendorff (2016)
- *Die Bybel in Blokkies – Spreuke* – A du Toit (2016)
- *Bekkie en Millie* – Moryn Hanzen (2016)
- E-boek: *Jesus se openbaring aan sy kerk* – prof. HCG Robbertze (2015)
- E-boek: Drie Formuliere van Eenheid (2016)
- Nuwe boekmerke – 8 soorte (2014)
- Nuwe huis- en hospitaalbesoekerskaarte: 4 soorte (2015) – 300 van elk.

- Nuwe verjaarsdagkaartjies (2016)
- Konkordansie vir die Psalms en Gesange vir die AP Kerk elektronies (2016)

As gevolg van finansiële redes wat die PK se begroting betref, het daar minder nuwe publikasies verskyn.

Oor die algemeen lyk dit of min publikasies meer as 300 eksemplare verkoop. Dit dui daarop dat ons publikasies nie werklik wyd gelees word nie en laat die vraag ontstaan na waar die fout lê. Het dit te make met ons gebrek aan 'n leeskultuur? Lê dit dalk by die feit dat ons moet erken dat ons nie werklik begaafde skrywers in ons kerkverband het nie? Lê die oorsaak by swak bemarking? Dit is vrae waaraan die PK deurlopend aandag skenk.

Tans is die werkswyse om publikasies strenger te oordeel en meer as ooit na gehalte te kyk. Die bedoeling is om te poog om publikasies uit te gee wat só goed is, dat dit selfs buite ons kerkverband die aandag trek. Vir dié doel het die PK reeds begin om verskillende kategorieë te identifiseer waarin daar gepoog sal word om vlagskip-publikasies in elke kategorie daar te stel, word selfs ondersoek ingestel na vertalingsmoontlikhede. Indien dit blyk dat ons nie 'n toonaangewende werk uit eie geledere kan lewer nie. Die bedoeling hiermee is om ons bewus te maak van hoe toonaangewende gehalte binne Calvinistiese kringe lyk, ten einde aansporing te bied tot uitnemendheid. Die PK wil hom voortaan dan ook beywer om ons skrywers in die verskillende kategorieë aan te moedig om eers skematiese uiteensettings oor die beoogde publikasie aan die kommissie voor te lê, alvorens daar verder gegaan word. Die PK is ook besig om ondersoek in te stel na nuwe publikasiemoontlikhede met behulp van die elektroniese media.

AANBEVELINGS

5.3.1 Die Sinode neem met dank kennis van die publikasies wat verskyn het.

5.3.2 Die Sinode spreek sy besorgdheid uit oor die klein hoeveelheid eksemplare van elke publikasie wat verkoop word.

5.3.3 Die Sinode moedig skrywers aan om hul vaardighede te slyp en publikasies daar te stel waarop die kerkverband trots kan wees. Die PK word versoek om in samewerking met die APA gereelde skryf-/vaardigheidskursusse/slypskole te ontwikkel en aan te bied vir voornemende skrywers.

5.3.4 Die Sinode besluit die GKK en PK moet na weë soek om die Publikasie-afdeling winsgewend/selfonderhoudend te maak deur byvoorbeeld die uitbreiding van die multimedia-afdeling en die skep van nuwe poste en produkte wat die omset kan verhoog.

5.4 ANDER BEPLANDE PUBLIKASIES:

- Elektroniese preekbank om o.m. die Kerklike jaar te dek – verskeie skrywers
- *Die Woord in die Hart deel 3* – prof. IA Brink
- Bybelstudie oor Jona – ds. AS van Staden
- Ander Bybelstudies uit die kleiner profete
- Bybelstudie uit die Dordtse Leerreëls
- Bybelstudie uit Efésiërs
- Verskeie (meer bekostigbare) reekse, o.m.:
    - Lidmaattoerusting:
        - Die erediens
        - Ampte
        - Huisbesoek, ens.
    - Bybelse kerkwees
    - Bybeltoerusting
    - Die kerkvaders

AANBEVELING

5.4.1 Die Sinode neem kennis van die beoogde publikasies en sien met verwagting daarna uit.

5.4.2 Die Sinode neem met dank kennis van die elektroniese preekbank wat begin is vir leespreke en roep predikante op om preke vir die preekbank aan die Gemeenskaplike Kerkkantoor te stuur.

5.4.3 Die Sinode moedig gemeentes waarin leesdienste gehou moet word, aan om van die preke in die preekbank gebruik te maak.

5.5 DIVERSE PUBLIKASIES WAT SEDERT SINODE 2013 VERSKYN HET:

- Lidmaatverwelkomingskaarte – herdruk (2014): Oplaag: 1000 en 2015
- Belydenisafleggingsertifikate (2014): Oplaag: 1500
- Getrouheidsertifikate (500 - in 2015)
- Voorgangersertifikate (100 – 2015)
- Bevestigingskaarte (2015)
- Kerkraadsbevestigingskaarte (2015)
- Voorskoolse sertifikate (2015)
- Kwitansieboeke (2015)
- Herdrukke 2016:
    - Ontmoetingsgesprek
    - Sertifikate: Voorskool
    - Volwasse in die Geloof
    - Besoekerskaarte: Verbondsonderrig
    - Ouderling en Diaken in die Here se diens
    - My eerste Werkboek - Deel 1
    - My eerste Werkboek - Deel 2
    - Leer en Vertrou 1 Gr 1: Werkboek
    - Leer en Vertrou 2 Gr 2: Werkboek
    - Leer en Vertrou 3 Gr 3: Werkboek
    - Leer en Glo 1 Gr 4: Werkboek
    - Leer en Glo 2 Gr 5: Werkboek
    - Leer en Glo 3 Gr 6: Werkboek
    - Leer en Lewe 1 Gr 7: Werkboek
    - Leer en Lewe 2 Gr 8: Werkboek
    - Leer en Lewe 3 Gr 9: Werkboek
    - Leer en Lewe 4 Gr 10: Werkboek
    - Leer en Bely: Werkboek

AANBEVELING

5.5.1 Die Sinode neem met dank kennis van die diverse publikasies en herdrukke wat sedert 2013 verskyn het.

5.6 PUBLIKASIES VAN BUITE (ANDER UITGEWERS):

- Verskeie boeke is aangekoop ten einde ons KAM- (Klassieke Afrikaanse Mediateek-) boekery uit te bou
- Pamflette van CLF-uitgewers (2016)
- CLF-uitgewers: *U woord is 'n Lamp vir my voet* – JJF du Rand
- *Bring my die ou-ou-tyding* – Jannie du Preez

Die Kommissie gaan steeds voort om publikasies van ander uitgewers wat onder ons aandag kom en wat vir ons kerkverband van nut geag word, streng te keur en, indien

goedgekeur, te bemark. Sulke publikasies word ook op die bestelvorm van *Die Boodskapper* vir bestelling gelys. Dit gebeur ook soms dat ons besluit om sulke publikasies nie self te bemark nie; dan word dit net in *Die Boodskapper* bekendgestel, met vermelding van die adres waar dit bestel kan word. Tans word ook sterker gefokus op die beskikbaarstelling van publikasies oor die Afrikanergeskiedenis, veral gratis materiaal.

AANBEVELINGS

5.6.1 Die Sinode neem kennis van buite-publikasies wat in die Boekwinkel verkoop word.

5.6.2 Die Sinode neem met dank kennis van die nuwe afdeling op die webblad waar gratis materiaal oor die Afrikaner se geskiedenis beskikbaar is.

5.7 PAMFLETTE

Sedert 2013 het die volgende pamflette verskyn:

1. Die Franse Hugenote (Peter Hammond)
2. Praktiese wenke by die dood van 'n geliefde (Hansie Kalp)
3. Valse leraars: Onderskeidingsgereedskap (Kevin de Young)
4. Die vrou in die amp (Marguerite Brink)

Ander pamflette wat elektronies beskikbaar is:

5. Die Heilige Gees in my (Ds. WJA van Schalkwyk)
6. As ek nie saamstem nie (Prof.dr. R Marè)
7. Demokrasie
8. Vriendskap en Groepsdruk (Ds. Wimpie Burger)
9. Wegraping (Die Boodskapper Mei 1999)
10. Die Heilige Gees in jou huwelik (Dr. CI van Heerden)
11. Kinders by die nagmaal? (Ds. WJA van Schalkwyk)
12. Jou roeping (Prof.dr. Alwyn Swanepoel)
13. Sabbat of Sondag? (Ds. Adri van Staden)

AANBEVELINGS

5.7.1 Die Sinode neem met dank kennis van die pamflette wat verskyn het.

5.7.2 Die Sinode vestig opnuut die aandag van kerkrade en lidmate op die verskeidenheid pamflette wat by die Boekwinkel en elektronies beskikbaar is en moedig kerkrade aan om die pamflette optimaal te benut.

5.8 VERTALINGSPROJEK

Gay children straight parents – a Plan for family healing – Richard Cohen. Reeds deur ds. G Aggenbag vertaal. Finale redigering ds. AS van Staden.

AANBEVELING

5.8.1 Die Sinode neem met dank kennis van die werk aan hierdie uiters relevante publikasie.

5.9 HERDRUK VAN DIE *PSALMS EN GESANGE VIR DIE AP KERK*

Weens die hoë koste verbonde aan die druk van 'n slapband uitgawe van die *Psalms en Gesange vir die AP Kerk*, is daar besluit om nie voort te gaan met die druk van 'n slapband-uitgawe nie. In stede daarvan is 'n toepassing in samewerking met BybelMedia ontwikkel

waarop die *Psalms en Gesange van die AP Kerk*, die Drie Formuliere van Eenheid, asook verskeie formuliere en ander inligting oor die AP Kerk beskikbaar is. Die toepassing is versoenbaar met beide Android en iOS platforms en kan gratis afgelaai word. Dieselfde toepassing, met die note by, sal eersdaags ook vir tablette en gebruik op elektroniese borde beskikbaar wees. Die beplanning is om hierdie toepassing in die toekoms verder uit te brei.

Die Psalms en Gesange vir die AP Kerk is nou ook elektronies beskikbaar vir gebruik deur gemeentes op elektroniese borde. Die jaarlikse CCLI-lisensiegelde betaalbaar deur gemeentes wat van hierdie produk gebruik maak, beloop tans:

AH 1 – 150 Lidmate R 318.00
A 151 – 300 Lidmate R 742.00
B 301 – 500 Lidmate R 827.00
C 501 – 1500 Lidmate R 1 717.00
D 1501 – 2500 Lidmate R 2 418.00
E 2501 en meer Lidmate R 3 530.00

Die PK het besluit om ’n nuwe oplaag van 3000 grootdruk en 2000 standaard-grootte boeke te druk met die hoop dat dit tydens Sinode 2017 reeds beskikbaar sal wees. Ongelukkig kon dit nie realiseer nie, aangesien die setwerk vir die *Psalms en Gesange vir die AP Kerk* verlore geraak het in die proses van Lux Verbi se oorname deur BybelMedia. Dit het veroorsaak dat die herdruk van die *Psalms en Gesange vir die AP Kerk* nie summier gedoen kon word nie. Baie van die werk aan en wysigings tydens die vorige uitgawes moes feitlik heeltemal oorgedoen word. Nadat al die tekswysigings en verbeteringe sedert die eerste uitgawe van ons eie sangbundel onder BybelMedia se aandag gebring is om die volgende uitgawe gereed te kry vir publikasie, het hulle beswaar gemaak teen sekere tekswysigings. Tydens gesprek wat met hulle gevoer is, het dit aan die lig gekom dat NG Kerk-Uitgewers, wat die gebruik van sekere liedere betref, sekere toegewings gemaak het sonder dat dit behoorlik met die oorspronklike outeurs uitgeklaar is. Sekere outeurs het aangedui dat hulle nie eers daarvan bewus is dat hulle liedere in ’n sangbundel vir die AP Kerk opgeneem is nie, om nie eens te praat van enige veranderings aan hulle liedere nie. Hoewel daar destyds sekere skriftelike toegewings deur NG Kerk-Uitgewers gemaak is wat die samestelling van ons sangbundel betref, reken BybelMedia dat dit slegs betrekking het op die samestelling van die bundel en nie verandering aan enige liedere se teks insluit nie. Stilistiese veranderings en taalkundige verbeterings kan wel toegelaat word, maar nie verandering van woorde nie. Enige tekswysigings behoort eers deur die samewerkende kerke, wat destyds verantwoordelik was vir die samestelling van die Liedboek, goedgekeur te word, alvorens dit in enige bundel aangebring mag word. Die rede hiervoor is om ’n eenvormige kerklied in die Afrikaanse kerke (en skole) te probeeer bewaar.

Selfs wat die gebruik van die Psalms (Totius-berymings) betref, het dit aan die lig gekom dat die GKSA, aan wie die outeursreg behoort, nooit toestemming verleen het vir die gebruik van die teks in ons sangbundel nie. Die Deputate Publikasies van die GKSA is egter baie positief oor die AP Kerk se keuse vir die Totius-berymings, maar pleit vir die eenvormige bewaring van die Totius-berymings. Ná samesprekings met dr. Gerard Meijer en ds. Ronald Bain van die GKSA se Deputate Publikasies is spesiale toestemming verkry om die Totius-berymings soos tans in ons sangbundel voorkom, te mag gebruik tot 2021. Die deputate pleit egter daarvoor dat die AP Kerk en die GKSA saamwerk aan ’n eenvormige Totius-teks met voetnote waarin ook die taalkundige veranderings deur die AP Kerk aangebring, vervat sal word en dat hierdie teks so spoedig moontlik ná afhandeling in daaropvolgende uitgawes gebruik word.
Die Kommissie versoek ’n spreukbeurt vir dr. GJ Meijer.

AANBEVELINGS

5.9.1 Die Sinode neem kennis van die feit dat daar weens die hoë koste daaraan verbonde, afgesien is van die druk van ’n slapband-uitgawe van die *Psalms en Gesange vir die AP Kerk*.

5.9.2 Die Sinode spreek sy dank uit vir die inisiatief om 'n unieke toepassing vir die AP Kerk se liederebundel, belydenisskrifte en formuliere te ontwikkel met die moontlikheid van verdere uitbreiding.

5.9.3 Die Sinode moedig kerkrade aan om bogenoemde toepassing aan lidmate bekend te stel en die gebruik daarvan aan te moedig.

5.9.4 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor die SKK, die PK, asook personeel van die Afdeling Publikasies vir hulle harde werk met die voorbereiding en versorging van die *Psalms en Gesange vir die AP Kerk* se derde uitgawe.

5.9.5 Die Sinode herbevestig die besluit dat gemeentes wat die *Psalms en Gesange vir die AP Kerk* elektronies vertoon, verantwoordelik is om die nodige lisensiegeld aan die CCLI oor te betaal vir die wettige gebruik van die produk ooreenkomstig die AP Kerk se ooreenkoms met die CCLI.

5.9.6 Die Sinode neem met dankbaarheid kennis van die GKSA se toestemming om Totius-berymings soos tans in die *Psalms en Gesange vir die AP Kerk*, tot 2021 te mag gebruik.

5.9.7 Die Sinode gee aan die PK opdrag om spoedig saam met die GKSA se Deputate Publikasies te werk aan 'n eenvorminge Totius-teks waarin taalkundige veranderinge (byvoorbeeld Hollandismes en argaïsmes) deur die AP Kerk, sover moontlik as voetnotas aangebring moet word ter wille van verstaanbaarheid, sodat die eenvormige teks gereed sal wees wanneer 'n volgende oplaag van ons sangbundel gedruk moet word.

5.9.8 Die Sinode gee opdrag aan die GKK om die kontraktuele verbintenis vir die uitgee van die *Psalms en Gesange vir die AP Kerk* met BybelMedia waar nodig te hersien.

6. BEMARKING

6.1 DIE BEMARKINGSFUNKSIE IN DIE GEMEENSKAPLIKE KERKKANTOOR

Daar bestaan steeds nie 'n selfstandige pos vir 'n bemarker in die Gemeenskaplike Kerkkantoor nie. Die pos is gekombineer met dié van Elektroniese ondersteuningsbeampte: Bemarking en Webblad en ook dié van Hoofklerk: Boekwinkel (wat 'n bestuursfunksie vervul). Boeke kan reeds direk van die webwerf af bestel word en vele pogings word aangewend om ons produkte te bemark.

Die gebrek aan behoorlike bemarking is 'n wesenlike uitdaging. Vorige Sinodes het die verantwoordelikheid vir bemarking van publikasies en produkte aan die PK en die Afdeling Publikasies oorgelaat. Die realiteit is egter dat dit afgeskeep word weens die werkslading van die werknemers. Hoewel daar kolporteurs is wat reuse werk verrig ten opsigte van die bemarking van ons produkte, sal dit die bemarking en verkope van ons produkte baat indien kolporteurs meer moeite doen.

AANBEVELING

6.1.1 Die Sinode neem met dank kennis van 'n elektroniese bestellingsdiens wat ons publikasies effektief ook na buite kan bemark.

6.2 DIE KOLPORTEURSTELSEL

In sommige gemeentes funksioneer die kolporteurstelsel steeds goed en is daar baie om oor tevrede en dankbaar te wees. Daar is egter baie ruimte vir verbetering. Kolporteurs is 'n noodsaaklike en onontbeerlike skakel in die bemarking van ons publikasies en produkte.

AANBEVELINGS

6.2.1 Die Sinode doen opnuut op al die gemeentes in die kerkverband 'n beroep om die kolporteurstelsel van harte te ondersteun sodat die literatuur van ons kerk so effektief moontlik tuisgebring kan word.

6.2.2 Die Sinode versoek kerkrade wat nog nie oor die dienste van 'n kolporteur beskik nie, om ernstige oorweging aan die aanwysing van 'n kolporteur te gee.

6.2.3 Die Sinode spreek sy hartlike dank uit teenoor al die kolporteurs vir die besondere wyse waarop hulle die kerk en koninkryk dien, asook vir die gesindheid van hartlike samewerking met die Gemeenskaplike Kerkkantoor en Boekwinkel wat hulle aan die dag lê.

6.2.4 Die Sinode moedig ringe en gemeentes aan om op eie onkoste die Boekwinkel uit te nooi na ringsvergaderings en gemeentes vir die bekendstelling van publikasies en opleiding van kolporteurs.

7. LIG IN DUISTERNIS-PRYS

7.1 KATEGORIEË EN BEOORDELING VAN PUBLIKASIES

Die PK verander die reëls waar nodig, aan die hand van bepaalde beginsels. Die jongste verandering aan die reëls het beoog om dit vir die beoordelaars makliker te maak om die boeke in 'n betrokke verskyningstydperk beter te kan beoordeel deur die verskyningsdatum na 31 Januarie van die volgende jaar te verleng. Vanweë die feit dat boeke met 'n wyer strekking as die enger-godsdienstige tans ook gepubliseer word, het die PK besluit om 'n derde kategorie met die oog op die toekenning van die prys in te stel. Ter wille van duidelikheid, word die drie kategorieë soos dit tans daar uitsien, hieronder uiteengesit:

Kategorie 1

Toekenning vir die beste publikasie van *Lig in Duisternis Uitgewers* van die afgelope jaar. Hierdie toekenning kan uit enige van die volgende 6 sub-kategorieë gemaak word:

1. Wetenskaplike werke (bv. Intreeredes of bydraes in Teologiese tydskrifte)
2. Stigtelik-filosofiese werke (bv. Bybelse lig op aktuele sake bv. polities, eties, ens.)
3. Pastorale werke (bv. bemoediging in siekte, huweliks- en gesinstemas)
4. Sosiaal-maatskaplike werke (bv. werke vir susters, bejaardes, jeug, kleuters, ens.)
5. Bybelstudiehandleidings (bv. kommentare, Bybelstudiegidse en preekbundels)
6. Die *Kerkjaarboek met Bybelse dagstukkies* in sy geheel

Kategorie 2

Toekenning vir bydraes in *Die Boodskapper* (ook *Die Jeugboodskapper*) en dagstukkies van 'n bepaalde skrywer in die *Kerkjaarboek* van die vorige jaar. Hier geld ook 5 sub-kategorieë, nl.:

1. Polemies (bv. artikels wat 'n debat in *DB* uitlok)
2. Informatief (bv. artikels oor sinodebesluite)
3. Godsdienstig-filosofies (bv. artikels of dagstukkies oor Bybelse temas of oordenkings)
4. Reekse (bv. 'n reeks artikels oor die onderwys of 'n Pinksterreeks)
5. Jeug (bv. artikels of bydraes in *Die Jeugboodskapper*)

Kategorie 3

Toekenning vir die beste publikasie in die kategorie publikasies wat nie engergods-dienstig van aard is nie, bv. oor die geskiedenis, verhale vir die jeug, ens.

Die wenners in elke kategorie word in *Die Boodskapper* gepubliseer en daar word ook by wyse van foto's en berigte prominensie aan die oorhandiging van die pryse verleen. Die Kommissie hoop om langs die weg van beloning en beriggewing stelselmatig die peil van ons publikasies steeds verder te verhoog.

AANBEVELINGS

7.1.1 Die Sinode neem kennis daarvan dat die prys sedert 2013 vir die eerste keer weer in 2016 toegeken is en wel aan ds. MC Adendorff vir sy publikasie *Hoséa vir vandag*.

7.1.2 Die Sinode wens ds. MC Adendorff van harte geluk met die prestasie.

7.2 SPESIALE VERMELDINGS:

7.2.1 2013 (VERSKYN IN *DIE BOODSKAPPER* VAN OKTOBER 2014)

Kategorie 1: *Volhard Enduit* – Prof.dr. HCG Robbertze
Kategorie 2: Dagstukkies November KJB 2013: Prof.dr. R Mare
Dagstukkies Desember KJB 2013: Prof.dr. J Bosman
Die Boodskapper Julie/Augustus 2013: Artikel: *Koninkryk-IK in die AP Kerke* – Dr. CA Swanepoel

7.2.2 2014

Geen nominasies is ontvang nie.

7.3.3 2015

Geen nominasies ontvang.

7.2.4 2016

Kyk aanbeveling 7.1.1

8. MULTIMEDIA (Hierdie deel van die verslag sal deur middel van 'n digitale voorlegging geskied)

8.1 WEBWERF

8.1.1 VIDEO-PREKE

Aangesien verskeie gemeentes deesdae hul eredienste in video-formaat opneem en op die internet laai, word daar nie meer video-preke in die ateljee by die Gemeenskaplike Kerkkantoor opgeneem nie. Daar is wel 'n afdeling op die webblad met skakels na gemeentes wie se volledige eredienste lewend uitgesaai word of wat video-opnames van eredienste op internetplatforms soos YouTube beskikbaar stel.

AANBEVELINGS

8.1.1.1 Die Sinode neem kennis dat opnames van video-preke nie meer in die ateljee van die Gemeenskaplike Kerkkantoor gemaak word nie.

8.1.1.2 Die Sinode bedank gemeentes wat die inisiatief geneem het om hul eredienste elektronies beskikbaar te stel.

8.1.1.3 Die Sinode moedig gemeentes aan wat oor sodanige fasiliteite beskik en hul eredienste op internetplatforms publiseer, om die inligting aan die Afdeling

Publikasies deur te gee sodat 'n skakel daarheen op die amptelike webwerf geplaas kan word.

8.1.1.4 Die Sinode moedig veral klein of vakante gemeentes aan om van hierdie fasiliteit gebruik te maak.

Motivering:

Al is die internetsein nie oral in die land ewe sterk nie, kan vooraf-opgeneemde preke vroegtydig afgelaai en elektronies (op 'n grootskerm of televisie) tydens eredienstyd vertoon word. Hoewel dit nie die beste oplossing vir ons bedieningsnood is nie, is dit 'n goeie alternatief en word geweldig baie kostes bespaar aangesien leraars nie meer ten duurste elke Sondag na gemeentes hoef te ry nie. Sodoende sorg ons steeds vir die geestelike versorging en opbou van ons lidmate.

8.1.2 KOFFIETAFELGESPREKKE EN VIDEO-OPNAMES

Verskeie koffietafelgesprekke en video-opnames oor interessante en aktuele onderwerpe is op die kerk se amptelike webwerf beskikbaar. Dit het ten doel om lidmate in te lig, geestelik op te bou en intellektueel te stimuleer.

AANBEVELING

8.1.2.1 Die Sinode neem met dank kennis van die beskikbaarheid van koffietafelgesprekke en video-opnames op die amptelike webwerf van die kerk.

8.1.3 KOMMENTAAR

Daar word gepoog om ten minste een keer per maand 'n kommentaarartikel oor 'n aktuele saak te publiseer. Die gebruik is om ook sulke artikels aan Maroela Media deur te stuur vir oorweging op hulle nuusblad. Sodoende is heelwat van die AP Kerk se kommentaarartikels en selfs mediaverklarings al geplaas en word ons getuienis wyer gehoor. Verskeie van hierdie artikels word ook in *Die Boodskapper* gepubliseer. 'n Volledige lys met al die artikels is op die amptelike webwerf beskikbaar.

AANBEVELINGS

8.1.3.1 Die Sinode neem met dank kennis van die gereelde verskyning van kommentaarartikels van aktuele aard.

8.1.3.2 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor skrywers en medewerkers wat gereeld bydraes lewer.

8.1.4 REDAKTEURSFORUM

Die AP Kerk kry een maal per maand geleentheid om deel te neem aan die insetsel *Redakteursforum* wat deel van Pretoria FM se godsdiensaktualiteitsprogram op Sondae is. Die insetsel word tans tussen 7:45 en 8:00 op 'n Sondag uitgesaai. Tydens hierdie insetsel kry die Redakteur van *Die Boodskapper* geleentheid om oor komende uitgawes te gesels en die blad bekend te stel. By ander geleenthede voer die Redakteur ook onderhoude oor onderwerpe en artikels wat in *Die Boodskapper* verskyn. Soms neem ons self die insetsel in ons eie ateljee op en stuur dit dan aan Pretoria FM. Hierdie insetsel word met vergunning van Pretoria FM ook op ons webblad geplaas en op ons Facebook-blad gedeel.

AANBEVELINGS

8.1.4 Die Sinode neem met dank teenoor Pretoria FM kennis van die kerk se gereelde deelname aan die insetsel *Redakteursforum*.

8.1.5 Die Sinode moedig lidmate aan om na die insetsel te luister tydens uitsending (ook op DSTV oudiokanaal 887) of as webgreep op die kerk se amptelike webblad.

8.1.5 *7-VOOR-7* PRETORIA FM

Verskeie predikante van die AP Kerk neem deel aan die insetsel *7-voor-7* wat as deel van Pretoria FM se oggendaktualiteitsprogram, *Klankkoerant*, vanaf 6:53-7:00 soggens uitgesaai word. Dit neem die vorm van 'n kort oordenking aan. Die Gemeenskaplike Kerkkantoor ontvang gereeld positiewe terugvoer van ons predikante se bydraes. Klankgrepe van hierdie bydraes word met vergunning van Pretoria FM ook op die kerk se amptelike webblad geplaas.

AANBEVELINGS

8.1.5.1 Die Sinode bedank leraars wat bydraes gelewer het vir Pretoria FM se *7-voor-7*-insetsel.

8.1.5.2 Die Sinode moedig kerkrade aan om lidmate bewus te maak van die beskikbaarheid van sodanige uitsendings op die kerk se amptelike webblad.

8.1.6 BASUINGEKLANK

Basuingeklank is een van *Lig in Duisternis* se nuutste produksies en word sedert 2016 sover as moontlik maandeliks uitgesaai. Dit is 'n joernaalprogram waarin gemeentenuus, sake van aktuele belang, belangrike gebeurtenisse, aktuele sake en publikasies bespreek word. Hierdie program is op die kerk se webblad beskikbaar en word ook deur middel van die kerk se Facebook-blad versprei.

AANBEVELINGS

8.1.6.1 Die Sinode neem met opgewondenheid kennis van die produksie *Basuingeklank*.

8.1.6.2 Die Sinode moedig kerkrade aan om hierdie program aan lidmate bekend te stel en waar moontlik, ook na 'n erediens aan lidmate te vertoon as deel van die afkondigings.

8.1.7 GRATIS PUBLIKASIES EN HULPBRONNE

Onder die afdeling *Gratis publikasies en hulpbronne* poog ons om goeie, betroubare bronne en hulpmiddels aan ons lidmate beskikbaar te stel ter wille van hulle geestelike verryking. Dit is ook deel van die beplanning om verskeie publikasies en hulpbronne oor die Afrikanergeskiedenis tot lidmate se beskikking te stel en sodoende 'n bydrae te lewer tot die beskerming en waardering van ons eie geskiedenis.

AANBEVELINGS

8.1.7.1 Die Sinode neem met dank kennis van die afdeling *Gratis publikasies en hulpbronne* op die kerk se amptelike webblad.

8.1.7.2 Die Sinode moedig kerkrade en lidmate aan om hiervan gebruik te maak en dit ook in hulle gemeentes bekend te stel.

8.1.8 AANLYN BOEKWINKEL

Kyk 6.1

8.1.9 DIE BOODSKAPPER AANLYN

Kyk 4.4

8.1.10 SKK VERKLARINGS

Alle mediaverklarings wat deur die SKK namens die AP Kerk uitgereik word, is op die amptelike webblad beskikbaar en word ook aan alle toonaangewende nuusagentskappe gestuur vir oorweging.

AANBEVELING

8.1.10.1 Die Sinode neem met dank kennis daarvan dat die verklarings van die SKK op die kerk se amptelike webblad beskikbaar is.

8.1.11 AFRIKAANSE PROTESTANTSE AKADEMIE

Hoewel die Afrikaanse Protestantse Akademie oor sy eie webblad beskik, word belangrike inligting van die AP Akademie ook op die webblad van die kerk geplaas ter wille van kennisname deur ons lidmate.

AANBEVELING

8.1.11.1 Die Sinode neem kennis daarvan dat belangrike inligting van die AP Akademie wat die kerkverband raak, ook op die kerk se amptelike webblad verskyn.

8.1.12 VRAAG EN ANTWOORD

Die Afdeling Publikasies is tans ook besig om ’n nuwe afdeling op die webblad te ontwikkel waardeur algemene vrae van lidmate en belangstellendes beantwoord word. Die Gemeenskaplike Kerkkantoor ontvang heelwat navrae deur die e-posfunksie op die kerk se webblad. Baie van hierdie vrae kan onder hierdie afdeling beantwoord word, terwyl dit terselfdertyd ook lidmate se kennis en geestelike groei kan bevorder.

AANBEVELING

8.1.12.1 Die Sinode neem met dank kennis van die nuwe vraag en antwoord-afdeling op die kerk se webblad en moedig kerkrade aan om dit aan hulle lidmate bekend te stel.

8.2 FACEBOOK-BLAD

Ten spyte van al die gevare daarvan, het die sosiale media een van die kragtigste wapens geraak waardeur inligting versprei kan word en aan bepaalde diskoerse deelgeneem kan word. Die AP Kerk se eie Facebook-blad het sedert 2016 vanaf 250 volgelinge na 1355 volgelinge (Mei 2017) gegroei. Die Facebook-blad word met die amptelike webblad geïntegreer en dien veral as bemarkingsmiddel waarop publikasies, opnames, verklarings, kommentaarstukke, ensovoorts bekendgestel en versprei word.

Die PK is bewus daarvan dat daar ook ander soortgelyke Facebook-blaaie is, maar stel dit duidelik dat dit nie die amptelike Facebook-blad van die kerkverband is nie.

AANBEVELINGS

8.2.1 Die Sinode neem met dank kennis van die kerk se amptelike Facebook-blad (https://www.facebook.com/apkerk/) en die belangrike kommunikasie en getuienisfunksie wat dit vervul.

8.2.2 Die Sinode moedig kerkrade aan om van die kerk se amptelike Facebook-blad gebruik te maak en dit aan lidmate bekend te stel.

8.3 AKTIVERING: YOUTUBE-KANAAL

Aangesien die amptelike webblad slegs beperkte bandwydte het, is besluit om 'n YouTube-kanaal vir die kerkverband te begin. Dit word as platform gebruik vir die oplaai van video- of klankmateriaal met die oog daarop om dit op die webblad beskikbaar te maak.

AANBEVELING

8.3.1 Die Sinode neem kennis van die aktivering van 'n YouTube-kanaal vir die kerkverband.

8.4 INRIG VAN ATELJEE

'n Ateljee vir video- en klankopnames is by die Gemeenskaplike Kerkkantoor ingerig. Dit stel *Lig in Duisternis Produksies* in staat om nou 'n wye verskeidenheid produksies te vervaardig en opnames te maak waardeur die kerkverband gedien kan word.

AANBEVELING

8.4.1 Die Sinode neem kennis daarvan dat die ateljee voltooi is en reeds gebruik word.

9. BESKRYWINGSPUNTE – Geen

10. BESWAARSKRIF: FORMAAT VAN DIE *KERKJAARBOEK*

Die PK maak beswaar teen die volgende sinodebesluite waarvolgens die formaat van die *Kerkjaarboek* bepaal word:

Vorige besluite:

Dat die jaarboek saam met die dagboek in een bundel saamgebind word (Handelinge 1988, bl. 120, pt. 4.7).

Die Sinode besluit om in die toekoms 'n kort IN MEMORIAM oor leraars wat ons tussen sinodes ontval het, in die Sakelys en Jaarboek op te neem (Handelinge 1991, bl. 273, pt. 20).

Nuwe voorstel:

1. Die Sinode besluit dat dit voortaan nie nodig is om die gemeentelike statistiek en dagstukkies in een bundel saam te bind nie.
2. Die Sinode besluit om voortaan die name en statistiek van die gemeentes waaruit die AP kerkverband (vgl. KO Art. 1.1) saamgestel is, op die inteken gedeelte van die webblad te publiseer. Dit kan op aanvraag gedruk word.
3. Die Sinode laat dit aan die PK oor om oor die mees geskikte formaat vir die gemeentelike statistiek en dagstukkies te besluit.

Motivering:

1. Die nuwe Wet op Beskerming van Persoonlike Inligting van 2013 (PoPI) verhoed organisasies om enige lid of lede se persoonlike inligting sonder hul medewete en toestemming te publiseer of in die openbaar beskikbaar te stel.
2. Indien dit nie nodig is om om die gemeentelike statistiek altyd saam met die dagstukkies in 'n publikasie te plaas nie, kan die onkoste vir die samestelling van die jaarboek, heelwat verlaag.
3. Indien die PK vryheid het om die dagstukkies ook sonder die gemeentelike statistiek te publiseer, kan dit die bemarkbaarheid van die publikasie buite ons kerkverband aansienlik verbeter.

AANBEVELINGS

1. Die Sinode besluit dat dit voortaan nie nodig is om die gemeentelike statistiek en dagstukkies in een bundel saam te bind nie.

2. Die Sinode besluit om voortaan die name en statistiek van die gemeentes waaruit die AP kerkverband (vgl. KO Art. 1.1) saamgestel is, op die inteken gedeelte van die webblad te publiseer. Dit kan op aanvraag gedruk word.

3. Die Sinode wys die KKS daarop dat bogenoemde besluit die bewoording van Artikel 1.1 in die *Kerkorde* gaan beïnvloed en versoek hulle om die Artikel soos volg te wysig:

Die Kerkorde is die gemeenskaplike akkoord deur die plaaslike kerke (gemeentes), soos vervat op die amptelike webwerf van die AP Kerk, wat in die kerkverband met mekaar saamlewe, gegrond op die eenheid in Skrif en Belydenis.

4. Die Sinode laat dit aan die PK oor om oor die mees geskikte formaat vir die gemeentelike statistiek en dagstukkies te besluit.

11. BEGROTING

Die PK slaag met die genade van die Here daarin om steeds binne sy begroting te bly. Die nuutste begroting is betyds aan die GKK voorgelê en word by die GKK se verslag hanteer.

12. DANKBETUIGING

Die Kommissie is dankbaar teenoor die Here dat Hy die krag gegee het sodat hierdie werk gedoen kon word.

AANBEVELINGS

12.1 Die Sinode betuig sy dank teenoor:

12.1.1 Die lede van die Publikasiekommissie vir hul getrouheid in die werk van die Kommissie, hul harde arbeid in die keuring van publikasies en die nougesette wyse waarop 'n wakende oog oor die gehalte van ons publikasies gehou word.

12.1.2 Alle personeel wat betrokke is by ons publikasies vir die bekwame wyse waarop hulle hul take behartig.

12.1.3 Alle skrywers, voorlopige beoordelaars en keurders wat daartoe meewerk dat die standaard van ons publikasies hoog bly.

Di. LD Greyling (voorsitter), MJL Jordaan (ondervoorsitter), HSW Strauss (skriba).

BYLAE PK1

VERSLAG: *DIE BOODSKAPPER* EN *DIE JEUGBOODSKAPPER*
Tydperk: 1 April 2013 tot 28 Februarie 2017

1. REDAKSIE VAN *DIE BOODSKAPPER (DB)*

Die PK het die redaksie van *DB* soos volg aangewys: di. AS van Staden, IP du Preez, JJ Venter en AC Jordaan.

Die kernredaksie was die Voorsitter, dr. CA Swanepoel, vanaf April 2013 – Desember 2015 en daarna ds. HSW Strauss sedert 1 Februarie 2016, di. IP du Preez, AS van Staden en JJ Venter.

Mev. JP van Lille dien as redaksiesekretaresse en lewer 'n buitengewone bydrae tot die versorging van *Die Boodskapper* en *Die Jeugboodskapper*.

Die PK het waar nodig bepaalde portefeuljes aan die Redaksielede toegewys.

2. *DIE JEUGBOODSKAPPER (DJB)*

Ds. AC Jordaan tree sedert Augustus 2011 op as mederedakteur van *Die Jeugboodskapper* tot November 2016. Mev. JP van Lille vervul steeds 'n groot rol in die tegniese én inhoudelike versorging van *DJB.*

3. PERSONEEL

Dr. CA Swanepoel beëindig sy dienste as Redakteur van *DB* op 31 Desember 2015. Ds. HSW Strauss word op 1 Februarie 2016 aangestel as Redakteur. Mnr. Marius Gouws behartig die uitleg van die voorblad van *DB*. Afgesien van die bystand van mev. Van Lille, is die Redakteur ook ondersteun deur die boekwinkelpersoneel, mnr. Albert Bierman en mnr. Johan Coetzer, t.o.v. die verpakking en versending van *DB* en die *DJB*.

4. VERGADERINGS

Die Redaksie het nege keer gedurende April 2013 tot Februarie 2017 vergader. Waar Redaksievergaderings op 'n gereelde grondslag plaasvind, word die kernredaksie net met hoë uitsondering bymekaar geroep.

5. AANTAL UITGAWES

In ooreenstemming met vorige sinodebesluite, verskyn *Die Boodskapper* steeds tien keer per jaar: elke afsonderlike maand, behalwe Desember (die Des./Jan. uitgawe verskyn einde November) en Junie (die Julie/Augustus uitgawe verskyn vroeg in Julie) wat telkens in een uitgawe saamgevat word.

6. VERSPREIDING *DB* en *DJB*: Maart 2014 – Maart 2017

Jaar	Die Boodskapper	Die Jeugboodskapper
Maart 2014	10 000	4 800
Maart 2015	9 700	4 800
Maart 2016	9 000	4 200
Maart 2017	8 900	4 200

Wanneer die afname in lidmaatgetalle, asook die ekonomiese knyptang in ag geneem word, wil dit lyk asof dit die vernaamste oorsake is in die afname van die getalle eksemplare wat versprei word. Komplimentêre eksemplare is steeds gelewer aan gemeentes wat daarom vra;

CVO-skole; amptelike verteenwoordigers vanuit ander kerkverbande; personeel (Gemeenskaplike Kerkkantoor en AP Akademie); Kerkargief; boekwinkel; portaal (Gemeenskaplike Kerkkantoor); Eindredakteur; Subredakteur (*DJB*); adverteerders (by eerste verskyning van advertensie); Bybelgenootskap, Redakteurs van ander Afrikaanse gereformeerde kerkblaaie en uitgesoekte nuusblaaie soos die PK by geleentheid besluit. Pligleweringseksemplare is aan pligleweringsbiblioteke gelewer.

Kerkrade word weer eens daaraan herinner dat hulle vyf addisionele eksemplare gratis kan bestel. Hierdie eksemplare kan beskikbaar gestel word aan belangstellendes wat nie lidmate is nie. Daar is gemeentes wat hierdie metode uiters vrugbaar aanwend om die AP Kerk effektief bekend te stel.

Vorige Sinodes het herhaaldelik besluit om kerkrade te versoek om toe te sien dat *DB* elke besoekpunt in elke gemeente bereik en die betrokke jeugblaaie binne die bereik van elke verbondskind te bring. Namate die geestelike ontwrigting van ons tyd vorder, raak hierdie versoek net al noodsaakliker.

Kerkrade versoek soms dat hulle nie self op *Die Boodskapper* inteken nie, maar dat individuele lidmate dit afsonderlik doen. Ons het begrip vir die unieke omstandighede waaronder die versoeke kom, maar kerkrade moet ook besef dat hulle onder sulke omstandighede nie die sinodebesluite nakom nie. *Die Boodskapper* is die amptelike blad van die kerkverband waardeur belangrike kommunikasie onderhou en tydige inligting deurgegee word. Die gereelde sirkulasie van die blad smee boonop 'n band tussen gemeentes en gemeentelede en versterk die etos van die kerkverband. Geen gemeente en geen individuele lidmaat kan dus afsydig staan teenoor die blad nie, vanweë die gevaar om kontak met die bewegings in die kerkverband te verloor en weg te dryf van die saambindende etos daarvan.

AANBEVELINGS

6.1 Die Sinode bevestig opnuut dat *Die Boodskapper* en *Die Jeugboodskapper* as uiters belangrike kommunikasiemiddele gesien word waardeur kerknuus, maar ook inligting versprei word om lidmate op te bou en weerbaar te maak vir die geloofstryd in ons tyd. Die Sinode ag *Die Boodskapper* en *Die Jeugboodskapper* verder as belangrike middele vir die opbou van 'n gemeenskaplike etos in die kerkverband.

6.2 Die Sinode herhaal sy versoek tot kerkrade om noulettend toe te sien dat *Die Boodskapper* by elke besoekpunt tuiskom – verkieslik deur die wyksouderling of -diaken afgelewer, en dat eksemplare van *Die Jeugboodskapper* gereeld binne die bereik van elke verbondskind gebring word.

6.3 Die Sinode bring dit onder die aandag van kerkrade dat 5 gratis eksemplare per uitgawe van *Die Boodskapper* beskikbaar is vir gemeentes wat daarom vra.

7. VESTIGING VAN 'N LEESKULTUUR

Dit raak al meer ontstellend dat die basiese vaardighede van 'n beskaafde gemeenskap, die vermoë om met begrip te kan lees en om jouself korrek te kan uitdruk deur te skryf, blykbaar sienderoë aan die afneem is. Ons herhaal weer met klem wat tydens vorige sinodes hieroor opgemerk is omdat dit onses insiens werklik die toekomstige beskawingspeil van ons volk raak:

> *Die verskynsel word meesal aan die nuwer onderrigmetodes op skool toegeskryf, maar sal waarskynlik ook in verband staan met die invloed van televisie. By verlies van kritiese, verbale vermoë en die vermoë om 'n mens uit te druk, kan veral die jonger geslag gemaklik slawe van heersende ideologieë en opvattings soos deur die openbare media uitgedra, gemaak word. Die leeservaring wat 'n aktiewe inset en verwerkingsproses van die ontvanger veronderstel, is 'n noodsaaklike element in die*

opbou van 'n verbeeldingryke, goed-ingeligte en kritiese lewensingesteldheid. Dit is daarom uiters noodsaaklik dat 'n leeskultuur reeds in die kinderstadium by ons verbondsjeug gevestig raak. Ouers baat nie alleen self by 'n gesonde leesgewoonte nie, maar stel daardeur ook 'n onuitwisbare voorbeeld vir hulle kinders.

Bowendien is dit ook so dat diegene met belesenheid en skryfgawes steeds ook binne 'n oudio-visuele kultuur diegene is wat ten beste met die inhoud van die nuwe mediums kan werk en dus as meningsvormers kan optree. Die geestelike welwese van ons kerke gaan daaronder ly (indien dit nie reeds daaronder ly nie) wanneer ons lidmate en kerkrade nie meer *lees* nie!

AANBEVELINGS

7.1 Die Sinode roep kerkrade weereens met die grootste erns op om alles in hulle vermoë te doen om 'n leeskultuur by ons verbondsouers en –kinders te help vestig. Klem behoort gereeld gelê te word op die lees van ons kerklike tydskrifte en ander publikasies. Ouers behoort ook versoek te word om hul kinders te stimuleer om die kerklike leesstof gereeld te lees en om elke maand gepaste gedeeltes uit die jeugblad aan hulle kleuters voor te lees en die inhoud as gesinne te bespreek.

7.2 Die Sinode versoek predikante en ander persone wat die afkondigings by geleentheid van eredienste waarneem, om moeite te doen om elke nuwe maand se *Die Boodskapper*, te adverteer. Die Sinode wys daarop dat gereelde bekendstelling van artikels, berigte, ensovoorts in *Die Boodskapper* die leeslus prikkel.

8. KOSTE

Dit blyk dat die styging in sowel die inkomste as die uitgawe sedert die vorige verslag verminder het, maar dat daar nog 'n gunstige verhouding tussen die twee is. Inkomste uit advertensies speel steeds 'n belangrike rol.

Gemeentes betaal tans R11.95 per eksemplaar vir die gedrukte uitgawe (*DB* en *DJB*, d.w.s. R119.50 per jaar vir 10 uitgawes) en individuele intekenaars R209.50 per jaar vir 10 uitgawes. Die PK doen alles in sy vermoë om die intekengeld op ons kerkblaaie so laag as moontlik te hou ten einde te verseker dat dit deur soveel as moontlik lesers benut kan word. Gemeentes kan die volle bedrag betaal vir die aantal eksemplare van *DB* wat hulle bestel, of maandeliks afbetaal of slegs 'n donasie volgens die kerkraad se vermoë skenk.

Oor die algemeen het gemeentes eintlik gunstig gereageer met betrekking tot die betaling van hulle Boodskapper-rekeninge – waaroor ons uiteraard baie dankbaar is.

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

VERSLAG OOR DIE DIREKTE KOSTE EN INKOMSTE VAN DIE AMPTELIKE BLAD VAN DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK VIR DIE SINODE TYDPERK 1/01/2013 - 31/12/2016

14 018.75 16 313.33

	2017 Sinode	2013 Sinode		2017 Sinode	2013 Sinode
AANTAL VERSKYNINGS	*40*	*30*		*40*	*30*
Aantal Boodskappers	*560750*	*489400*			
DIREKTE UITGAWES	**R**	**R**	**DIREKTE INKOMSTE**	**R**	**R**
Drukkoste	2 211 686	1 546 750	Boodskapper verkope	3 169 985	1 943 791
Ander uitgawes					
Posgelde	192 438	134 700	Advertensies	198 077	213 600
Medewerkers	148 486	55 539			
Verpakkers	57 164	28 877			
Totale Uitgawe	2 609 774	1 765 866	Totale Inkomste	3 368 062	2 157 391

Oorsig:

1. *Die syfers kan nie sinvol tussen die twee sinodale tydperke vergelyk word nie omrede die tydperke verskil met 'n jaar.*
2. *Indien ons op die gemiddelde syfers werk, kan die volgende vergelykings getref word -*

Per Boodskapper	**2017**	**2013**	
Direkte inkomste			
Verkoopprys	5.65	3.97	42%
Advertensie inkomste	0.35	0.44	-19%
	6.01	4.41	36%
Trek af: Direkte koste	-4.65	-3.61	29%
Drukkoste	3.94	3.16	
Posgeld	0.34	0.28	
Medewerkskoste	0.26	0.11	
Verpakker	0.10	0.06	
Surplus per Boodskapper	1.35	0.80	
Gemiddelde aantal gedruk	14 019	16 313	Boodskappers en Jeugboodskappers ingesluit.

3. Die surplus met die Boodskapper word aangewend om die Publikasie-afdeling se kostes te subsidieer
4. Die gemiddelde aantal Boodskappers en Jeugboodskappers het afgeneem met 2294 eksemplare of 14%, wat 'n faktor is van die lidmaattal wat afneem. Die bestellings word deur die kerkrade geplaas. Omrede die Boodskapper die Kerkverband se geskrewe mondstuk is, sou mens eintlik die oplaaggetal wou sien groei. Moontlik moet kerkrade besin daaroor hoe van hierdie kwaliteit tydskrif gebruik gemaak kan word om die Boodskap langs hierdie weg by kerklose persone te kry.

AANBEVELINGS

8.1 Die Sinode spreek sy dankbaarheid uit teenoor die gemeentes wat hulle Boodskapper-rekeninge so getrou betaal het.

8.2 Die Sinode versoek kerkrade weer eens om hulle intekengeld getrou te vereffen.

9. DANKWOORD

AANBEVELINGS

9.1 Die Sinode betuig sy hartlike dank teenoor alle medewerkers wat meehelp om van *Die Boodskapper* 'n lesenswaardige publikasie te maak.

9.2 Die Sinode betuig sy hartlike dank teenoor die Publikasie-afdeling in die Gemeenskaplike Kerkkantoor vir hulle bydrae tot die beplanning, versorging, verpakking en versending van *Die Boodskapper* en *Die Jeugboodskapper*.

9.3 Die Sinode spreek sy hartlike dank uit teenoor alle ondersteuners van ons kerkblaaie: lesers, adverteerders, intekenaars en almal wat daartoe meewerk om van dié spreekbuise binne die AP Kerk 'n sukses te maak. Die Sinode spreek die bede uit dat die Here *Die Boodskapper* en *Die Jeugboodskapper* ook vorentoe tot sy eer en tot opbou van die geloof sal gebruik.

Di. HSW Strauss (redakteur), IP du Preez (redaksielid).

VERSLAG: KOMMISSIE VIR DIE KERKARGIEF (KKA)
Tydperk: 4 September 2014 tot 12 April 2017

1. PERSONEEL

Primarii: Di. LD Greyling (voorsitter), MJ Mattheus (ondervoorsitter), oudl. MJ Louw.

Sekundus: Ds. NJ Grobler.

Ds. AS van Staden (Argivaris) is gekoöpteer en verkies as skriba tot en met sy uittrede op 31 Desember 2016.

2. VERGADERINGS

Die Kommissie het een keer vergader om die verslag aan die Sinode goed te keur. Dit het plaasgevind op 12 April 2017.

3. OPDRAGTE VAN DIE VEERTIENDE SINODE

3.1 AANSTELLING VAN KERKARGIEF-ASSISTENT (*Handelinge 2013*, pt. 6.1, bl. 266)

Die Kommissie vir die Kerkargief spreek sy dank uit teenoor die Gemeenskaplike Kerkkantoorkommissie vir die begroting vir en instelling van 'n Kerkargief-assistent. Mev. ME le Roux is in 'n halfdagpos aangestel en het tot aan die einde van Maart 2017 in die middae as Kerkargief-assistent gedien. Daarna het mev. A Smit die pos gevul.

AANBEVELING

3.1.1 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor mev. Le Roux vir waardevolle hulp verleen in die Argief en wens mev. Smit seën toe in die pos.

3.2 **ATA-VERGADERINGS IN STELLENBOSCH (***Handelinge 2013*, pt. 8.1, bl. 267)

Die Algemene Taakspan Kerkargief van die NG Kerk nooi elke jaar verteenwoordigers van verskillende kerkverbande se kerkargiewe om 'n vergadering in Stellenbosch by te woon. Die bedoeling is dat daar skakeling tussen die argiewe sal wees, veral t.o.v. doop- en lidmateregisters met die oog op genealogiese navorsing. Ds. Greyling het by verskeie geleenthede die ATA-vergaderings bygewoon.

Indien die AP Kerk steeds sinvol op hierdie gebied met die ander kerkverbande wil skakel, sal ons al ons registers na digitale formaat moet laat oorskakel. Dit word in die vooruitsig gestel dat daar dan skakels op elke kerkverband se webblad sal wees na ander kerkverbande se webblaaie, sodat daar aan navorsers toegang daartoe verleen kan word. By die vergaderings word ook inligting oor die nuutste stelsels en metodes van argivering uitgeruil.

Vanaf 2018 sal die ATA-geleenthede in die vorm van seminare aangebied word, waar kundiges oor verskeie aspekte van argivering sal optree en lesings sal aanbied met die oog op opleiding en bevordering van argivarisse en personeel betrokke by die argiewe van die verskillende kerke.

AANBEVELING

3.2.1 Die Sinode herbevestig sy besluit dat die voorsitter van die KKA en die Argivaris jaarliks die vergadering van die ATA in Stellenbosch sal bywoon en dra dit aan die volgende Kommissie op om jaarliks daarvoor te begroot.

3.3 **WEBWERF VIR SENTRALE KERKARGIEF** (*Handelinge 2013*, pt. 8.2, bl. 267)

Die Veertiende Sinode het besluit dat 'n webwerf vir die Kerkargief geskep moet word.

AANBEVELING

3.3.1 Die Sinode herhaal die opdrag van die Veertiende Sinode, maar verwys dit na die Publikasiekommissie met die versoek dat die webblad van die AP Kerk uitgebrei word om die Kerkargief te akkommodeer.

3.4 OPLEIDING VAN LERAARS, STUDENTE EN ADMINISTRATIEWE PERSONEEL (*Handelinge 2013*, pt. 8.4, bl. 267)

Die Veertiende Sinode het besluit dat die KKA metodes moet ondersoek om op 'n gereelde basis opleiding aan leraars, studente en administratiewe personeel in gemeentes te verskaf.

AANBEVELING

3.4.1 Die Sinode herhaal die opdrag aan die volgende KKA.

4. WERKSAAMHEDE

Die volgende dokumente behoort jaarliks deur gemeentes en ringe aan die Kerkargief gestuur te word:

4.1 GEMEENTELIKE STATISTIEK

Gemeentes ontvang jaarliks die *GEMEENTELIKE VERSLAGVORM AAN DIE RING* per omsendskrywe vanuit die Gemeenskaplike Kerkkantoor. Bladsye 1 tot 4 handel oor die gemeente se statistiek en 'n afskrif van die voltooide vorm moet jaarliks aan die Kerkargief gestuur word.

AANBEVELINGS

4.1.1 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor skribas van gemeentes en ringe wat gereeld die gemeentes se dokumente soos vereis, instuur.

4.1.2 Die Sinode doen 'n beroep op die groot getal gemeentes wat nie jaarliks hul statistiek aan die Kerkargief stuur nie om dit voortaan gereeld te doen. (Die Kerkargief kan gekontak word om vas te stel of elke gemeente se statistiek op datum is.)

4.2 VISITASIEVERSLAE

Die res van die *GEMEENTELIKE VERSLAGVORM AAN DIE RING* bevat riglyne aan ringe waarvolgens gemeentes verslag kan doen aan die ring. Afskrifte van hierdie voltooide verslae moet ook jaarliks aan die Kerkargief gestuur word.

AANBEVELING

4.2.1 Die Sinode doen 'n beroep op gemeentes wat nie jaarliks visitasieverslae aan die Kerkargief stuur nie om dit voortaan gereeld te doen.

4.3 AFSKRIFTE VAN DOOP- EN LIDMATEREGISTERS

Gemeentes moet afskrifte van hul doop- en lidmateregisters aan die Kerkargief stuur en dit daarna jaarliks opdateer deur verslag te doen van lidmate aangekom en vertrek en kinders gedoop gedurende die betrokke jaar.

AANBEVELING

4.3.1 Die Sinode doen 'n beroep op gemeentes wie se registerafskrifte by die Kerkargief nie op datum is nie, om dit onverwyld op datum te bring en voortaan jaarliks op datum te hou.

4.4 GEOUDITEERDE FINANSIËLE STATE

Elke gemeente se finansiële state moet jaarliks geoudit word en afskrifte daarvan moet na die Gemeenskaplike Kerkkantoor gestuur word. Nadat die Afdeling Finansies die inligting daarin verwerk het, word dit na die Kerkargief gestuur vir bewaring.

AANBEVELING

4.4.1 Die Sinode spreek gemeentes wat versuim om jaarliks geouditeerde finansiële state na die Gemeenskaplike Kerkkantoor te stuur aan, en versoek alle kerkrade om toe te sien dat dit jaarliks gedoen word.

4.5 HUWELIKSREGISTER

Daar word van alle leraars in die kerkverband verwag om benewens die huweliksregister van die staat, ook 'n huweliksregisterblad van ons kerkverband te voltooi van elke huwelik wat gesluit word. Hierdie huweliksregisterblaaie moet aan die Kerkargief gestuur word waar ons kerkverband se eie huweliksregister gehou word. Die betrokke blaaie kan by die Boekwinkel aangevra word.

AANBEVELINGS

4.5.1 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor leraars wat gereeld registerblaaie van ons kerkverband se huweliksregister voltooi en instuur.

4.5.2 Die Sinode versoek leraars wat nie gereeld registerblaaie van ons kerkverband se huweliksregister voltooi en instuur nie, om dit voortaan gereeld te doen.

4.5.3 Leraars word sterk aangeraai om afskrifte te maak van die staat se registerblaaie voordat dit by die Departement van Binnelandse Sake ingehandig word en dit ook na die Kerkargief te stuur vir bewaring.

4.6 DIGITALE VERSLAE

In die lig van die nuutste ontwikkeling word gemeentes versoek om bogenoemde verslae en registers voortaan ook in digitale format, volgens vorige sinodale voorskrifte, in te stuur aangesien die inligting in elektroniese formaat geberg gaan word.

AANBEVELING

4.6.1 Die Sinode herinner gemeentes daaraan dat alle verslae en registers ook in digitale formaat, volgens vorige sinodale voorskrifte, in die Kerkargief bewaar kan word.

4.7 GEMEENTELIKE ARGIVALIA

Gemeentes word opgeroep om alle dokumente, pamflette, gemeenteblaaie, jaarprogramme, afkondigings en ander stukke van historiese belang na die Kerkargief te stuur vir bewaring en toekomstige verwysing en navorsing.

4.8 NOTULES

Notules van kerkraad-, ouderlingeraad-, diakonie en ander kommissievergaderings is waardevolle stukke wat in die Kerkargief bewaar behoort te word.

AANBEVELING

4.8.1 Skribas van gemeentes word versoek om gereeld afskrifte (op skrif en/of elektronies) van notules van alle vergaderings in die gemeente na die Kerkargief te stuur vir bewaring.

4.9 FOTO'S

Foto's wat geneem word by gemeentelike funksies is ewe-eens waardevolle argivalia en kan gerus ingestuur word na die Kerkargief vir bewaring en toekomstige navorsing.

AANBEVELING

4.9.1 Skribas en lidmate word versoek om gereeld foto's wat geneem is by gemeentelike funksies na die Kerkargief te stuur. Foto's waarop persone voorkom, moet voorsien word van onderskrifte met die betrokke persone se name asook die geleentheid waartydens die foto geneem is.

4.10 RINGSDOKUMENTE

Ringsnotules en ander dokumente moet jaarliks na die Kerkargief gestuur word.

AANBEVELING

4.10.1 Die Sinode wys ringskribas op Bep. 37E en versoek dat daaraan uitvoering gegee word.

5. BESKRYWINGSPUNTE

5.1 RING VAN MIDDELBURG: VERTROULIKHEID VAN KERKAADSVERSLAE EN DOKUMENTASIE

Die Ring van Middelburg lê die volgende beskrywingspunt rakende Artikel 57.2 van die *Kerkorde* (2014) aan die Sinode voor. Volgens Sinodebesluit 8 (*Kerkorde 2014*, bl. 195-197) word die beskrywingspunt voorgelê met die versoek om dit voor die eersvolgende Sinode te lê.

Dié beskrywingspunt dien nie as beswaarskrif nie, omdat dit nie 'n bestaande sinode-besluit wil wysig nie, maar wil uitbrei.

Voorstel:

Die Sinode besluit dat alle notules van plaaslike kerkvergaderings (kerkraad-, ouderlingeraad- en diakensvergaderings en hulle kommissies) as vertroulike dokumente deur die Kerkargief hanteer word.

Geen plaaslike kerkvergadering se notule sal openbaar gemaak word sonder die medewete en skriftelike toestemming van die betrokke vergadering vir 'n tydperk van 25 (vyf-en-twintig) jaar nie.

Motivering:

Die vertroulikheid van kerkvergaderings kom in die gedrang indien notules in die openbare domein gestel word deur die Kerkargief. Dit inhibeer die vergaderings om notules aan die Kerkargief te stuur vir bewaring.

AANBEVELINGS

5.1.1 Die Sinode besluit die beskrywingspunt is formeel ontvanklik.

5.1.2 Die Sinode besluit om die beskrywingspunt in beginsel goed te keur.

5.1.2.1 Die Sinode dra dit aan die GKK op om ondersoek te doen na die finansiële implikasies en praktiese haalbaarheid van die voorstel met verslag aan die volgende Sinode.

Motivering:

Indien die beskrywingspunt goedgekeur word, sal dit behels dat elke gemeente se lêer wat tans in die Kerkargief is in twee verdeel moet word, sodat alle notules in afsonderlike lêers geliasseer word. Hierdie lêers moet afsonderlik geberg word in 'n ruimte waartoe slegs die argivaris toegang het. Dit sal, benewens 'n vergrote werkslas vir die argivaris, ook 'n tweede kluis of 'n aanvanklike verdeling van die bestaande kluis verg. Die koste van hierdie voorstel se implementering kan selfs meer as R500 000 beloop, maar daar sal eers saam met argitekte en bourekenaars na die bestaande gebou gekyk moet word om die werklike koste te kan bereken.

6. ARGIVARISPOS

In die lig van die geweldige taak om alle inligting in die Kerkargief digitaal te berg en dit beskikbaar te stel aan ander kerke se argiewe vir veral genealogiese navorsing, asook die implementering van die besluit by 5.1, is die KKA van oordeel dat die aanstelling van voltydse en selfs deeltydse personeel in die toekoms nodig mag word. Dit moet verkieslik persone wees wat in die rigting gekwalifiseer het en ook beskik oor 'n deeglike kennis van kerklike en gemeentelike administrasie en die vaardigheid om die relevante rekenaarprogramme te kan gebruik.

AANBEVELINGS

6.1 Die Sinode versoek die GKK om voortdurend in sy besinning oor personeel en poste ook die werksaamhede van die Kerkargief in ag te neem deur die skep en vul van voltydse en deeltydse poste soos dit deurlopend nodig is.

7. IN MEMORIAM (Bylae KKA1)

AANBEVELING

7.1 Die Voorsitter reël dat die Sinode op gepaste wyse meelewing betoon met die afsterwe van leraars sedert die vorige Sinode.

Hiermee vertrou die KKA dat hy sy opdragte uitgevoer het.


Di. LD Greyling, MJ Mattheus, AS van Staden, oudl. MJ Louw.

BYLAE KKA1

IN MEMORIAM

PROF.DR. JACOBUS CHRISTOFFEL LOMBARD (KOOS)

(23.01.1921 – 09.10.2013)



Hy was 'n stoere voorstander van die Christelike onderwys en wetenskap, wat hy op elke denkbare wyse probeer bevorder het. Die herinneringe aan hierdie hoog aangeskrewe en gewaardeerde teoloog en latere dosent/lektor, mentor en vriend, is aangenaam en kosbaar.

Prof. Koos Lombard is op 9 Oktober 2013 op 92-jarige ouderdom in Bloemfontein oorlede nadat sy gesondheid geleidelik agteruitgegaan het.

Prof. Koos was aan talle bekend vir die voortreflike wyse waarop hy die predikantsamp eers in die NG-moedergemeente van Nelspruit en daarna tot in 1959 in Noordhoek-gemeente in Bloemfontein vervul het. Verdere teologiese studie het egter gewag en daarvoor moes hy na Amsterdam, Nederland gaan. Daarna het steeds ander en nuwe horisonne gewag om verken te word, wat hom ook vir studie en deelname aan kongresse na ander wêrelddele geneem het, onder meer die VSA.

Deur sy kontakte met gereformeerde tersiêre instellings van oorsee het hy bande met erkende wetenskaplikes in die reformatoriese denktradisie opgebou wat vir die akademie in die algemeen en die saak van die VCHO in besonder groot voordeel ingehou het gedagtig aan die belang van Christelike onderwys en wetenskap.

Dit is veral bekend dat prof. Koos as departementshoof sedert 1970 die Departement Bybelkunde aan die UOVS gevestig en uitgebou het, waar hy ook later as hoogleraar afgetree het in 1986. Gedurende hierdie uitsonderlike tyd in die bestaan van die Universiteit, het talle studente van regoor die land die voorreg gehad om Bybelkunde te kon studeer afgesien daarvan of hulle hul as predikant sou bekwaam aldan nie. Bybelkunde, soos dit aan die UOVS aangebied was, het as volwaardige vakgebied 'n nuwe wêreld binne die akademie vir talle studente oopgemaak van wie nie almal noodwendig later predikant geword het nie, maar ook die onderwys en ander velde betreë het, met seënryke gevolge. Baie van sy oud-studente onthou die professor met die besondere vermoë om boeiend te kon klasgee. Hy het sy vakgebied uitmuntend geken. Onder sy bekwame studieleiding is talle nagraadse kwalifikasies verwerf.

Die vestiging van die Departement Bybelkunde het die weg geopen vir die totstandkoming van die huidige Fakulteit Teologie aan die UV, waar predikantsopleiding sedertdien ook in die Vrystraat aangebied kon word – 'n lankgevoelde behoefte tot in daardie stadium.

Vir ons was dit 'n buitengewone voorreg om prof. Koos persoonlik te kon ken, hierdie baie vrugbare jare van diens in belang van Gods Koninkryk, danksy sy aansteeklike ywer, met hom te kon meemaak en uit sy lewenswysheid te kon put. Hy was 'n stoere voorstander van die Christelike onderwys en wetenskap, wat hy op elke denkbare wyse probeer bevorder het. Sy verbondenheid met die VCHO was dus in vele opsigte 'n natuurlike saak waar hy die ruimte gevind het om hom vir hierdie lewenslange gekoesterde ideaal te beywer. Hy het vanuit vaste Calvinistiese oortuiging binne die VCHO daarvoor gewerk, maar ook daarbuite,

deur hierdie saak wat hom so na aan die hart gelê het te bevorder selfs jare ná sy emiritaat aan die Universiteit van die Vrystaat.

Prof. Koos het onvermoeid en met toewyding gewerk deur op akademiese en kerklike gebied, asook die volksakker, betekenisvolle bydraes te lewer. Verder sal sy bydrae tot die kulturele lewe onthou word. Hy was ná aftrede nog baie jare voorsitter van die Bloemfonteinse Kultuurraad, hoofbestuurslid van die FAK en voorsitter van die VCHO. Die herinneringe aan hierdie hoog aangeskrewe en gewaardeerde teoloog en latere dosent/lektor, mentor en vriend, is aangenaam en kosbaar.

Ons betuig hiermee ons opregte meelewing met mev. René Lombard en die drie seuns en 'n dogter wat uit hul huwelik gebore is. René het deur al die jare heen getrou aan prof. Koos se sy gestaan en gedurende die laaste jare waarin sy gesondheid verswak het, hom steeds tuis versorg en laat versorg. Ons bede is dat die naasbestaandes die ryke vertroosting van ons hemelse Vader sal ontvang.

Hugo Hayes

DS. LEON SKEIN

22 Maart 1938 – 8 Desember 2015



As prediker het Leon die gawe gehad om sy boodskap op 'n besonder helder wyse en in eenvoudige taal oor te dra....
Hy het ook pragtig voorgesing met sy welluidende stem.

Leon Skein het reeds as hoërskoolseun sy roeping as bedienaar van die Woord ontvang. Die boek *A man called Peter*, oor die beroemde Skotse prediker Peter Marshall, het destyds 'n besondere indruk op hom gemaak en hom geïnspireer om teologie te gaan studeer.

Ná skool het Leon die admissiediploma aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat behaal. Dit is hier waar hy Ina Rautenbach uit die Bothaville-distrik ontmoet het. Hulle het saam aan verskeie Admissiebondtoere deelgeneem waartydens Leon as toerleier opgetree het en is op 9 Desember 1961 getroud.

Ná verdere studie is Leon op 1 Februarie 1964 met handoplegging as predikant van die NG gemeente Ladismith (Kaapprovinsie) bevestig. Gedurende die daaropvolgende 25 jaar was hy in verskeie gemeentes van die NG Kerk werksaam.

Op 16 April 1989 het Leon en Ina lidmate van die AP Kerk geword. Hy is kort daarna as herder en leraar van die AP Kerk Heilbron bevestig. Daarna is beroepe na Lichtenburg, Riversdal, Tygerberg en Harrismith/Warden opgegevolg, voordat hy op 30 Maart 2003 geëmeriteer het.

As prediker het Leon die gawe gehad om sy boodskap op 'n besonder helder wyse en in eenvoudige taal oor te dra. Hy het baie ure aan voorbereiding bestee en het daaraan geglo om sonder teks te preek. Hy het ook pragtig voorgesing met sy welluidende stem. As predikantspaar het Leon en Ina mekaar uitstekend aangevul en waarlik die Here gedien met hul energie en talente.

Ná Leon se aftrede het hulle Kaap toe getrek om naby hul dogters en hul gesinne te wees. Tydens Ina se siekte vanaf Junie 2004 tot April 2008 het Leon haar wonderlik ondersteun en bygestaan. Dit was ook vir hom 'n besondere eer om self haar gedenkdiens te lei.

Ina se dood was vir Leon 'n groot verlies, maar sy onwrikbare geloof het hom daagliks gedra en hy het op bewonderenswaardige wyse aangepas by sy situasie. Hy moes self leer huishou en het ook vir die eerste keer geleer om 'n rekenaar te gebruik om e-posse te stuur en sy preke te tik.

Ná Ina se dood het Leon terugverlang na die deelwees van 'n gemeente. Hy is in 2009 vir 'n beperkte dienstermyn in die AP Kerk Worcester bevestig. Daarna volg 'n dienstermyn op Piketberg en ten slotte 'n tydperk van byna twee jaar in die AP Kerk Clanwilliam.

Ten spyte van gesondheidsprobleme in sy laaste jare was sy eerste prioriteit altyd om terug te kom in die gemeente sodat hy Sondag op die kansel kon staan om die Here se Woord te verkondig. Die naweek voordat hy ernstig siek geword het, het hy nog 'n gemeentekamp op Strandfontein gelei.

Ds. Leon Skein het werklik enduit sy roeping met oorgawe en toewyding uitgeleef. Hy het vele mense se lewens aangeraak tydens sy bediening en word met liefde onthou deur sy twee dogters, twee skoonseuns en vier kleindogters.

DS. ALBERTUS JOHANNES TAUTE (BERTIE)

16 Oktober 1927 – 29 Julie 2015



Die familie, gemeente, gemeenskap en vriende sal oom Bertie altyd onthou as 'n ware Godsman, waardig en geliefd.

Sy pastorale hulp was altyd Skrifgetrou, eenvoudig en eg met antwoorde vir vraende harte.

Oom Bertie was 'n geroepe dienskneg van die Here. 'n Student van die Woord. Hy het met wysheid van die grysheid baie mense diep aangeraak.

Sy prediking het gespreek van ure se studie en uitleg van die detail van die Woord. Sy pastorale hulp was altyd Skrifgetrou, eenvoudig en eg met antwoorde vir vraende harte.

Oom Bertie het na matriek by die ou Yskor se Beheerlaboratorium in Witbank gewerk. Hy het ingeskryf vir onderwysopleiding by Heidelberg Onderwys Kollege. Hy het daarna vir twee jaar in Derdepoort skool gehou. Hy het in die twee jaar verder gestudeer en sy B.A. in Bloemfontein verwerf. Hy begin sy teologiese opleiding in 1963 in die Nederduiste Gereformeerde Kerk. Sy eerste gemeente was die NG Gemeente Tzaneen vanaf 1973, sy tweede was die NG Gemeente Mooifontein vanaf 1976.

Hy word toegelaat as predikant in die AP Kerk op 8 Februarie 1988. Hy bedien die kombinasies Kemptonpark/Delmas, Kemptonpark/Brakpan en later net Kemptonpark. Hy emeriteer en bedank uit die AP Kerk in 1993.

Hy is weer op 21 November 2000 toegelaat as emerituspredikant in die AP Kerk. Hy bedien tydelik in Balfour en Nigel. In die tyd het hy en sy vrou, tannie Rina in Heidelberg huis gekoop en by AP Kerk Heidelberg ingeskakel. Heidelberg se gemeente was bevoorreg om

hulle as predikantspaar in die gemeente te hê. Die betrokkenheid by die ander twee gemeentes het oom Bertie en tannie Rina besig gehou, maar was nogtans baie aktief in Heidelberg.

Na die afsterwe van hulle seun, ook oud-leraar van die AP Kerk, het hy en tannie Rina rustiger geraak. Hy het diep spore in Heidelberg getrap en was geliefd in die gemeenskap. Altyd gereed met 'n bietjie boereraad vir die alledaagse kwale.

Na die afsterwe van tannie Rina het oom Bertie saam met sy seun Bertie (jr.) die huishouding manhaftig aan die gang gehou. Stadigaan het die gevolge van liggaamlike veroudering sy tol geeis en is hy tydens hospitalisering oorlede.

Die familie, gemeente, gemeenskap en vriende sal oom Bertie altyd onthou as 'n ware Godsman, waardig en geliefd. Hy laat 5 kinders, 2 skoonseuns, 'n skoondogter, 15 kleinkinders en 6 agterkleinkinders agter

Ds. Corneel Rautenbach

DS. DANIEL NICOLAAS VAN ZYL (DANIE)

28 Augustus 1943 – 18 Junie 2016



Ds. Danie het alles vir sy gemeente opgeoffer…. Hy was nooit te besig vir siekebesoeke of om 'n probleem vir 'n gemeentelid op te los nie….
'n Toonbeeld van die erkenning van God se genade.

Ds. DN (Danie) van Zyl is in 1998 bevestig as leraar van die Afrikaanse Protestantse Kerk Bloemfontein. Hy het gedien as leraar tot Junie 2013. Oor die afgelope 30 jaar het ons gemeente 8 leraars gehad waarvan hy tot op hede die langsdienende leraar was.

As ek moet dink wie ds. Danie was en hoe hy opgetree het in ons gemeente, dink ek dadelik aan sy altyd beskikbare oor. Ds. Danie het alles vir sy gemeente opgeoffer. Hy is in 2006 gediagnoseer met kanker en het in die tyd baie ernstige chemoterapie ondergaan. Hy het meer as een geleentheid homself uitgeboek by die hospitaal, teen doktersadvies, en die eredienste kom waarneem en lidmate begrawe. Hy was nooit te besig vir siekebesoeke of om 'n probleem vir 'n gemeentelid op te los nie. Ds. Danie het vir baie lidmate bygestaan met alimentasie - niemand het amptelik geweet daarvan nie, maar hy sou alles gee om te verhoed dat iemand sukkel.

Ds. Danie was baie lief vir sy honde en diere op die plaas. As daar 'n tydjie beskikbaar was, sou hy na sy plaas in die Smithfield-distrik toe ry en in die natuur deurbring. Hy was 'n man van die aarde.

Ds. Danie was ook baie lief vir musiek. Hy het baie op die kerkkoor gesteun om spesiale kerkdae in te kleur. Hy sou ook gereeld na sy eie musiek luister.

In sy afskeidspreek het hy gevra dat die bekende skildery van Johannes in die bladjie geplaas word. Dit was die essensie van sy afskeidsboodskap: Hy wou nie 'n gewilde leraar wees nie; hy wou nie hê mense moet hom verheerlik nie - hy wou 'n rigtingwyser na God

wees vir sy gemeente. Dit was ds. Danie voorwaar en lidmate sal vandag steeds praat van sy boodskappe wat gereeld baie ernstig en besielend was.

Ds. Danie was vir seker nie net 'n leraar nie. Hy was vir baie 'n getroue vriend. Hy was ook net 'n mens en kon grappies maak en saam stout wees. Hy kon lekker lag en ook soms saam hartseer wees.

In sy siekte van meer as 10 jaar was hy 'n voorbeeld van geloof en vertroue en het nooit gekla nie. Selfs dae wanneer ons kon sien hy is baie siek, was hy 'n voorbeeld en het sittende gepreek op die preekstoel. Soos ds. Henri Scherman by sy begrafnis in Junie 2016 gesê het, het hy nie die stryd teen kanker verloor nie. Hy is juis daardeur gevorm en kon vir sy gemeente en ander nader aan God bring in die baie moeilike tyd.

Om hulde aan hom te bring, is 'n eer en voorreg. Ek doen dit met liefde en dank aan 'n opregte onvoorwaardelike vriend, deernisvolle mentor en herder van God se gemeente.
Op sy begrafnis is die bekende lied van Koos du Plessis gespeel: "Wat ek is, is net genade". Dit was ds. Danie se lewe: 'n Toonbeeld van die erkenning van God se genade.

Willie Engelbrecht

DS. GIDEON JOZUA HUGO (DEON)

8 September 1944 - 27 April 2013



Hy sal onthou word as 'n Christen-Afrikaner in die beste sin van die woord. Teologies en kerklik het hy sterk gereformeerde beginsels gehandhaaf. In die volkslewe het hy hom vir die handhawing en uitbouing van die Afrikanerkultuur beywer.

Deon Hugo is in Winburg gebore as die oudste van drie kinders. Hy voltooi sy skoolloopbaan aan die Hoërskool Winburg waar hy van jongs af as redenaar uitblink. Hy skryf ook die liriek vir die skoollied wat vandag nog gebruik word.

In 1963 skryf hy by die Vrystaatse Universiteit in vir 'n B.A.-graad in die Geesteswetenskappe. Gedurende sy eerste jaar voel hy hom geroepe om predikant te word. 'n Preek oor Lukas 9:62 lei hom tot hierdie oortuiging: "Niemand wat sy hand aan die ploeg slaan en agtertoe kyk, is geskik vir die koninkryk van God nie".

Nadat hy sy B.A.-Admissie voltooi het, behaal hy die B.Th.-graad en die Lisensiaat in Teologie aan die Universiteit van Stellenbosch. Gedurende hierdie tyd speel hy 'n sterk leidende rol in die studentegemeenskap. Hy word verkies as adjunk-president van die Afrikaanse Studentebond, 'n landwye studente-organisasie.

Na sy studie aanvaar Deon die pos as nasionale organiseerder van die Vereniging vir Christelike Hoër Onderwys. Saam met dr. Manie Malan beywer hy hom vir die beginsel van Christelike onderwys in Suid Afrika. Hy voltooi ook sy B.A.-Honneurs aan die Universiteit van die Vrystaat.

Hierna word ds. Hugo predikant van die NG Kerk in Bloemfontein (Tweetoringkerk), Vanderbijlpark en Kroonheuwel-Noord (Kroonstad). Weens verswakkende gesondheid tree hy op vroeë ouderdom af. Na enkele jare se rus word hy beroep na die Afrikaanse

Protestantse Kerk op Belfast en daarna op Carolina waar hy in 2012 emeriteer weens steeds verswakkende gesondheid.

Deon trou met Susan de Koning. Uit die huwelik word vier kinders gebore: Mia, Attie, Leana en Susan. Deon se lojaliteit teenoor sy gesin het getuig van 'n man wat sy vrou en kinders innig liefgehad het, soos Christus sy kerk op aarde liefhet. Roy, Corne en Pieter het volkome deel van die gesin geword. Sy kleinkinders Taryn, Ted, Caroline, Denise en Marche was sy vreugde. Hy het heimlik gehoop dat hy nog 'n naamgenoot sou beleef.

Deon het die talle talente wat hy van God ontvang het in dankbaarheid gebruik om die evangelie op 'n besondere wyse en ten spyte van liggaamlike swakheid met volharding te verkondig. Hy het meer as 30 boeke gepubliseer. Sy digterlike aanvoeling kom op besondere wyse na vore toe hy die hele huweliksbevestiging van sy suster, Annette, in die vorm van 'n gedig geskryf het. Hy het ook besondere waardering gehad vir Afrikaanse skrywers en digters. NP van Wyk Louw se aangrypende gedig, *Die Profeet* (1937), het hom besonder na aan die hart gelê:

U het nie woord gehou met my, o Heer;
hier teen die helfte van my dae
staan ek verblind in U fel brand se lig,
ek wat die hoë sneeukop van genade
wou bereik, U stilte en oorskaduwing wou hê.
.....
Maar in my, in my, o Heer
soos die val van houe op 'n dowwe ding,
het U woorde en woede en skrik gekom
en my neergeslaan tot my knieë genadeloos,
totdat die nag my in 'n donker hoop
gehurk, en aan die snik gevind het.
.....
dat hierdie duisternis van my U lig
en waarheid is, hierdie verwarde spraak
U suiwer en deursigtige woord en sin;
dat al my onrus is die saamwaai met U magtige wind -
en Heer, ek staan weer sterk
in die andere genade wat U gee.

Deon Hugo se lewe het nie pynloos verloop nie; dit het dikwels in die teken van Ps. 39: 11 gestaan: *Die las wat U my opgelê het, laat my krag ingee.* Self het hy nog aan die einde oor die sin van die lewe soos volg geskryf:

"Die sin van die mens se lewe
word bepaal
deur wat jy maak met wat jy het
op elke plek waar dit God behaag
om jou te gebruik.
Anders is alles tevergeefs."


Sy lewe was inderdaad nie tevergeefs nie. Hy sal onthou word as 'n Christen-Afrikaner in die beste sin van die woord. Teologies en kerklik het hy sterk gereformeerde beginsels gehandhaaf. In die volkslewe het hy hom vir die handhawing en uitbouing van die Afrikanerkultuur beywer.

Ons dank God vir sy lewe.

Prof. Sybrand Strauss

DS. HENDRIK CHRISTOFFEL VAN DER MERWE (HENNIE)

6 Julie 1935 – 8 Augustus 2013



Hy was ’n kerkman, gesinsman en volksman. Huisbesoek was vir hom baie belangrik, en sy deur was 24 uur oop vir almal. Sy Bybelkennis was fenominaal. ’n Predikant tree nooit uit nie, het hy gesê, en hy het waarlik tot op die laaste gewerk met die hulp van Bo.

Ds. Hennie van der Merwe is na ’n 13 jaarlange stryd teen nierversaking op 8 Augustus 2013 in sy slaap oorlede.

Gedurende die week was hy siek, maar Sondagoggend was hy reg en het gaan preek, net om in die middag weer lank te gaan rus. Sy laaste preek was op 7 Julie 2013 in Johannesburg-Suid gemeente.

Hy is gebore op die plaas Elandsfontein, naby Randfontein. Hy matrikuleer aan die Hoërskool Monument in Krugersdorp en begin by Tukkies met sy B.A. in Teologie. Hy druip Latyn met 1 punt en kon nie verder studeer nie. Hy sluit aan by Buitelandse Sake en is vir 4 jaar diplomaat in New Orleans en New York in Amerika.

Met sy terugkeer doen hy die Latyn en word predikant in die Hervormde Kerk. In 1975 bearbei hy die gemeente Kuruman (wat strek tot in Upington), Durban 1976, Brakpan Harmonie 1982 en Turffontein in 1985.

Ds. Hennie sluit by die AP Kerk aan op 11 Februarie 1992. Op 24 Mei 1992 word hy bevestig in Springs/Delmas/Devon tot 1998. Later net Devon en Fonteine waar hy op 31 Augustus 2002 emeriteer as gevolg van die kanker. Met die kanker in remissie vertrek hy op 15 Junie 2003 as emeritus na Suidkus en bedien die gemeente tot 29 Februarie 2008, waarna hy weer terugkeer na Springs en die gemeente Fonteine bedien vanaf 8 Maart 2008 tot 28 Februarie 2010. Van 2011 tot 2013 preek hy in Johannesburg-Suid.

Hy was ’n kerkman, gesinsman en volksman. Huisbesoek was vir hom baie belangrik, en sy deur was 24 uur oop vir almal. Sy Bybelkennis was fenominaal. ’n Predikant tree nooit uit nie, het hy gesê, en hy het waarlik tot op die laaste gewerk met die hulp van Bo.

Hy het al 4 sy kleinkinders gedoop en die kleinseun in Johannesburg aangeneem, waarop hy toe op sy vraag moes antwoord voor die kansel en hardop gesê het: JA OUPA! Sy jongste kleindogter in Australië het hy d.m.v. die program "Skype" aangeneem.

Hy word gemis deur sy vrou, 2 dogters en 4 kleinkinders, familie, gemeentelede en vriende.

DS. JOHANNES ANDRIES VISSER (BASIE)

16 Junie 1928 – 27 Mei 2014



Ds. Basie was altyd gereed om die Woord te bedien - sonder of met karige vergoeding. Selfs aanranding deur die destydse veiligheidseenheid het nie gekeer dat hy en tannie Sarie voortgegaan het om met hart en siel die Boerevolk te ondersteun nie.

Ds. Johannes Andries Visser, of oom Basie, soos ons almal hom genoem het, is op 16 Junie 1928 gebore. Hy voltooi sy Diploma in Teologie en begin sy bediening as sendingleraar in 1952 te Coligny in die NG Kerk in Afrika.

In 1955 gaan hy na Lesotho om sendingwerk in Basoetholand te begin. In 1968 verhuis hy na die sendinggemeente in Meadowlands in Soweto. Ds. Basie was 11 swart tale magtig en kon dit in hierdie bedieningsveld met vrug toepas. Hy emeriteer Julie 1969.

In 1972 keer hy terug tot die bediening en hanteer Swartruggens, Groot Marico en die Madikwe Distrik. In 1978 word hy Jeugleraar van die Noord-Kaap. Hy bedien Heidelberg van 1982 tot 1984.

Ds. Basie was ’n stigterslid van die AP kerkverband op 27 Junie 1987. Hy bedien die Derby/Koster kombinasie van 13 Augustus 1987 totdat hy op 11 Augustus 1991 emeriteer.

Saam met sy vrou, wyle tannie Sarie, het hulle hul veral vanaf 1994 beywer om die Afrikanervolk te ondersteun met die Woord en daad. Al was hulself finansieel nie goed daaraan toe nie, was daar altyd nog plek vir ’n honger volksgenoot. Ds. Basie was altyd gereed om die Woord te bedien - sonder of met karige vergoeding. Selfs aanranding deur die destydse veiligheidseenheid het nie gekeer dat hy en tannie Sarie voortgegaan het om met hart en siel die Boerevolk te ondersteun nie.

Ds. Basie het voortgegaan om as emiritusleraar die AP Kerk Magaliesburg met beperkte opdrag te bedien vanaf l Augustus 2001 tot 2 Desember 2007.

Ds. Basie sal onthou word as ’n geliefde, saggeaarde en toegewyde dienskneg van die Here. Hy het ’n besondere manier gehad om Bybelvrae vanuit sy uitgebreide kennis van die Bybel te antwoord. In gesprekke gedurende Bybestudie het hy sonder om die Bybel te raadpleeg, antwoorde gegee. Selfs as jy hom probeer vasvra, sal jy die regte antwoord vind op die plek in die Bybel waar ds. Basie gesê het. Hy sal onthou word as die predikant wat vanaf die kansel vreesloos en kragtig vermaan het vanuit die Woord. Baie van sy gemeentelede, in verskeie dorpe, sal onthou hoe hy vanaf die kansel vele kere gewaarsku het: "Moenie kerk speel nie".

Hy laat ’n leemte by almal wat hom geken het wat nie gevul kan word nie. Ons dank die Vader vir die tyd wat Hy ds. Basie Visser aan ons geleen het. Ons gun hom die salige rus. "Ek en my huis sal die Here dien", was die leuse waarvolgens ds. Basie en tannie Sarie geleef het. Ons moet op hierdie nalatenskap voortbou

Ds. WA Burger (jr.)

DS. JOHANNES WILLEM JACOBUS HANEKOM (KOLIE)

24 April 1936 – 29 Januarie 2014



Kolie was koersvas, standvastig en ’n nederige, toegewyde kind van God wat met oorgawe in Gods akker gearbei het.

Deur die genade van ons Here was dit ons wonderlike voorreg om so ’n besondere mens as eggenoot, pa, skoonpa en oupa te kon beleef - ’n wonderlike voorreg vir my en ons kinders om aan Kolie se sy te kon staan. Sy liefde vir ons was groot, mooi, onbaatsugtig en onbeperk. Selfs voor sy heengaan het hy weereens seker gemaak dat elkeen van ons kinders en kleinkinders se saak met God reg is. Kolie was koersvas, standvastig en ’n nederige, toegewyde kind van God wat met oorgawe in Gods akker gearbei het. Dankie vir jou onbaatsugtige en troue liefde. Dankie vir die wonderlike, onvergeetlike 50 GOUE JARE saam met jou! Ons groet jou met groot liefde, deernis en verlange - tot ons weer ontmoet in heerlikheid!
Ellie en gesin.

Kolie is deur die wil van God gebore op 24 April 1936 te Garies. Hy groei op langs die Oranjerivier op Augrabies. Laerskool Augrabies, Hoërskool HTS Bloemfontein. Hy kwalifiseer en werk as ambagsman in Bloemfontein. Die Here roep hom tot sy diens en so begin hy intussen met sy studies en behaal die graad B.A. Admissie aan UOVS.

Op 14 Desember 1963 tree hy in die huwelik met Ellie Maria Britz van Bloemfontein. Uit die huwelik is twee dogters en een seun gebore. (Uit die kinders se huwelike is daar altesaam 10 kleinkinders gebore.) Begin 1969 vertrek die egpaar na Stellenbosch en begin Kolie sy studies aan die Kweekskool aldaar. In 1971 behaal hy die graad B.Th en in 1972 L.Th.

Op 28 Januarie 1973 word hy in die NG Gemeente De Aar georden en bevestig. Hy bedien ook die gemeente Griekwastad en word Kapelaan by die SAW. Grootfontein; Kapelaan Detensiekaserne, Boksburg, en Kapelaan Doornkop Militere Basis. Gedurende Maart 1993 neem hy pakket by die Weermag en word op 1 April 1993 in die AP Kerk beroepbaar gestel. Hy bedien die gemeentes Wesselsbron/Bothaville; Wesselsbron; Messina/Weipe en Weipe. Ds. Kolie emeriteer op 26 Mei 2002.

Op 16/08/03 word hy in Migdol bevestig. Hy emeriteer einde September 2013 en einde November 2013 vertrek die egpaar na Kleinfontein waar hy oorlede is.

Ons het ds. Kolie gerespekteer en waardeer vir die voorbeeld wat hy vir ons was - opreg en eg in handel en wandel. Sy boodskappe was suiwer volgens God se Woord - en so was sy hele lewensingesteldheid. Dit was vir my so sprekend dat hy sy ambag as ambagsman beoefen het, maar toe die roepstem van God kom om voltyds in sy diens te staan, was ds. Kolie gehoorsaam tot die einde toe. Ons is hartseer oor die verlies, maar gun hom die rus. Saluut!
Alet Hough - Delareyville/Migdol.

Ek het ds. Kolie leer ken as ’n eerlike, opregte kind van God. Hy het nie gestuit om die absolute waarheid van die Woord te verkondig soos wat die Gees hom gelei het nie. Hy was voorwaar ’n Godvresende man, 'n reguit man. Vir hom was daar geen middeweg nie.

Hy het ’n onbaatsugtige liefde vir sy God en sy volk gehad. Ds. Kolie het die Bybelstudie met soveel liefde en erns gelei. Dit was ’n heerlike ervaring om so saam te kon gesels oor die Woord en oor ons hemelse Vader. Dankie, ds. Kolie vir u onbaatsugtige liefde en gehoorsaamheid aan God. Dankie vir vertroosting, gebed en eerlikheid wanneer nodig. Dankie vir leiding, vermaning en geselsies oor die belangrikste Een in ons lewens. Rus in vrede aan die voete van Jesus, waar u so graag wou wees. Met groot liefde en alle eer aan ons hemelse Vader vir die voorreg om oom Kolie te kon ken as dominee en vriend in Jesus Christus.
Alet Bloem - ook namens almal wat hom liefgehad en waardeer het.

DS. ZACHARIAS BLOMERUS LOOTS (ZACHIE)

11 Junie 1921 - 31 Julie 2012



Bultfontein was sy eerste gemeente - 1 600 lidmate, in 300 huise en op 600 plase!

Geroepe dienskneg was hy, uitnemende pastor, geliefde en gewilde prediker - met so baie interessante beelde en voorbeelde uit die alledaagse lewe, dikwels staaltjies, wat hy graag in sy Skrifuitleg en toepassing ingevleg het om sy boodskap duidelik en onuitwisbaar tuis te bring - soos die geval van die dronklap wat hom byna uitgeboul het met: "Moenie worry nie, Doom! Een van die dae is ons daar bo, dan sing ons altwee in die koor en ons dra goue krone!"

Gedurende sy veelbewoë en kleurryke lewe kon Zachie Loots in sowat 50 verskillende gemeentes die evangelie verkondig, waaronder ook enkeles oorsee. In vier NG kerke was hy herder en leraar, die laaste in Pretoria-Noord, voordat hy hom in 1991 (70 jaar oud) by die AP kerkverband gevoeg en daarna die gemeentes Suidkus, Greylingstad/Balfour en Carnarvon bedien het. Vir ’n tyd lank was selfs lidmate in Paraguay sy arbeidsveld. Deurentyd was sy lewensmaat, Susan, die hulp wat by hom gepas het. Op uitnemende wyse het sy haar plek as gesins- en pastoriemoeder volgestaan.

Van kleintyd af het Zachie armoede geken. Met velskoene, een kakiehempie en een kakiebroekie moes hy klaarkom. Op Vrydae is dit gewas en dan moes hy sy slaapklere dra. Voorskools het hy dikwels saam met sy pa op die perd gery om te gaan skape tel. So het hy meermale tussen sy pa se bene gesit as daar stilgehou word en hy sy pa hardop kon hoor bid.

Reeds as laerskoolkind (st. 4) het hy Vrydagmiddae ’n paar skoolmaats huis toe genooi om biduur te hou. Die waarde van gebed het hy tot aan sy lewenseinde hoog geag. Toe hy nie meer mog motor bestuur nie, het hy gereeld "sommer oor die foon" vir geliefdes, vriende en medegelowiges gebid!

Hy onthou dat dr. Jac J Muller (’n uitstaande prediker) een Sondag in Prieska by die Sondagskool gevra het: "Wie wil eendag predikant word?" Die uitvloeisel daarvan was dat klein Zachie, by die kalkbanke in die veld, van kalkklip ’n kanseltjie gebou het waar hy kon "preek" vir sy "lidmate" (ronde klippe op die grond).

St. 7 en 8 het hy in Prieska voltooi. Op ’n stadium het hy ’n groot sielestryd beleef. Toe hy een naweek met die fiets weer die 25 km plaas toe ry, het hy onder ’n doringboom gestop en daar baie ernstig tot God gebid. Hy het ’n warm gevoel in sy bors ervaar - en dit was die einde van sy sielestryd. Tuis het hy met ’n spyker by die agterdeur ’n klein kruisie gemaak as herinnering aan die dag van sy bekering.

Wat ’n vreugde was dit vir hom toe hy op Stellenbosch prof. Jac Muller as leermeester kry! Ook het hy in sy lewe baie kon leer van die stuk of twaalf predikante in die Lootsfamilie.

Bultfontein was sy eerste gemeente - 1 600 lidmate, in 300 huise en op 600 plase! Sy eerste medeleraar was Mias de Klerk (later ook professor), met wie hy uiters aangenaam saamgewerk het. Watter jong predikant sal vandag vir so ’n gemeente kans sien sonder teer-paaie, en met dosyne der dosyne plaashekke!?

Hy het geglo aan reguit praat, nie doekies omdraai nie ("geen rugkrapper, soos talle hedendaagse predikante nie"). Aan ’n onverskillige jongman het hy op ’n dag gesê: "As jy so aanhou, maak jy die hemelpoort toe … en die hel se deure oop!"

Sy artikel, *Wat is die lot van 'n selfmoordenaar?* in *Die Boodskapper* van etlike jare gelede, laat hom aangedaan vertel van die man wat homself wou gaan skiet nadat hy agtergekom het dat sy vrou miergif gedrink het en nie aan beroerte dood is soos wat haar doodsertifikaat beweer het nie. Hy kon dié gedagte glad nie verwerk nie. Onderweg om sy eie lewe te gaan neem, val sy oog genadiglik betyds op die artikel en dit bring hom tot besinning. Hy het dadelik geskakel en sy dank oor die kosbare artikel betuig: “Doom, ek sou vandag in die hel gewees het!” Kort daarna is hy tot ampsdraer verkies en het vir nog baie jare pragtige werk gedoen. Toe ds. Zachie hom op ’n stadium vra hoe dit tans met hom gaan, was sy antwoord: “Doom, ek is nou in die middel van die smal weg!”

Sulke staaltjies uit sy bediening was vir hom kosbare juwele. So was daar ook die geval van ’n mediese dokter wat tot bekering gekom het. Hy en sy gade het toe tesame belydenis van geloof afgelê. Direk daarna het hulle twee kinders ten doop gehou. “Daardie dag was daar nie ’n droë oog in die kerk nie!”

Dit het hom hewig ontstel dat iemand op ’n keer by hom gekla het: “Dominee, ek gaan al 18 jaar lank kerk toe, maar ek gaan elke Sondag honger huis toe.”

Vir hom was dit ’n uiters belangrike beginsel dat die predikant sy huiswerk deeglik moet doen om dan baie goed voorbereid op die kansel te kan klim. Maar eers moet hy op sy knieë wees, en soekend met Gods Woord omgaan. Prof. Jac Muller se woorde het hom altyd bygebly: “Sorg eers dat jy self kos inkry. Daarvoor het jy bronne nodig – resepteboeke en kookboeke. Leer by die groot predikers , studeer baie en doen jou eksegese!”.

As plaasseun het hy geweet die diere moet hulle kos en water hê. ’n Boorgat met sy toerusting is nodig, ook die krippe. Die predikant as herder moet sy kudde lei na waters waar daar rus is, en na groen weivelde. Sy waterbron is die Bybel, die Woord sy dam. “My mond is die kraan. Van die kansel af moet ek die kraan oopdraai!”

Om vrugbaar in die wingerd van die Here te kan arbei, was na sy mening sekere dinge onontbeerlik: Innige gebedsomgang met die Here, onophoudelike intensiewe Bybelstudie, gereelde huisbesoek en getroue pastorale versorging. Sy hele bedieningstyd het daarvan getuig, soos geblyk het uit sy behoefte om, selfs op hoë ouderdom, nog te troos waar hy kan, en met Woordbediening behulpsaam te wees – dikwels sonder om vergoeding te verwag. Vir my persoonlik het hy onverwags ’n vriend en vaderfiguur geword op ’n tydstip toe ek troos en hulp baie nodig gehad het.

Mag ons troue Verbondsgod ook die toegewyde arbeid van hierdie dienskneg van Hom bevestig en honderdvoudig vrug laat dra!

Ds. Jurie Venter

PROF.DR. WILLEM JACOBUS GERHARDUS LUBBE (WILLIE)

25 September 1922 – 2 Januarie 2017



…'n inspirerende heer wat altyd net die beste gee en verwag.
Ons sal hom onthou as 'n uitstaande profeet wat deur die Here aan die Afrikaner gegee is in 'n kritieke tyd van sy volksbestaan.

"Toe, sien jy? Jy kan mos…" Dit was die woorde van 'n uitnemende dosent daar in die vyftigerjare toe ek vir 'n verandering nie te sleg gevaar het in 'n Griekse (of Latynse?) toets nie. So het ek Willie Lubbe leer ken: 'n inspirerende heer wat altyd net die beste gee en verwag. Hy self het die M.A.-graad in Grieks en Latyn (met lof) behaal en die doktorale eksamen, met Latyn as hoofvak in Leiden, Nederland, geslaag.

Hy het sy eerste ervaring in kerklike diens as predikant opgedoen in Natal in die NG-gemeente Vryheid en daarna in Vryheid-Oos. In 1965 word hy verkies as moderator van die Natalse sinode. In 1967 word hy redakteur van *Die Kerkbode* tot einde 1970. Na 'n tydperk as redakteur van *Die Afrikaner* keer hy in 1972 terug na die akademie as senior lektor in klassieke tale by Unisa en sedert 1974 as professor.

Voor die Algemene Sinode van die NG Kerk in 1986, het groepe predikante en ander lidmate op verskeie plekke oor die gepubliseerde agenda begin praat, in besonder oor die aanbevelings in die studiestuk *Kerk en Samelewing.* Ek was by geleentheid teenwoordig toe een van die groepe in Pretoria onder leiding van prof. Lubbe die saak bespreek het. "Wat gaan julle maak as die sinode die aanbevelings goedkeur?", het ek in 'n laat stadium van die bespreking gevra. "Dan loop ons", het prof. Lubbe geantwoord. Ek het gepleit: "Nee, moenie. Wag eers en kyk wat maak die streeksinodes daarmee". Op 1 November 1986 (binne 7 dae na afloop van die Algemene Sinode) is 'n byeenkoms van beswaarde lidmate in Pretoria gehou. Die besluite daar en verder aan kan gelees word in die AP Kerk se feesbundel *God laat groei* (p. 12). Diegene van ons wat gewag het op die streeksinodes, het tevergeefs gewag … Terloops, dit is die moeite werd om die gemelde feesbundel weer van vooraf te lees. Trouens, dit is verpligte leesstof vir enigeen wat die aandeel van prof. Lubbe in die totstandkoming van die Afrikaanse Protestantse Kerk na waarde wil skat.

Oor die jare heen het ons saam aan verskeie verenigings en organisasies behoort. So byvoorbeeld was hy die vanselfsprekende keuse toe 'n paar stigterslede van die *Vereniging Bybel en Volk* gesoek het na 'n bekwame voorsitter. Dit was ook die geval met ander behoudende organisasies in die volkslewe.

Binne die AP kerkverband het ek die voorreg gehad om ten nouste met prof. Lubbe saam te werk. Hy was voorsitter van die eerste ses sinodes en ek die skriba. Met groot wysheid het hy elke vergadering gelei. Een uitstaande voorbeeld is hoe hy botsende voorstelle oor watter Bybelvertaling vir amptelike gebruik in die AP Kerk gekies moes word, op so 'n wyse herformuleer het dat al die standpunte (en die voorstanders daarvan!) versoen is.

Die uitvoering van sinodebesluite deur die betrokke kommissies moes berus op die korrekte notulering en oordrag van die besluite – eerstens ons verantwoordelikheid in samewerking met die Sentrale Kerkekommissie (SKK) en die ander betrokke kommissies. Prof. Lubbe het dikwels op uitnodiging of in opdrag van die SKK besoeke aan gemeentes of ringe afgelê en soms het ek hom vergesel. Om reg te laat geskied aan sy arbeid op alle vlakke is 'n onbegonne taak binne die perke van hierdie artikel. Selfs die bundel *God laat groei* en die

maandblad *Die Boodskapper* van die jare waarin prof. Lubbe Redakteur daarvan was, bied maar 'n beperkte venster op sy arbeid en waarde.

Op 'n dag het prof. Lubbe gesê: "Onthou, die duiwel is lafhartig. Daarom sê die Bybel: *Weerstaan die duiwel, en hy sal van julle wegvlug* (Jak. 4:7)." Dit is 'n bemoedigende woord. In Johannes 8:44 waarsku Christus dat die duiwel van die begin af 'n mensemoordenaar is wat nie in die waarheid staan nie. Die apostel Petrus het gewaarsku: *Wees nugter en waaksaam, want julle teëstander, die duiwel, loop rond soos 'n brullende leeu en soek wie hy kan verslind* (1 Petr. 5:8). *Hom moet julle teëstaan…* Uit so 'n onderonsie kom niemand ongeskonde nie. Paulus waarsku in Efesiërs 6:10-20 ook oor die worstelstryd. Dit het hom en Petrus en die Here Jesus hulle lewens gekos. Ons almal dra littekens en dit kan niemand ons verwyt nie, op grond van Christus se oorwinning. Daarom kan ons ook prof. Lubbe ongekwalifiseerd eer.

Ons sal hom onthou as 'n uitstaande profeet wat deur die Here aan die Afrikaner gegee is in 'n kritieke tyd van sy volksbestaan.

Ds. Mechiel Adendorff

VERSLAG: KOMMISSIE VIR JEUG EN VERBONDSONDERRIG (KJV)
Tydperk: September 2013 tot April 2017

1. PERSONEEL

Primarii: Di. NJ Swart (voorsitter), F de Bruin (skriba), WJ Malan, SA Roets, S Hoffman, CR Vermaak.

Sekundi: Di. P Malan, HLJ Erasmus, JS Coetzee.

2. VERGADERINGS

Daar is vier amptelike vergaderings tydens die KJV se huidige termyn gehou. Hierdie vergaderings het plaasgevind op 5/11/2013, 15/10/2014, 19/04/2016 en 26/04/2017.

3 WERKSAAMHEDE VAN DIE KOMMISSIE

3.1 VERBONDSONDERRIGKURSUS

'n Verbondsonderrigkursus is in 2014 aangebied deur di. H Scherman, HSW Strauss en CR Vermaak.

AANBEVELINGS

3.1.1 Die Sinode spreek sy dank uit vir die aanbieding van die Verbondsonderrigkursus.

3.1.2 Die Sinode neem kennis dat die kommissie die beskikbaarstelling van die opleidingsmateriaal op DVD verder ondersoek.

3.2 BYBELKENNISEKSAMEN

Die Kommissie het die besluit van die sinode geïmplementeer om die eksamens jaarliks tydens Mei af te lê. Die verskuiwing het nuwe uitdagings opgelewer waarvoor die Kommissie oplossings moes vind. Die verskuiwing het 'n impak op die skoliere se voorbereiding vir die Junie-eksamens gehad. Daar is gepoog dat vraestelle gereed moes wees teen 1 Mei van elke jaar en ruimte is gelaat dat gemeentes die vraestelle kon aflê tussen die eerste Sondag in Mei tot die laaste Sondag in Mei. Dit was in sommige gevalle nodig om eksamens eers ná die Junie-skoolvakansie af te lê.

Die Suid-Afrikaanse Poskantoor het vanaf 2014 ernstige stakings beleef wat 'n groot impak op die ontvangs van vraestelle en die versending van sertifikate gehad het. Dit het gelei tot groot frustrasie vir die gemeentes en die Kommissie.

Die Kommissie het 'n wysiging in die werkswyse van die jaarlikse eksamen vanaf 2016 in werking gestel om logistiese probleme uit die weg te probeer ruim. Vraestelle was steeds beskikbaar op die webblad en 'n kopie is per pos aan gemeentes versend. Elke gemeente was verantwoordelik vir die merk van hulle eie vraestelle en memorandums is vir hierdie doel beskikbaar gestel. Sertifikate is ontwerp sodat gemeentes self die resultate van die eksamen tydig kan verwerk en self die sertifikaat in hulle eie omgewing kan laat druk. Navrae aangaande die proses is hanteer en alles het bevredigend verloop. Hierdie proses plaas egter die verantwoordelikheid van die statistiek op die gemeente. Die Kommissie het ongelukkig nie elke gemeente se statistiek ontvang nie.

Die eksamen van 2017 is weer op die hersiene wyse hanteer.

AANBEVELINGS

3.2.1 Die Sinode neem met dank kennis van die opstel van vraestelle en toesig van die Bybelkenniseksamen.

3.2.2 Die Sinode besluit dat die jaarlikse Bybelkenniseksamen op enige Sondag vanaf 1 Mei geskryf kan word.

3.2.3 Gemeentes word steeds aangemoedig om betrokke te bly in die groei van Bybelkennis deur die jaarlikse skryf van die eksamen vir die dooplidmate asook vir belydende lidmate.

3.2.4 Die Sinode neem kennis van die verandering in werkswyse.

3.3 OPSTEL VAN HANDBOEKE VIR VERBONDSONDERRIG

Die KJV het volgens sy lasgewing die verantwoordelikheid vir die opstel van handboeke. Die a*d hoc*-kommissie vir die herskryf van verbondsonderrigboeke is besig om aan die saak aandag te gee.

4. BESKRYWINGSPUNTE

4.1 RING VAN KLERKSDORP: BEVORDERING VAN BYBELKENNIS ONDER DIE JEUG

Voorstel:

Die Sinode besluit dat dit aan die Kommissie vir Jeug en Verbondsonderrig opgedra word om ’n Bybelstudieprogram op te stel vir gebruik in persoonlike stiltetyd en by huisgodsdiens ter verbetering van die gemeente se Bybelkennis.

Motivering:

Dit is al geruime tyd ’n kommerwekkende tendens dat daar ’n gebrek aan Bybelkennis by lidmate en die verbondsjeug bestaan. Die kerkverband behoort daadwerklik gemeentes aan te moedig en te begelei om aan die probleem aandag te gee.

Die Boodskapper kan hier ’n belangrike rol speel deur plek in te ruim vir ’n Bybelstudieprogram wat maandeliks gevolg kan word. Sodanige Bybelstudie vervang nie die reeds bestaande dagstukkies van die *Kerkjaarboek* nie. Die Bybelstudie moet bruikbaar wees vir huisgodsdiens en kerklike jeugwerk in die gemeente. Dit kan die gevolg hê dat meer lidmate aan die jaarlikse Bybelkenniseksamen sal deelneem.

Die Bybestudie kan so aangebied word dat dit rekening hou met die samestelling van die verbondsjeug en homogene groepe in die gemeente byvoorbeeld kerkraad, susters, kinders, ensovoorts. Die Bybelkenniseksamen se vraestel kan hierdie groepe in ag neem sodat die jaar se Bybelstudie en sake wat *Die Boodskapper* weer wil beklemtoon dan as opgawe vir die eksamen kan dien.

Jeugwerk is kerkwerk en is deel van die verkondiging van die evangelie deur die ampte in die gemeente aan lidmate. Jeugwerk het nie net verbondskinders as voorwerp van bearbeiding en begeleiding tot volwasse lidmate nie, maar die jeug is ook ’n werkkrag in die gemeente waar verbondskinders in hulle besondere lewensfase onder eiesoortige omstandighede uit dankbaarheid diensbaar kan wees en in gehoorsaamheid aan die Here van die kerk, Jesus Christus.

Jeugwerk is meer as net die toepassing van die verbondsonderrig. Jeugwerk kan ’n geleentheid wees om antwoorde te gee oor aktuele sake en hier kan *Die Boodskapper* nog

groter invloed hê op die gesin. Lidmate en verbondskinders se Bybelkennis kan so verbeter word en so kry hulle ook antwoorde op vrae oor aktuele sake van die dag.

AANBEVELING

4.1.1 Die Sinode besluit die beskrywingspunt is nie formeel ontvanklik nie.

Motivering:

Die saak word klaar gereël deur sinodebesluite wat die KJV opdrag gee om programsketse en *Woord in die Hart* beskikbaar te stel. *Woord in die Hart* het juis met die oog op dit waarvoor die beskrywingspunt vra, ontstaan. Die Sinode het verder reeds kerkrade en ringe daartoe versoek om daadwerklike aandag te gee aan hoe om die kerkjeug so te lei dat hulle heelhartig met die gees en beginsels van die AP kerkverband identifiseer (*Handelinge 1999*, 463, 6.4).

4.2 RING VAN KLERKSDORP: JEUG EN VERBONDSONDERRIG-STRATEGIE

Voorstel:

Die Sinode besluit dat 'n meer uitgebreide en omvattende jeugstrategie m.b.t. die jeug as die kerk van vandag op pad na môre ingestel moet word.

Motivering:

1. 'n Jeugstrategie is nodig waarin daar gereeld gefokus sal word op die verskillende homogene groepe in die kerk in hulle bepaalde lewensomstandighede, maar waar hulle ook gesamentlik hanteer sal word as kerkjeug wat deel is van die gemeente wat gekonfronteer word met sake van die dag. Jeugwerk is kerkwerk m.a.w. werk aan die jeug in die kerk, maar ook werk van die jeug in die kerk. Dus nie net 'n voorwerp van bearbeiding nie, maar ook 'n dankbare werkkrag in die kerk.
2. Jeugwerk as kerkwerk sal aandag kry in die pastoraat, die ouderlinge- en diakenbesoeke. Daar moet ook gereeld in die erediens gefokus word op hierdie homogene groepe in die jeug (soos met die sorg aan die bejaardes in die gemeente).
3. 'n Maandeliks uitgewerkte jeugbyeenkomsprogram word aan alle gemeentes gestuur, o.m. via *Die Boodskapper* - 'n program met 'n tema en verloop wat aangepas kan word vir elke homogene groep, in hulle fase en in hulle lewensomstandighede, wat aktueel is. So word die jeug toegerus met antwoorde op die sake van die dag wat aktueel is en word hulle sinvol begelei om dit positief te hanteer deur sterk standpunt in te neem.
4. Kampe is al etlike jare nie meer 'n aantrekking vir jongmense nie en het met die tyd uitgedien en duur geword. Staptoere met temas is meer gewild en meer avontuurlik en goedkoper vir jongmense. Temas kan met 'n enkele inset hanteer word en die dag se stap bied geleentheid vir groepies om in kleingroep-verband te funksioneer. Die aande om die vuur is 'n gulde geleentheid om terugvoer te verkry op die dag se tema en uitkomste. Programme en temas moet aktueel wees en die behoeftes van die jongmense en verbondsjeug aanspreek. Hierdie teikengroepe in die teikenbevolking van die kerk het sinvolle kerklike begeleiding dringend nodig. Jeugwerk is meer as net die aanbied van die verbondsonderriglesinhoude, omdat jeugwerk antwoorde moet bied op uitdagende aktuele sake van die dag wat roep om antwoorde in die leefwêreld van jongmense (dalk meer as ooit tevore).

AANBEVELINGS

4.2.1 Die Sinode besluit dat die beskrywingspunt nie formeel ontvanklik is nie.

4.2.2 Die Sinode versoek kerkrade om die aanvaarde publikasie *Riglyne vir jeugbearbeiding binne die AP kerkverband* te gebruik.

4.2.3 Die Sinode versoek kerkrade om met vrymoedigheid by die KJV advies aan te vra oor jeugbearbeiding.

Motivering:

Die saak word reeds gereël deur die sinodebesluit wat die KJV opdrag gee om doelgerig leiding te gee met jeugaktiwiteite (*Handelinge 1989*, bl. 494, pt. 4.6). Die besluit is ook reeds opgeneem in die KJV se lasgewing en kry die nodige aandag.

5. SLOT

Die KJV vertrou dat hy sy opdragte bevredigend uitgevoer het en bid die Sinode en al die gemeentes die seën van die Here toe.

Di. NJ Swart (voorsitter), F de Bruin (skriba).

VERSLAG: GEMEENSKAPLIKE KERKKANTOORKOMMISSIE (GKK)
Tydperk: 4 September 2013 tot 17 Mei 2017

1. PERSONEEL

1.1 LEDE DEUR DIE SINODE VERKIES

Primarii: Oudle. HR Lemmer, JH Bakkes (bedank op 7 April 2016), JHE du Plessis, JM Maritz.

Sekundi: Oudle. MD Maree (opgeroep in die plek van JH Bakkes vanaf 11 April 2016) en GL Maritz

1.2 LEDE BENOEM

Rektor van die Afrikaanse Protestantse Akademie: Prof.dr. JAE Adendorff

Deur SKK:

Primarius: Ds. PJ Möller

Sekundus: Ds. A Hough (bedank 31 Maart 2016)

Deur KKS:

Primarius: Ds. JL Schütte

Sekundus: Ds. WJA van Schalkwyk

1.3 AMPSDRAERS

Voorsitter: Prof.dr. JAE Adendorff

Ondervoorsitter: Di. JL Schütte tot 31 Desember 2016, PJ Möller vanaf 1 Januarie 2017

Direkteur van Kerkadministrasie: Prof. IA Brink (adviserend) tot 31 Desember 2016, ds. JL Schütte (adviserend) vanaf 1 Januarie 2017

Administrateur: Mnr. LJ Korkie (adviserend), tree op as skriba tot 31 Maart 2017

Rekenmeester: Mnr. GJ Jansen van Rensburg (adviserend), tree op as skriba vanaf 1 April 2017

1.4 DAGBESTUUR

Voorsitter: Prof.dr. JAE Adendorff

Ondervoorsitter: Di. JL Schütte tot 31 Desember 2016, PJ Möller vanaf 1 Januarie 2017

Direkteur van Kerkadministrasie: (*ex officio*) Prof. IA Brink tot 31 Desember 2016, ds. JL Schütte vanaf 1 Januarie 2017,

Skriba: Mnr. LJ Korkie tot 31 Maart 2017, mnr. GJ Jansen van Rensburg vanaf 1 April 2017

Ná die emeritering van prof. IA Brink het die GKK ds. JL Schütte as direkteur van kerkadministrasie benoem.

Die administrateur, mnr. LJ Korkie, het ná die afsterwe van sy vrou besluit om na sy kinders in die Verenigde State van Amerika te verhuis. Hy het gevolglik bedank ná 'n dienstydperk van 26 jaar.

AANBEVELINGS

1.4.1 Die Sinode neem kennis van prof. IA Brink se emeritering op 31 Desember 2016.

1.4.2 Die Sinode bedank prof. IA Brink vir die elf jaar wat hy die kerk getrou gedien het as direkteur van kerkadministrasie en het groot waardering vir die gesindheid en toewyding waarmee hy sy roeping nagekom het.

1.4.3 Die Sinode neem kennis dat ds. JL Schütte benoem is as direkteur van kerkadministrasie vanaf 1 Januarie 2017.

1.4.4 Die Sinode bid ds. JL Schütte die Here se seën toe op hierdie taak.

1.4.5 Die Sinode bedank mnr. LJ Korkie vir die 26 jaar diens aan die kerkverband en bid hom die Here se seën toe op sy nuwe lewe in die VSA.

1.5 PROSEDURE VIR DIE BENOEMING VAN DIREKTEUR VAN KERKADMINISTRASIE

Die GKK het 'n "Prosedure vir die benoeming van Direkteur van Kerkadministrasie" saamgestel (kyk Bylae GKK1).

AANBEVELING

1.5.1 Die Sinode neem kennis van die "Prosedure vir die benoeming van Direkteur van Kerkadministrasie."

Motivering:

Tot dusver is die direkteur van kerkadministrasie deur die GKK benoem, terwyl sy pligstaat hom ampshalwe by al die sinodale kommissies betrokke maak. Die GKK meen dus dat ander sinodale kommissies ook by die benoemingsproses betrek moet word, maar wil ook die gemeentes in die kerkverband in die toekoms by die proses betrokke maak. Verder reken die GKK dat hierdie prosedure groter deursigtigheid sal bring rakende die benoeming van 'n direkteur van kerkadministrasie. Dit bring ook die prosedure in ooreenstemming met die prosedure wat gevolg moet word by die benoeming van 'n teologiese dosent, soos ooreengekom tussen die GKK, AP Akademie en die Kuratorium.

1.6 EIENDOMSKOMITEE

Die GKK het uit sy eie geledere die volgende lede op die Eiendomskomitee aangewys:

Oudle. HR Lemmer, JHE du Plessis, JH Bakkes (bedank op 7 April 2016) en MD Maree (in die plek van JH Bakkes vanaf 11 April 2016). Soos wat uit die res van die verslag sal blyk, het hierdie eiendomskomitee groot werk verrig sedert die vorige Sinode.

AANBEVELING

1.6.1 Die Sinode bedank die lede van die eiendomskomitee vir die tydrowende dienswerk wat hulle die afgelope vier jaar aan die kerkverband gelewer het.

1.7 RAAD VAN TRUSTEES/ WAAKSAAMHEIDSKOMITEE VAN DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK PENSIOENFONDS

Die GKK het die volgende persone aangewys om die werkgewer te verteenwoordig tesame met die trustees wat deur die werknemerslede van die Afrikaanse Protestantse Kerk Pensioenfonds verkies is:

Oudl. HR Lemmer, mnre. PJ Fouché (tot 1 Desember 2016) en AJ Jacobs.

Die 3 ledeverteenwoordigers was:

Prof. IA Brink, mnr. GJ Jansen van Rensburg namens die bydraende lede, mnr. LJ Korkie namens die afgetrede lede.

1.8 VERTEENWOORDIGER OP DIE RAAD VAN DIE AP AKADEMIE

Die GKK het oudl. JHE du Plessis aangewys as die verteenwoordiger van die GKK op die Raad van die AP Akademie.

1.9 *AD HOC*-KOMITEES

Die GKK het op gereelde basis volgens behoefte *ad hoc*-komitees benoem wat almal aan die GKK verslag gedoen het.

2. VERGADERINGS

In die verslagtydperk het die GKK 23 vergaderings gehou, naamlik **13** gewone vergaderings op: 04/09/2013; 1/11/2013; 14/03/2014; 01/08/2014; 24/10/2014; 13/03/15; 31/07/2015; 30/10/2015; 10/03/2016; 29/07/16; 28/10/16; 10/03/17; 17/05/2017; **4** buitengewone vergaderings op: 11/11/2014; 05/12/2014;16/09/2016; 24/11/2016; **3** telefoonvergaderings op 15/02/2015; 24/08/2015; 19/08/16; **2** *ad hoc*-vergaderings saam met die subkommissie oor eiendomme op: 28/08/2014; 11/05/2015 en **1** gesamentlike telefoonvergadering met die PK op 19/11/2015.

3. PERMANENTE PERSONEEL

3.1 GEMEENSKAPLIKE KERKKANTOOR

3.1.1 Direkteur van Kerkadministrasie: Prof. IA Brink tot 31 Desember 2016; ds. JL Schütte vanaf 1 Januarie 2017
3.1.2 Sekretaresse vir die Direkteur: Mev. AM Brink tot 31 Desember 2016; mev. HC de Wet vanaf 1 Januarie 2017
3.1.3 Administrateur: Mnr. LJ Korkie (vaste termynkontrak) tot 31 Maart 2017
3.1.4 Sekretaresse vir die Administrateur: Mev. A Smit tot 31/03/2017
3.1.5 Rekenmeester: Mnr. GJ Jansen van Rensburg
3.1.6 Rekeningkundige beampte: Vakant
3.1.7 Rekeningkundige beampte: Mnr. DG Behrens
3.1.8 Rekeningkundige beampte: Mnr. BJD Potgieter
3.1.9 Rekenaaroperatrise/klerk: Mej. JG Bresler
3.1.10 Rekeningkundige klerk: Mev. ME le Roux
3.1.11 Argivaris: Ds. AS van Staden (vaste termynkontrak) tot 28/02/2017
3.1.12 Kerkargief-assistent: Mev. A Smit vanaf 01/04/2017
3.1.13 Afdelingshoof Publikasies: Dr. CA Swanepoel (tot 31/12/2015);
Ds. HSW Strauss (vanaf 01/02/2016)
3.1.14 Senior Publikasiebeampte: Mev. JP van Lille (Oggendpos – vaste termynkontrak)
3.1.15 Junior Publikasiebeampte: Vakant
3.1.16 Elektroniese Ondersteuningsbeampte Bemarking en Webblad: Mnr. M Gouws
3.1.17 Hoofklerk, Boekwinkel: Vakant
3.1.18 Senior klerk, Boekwinkel: Mnr. JA Bierman

3.1.19 Boekwinkelklerk: Mnr. JJ Coetzer
3.1.20 Ontvangsdame/tikster: Mev. ME Venter
3.1.21 Skoonmaker: Vakant

Gedurende die verslagtydperk het die volgende personeelwisseling plaasgevind:

Bedankings/aftrede/afleggings/sterftes

Mev. AMJ Coetzee (31/01/2014) – bedank
Dr. CA Swanepoel (31/12/2015 – aanvaar benoeming as dosent by Die Afrikaanse Protestantse Akademie)
Mev. A Brink (31/12/2016) – aftrede
Prof. IA Brink (31/12/2016) – aftrede
Mnr. LJ Korkie (31/03/2017) – bedank
Ds. AS van Staden (28/02/2017) – bedank

Aanstellings:

Ds. HSW Strauss (01/02/2016 – Redakteur en Afdelingshoof Publikasies in die plek van dr. CA Swanepoel)
Ds. JL Schütte (01/01/2017) – Direkteur van Kerkadministrasie in die plek van prof. IA Brink.
Mev. HC de Wet (01/01/2017) – Sekretaresse vir die Direkteur.

Gegewe die GKK se lasgewing (*Kerkorde 2014*, bl. 91, pt. 5.6.7.3) om poste te skep en te vul volgens die beskikbaarheid van fondse, het die GKK geen ander keuse gehad as om sekere vakante poste nie te vul nie. Op hierdie manier is gepoog om die jaarlikse tekort tot die minimum te beperk. Bestaande personeel se pligstate en posbeskrywings is hersien om steeds effektiewe diens aan die gemeentes in die kerkverband te lewer. Die GKK het saam met die personeel begin besin oor die moontlikhede om veral finansiële ondersteuningsdienste aan gemeentes uit te brei. Talle gemeentes kom weens statutêre verpligtinge soos byvoorbeeld *FICA* in 'n doodloopstraat en ouditgelde word vir talle gemeentes onbekostigbaar. Die GKK sal graag wil sien dat die Gemeenskaplike Kerkkantoor hierdie las vir gemeentes sal kan verlig en vra dat die volgende GKK daadwerklik hieraan aandag sal skenk.

Wanneer dit nodig word, word van deeltydse hulp gebruik gemaak vir beperkte tye, soos byvoorbeeld in die afdeling Publikasies tydens versending van *Die Boodskapper*.

AANBEVELINGS

3.1.22 Die Sinode neem daarvan kennis dat die GKK uitgawes op die begroting moes inperk deur vakante poste nie te vul nie en dat daar tans nie vir hierdie poste begroot word nie.

3.1.23 Die Sinode neem daarvan kennis dat die GKK deurlopend aandag skenk aan die personeelbehoeftes.

3.1.24 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor die personeel in die Gemeenskaplike Kerkkantoor vir die dienste wat elkeen tot voordeel van die hele kerkverband lewer.

3.1.25 Die Sinode versoek die GKK om die moontlikheid van groter finansiële ondersteuningsdienste aan gemeentes te ondersoek en ook spoedig beskikbaar te stel.

3.2 AFRIKAANSE PROTESTANTSE AKADEMIE

Vanaf 1 April 2015 is die administratiewe personeel by Die Afrikaanse Protestantse Akademie deur die Raad van Die Afrikaanse Protestantse Akademie oorgeneem. Tot op daardie datum was die volgende administratiewe personeel in diens van die GKK:

3.2.1 Registrateur: Prof.dr. SD Nel
3.2.2 Algemene sekretaresse/Biblioteekassistent: Mej. A van der Westhuizen
3.2.3 Persoonlike assistent vir die rektor en registrateur: Mej. E Nicklbauer
3.2.4 Bibliotekaresse: Mev. EM Adendorff (vaste termynkontrak)
3.2.5 Ontvangsdame: Mev. EA Bierman (oggendpos – vaste termynkontrak)

4. SINODALE OPDRAGTE 2013

Die GKK het die volgende opdragte ontvang en uitgevoer soos by elk vermeld word:

4.1 OPRIGTING VAN NUWE KANTORE, BOEKWINKEL EN KERKARGIEF

Handelinge 2010 bl. 241:

16.3.5 Die Sinode dra dit aan die GKK op om die moontlikheid te ondersoek, om administratiewe kantore op die Jeugtuisteterrein te vestig met Kerkargief en parkering met inagneming van die bespreking by die Sinode, vorige sinodebesluite en die studente in die Jeugtuiste se situasie om sover moontlik ook billik ten opsigte van alle partye te handel.

16.4.1 In die lig van die moontlike verkoop van Brookshuis en die tydelike verskuiwing van die kantore, die boekwinkel en die Kerkargief, besluit die Sinode dat die eiendomme in Kirkness-straat nie nou verhuur word nie, behalwe aan die AP Akademie.

Handelinge 2013 bl. 268:

4.5.1 Die Sinode keur dit goed dat die GKK steeds voortgaan met ondersoek in die lig van die vertraging aan die kant van die Stadsraad van Tshwane.

In die lig van die sinodale opdragte en finansiële verwikkelinge sedert 2010, word die volgende verloop van gebeure aan u voorgehou:

Die instandhoudingskoste op Brookshuis het sodanige afmetings begin aanneem, dat daar na alternatiewe huisvesting vir die Gemeenskaplike Kerkkantoor, Boekwinkel en Kerkargief gesoek moes word. Die Jeugtuiste is aanvanklik begin om aan teologiese studente huisvesting te bied, later is daar ook aan ander studente verblyf verskaf met voorkeur aan teologiese studente. Uiteindelik het al hoe minder teologiese studente verkies om in die Jeugtuiste te woon. Op hierdie stadium het die GKK ook nog administratiewe dienste aan die AP Akademie gelewer wat beteken het dat daar ’n duplisering van onkostes was.

Tydens die Dertiende Sinode (2010) het die Sinode kennis geneem van aanbiedinge vir die verkoop van Brookshuis en daar is besluit dat die GKK ondersoek moet doen na die moontlikheid om ’n kantoorkompleks op die terrein van die Jeugtuiste en aangrensende erwe in Sunnyside, in aansluiting by die geboue wat die AP Akademie huisves, te ontwikkel ten einde duplisering van kostes te vermy. As gevolg van teenkanting deur die plaaslike inwonersvereniging en die gepaardgaande probleme om toestemming by die stadsraad te kry, moes die GKK afsien van die ontwikkelingsplanne.

Daarom het die GKK besluit om dié eiendomme waarop die beoogde ontwikkeling sou plaasvind, te verkoop ten einde die koop van ’n nuwe eiendom te finansier. Gevolglik het die GKK begin soek na geskikte eiendom wat sal voldoen aan die nodige behoeftes en ook die ideale wat deur die Sinode gestel is.

Farendenstraat 426 (Jeugtuiste) is aan ’n ontwikkelaar vir R4 600 000.00 verkoop en later het dieselfde ontwikkelaar ’n aanbod gemaak vir die koop van Kirkness straat 423. Sy aanbod is aanvaar en die eiendom is vir R2 798 889.00 verkoop.

Aangesien daar nie ’n geskikte eiendom bekom kon word vir die beoogde kantoorkompleks nie en ook omdat Brookshuis (Erf 850, Brooklyn) ten spyte van talle aanvaarde aanbiedinge ná etlike jare in die mark steeds nie verkoop is nie, het die GKK besluit om ondersoek in te stel na die moontlike ontwikkeling van ’n kantoorkompleks op leë grond in plaas van die koop van ’n bestaande gebou. Een van die redes waarom ’n geskikte gebou nie bekom kon word nie, is die vereiste van die onderwysowerhede dat die AP Akademie ’n sigbare eie identiteit moes vertoon en daar kon nie ’n gebou gevind word wat hierdie onderskeid duidelik genoeg na vore laat kom nie.

Terwyl die soektog na beskikbare grond en die berekening van moontlike koste vir die ontwikkeling van ’n eie kantoorkompleks vir die Gemeenskaplike Kerkkantoor, Kerkargief, Boekwinkel en ook die AP Akademie aan die gang was, is daar ’n aanbod vir die verkoop van Brookshuis aanvaar. Hierdie keer het die aanbod gerealiseer en Brookshuis is ná 8 jaar se bemarking verkoop teen ’n bedrag van R11 887 629.00.

Die uitdaging waarvoor dit die GKK geplaas het, was om spoedig ’n alternatiewe perseel vir die Gemeenskaplike Kerkkantoor, Kerkargief en Boekwinkel te bekom, terwyl daar steeds gesoek word na grond vir die ontwikkeling van ’n kantoorkompleks. Die Here het voorsien en die GKK het verneem van die eiendom te Makoustraat 516, Monument Park. Dit het geblyk dat die eiendom sinvol ingerig kan word om te voldoen aan al die behoeftes van die Gemeenskaplike Kerkkantoor, Kerkargief en Boekwinkel. Die GKK se koopaanbod is aanvaar en die eiendom is vir ’n bedrag van R7 347 146.00 aangekoop.

Intussen het die navorsing oor die moontlike ontwikkeling van ’n kantoorkompleks en die soektog na beskikbare grond voortgegaan. Uiteindelik is ’n verslag met verskeie opsies aan die GKK voorgehou. Dit was egter duidelik dat die aankoop van grond en die ontwikkelingskoste nie vir die GKK finansieel haalbaar sou wees nie. Ná gesprek met die betrokke partye het die GKK besluit om vir eers nie met die ontwikkeling voort te gaan nie, aangesien die nuwe eiendom te Makoustraat 516 vir die afsienbare toekoms aan al die behoeftes gaan voldoen. Dit het wel geblyk dat daar danksy die studentebetogings en meer navrae by die AP Akademie in nabye toekoms ’n behoefte aan uitbreiding kan ontstaan. Alhoewel daar voldoende geriewe is vir die teologiese opleiding het die getal studente vir die B.A.-program deur die jare geleidelik gegroei.

Weer eens het die Here dit so beskik dat die eiendom aangrensend aan Farendenstraat 430 juis op hierdie stadium in die mark gekom het. Die GKK wil die Sinode graag daarop wys dat dit reeds so vroeg as die Vierde Sinode (1990) was waar daar besluit is dat die eiendom aangrensend aan die voormalige Teologiese Skool gekoop en gekonsolideer moet word. Verskeie pogings deur die jare om dit te doen, was egter onsuksesvol. Op ’n stadium het die eienaar die eiendom selfs teen ’n laer aanbod aan iemand anders verkoop, blykbaar net om dit nie aan die AP Kerk te verkoop nie. Die feit dat die huidige eienaar bereid was om dit wel aan ons te verkoop, was voorwaar ’n beskikking op net die regte tyd. Met die oog op uitbreiding by die AP Akademie en die feit dat dié eiendom direk langs die AP Akademie geleë is, was dit ’n geleentheid wat nie onbenut kon bly nie. Gevolglik is Farendenstraat 428 aangekoop vir die bedrag van R2 141 224.00.

Een van die probleme wat die AP Akademie met die onderwysowerhede ervaar het, was die feit dat die AP Akademie geen vaste eiendom besit nie. Hulle moes dus bewyse lewer dat die eiendomme, wat deur die GKK tot beskikking van die AP Akademie gestel is, ’n permanente reëling is. Aangesien die eiendom waarin die AP Akademie gehuisves word aanvanklik deur die eertydse Kuratorium, wat op daardie stadium die kerkverband se regspersoon was, aangekoop is vanuit die derde van die 15% wat ontvang is, het die GKK besluit om, ter wille van die behoud van die AP Akademie se registrasie en ook die opleiding van leraars vir ons kerkverband, Farendenstraat 428 en 430 oor te dra aan die AP Akademie. Dit sou ook die

AP Akademie voortaan in staat stel om vir enige toekomstige uitbreidings te kan aansoek doen om finansiering, terwyl hierdie eiendomme as sekuriteit aangebied kan word.

Die Dertiende Sinode (2010) het besluit dat die AP Akademie moes poog om 'n eie onderwyskwalifikasie te registreer. Die aansoek vir die Nagraadse Onderwys Sertifikaat (NGOS) is uiteindelik in 2016 ingedien. Sou die aansoek goedgekeur word, bring dit weer eens behoefte aan verdere uitbreiding by die AP Akademie. Weer eens het die Here voorsien en net toe daar kennis gekry word dat die aansoek suksesvol was, kom die ander eiendom direk langs die AP Akademie ook in die mark. Die Raad van die AP Akademie het by die GKK aansoek gedoen vir 'n lening van R3 000 000 om die eiendom te Farendenstraat 432 aan te koop. Gesien die sinodebesluit oor die registrasie van 'n onderwyskwalifikasie, het die GKK die aansoek goedgunstig oorweeg en goedgekeur. Hierdie eiendom sou voldoen aan die behoeftes rondom die aanbieding van die NGOS en bied ook die moontlikheid om verblyf te voorsien aan van die studente.

Die ontwikkelaar wat Farendenstraat 426 en Kirknessstraat 423 by die GKK gekoop het, het die AP Akademie teen die einde van 2016 genader om te hoor of die AP Akademie nie daarin sou belangstel om Farendenstraat 426, die voormalige Jeugtuiste, by hom te koop nie. Blykbaar kon sy ontwikkelingsplanne, net soos die van dié GKK, weens die teenkanting van die plaaslike inwonersvereniging nie goedgekeur word nie. Die Raad van die AP Akademie het die GKK genader om te hoor oor die moontlikheid van 'n verdere lening. Die GKK het dit in beginsel goedgekeur. Tydens die opstel van hierdie verslag was onderhandelinge nog besig en geen transaksie het plaasgevind nie.

AANBEVELINGS

4.1.1 Die Sinode spreek sy dank teenoor ons hemelse Vader uit vir sy beskikking van die nodige eiendomme op presies die regte oomblik.

4.1.2 Die Sinode neem kennis van al die eiendomstransaksies wat sedert die vorige Sinode plaasgevind het.

4.2 GEMEENTES EN LERAARS WAT NIE VERPLIGTINGE TEENOOR DIE KERKVERBAND NAKOM NIE

Volgens vorige sinodebesluite sal die rekenmeester tydens konstituering 'n lys van name verskaf van gemeentes en leraars wat nie hulle verpligtinge teenoor die kerkverband nakom nie (kyk Bylae GKK2).

AANBEVELINGS

4.2.1 Die Sinode herbevestig die besluit geneem in 2013 dat gemeentes en leraars wat nie sinodale verpligtinge en reëlings teenoor die kerkverband nakom nie, hulle aanspraak op dienste en hulp vanaf die Gemeenskaplike Kerkkantoor in die gedrang kan bring.

4.2.2 Die Sinode herbevestig sy besluit geneem in 2013 dat gemeentes en leraars wat nie hulle verpligtinge of reëlings in dié verband teenoor die kerkverband nakom nie, nie aankope vanaf die Boekwinkel, met inbegrip van *Die Boodskapper*, op rekening kan doen nie en ook nie sinodale publikasies teen die gesubsidieerde prys mag aankoop nie, maar die volle prys moet betaal en ook net indien kontant daarvoor betaal word.

4.3 MOONTLIKE SKEIDING VAN AP AKADEMIE EN GKK

4.3.1 OOREENKOMS TUSSEN GKK EN AP AKADEMIE MSW (Bylae GKK3)

Die Sinode het aan die GKK opdrag gegee om te besluit oor enige wysigings aan die ooreenkoms tussen die AP Akademie en die AP kerkverband. Ter wille van kennisname word die huidige ooreenkoms by hierdie verslag aangeheg as Bylae GKK3.

AANBEVELING

4.3.1.1 Die Sinode neem kennis van die ooreenkoms (Bylae GKK3) tussen die AP kerkverband en die Afrikaanse Protestantse Akademie MSW.

4.3.2 WAARBORGSTELLING TEN BATE VAN AP AKADEMIE MSW

Handelinge 2013, bl. 275:

13.3 Die Sinode dra dit aan die GKK op om jaarliks oor die waarborgstelling aan die Departement van Onderwys ten bate van die AP Akademie te besin.

Sedert 1 April 2016 voorsien die Afrikaanse Protestantse Akademie MSW die waarborg aan die Departement van Onderwys. Hierdie waarborg word deur die AP Akademie voorsien uit fondse wat oor jare heen opgebou is deur skenkings, rente op belegging en dankoffers hoofsaaklik deur die AP kerkverband.

AANBEVELING

4.3.2.1 Die Sinode neem met groot dankbaarheid teenoor ons hemelse Vader daarvan kennis dat die AP Akademie in die vermoë gestel is om voortaan self die nodige waarborgstelling te kan voorsien.

4.4 TRAKTEMENTSKALE VAN LERAARS

Kragtens sy lasgewing (*Kerkorde 2014*, Bylae 3, bl. 94, pt. 5.6.8.13) het die GKK jaarliks aandag gegee aan die traktementskale van leraars en aanbevelings aan die kerkrade gestuur.

Vir die jaar met ingang 1 Maart 2014 het die GKK die traktementskaal met 8% verhoog, vir die jaar met ingang 1 Maart 2015 met 6%, vir die jaar met ingang 1 Maart 2016 met 8% en vir die jaar met ingang 1 Maart 2017 met 6%.

AANBEVELING

4.4.1 Die Sinode neem goedkeurend kennis van die voorgestelde aanpassings ten opsigte van leraars se traktementskale.

4.5 SALARISSKALE VAN PERSONEEL EN DOSENTE

Vir die jare onder oorsig het die GKK die salarisskale van personeel en dosente met die volgende persentasies per jaar aangepas:

Personeel en dosente:

Vanaf 1 Maart 2014 – 8%
Vanaf 1 Maart 2015 – 6%

Ná die oordrag van die personeel van die AP Akademie aan die Raad op 01/04/2015

Personeel:

Vanaf 1 Maart 2016 – 8%
Vanaf 1 Maart 2017 – 6%

AANBEVELING

4.5.1 Die Sinode neem goedkeurend kennis van die aanpassings ten opsigte van personeel en dosente se vergoeding.

4.6 REISKOSTETARIEF

Kragtens sy lasgewing (*Kerkorde 2014*, Bylae 3, bl. 94, pt. 5.6.8.14) het die GKK gereeld oor reiskostetariewe besin. Die GKK besluit oor die tarief vir alle permanente kommissies, maar doen slegs aanbevelings aan ringe en kerkrade.

Die reiskostetarief is vanaf 1 September 2014 vasgestel op R4.00 per km. Die minimumbedrag vir reiskoste vir gemeentelike werk is vanaf 1 September 2014 verhoog van R3 500.00 per maand na R4 000.00 per maand.

AANBEVELING

4.6.1 Die Sinode neem goedkeurend kennis van die voorgestelde aanpassings ten opsigte van die reiskostetarief.

4.7 TRUSTFONDS TOELAEVERHOGING

Toe die Afrikaanse Protestantse Kerk op 27 Junie 1987 gestig is, het verskeie leraars bedank uit hul vorige kerkverbande en aangesluit by die nuutgestigte kerk. Hierdie leraars het te min tyd ná aftrede oorgehad om ’n leefbare pensioen te kon opbou. Verswarend op die leraars het die kerkverbande waaruit hul bedank het, nie die opgelope werkgewergedeelte van die pensioenfonds by bedanking aan die lid uitbetaal nie, maar slegs die lid se eie bydrae met karige groei.

In 1991 het die Sinode die Reglement van die APK Trustfonds goedgekeur. Hierdie Reglement het die kwalifiserende lede vasgestel en bereken hoeveel hulp aan hierdie lede verleen moes word.

Op 22 Mei 2017 was daar nog 38 lede wat vir hierdie voordeel kwalifiseer. Die maandelikse hulp op 30 April 2017 het R58,698.00 per maand beloop. Hierdie hulp word gefinansier deur die gemeentelike bydrae ontvang, die 15% bydrae soos per begroting en uit die renteverdienste van die Reserwefonds. Vir die jare onder oorsig het die GKK die toelaes vanuit die Trustfonds jaarliks met 5% verhoog.

AANBEVELINGS

4.7.1 Die Sinode neem goedkeurend kennis van die jaarlikse 5% verhoging ten opsigte van toelaes vanuit die trustfonds.

4.7.2 Die Sinode keur die volgende maandelikse bydrae tot die APK Trustfonds goed en bedank kerkrade vir die getroue oorbetaling daarvan:

Getal lidmate	R per maand
Tot 20	40.00
21-50	50.00
51-100	70.00
101-150	90.00
151-200	110.00
201-250	130.00
251-300	150.00
301 en meer	220.00

4.7.3 Die Sinode doen 'n beroep op kerkrade om dit te oorweeg om 'n groter bydrae tot die Trustfonds te maak indien dit enigsins moontlik sou wees.

4.8 MEDIESE FONDS

Daar word deurlopend gekyk of daar voordeliger mediese fondse beskikbaar is. Dit is egter onrusbarend dat die tariewe van mediese fondse drasties gestyg het en dat dit blykbaar nie in die afsienbare toekoms gaan verander nie. Hierdie styging in kostes noodsaak die GKK om by wyse van 'n beswaarskrif sekere wysigings aan bestaande sinodebesluite te versoek.

5. GEOUDITEERDE FINANSIËLE JAARSTATE

Die geouditeerde finansiële jaarstate van die GKK vir die jaar 2016, met geouditeerde vergelykende syfers vir 2015 en 2014, asook die geouditeerde finansiële jaarstaat vir 2013 word as bylae aangeheg. Die finansiële jaarstate van die AP Akademie Ontwikkelingstrust vir 2016 en 2013, word as 'n aparte bylae aangeheg (Bylae GKK4.1-4.3).

5.1 GEOUDITEERDE FINANSIËLE JAARSTATE 2016

AANBEVELINGS

5.1.1 Die Sinode neem kennis van die geouditeerde finansiële jaarstate van die GKK vir 2016 – Kyk Bylae GKK4

5.1.2 Die Sinode neem kennis van die AP Akademie Ontwikkelingstrust se finansiële jaarstate vir 2016 - Kyk Bylae GKK4.1

5.1.3 Die Sinode neem kennis van die ouditverslae vir die jare 2014 en 2015 – Kyk Bylae GKK4.2

5.1.4 Die Sinode neem kennis van die geouditeerde finansiële jaarstate van die GKK en die AP Akademie Ontwikkelingstrust vir 2013 – Kyk Bylae GKK4.3

5.2 FINANSIËLE VERSLAG 2013 TOT 2016

5.2.1 LYNGRAFIEK WAARIN TOTALE UITGAWES EN TOTALE 15% ONTVANG AANGEDUI WORD. KYK BYLAE GKK4.4

5.2.2 METING VAN DIE WERKLIKE BEDRAE TEEN DIE BEGROTING VIR DIE JARE GEËINDIG 31 DESEMBER 2013; 31 DESEMBER 2014; 31 DESEMBER 2015 EN 31 DESEMBER 2016. KYK BYLAE GKK4.5 EN 4.6

5.2.3 KOMMISSIEWERK VIR DIE JARE 2013–2016. KYK BYLAE GKK4.7

6. BESKRYWINGSPUNTE

6.1 RING VAN DENDRON

Voorstel:

Die sinode gee opdrag aan die GKK om in oorleg met die AP Akademie onverwyld fondse beskikbaar te stel aan die AP Akademie vir die aankoop van geskikte eiendom om aan te wend vir die behuising van studente aan die AP Akademie.

Motivering:

1. Die Jeugtuiste het t.s.v. bestuursuitdagings, geweldige positiewe en behoudende invloed gehad op die karakter van die studente.
2. Die behoefte aan bekostigbare en veilige behuising vir studente is groot.

AANBEVELINGS

6.1.1 Die Sinode besluit die beskrywingspunt is formeel ontvanklik.

6.1.2 Die Sinode besluit om nie die beskrywingspunt goed te keur nie.

Motivering:

Die beskrywingspunt is onnodig, aangesien dit reeds in praktyk gedoen word. Die GKK het hierbo berig van lenings wat aan die AP Akademie toegestaan is, onder meer ten einde die perseel van Farendenstraat 432 aan te koop. Hierdie eiendom bied die moontlikheid om verblyf aan studente te voorsien. Soos gerapporteer, is daar ook tydens die opstel van die verslag juis onderhandelinge aangeknoop rondom die koop van Farendenstraat 426. Die finansiële posisie van die GKK is egter van so 'n aard dat fondse nie bloot beskikbaar gestel kan word nie, maar dat daar slegs vanuit die beleggings onttrekkings gedoen kan word om 'n lening aan die AP Akademie beskikbaar te stel binne die beperkings wat deur die verskillende fondse se reglemente bepaal word.

7. BESWAARSKRIFTE

7.1 RING VAN OLIFANTSHOEK: SAMESTELLING VAN DIE GKK

Ou bewoording:

Finansies: ontbinding FK: Die sinode besluit1. Om die RKA te ontbind volgens pt. 5.9 van die konstitusie van die RKA; 2. Om kragtens die bevoegdheid van pt. 5.9 van die RKA aan die sinode verleen, soos in die woorde vervat tensy die Sinode anders besluit, vir die plaaslike kerke in kerkverband gesamentlik 'n gemeenregtelike regspersoon in die lewe te roep om regshandelinge aan te gaan en gemeenskaplike eiendomme te beheer en wel die permanente Gemeenskaplike Kerkkantoor; 3. om 'n sinodale Gemeenskaplike Kerkkantoorkommissie te benoem, wat belas word met die hantering en uitvoering van die funksies van die gemeenregtelike persoon; 4. Om die sinodale finansiële kommissie te skrap (kyk Nuwe bewoording pt. 5.2 hieropvolgende);

5.1 In plaas van die Aanbeveling word die volgende Amendement goedgekeur: Die direkteur, administrateur, rekenmeester van die kerkkantoorpersoneel dien in adviserende hoedanigheid.

5.2 in plaas van aanbeveling 5.2 word die aanbeveling 12.2 van die FK (FK – verslag bl. 152) goedgekeur soos gewysig: dat die GKK uit sewe lede sal bestaan, waarvan vier ouderlinge plus sekundi deur elke Sinode uit sy lede aangewys, plus een lid (met sekundus) uit elk van die volgende kommissies deur die Sinode verkies: die SKK, die KKS, en die Rektor van die AP Akademie of sy verteenwoordiger. (Sinode 2001, bl. 445, pt. 6.2)

Nuwe bewoording:

Die Sinode besluit dat die GKK uit die volgende persone bestaan:

1. Die rekenmeester van die kerkkantoorpersoneel in adviserende hoedanigheid;
2. Die rekenmeester van die Raad van die AP Akademie in adviserende hoedanigheid;
3. Uit sewe stemgeregtigde lede, waarvan

3.1 Vyf ouderlinge plus sekundi deur die Sinode aangewys word;

3.2 Twee leraars (met sekundi) deur die Sinode aangewys.

Motivering:

1. Dit is nie nodig dat feitlik die hele kerkkantoorbestuur adviserend op die GKK dien nie. Twee lede is genoegsaam.

2. Die adviserende lede se getal is gelykstaande aan die lede wat nie deur die Sinode benoem word nie. Dit word deur die beswaarskrif gewysig.
3. Die SKK het nie direkte belang by die GKK nie. Die SKK werk met die bedieningsfonds waarvan die begroting daarvoor tot die kommissie se beskikking is.
4. Die Rektor of persoon deur hom aangewys hoef nie op die GKK sitting te neem nie. Die Raad het wel direkte belang by die GKK aangesien ongeveer een derde van die gelde wat deur die GKK hanteer word, gelde is wat deur die verband aan die Raad bewillig is.
5. Die KKS kan te enige tyd om advies genader word indien nodig en dit is nie noodsaaklik dat 'n KKS-lid op die GKK dien nie.
6. Leraars is nie noodwendig kundiges ten opsigte van finansies nie.
7. Die aanwys van lede uit die SKK en KKS het tot dusver daartoe gelei dat leraars op meer as twee sinodale kommissies dien wat strydig is met die Sinodale besluit.

AANBEVELINGS

7.1.1 Die Sinode besluit die beswaarskrif is formeel ontvanklik.

7.1.2 Die Sinode besluit die beswaarskrif word nie aanvaar nie.

7.1.3 Die Sinode besluit die Gemeenskaplike Kerkkantoorkommissie (GKK) word soos volg saamgestel:

- **vier ouderlinge, plus sekundi deur die sinode verkies;**
- **een lid, met sekundus deur elk van die volgende sinodale kommissies uit eie geledere benoem: die Sentrale Kerkekommissie (SKK) en die Kommissie vir Kerkregtelike Sake (KKS);**
- **'n verteenwoordiger van die Fakulteit Teologie van die Afrikaanse Protestantse Akademie;**
- **die direkteur van kerkadministrasie en afdelingshoofde binne die Gemeenskaplike Kerkkantoor dien in adviserende hoedanigheid.**

Motivering:

1. Die GKK het beplan om 'n alternatiewe beswaarskrif in te dien wat ook sou vra vir die herbewoording en vra dus dat hierdie voorstel eerder goedgekeur word.
2. In plaas van die Ring van Olifantshoek se voorstel dat slegs die rekenmeester vanuit die personeel van die Gemeenskaplike Kerkkantoor in adviserende hoedanigheid op die GKK moet dien, oordeel die GKK vanuit ons ervaring ten opsigte van die funksionering in die Gemeenskaplike Kerkkantoor dat die ideaal eerder is dat elke afdelingshoof binne die Gemeenskaplike Kerkkantoor op die GKK se vergaderings teenwoordig moet wees. Daarom pleit die GKK eerder daarvoor dat ook die redakteur van *Die Boodskapper*, wat ook die hoof van die Publikasie-afdeling is, voortaan ook met adviserende stem die vergaderings moet bywoon.
3. Dit is vir die GKK ondenkbaar dat die Ring van Olifantshoek nie die direkteur van kerkadministrasie op die GKK wil laat dien nie.
4. Die Rektor van die AP Akademie het versoek dat dit nie voortaan nodig moet wees vir die rektor om ampshalwe op die GKK te dien nie, veral gesien die groeiende werkslas wat daar by die AP Akademie vir die rektor ontstaan en ook omdat die rektor nie noodwendig in die toekoms 'n leraar binne die AP kerkverband sal wees nie, aangesien die AP Akademie as selfstandige inrigting groei en al hoe meer fakulteite kan ontstaan.
5. Die noue band tussen die AP Akademie en die AP kerkverband is egter steeds vir die GKK belangrik weens die aanwending van die een-derde van die 15% wat vir die teologiese opleiding geskenk word. Daarom oordeel die GKK dat dit nie die Raad van die AP Akademie se rekenmeester moet wees wat op die GKK sitting neem nie, maar wel 'n lid van die Fakulteit Teologie. Verder is die rekenmeester van die AP Akademie nie noodwendig 'n lidmaat van 'n AP Kerk nie.

6. Wat die aanwys van lede deur die SKK en KKS betref, is dit duidelik dat die Ring van Olifantshoek onkundig is oor die aantal kerkregtelike advies wat tydens elke GKK-vergadering benodig word. Dit sal die werksaamhede van die GKK ernstig striem as daar telkens wanneer so navraag ontstaan, eers gewag moet word vir amptelike advies van die KKS alvorens 'n besluit dan eers by die volgende vergadering geneem kan word. Ook wat betref die noue samewerking tussen die SKK en die GKK sou dit nie sinvol wees om die lid van die SKK van die GKK te verwyder nie. Op hierdie manier kom daar juis koördinering van werk en word oorvleueling uitgeskakel, terwyl sake wat van die een kommissie na die ander verwys word sinvol belig kan word.
7. Leraars is inderdaad nie noodwendig finansiële kundiges nie. Die lid van die SKK en die KKS hoef egter nie noodwendig 'n leraar te wees nie. Dit staan die Sinode te enige tyd vry om slegs ouderlinge op die kommissies te verkies. Dit wil egter lyk asof die Ring van Olifantshoek nie soseer teen leraars op die GKK is nie, want hulle stel voor dat daar steeds 2 leraars vanuit die sinode op die GKK gekies moet word.
8. Dit dui egter op 'n gebrekkige begrip vir die werk van die GKK om te reken dat dit slegs finansiële besluite is wat geneem moet word.
9. Die Ring van Olifantshoek beweer dat die huidige gebruik in stryd is met 'n vorige besluit dat leraars op nie meer as twee kommissies mag dien nie. Die betrokke besluit word nie aangehaal nie. Indien die besluit aangehaal is, sou daar opgemerk word dat dit nie presies is wat deur die betrokke Sinode besluit is nie. Dit was wel die aanbeveling van die destydse Finansiële Kommissie dat 'n leraar op nie meer as twee kommissies mag dien nie, maar daar was 'n amendement daarop goedgekeur en die presiese besluit lui soos volg: *"dat 'n leraar sover moontlik op nie meer as twee kommissies van die Sinode sal dien nie"* (*Handelinge 1990*, bl. 515, pt.7.6.3.2).
10. Die enigste leraars in die kerkverband wat tans op meer as twee sinodale kommissies dien, is inderdaad die twee broeders van die KKS en SKK wat op die GKK sitting neem.
11. Die GKK versoek dus die Sinode om die volgende wysiging aan te bring:

Huidige bewoording:

Die Gemeenskaplike Kerkkantoorkommissie (GKK) word soos volg saamgestel:

- vier ouderlinge, plus sekundi; deur die sinode verkies;
- een lid, met sekundus, deur elk van die volgende sinodale kommissies uit eie geledere benoem: die Sentrale Kerkekommissie (SKK) en die Kommissie vir Kerkregtelike Sake (KKS);
- die rektor van die Afrikaanse Protestantse Akademie of sy verteenwoordiger;
- die direkteur, administrateur en rekenmeester van die kerkkantoorpersoneel in adviserende hoedanigheid.

Voorgestelde nuwe bewoording:

Die Gemeenskaplike Kerkkantoorkommissie (GKK) word soos volg saamgestel:

- vier ouderlinge, plus sekundi; deur die sinode verkies;
- een lid, met sekundus, deur elk van die volgende sinodale kommissies uit eie geledere benoem: die Sentrale Kerkekommissie (SKK) en die Kommissie vir Kerkregtelike Sake (KKS);
- 'n verteenwoordiger van die Fakulteit Teologie van die Afrikaanse Protestantse Akademie;
- die direkteur, redakteur en rekenmeester van die Gemeenskaplike Kerkkantoor dien in adviserende hoedanigheid.

7.2 GKK: KERKORDE ARTIKEL 38.2

Huidige bewoording:

Die sinode word saamgestel uit die volgende afgevaardigdes:

38.2 'n teologiese dosent wat in adviserende hoedanigheid sitting moet neem, tensy hy met beperkte opdrag aan 'n gemeente verbind is en volgens Artikel 38.1 deur die kerkraad afgevaardig word.

Voorgestelde nuwe bewoording:

Die sinode word saamgestel uit die volgende afgevaardigdes:

> 38.2 teologiese dosente en/of direkteur van kerkadministrasie en/of redakteur van *Die Boodskapper* wat in adviserende hoedanigheid sitting moet neem, tensy hy/hulle met beperkte opdrag aan 'n gemeente verbind is en volgens Artikel 38.1 deur die kerkraad afgevaardig word.

Motivering:

Volgens die huidige bewoording is dit moontlik dat die direkteur van kerkadministrasie en ook die redakteur van *Die Boodskapper* nie by sinodes teenwoordig kan wees nie. Daar word tog geoordeel dat die direkteur asook die redakteur net sulke waardevolle adviseurs van die sinode kan wees as wat daar reeds ruimte voor gemaak word vir teologiese dosente.

Verder is dit die GKK se bedoeling dat veral die direkteur van kerkadministrasie liefs nie aan 'n plaaslike gemeente met beperkte opdrag verbind moet wees nie, sodat hy vry is om gemeentes in die kerkverband meer gereeld te besoek indien hulle daarvoor sou vra.

AANBEVELINGS

7.2.1 Die Sinode besluit die beswaarskrif is ontvanklik.

7.2.2 Die Sinode besluit om Artikel 38.2 soos volg te wysig:

Die sinode word saamgestel uit die volgende afgevaardigdes:

38.2 'n teologiese dosent(e) en/of direkteur van kerkadministrasie en/of redakteur van *Die Boodskapper* wat in adviserende hoedanigheid sitting moet neem, tensy hy/hulle met beperkte opdrag aan 'n gemeente verbind is en volgens artikel 38.1 deur die kerkraad afgevaardig word.

7.3 RING VAN DENDRON: KOOP- EN VERKOOP VAN KERKLIKE EIENDOM

Die huidige toedrag van sake is dat die GKK alleen besluit oor die aankoop en verkoop van alle gemeenskaplike eiendom van die kerkverband.

Die voorgestelde wysiging het betrekking op Bylae 3 van *Kerkorde 2014*, 5.6.1 e.v.:

Ou bewoording:

Lasgewing:

5.6.1 Eiendomme, goedere en fondse deur die Gemeenskaplike Kerkkantoorkommissie verkry en fondse onder beheer van die Gemeenskaplike Kerkkantoor word deur die Gemeenskaplike Kerkkantoorkommissie geadministreer.

5.6.2 Die Gemeenskaplike Kerkkantoorkommissie is belas en bevoeg om enige regshandeling wat met die betrokke bates verband hou, te verrig, onder meer:

5.6.2.1 om eiendomme, roerend en/of onroerend, te verkry deur skenking, erflating, aankoop, huur, of op enige ander wyse;

5.6.2.2 om eiendomme, roerend en/of onroerend, te verkoop, te verruil, te verhuur, te skenk of op enige ander wyse te vervreem, te verbind, in pand, as sekuriteit of as borg te gee, of op enige ander wyse te beswaar;

5.6.2.3 om gelde onder sy beheer te belê, onder meer in aandele, skuldbriewe, staats- of munisipale effekte by geregistreerde finansiële instellings, of uit te leen op eerste verband oor vaste eiendom of ander sekuriteit wat hy mag goeddink én, om sodanige beleggings te gelde te maak, op te vra, te kanselleer, te sedeer, te verander of andersins daarmee te handel.

Hieruit kan afgelei word dat die GKK alle bevoegdheid, reg en magtiging het om met kerklike eiendom te handel. Die bevoegdhede van die GKK is egter te groot en daar word aan die GKK absolute en volstrekte magte en bevoegdhede ten opsigte van die gemeenskaplike kerklike eiendomme verleen.

Nuwe bewoording:

In die lig hiervan word die volgende wysiging voorgestel in die plek van 5.6.2.1 tot 5.6.2.3:

5.6.2.1 Die Sinode besluit dat die GKK voortdurend ondersoek kan doen na die gemeenskaplike kerklike eiendomme se geskiktheid, toestand en moontlike vervreemding en aankoop van eiendomme.

5.6.2.2 Die Sinode besluit dat die kerkverband groter inspraak moet kry oor die koop en verkoop van nie roerende vaste gemeenskaplike kerklike eiendom.

5.6.2.3 Die Sinode besluit dat wanneer daar na oorweging deur die GKK in uitsonderlike gevalle tussen sinodes oor koop en verkoop van die kerklike eiendom besluit moet word, dat alle kerkrade geraadpleeg word en ’n stemming plaasvind. Kerkrade stem bloot vir of teen die voorstel van die GKK. Kerkrade wat teen die sluitingsdatum van stemming nie stem nie, het hulle geleentheid om te stem verbeur en dit word as sodanig genotuleer. Die GKK hou volledige notule van stemming per gemeente wat ter insae van enige lidmaat moet wees.

5.6.2.4 Die “ou” 5.6.2.3 nl. om gelde onder sy beheer te belê, onder meer in aandele, skuldbriewe, staats-of munisipale effekte by geregistreerde finansiële instellings, of uit te leen op eerste verband oor vaste eiendom of ander sekuriteit wat hy mag goeddink én, om sodanige beleggings te gelde te maak, op te vra, te kanselleer, te sedeer, te verander of andersins daarmee te handel.

Motivering:

1. Die vervreemding van kerklike eiendom en hantering van miljoene rande gemeenskaplike kerklike gelde is ’n sensitiewe saak.
2. Die GKK is ’n klein kommissie wat met miljoene rande van die kerkverband en die bydraes van duisende lidmate moet handel.
3. Kerklike eiendom behoort tot die gemeenskaplike verband.
4. Gemeenskaplike kennisgewing van, inligting oor en besluite rakende die vervreemding van kerklike eiendom moet met groter betrokkenheid en insae van die kerkverband geskied.
5. Groter betrokkenheid by sodanige transaksies sal die GKK van onnodige kritiek vrywaar.
6. Groter gemeenskaplike betrokkenheid sal tot groter gemeenskaplike vrede oor sodanige sake lei.

7. Kostes ten opsigte van sodanige werkswyse is minimaal en die tyd wat geneem word, kan nie opweeg teen gemeenskaplike betrokkenheid en rustigheid oor besluite rakende kerklike eiendomme nie.
8. Hierdie wysiginge rym ook ten volle met die doelstellings en bedoeling van die GKK soos in die Kerkorde vervat.

AANBEVELINGS

7.3.1 Die Sinode besluit dat die beswaarskrif nie formeel ontvanklik is nie.

7.3.2 Die Sinode besluit om die beswaarskrif nie goed te keur nie.

7.3.3 Die Sinode besluit om die lasgewing van die GKK uit te brei met die volgende punt: 5.6.2.4. in die geval van die moontlike vervreemding van onroerende bates handel die GKK eers nadat inligting aan die kerkrade van die kerke in kerkverband deurgegee is en geleentheid vir reaksie gebied is.

Motivering:

Die beswaarskrif se voorgestelde wysiging is in stryd met ’n bestaande artikel in die Kerkorde naamlik Artikel 65 en Bepaling 65A. Daarom is die beswaarskrif nie ontvanklik nie.

Die GKK mag dus volgens die Ring van Dendron se voorstel R50 miljoen van die kerkverband se fondse in aandele belê, selfs in staatseffekte of dit as lenings beskikbaar stel sodat iemand anders ’n eiendomstransaksie kan doen – die kerk moet net die eerste verband hê – maar die GKK mag nie self besluit om hierdie fondse in eiendomme te belê nie?

Dit is tog nie net die eiendomstransaksies wat transaksies van miljoene rande beloop nie. Die bestuur van die kerkverband se finansies beloop groter bedrae.

Die beswaarskrif vra vir groter deursigtigheid tydens die aangaan van eiendomstransaksies. Dit kan bereik word sonder die voorgestelde wysigings aan 5.6.2.1-5.6.2.3.

Die skrapping van 5.6.2 se onderafdelings bring die vraag na vore wie nou die nodige regshandelinge moet uitvoer? Selfs regshandelinge t.o.v. roerende bates word nou geskrap. Verder sal dit beteken dat die GKK ook nie meer as borg mag optree nie.

Die skrapping van 5.6.2.1 beteken dat die GKK ook nie meer eiendomme deur skenking, erflating, aankope, verhuring of op enige ander manier mag bekom nie.

Die nuwe 5.6.2.2 is nie deel van ’n lasgewing nie, maar is bloot ’n sinodebesluit en heel moontlik die motivering vir die beswaarskrif.

Die voorstel van die GKK beteken dat die regspersone binne die kerkverband (GK en plaaslike kerkrade) dieselfde prosedure moet volg by die vervreemding van onroerende bates.

7.4 GKK: MEDIESE FONDS - HULP AAN EMERITI

Die GKK sien geen ander uitweg nie as om met ’n beswaarskrif te vra vir die herroeping van die volgende sinodebesluite :

Handelinge 2013, bl.273:

4.9.1 Die Sinode keur goed dat die subsidie aan afgetredenes, wat nie met ’n beperkte dienstermynkontrak by ’n gemeente werksaam is nie, vanaf 1 Oktober 2013 na 60% van die mediese fondsbydraes verhoog.

Handelinge 2004, bl. 365:

26.1.1 Die Sinode besluit dat 'n gemeente wat 'n emerituspredikant beroep, saam met die GKK verantwoordelik is om die 60% werkgewersbydrae vir die mediese fonds te betaal, dit wil sê 50% elk van die 60% werkgewersbydrae.

Hierdie goedbedoelde besluite van die Sinode blyk nou ná 4 jaar se toepassing nie volhoubaar te wees nie en die GKK versoek die Sinode om daaroor te herbesin.

Finansiering van die mediese hulp aan afgetredenes:

Aangesien daar in die verlede geen spesifieke fonds vir hierdie verpligting bestaan het nie, moes die GKK vir hierdie uitgawe begroot vanuit die tweederde restant van die 15% bydraes vanaf gemeentes. Minstens twee faktore, t.w. die toename in lede wat vir die voordeel kwalifiseer en die koers waarteen die premies jaarliks styg, plaas onvolhoubare druk op die 15%. Verder gebeur dit ook al hoe meer dat gemeentes van 'n emeritus se dienste gebruik maak sonder om hom vir 'n beperkte dienstermyn te beroep, derhalwe word die 60% subsidie deur die GKK alleen gedra.

Die finansiële effek van die sinodebesluit:

Die jaarlikse subsidie wat die GKK moes voorsien was gedurende die afgelope 4 jaar die volgende:

2013	2014	2015	2016
R1,564,693	R1,661,120	R1,987,220	R2,443,725

Statistiek op 28 Februarie 2017:

- 64 lede het op 28/02/2017 subsidie ontvang.
- Die gemiddelde ouderdom vir mans en vrouens is onderskeidelik 76 en 71 jaar.
- 33 lede het die Klassiek Omvattende plan gekies.
- Die totale maandelikse premie vir afgetredenes vir Maart 2017 het R341,521 beloop.
- Hiervan het lede R132,714, kerkrade R15,501 en die GKK R193,297 betaal.

Aanduiding van die mediese premie vir 2017:

Die Klassiek Omvattende premie vir 2017 is R8,770 vir 'n hooflid en afhanklike en R4,506 vir 'n hooflid.

Die Klassieke Spaarplan premie daarteenoor is R4,606 vir 'n hooflid en afhanklike en R2,577 vir 'n hooflid.

Begrote uitgawe tot met die volgende Sinode in 2021:

In vooruitskouing bereken die potensiële[1] uitgawe vir die 60% bydrae van die GKK vir die mediese premie vir afgetredenes soos volg –

2017	2018	2019	2020	2021
R2,853,464	R3,110,275	R3,390200	R3,695,318	R4,027,897

[1] "Potensieel" gedefinieer –

- Dit is die uitgawe wat die GKK na regte jaarliks moet voorsien.
- Alle lede wat op ouderdom 65 jaar aftree, kan hierdie voordeel ontvang.
- Geen bydrae word van kerkrade ontvang waar afgetrede leraars in die bediening staan nie. Ongelukkig beroep al die kerkrade nie emeriti vir beperkte

dienstermyne nie. Die rede kan onder meer wees om te spaar op die sinodebesluit dat die kerkraad dan 50% van die GKK se 60%-subsidie moet betaal.
- Hierdie syfer is bereken op 74 potensiële lede. Dit sluit nuwe lede in en verreken die aktuariële lewensverwagting van lede.
- 'n Mediese inflasiekoers van 9% word gebruik omrede dit die gemiddelde koers van styging oor die afgelope vyf jaar was.

Voorgestelde wysiging aan subsidie:

Die GKK wil graag sien dat daar volhoubare hulp aan ons emeriti gelewer kan word. Vanuit die bogenoemde inligting is dit egter duidelik dat die huidige besluit nie volhoubaar is nie en gevolglik sal alle hulp en ook dienste in die Gemeenskaplike Kerkkantoor iewers gestaak moet word weens 'n tekort aan fondse.

Daarom wil die GKK voorstel dat 'n tweeledige wysiging gemaak moet word deur die subsidie te beperk tot die Klassieke Spaarplan of 'n gelykstaande bedrag en om verder ook 'n ouderdomglyskaal vir die subsidie in te stel. Aanvanklik is daar gekyk om die een of die ander voor te stel, maar die vooruitskouing dui duidelik aan dat dit basies net tyd gaan wen en die volhoubaarheidskrisis met net 4 jaar uitstel. Om te illustreer:

Indien die subsidie slegs beperk word tot die Klassieke Spaarplan:

Effek: Volgens die 2017-uitgawes daal die totale jaarlikse premie na R3,246,744 en die GKK se 60% na R1,948,046.

Geprojekteer na 2021 lyk die GKK se subsidie soos volg:

2017	2018	2019	2020	2021
R1,948,046	R2,123,370	R2,314,473	R2,522,776	R2,749,825

Dit sou dus beteken dat 4 jaar gewen word, waarna dieselfde *scenario* weer verskyn.

Indien die huidige plankeuse behou word en daar word slegs 'n ouderdomglyskaal ingestel, waarvolgens:

- Lede tussen 65 en 69 se mediese premie nie gesubsidieer word nie
- Lede tussen 70 en 77 jaar se premie met 20% gesubsidieer word
- Lede tussen 78 en 84 jaar se premie met 50% gesubsidieer word
- Lede 85 jaar plus se mediese premie met 80% gesubsidieer word,

is die effek soos volg: Volgens die 2017-uitgawes beloop die potensiële totale jaarlikse premie R4,756,465 en die GKK se subsidie sou daal na R1,379,636.

Geprojekteer na 2021 lyk dit soos volg:

2017	2018	2019	2020	2021
R1,379,636	R1,655,873	R1,816,122	R1,979,572	R2,157,734

Die effek hiervan is dus basies dieselfde as sou die subsidie beperk word tot die Klassieke Spaarplan.

Die GKK se voorstel is egter om albei hierdie wysigings aan die subsidie aan te bring deur die subsidie te beperk tot die Klassieke Spaarplan of 'n gelykstaande bedrag én ook 'n ouderdomglyskaal in te stel.

Effek: Volgens die 2017-uitgawe sal die totale jaarlikse premie dan verlaag na R3,246,744 en die GKK uitgawe gevolglik na R894,330.

Die projeksie tot en met 2021 lyk dan soos volg:

2017	2018	2019	2020	2021
R894,330	R1,068,396	R1,164,551	R1,269,361	R1,383,604

Dit blyk vir die GKK die enigste sinvolle manier te wees om volhoubare hulp aan ons emeriti te lewer. Ten einde emeriti die geleentheid te bied om vir hierdie verandering voor te berei, versoek die GKK dat dit eers op 1 Januarie 2019 in werking moet tree.

AANBEVELINGS

7.4.1 Die Sinode besluit dat die beswaarskrif formeel ontvanklik is.

7.4.2 Die Sinode besluit om die beswaarskrif goed te keur en herroep die besluite van Sinode 2013, bl. 273, pt. 4.9.1. en ook Sinode 2004, bl. 364, pt. 26.1.1.

7.4.3 Die Sinode besluit dat slegs leraars wat binne die AP kerkverband emeriteer het vir subsidie ten opsigte van hulle mediese fonds kwalifiseer. 'n Leraar wat binne 'n ander kerkverband emeriteer het, kan nie op hierdie subsidie aanspraak maak nie.

7.4.4 Die Sinode besluit om die veranderinge aan subsidie ten opsigte van mediese fonds aan kwalifiserende emeriti vanaf 1 Januarie 2019 in werking te stel.

7.4.5 Die Sinode besluit die subsidie word beperk tot die Klassieke Spaarplan van Discovery Health of 'n gelykstaande bedrag sou die lid 'n ander plankeuse uitoefen.

7.4.6 Die Sinode besluit om die subsidie slegs aan emeriti ouer as 70 te verleen en dan wel volgens die volgende ouderdomglyskaal:

20% subsidie aan lede tussen 70 en 78 jaar
50% subsidie aan lede tussen 78 en 85 jaar
80% subsidie aan lede 85 jaar en ouer

7.4.7 Die Sinode besluit dat wanneer 'n emeritus in die ouderdom tussen 65 – 70 jaar 'n beroep volgens Beroepsbrief D na 'n gemeente aanvaar het om vir 'n beperkte dienstermyn daar te werk, word die verdeling van bydraes tot die mediese fonds vanaf 1 Januarie 2019 soos volg bereken: lidbydrae 50%; gemeentebydrae 50%.

7.4.8 Die Sinode besluit dat wanneer 'n emeritus in die ouderdom tussen 70 – 78 jaar 'n beroep volgens Beroepsbrief D na 'n gemeente aanvaar het om vir 'n beperkte dienstermyn daar te werk, word die verdeling van bydraes tot die mediese fonds vanaf 1 Januarie 2019 soos volg bereken: lidbydrae 40%; gemeentebydrae 40%, GKK bydrae 20%

7.4.9 Die Sinode besluit dat wanneer 'n emeritus in die ouderdom tussen 78 – 85 jaar 'n beroep volgens Beroepsbrief D na 'n gemeente aanvaar het om vir 'n beperkte dienstermyn daar te werk, word die verdeling van bydraes tot die mediese fonds vanaf 1 Januarie 2019 soos volg bereken: lidbydrae 25%; gemeentebydrae 25%, GKK bydrae 50%

7.4.10 Die Sinode besluit dat die GKK 'n komitee van maatskaplike werkers vanuit die kerkverband moet saamstel met die opdrag om die emeriti se posisie deurlopend te ondersoek met verslag aan die GKK vir handeling.

7.4.11 Die Sinode herbevestig die vorige sinodebesluit dat emeriti individueel by die GKK aansoek om addisionele hulp kan doen en wys daarop dat daar ook aansoek gedoen kan word om deur die SKK vanuit die Emeritushulpfonds gehelp te word.

7.5 GKK: BEROEPSBRIEFWYSIGING

Gesien die volgehoue styging in koste ten opsigte van bydraes tot die mediese fonds word 'n beswaarskrif deur die GKK ingedien vir 'n uitbreiding van die betrokke sinodebesluit. Die uitbreiding bring egter 'n noodwendige wysigings aan die bestaande gebruik en daarom word dit by wyse van 'n beswaarskrif voor die Sinode gebring.

Handelinge 1999, bl. 413:

"14.1 Die sinode besluit dat punte 9 en 10 van die beroepsbrief gewysig word om te lees: 9. ... ledegeld neergelê deur die mediese skema met wie die BRKA 'n ooreenkoms het volgens reëls ... 10. ...bydrae tot die Pensioenfonds van die Afrikaanse Protestantse Kerk met wie die BRKA 'n ooreenkoms het, terwyl ..."

AANBEVELING

7.5.1 Die Sinode besluit dat punt 9 van Beroepsbriewe A – C gewysig word om te lees: 9. Sestig persent van die ledegeld neergelê deur die mediese skema met wie die GKK 'n ooreenkoms het volgens die reëls van die skema, terwyl u self veertig persent van die ledegeld dra. U en die kerkraad moet jaarliks voor 30 November onderhandel aangaande die plankeuse wat vir die volgende jaar uitgeoefen moet word.

Motivering:

Tans is dit die gebruik dat leraars jaarliks eensydig oor veranderinge ten opsigte van hulle plankeuse by die mediese skema besluit. Hierdie gebruik kan baie groot finansiële implikasies vir die kerkraad inhou en impliseer 'n eensydige verandering aan die diensvoordele.

8. VOORLOPIGE BEGROTING VIR 2018 - KYK BYLAE GKK5

8.1 ONTVANGSTE

Die norm daargestel deur die Negende Sinode nl. dat die GKK die begrote inkomste kan verminder indien dit blyk dat die werklike 15% bydraes van gemeentes 'n afname toon, is toegepas vir die jaar onder oorsig.

8.2 UITGAWES

Die aanvraag van die kommissies en die GKK vir 2018, oorskry die verwagte inkomste met R1,487,900.00

Voorlopige uitgawebegroting vir 2018

Die uitgawebegroting vir 2018 word as 'n aparte bylae (Bylae GKK5) aangeheg.

AANBEVELINGS

8.2.1 Die Sinode neem kennis van die voorlopige uitgawebegroting vir 'n totale bedrag van R16,137,900.00.

8.2.2 Die Sinode herbevestig die besluit dat geen uitbetaling van oorskryde bedrae gedoen word sonder die vooraf goedkeuring van die GKK nie.

9. BEDANKING

9.1 Die werksaamhede van die GKK is aansienlik vergemaklik deur die ondersteuning van die direkteur en die personeel, komitees van die GKK en ander sinodale kommissies.

9.2 Ons dank ons hemelse Vader vir die leiding wat hy aan die GKK gegee het om sy opdragte uit te voer.

9.3 Ons dank ons hemelse Vader dat Hy so ruim voorsien het aan die gemeentes dat hulle bydraes die GKK in staat kon stel om al sy verpligtinge na te kom.

Hiermee vertrou die GKK dat hy sy opdragte tot bevrediging van die Sinode uitgevoer het en bid die Sinode seën toe op sy beraadslaginge.

Prof.dr. JAE Adendorff (voorsitter), mnr. GJ Jansen van Rensburg (skriba).

BYLAE GKK1

PROSEDURE VIR DIE BENOEMING VAN DIREKTEUR VAN KERKADMINISTRASIE

Die benoeming van 'n direkteur van kerkadministrasie geskied deur 'n Kieskollege. Hierdie Kieskollege word saamgestel deur die Gemeenskaplike Kerkkantoorkommissie (GKK) sowel as een verteenwoordiger uit elke sinodale kommissie wat nie reeds op die GKK verteenwoordig is nie. Die voorsitter van die GKK tree altyd as sameroeper op.

1.1 Sodra daar 'n vakature vir die pos van Direkteur van Kerkadministrasie ontstaan, moet die Kieskollege die vakature so gou moontlik vul deur die aanvaarde prosedure van nominasie en benoeming te volg.

1.2 Die prosedure vir nominasie en benoeming is die volgende:

Nominasie

1.2.1 Die Kieskollege word deur die voorsitter van die GKK ingelig van die vakature wat ontstaan het en lidmate van plaaslike AP kerke word versoek om binne een kalendermaand kandidate te nomineer op die voorgeskrewe nominasievorm.

1.2.2 'n Genomineerde moet 'n dienende leraar in die AP kerkverband wees.

Benoeming

1.2.3 Nadat die nominasies gesluit het, word die Kieskollege byeengeroep.

1.2.4 Die Kieskollege bespreek al die nominasies wat ontvang is en stel 'n kortlys op waaruit gestem moet word. Dit staan die Kieskollege vry om, ná skriftelike uitnodiging deur die skriba van die GKK, persoonlike gesprekke te voer met al die kandidate op die kortlys alvorens daar gestem word.

1.2.5 Die benoemde word sonder versuim telefonies of persoonlik van sy benoeming in kennis gestel deur die voorsitter van die GKK.

1.2.6 Die skriba van die GKK stel *Die Boodskapper* skriftelik in kennis van die benoeming.

1.2.7 Die skriba van die GKK versend die amptelike benoemingsbrief en gepaardgaande werkskontrakte.

1.2.8 Die benoemde moet ná die verloop van een kalendermaand se approbasie skriftelik op die benoeming antwoord. Indien die benoeming aanvaar word, moet hy ook die nodige kontrakte onderteken, alvorens hy aangestel kan word.

Besware

1.2.9 Enige lidmaat van 'n plaaslike AP kerk het die reg om voor die verstryking van die approbasieperiode, skriftelik beswaar aan te teken op grond van klagtes teen die leer of lewe van die benoemde, of op grond van enige onreëlmatigheid met die benoeming.

1.2.10 Skriftelike en gemotiveerde besware moet by die skriba van die GKK ingedien word.

1.2.11 Die beswaar word onverwyld aan al die lede van die Kieskollege gestuur, wat moet besluit of dit 'n geldige rede vir beswaar is.

1.2.12 Indien dit blyk dat dit 'n geldige rede vir beswaar is, word die benoemde onmiddellik van die beswaar in kennis gestel. Die beswaar word ook skriftelik aan die benoemde voorsien.

1.2.13 Die Kieskollege word onverwyld byeengeroep om die beswaar te ondersoek. Die beswaarde kan geleentheid kry om sy beswaar te motiveer en die benoemde kry dan ook geleentheid om homself teen die beswaar te verweer.

1.2.14 Al die lede van die Kieskollege stem per geslote stembrief oor die handhawing van die beswaar al dan nie. Indien die Kieskollege besluit dat die beswaar gehandhaaf word, word die benoeming nietig verklaar.

1.2.15 Hierna benoem die Kieskollege 'n ander kandidaat vir die vakante pos vanuit die oorblywende kandidate op die kortlys, óf kan besluit om van nuuts af te nomineer.
1.2.16 Indien die Kieskollege meen dat die gehandhaafde beswaar moontlik tugwaardig mag wees, word daar volgens die toepaslike artikels en bepalings van die *Kerkorde* opgetree deur die benoemde se plaaslike ouderlingeraad.
1.2.17 Ná die hantering van 'n beswaar, word die beswaarde en benoemde skriftelik in kennis gestel van die Kieskollege se besluit.

BYLAE GKK2

GEMEENTES 15% – AGTERSTALLIG

Op 20 Junie 2017 het die volgende gemeentes onvoldoende F1-vorms ingedien, was betalings op 15% agterstallig en is geen skriftelike reëling met die Gemeenskaplike Kerkkantoor getref nie.

Die Sinode moet beslis oor stemreg aan hierdie gemeentes se afgevaardigdes.

Gemeente (Stigtingsdatum)	**Belydend**	**Doop**
Beaufort-Wes (15/01/1988) F1-vorms, 15% betalings vanaf 03/2011 - 4/2017 F10-verslae vanaf 2010 - 2014 uitstaande.	48	9
Bethulie (28/07/1991) F1-vorms, 15% betalings vanaf 01/2013 - 4/2017 F10-verslae vanaf 2013 - 2016 uitstaande.	41	16
Boshof (13/09/1987) F1-vorms, 15% betalings vanaf 01/2012 - 4/2017 F10-verslae vanaf 2013 - 2016 uitstaande.	18	1
De Aar (09/03/1988) F1-vorms, 15% betalings vanaf 04/2010 - 4/2017 F10-verslae vanaf 2012 - 2016 uitstaande.	35	17
Devon (18/06/1989) F1-vorms, 15% betalings vanaf 05/2014 - 4/2017 F10-verslae vanaf 2011 - 2016 uitstaande.	14	7
Ermelo (15/07/1987) F1-vorms, 15% betalings vanaf 03/2014 - 4/2017 F10-verslae vanaf 2015 – 2016 uitstaande.	117	23
Gelofte Pietermaritzburg (15/03/1992) F1-vorms, 15% betalings vanaf 03/2014 - 4/2017 F10-verslae vanaf 2013 – 2016 uitstaande.	37	4
Groter-Durban (02/08/1987) F1-vorms, 15% betalings vanaf 04/2010 - 12/2016 F10-verslae vanaf 2007 - 2016 uitstaande.	50	3

Gemeente (Stigtingsdatum)	Belydend	Doop
Groblershoop (01/10/1987) F1-vorms, 15% betalings vanaf 01/2012 - 4/2017 F10-verslae vanaf 2006 - 2016 uitstaande. Gemeente reeds besig met ontbinding.	10	8
Jagersfontein-Fauresmith (05/05/1991) F1-vorms, 15% betalings vanaf 04/2010 - 4/2017 F10-verslae vanaf 2012 - 2016 uitstaande. Die kerkraad het aangedui dat die gemeente die AP kerkverband wil verlaat. Ring van Petrusburg sal aan die Sinode moet verslag doen.	20	5
Koffiefontein (09/02/1992) F1-vorms, 15% betalings vanaf 06/2014 - 4/2017 F10-verslae vanaf 2011 - 2016 uitstaande. Die kerkraad het aangedui dat die gemeente die AP kerkverband wil verlaat. Ring van Petrusburg sal aan die Sinode moet verslag doen.	45	18
Krugersdorp (03/02/1991) F1-vorms, 15% betalings vanaf 12/2012 - 4/2017 F10-verslae vanaf 2005 - 2016 uitstaande.	119	19
Migdol (29/06/1987) F1-vorms, 15% betalings vanaf 07/2010 - 4/2017 F10-verslae vanaf 2010 - 2016 uitstaande.	68	10
Prieska (18/08/1988) F1-vorms, 15% betalings vanaf 02/2015 - 4/2017 F10-verslae vir 2013 en 2015 - 2016 uitstaande.	22	10
Reddersburg (10/09/2000) F1-vorms, 15% betalings vanaf 05/2013 - 4/2017 F10-verslae vanaf 2010 - 2016 uitstaande. Die kerkraad het aangedui dat ontbinding oorweeg word.	19	2
Stella (28/07/1996) F1-vorms, 15% betalings vanaf 09/2011 - 4/2017 F10-verslae vanaf 2011 - 2016 uitstaande.	39	19
Vryheid (22/10/1987) F1-vorms, 15% betalings vanaf 06/2014 - 4/2017 F10-verslae vanaf 2011 - 2016 uitstaande.	92	27
Welkom (13/11/1987) F1-vorms, 15% betalings vanaf 04/2010 - 4/2017 F10-verslae vanaf 2007 - 2016 uitstaande.	51	5

BYLAE GKK3

OOREENKOMS TUSSEN DIE SINODE VAN DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK EN DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE AKADEMIE MSW

Ooreenkoms aangegaan deur en tussen

DIE SINODE VAN DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK
(hierna genoem die "Sinode")

soos verteenwoordig deur

(a) DIE KURATORIUM

asook

(b) DIE GEMEENSKAPLIKE KERKKANTOOR (GK)

en hierin verteenwoordig deur die

GEMEENSKAPLIKE KERKKANTOOR KOMMISSIE
(hierna genoem die "GKK")

fisiese adres Makoustraat 516, Monumentpark X2, Pretoria

en

DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE AKADEMIE MSW
Registrasienommer 2002/031756/08

hierin verteenwoordig deur die

RAAD VAN DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE AKADEMIE
(hierna genoem die "Raad")

fisiese adres: Farendenstraat 430, Sunnyside, Pretoria.

Aangesien dit nodig is dat die Sinode van die Afrikaanse Protestantse Kerk en die Raad van die Afrikaanse Protestantse Akademie hulle verhouding ten opsigte van die teologiese opleiding en onderlinge hulpverlening reël en beskryf, kom die partye derhalwe soos volg ooreen en onderneem elk om hulle toepaslike dokumente in ooreenstemming met hierdie ooreenkoms te bring.

A. Die verhouding tussen die Afrikaanse Protestantse Kerk en die Afrikaanse Protestantse Akademie word statutêr en kerkordelik bepaal

1. Die Afrikaanse Protestantse Akademie het as privaat instituut vir tersiêre onderwys kragtens 'n besluit van die Sinode van die Afrikaanse Protestantse Kerk en by wyse van registrasie deur die Onderwysdepartement ingevolge die Onderwyswet van 1997 tot stand gekom.
2. Die noue band tussen die Afrikaanse Protestantse Kerk en die Afrikaanse Protestantse Akademie is vir albei partye kosbaar. Nie net het die AP Akademie histories uit die AP Kerk gegroei nie, maar die AP Akademie moet ook studente oplei

wat die etos van die AP Kerk handhaaf. Daarom dien daar, as deel van die verslag van die Kuratorium aan die sinode, ook 'n verslag van die Raad van die AP Akademie ten einde hierdie noue band te koester en verder uit te bou.

3. Die wetlike selfstandigheid van die AP Akademie as privaat tersiêre onderwysinrigting word gevolglik wedersyds erken.
4. Die feit dat die Raad vir die uitvoering van sy pligte t.o.v. die Fakulteit Teologie finansieel van die Sinode afhanklik is, word eweneens wedersyds erken.
5. Die interafhanklikheid van Sinode en Raad bring enersyds mee dat kerklike inspraak oor beleid, die benoeming van teologiese dosente, bepaling van *curricula* in die Fakulteit Teologie van die AP Akademie en finansiële subsidie, gewens is en daarom kerkordelik en statutêr vasgelê en voortdurend in ooreenstemming met die geldende ooreenkoms gehou moet word.
6. Die selfstandigheid van die AP Akademie bring andersyds mee dat kerklike dominansie in die sake van die AP Akademie uitgesluit is en die kerklike inspraak en betrokkenheid beperk word tot die sake in hierdie ooreenkoms.

B. Die betrokkenheid van die Sinode via sy Kuratorium by die opleiding van predikante aan die AP Akademie

1. **Die benoeming van teologiese dosente vir die Fakulteit Teologie aan die AP Akademie**

1.1 Dosente in alle fakulteite van die AP Akademie is in diens van die Raad. Dit beteken dus dat teologiese dosente nie in diens van die Sinode of enige sinodale kommissie staan nie.

1.2 Gesien punte A 4 en A 5 hierbo, kom die partye ooreen dat die Raad die aantal teologiese dosente in diens sal neem waarop (a) die Sinode besluit het en wat (b) finansieel deur die Sinode gesubsidieer word.

1.3 Die keuse van 'n kandidaat vir 'n dosentepos in die Fakulteit Teologie geskied in noue samewerking tussen die Raad van die AP Akademie en die Kuratorium van die AP Kerk deur die samestelling van 'n Kieskollege. Die Kieskollege bestaan uit die Kuratorium, twee lede van die Raad wat lidmate van 'n plaaslike AP kerk moet wees en ook die voltydse dosente in die Fakulteit Teologie. Die voorsitter van die Kuratorium tree altyd as sameroeper op.

1.4 Sodra daar 'n vakature in die Fakulteit Teologie ontstaan, gee die Dekaan van die Fakulteit Teologie of sy verteenwoordiger daarvan kennis aan die voorsitter van die Kuratorium wat die Kieskollege saamroep.

1.5 Die Kieskollege moet die vakature so gou moontlik vul deur die ooreengekome prosedure van nominasie en benoeming te volg. Indien geen geskikte kandidaat vir die pos gevind word nie, óf indien die geskikte kandidaat nie 'n Meestersgraad het nie, besluit die Kieskollege oor enige tussentydse oplossings tot voordeel van die AP Akademie en die kerkverband.

1.6 Die prosedure vir nominasie en benoeming is die volgende:

Nominasie

1.6.1 Die Kieskollege word deur die voorsitter van die Kuratorium ingelig van die vakature wat ontstaan het en lidmate van plaaslike AP kerke word versoek om binne een kalendermaand kandidate te nomineer op die voorgeskrewe nominasievorm.

1.6.2 'n Genomineerde moet leraarstatus in die AP kerkverband hê, met verkieslik ten minste 'n Meestersgraad in die Teologie, binne die vakrigting waarin die vakature ontstaan het, wat voldoende geslaag is om toegang tot doktorale studie te verkry. Die feit dat iemand in die spesifieke vakrigting opgelei is, maak hom nie noodwendig 'n kandidaat vir nominering of benoeming nie.

Benoeming

1.6.3 Nadat die nominasies gesluit het, word die Kieskollege byeengeroep.

1.6.4 Die Kieskollege bespreek al die nominasies wat ontvang is en stel ’n kortlys op waaruit gestem moet word. Dit staan die Kieskollege vry om, ná skriftelike uitnodiging deur die skriba van die Kuratorium, persoonlike gesprekke te voer met al die kandidate op die kortlys alvorens daar gestem word.

1.6.5 Die benoemde word sonder versuim telefonies of persoonlik van sy benoeming in kennis gestel deur die voorsitter van die Kuratorium.

1.6.6 Die skriba van die Kuratorium stel *Die Boodskapper* skriftelik in kennis van die benoeming.

1.6.7 Die skriba van die Kuratorium stel ook die Raad in kennis van die benoeming met die oog op aanstelling en die versending van ’n amptelike benoemingsbrief en gepaardgaande werkskontrakte.

1.6.8 Die benoemde moet ná die verloop van een kalendermaand se approbasie skriftelik op die benoeming antwoord. Indien die benoeming aanvaar word, moet hy ook die nodige kontrakte onderteken, alvorens hy aangestel kan word.

Besware

1.6.9 Enige lidmaat van ’n plaaslike AP kerk het die reg om voor die verstryking van die approbasieperiode, skriftelik beswaar aan te teken op grond van klagtes teen die leer of lewe van die benoemde, of op grond van enige onreëlmatigheid met die benoeming.

1.6.10 Skriftelike en gemotiveerde besware moet by die skriba van die Kuratorium ingedien word.

1.6.11 Die beswaar word onverwyld aan al die lede van die Kieskollege gestuur, wat moet besluit of dit ’n geldige rede vir beswaar is.

1.6.12 Indien dit blyk dat dit ’n geldige rede vir beswaar is, word die benoemde onmiddellik van die beswaar in kennis gestel. Die beswaar word ook skriftelik aan die benoemde voorsien.

1.6.13 Die Kieskollege word onverwyld byeengeroep om die beswaar te ondersoek. Die beswaarde kan geleentheid kry om sy beswaar te motiveer en die benoemde kry dan ook geleentheid om homself teen die beswaar te verweer.

1.6.14 Al die lede van die Kieskollege stem per geslote stembrief oor die handhawing van die beswaar al dan nie. Indien die Kieskollege besluit dat die beswaar gehandhaaf word, word die benoeming nietig verklaar.

1.6.15 Hierna benoem die Kieskollege ’n ander kandidaat vir die vakante pos vanuit die oorblywende kandidate op die kortlys, óf kan besluit om van nuuts af te nomineer.

1.6.16 Indien die Kuratorium meen dat die gehandhaafde beswaar moontlik tugwaardig mag wees, word daar volgens die toepaslike artikels en bepalings van die Kerkorde opgetree deur die benoemde se plaaslike ouderlingeraad.

1.6.17 Ná die hantering van ’n beswaar, word die beswaarde en benoemde skriftelik in kennis gestel van die Kieskollege se besluit.

Bevestiging

1.6.18 Indien die benoeming aanvaar word, neem die benoemde se werk ’n aanvang op die aanstellingsdatum soos per benoemingsbrief aangedui, maar word hy op ’n geskikte datum amptelik as hoogleraar/dosent aan die AP Akademie bevestig.

2. **Die inspraak van die Kuratorium in die *curricula* van die Fakulteit Teologie aan die AP Akademie**

2.1 Die Raad onderneem om, binne die raamwerk van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika en die betrokke Wet op Hoër Onderwys, die studie van teologiese studente waar te neem ooreenkomstig klassiek Christelike en

kenmerkend gereformeerde norme, met die doel om studente teologies wetenskaplik toe te rus.

2.2 Die Kuratorium lê die minimum kerklike vereistes, waarop die Sinode besluit het, met betrekking tot vakke se inhoud, omvang en standaard aan die Dekaan van die Fakulteit Teologie voor.

2.3 Die Raad onderneem en het die finale verantwoordelikheid om die kurrikulering, onderrig, eksamens, navorsing en aanverwante werksaamhede wat tot die toekenning van teologiese grade en diplomas lei, hiervolgens in te rig.

2.4 Die Kuratorium kan per geleentheid teologiese dosente uitnooi om ter vergadering die inhoud van hulle kurrikulum te bespreek ten einde daaroor aan die Sinode verslag te lewer en ook op hoogte te bly met die nuutste navorsing en tendense.

3. **Die toesighouding oor teologiese dosente van die Fakulteit Teologie aan die AP Akademie**

3.1 Alle dosente verbonde aan die AP Akademie is in diens van die Raad en is dus aan die dissiplinêre maatreëls van die Raad onderworpe ten opsigte van alle wangedrag of pligsversuim.

3.2 Indien enige dosent verbonde aan die AP Akademie, volgens die oordeel van die Kuratorium enige iets leer in stryd met paragraaf B 2.1 van hierdie ooreenkoms, bring die Kuratorium die saak met volledige relevante dokumentasie, onder die aandag van die Raad.

3.3 Enige klag teen enige dosent word deur die Raad ontvang en hanteer.

3.4 Indien die Raad van voorneme is om dissiplinêr teen ’n dosent van die Fakulteit Teologie op te tree, moet die Kuratorium hieroor ingelig en van alle tersaaklike inligting voorsien word. Indien die beweerde gedrag wat sodanige dosent ten laste gelê word volgens die oordeel van die Kuratorium tugwaardig is, hanteer die Kuratorium die saak ooreenkomstig die toepaslike kerkordelike bepalings.

3.5 Die geldigheid van ’n klag teen ’n teologiese dosent se leer en lewe word eers deur die Kuratorium ondersoek alvorens die Kuratorium, in terme van sy lasgewing, die klag by die dosent se plaaslike ouderlingeraad indien.

3.6 Indien ’n dosent se plaaslike ouderlingeraad ná ondersoek en skuldigbevinding besluit op die toepassing van sensuur, word hierdie bevinding deur die Kuratorium aan die Raad bekendgemaak. Die Raad onderneem om dan volgens die Arbeidswet dissiplinêr teen die dosent op te tree.

3.7 Indien ’n dosent se plaaslike ouderlingeraad by skuldigbevinding op afsetting besluit, word hierdie besluit deur die Kuratorium aan die Raad bekendgemaak. Die Raad onderneem om die dosent se diens dan in ooreenstemming met die Arbeidswet te beëindig, aangesien daar nie meer aan die vereistes van die pos voldoen word nie (let op paragraaf B.1.6.2).

4. **Die betrokkenheid van die Kuratorium by die admissie- en teologiese studente wat aan die AP Akademie studeer**

4.1 Die Sinode is by wyse van sinodale besluite en deur middel van die Kuratorium intens betrokke by die opleiding van voornemende predikante.

4.2 Die Kuratorium kommunikeer sinodebesluite, wat die opleiding van studente aan die AP Akademie raak, aan die Raad.

4.3 Die Kuratorium voer op gereelde basis gesprekke met admissie- en teologiese studente wat later toegelaat wil word tot die bediening binne die AP kerkverband.

Admissiestudente

4.3.1 Die Kuratorium bepaal hom in gesprekke met admissiestudente tot ’n ondersoek na hulle geloofsekerheid en roepingsbewustheid, asook onderhoude in verband met finansiële hulp van die kant van die Sinode.

Teologiese studente

4.3.2 Die Kuratorium sit sy betrokkenheid by teologiese studente voort met gesprekke oor hulle geloofslewe, roepingsbelewing en finansiële situasie.

4.3.3 In die gesprekke met teologiese studente word die saak van die studente se regsinnigheid ook deurlopend aan die orde gestel.

4.3.4 In die beoordeling van 'n student se regsinnigheid het die Kuratorium die reg en vryheid om oor elke vak met die student gesprek te voer, met dien verstande dat Kuratoriumlede hulle van 'n akademiese aanslag weerhou. Die vakdosent(e) het sittingsreg by die geleentheid, maar het die keuse of hy (hulle) dit wil bywoon of nie.

4.3.5 In die ondersoek na die regsinnigheid van 'n finalejaar-student kan die Kuratorium ook sy afgehandelde skripsie onder oë neem. Vir dié doeleindes stuur die student 'n kopié van die skripsie elektronies aan die Kuratorium.

4.3.6 Die Senaat en Raad onderneem om die Kuratorium onverwyld in kennis te stel van enige klag of gerug rakende 'n teologiese student se leer of lewe.

C. Die betrokkenheid van die Sinode via sy Gemeenskaplike Kerkkantoorkommissie by die subsidiëring aan die AP Akademie

1. Fondse

1.1 Die Sinode onderneem om deur sy GKK jaarliks in Januarie, volgens geldende sinodebesluite, 'n finansiële oorbetaling aan die Raad van die AP Akademie te maak, ten einde die aantal teologiese dosenteposte waarop sinodes van tyd tot tyd besluit, finansieel te subsidieer (A 1.2).

1.2 Indien die jaarlikse subsidie meer is as wat die koste van die teologiese dosenteposte beloop, kan die Raad die orige fondse na goeddunke binne die AP Akademie se begroting aanwend.

1.3 Indien die GKK se jaarlikse bydrae, volgens geldende sinodebesluite, nie voldoende is om die teologiese dosenteposte soos deur die sinode goedgekeur, te onderhou nie, tree die Raad met die GKK in gesprek vir gesamentlike besinning.

1.4 Die Raad onderneem om die vergoeding van teologiese dosente in lyn te hou met die vergoeding van leraars in die kerkverband, terwyl die byvoordele sal vergelyk met die van leraars in die ringsressort waarbinne die AP Akademie val.

1.5 Dit staan die Raad vry om oor enige ander finansiële behoeftes met die GKK in gesprek te tree. Enige ander finansiële ooreenkoms tussen die Raad en die GKK moet kontraktueel beskryf word.

2. Personeelaangeleenthede

Voltydse personeel en dosente van die AP Akademie kan ooreenkomstig 'n Raadsbesluit en volgens wetsvereiste, by permanente aanstelling inskakel by die pensioenfonds- en mediese skema met wie die GKK 'n ooreenkoms het.

3. Implikasie deur Raadsbesluite en die band met Sinode en Kuratorium

Aangesien die AP Akademie 'n onafhanklike regspersoon is, is die GKK, afgesien van die ooreengekome subsidie, nie verantwoordelik vir enige gemeenregtelike finansiële aanspreeklikheid wat mag ontstaan uit besluite geneem deur die Raad van die Akademie nie.

D. Domisilie

Die partye kies die adresse soos in die aanhef hiertoe as hul onderskeie *domicilia citandi et executandi* vir doeleindes van enige kennisgewings en of regsaksies wat mag ontstaan uit hoofde van hierdie ooreenkoms.

E. Wysigings aan die ooreenkoms

1. Geen eensydige wysigings deur enige party aan hierdie ooreenkoms is toelaatbaar nie en sodanige wysigings word as ongeldig geag.
2. Indien enige wysigings aan hierdie ooreenkoms in die toekoms nodig mag word, onderhandel die partye oor die wysigings, waarna 'n nuwe ooreenkoms opgestel word.
3. Hierdie ooreenkoms verval by die ondertekening van die nuwe ooreenkoms.
4. Indien enige party die ooreenkoms in sy geheel wil laat verval, moet daar TWAALF (12) maande kennisgewing gegee word.

GETEKEN te ..... op hierdie ..... dag van ..... 20.....

Namens die Sinode, verteenwoordig deur die GKK.

1. ..... 2. .....

Getuies:

1. ..... 2. .....

GETEKEN te ..... op hierdie ..... dag van ..... 20.....

Namens die Raad van die AP Akademie.

1. ..... 2. .....

Getuies:

1. ..... 2. .....

BYLAE GKK4

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

FINANSIËLE JAARSTATE - 2016

INHOUDSOPGAWE

	BLADSY
Verslag van die voorsitter van die GKK	2
Bekragtiging van die Finansiële Jaarstate	2
Verslag van die Ouditeur	3 - 5
Staat van Finansiële Posisie	6
Staat van Omvattende Inkomste	7
Staat van Kontantvloei	8
Aantekeninge tot die Finansiële Jaarstate	9 - 17

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK

VOORWOORD VAN DIE VOORSITTER VAN DIE GEMEENSKAPLIKE KERKKANTOORKOMMISSIE (GKK)

Die rekenmeester het die ingeslote finansiële jaarstate aan die Gemeenskaplike Kerkkantoorkommissie (GKK) van die Sinode voorgelê. Die GKK het die state deeglik nagegaan en dit word aanbeveel vir goedkeuring. Die state word nou vir ouditering aangebied.

Uit die state word die goeie gesindheid van ons lidmate, individue en gemeentes in bydraes weerspieël. Met groot dankbaarheid het ons kennis geneem daarvan dat hierdie bydraes die Afrikaanse Protestantse Kerk in staat stel om met geseënde werk voort te gaan.

Aan ons sentrale kerkkantoorpersoneel en personeel in elke gemeente betrokke, ons hartlike waardering vir harde en deeglike werk die afgelope jaar. Mag die ouditeursverslag hierdie besondere werk wat gedoen is, bevestig.

Ons dankbaarheid gaan juis ook aan ons Drie-enige God wat mense gebruik om die middele te gee om daarmee te werk.

PROF. JAE ADENDORFF
(Voorsitter van die GKK)

BEKRAGTIGING VAN DIE FINANSIËLE JAARSTATE 2016

Die finansiële jaarstate van die Afrikaanse Protestantse Kerk soos uiteengesit op bladsye 6 – 17 is op 10 Maart 2017 deur die Gemeenskaplike Kerkkantoorkommissie goedgekeur.

Geteken namens die Gemeenskaplike Kerkkantoorkommissie

PROF. JAE ADENDORFF
(Voorsitter van die GKK)

MNR. GJJ VAN RENSBURG
(Rekenmeester)

STRACHAN & CROUSE
GEOKTROOIEERDE REKENMEESTERS (SA) / CHARTERED ACCOUNTANTS (SA)
GEREGISTREERDE OUDITEURE / REGISTERED AUDITORS

HARROGATE PARK G01
PRETORIUSSTRAAT 1237 PRETORIUS STREET HATFIELD PRETORIA
POSBUS / P O BOX 12701 HATFIELD 0028

TEL: +27 (0) 12 430 3420 FAKS / FAX: +27 (0) 12 430 3422 / 0866 878 676
www.strachancrouse.co.za E-POS / E-MAIL: info@strachancrouse.co.za

ONS VERW: 5/0053/0
OUR REF : ----------

10 Maart 2017

VERSLAG VAN DIE ONAFHANLIKE OUDITEURE

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK – GKK

Gekwalifiseerde Mening

Ons het die finansiële state van die Afrikaanse Protestantse Kerk – GKK, soos uiteengesit op bladsye 6 tot 17, geoudit. Hierdie finansiële state bestaan uit die staat van finansiële posisie soos op 31 Desember 2016, en die staat van omvattende inkomste, en die staat van kontantvloei vir die jaar wat op daardie datum geëindig het, en die aantekeninge tot die finansiële state, insluitende 'n opsomming van beduidende rekeningkundige beleid.

Na ons mening, afgesien van die uitwerking van enige aansuiwerings wat dalk nodig sou gewees het, indien dit vir ons moontlik was om ons ondersoek na gemeentebydraes nog nie gerapporteer nie uit te brei en die moontlike effek van die aangeleentheid omskryf in die Basis vir gekwalifiseerde ouditmening paragraaf, is die finansiële jaarstate in alle wesenlike opsigte 'n redelike voorstelling is van die finansiële stand van die Afrikaanse Protestantse Kerk – GKK soos op 31 Desember 2016 en van die resultate van bedrywighede en kontantvloei vir die jaar wat op daardie datum geëindig het in ooreenstemming met die rekeningkundige beleid wat aangeneem is.

Basis vir gekwalifiseerde ouditmening

Debiteure word gedra teen R 2 834 460 in die staat van finansiële posisie van die Afrikaanse Protestantse Kerk – GKK soos op 31 Desember 2016. Ingesluit by die bedrag is R 976 598 ontvangbaar ten opsigte van 'n pensioenfonds eis soos openbaar in nota 6 tot die finansiële state. Dit was nie vir ons moontlik om voldoende, toepaslike ouditbewyse te bekom aangaande die invorderbaarheid van die drabedrag van die pensioenfondseis van R 976 598 nie as gevolg van die onsekerheid met betrekking tot die uitkoms van die eis ingestel deur die Afrikaanse Protestantse Kerk – GKK teen CMM. Gevolglik was dit nie vir ons moontlik om te bepaal of enige aansuiwerings aan die bedrag nodig was nie.

Grondslag vir mening

Ons het die oudit ooreenkomstig die 'International Standards on Auditing' uitgevoer. Ons verantwoordelikhede ingevolge daardie standaarde word verder beskryf in die Ouditeur se Verantwoordelikhede vir die Oudit van die finansiële state afdeling van ons verslag. Ons is onafhanklik van die entiteit in ooreenstemming met die 'Independent Regulatory Board for Auditors Code of Professional Conduct for Registered Auditors (IRBA Code)' en ander onafhanklikheidsvereistes wat van toepassing is op oudits van finansiële state in Suid-Afrika. Ons het ons ander

etiese verantwoordelikhede ooreenkomstig die 'IRBA Code' en ooreenkomstig ander etiese vereistes wat van toepassing is op oudits in Suid-Afrika, vervul. Die 'IRBA Code' is konsekwent met die 'International Ethics Standards Board for Accountants Code of Ethics for Professional Accountants (Parts A and B)'. Ons glo dat die ouditbewyse wat ons verkry het, toereikend en toepaslik is om 'n grondslag vir ons mening te bied.

Ander inligting

Die bestuur is verantwoordelik vir die ander inligting. Die ander inligting bestaan uit die bekragtiging van die finansiële state. Ander inligting sluit nie die finansiële state en ons ouditeursverslag daaroor in nie.

Ons mening oor die finansiële state sluit nie die ander inligting in nie en ons spreek nie 'n ouditmening of enige vorm van gerusstelling daaroor uit nie.

In verband met ons oudit van die finansiële state is dit ons verantwoordelikheid om die ander inligting te lees en sodoende te oorweeg of die ander inligting wesenlik teenstrydig is met die finansiële state of ons kennis verkry gedurende die oudit, of andersins blyk om wesenlik wanvoorgestel te wees. Indien ons, op grond van die werk wat uitgevoer is, tot die gevolgtrekking kom dat daar 'n wesenlike wanvoorstelling van hierdie ander inligting is, word van ons vereis om daardie feit te rapporteer. Ons het niks om in hierdie verband te rapporteer nie.

Verantwoordelikhede van die bestuur vir die Finansiële State

Die bestuur is verantwoordelik vir die opstel en redelike voorstelling van die finansiële state ooreenkomstig rekeningkundige beleid wat aangeneem is 'International Financial Reporting Standards for Small and Medium-sized Entities' en vir sodanige interne beheer as wat die bestuur nodig ag vir die opstel van die finansiële state wat vry is van wesenlike wanvoorstelling, hetsy weens bedrog of foute.

As deel van die opstel van die finansiële state is dit die bestuur se verantwoordelikheid om die entiteit se vermoë om as 'n lopende saak voort te bestaan te beoordeel, en aangeleenthede, soos toepaslik, wat verband hou met die lopende saak en die gebruik van die lopende-saak-grondslag van verslagdoening te openbaar, tensy die bestuur beplan om die entiteit te likwideer of om bedrywighede te staak, of geen realistiese alternatief het as om dit te doen nie.

Ouditeur se verantwoordelikhede vir die oudit van die Finansiële State

Ons doelwitte is om redelike gerusstelling te verkry of die finansiële state as 'n geheel vry is van wesenlike wanvoorstelling, hetsy weens bedrog of foute, en om 'n ouditeursverslag uit te reik wat ons mening bevat. Redelike voorstelling is 'n hoë vlak van gerusstelling, maar is nie 'n waarborg dat 'n oudit wat ooreenkomstig die 'International Standards on Auditing' uitgevoer is altyd 'n wesenlike wanvoorstelling sal opspoor indien dit bestaan nie. Wanvoorstellings kan ontstaan as gevolg van bedrog of foute, en word individueel of in totaal wesenlik geag indien dit redelikerwys verwag kan word dat sodanige wanvoorstellings die ekonomiese besluite van gebruikers, wat op grond van hierdie finansiële state geneem word, sal beïnvloed.

As deel van 'n oudit ooreenkomstig die 'International Standards on Auditing' oefen ons professionele oordeel uit en handhaaf professionele skeptisisme regdeur die oudit. Ons doen ook die volgende:

- Identifiseer en beoordeel die risikos van wesenlike wanvoorstelling van die finansiële state, hetsy weens bedrog of foute, ontwerp en voer ouditprosedures uit na aanleiding van daardie risikos, en verkry ouditbewyse wat voldoende en toepaslik is om 'n grondslag vir die ouditmening te bied. Die risiko van nie-opsporing van 'n wesenlike wanvoorstelling as gevolg van bedrog is groter as vir 'n wesenlike wanvoorstelling as gevolg van foute, aangesien bedrog samespanning, vervalsing, doelbewuste weglatings, wanvoorstellings, of die omseiling van interne beheer kan behels.
- Verkry 'n begrip van interne beheer relevant tot die oudit ten einde ouditprosedures te ontwerp wat toepaslik is in die omstandighede, maar nie vir die doel om 'n mening uit te spreek oor die effektiwiteit van die maatskappy se interne beheer nie.

- Evalueer die toepaslikheid van rekeningkundige beleid wat gebruik is en die redelikheid van rekeningkundige ramings en verwante openbaarmaking wat deur die bestuur gemaak is.
- Kom tot 'n gevolgtrekking oor die toepaslikheid van die bestuur se gebruik van die lopende-saak-grondslag van verantwoording, en gebaseer op die ouditbewyse verkry, kom tot 'n gevolgtrekking oor die bestaan van 'n wesenlike onsekerheid wat verband hou met gebeure of omstandighede wat beduidende twyfel kan werp op die maatskappy se vermoë om as 'n lopende saak voort te bestaan. Indien ons tot die gevolgtrekking kom dat 'n wesenlike onsekerheid bestaan, word daar vereis om in ons ouditeursverslag aandag te vestig op die toepaslike openbaarmaking in die finansiële state, of, indien sodanige openbaarmaking onvoldoende is, om ons mening te wysig. Ons gevolgtrekkings word gebaseer op ouditbewyse verkry tot en met die datum van die ouditeursverslag. Toekomstige gebeure en omstandighede mag egter daartoe aanleiding gee dat die entiteit ophou om as 'n lopende saak voort te bestaan.
- Evalueer die algehele voorstelling, struktuur en inhoud van die finansiële state, insluitende die openbaarmaking, en of die finansiële state die onderliggende transaksies en gebeure op só 'n manier weergee dat redelike voorstelling bereik word.

Ons kommunikeer met die bestuur oor, onder andere, die beplande omvang en tydsberekening van die oudit en beduidende ouditbevindinge, insluitende enige beduidende tekortkominge in interne beheer wat ons tydens die oudit identifiseer.

STRACHAN & CROUSE
G S MEIRING
VENNOOT
GEREGISTREERDE OUDITEURE

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK
STAAT VAN FINANSIËLE POSISIE OP 31 DESEMBER 2016

	Aantekening	2016 R	2015 R	2014 R
BATES				
Nie - Bedryfsbates	2	9 026 571	13 935 348	9 009 551
Ander bates	3	3 867 637	2 304 680	3 101 563
Beleggings	4	44 356 712	41 758 387	39 844 161
Bedryfsbates		9 744 749	18 580 653	9 092 327
-Publikasie - voorraad	5	716 491	759 722	1 059 936
-Debiteure	6	2 834 460	2 482 564	2 511 020
-Munisipale deposito's		1 661	1 655	6 410
-Kontant en kontantekwivalente	7	6 192 137	15 336 712	5 514 961
TOTALE BATES		**66 995 669**	**76 579 068**	**61 047 602**
FONDSE EN AANSPREEKLIKHEDE				
Algemene fonds en reserwe	8	30 631 222	36 830 882	23 993 621
Spesifieke fondse	9	32 497 806	30 915 751	28 729 953
Leningsrekening: AP Akademie NPC		-	5 838 468	5 666 489
Bedryfslaste		3 866 642	2 993 966	2 657 539
-Diverse krediteure		1 456 957	1 033 958	987 113
-Voorsiening vir mediese bystand aan afgetrede lede		2 265 505	1 807 895	1 550 131
-Inkomste vooruit ontvang : Boodskapperverkope 2017		144 180	152 113	120 295
TOTALE FONDSE EN AANSPREEKLIKHEDE		**66 995 669**	**76 579 068**	**61 047 602**

AFRIKAANSE PROTESTANTSE KERK
STAAT VAN OMVATTENDE INKOMSTE VIR DIE JAAR GEËNDIG 31 DESEMBER 2016

	Aantekening	2016 R	2015 R	2014 R
INKOMSTE				
Gemeentebydraes (15%)		14 440 447	13 820 365	12 840 746
Trek af: Aanwending per toedeling aan Sinodale Fondse		(1 272 479)	(1 201 800)	(1 509 182)
APK Trustfonds		-	-	(250 000)
Sinodefonds		(25 000)	(25 000)	(25 000)
SKK Bedieningsfonds		(1 222 000)	(1 176 800)	(1 220 000)
SKK Motorfonds		(25 479)	-	(14 182)
Inkomste voor uitgawes		13 167 968	12 618 565	11 331 564
UITGAWES		14 243 770	13 286 774	12 403 582
Rente betaal (van Niekerk)	12,000	**10,131**	10,000	**11,702**	12,000	**3,863**	12,000
Salarisse - administratief	4,120,000	**4,188,227**	4,600,000	**4,479,905**	4,350,000	**1,298,408**	4,200,000
Slegte skuld		-	-		-		
Skryfbehoeftes	42,000	**37,889**	45,000	**43,393**	45,000	**12,907**	40,000
Verlies met bateverkope		**6,493**	-	-	-		
Verversings en personeelete	10,000	**11,423**	10,000	**11,805**	10,000	**3,239**	11,500
Telefoon en faks	38,000	**42,176**	48,000	**39,316**	45,000	**14,672**	45,000
Versekering	70,000	**55,211**	65,000	**43,295**	50,000	**14,636**	50,000
Waardevermindering	180,000	**138,863**	130,000	**96,882**	100,000		75,000

PUBLIKASIEKOMMISSIE BEGROTING VIR 2018 BYLAE GKK5

PUBLIKASIES (EIE,SINODAAL EN BUITE)	BEGROOT 2015 R	**Werklik 2015 R**	BEGROOT 2016 R	**Werklik 2016 R**	BEGROOT 2017 R	**Werklik 30.04.2017 R**	BEGROOT 2018 R
ONTVANGSTE	850,000	**844,237**	800,000	**827,838**	800,000	**205,797**	850,000
Verkope: Publikasies	850,000	**844,237**	800,000	**827,838**	800,000	**205,797**	850,000
Advertensies: Publikasies							
KOSTE VAN VERKOPE	620,500	**714,479**	584,000	**656,561**	584,000	**64,193**	600,000
Koste van verkope: Publikasies	620,500	**714,479**	584,000	**656,561**	584,000	**64,193**	600,000
BRUTO OORSKOT	229,500	**129,758**	216,000	**171,277**	216,000	**141,604**	250,000
Kontrole persentasie		**15.37%**		**20.69%**			
UITGAWES	548,000	**530,499**	600,000	**630,952**	740,500	**239,801**	792,500
Beoordeling - boeke	10,000	**11,550**	10,000	**870**	10,000	**-**	10,000
Munisipale koste	-	**-**	-	**41,282**	67,500	**18,868**	70,000
Ouditkoste	-	**-**	20,000	**23,388**	22,000	**-**	25,000
Pliglewerings/Verkoopsbevordering	15,000	**12,585**	15,000	**9,280**	15,000	**3,680**	15,000
Posgeld en verpakking - Publikasies	30,000	**16,959**	25,000	**23,745**	25,000	**8,258**	25,000
Instandhoudingsuitgawes	5,000	**7,858**	5,000	**8,060**	5,000	**-**	5,000
Reiskoste: Publikasies - adm.	500	**-**	-	**8,414**	-	**-**	-
Reiskoste: vergaderings - publikasies	20,000	**23,333**	20,000	**15,261**	20,000	**11,001**	25,000
Salarisse	435,000	**430,611**	470,000	**470,385**	540,000	**186,556**	575,000
Skryfbehoeftes	15,000	**12,630**	15,000	**14,464**	16,000	**5,532**	17,500
Tantieme	5,000	**914**	5,000	**2,698**	5,000	**-**	10,000
Telefoon	12,500	**14,059**	15,000	**13,105**	15,000	**5,906**	15,000
NETTO OORSKOT/(TEKORT) VIR DIE TYDPERK	(318 500)	**(400 741)**	(384 000)	**(459 675)**	(524 500)	**(98 197)**	(542 500)

PUBLIKASIEKOMMISSIE BEGROTING VIR 2018

BOODSKAPPER	BEGROOT 2015 R	**Werklik 2015 R**	BEGROOT 2016 R	**Werklik 2016 R**	BEGROOT 2017 R	**Werklik 30.04.2017 R**	BEGROOT 2018 R
ONTVANGSTE	848,000	**836,682**	1,035,000	**865,819**	1,113,550	**303,359**	1,335,700
Verkope: Boodskapper	800,000	**785,354**	985,000	**820,089**	1,063,550	**284,210**	1,285,700
Advertensies: Boodskapper	48,000	**46,488**	50,000	**45,730**	50,000	**19,149**	50,000
Skenkings		**4,840**					
KOSTE VAN VERKOPE	615,000	**518,494**	575,000	**589,567**	520,000	**244,422**	640,000
Drukkoste: Boodskapper	615,000	**518,494**	575,000	**589,567**	520,000	**244,422**	640,000
BRUTO OORSKOT / (TEKORT)	233,000	**318,188**	460,000	**276,252**	593,550	**58,937**	695,700
UITGAWES	1,417,500	**1,307,210**	1,580,000	**1,401,837**	1,808,000	**531,944**	1,947,000
Medewerkers	25,000	**44,343**	25,000	**38,803**	25,000	**225**	40,000
Posgeld en verpakking - Boodskapper	104,000	**39,572**	60,000	**55,406**	60,000	**19,269**	60,000
Reiskoste: Boodskapper	2,500	**-**	-	**-**	-	**-**	-
Salarisse	1,256,000	**1,210,683**	1,480,000	**1,296,738**	1,708,000	**512,450**	1,847,000
Tydelike hulp	30,000	**12,612**	15,000	**10,890**	15,000	**-**	-
NETTO OORSKOT/(TEKORT) VIR DIE TYDPERK	(1 184 500)	**(989 022)**	(1 120 000)	**(1 125 585)**	(1 214 450)	**(473 007)**	(1 251 300)
OORSKOT / (TEKORT) NA OPSOMMINGSKEDUL	(1 503 000)	**(1 389 763)**	(1 504 000)	**(1 585 260)**	(1 738 950)	**(571 204)**	(1 793 800)

SENTRALE KERKEKOMMISSIE, BEGROTING VIR 2018

	BEGROOT 2015 R	**Werklik 2015 R**	BEGROOT 2016 R	**Werklik 2016 R**	BEGROOT 2017 R	**Werklik 30.04.2017 R**	BEGROTING 2018 R
SINODEFONDS	25,000	**25,000**	25,000	**25,000**	25,000	8,333	25,000
BEDIENINGSFONDS	1,176,800	**1,014,162**	1,222,000	**1,209,507**	1,337,000	318,514	1,101,000
Gemeentehulp	1,130,800	**972,010**	1,176,000	**1,161,919**	1,241,000	309,842	1,040,000
Reisende Leraars	15,000	**11,266**	15,000	**23,039**	15,000	8,672	15,000
Studente prakties	30,000	**30,886**	30,000	**24,549**	30,000	-	30,000
Internet bediening	0	**0**	0	**-**	-		
Fees en konferensies	0	**0**	0	**-**	50,000		15,000
Hospitaalbesoeke/gevangeni	1,000	**0**	1,000	**-**	1,000		1,000
Diakonie konferensie							
SUB-TOTAAL	*1,201,800*	***1,039,162***	1,247,000	**1,234,507**	1,362,000	326,847	1,126,000
Fondsgroei		**162,638**		**37,972**			
TOTAAL	1,201,800	**1,201,800**	1,247,000	**1,272,479**	1,362,000	326,847	1,126,000

A F R I K A A N S E P R O T E S T A N T S E K E R K BYLAE GKK5

SINODALE KOMMISSIES -REISKOSTE BEGROTINGS VIR 2018

	BEGROOT 2015 R	**Werklik 2015 R**	BEGROOT 2016 R	**Werklik 2016 R**	BEGROOT 2017 R	**Werklik 30.04.2017 R**	BEGROTING 2018 R
Argiefkommissie	8,800	-	6,000	-	7,000	**4,800**	9,000
GKK	45,000	**25,030**	38,000	**21,436**	25,000	**6,770**	25,000
Formuliere en Liturgie	5,000	-	7,500	-	8,000	-	-
Kerkleer en Christelike Etiek	6,800	**4,649**	5,000	**4,838**	6,000	**5,861**	7,500
Kerkregtelike Sake	60,000	**26,809**	50,000	**5,471**	55,000	**9,312**	55,000
Kuratorium	70,000	**47,990**	80,000	**88,308**	90,000	**49,476**	120,000
Verbondsonderrig en Opvoeding	20,000	**493**	17,000	**9,162**	20,000	**5,872**	10,000
Onderwys en Opleiding	12,500	-	8,000	-	8,000		8,000
Sending	12,500	**8,655**	13,500	**6,824**	16,000	**10,400**	16,000
Sentrale kerkekommissie	40,000	**33,023**	45,000	**19,521**	45,000	**5,825**	45,000
	280,600	**146,648**	270,000	**155,560**	280,000	**98,316**	295,500
% van begroting gebruik		52.26%		57.61%		35.11%	

VERSLAG: KOMMISSIE VIR KERKLEER EN CHRISTELIKE ETIEK (KKCE)

Tydperk: 1 Oktober 2013 tot 20 April 2017

1. LEDE VAN DIE KOMMISSIE VIR KERKLEER EN CHRISTELIKE ETIEK

Primarii: Dr. JH Breytenbach, prof.dr. GDS Smit (voorsitter), di. A. Swart (ondervoorsitter), MJL Jordaan (skriba).

Sekundi: Di. F de Bruin, R Pretorius.

Ds. MR Burger is deur die Sinode in 2013 op die KKCE aangewys. Hy het egter aangedui dat hy nie kans sien om op die KKCE te dien nie aangesien hy reeds by 3 sinodale kommissies betrokke is. Ds. F de Bruin het in 2014 as eerste sekundus die plek van ds. Burger as primarius-lid ingeneem.

AANBEVELING

1.1 Die Sinode betuig sy dank teenoor die lede wat op die KKCE gedien het sedert die Sinode van 2013.

2. VERGADERINGS VAN DIE KOMMISSIE

Die KKCE het gepoog om koste te besnoei en kon volgens die begroting een maal per jaar vergader. Alle ander kommissiewerk is elektronies afgehandel en per e-pos goedgekeur. Die KKCE het sedert die Sinode in 2013 vier maal vergader, te wete: 6 November 2014; 20 Februarie 2015; 17 Maart 2016 en 20 April 2017. Die kommissie het een maal saam met die SKK vergader om te besin oor gemeenskaplike sinodale opdragte. Prof.dr. Smit het namens die kommissie twee maal saam met die SKK en KKS vergader om uitvoering te gee aan die sinodale opdrag om met die NGK; NHKA en GKSA gesprekke te voer oor lidmaatskap. Weens verskeie faktore het die vergaderings met die NGK en die NHKA nie gerealiseer nie, maar het gesprekke tussen die AP Kerk en die GKSA positief afgeloop.

AANBEVELINGS

2.1 Die Sinode neem kennis van die vergaderings van die KKCE sedert die vorige sinode.

2.2 Die Sinode moedig kommissies aan om sover moontlik *ad hoc*-sake per e-pos af te handel om koste te spaar en steeds kommissiewerk sinvol te doen.

3. OPDRAGTE VAN SINODES

3.1 STUDIESTUK OOR SONDAGVIERING (*Handelinge 2010*; bl. 234, pt. 4.10.2 en *Handelinge 2013*; bl. 295, pt. 116 en bl. 312, pt. 169)

Die Sinode het revisie geneem van die besluit om die *Studiestuk oor Sondagviering* in pamfletvorm te publiseer (*Handelinge 2013*, bl. 312, pt. 169). Die Sinode het toe besluit om die studiestuk terug te verwys na die KKCE en prof.dr. R Marè, vir voorlegging aan die volgende Sinode.

Die KKCE het voor elke vergadering sedert die vorige Sinode ’n uitnodiging aan prof.dr. Marè gerig om die kommissie te ontmoet om die verskille ten opsigte van die *Studiestuk oor Sondagviering* te bespreek. Weens sy werkslading en sy betrokkenheid by die advieskomitee op Bybelvertaling van die Bybelgenootskap, was dit nie moontlik om prof.dr. Marè te ontmoet op die geskeduleerde vergaderings van die KKCE nie. Die voorsitter, prof.dr. GDS

Smit, het wel met prof.dr. Marè gesprek gevoer oor die verskille en terugvoer gegee aan die KKCE. Prof.dr. Marè het sy insette op skrif aan die kommissie deurgegee. Die KKCE het die insette van prof.dr. Marè oorweeg en wysigings aan die *Studiestuk oor Sondagviering* dienooreenkomstig aangebring. Die *Studiestuk oor Sondagviering* word derhalwe as afgehandel beskou en aan die Sinode voorgelê vir goedkeuring (kyk Bylae KKCE1).

AANBEVELINGS

3.1.1 Die Sinode neem kennis van die werkswyse van die KKCE ten opsigte van die *Studiestuk oor Sondagviering* sedert die vorige Sinode.

3.1.2 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor prof.dr. Marè, wat ten spyte van werksdruk, insette gelewer het om die Studiestuk afgehandel te kry.

3.1.3 Die Sinode keur die *Studiestuk oor Sondagviering*, soos gewysig, goed (Bylae KKCE1).

3.1.4 Die Sinode besluit om die *Studiestuk oor Sondagviering* in pamfletvorm te publiseer en versoek die PK om uitvoering te gee aan dié besluit.

3.2 STUDIESTUK OOR *KINDERKERK* (*Handelinge 2010*, bl. 233, pt. 4.9.2; *Handelinge 2013* bl. 294, pt. 115).

Die Sinode het in 2013 besluit dat die KKCE grondige studie oor die *kinderkerk* moet doen en die volgende Sinode van 'n rapport moet voorsien. Die Sinode beveel in 2013 aan dat daar nie *kinderkerke* in die AP kerkverband toegelaat word nie, totdat die Sinode van 'n deeglike studie voorsien is om sy besluit te begrond.

Die KKCE het die lede op die kommissie opdrag gegee om die studiestuk vir die Sinode voor te berei. Die kerkverband is in *Die Boodskapper* gevra om insette oor dié saak te lewer. Daar het egter weinig reaksie vanuit die kerkverband op die versoek gekom. Die AP Kerk Louis Trichardt het waardevolle insette gelewer en enkele lidmate het hul opinie oor die saak aan die kommissie deurgestuur. Prof.dr. SD Nel het ook 'n bydrae gelewer wat die kommissie verwerk het in die studiestuk. Die kommissie het die hulp van mev. Pretorius ('n onderwyseres van die AP Kerk Wesmoot) gevra om te help met die didaktiese begronding ten opsigte van die *kinderkerke*.

Die Kommissie moet egter aan die Sinode rapporteer dat (met enkele uitsonderings na) die meerderheid insette wat die KKCE in verband met die *kinderkerke* ontvang het, nie ten gunste van die *kinderkerke* was nie. Dit is moontlik dat daar in die kerkverband kerkrade ten gunste van die *kinderkerke* is, maar die KKCE het geen insette in dié verband van kerkrade ontvang nie. Die studiestuk wat die KKCE voorberei het, is in die verslag onder Bylae KKCE2.

AANBEVELINGS

3.2.1 Die Sinode neem met leedwese kennis dat, met die uitsondering van een kerkraad, geen amptelike terugvoer vanuit die kerkverband gekom het ten opsigte van die vraagstuk oor die *kinderkerke* nie.

3.2.2 Die Sinode keur die Studiestuk van die KKCE oor *Kleuterkerke* (Bylae KKCE2) goed.

3.2.3.1 Die Sinode bevestig dat die erediens op 'n Sondag 'n erediens vir almal in die verbondsgesin is en besluit dat dit sodanig gehandhaaf word.

3.2.3.2 Die Sinode herbevestig sy vorige besluite rakende hulpmiddels en kinderdienste, nl. dat versigtig met hulpmiddels omgegaan sal word by die hou van kinderdienste tydens die erediens.

3.2.3.3 Die Sinode wys leraars opnuut daarop dat daar deeglik rekening gehou moet word met die kleuters en kinders in die erediens.

3.2.3.4 Die Sinode besluit dat die gebruik van kleuterkerke nie ongekwalifiseerd en ongereguleerd goedgekeur kan word nie.

3.2.3.5 Die Sinode besluit dat indien daar kleuterkerke gehou word, dit streng volgens die riglyne soos neergelê deur die Sinode gedoen sal word. 'n Deel van die riglyne sal wees dat slegs kinders onder 5 jaar dit bywoon; kinders die erediens eers saam met hulle ouers bywoon en dan op 'n gegewe stadium die kerk verlaat met die sing van 'n lied; daar 'n soortgelyke liturgie as die van die gemeente s'n gevolg word; dieselfde Skriflesing aan die orde gestel word saam met die dieselfde slotsang. Dit bring mee dat die gesin in verbondsverband ná afloop van die diens genoegsame gemeengrond het en saam kan gesels oor die erediens en die preek. Die leraar neem verkieslik die diens waar en indien dit nie moontlik is nie, bedien 'n ouderling of manlike lidmaat die Woord aan die kinders nadat die leraar die "preek" goedgekeur het. Daar moet ouderlinge toesig wees.

3.2.3.6 Die Sinode besluit dat indien 'n ouderlingeraad die hou van kleuterkerke goedkeur, dit slegs by uitsondering per geleentheid (bv. een maal per maand of per kwartaal) en nie as reël toegepas moet word nie.

3.3 TOELATING VAN LIDMATE UIT ANDER KERKE (*Handelinge 2013*, bl. 294, 295, pt. 155).

Die Sinode het in 2013 die SKK en die KKCE versoek om gesamentlik 'n ondersoek te doen of die bestaande verhouding van die AP Kerk met die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK), die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika (NHKA) en die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA) steeds gehandhaaf kan word en aan die volgende sinode verslag te lewer.

Die volle KKCE en die SKK het een maal gesamentlik op 15 Oktober 2014 vergader om die saak te bespreek. Tydens die vergadering is besluit: Die KKCE sal spesifieke belydenis- en ander leerstellige sake identifiseer waaroor die SKK en KKCE gesprekke met die verskillende kerkgenootskappe sal aanvra ten einde duidelikheid te kry oor hul amptelike standpunte oor genoemde sake. Vanuit die bevindinge wat voortvloei uit hierdie gesprekke, sal 'n aanbeveling vir die eerskomende Sinode geformuleer word. Die KKCE het 'n voorlopige lys van sake wat moontlik met die afgevaardigdes van die verskillende kerkverbande bespreek kan word geïdentifiseer, maar die gesprekke met al die kerkverbande kon nog nie plaasvind nie, soos hieronder aangedui.

Tydens die gesamentlike vergadering tussen die SKK en KKCE is besluit dat die voorsitters van die KKCE en KKS, saam met die SKK, 'n vergadering met die GKSA sal belê om die saak te bespreek. Die eerste gesprek het plaasgevind op 20 Februarie 2015 om 11:00. Drie vergaderings het sedertdien tussen die afgevaardigdes van die AP Kerk en die GKSA plaasgevind. Die gesprekke was baie positief en het uitgeloop op 'n voorgestelde memorandum van ekumeniese verhoudinge tussen die AP Kerk en die GKSA. Die memorandum word aan die Sinode voorgelê vir kommentaar. Die saak word in die SKK se verslag ter tafel gebring.

Vanuit die gesprekke met die GKSA was die betrokkenheid van die AP Kerk by die Tussenkerklike Raad (TKR) ook ter sprake. Die AP Kerk is sedert 2008 nie weer na die TKR uitgenooi nie (kyk *Sakelys 2010*, bl. 4, pt. 13.3). Die afgevaardigdes van die GKSA het onderneem om die AP Kerk se uitnodiging na die TKR met die skribaat op te neem en uit te vind waarom die AP Kerk nie uitnodigings ontvang na die vergaderings nie. Terugvoer oor die saak word afgewag.

Die AP Kerk was op plaaslike vlak wel in gesprek met afgevaardigdes van die NHKA. 'n Samewerkingsooreenkoms is tussen die AP Kerk Uitenhage en die NHKA Uitenhage opgestel, wat na die mening van die SKK en KKCE as basis kan dien vir toekomstige gesprekke met afgevaardigdes van ander kerkverbande.

Weens verskeie faktore het die amptelike gesprekke tussen die AP Kerk, die NGK en die NHKA nie plaasgevind nie. Die KKCE beveel aan dat die AP Kerk in ooreenstemming met bestaande sinodebesluite daaroor, waarnemers sal stuur na die vergaderings van die TKR indien die AP Kerk daarheen uitgenooi word, maar dat die saak rondom die AP Kerk se kommer oor die bestaande verhouding met die NGK en die NHKA ook in gesprekke met die twee kerkverbande ter tafel gebring moet word.

Die KKCE het kennis geneem van 'n besluit van die NHKA tydens die 69ste Algemene Kerkvergadering van die NHKA om gesprek met die AP Kerk aan te vra. Die AP Kerk wag vir amptelike terugvoer van die NHKA in dié verband.

AANBEVELINGS

3.3.1 Die Sinode neem met dank kennis van die positiewe gesprekke tussen die AP Kerk en die GKSA sedert die vorige Sinode.

3.3.2 Die Sinode neem kennis dat daar op plaaslike vlak gesprekke plaasgevind het tussen die AP Kerk en die NGK en die NHKA, maar dat formele gesprekke nog nie kon plaasvind nie.

3.3.3 Die Sinode kontinueer sy opdrag aan die KKCE en die SKK om te poog om gesprek te voer met die NGK en die NHKA oor die verhouding tussen die kerke met betrekking tot die toelating van lidmate.

3.3.4 Die Sinode besluit om die bestaande verhouding tussen die NGK en NHKA te handhaaf totdat die AP Kerk geleentheid kry om die saak met hulle te bespreek en aan die volgende Sinode verslag te gee.

3.3.5 Die Sinode neem kennis dat voorstelle rondom nouer samewerking met die GKSA in die verslag van die SKK ter tafel kom.

4. KORRESPONDENSIE

Die KKCE word gereeld vanuit die kerkverband versoek om advies te lewer op sake van leerstellige en etiese belang. Korrespondensiestukke is sover moontlik tydens geskeduleerde vergaderings hanteer. Daarbenewens is talle versoeke deur die KKCE, veral van kerkrade en leraars ontvang, om advies te lewer oor spesifieke sake. Hierdie adviese is deur die kommissie opgestel en, waar moontlik, aan al die lede van die KKCE gekommunikeer vir insette waarna dit na die betrokke partye versend is. Benewens korrespondensie van algemene aard het die KKCE sedert die vorige Sinode versoeke van kerkrade en lidmate ontvang om advies te lewer oor die volgende sake:

- Surrogaatmoederskap
- Egskeiding
- Hertroue na egskeiding
- Die grondteks van die Nuwe Testament
- Bybelvertaling
- Sondagviering
- Die verkoop van kos by die kerk op Sondae
- Wie mag aansit by die Nagmaalstafel?
- Die kerk se interpretasie van die *eindtyd*
- Die verkoop van kaartjies en trekking van gelukkige wenners
- Die Sabbat

- Verassing
- Kerklike vergaderings op Sondae
- Christelike vakansiedae
- Genadedood
- Die uitdeel van voorbehoedmiddels by skole
- Algemene Nagmaalsgebruike
- Waarom iemand moet toestemming vra om Nagmaal te gebruik?
- Onthouding van Nagmaal
- Orgaanskenking
- Tentmakersbediening
- Godslasterlike uitsprake deur politici en openbare figure

Kragtens die lasgewing van permanente sinodale kommissies word advies as aanbevelings aan kommissies, kerkrade, ringe of lidmate op versoek aangebied, en mag dit nie as voorskrifte aangedui of aangebied word nie (*Kerkorde 2014*, bl. 167, A 3.1). Die KKCE het met elke skriftelike advies op hierdie bepaling in die kommissie se lasgewing gewys.

AANBEVELINGS

4.1 Die Sinode neem kennis van die leerstellige en etiese adviese deur die KKCE hanteer.

4.2 Die Sinode neem kennis dat daar 'n groeiende behoefte bestaan by lidmate, kerkrade en leraars om advies te ontvang oor sake van leerstellige en etiese belang.

4.3 Die Sinode versoek leraars wat sake van aktuele belang in hulle gemeentes aanbied om die stukke aan die KKCE beskikbaar te stel sodat 'n databasis van aktuele sake saamgestel kan word om die KKCE te help om nie elke keer stukke van voor af te moet opstel nie.

5. BESKRYWINGSPUNTE

5.1 RING VAN STELLENBOSCH: STANDPUNT TEEN DIE EVOLUSIELEER (Die KKCE het ook 'n voorstel vir 'n studiestuk van die Ring ontvang, aangeheg as Bylae KKCE3)

Die Sinode besluit dat:

1. 'n gepaste sinodale kommissie opdrag ontvang om die Afrikaanse Protestantse kerkverband se anti-evolusie standpunt in Omgangsafrikaans te verwoord en die materiaal te verwerk in Verbondsonderrig-leerplanne op dieselfde ouderdomsvlakke as die ooreenstemmende skoolgrade.

2. gepaste skrywes aan leraars gerig word met aanmoediging om dit in preke te gebruik.

Motivering:

Gegewe die sekulêre omgewing in Suid Afrika wat veral sedert 1994 tot stand gekom het met groot klem op die wetenskaplike positivistiese benadering, heers daar sterk twyfel by heelwat lidmate oor hoe die skepping tot stand gekom het. Die doel van hierdie besprekingspunt is om aanbevelings te maak om op gemeentevlak die wetenskaplike, positivistiese standpunte ten opsigte van evolusie te besweer ten gunste van die Bybelse skeppingsleer.

AANBEVELINGS

5.1.1 Die Sinode besluit die beskrywingspunt is formeel ontvanklik.

5.1.2 Die beskrywingspunt word in beginsel goedgekeur (verwys na 5.1.3).

5.1.3 Die Sinode neem kennis van Bylae KKCE3 en verwys die saak terug na die KKCE, KJV en PK om, met inagneming van die voorstelle van die Ring van Stellenbosch in Bylae KKCE3, gesamentlik ondersoek in te stel tot hoe 'n mate die skeppingsleer in die leerplanne van die Verbondsonderrig-handboeke ingewerk kan word met verslag aan die Sinode.

6. BESWAARSKRIFTE

6.1 RING VAN KLERKSDORP EN DR. DG VD MERWE: DIE PROSEDURE VAN DIE KKCE EN SY VERSLAG TYDENS DIE SINODE 2010 MET BETREKKING TOT DIE GRONDTEKS VAN DIE NUWE TESTAMENT

Die KKCE het op 24 April 2015 'n beswaarskrif ontvang van dr. DG vd Merwe (AP Kerk Klerksdorp) onder die titel: *Geregtigheid, eerbaarheid, liefde en etiek* waarin hy beswaar maak teen die prosedure wat gevolg is deur die KKCE tydens die hantering van die beswaarskrif rondom die grondteks van die Nuwe Testament, en spesifiek teen wat die broeder beskou het as "prof. Smit se 'stoom-roller'-taktiek." Die broer het versoek dat elke kommissie van die kerk hiervan moet kennis neem.

Die KKCE het die beswaarskrif ter tafel geneem en die broeder kort ná die vergadering op 17 Maart 2016 in kennis gestel dat die beswaarskrif wel deur die kommissie genotuleer is, maar dat dit nie aan die formele vereistes van 'n beswaarskrif voldoen nie, aangesien die besluit waarteen beswaar gemaak word nie aangehaal word nie en die beswaarskrif oor nuwe sake handel wat nie tydens die Sinode 2010 op die tafel was nie. Die beswaarskrif was ook baie lank en kon nie in daardie vorm in die Sakelys opgeneem word nie. Die KKCE het die broeder ook daarop gewys dat sy beswaar teen 'n besluit wat in 2004 geneem is behoort te handel en dat die prosedure van die 2010-Sinode 'n aparte beswaarskrif vereis.

Die KKCE het die beswaarskrif soos goedgekeur deur die Ring van Klerksdorp terugontvang op 20 Maart 2017. Hoewel die beswaarskrif aansienlik verkort is, het die motivering nog steeds nie die sake waarop die KKCE die broeder gewys het, aangespreek nie (kyk Bylae KKCE4). Die KKCE maak die volgende aanbevelings op grond van die stuk ter tafel.

AANBEVELINGS

6.1.1 Die Sinode besluit die beswaarskrif is nie ontvanklik nie.

6.1.2 Die Sinode besluit die beswaarskrif word nie goedgekeur nie.

6.1.3 Die Sinode besluit om 'n *ad hoc*-kommissie vir Bybelvertaling aan te wys om die AP Kerk te adviseer oor Bybelvertaling en die bronteks, indien nodig, met verslag aan die volgende Sinode.

Motivering:

1. Die beswaarskrif van die Ring van Klerksdorp maak beswaar teen 'n sinodebesluit wat in 2004 geneem is, maar die motivering vir die beswaarskrif handel oor die 2010-verslag van die KKCE. Die beswaarskrif moes argumente teen die 2004-besluit gebring het, of teen die 2010-prosedure gehandel het, wat sou insluit dat die 2010-besluit aangehaal word, in welke geval die beswaarskrif dan formeel ontvanklik sou wees. Hier is dus in wese twee sake ter sprake en dit moes in twee afsonderlike beswaarskrifte aangespreek word.

2. Die KKCE maak beswaar teen die aard en inhoud van die motivering van die beswaarskrif. Die beswaarskrif is na die mening van die KKCE ondeurdag.

3. Die beswaarskrif meen dat die Sinode nie al die feite op die tafel gehad het om die besluit van 2010 te kon neem nie, maar die beswaarskrif slaag nie daarin om die feite wat na bewering kortkom, te staaf nie. Die KKCE is van oordeel dat hierdie beswaarskrif geen nuwe feite op die tafel plaas waarvan die Sinodes in 2004 en 2010 nie reeds kennis gedra het nie.

4. Die beswaarskrif slaag nie daarin om die kern van die beswaar duidelik te maak nie. Dit is nie vir die Sinode moontlik om 'n sinvolle besluit te neem met los gedagtes sonder om op hoogte te wees van wat die kern van die beswaar is nie.

5. Die beswaarskrif verwys na die oortreding van die negende gebod en langs die weg van onbewese aantygings word nie alleen 'n leraar van die kerkverband onverhoord geoordeel nie, maar ook lede van die Bybelgenootskap, asook die hele kerkverband wat in 2004 en 2010 die gemelde besluite geneem het. In 'n ander skrywe gee die broeder toe: "Nou is dit moontlik dat ons verskillende bronne het waar ons inligting vandaan kom." Waarom kies die broeder om dit in hierdie beswaarskrif te verswyg? Indien die broeder bewyse het van die oortreding van die negende gebod, waarom word dit nie in die beswaarskrif op die tafel gesit nie? Dit sou tog die mees voor-die-hand-liggende rede wees waarom die beswaarskrif sou kon slaag. Die broeder het sedert 2010 geleentheid gehad om die korrekte kerkordelike en Bybelse weg te volg indien hy kon bewys dat daar in leer of lewenswandel gedwaal is in die KKCE-verslag van 2010 of die besluit van 2004.

6. Die feit dat die Ring verskille het met stellings in die verslag van 2010, bewys nie die oortreding van 'n gebod nie. Inteendeel, dit bevestig die saak wat die KKCE reeds sedert 1999 gestel het, naamlik dat daar definitiewe verskille tussen gelowiges bestaan rakende die vraag oor die grondteks van die Nuwe Testament. Dit bevestig ook dat die AP kerkverband die vinger op die pols moet hou om koersgewend oor die teks van die Nuwe Testament te besin. In Januarie 2017 het die AP Akademie 'n simposium oor die Statevertaling aangebied waarin prof.dr. Smit juis die ander kant van die debat uitgelig het en sensitiwiteit gevra het vir die Bisantynse tekstradisie (die referaat is beskikbaar by: https://gdssmit.files.wordpress.com/2016/09/gds-smit-nuwe-tendense-en-moontlikhede-in-die-studie-van-die-grondteks-2017.pdf). In dieselfde lig het prof.dr. Smit bewyse gelewer van onlangse verbeteringe aan die Nestlé-Aland teks wat dit nader bring aan die lesings van die Bisantynse teks. Daarteenoor verskil die Meerderheidsteks en die *Textus Receptus* toenemend van mekaar (vgl. https://gdssmit.com/artikels/verskille-tussen-nestle-aland-na27-en-na28-bring-merkwaardige-tendens-na-vore/).

7. Die beswaarskrif ter sprake in 2010 is nie deur die Sinode aanvaar omdat prof.dr. Smit 'n "stoomroller-taktiek" uitgeoefen het nie, maar omdat die beswaarskrif 'n punt gemaak het wat reeds oor-en-oor tydens verskeie sinodes gedebatteer is. Die besluite van 2004 en 2010 raak een spesifieke tekstipe binne die Bisantynse tradisie, naamlik die sg. *Textus Receptus*, wat die Sinode deur die besluit in 2004 meen nie die beste Griekse teks van die Nuwe Testament is nie. In geen opsig het die AP Kerk deur hierdie besluit die Bisantynse tekstradisie verwerp, die waarheid daarvan bevraagteken of gemeen dat die Bisantynse tekste onbetroubaar is nie (lees gerus weer die verslag van die KKCE in 2010 waarin prof.dr. Smit aangetoon het dat daar honderde verskille tussen die *Meerderheidsteks* en die *Textus Receptus* bestaan en om dié rede kan die *Textus Receptus* nie as die mees betroubare teks van die Nuwe Testament aanvaar word nie). Die verslag impliseer juis dat die *Meerderheidsteks* 'n beter Griekse teks is as die *Textus Receptus*. Deur die *Textus Receptus* as "enigste ware teks" te aanvaar (wat die beswaarskrif in 2010 voorgestel het) sou die kerk in beginsel 'n streep trek deur die 5000+ tekste binne die Bisantynse tekstradisie wat vir ons 'n skat van teksgetuies vir die waarheid en onfeilbaarheid van God se Woord bied. Die studiestuk van prof.dr. Smit het gepoog om aan te toon dat ons nie die historisiteit van die 5000+ Bisantynse tekste behoort te verwerp ter wille van slegs *een tekslesing* in die Bisantynse tradisie nie. Dit sou die teks van die Nuwe Testament verarm. Die aanvaarding van die beswaarskrif van 2010 sou meebring dat

die kerk die *Meerderheidsteks* by implikasie tesame verwerp. Dat die kerk in die "hande van die bose speel" en "nader aan die moederkerk wil kom", "die Woord van God verwerp"; "die pous ter wille is" of watter aantyging ookal, is 'n poging om emosie op te wek vir 'n strooipop wat self opgestel is en waaraan die sinodes van die AP Kerk nie deel het nie. Die AP Kerk is kerk van Christus en het die roeping om die suiwer evangelie te verkondig. In geen opsig het die AP Kerk die opdrag versaak deur onverantwoordelike besluite te neem oor die grondteks van die Nuwe Testament nie.

8. Die KKCE is van mening dat die sinodes tot dusver verantwoordelik met die kwessie van die grondteks van die Nuwe Testament omgegaan het. Die KKCE stel voor dat 'n *ad hoc*-kommissie vanuit die Sinode aangewys word om die AP Kerk te adviseer oor Bybelvertaling en die bronteks. Langs hierdie weg het die kerkverband 'n formele forum waarlangs vrae hanteer kan word en gesprekke sinvol gevoer kan word met terugvoer aan die Sinode.

6.2 BESWAARSKRIF: LASGEWING VAN PERMANENTE SINODALE KOMMISSIES, KOMMISSIE VIR KERKLEER EN CHRISTELIKE ETIEK, *KERKORDE 2014*, BLADSY 175, PT. 3.

Huidige bewoording:

3. Die kommissie kan die dosente in OT, NT, Dogmatiek en Christelike Etiek nader om advies te lewer.

Voorgestelde bewoording:

3. Die kommissie kan enige van die dosente aan die AP Akademie nader om advies te lewer.

Motivering:

1. Die KKCE is van mening dat die huidige bewoording in die Kerkorde 'n sinodebesluit bevat wat nie meer van toepassing is nie.
2. Volgens die huidige bewoording in die *Lasgewing van die KKCE*, kan slegs sekere dosente aan die AP Akademie genader word om advies te gee aan die kommissie indien nodig.
3. Intussen is daar dosente in die ander teologiese vakke aangestel, bv. Diakoniologie, wat ook waardevolle bydraes kan lewer.
4. Die wysiging behoort as 'n redaksionele wysiging beskou te word wat die *Lasgewing van die KKCE* in lyn bring met die huidige praktyk.

AANBEVELING

6.2.1 Die Sinode keur die beswaarskrif goed en wysig die KKCE se Lasgewing punt 3 om voortaan te lees: Die kommissie kan enige van die dosente aan die AP Akademie nader om advies te lewer.

7. VERSOEKE TOT ADVIES AAN DIE SINODE

7.1 VERKLARING VAN KERKORDE ART. 59.3.4 TEN OPSIGTE VAN ERGERLIKE SONDES

Die KKCE het 'n skrywe ontvang van die KKS waarin die kommissie versoek is om advies te gee ten opsigte van die verklaring van *Kerkorde* Art. 59.3.4. Die bewoording in *Kerkorde 2014*, bl. 63 is soos volg: *In die geval van **ergerlike sondes** soos owerspel, onsedelikheid, moord, meineed, diefstal en wat verder deur die sinode as sodanig beskou mag word, mag net die sinode verlof tot herstel in die amp verleen. Sodanige gevalle kan alleen by hoë uitsondering, nadat gunstige aanbevelings van alle betrokke instansies ontvang is deur die sinode oorweeg word.*

Die KKCE is van mening dat om ’n lys te maak van ergerlike sondes ’n onmoontlike reglementering van die Kerkorde gaan behels. Om dié rede oordeel die KKCE dat daar eerder gekyk moet word na ’n definisie van “ergerlike sondes” as ’n lys van sodanige sondes (kyk Bylae KKCE5). Die KKCE beveel aan dat Bylae KKCE5 tot die Kerkorde gevoeg word met ’n verwysing by Art. 59.3.4 in die Kerkorde na die spesifieke Bylae.

AANBEVELINGS

7.1.1 Die Sinode keur Bylae KKCE5 goed.

7.1.2 Die Sinode besluit dat Bylae KKCE5 wat Kerkorde Art. 59.3.4 definieer ten opsigte van wat as “ergerlike sondes” beskou word, as bylae opgeneem moet word in die volgende uitgawe van die *Kerkorde* met ’n verwysing in die artikel na dié bylae.

7.2 VERKLARING VAN WAT DIE SINODE AS TENTMAKERSBEDIENING BESKOU

Die KKCE het ’n skrywe van die Kuratorium ontvang waarin die KKCE versoek word om die Sinode te adviseer oor die definisie van “tentmakersbediening” en wat as tentmakersbediening beskou moet word.

Die sinodebesluite ten opsigte van die tentmakersbediening word weergegee in die volgende besluite:

Handelinge 1995, bl. 229, pt.40.16

Die Sinode besluit: Tentmakerbediening word nie ingestel nie.

Handelinge 2001, bl. 559, pt.11.9

1. *Die Sinode besluit om die beskrywingspunt van die Ring van Graniet t.o.v. die toedeling van ’n gedeelte van die 15% bydraes aan die bedieningshulpfonds binne ringsverband, te verwys na die GKK. 2. Die Sinode besluit om die GKK opdrag te gee om ’n deeglike ondersoek in te stel na meganismes (bv. glyskale soos hieronder voorgestel, tentmakersbediening) wat klein gemeentes in staat stel om hulle sinodale finansiële verpligtinge na te kom.*

Handelinge 2001, bl. 558, pt.11.2

Die Sinode verwys die aangeleentheid i.v.m. die tentmakersbediening na die SKK as 'n saak van dringendheid vir studie met verslag aan die volgende Sinode.

Handelinge 2004, bl. 334/5, pt.3.2.5

Die hele aangeleentheid rondom tentmakersbediening word verwys na ’n tydelike kommissie van die Sinode om staande hierdie Sinode die vergadering te bedien met ’n aanbeveling wat al die insette wat gelewer is, in ag neem (ook bl. 15-17 van die SKK-verslag) (Kyk pt. 42 op bl. 348, pt 165 op bl. 453 en Bylae 15, bl. 514).

Handelinge 2004, bl. 453, pt.3.1

Die Sinode besluit om die studiestuk oor "Tentmakersbediening" en ander kommentaar wat by die Sinode ingedien is, na die SKK te verwys vir voorlegging aan ’n volgende Sinode.

Handelinge 2007, bl.305. pt.3.18

3.18.1. Die Sinode neem kennis van Bylae SKK1.
3.18.2. Die Sinode handhaaf die besluit van 1995, nl. dat tentmakerbediening nie in die AP kerke ingestel word nie.

Die KKCE wil by die Sinode aanbeveel dat daar deeglike onderskeid getref moet word tussen *tentmakersbediening* en 'n leraar *wat sy inkomste aanvul.*

In die geval van *tentmakersbediening* sou daar na die mening van die KKCE sprake wees van 'n leraar wat nie voltyds in diens van 'n gemeente(s) is nie en derhalwe nie 'n vol traktement ontvang nie. Om die verskil op te maak wat die gemeente nie in die traktement kán voorsien nie, of wat buite die werksooreenkoms met die kerkraad val, moet so 'n leraar buiten die gemeentewerk nou ook 'n ander betrekking beklee. So 'n betrekking word deur die KKCE as "tentmakersbediening" beskou. 'n Vorige studiestuk (Sakelys 2007, bl. 17-21) het die begrip "tentmaker" omskryf as 'n leraar wat in sy eie lewensonderhoud voorsien. Dit is verder beskou as sinoniem vir 'n "deeltydse" leraar.

Oor sodanige bediening het die sinodes duidelike besluite geneem dat dit nie in die AP Kerk aanvaar word nie, soos deur die besluite hierbo aangehaal, bevestig word.

In die praktyk het die Kuratorium en kerkrade egter soms te doen met leraars wat voltyds in diens staan van 'n gemeente en 'n voltydse traktement ontvang, maar wat as gevolg van ekonomiese redes of ander redes sy inkomste aanvul deur bv. beeste aan te hou, of onderwys te gee of iets dergeliks. Die KKCE en Kuratorium is bewus daarvan dat hierdie tendens in die AP Kerk aan die toeneem is en voorsien dat hierdie tendens verder gaan toeneem in die komende jare. Derhalwe is dit belangrik dat die Sinode aandui of dusdanige praktyke as tentmakersbediening beskou moet word en of dit toegelaat moet word of nie.

Met verwysing na die onderskeid wat die KKCE van oordeel is behoort te geld ten opsigte van die tentmakersbediening en die "aanvul van inkomste", wil die KKCE die volgende voorstelle aan die hand doen:

1. Dat die AP Kerk moet volstaan met die huidige besluite dat tentmakersbediening nie in die AP Kerk aanvaar word nie. Volgens *Kerkorde* Artikel 17.1 staan *'n bedienaar van die Woord sy lewe lank in die kerkdiens.* Derhalwe is dit volgens die huidige sinodebesluite nie geoorloof vir 'n leraar om enige ander betrekking buite die kerkverband te neem én in diens van 'n kerkraad in die AP Kerk aan te bly nie.
2. Die KKCE is egter van oordeel dat, indien 'n leraar sy inkomste op 'n wettige wyse aanvul, en die tyd wat die aanvul van die inkomste in beslag neem, nie een werksdag per week oorskry nie (wat behels dat die leraar nie 'n addisionele "afdag" neem nie), óf in sy verloftyd beoefen word, óf met die goedkeuring van die kerkraad in wie se diens die leraar is, beoefen word, dit nié as "tentmakersbediening" beskou kan word nie.
3. Die vraag moet dus gevra word of die leraar 'n "ander betrekking" beoefen buite sy bediening? In sodanige geval beskou die KKCE dit as tentmakersbediening wat nie geoorloof is nie.
4. Die KKCE beveel egter aan dat indien 'n leraar in die AP kerkverband 'n ander bron van inkomste het, wat van sy tyd in beslag neem (hoe gering ookal), die belang aan die plaaslike kerkraad geopenbaar moet word en dat die kerkraad as werkgewer moet bepaal of die aard en die omvang van die belang vir die kerkraad aanvaarbaar is, al dan nie. Indien 'n leraar ander inkomste genereer wat selfs geringe tyd in beslag neem, wat aan die kerkraad geopenbaar is en wat deur die kerkraad aanvaar is, sonder dat dit neerkom op deeltydse bediening aan die gemeente, kan die KKCE nie aanbeveel dat dit as "tentmakersbediening" beskou moet word nie en mag dit geoorloof wees.
5. Die KKCE beveel aan dat 'n behoorlike studiestuk oor die vraag wat as "tentmakersbediening" beskou word en wat nie, en of 'n leraar sy inkomste mag aanvul buite gemeentewerk, deur die SKK en KKCE voorberei moet word met verslag aan die volgende Sinode.

AANBEVELINGS

7.2.1 Die Sinode volstaan met die besluit dat die tentmakersbediening nie in die AP Kerk aanvaar word nie.

7.2.2 Die Sinode besluit dat 'n leraar wat selfs geringe tyd aan 'n inkomste buite die ooreenkoms soos vervat in sy beroepsbrief wy, die belang aan die plaaslike kerkraad as werkgewer moet openbaar wat besluit of die aard en omvang daarvan aanvaarbaar is of nie.

7.2.3 Die Sinode besluit dat die KKCE en SKK gesamentlik ondersoek moet doen en die volgende Sinode te voorsien van 'n studiestuk oor wat as "tentmakersbediening" beskou kan word.

8. BEGROTING

Die KKCE slaag met die genade van die Here daarin om binne die begroting te bly. Die begroting maak egter slegs voorsiening vir een vergadering per jaar wat die werksaamhede van die kommissie baie strem. Die begroting van die KKCE word in die verslag van die GKK weergegee.

AANBEVELING

8.1 Die Sinode neem kennis van die begroting van die KKCE, soos uiteengesit in die verslag van die GKK.

Die kommissie bid die Sinode die seën van die Here toe.

Goedgekeur op die vergadering van die KKCE op 20 April 2017

Prof.dr. GDS Smit (voorsitter), ds. MJL Jordaan (skriba).

BYLAE KKCE1

STUDIESTUK OOR SONDAGVIERING

1. Inleiding

Op versoek van die SKK het die KKCE 'n rapport as advies aan die Dertiende Sinode (2010) gelewer met die aanbeveling dat die Publikasiekommissie versoek word om hierdie studiestuk in pamfletvorm aan lidmate beskikbaar te stel. (*Sakelys 2010*, bl. 43, pt. 4.10.2). Die Sinode het egter opdrag gegee dat die KKCE 'n studiestuk moet voorlê aan die Veertiende Sinode (2013). Die KKCE het die studiestuk aan die Veertiende Sinode voorgelê in uitvoering van die versoek. Die versoek om 'n volledige studie te doen, is egter nie só uitgevoer nie. 'n Volledige studie sou 'n boekdeel of meer verg, sonder dat daar selfs dan op volledigheid aanspraak gemaak kan word. Die KKCE het geoordeel dat die studie, in die lig van die aanbeveling dat dit in pamfletvorm aan lidmate beskikbaar gestel word, in omvang redelik kort moet wees en in aanbieding so eenvoudig as moontlik. Die studiestuk volg ook nie die indelings soos in die besluit weergegee nie, maar het gepoog om aan al die aspekte wat in die besluit genoem is, aandag te gee. Die Veertiende Sinode het die studiestuk goedgekeur, maar het weer revisie geneem van die besluit (*Handelinge 2013*, bl. 312, pt. 169). Die Sinode het toe besluit om die studiestuk terug te verwys na die KKCE en prof.dr. R Marè, vir voorlegging aan die Vyftiende Sinode (2017).

2. Agtergrond

Die viering van die rusdag op Sondag, soos die kerk sedert die Nuwe-Testamentiese tyd doen, is nie net deesdae in die spervuur nie. Daar was nog altyd, soos ook in ons tyd, groepe wat daarop aangedring het dat die Saterdag as sabbatdag geheilig moet word. In die debat kom meer ter sprake as net die vraag na watter dag as rusdag moet dien. Die hart van die geloof kom ter sprake, omdat die aandrang op die Saterdag as heilige dag gedra word deur 'n ander heilsbeskouing as dié van die kerk.

In die studiestuk sal ons poog om duidelik te maak dat Sondagviering en Saterdag se sabbatsheiliging nie dieselfde saak is nie. Daarom is dit gewoon net nie waar dat die kerk op een of ander tydstip die Saterdag as sabbat met die Sondag as sabbat vervang het nie. Die Sondag is nie die sabbat nie en die inhoud van die Sondag is nie dieselfde as wat die inhoud van die sabbat in die Ou Testament was nie. Dit is ook nie waar dat die kerk, deur op Sondag saam te kom, die Vierde Gebod afgeskaf het of oortree nie. Wat wel waar is, is dat die teologie van diegene wat op die sabbatsonderhouding aandring soos dit in die Ou Testament voorgeskryf word, die genoegsaamheid van die versoeningswerk van Jesus Christus ontken. Dit is 'n teologie van Jesus Christus plus sabbatsonderhouding (en selfs, by sommige, die nakoming van sekere voedselwette en tiendeheffings). Daardeur word die vryheid waarmee Christus ons vrygemaak het, verruil vir die slawejuk van diensbaarheid onder die wet. *Julle wat geregverdig wil wees deur die wet, is losgemaak van Christus; julle het van die genade verval* (Gal. 5:4).

3. Jesus Christus het die wet vervul

In die Ou Testament word ongeveer 613 verskillende wette aangetref. In Matthéüs 5:17 sê die Here Jesus: *Moenie dink dat Ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul.* In die uitspraak sonder Hy nie sommige wette uit nie: Hy het gekom om almal te vervul!

Die Here Jesus se vervulling beteken dat Hy al die wette in ons plek volkome nagekom het. Die Tien Gebooie was van die begin af bedoel as kenbron van ons ellende, as tugmeester na Christus, en as reël van dankbaarheid (Calvyn). Die vervulling deur Christus het nie die Tien Gebooie se diepste betekenisse uitgeskakel nie – ons moet steeds net die ware God

aanbid; steeds nie sy Naam ydellik gebruik nie, ensovoorts; die Wet wys ons steeds op ons ellende sonder die drie-enige God en dat ons steeds in Christus se arms moet vlug.

3.1 Die onderskeid tussen die Wet van God (die Tien Gebooie) en die Wet van Moses

Ten onregte maak sommige 'n onderskeid tussen die Wet van God (die Tien Gebooie) en die Wet(te) van Moses, asof slegs die Tien Gebooie deur God gegee is. Moses het nie self enige wette gemaak nie – hy is deur die Heilige Gees geïnspireer. Wat hy geskryf het as wette, is net soveel van God afkomstig as die Tien Gebooie.

3.2 Die onderskeid tussen die wette vóór Sinaï en die wette wat by Sinaï gegee is

Daar word in sekere Sabbatariese kringe verder onderskei tussen die wette wat vóór Sinaï gegee is en die wat by Sinaï gegee is. Dit raak spesifiek die sabbatsgebod, die gebooie oor rein en onrein voedsel en die gebod op die gee van tiendes. Die wette, so word geredeneer, is algemeen geldend as "beginsels" wat vir alle tye en alle mense geld.

Die argument dat sekere wette vóór Sinaï as "beginsels" geld en dus steeds van krag moet wees, word selfs deur die Sabbatariërs nie gehandhaaf nie. Behalwe vir die voedselwette, is diere-offers reeds van die begin af gebring, terwyl die besnydenis ook 'n wet is wat vóór Moses al gegee is. Die selektiewe gebruik van die Skrif, waar net die dele gebruik word wat 'n eie uitgangspunt steun, is nie Skrifgetrou nie.

3.3 Die onderskeid tussen die seremoniële wette en die sedewette

Verder word onderskei tussen sogenaamde seremoniële wette en die sedewette. Daarmee word bedoel dat al die wette wat betrekking het op die erediens in Israel seremoniële wette is; terwyl die Tien Gebooie die sedewet is. Volgens sommige is die seremoniële wette vervul en daarom nie langer van krag nie, terwyl die sedewet steeds 'n heilswerkende verpligting dra. Maar as Christus al die wette vervul het, geld dit ook die sedewet. Hoe moet ons dit verstaan?

Beide die seremoniële wette en die sedewet (in die Tien Gebooie) is deur God aan Israel gegee as deel van die verbond. Deur die wette is Israel afgesonder van die heidennasies waartussen God se volk moes leef. As God se volk moes hulle heilig wees, want Hy is heilig. Die offers en seremonies wat daarmee saamgegaan het, het hulle voortdurend daaraan herinner. Dit het ook vooruitgewys op die ware heiliging en reiniging wat kom. So was die seremoniële wette tekens en skaduwees van die ware offer, Jesus Christus.

3.3.1 Jesus Christus vervul die seremoniële wette

As ware Hoëpriester en Offerlam sonder gebrek, het Jesus Christus met sy offer al die seremoniële wette vervul. In Hom is ons met God versoen deur sy offer en in Hom is ons gereinig deur sy offerbloed. Deur Hom is die nuwe verbond tussen God en sy volk opgerig. Daarom word die seremonies, as skaduwees, nie langer deur die gelowiges gehandhaaf nie. Maar aan die inhoud van die sogenaamde seremoniële wette is ons gebonde. As gelowiges leef ons steeds afgesonder van die ongelowige wêreld; leef ons as God se volk. Ook vir ons geld dit: *Wees heilig, want Ek is heilig*. Maar ons afgesonder wees en ons heilig wees, is onlosmaaklik verbind aan Jesus Christus. In Hom is ons God se volk; in Hom word ons geheilig. Jesus Christus, en Hy alleen, is die inhoud van die seremonies. Deur die geloof in Hom het ons deel aan die vervulling daarvan en daarom gee ons onsself as lewende, heilige offers wat vir God welgevallig is. Dit is die redelike van ons godsdiens (vergelyk Rom. 12:1).

3.3.2 Jesus Christus vervul die sedewette

Die sedewet is net soveel deel van die verbond as die seremoniële wette. Veral die profete lê telkens weer klem daarop dat dit nie die seremonies is wat werklik God se volk van die heidene onderskei nie, maar gehoorsaamheid aan die Tien Gebooie (vergelyk onder meer Jes. 1:11-17; Jer. 6:19-20; Amos 5:21-24; Miga 6:7-8). Tegelyk word dit in die Ou Testament

duidelik dat niemand die Tien Gebooie volkome kan onderhou nie (vergelyk onder meer Ps. 14:2-3; 51:7; Jes. 64:6), en dat menslike wetsonderhouding dus geen ware geregtigheid by God kan bewerk nie. So gesien, is ook die Tien Gebooie of sedewet 'n skaduwee van wat sou kom: die geregtigheid wat Christus vir ons bewerk in sy gehoorsaamheid. Die sedewet is immers ook 'n tugmeester na Christus toe (Gal. 3:24). In sy volkome gehoorsaamheid, tot aan die kruis, het Hy aan die reg van God voldoen. Só het Hy ons Geregtigheid geword. In dié sin is die vloek van die Tien Gebooie vir ons opgehef. Dit beteken dat as ons 'n oortreding begaan, ons nie deur God vervloek word nie, omdat die Here Jesus reeds die vloek in ons plek gedra het.

In die Heidelbergse Kategismus, Vraag en Antwoord 115, bely ons dat die Tien Gebooie skerp verkondig moet word *sodat ons ons lewe lank ons sondige aard hoe langer hoe meer kan leer ken ...* In Antwoord 60 sê ons belydenis dat *my gewete kla my aan dat ek teen al die gebooie van God swaar gesondig het en geeneen daarvan gehou het nie ...* Die Tien Gebooie kla ons dus voortdurend aan. Die Heilige Gees gebruik dit om ons in die arms van die Verlosser te laat invlug. 'n Mens kan hom nie daarop beroep dat die Heilige Gees hom aankla, sonder dat die Woord van God daarby ten nouste betrokke is nie – anders word dit willekeur: Iemand beroep hom daarop dat die Heilige Gees hom oortuig dat 'n bepaalde handeling sondig is, maar 'n ander sê die Heilige Gees lei hom só dat dieselfde handeling nie sondig is nie. Die Tien Gebooie bly die maatstaf (die kenbron van ons sonde) wat die Gees gebruik. Die feit dat Christus die vloek opgehef het, maak die "aankla" van die Gebod oor ons sonde nie ongedaan nie. Romeine 3:21-22, 28 getuig daarvan dat ook gelowiges nie deur die onderhouding van die sedewet nie, maar deur die geregtigheid van Christus voor God regverdig is. In dié sin het Christus dus ook die einde geword van die sedewet as skaduwee van die geregtigheid, en die hele Wet vervul.

So gesien, is Christus dus die vervulling van beide die seremoniële en die sedewet. In Hom is die Wet volkome vervul, maar nie ontbind nie. Enige aandrang om die Wet of 'n deel van die Wet steeds te hou asof dit naas Christus en bykomend tot Christus ons gehoorsaamheid volledig maak, is om die eer van Christus aan te tas asof sy verlossingswerk onvolkome en onvoldoende is. Ware geregtigheid en heiligheid is nie af te lees uit ons gehoorsaamheid nie, maar net uit die versoeningswerk en die reinigingswerk wat Christus gedoen het as vervulling van die seremoniële wet, en die voldoening aan God se reg deur Christus se volkome gehoorsaamheid aan die sedewet. Die hele wet is 'n skaduwee van Hom wat gekom het om dit te vervul!

Maar ons is steeds gebind aan die inhoud en aan die eise van die Tien Gebooie. Die inhoud is Christus: Hy alleen is die Regverdige voor God, want Hy het die volle wet vervul. In Hom is ons verbondskinders van God wat afgesonder lewe van die wêreld, want ons is in Christus. In Hom leef ons as die volk van God, 'n heilige, koninklike priesterdom. Daarom laat ons ons gedrag bepaal deur sy Heilige Gees – en anders as die ongelowige wêreld, het ons God bo alles lief en ons naaste soos onsself. Dit moet duidelik word uit ons lewenswyse, want om God en ons naaste lief te hê, is om sy gebooie te onderhou (1 Joh. 5:1-3). Omdat ons liefde vir God juis uiting vind in ons lewe volgens die Tien Gebooie, hou ons steeds die Tien Gebooie as reël vir ons dankbaarheid – maar nie as verdienste voor God nie. Die Tien gebooie is as 't ware God se "eksegese" van die liefdesgebod.

4. Sabbat in die Ou Testament

Om te verstaan hoe die sabbatsgebod as 'n skaduwee in Christus vervul is, moet eers gekyk word na die sabbatsgebod in die Ou Testament.

4.1 Die werkwoord "sabbat"

In die Ou Testament kom die woord "sabbat" voor as beide 'n werkwoord en as 'n naamwoord. Die werkwoord tref ons die eerste keer aan in Génesis 2:2. Hoewel dit gewoonlik vertaal word met "rus", is dit nie die primêre betekenis van die werkwoord nie. Die meeste kenners van Hebreeus is dit eens dat die werkwoord "ophou; klaar wees; staak" beteken. Génesis 2:2 sou 'n mens dus kon verstaan as: *En God het op die sewende dag sy*

werk voltooi wat Hy gemaak het, en op die sewende dag was Hy klaar met al sy werk wat Hy gemaak het. Hy het dus "opgehou met sy skeppingswerk". Hy rus daarvan. So moet God se kinders ook rus van wat hulle deur hulle arbeid in die week gedoen het. In Exodus 20:11 word daar 'n ander woord gebruik om aan te dui dat God gerus het. Dit is dieselfde woord wat in Deuteronómium. 5:14 vir "rus" gebruik word met betrekking tot mense.

4.2 Die naamwoord "Sabbat"

Die naamwoord "sabbat" is afgelei van die werkwoord en dui op **enige dag of tydperk wat deur God ingestel is** waarop opgehou moet word met werk of met gewone bedrywighede. Dit wys in die Vierde Gebod op die weeklikse rusdag wat die HERE ingestel het. Hy het egter ook ander rusdae en selfs rustydperke ingestel. Die woord is dus nie beperk tot die sewende dag van die week, asof dit die enigste sabbatdag sou wees nie. Dit geld byvoorbeeld vir die eerste en die negende dag van die sewende maand, wat telkens 'n sabbat genoem word, maar ook vir die tiende dag van die maand, die Groot Versoendag. Elke sewende jaar was 'n sabbat – 'n jaar waartydens opgehou moes word met die gewone werksaamhede van die landbou.

4.3 Die sabbat en die ander feestye

In Levitikus 23 word die feeste genoem wat Israel moes vier. Hierdie feesdae word genoem "heilige samekomste – my feestye". Die eerste van die feesdae is die sewende dag: *'n dag van volkome rus, 'n heilige vierdag; 'n sabbat van die HERE.* Maar die ander feesdae word elkeen op dieselfde wyse aangedui as 'n heilige vierdag waarop géén beroepswerk gedoen mag word nie. Daar word nie 'n onderskeid gemaak tussen die feesdae en die sewende dag as sabbat nie. In Levitikus 19:3 en 30; 23:39, 26:2; 2 Kronieke 8:13; Jesaja 1:13 en Eségiël 20:12, 20 word die feestye en sabatte vereenselwig. Dit is dus duidelik dat die sewende dag nie die enigste sabbat is wat die HERE ingestel het nie, maar dat die feesdae waarop werk verbode was, ook as sabatte gegeld het. Maar in elk geval moes daar op die sewende dag *gerus* word.

In Exodus 20:8 word beveel: ***gedenk die sabbatdag*** *dat jy dit heilig*, en in Deuteronómium 5:12 ***onderhou die sabbatdag****, dat jy dit heilig.* In dieselfde terme word egter ook beveel om ander feesdae te gedenk of te onderhou. So word in Exodus 13:3 bevel gegee dat die dag gedenk moet word waarop die volk uit Egipte uitgelei is, daarom mag hulle op die dag geen ongesuurde brood eet nie, terwyl in Exodus 12:17 beveel word: *Onderhou dan die ongesuurde brode, want op daardie selfde dag het Ek julle uit Egipteland uitgelei.* In Deuteronómium 16:1 word ten opsigte van die pasgafees beveel: *Onderhou die maand Abib.*

Nie net die sabbat word 'n ewige insetting genoem nie, maar ook die pasgafees (Exodus 12:17). In Levitikus 23 word die feesdae nie net met die sabatte gelykgestel nie, maar ook gesê dat die feesdae, soos die sabbat, 'n ewige insetting vir Israel is. Die Groot Versoendag word in Levitikus 16:29-31 as ewige insetting gegee, met die bevel dat daar op die dag geen werk gedoen mag word nie. Dit is 'n dag van volkome rus: dus 'n sabbat.

4.4 Die verskyning (begin) van die sabbat

Die sewende dag as heilige dag word die eerste keer in die Ou Testament in Exodus 16:23 genoem. Die afleiding dat dit voor die tyd van Moses reeds gehou is en dus 'n skeppingsbeginsel is, word nie deur Génesis 2:2-3 gesteun nie. Daar is ook geen ander aanduidings dat dit voor die tyd van Moses gehou is nie. Die bevel om dit te gedenk (Ex. 20:8) wys nie daarop dat dit voorheen al bekend was nie, net so min as wat die bevel om die pasga te gedenk in Exodus 13:3 aantoon dat die pasga voorheen al gehou is. Die sabbat word, daarenteen, duidelik 'n teken genoem van die Ou Verbond tussen God en Israel. As sodanig het dit vir Israel gegeld – soos die ander feeste wat ook **sabbatte** genoem word.

4.5 Die viering van die sabbat

Die viering van die sabbat(te) in die Ou Testament is deurgaans primêr verbind aan die opdrag om op te hou met die daaglikse arbeid (vergelyk Ex. 31:15). Daarbenewens is vir die

sabbat(te) bepaalde voorskrifte gegee met betrekking tot die offerdiens in die tempel (Lev. 23-24; Núm. 28-29). Wat die Tien Gebooie betref, gaan dit primêr óók om die heiliging van die Sabbat.

5. Die vervulling van die sabbat deur Jesus Christus

Op elkeen van die sabbatte was die kenmerkende; die werklike teken: dat 'n mens moes ophou met sy daaglikse, alledaagse werk. Die teken is dus die teken van rus en die ware rus het Christus gebring.

In Exodus 20:11 en in Deuteronómium 5:15 word twee verskillende aspekte van die rus wat in die sewende dag as sabbat uitgebeeld word, onder woorde gebring. God, wat die Tien Gebooie op Sinaï met sy eie hand gegee het, het by die bevestiging van die verbond met die volk net voor die intog in Kanaän, nou deur Moses 'n ander motivering vir die vierde gebod gee as by Sinaï. Dit beklemtoon dat die sabbatsrus twee aspekte dra.

5.1 Die rus in Exodus 20:11

In Exodus 20:11 word die ware sabbatsrus verbind met die skeppingswerk van God. Elke sewende dag is daar opnuut opgehou met werk as teken daarvan dat God se skeppingswerk nie net voltooi is nie, maar dat dit goed is! Elke sewende dag word die ou verbondsvolk daaraan herinner. Hulle moet tot rus kom en die goedheid van God se skeppingswerk in gedagte roep. Ses dae moet jy arbei – onder die vloek daarvan dat jy in die sweet van jou aangesig jou brood moet eet en op die sewende dag moet jy rus – as teken daarvan dat slegs as die sondekloof tussen mens en God oorbrug is, daar waarlik rus in God as Skepper en Onderhouer van jou lewe en wêreld is. Dit is die ware rus wat Jesus Christus bring deur sy dood en opstanding. Dit is die rus wat daar is vir die gelowiges in die skepping wat steeds aan die nietigheid onderworpe is, wat steeds sug en in barensnood is. Dit is die sekerheid wat daar is vir gelowiges dat God as Skepper en Onderhouer alles ten goede laat meewerk vir hulle wat God liefhet, vir hulle wat na sy voorneme geroep is. Dit is die rus in Christus wat die gelowiges laat ophou met hulle eie bose werke, om vrugte te dra wat by die bekering pas.

5.2 Die rus in Deuteronómium 5:15

In Deuteronómium 5:15 word die sabbatsrus met die verlossing uit die slawerny in Egipte verbind. Elke sewende dag het die ou verbondsvolk gerus en die slawerny in Egipte in herinnering geroep, maar veral dat God hulle daaruit verlos het. Dit was egter tegelyk 'n teken wat hulle herinner het aan die diepste slawerny – die slawerny onder die sonde. Uit hierdie slawerny het Jesus Christus ons bevry met sy versoeningsdood en sy opstanding tot die nuwe lewe. In Hom is ons bevry van die slawebande van dood en sonde en bevry tot 'n nuwe lewe vir God. Dit is die rus vir die gelowige dat hy deur die Heilige Gees deel kry aan die dood en opstanding van die Here Jesus – dood vir die sonde, maar lewend vir God. Reeds hier en nou werk die Heilige Gees in die gelowige se hart dat ons, wat nie langer slawe van die sonde is nie, die ware sabbatsrus in die wêreld kan begin.

5.3 Die rus in Christus

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat daar in die Ou Testament nie slegs van die sewende dag as sabbat sprake is nie, maar dat al die groot feesdae as **sabbatte** beskou is. Die feesdae wat as sabbatte en ewige insettinge deur God aan Israel gegee is, was elkeen verbind aan 'n spesifieke dag in die jaar. Die spesifieke dag is egter nie net so deur die gelowige Christene oorgeneem nie. Daarom val die Goeie Vrydag, Paassondag, Hemelvaart en Pinkster nie meer saam met die Joodse Pasgafees of Oesfees nie. Hierdie Ou-Testamentiese feesdae word ook nie meer deur die kerk soos deur die volk van die Ou Verbond gehou nie. Die rede daarvoor is voor die hand liggend: die feesdae was tekens wat vooruitgewys het na die vervulling daarvan in Jesus Christus. So is die Pasga gevier as skaduwee van en heenwysing na die ware verlossing uit die slawerny van die sonde; die Groot Versoendag as

skaduwee van die ware versoening deur die Lam van God; die Oesfees as vooruitwysing na die ware oeswerk deur die Heilige Gees vanaf Pinksterdag.

Soos die ander feeste as sabbatte, is ook die Ou-Testamentiese sabbat van die sewende dag 'n vooruitwysing en skaduwee wat in Christus vervul is. Die inhoud van die Pasga wat vervul is in die Paasfees, is die verlossing uit die slawerny van die sonde deur die dood en opstanding van die Here. Die inhoud van die Groot Versoendag (en die offers wat daarmee verband hou) is vervul in die soenoffer van Christus aan die kruis. Net so verwys die sewende dag as sabbat na dit wat Christus met sy sterwe en opstanding kom vervul het.

In die lig van die Woord, is dit duidelik dat die ware sabbat ten diepste behels dat 'n mens in Christus rus vind van die sondeval en die slawerny van die sonde en dood (Mt. 11:28).

Hebreërs 3-4 maak dit bo alle twyfel duidelik waarin die ware sabbatsrus bestaan: in die volhardende geloof in Jesus Christus. Die getuienis van die Nuwe Testament is eenduidig, soos al die seremonies in die Ou Testament 'n skaduwee is wat na Jesus wys, is ook die seremonie om op die sewende dag te rus en só die sabbat te hou, 'n verwysing na Jesus Christus (Kol. 2:16-17). Die ware sabbat is om in Hom die ware rus te vind.

Die beskuldiging dat die kerk nie die ware sabbat hou nie, omdat die gemeente op Sondag en nie op Saterdag nie sy onderlinge byeenkoms hou, ontken dat Christus die sabbatsgebod vervul het.

5.4 Die rus van ons bose werke

Die ware sabbat is verder dat ons ophou met die sonde. Die Heidelbergse Kategismus sê in Vraag en Antwoord 103 die volgende: *Wat gebied God in die vierde gebod?* En die antwoord is onder meer*: … ten tweede, dat ek al die dae van my lewe van my bose werke moet rus, die Here deur sy Gees in my moet laat werk, en so die ewige sabbat in hierdie lewe begin.*

Die rus van ons bose werke vind gelowiges deur die Heilige Gees wat ons in Christus herskep tot kinders van God, sodat ons nie langer vir onsself lewe nie, maar Christus in ons. So lei die Heilige Gees ons in Christus uit die slawehuis van die sonde uit na die beloofde land.

In sy *Institusie* beklemtoon Calvyn baie sterk dat die rus wat in die vierde gebod voorgeskryf word, die rus van ons heiligmaking is. *We must rest entirely, in order that God may work in us; we must resign our own will, yield up our own heart, and abandon all the lusts of the flesh. In short, we must desist from all the acts of our own mind, that God, working in us, we may rest in Him, as also the apostle teaches (Heb. iii:13; iv:3,9).* (Institusie II/viii:29. Vertaling: H Beveridge 1962; vol. 1, bl. 340).

Hebreërs 3-4 maak dit bo alle twyfel duidelik dat die sabbatsrus wat God aan ons beloof in Jesus Christus, nie daarin bestaan dat ons een of ander dag as sabbat hou nie. Dit bestaan daarin dat ons met ons hele lewe, elke dag, in gehoorsaamheid aan Jesus Christus sal leef en ons aan Hom sal toewy. Die ware sabbat is nie 'n saak van een of ander dag wat jy heilig hou nie; dit is 'n saak van rus in 'n heilige lewe deur die krag van die Heilige Gees, wat jou met Jesus Christus één maak.

Anders gesê: die ware sabbat is nie om op die sewende dag op te hou werk; nie te kook; nie verder as 'n sekere afstand te reis; nie die selfoon te antwoord, of ander uiterlike en formele dinge te doen en te laat nie. Die ware sabbat is om elke dag 'n heilige lewe te lei, deur te rus van die sonde (Hebr. 4) en die Heilige Gees in jou en deur jou te laat werk. Hierdie perspektief op die Sabbat, naamlik die feit dat ons met ons hele lewe, elke dag, in gehoorsaamheid aan Jesus Christus moet leef en ons aan Hom moet toewy, beteken egter nie dat ons nie meer die Nuwe-Testamentiese rusdag (die eerste dag van die week) moet onderhou nie. Om op die rusdag te rus van ons gewone arbeid, is juis deel van ons gehoorsaamheid en toewyding aan Christus.

5.5 Die rus in die ewigheid

Net soos ons steeds skuldig staan omdat ons nie één van God se gebooie volkome hou nie, staan ons ook skuldig dat ons in die wêreld nie die ware sabbatsrus volkome hou nie. In ons bly steeds baie gebreke oor en sonde waarteen ons voortdurend moet stry. Die Here skenk self die ware sabbatsrus in die ewigheid (Hebr. 4:3, 11; Openb. 14:13). Daarom leef ons enersyds in die verwagting van die sabbatsrus wat in die hiernamaals volkome ons deel sal wees, en andersyds in die strewe om in daardie ewige rus in te gaan.

6. Sabbat in die Nuwe Testament

6.1 Die Here Jesus en die sabbat

Die sabbat word meestal in die Nuwe Testament genoem in verband met die optrede van Jesus op die sabbatdag.

Lukas 4:16 sê dat Hy gewoond was om op die sabbatdag na die sinagoge te gaan. Die gevolgtrekking dat die gewoonte van die Here Jesus nou beteken dat die sewende dag daarom steeds as sabbat gevier moet word, is egter nie houdbaar nie. Hy is immers ook soos die gebruik onder die Jode was, op die agtste dag na sy geboorte besny. Hy is op twaalfjarige ouderdom in die tempel "voorgestel" en het gedeel in sy ouers se gewoonte om met die Pasga na Jerusalem toe te gaan. Dit beteken egter nie dat Hy daarmee aangedui het dat almal wat in Hom glo, ook besny moet word, die Pasga moet hou en jaarliks met die Paasfees na Jerusalem toe moet gaan nie. Al wat sy gewoonte bevestig, is dat Hy as lid van die Joodse volk gebore is, gedeel het in hulle gewoontes en gebruike en die wette van die Ou Verbond wat aan hulle voorgeskryf was, gehou het.

Teen die agtergrond daarvan dat die Here Jesus juis die wet gehou het, is dit merkwaardig dat sy optredes op die sabbat wat die Nuwe Testament noem, telkens in stryd was met wat die Jode gedink het op die sabbat behoorlik is. Hy het mense op die sabbat genees; toegelaat dat sy dissipels op die sabbatdag are uitvryf en eet; bose geeste uitgedryf en boonop die Skrif só op Homself toegepas dat die mense Hom wou vermoor. Die swaar pak van 'n wettiese onderhouding van die sabbatsgebod het Hy afgewys as vals. Die uitsprake dat Hy die Here is ook oor die sabbat en dat die sabbat gemaak is vir die mens en nie die mens vir die sabbat nie, spreek daarvan dat Hy nie soos die Joodse leiers van sy tyd (of die Sabbatariërs van vandag) die sabbatsgebod as 'n dwingende voorwaarde vir die saligheid of as 'n maatstaf van die ware godsdiens beoordeel het nie.

6.2 Die sabbat in Handelinge

In Handelinge word die sabbat op verskeie plekke genoem as die dag waarop Paulus die evangelie aan die Jode in die sinagoge of die gereelde bidplek (Hand. 16:13) verkondig het. Die optrede van Paulus was vanselfsprekend: dit was die plek en die geleentheid (dag) waarop hy die Jode aan wie hy die evangelie wou bring, bymekaar kon kry. Waar die Jode die evangelie verwerp het, het hy anders gedoen: hy het nie langer in die sinagoge verkondig nie (Hand. 18:8; 19:9) en ook nie net op die sabbat nie (Hand. 18:11; 19:9). Daar word egter nie in die Nuwe Testament enige melding gemaak daarvan dat die Christene op die sewende dag in 'n sabbatviering byeengekom het nie.

6.3 Die sabbat by Paulus

Die sendingwerk van Paulus het spanning onder die vroeë gelowiges gebring. Sommige gelowiges uit die Jodedom het geoordeel dat bekeerdes uit die heidendom die wet van Moses moes onderhou. Die eise, veral met betrekking tot die besnydenis, maar ook in sake soos die onderhouding van voedselwette en die Joodse feeste, het Paulus sterk teengestaan. Om naas die verkiesende genade van God in Jesus Christus ander eise te stel, is om op die nek van die gelowiges 'n juk te lê en God te versoek (Hand. 15:8-11). Die sogenaamde apostelkonvent, waaroor Handelinge 15 berig, het Paulus gelyk gegee. *Want die Heilige Gees en ons het besluit om geen verdere las op julle te lê nie as hierdie noodsaaklike dinge: dat*

julle jul onthou van afgodsoffers en van bloed en van wat verwurg is en van hoerery. As julle, julle hiervan onthou, sal julle goed doen.

Enige optrede wat daartoe lei dat die gelowiges weer onder die juk van die wet en die vloek van selfregverdiging sou kom, wys Paulus af as in stryd met die evangelie (vgl. Gal. 1:6-7). Daarom het hy selfs nie geskroom om Petrus tereg te wys nie (Gal. 2:14-16). Hy noem dit … *die swakke en armoedige eerste beginsels wat julle weer van voor af aan wil dien,* as die Galásiërs van voor af, *dae en maande en tye en jare* [waarneem] (Gal. 4:9-10). Hy vermaan die gemeente in Rome om mekaar nie te oordeel oor die onderhouding van sekere dae nie, maar om in alles te leef tot eer van die Here. *Die een ag die een dag bo die ander, die ander ag al die dae gelyk* (Rom. 14:5). Ook in die Kolossense-brief laat hy hom skerp uit oor mense wat die gelowiges met drogredes en valse leringe van die geloof in Jesus Christus aftrek (Kol. 2:4, 8). Wat die drogredes en valse leringe behels, word duidelik in Kol. 2:16 gestel: *Laat niemand julle dan oordeel in spys of in drank of met betrekking tot 'n fees of nuwemaan of sabbat nie, wat 'n skaduwee is van die toekomstige dinge…*

6.4 Samekomste van gelowiges in die Nuwe Testament

Op enkele plekke vermeld die Nuwe Testament die spesifieke dag waarop die gelowiges byeen was na die kruisiging en opstanding van Jesus. Die evangelies van Markus, Lukas en Johannes berig dat die dissipels, en ander gelowiges saam met hulle, op die opstandingsdag bymekaar was. Dit was die eerste dag van die week, die Sondag, en Jesus het self die aand aan hulle verskyn. Johannes maak duidelik dat hulle ook die volgende Sondag bymekaar was, en toe was Thomas ook saam met hulle. By hiérdie geleentheid het die Here Jesus weer aan hulle verskyn. In Handelinge 2:1 word gesê dat almal op die Pinksterfees bymekaar was. Die Pinksterfees, die vyftigste dag na die opstanding en tien dae ná die hemelvaart, was op die eerste dag van die week, die Sondag. In Handelinge 20:7 lees ons: *En op die eerste dag van die week, toe die dissipels vergader het om brood te breek, het Paulus hulle toegespreek …* Die gebruik om op die eerste dag van die week bymekaar te kom, word weerspieël in 1 Korinthiërs 16:2: *Op elke eerste dag van die week moet elkeen van julle opsy sit en opspaar …* vir die gemeentes in Judéa. In Openbaring 1:10 skryf Johannes: *Ek was in die Gees op die dag van die Here …* Die uitdrukking "dag van die Here" verwys ongetwyfeld na die Sondag, soos duidelik blyk uit die gebruik en verduideliking van die uitdrukking in geskrifte uit die eerste eeu na Christus.

Daarom is die viering van die eerste dag van die week in die Nuwe Testament reeds anders as die sabbatsviering van die Jode in daardie tyd. Die samekoms van die gelowiges is nie gekenmerk deur offers by die tempel, soos die voorgeskrewe sabbatsviering van die Ou Testament is nie. Dit was ook nie dieselfde as die sinagogediens, wat die gewoonte onder die Jode van daardie tyd was nie. Ons lees nie in die Nuwe Testament dat die gelowiges dit as 'n rusdag gehou het nie. Dit was waarskynlik ook nie moontlik nie, omdat baie gelowiges in diens was van heidene wat vereis het dat hulle op die dag sou werk. Hulle samekomste was 'n geleentheid van viering. Dit was 'n geleentheid waar onderling saamgekom is; brood gebreek is; gebid is; verkondig is (Hand. 2:42); gesing is (Efés. 5:19) en gawes vir diens van barmhartigheid ingesamel is (1 Kor. 16:1-2).

Die *Dag van die Here* (Sondag) is wel ooreenkomstig die apostoliese gebruik op die eerste dag van die week gevier. Uit buite-Bybelse bronne blyk ook dat die dag van die Here ná die apostoliese tyd gehou is. Die geskiedenis het getoon dat afbrokkeling van die Sondagrus meewerk aan die ontkerstening van die Christelike volk (1 Kor. 16:2 en Openb. 1:10 – vergelyk Van den Berg in *Christelijke Encyclopaedie*,1961, deel 6:704-706).

7. Het die Rooms Katolieke Kerk die sabbat na die Sondag verander?

Die bewering dat die Pous of die Roomse Katolieke Kerk of 'n kerklike vergadering die sabbat na die Sondag verander het, is óf te wyte aan onkunde óf dit is kwaadwillige misleiding. In die eerste twee eeue van die Christelike jaartelling het die Bybelboeke wat deur die kerk erken word (die kanon), die belydenis en die kerk saam uitgekristalliseer in die stryd om die regte leer. Die ware kerk, in onderskeid tot die ketterse en sektegroepe, is voorgegaan deur

kerkleiers uit wyd verskillende gebiede en gemeentes. Die gesag waarop hulle leer berus het, was nie die van 'n pous of van Rome nie, maar die gesag van die apostoliese tradisie wat in die kanon oorgelewer is en in die vroegste belydenisse verwoord is.

Die geskrifte van die kerkvaders vermeld egter al so vroeg as die einde van die eerste en begin van die tweede eeu n.C. dat die Christene die Sondag in onderskeid tot die Joodse sabbat gevier het. In die ***Didaché*** (die leer van die Twaalf Apostels) wat omstreeks 85 n.C. geskryf is, word die Christene vermaan om *op elke dag van die Here saam te kom* (Didaché 14).

Die brief van Barnabas (135 n.C.) wys uitdruklik die sabbatsviering van die Jode af. Die nuwe sabbat is die een wat die Here gemaak het (15:6-8). Dan sê hy in 15:9: *Daarom bring ons die agtste dag met blydskap deur. Dit is die dag waarop Jesus uit die dood opgestaan het.*

Ignatius van Antiogië skryf in sy ***Brief aan die Magnesiërs*** in 110 n.C. dat diegene wat volgens die ou orde opgevoed is [die Jode] 'n nuwe hoop verkry het en nie langer die sabbat hou nie, maar *leef in die waarneming van die dag van die Here, waarop ook ons lewe opnuut gewek is deur Hom en deur sy dood.*

Justinus die Martelaar skryf in sy ***Apologie*** *I:67* (140 n.C.): *Sondag is die dag waarop ons ons gesamentlike byeenkoms hou …*

Die lys kan nog aansienlik uitgebrei word: Dionisius van Korinthe (170 n.C.); die gnostikus Bardesanes van Edessa (180 n.C.); Klemens van Aleksandrië (194 n.C.) en Tertullianus van Afrika (200 n.C.) verwys almal dat Sondag die dag is waarop die Christene byeenkom, in onderskeid van die Jode en die Joodse sabbat. Belangrik is ook die getuienis van Plinius, goewerneur van Bitinië, wat in 107 n.C. aan die keiser 'n verslag skryf waarin hy noem hoe die Christene op 'n bepaalde dag van die week voor sonop bymekaarkom; sing; bid en die gemeenskaplike maaltyd hou. Dat die dag die Sondag is, word bevestig deur Handelinge 20:7.

Natuurlik word die getuienis van die kerkvaders nie gebruik om die Sondagviering as leerstelling te begrond nie. Daarvoor dien die getuienis uit die Bybel, soos ons dit reeds uiteengesit het. Maar die getuienis van die vroeë kerkvaders weerlê die bewerings dat die Pous of die Roomse Kerk of 'n kerkvergadering of keiser Konstantyn of enigiemand anders die sabbat na die Sondag verander het. Dwarsoor die Christelike kerk is die Sondag reeds in die eerste eeu as die Christelike dag, die Dag van die Here, in onderskeid tot die Joodse sabbat gevier. Veral Justinus die Martelaar in sy ***Dialoog met Tripho*** (155 n.C.) en Tertullianus in sy ***Antwoord teen die Jode*** (203 n.C.), argumenteer uitvoerig dat die Sondag juis in onderskeid met die sabbat gevier word. Die sabbatdag is 'n Joodse dag en wettiese instelling; die Sondag 'n Christelike viering, gedra deur die opstanding van die Here Jesus.

Met die Edik van Milaan (313 n.C.) het Konstantyn nie die Sondag "ingevoer" nie, maar die bestaande gebruik van die kerk eerbiedig. Net so het die Konsilie van Laodicea (363 n.C.; Kanon 29) nie 'n Sondagwet in die kerk ingestel nie, maar dit wat eeue lank reeds in die kerk gedoen is, formeel gereël. Dit was selfs nog voor die Roomse Kerk of die Pous enige deurslaggewende sê in sake gehad het. Eers teen die vyfde eeu het die Roomse Kerk en die biskop van Rome vir hulleself 'n voorrangsposisie opgeëis. Die konsilie van Chalcedon (451 n.C.) het egter die biskopsetels en biskoppe van Konstantinopel en Rome op feitlik gelyke voet geplaas.

Net so is die bewering wat gemaak word dat die Sondagviering 'n verering is van die songod, 'n moedswillige valsheid. Nóg in die Nuwe Testament self, nóg in enige van die geskrifte van die vroeë kerkvaders, is enige verwysing na die verering van die son op Sondag. Dit is so dat die dag na die songod vernoem is en dat die songod in die Romeinse Ryk deur die heidene vereer is; maar net so is Saterdag na die god Saturnus vernoem en hy is deur die heidene in

die Romeinse Ryk vereer. Dit beteken egter nie dat deur die sabbat op Saterdag te hou, die Saterdagsabbat nou meteens 'n verering van Saturnus is nie.

8. Sondagviering

Die Nuwe-Testamentiese Sondagviering en die Ou-Testamentiese sabbatdagonderhouding is nie dieselfde saak nie. Dit moet steeds in gedagte gehou word. 'n Mens kry soms die indruk dat daar probeer word om die ou wyn van sabbatsonderhouding in die nuwe sak van Sondagviering te gooi. Maar net so min as wat die Ou-Testamentiese voorskrifte met betrekking tot die pasga die viering van die Nagmaal bepaal, of die voorskrifte met betrekking tot die besnydenis voorskrifte vir die bediening van die doop is, of die bepalings met betrekking tot die Joodse feeste dwingend is vir die viering van die Christelike feesdae, net so min stel die voorskrifte in die Ou Testament met betrekking tot die sabbatsheiliging die vorm en grense vas van die Christelike viering van die Sondag.

Uit die Nuwe Testament blyk dit duidelik dat die kern van die Sondagviering nie die sabbatdagrus van die Ou Testament is nie. Let op: ons bedoel nie die sabbatsrus nie – dit is steeds in die Nuwe Testament deel van die kern van die sabbatsgebod. Maar in Christus is die sabbatsrus nie 'n saak van die heiliging van net één dag nie. Dit is 'n saak van die heiliging van die hele lewe; elke dag. Só het ons as gelowiges deel aan die sabbat van God, terwyl ons die vervulling van die sabbatsbelofte in die ewigheid verwag (Hebr. 3-4; Heidelbergse Kategismus, Sondag 38).

Oor die waarneming van een dag uit sewe, is dit duidelik dat die seremoniële nakoming daarvan deur Christus opgehef is. Daarom is dit nie belangrik dat dit op hierdie dag (sewende dag – Saterdag) of daardie dag (eerste dag – Sondag) of 'n ander dag (sesde dag – Vrydag) van die week is nie, asof die dag as sodanig van belang is nie. Christene mag niks te doen hê met 'n bygelowige verering en waarneming van dae nie. *Hence, as the apostle elsewhere says, 'Let no man therefore judge you in meat, or in drink, or in respect of an holyday, or of the new moon, or of the Sabbath days; which are a shadow of things to come; but the body is of Christ' (Col. ii:16,17); meaning by body the whole essence of the truth, as is well explained in that passage. This is not contented with one day, but requires the whole course of our lives, until being completely dead to ourselves, we are filled with the life of God* (Institusie II/viii:31; Beveridge, bl. 341).

Vra 'n mens na die Sondagviering in die Nuwe Testament, word die samekoms op elke eerste dag van die week as 'n gereelde samekoms aangedui. Tydens die samekoms is die nagmaal gevier; gebid; gesing; die Woord verkondig en die bydraes wat vir die armes opgespaar is, gegee. Dit is merkwaardig dat die Nuwe Testament geen voorskrif bevat dat op die eerste dag van die week, die Sondag, gerus moet word nie. Dit was waarskynlik ook nie vir die gelowiges moontlik nie, omdat hulle moes werk. Tog skryf die Nuwe Testament voor dat die onderlinge byeenkoms nie versuim mag word nie (Hebr. 10:25).

Justinus die Martelaar beskryf in sy ***Apologie*** die viering van die Sondag. Dieselfde elemente as in die Nuwe-Testamentiese viering kom voor. Daar is uit die Skrifte gelees; dit is uitgelê; daar is saam gebid en 'n gesamentlike ete gehou (nagmaal); die diakens het die armes wat nie by die samekoms kon wees nie, versorg; daar is deur almal wat kon, offergawes gegee vir die armes.

Byna al die kerkvaders wat oor die Sondag handel, meld dat die kerk die Sondag vier omdat dit die dag is waarop die Here opgestaan het. In Jesus Christus word die ware rus gevind; die rus wat die gelowige die hele week en 'n hele leeftyd laat deelneem aan die ware sabbat van God. 'n Skrifgetroue Sondagviering begin dus by 'n egte en lewende geloof in die Here Jesus. Só begrond die Hebreërbrief ook sy opdrag om die onderlinge byeenkoms te hou. In die sin is die Sondagviering primêr 'n belydenis en 'n getuienis.

Die Heidelbergse Kategismus, Sondag 38, leer dat die vierde gebod eis dat die kerkdiens of predikamp en die skole onderhou moet word. Dit sluit aan by die Nuwe-Testamentiese viering van die Sondag. Daarby leer die Heidelbergse Kategismus dat ek op die rusdag

ywerig met die gemeente moet opkom om die Woord van God te hoor; die sakramente te gebruik; God die Here openlik aan te roep en aan die armes Christelike liefdesgawes moet bring.

Daarmee is die hoofkontoere van 'n gelowige en Skrifgetroue viering van die Dag van die Here getrek, in ooreenstemming met die getuienis van die Nuwe Testament. Die eerste en belangrikste deel van die Sondagviering is om op te gaan na die onderlinge byeenkoms. Erediensbywoning op Sondag is vir die gelowige die hartklop van sy sabbatslewe. Sondag ná Sondag roep die gelowige dit opnuut juigend saam met die kerk oor die eeue uit: Die Heer het opgestaan; Hy het die dood oorwin! Sondag ná Sondag versterk die Heilige Gees die gelowige opnuut deur die Woord in die geloof: deur die dood en opstanding van die Here ontvang ek die lewe; die ware rus van al my bose werke. Daarmee saam vind daar op die Sondag onderrig plaas, sodat die skat van die Woord ontgin kan word. Gelowige ouers se geloofsverhouding met die Here behoort hulle daartoe te dring om te sorg dat die belangrike Verbondsonderrig nie verwaarloos word nie. Waar prediking en Verbondsonderrig tot werklike geloofsontmoeting met die Here lei, word die opstanding van Jesus Christus waarlik gevier. Dit vind 'n vreugdevolle hoogtepunt in die sakramente.

Die onderlinge byeenkoms van gelowiges is egter nie iets wat net maar gebeur en afgehandel is nie. Dit dien die drakrag vir die gelowige deur die week vorentoe. Huisgodsdiens en persoonlike Bybelstudie behoort aan die weeklikse erediens verbind te word. Ten minste word in die AP kerkverband die weeklikse Verbondsonderriglesse daaraan verbind. Maar dit is meer as net verbind – daar moet oor die samekoms van die gelowiges nagedink en nagepraat word; saamgedink en saamgepraat word. Prediking en erediens wat tuis bedink, bespreek en so eie gemaak word, voed waarlik in die geloof. Daarom behoort dit deel te wees van sinvolle, vrugbare Sondagviering dat gelowiges onder mekaar en met ander oor die wonder van die evangelie, die genade van die erediens en die krag van die prediking sal praat.

Só gesien, is die belangrikste deel van Sondagviering, náás die verering van God, die geloofstoerusting wat in die onderlinge byeenkoms ontvang word. Dit kan ook nie anders nie, want geloof, geloofstoerusting en die sabbatsrus loop hand aan hand. Maar dit eindig nie daar nie. Sondagviering keer ons nie as gelowiges in onsself in nie. Dit is viering wat blydskap meedeel en uitdeel. Daarom is dit deel van die vrugbare Sondagviering om ook die offergawes vir die armes in te samel, sodat dit aan die sorgbehoewendes uitgedeel kan word.

In 'n sinvolle Sondagviering lê die klem nie op die rus en die ontspanning nie. Wie van sy daaglikse arbeid rus, sonder om in die vreugde van die geloof te deel, het nog geen werklike rus gevind nie. Veel eerder word 'n sinvolle Sondagviering gekenmerk deur 'n toegewyde en ywerige strewe om in die geloof opgebou, versterk en toegerus te word; om in die gemeenskap met die Here Jesus Christus te groei deur sy Woord en Gees en die ware rus wat net in Hom te vinde is, deur barmhartigheidsdiens en verkondiging van die evangelie in die wêreld te versprei.

9. Rus op Sondag

Beteken dit nou dat dit voldoende is as ons op Sondag die erediens bywoon en daarna kan ons voortgaan met ons daaglikse arbeid of ons eie ontspanning deur sport of dergelike aktiwiteite? Allermins.

In gereformeerde kringe word verskillend gedink oor die vraag of die Sondag ook as 'n rusdag moet geld. Daar word saamgestem dat die ware sabbatrus in Christus gegee word en in Hom gevind word. Die sabbatsrus word dus onderskei van die rus van die daaglikse arbeid en bedrywighede op 'n Sondag. Sommige meen dat die rus van die daaglikse arbeid 'n beginsel van die Skrif is en daarom verpligtend vir die gelowiges. Ander meen dat dit nie noodsaaklik is om van die daaglikse arbeid en bedrywighede te rus nie. Daarom is dit voldoende om die erediens by te woon, maar daarna kan voorgegaan word om dit na eie behoefte en belang deur te bring as inkopiedag; sportdag en selfs werksdag.

In die beoordeling van die vraag is die Skrif uiteraard ons maatstaf. Uit die motivering vir die rus van die daaglikse werk soos dit in Exodus 20:10 en Deuteronómium 5:14 gegee word, blyk naas die opdrag om die dag te heilig ook 'n verdere motivering. Die rus strek hom uit oor die lewe van die werkers, die vreemdelinge en selfs die diere by jou. Daarin lê ten minste opgesluit dat die vreugde van die gelowige dat God die Skepper en die Verlosser is, deur die gelowige se optrede oorspoel na die wêreld rondom hom, terwyl die rus wat hy ander gun, 'n daad van barmhartigheid is (Ex. 23:12).

Tereg merk Calvyn op dat die Sondagrus twee kante het: 'n kerkordelike en 'n politieke (maatskaplike) kant. (*Institusie II*/viii:32-34; Beveridge 1962:343-344). Die maatskaplike kant is dat daar 'n dag van rus sal wees waarin almal kan deel. Dit lig die vloek wat op arbeid geplaas is vir 'n oomblik op, sodat elke werker 'n bietjie asem kan skep (Ex. 23:12).

Kerkordelik gee die afsondering van 'n bepaalde dag geleentheid om die opdrag van die Here uit te voer dat gereelde samekomste gehou moet word. Die noodsaaklikheid daarvan staan bo debat. Die dag, as dit reg gevier word, is die geleentheid wat God in sy genadige voorsiening gee dat ons in die geloof opgebou word as enkelinge en as gemeente. As daar nie 'n kerkordelike reëling in die verband is nie, word alles aan willekeur en onordelikheid prysgegee. Dit mag nie in die kerk nie (1 Kor. 14:40). Ons moet ons byeenkomste sorgvuldig onderhou en die hulpmiddele wat God gee om sy diens te bevorder getrou gebruik, sodat die godsdiens onder ons nie in duie stort of verlam raak nie.

In 'n preek op 20 Junie 1555 oor Deuteronómium 5, wei Calvyn verder uit oor die Sondagsrus. Daarin stel hy dat ons op Sondag van ons alledaagse werk en besigheid moet afsien, sodat ons sy Naam kan aanroep en ons in die Woord kan oefen. Terwyl ons weet dat die sabbat as dag deur die koms van Christus afgeskaf is, moet ons onsself toewy aan die ware, geestelike sabbatsrus. Maar ons moet vir dié doel die uiterlike reël hou, omdat dit vir ons tot voordeel is om ons eie sake opsy te sit sodat ons ons kan toespits op die nadenke oor God se werke en die goeie dinge wat Hy ons skenk kan oordink. As ons die dag van die Here gebruik het om sy Naam te verheerlik en oor sy werke na te dink, moet ons in die week ook wys dat ons daarby gebaat het.

Die Sondagsrus is dus verbonde aan die welwees van die gelowige en die kerk. In die 1536-uitgawe van sy Institusie vat Calvyn dit kernagtig saam: *Dit het betrekking op die dag van die Here waarop ons nou ag gee: dit is nie daarom ingestel dat ons dit bo die ander dae heilig nie, dit is, heiliger as die ander moet ag nie, want dit is 'n voorreg van God alleen wat al die dae ewe veel geëer het (Rom. 14:5). Maar dit is ingestel sodat die kerke op die dag kan versamel vir gebede en die lof van God, om na sy Woord te luister en die sakramente te gebruik (Gal. 4:8; Kol. 3:16). En om onbesorg hierdie pligte met groter ywer te vervul moet ons van ons werktuiglike handearbeid afsien en van al die afleidinge wat op die loop van hierdie lewe betrekking het* (Vertaling: H W Simpson: *Institusie van die Christelike Godsdiens* 1536; 1980:58. Calvyn Jubileumboekefonds, Potchefstroom).

Die kerstenende en evangeliserende motief in die regte Sondagviering, ingebed in die verheerlikende erkenning van die drie-enige God as Skepper en Verlosser, mag nooit deur gelowiges uit die oog verloor word nie. Dit hang natuurlik saam met die heilige lewe van die gelowige, maar is ook onlosmaaklik vas aan die rus waarin almal, ook ongelowiges, mag deel op die dag van die Here.

Dit is duidelik dat verskynsels soos Sondagsport, Sondaginkopies, Sondagfilmvertonings en enige soortgelyke Sondagaktiwiteite ons aandag aflei van Jesus Christus en die ware rus wat Hy gee. Daarom behoort ons as gelowiges alle dinge en aktiwiteite te vermy op die Sondag wat ons aandag in die onrustige loop van hierdie wêreld vasvang en vashou.

Sondagrus behoort vir die gelowiges 'n kosbare geleentheid te wees tot stigting, tot onderwysing, tot opbou in ons allerheiligste geloof. Waar dit gebeur, word die Sondag 'n viering. Dan word dit die hoogtepunt van die week, die dag wat die toon aangee vir ons hele week se sabbatslewe in die rus van Christus.

BYLAE KKCE2

STUDIESTUK OOR KLEUTERKERK

1. Agtergrond

Die Sinode 2010 het 'n beskrywingspunt van die Ring van Bloemfontein aangaande *kleuterkerk* ontvang (*Sakelys*, bl. 41, pt. 4.9, *Handelinge*, bl. 233), wat na die KKCE verwys is vir studie en rapport aan die Sinode 2013. Die Sinode 2013 het die opdrag aan die KKCE gekontinueer met die volgende besluite:

Handelinge 2013, bl. 294, pt 4.4.1 – 4.4.2

4.4.1 Die Sinode beveel aan dat die KKCE voortgaan met die opdrag sodat grondige studie oor die kinderkerk gedoen kan word met rapport aan die volgende Sinode.

4.4.2 Die Sinode beveel aan dat daar nie kinderkerke in die AP Kerkverband toegelaat word nie totdat die sinode van 'n deeglike studie voorsien is om sy besluit te begrond

Die Sinode het egter reeds vroeër 'n besluit in dié verband geneem waarvan kennis geneem moet word:

***Handelinge 1987*, bl. 50, pt. 1.5**

Ons maak 'n aanbeveling dat leraars een kinderdiens per maand moet hou en dat dit aangeteken moet word en by die ring verslag gegee moet word. Leraars word versoek om by die gebruik van hulpmiddels baie oordeelkundig te wees

2. Begripsverheldering

Hoewel die saak aanvanklik voortgevloei het uit 'n beskrywingspunt oor kleuterkerk, word daar ook afwisselend na kinderkerke verwys (vgl. die 2013 besluit oor *kinderkerk* onder die opskrif *kleuterkerk*). Dit wil soms voorkom asof daar na dieselfde saak verwys word deur beide terme afwisselend te gebruik, dog is daar 'n duidelike verskil in betekenis tussen die terme.

Die term **kinderdiens** word in die algemeen in literatuur gebruik om na die gewone gemeentelike erediens te verwys waar daar op spesifieke wyse aandag gegee word aan die kinders en jongmense in die eredienste en daar dikwels ook van ander hulpmiddels gebruik gemaak word.

Met **kleuter- of kinderkerk** word gewoonlik 'n aparte of afsonderlike byeenkoms van kinders en/of kleuters bedoel.

Oor die kinderdiens het die Sinode reeds in 1987 'n besluit geneem. Die saak ter sprake in hierdie studiestuk is die sg. *kleuterkerk* of *kinderkerk*.

3. Wie is *kleuters* en wie is *kinders*?

Kleuters word gewoonlik gereken as kinders van ongeveer 2- tot 5- of 6-jarige ouderdom. In 'n fyner onderskeid (Erikson) word onderskei tussen vroeë kinderjare (ná of vanaf babajare) tot en met die speelstadium as deel van die kleuterfase.

Kinders is 'n breër omvattende begrip en kan selfs na jongmense tot die ouderdom van 12-15 verwys. Volgens Sullivan begin die kinderfase as 'n tydperk waarin die kind met geartikuleerde sintaktiese spraak vorendag kom. Dit duur tot die jeugtydperk waar die kind meer komplekse vaardighede en interpersoonlike gedrag soos kompetisie, samewerking en kompromis-vorming openbaar. Piaget se kognitiewe ontwikkelingsteorie werk met die kind van geboorte tot ongeveer 12 jaar. Kohlberg, in aansluiting by Piaget, het bloot met die fases van morele ontwikkeling van die mens gewerk. Dit is dan juis ook die prinsipieel-

psigologiese motief wat dikwels aangevoer word vir die hou van kleuter- of kinderdienste, waar die aksent op die kinders se ontwikkelingstadia, vlakke van verstaan en geloofsontwikkeling gelê word.

Die indeling van kinders wat tot die groep van 'n *kleuterkerk* gereken word, omvat gewoonlik die kategorie voorskoolse kinders, maar kinders tot graad 2 word soms daarby ingesluit. Hoewel daar verskille tussen voorskoolse kinders en graad 1- tot 2 kinders voorkom, is daar genoeg belangebindinge om sodanige groep saam te voeg. Kinders ouer as graad 2 behoort egter nie meer tot 'n ouderdom geskik vir 'n *kleuterkerk* gereken te word nie.

4. Historiese blik

Jeug- en kinderdienste was tot aan die begin van die 19e eeu nog 'n seldsame verskynsel. Vanuit die Skrif is dit duidelik dat kinders van die begin af as deel van die "gemeente" beskou was. Die hedendaagse of moderne jeug- en kinderdienste het egter histories vele voorlopers gehad.

Die intellektuele vermoëns ten opsigte van lees- en skryfvaardighede van kinders tydens die Grieks-Romeinse tydperk was heel anders benader as ons kinders s'n vandag. Meeste kinders kon in die Grieks-Romeinse tydperk glad nie lees en skryf nie. Die opleiding van kinders het normaalweg die ontwikkeling van ander vermoëns as kognitiewe vermoëns vereis, soos oorlewingsvaardighede, kennis van die leefwêreld, sosiologie, godsdiens en regering van die tyd. In baie gevalle is kinders geleer om basiese lees- en skryfvaardighede te kon hê. Kinders van die ryk klasse en adelstand het gewoonlik baie hoër lees- en skryfvaardighede gehad as die gemiddelde kind in die Grieks-Romeinse beskawing.

Te midde van die feit dat kinders nie in moderne beskouing "so geletterd" was as kinders vandag nie, bestaan daar geen twyfel dat die kinders deur middel van die voorbeeld en opvoeding van die verbondsouers die eise en beloftes van die verbond kon verstaan nie.

Daar bestaan ook geen twyfel dat die Woord van God die geestelike opvoeding van die kind as belangrik beskou nie. Dwarsdeur die Skrif word die kind betrek by die geestelike opvoeding van die gemeente, spesifiek in die Skriflesing en prediking. Enkele Skrifverwysings bevestig hierdie stelling:

... en jy moet dit jou kinders inskerp en daaroor spreek as jy in jou huis sit en as jy op pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan" – Deut. 6:7.

Laat die volk byeenkom, die manne en die vroue en die kinders en jou vreemdeling wat in jou poorte is, dat hulle kan hoor en dat hulle kan leer om die HERE julle God te vrees en sorgvuldig al die woorde van hierdie wet te hou - Deut. 31:12.

Daar was geen woord van alles wat Moses beveel het, wat Josua nie voorgelees het voor die hele vergadering van Israel, met die vroue en die kinders en die vreemdeling wat onder hulle saamgetrek het nie – Jos. 8:35.

Oefen die seun volgens die eis van sy weg; dan sal hy, ook as hy oud word, daar nie van afwyk nie – Spr. 22:6.

Laat die kindertjies staan en verhinder hulle nie om na My te kom nie; want aan sulkes behoort die koninkryk van die hemele - Mt. 19:14.

Want die belofte kom julle toe en julle kinders en almal wat daar ver is, die wat die Here onse God na Hom sal roep - Hand. 2:39.

Uit die teksgedeeltes hierbo kan enkele opmerkings gemaak word:

In die Ou Testament het die kinders deel gevorm van die godsdiensbeoefening van die gesin en die volk. Kinders is van vroeg af die onderhouding van die Wet en die Sabbat geleer.

Kinders het deelgeneem aan die offers, feeste en gebede en is meegeneem na die groot feeste, soos ook gesien kan word by Christus tydens sy kinderjare. Kinders het sonder onderskeid van die res van die gemeente hulle plek in die godsdiensbeoefening ingeneem.

Justinianus, 'n Roomse biskop, het in 546 geskryf dat die kind van meet af deel moet vorm van die godsdienstige samekomste en dat 'n kind van 5 tot 8 jarige ouderdom kon deel in die voorreg van voorlesing van die Skrif. Preke was ook spesiaal op die kinders gerig. Vroeë preekbundels is opgestel met riglyne ten opsigte daarvan om te wys op prediking wat spesiaal op die kinders gerig is. Anno, aartsbiskop van Keulen, was bekend daarvoor dat hy 'n groot indruk op kinders gemaak het. Die kind was egter deurlopend as deel van die erediens gesien. Die Sinode van Beziers (1246) het bepaal dat alle kinders vanaf die ouderdom van 7 jaar saam met hulle ouers die gemeenteprediking moes bywoon. Dit is bevestig ten tye van die Sinode van Albi (1254).

Wat die Reformasie betref, is inligting oor eredienste met spesifieke gerigtheid op die kinders beperk. Calvyn handhaaf deurgaans in sy besinning oor die erediens die vier grondelemente vir die erediens nl. die prediking van die Woord, die gebede, die nagmaal sowel as die diens rondom die aalmoese (Institusie IV, 17,44), wat die kinders insluit.

In Engeland was John Jennings een van die voorlopers van kinderdienste. Hy is in 1723 oorlede. Sy gedagtes oor en gebruike ten opsigte van kinderdienste is deur sy leerling, Phillip Doddridge, voortgesit. Jeugpreke vanuit hierdie oorsprong was tipies piëtisties, met die vroom mens as die middelpunt daarvan. Van Jennings het egter ook die heel eerste jeugpreekbundel verskyn wat later in Nederlands vertaal is.

In Nederland het Jacobus Fruytier in 1724 die eerste jeugpreek gehou. In 1779 het W Mobachius Quaedt op aandrang van die stadsraad 'n kinderdiens in die Bakenesserkerk te Haarlem gehou. In 1848 het daar 'n maandelikse reeks kinderpreke verskyn. Daar was egter van meet af aan verskil oor die wenslikheid van kinderdienste. E Moll wy in sy *Katechetiek* wat in 1859 verskyn 'n hele hoofstuk aan die saak van kinderkerk en was self eerder ten gunste daarvan dat die middagdiens vereenvoudig moes word sodat kinders dit kon verstaan.

Op eie bodem is die eerste kinderpreke gehou deur eerwaarde Johann Kretzen, 'n Duitse sendeling wat deur die gemeente van Swellendam in diens geneem is op 17 Januarie 1844. Hy het van plaas tot plaas dienste gehou, die kinders bymekaargemaak en Bybelverhale vertel.

Die eerste kinderpreek is deur ds. JH Neethling op Sondag 6 Junie 1852 in Bloemfontein gehou toe 'n kinderpreek tydens die namiddagdiens gehou is. Prof. John Murray, een van die eerste twee professore van die Teologiese Skool in Stellenbosch, het baanbrekerswerk gedoen met die aandag wat gevestig is op kinders se Bybel- en godsdiensonderrig. In 1860 verskyn *Die Kinderkerk*, 'n bundel met 52 preke vir kinders. Kinderdienste (dienste gerig op die kind) het toegeneem in die tydperk 1852 – 1900. Latere sinodes van die Ned. Geref. Kerk het besluit en voorgeskryf dat kinderdienste op gereelde grondslag plaasvind.

Tot en met die 1990's, het "kinderkerk", waar kinders deurlopend aparte dienste bywoon, nie regtig inslag gevind nie. Dit het wel in Skotland, Nederland en Duitsland toenemend in die laaste helfte van die vorige eeu begin.

Afleidings wat hieruit gemaak kan word, is soos volg:

- Van vroeg af is reeds gefokus op en kennis geneem van die jeug as deel van die gemeente, erediens en prediking.
- Klem is geplaas op die eenheid van die gemeente binne die beskouing van die eenheid van die verbond met God.
- Die jeug vorm prinsipieel nie 'n afsonderlike kerk nie.
- Die jeug moet sonder skokke gelei word tot die volle lewe van die gemeente, ingesluit erediensbywoning.

Ná 1990 het die verdeling in kleuter- kinder- en jeugdienste met snelle vaart toegeneem. In 'n verhandeling wat in 2004 geskryf is, word kortliks na die wese van die erediens verwys, maar met hoofsaaklike fokus op die kinders en jongmense se behoeftes en unieke psigologiese eienskappe, met die gevolgtrekking dat kinders beter leer in groepies as in een groot groep in die erediens. In resente tye word afsonderlike kleuter-, kinder- en jeugdienste aangedui as een van die tien belangrikste verskuiwings ten opsigte van die erediens.

5. Prinsipiële besinning

Die erediens is 'n liturgiese uitsig op God (De Klerk). By die bepaling van die erediens, wat daar gebeur en hoe dit ingerig moet word, is die allesbepalende uitgangspunt dat God die sentrale plek moet kry. Alles wat gesê en gedoen word, moet rondom Hom draai. Alles wat plaasvind moet op die drie-enige God gerig word.

By debat oor kleuter- en of kinderkerk, moet die wesentlike vraag gevra word: Waaroor gaan dit in die erediens? Oor God of die mens of kind? Dan alleen kan sodanige teologiese uitgangspunt alle antroposentrisme of sentraalstelling van die mens by die wortel van beredenering afsny. Dit bring die volgende mee:

- Die grondlyne van die liturgie van die kinder– of kleuterkerk moet steeds vanuit die Skrif afgelei word.
- Die kinderdiens moet 'n teosentriese- en nie 'n antroposentriese gerigtheid hê nie.
- Die kinder- en/of kleuterdiens moet aan die perspektiewe van die koninkryk en verbond getrou bly.
- Die rol van die ampte moet bly.

5.1 "Kerk" het 'n noue verband met die begrip *koninkryk*

Indien kleuterkerke oorweeg word, behoort die koninkryksgerigtheid van die kleuter as lidmaat van die kerk van Christus prinsipieel behoue te bly:

- Die koninkryksgerigtheid van die kleuter- of kinderkerk sal tot gevolg hê dat daar oorvloedige getuienis van die Skrif moet wees. Ongeag hulpmiddels en bymiddels, mag dit nooit die Skrif en Skriftuurlike leer verdring nie.
- Die kleuterdiens mag nooit verval in morele sedelesse nie, maar moet Christus as die Middelaar en Herder van die gemeente, wat sy versoeningswerk ter wille van sy kinders aan die kruis volbring en die plaasvervangende offer bring ter wille van sy kerk, verkondig.
- Waarheid en waaragtigheid is aan die orde. Kruijf het reeds in 1901 daarop gewys dat waarheid 'n grondliggende beginsel moet wees. Dit beteken in die eerste plek dat *alle liturgisch vormen en ceremoniën in overeenstemming zijn met het geloof der gemeente; de tweede: dat zij die ze uitvoeren van harte er mee instemming.*
- 'n Nederige kreatiwiteit en kreatuurlikheid in die erediensbeoefening. Dit bring mee dat die mens (en kind) in die erediens in Bybelse perspektief gesien en geposisioneer word, wat weereens die gedagte wegkalwe dat die erediens en kerk ter wille van die mens plaasvind, maar dat alle kreatiwiteit van die erediens en/of die kinderdiens of kleuterkerk, altyd en aanhoudend aan die Skriftuurlike wese van die erediens beantwoord. Sang, byvoorbeeld, moet dus nie oorgaan in roekelose lawaai nie, maar altyddeur die karakter van diens, eer en verheerliking dra. Dieselfde geld vir aanbiedings, aksies en aktiwiteite van die kinderdiens. Daar moet gewaak word teen 'n ontaarding in kanselkaskenades.
- Ordelikheid moet gehandhaaf word. Waar die erediens in navolging van die tabernakeldiens voortgesit word, is dit die ordelikheid wat pas by 1 Korinthiërs 14:40. Die derde gebod waarsku teen die slordige en ligsinnige omgang met God en sy Woord en dit geld ook vir die erediens, kinderdiens en of kleuterkerk.
- Die wesentlike vrae wat gevra moet word, is: Is dit moontlik met 'n kleuter- en/of kinderkerk?", Hoedanig is dit moontlik om die noodsaaklike orde van die erediens te handhaaf?

5.2 "Kerk" het 'n noue verband met die begrip *verbond*

Die verbond is die inwendige grond van die kerk en die erediens is die godsdienstig-liturgiese gestalte van die verbond. Vanuit die verbond moet die liturgiese viering en samekoms van die gemeente bedink en ingerig word.

Die jeug is wesentlik deel van die gemeente. Daarom moet met die bestaan en teenwoordigheid van kinders en jongmense rekening gehou word in die erediens. Dit is juis hulle wat die prediker help om konkreet en eenvoudig te preek.

Die verbondsgemeenskap en -verpligtinge moet in die erediens opgeskerp word. Vanuit die erediens moet die verbondsgemeenskap gevoed en versterk word. Vanuit die erediens moet die verbondsgesin se geloof gebou en gebind word.

Die verbond is ruim en ryk aan betekenis. Die verbond is altyd die genade- en trouverbond van God. In die Noag-verbond word ons bewus van God se geduld, die sigbaarmaking van God se wil, leer ons God ken as die handelende God en van God se goedheid. Hebreërs leer ons dat die nuwe verbond in Christus beter en uitnemender is as die oue (Hebr. 8:6,13).

Die verbond met sy ryke betekenis is nie beperk net tot die eiendomlike van slegs die gesin nie, maar loop langs die weg van en vind konkrete gestalte in en deur God se werk met die gesin.

Die gesin is die lewende voorbeeld van die lewende geloof in lewende gestalte: in die familie word instellinge, menings, waardehoudings en vooroordele van die kind ten eerste deur identifikasie met bepaalde persone as verteenwoordigers van waardes verkry (K Dienst). Die gesin dien as voorbeeld vir die kind. Hier is gewoonlik die eerste milieu van voorbeeld ten opsigte van geloof waarmee die kind in aanraking kom.

Die persoonlike godsdiens en huisgodsdiens moet ten nouste skakel met die erediens van die gemeente. Nie net bring ouers hulle kinders na die erediens toe nie, maar hulle neem hulle ook weer van die erediens verder die week en die wêreld in.

5.3 "Kerk" het 'n noue verband met die opdrag van die besondere ampte

Volgens die Skrif bedien God sy gemeente op een van die drie besondere ampsterreine: die leraar profeties, die ouderling koninklik en die diaken priesterlik. Die taak van die leraar staan ten nouste in verband met die verkondiging van die Woord van God, wat hy volgens die bevestigingsformulier *grondig en opreg moet uitlê en toepas tot geloofstoerusting van die gemeente.* Dit is ook die taak van die ouderling om toesig te hou oor die suiwer bediening van die Woord. Kinderdienste kan dus slegs tot sy reg kom as die leraar op grond van sy amp die liturg tydens die kinderdiens is, onder toesig van die ouderlingeraad. Indien dit nie moontlik is nie, behoort die leraar 'n goedgekeurde "leespreek op die kind se vlak" aan 'n ouderling of manlike lidmaat beskikbaar te stel om tydens die diens te lewer. Indien dit nie gebeur nie, is daar nie sprake van 'n "erediens" nie, en word die kind die geleentheid om God op 'n Sondag te ontmoet en aanbid, ontneem.

6. Pedagogiese oorwegings ten opsigte van kleuterkerk

Taalontwikkeling is die grondslag van intellektuele ontwikkeling. Die kind se taalvermoë bepaal grotendeels in watter mate hy sy intellektuele potensiaal sal verwesenlik. Dit beïnvloed sy interaksie met almal om hom, sy selfbeeld, sy leergierigheid, sy sosiale en emosionele ontwikkeling, sy begrip van morele waardes en norme en sy vermoë om te onderskei tussen reg en verkeerd. Dus, indien die kind se taal onderontwikkeld is, sal daar waarskynlik 'n hele rits probleme na vore kom.

Navorsing het onteenseglik bewys dat die kwaliteit en kwantiteit van die taal wat 'n kind tussen geboorte en skoolgaande ouderdom hoor, een van die belangrikste faktore is wat sy intellektuele ontwikkeling en sy eie taalvaardigheid beïnvloed. Dit beteken dat alles wat aan

'n kind gesê word van kleintyd af betekenisvol moet wees. Wanneer daar altyd net in die eenvoudigste taal met 'n kind gekommunikeer word oor sake wat net die kind se direkte omgewing raak, strem jy die ontwikkeling van die kind.

6.1 Stadiums in taalverwerwing

Die verwerwing van taal is waarskynlik een van die skouspelagtigste leerprestasies by mense. Ná geboorte kan kinders verskeie geluide maak, maar hulle kan glad nie praat nie. Teen die ouderdom van drie beskik hulle egter oor alle grammatikale vermoëns en kan hulle die meeste van die taalreëls volg. Wat die meeste aspekte van ontwikkeling betref, is driejariges nog intellektueel baie onvolwasse. En tog verwerf hulle in hierdie kort tydsbestek die ongelooflike vermoë om komplekse klankpatrone voort te bring wat volledige en betekenisvolle idees aan die persone om hulle oordra.

Hierdie proses van taalverwerwing volg 'n vaste volgorde van stadiums wat vir alle kinders dieselfde is, ongeag die taal wat hulle praat. Eerstens is 'n moeder se spraak in die baarmoeder hoorbaar en word die kind dus voor geboorte aan taal blootgestel. Pasgebore babas toon 'n voorkeur vir hulle moeder se stem in vergelyking met stemme van ander vrouens (De Casper & Fifer, 1980).

Verdere bewyse vir die inherente vermoë om taal te verwerf, spruit uit die feit dat daar kritiese periodes vir die aanleer van taal is. Die vermoë om taal te produseer, word permanent aangetas in kinders wat nie die geleentheid kry om gedurende sulke periodes taal te oefen of te gebruik nie. Dit word gedemonstreer deur kinders wat linguisties geïsoleer was. Genie, 'n 13-jarige meisie van Los Angeles, wat deur 'n psigies-versteurde ouer in isolasie grootgemaak, is kon slegs leer om eenvoudige sinne te gebruik (Pines, 1981). Daarteenoor staan die voorbeeld van 'n siek kind wie se pa nagte deur met hom gestap het. Hy het aanhoudend met hom gesels oor wat hulle rondom hulle sien (omdat die kind sieklik was en nie wou slaap nie). Hierdie kind se taalvaardigheid was later so ver voor sy ouderdomsgroep, dat hy die departement van onderwys se aandag getrek het.

6.2 Die gesin as sentrum van opvoeding en saamlewe

In ons samelewing is die belangrikste funksie van die gesin om die opvoeding en sosialisering van die kind te verseker volgens die norme wat in die maatskappy heers. Dit is in die gesin waar die kind die gewoontes en tradisies van sy groep verwerf. Deur identifikasie met sy ouers word die persoonlikheid en karakter van die kind gevorm. Gesinsvorming is noodsaaklik vir die persoonlikheidsontwikkeling van die kind en die gehalte van die persoonlikheidsontwikkeling word bepaal deur die gehalte van die ek-jy-verhoudinge in die gesin. Die eenheid van die gesin laat Hebreërs 10:24 'n werklikheid word. Wanneer die kind dan aan 'n situasie blootgestel word waar hy/sy kerk toe gaan weg of sonder die res van die gesin, gaan iets van die gesinsband en die rol wat 'n hegte saamdoen-verhouding kan speel, verlore (vgl. Cooper in Brown et al.,1986: 181-182 se insiggewende definisie van die gesin).

Dit is algemeen bekend dat die gesin sy krag verloor en verskillende wêrelde geskep word waar die ouers en gesin se wêreld van die kind se wêreld verwyderd raak en invloed verloor teenoor die span en maats wanneer 'n kind rugby gaan speel sonder dat pa en ma die moeite gedoen het om te gaan kyk. Wanneer die kind alleen in 'n kerk sit, is die gevaar dat godsdiens nie meer 'n leefwyse is nie, maar 'n gebeurtenis.

Sosialisering is die gebeure waardeur die kultuur van die gesin en samelewingsgroep aan elke nuwe geslag oorgedra word, sodat die kind die kennis, gewoontes, waardes ensovoorts, van die samelewing kan internaliseer. Omdat die samelewing so kompleks geword het, het die vervulling van hierdie funksie in 'n groot mate na instellings buite die gesin verskuif:

- Die skool voed die kind op met betrekking tot intellektuele vaardighede en sosiale gedrag.
- Die kerk voed die kind op met betrekking tot geloofsake en godsdienstige waardes.
- In die jeuggroep word die kind opgevoed met betrekking tot ontspanning en sport.

Die effek is verskillende wêrelde, terwyl die basis van die kind se godsdienstige ervaringe en opvattinge in die gesin vasgelê word. Om die kinders van die gesin met betrekking tot godsdiens en geloof op te voed, gesamentlik(e) godsdienstige aktiwiteite te beoefen en 'n godsdienstige leefstyl te verwerklik, is een van die kernfunksies van die gesin.

Die taalontwikkeling van die jong kind is ongelooflik belangrik, veral binne die erediens. Hoe vinniger die jong kind blootgestel word aan geloofstaal, hoe vinniger gaan die jong kind dit probeer gebruik en ook uitvind wat elke woord beteken. 'n Jong kind gaan op vier jaar nog nie 'n goeie begrip hê van die woord "genade" nie, maar hoe langer en hoe meer die kind aan die woord blootgestel word, hoe beter kan hy die betekenis daarvan verstaan.

Dit is belangrik vir die ontwikkeling van die kind dat die verbondsouer ook goed besef dat dit belangrik is dat die gesin gereeld die eredienste bywoon, om aan die kind die voorbeeld te stel van wat die erediens behels en ook die kind te help om die vorm van die erediens te verstaan en so gou moontlik die geloofstaal aan te leer.

Daar moet gepoog word om die jong kind van kleins af lief te maak vir die Here, maar ook lief te maak vir geloofstaal, anders gaan die kind waarskynlik later in sy lewe sukkel om die oorgang te maak na "volwasse" geloof binne die erediens.

7. Redes waarom aan kleuterkerk gedink word

Waarom word daar die afgelope jare soveel op kinder– en jeugdienste gefokus?
Normaalweg is daar drie faktore wat daartoe aanleiding gegee het.:

- Die hernude klem op die jeug en die afsonderlike bediening van die kerk aan die kind
- Die opkoms van die Sielkunde en Opvoedkunde met hernude klem op die jeug- en jongmense
- Pogings om die toenemende proses van kerkvervreemding te stuit.

7.1 Daar is sterk voor- en teëstanders vir die kleuter- en /of kinderkerk

Voorstanders wys gewoonlik op die voordele daaraan verbonde: Die hou van kleuter- en kinderkerke waar 'n deel van die gesin deelneem aan die kinderdiens hef nie noodwendig die verbondskarakter en –uitdrukking van die gesin in die erediens op indien dit reg hanteer word nie (JE Adams). Hy vra of dit die beste voorbeeld is vir voorbereiding tot lewenslange aanbidding? Gee dit dalk aanleiding daartoe dat kinders in die kerk sit en slaap, om 'n preek te verduur wat hulle nie verstaan nie, om in die gesangeboeke te vroetel, alles behalwe aanbidding? Hy baseer sy argument ook (op sy verstaan van) Nehemía 8:4 – 5: *En hy het daaruit voorgelees voor die plein wat voor die Waterpoort was, vandat dit lig geword het tot die middag, in teenwoordigheid van die manne en die vroue <u>en die wat kon verstaan</u>; en die ore van die hele volk was op die wetboek gerig* (beklemtoning JE Adams). Hieruit blyk tog eerder dat die hele volk teenwoordig was.

Adams beredeneer die volgende:

- Dit bevorder aandagtige luister.
- Die doel van die erediens is nie om gesinseenheid te bevorder nie.
- Diegene in die erediens word nie gesteur deur rustelose kinders nie.
- Kinders moet geleer word om die Bybel as Woord van God te hanteer en te verstaan.
- Vrywilligers wat hierby betrokke is, moet opgelei word.
- Daar kan meer 'n verduidelikende aanslag gevolg word ten opsigte van die erediens, die geloofsbelydenis, ensovoorts.
- As daar doop, nagmaal, verwelkoming van nuwe lidmate, bevestiging van kerkraadslede is, kan dit aan kinders verduidelik word nadat dit in teenwoordigheid van die kinders gedoen is.
- Geleentheid vir vrae moet gegee word.

Teëstanders wys op die volgende: By die aanbidding van God kom sy volk in sy geheel saam en behoort daarom as sodanig in die erediens saam te kom. Die erediens as eiesoortige dialogiese kerugmatiese ontmoetingsgebeure maak dat die erediens in onderskeid gesien moet word van die verbondsonderrig of jeugbyeenkomste (De Klerk). Kinders moet leef uit die beskuttende sekuriteit van die erediens met sy logiese, dialogiese en rasionele onderbou. Daar behoort in die prediking van die gewone erediens meer dikwels spesifiek toesgepits word op die kind in die kerk ten opsigte van die inhoud, aanspreking, appèlle, beloftes en toesegginge. Die idee om kinders van meet af uit te sluit, kan die gedagte van óf uitsluiting óf uitsonderlike behandeling en bevoorregting kweek. Om kinders op 'n gegewe stadium die kerk te laat verlaat, kan die orde in die erediens versteur en is 'n verbreking van die gedagte dat die liturgie as 'n eenheid afgehandel moet word. Die aksent moet op die verstaanbaarheid van die liturgie en die betrokkenheid van die kind daarby gelê word. Daar is maar een werklike liturgiese plegtigheid, die erediens van en vir die hele gemeente as verbondsvolk van God.

8. Slot

Oor kleuterkerk is daar nog lank nie klaar gepraat nie. Die studiestuk kan ook nie daarin slaag om reg te laat geskied aan alle aspekte van die debat nie. Dit is uit die voorafgaande duidelik dat die saak tans in die AP Kerk op een van twee oorwegings neerkom, naamlik óf kleuterkerke word nie aanvaar nie, óf kleuterkerke kan ingerig word onder toesig van die ouderlingeraad en waar die leraar as liturg optree. Die KKCE is van oordeel dat, in ag geneem al die redes hierbo uiteengesit, kleuterkerke nie as reël in die AP Kerk toegepas moet word nie, maar in uitsonderlike gevalle (bv. een maal per kwartaal) onder toesig van die besondere ampte oorweeg kan word.

BYLAE KKCE3

BESKRYWINGSPUNT VAN DIE RING VAN STELLENBOSCH

VESTIGING VAN ANTI-EVOLUSIELEER IN AP KERK TEN GUNSTE VAN DIE BYBELSE SKEPPINGSVERHAAL.

Bronne: Daar word in die geskrif deurgaans verwys na *Die Boodskapper*, uitgawe nr. 276 van November 2014 en slegs deur aanduiding van bladsynommers.

INLEIDING
Gegewe die sekulêre omgewing in Suid Afrika wat veral sedert 1994 tot stand gekom het met groot klem op die wetenskaplike positivistiese benadering, heers daar sterk twyfel by heelwat lidmate oor hoe die skepping tot stand gekom het (bl. 11).

DOEL
Die doel van hierdie skrywe is om aanbevelings te maak om op gemeentevlak die wetenskaplike positivistiese standpunte ten opsigte van evolusie te besweer ten gunste van die Bybelse skeppingsleer.

BESPREKING

Die Afrikaanse Protestantse kerkverband is sterk teen die evolusieleer gekant. Nogtans het daar 'n versuim binne ons kerkverband ontstaan wat reggestel moet word. Hierdie versuim kom op gemeentevlak voor ten opsigte van die volwasse lidmate en die verbondskinders (bl. 11).

Dit is nooit te laat om fout en versuim reg te stel nie. As die AP Kerk dit nie vir die Afrikanerkind doen nie, sal God 'n ander kerk stuur om dit te doen! (bl. 11).

Die praktiese uitvoering van die AP Kerk se standpunt kom neer op 'n probleem wat aangespreek moet word.

Ons het 'n broederlike gesprek hiervoor nodig aangesien 'n uiters brose denkskuif hier op die spel is (bl. 12).

Probleem of uitdaging?

Weens die gees wat in die "nuwe" Suid-Afrika geskep is om enorme probleme as "uitdagings" voor te hou, behoort die praktiese vestiging van die skeppingsverhaal teenoor evolusieleer eerder as 'n probleem beskou te word. Probleme kan nie anders as om opgelos te word nie. "Uitdagings" kan bereik, uitgestel of laat vaar word. Die saak TEEN evolusie het dus 'n dringendheid daaraan.

Kompleksiteit

Artikels in *Die Boodskapper* bevat goedberedeneerde argumente wat wys op die swakhede verbonde aan die evolusieleer en wat ook wys op die aanvaarding van die Génesis-skeppingsverhaal. Daar bestaan genoeg bewyse/argumente om die evolusieleer toe te spin in 'n kokon van twyfelagtigheid. Dit is egter skrywer se oortuiging dat hierdie artikels teologiese en wetenskaplike vaktaal bevat waarvan min lidmate of kinders begrip het.

"Vaktaal"
Bogenoemde uitgawe van *Die Boodskapper* verwys na terminologie wat na skrywer se mening die kernbestanddeel van die probleem vorm. Hieronder volg 'n lys slegs as voorbeeld daarvan en is geensins volledig nie.

1. Teologiese terme (bl. 7)
Alhoewel vergesel van verklarings, is hierdie terme nog steeds ietwat moeilik om te begryp:

Deïsme	Logika	Induksie
Sinkretisme	Evolusieteorie	Deduksie
Wetenskap	Darwinistiese evolusieleer	Katastrofe
Rasionalisme	Teïstiese evolusie	
Feitelikheid/objektiwiteit	Uniformiteitsleer	

2. Wetenskapsterme

Terminologie wat deurgaans in bogenoemde publikasie gebruik word en waarvan die volgende lys nie volledig is nie:

Kreasionisme	Fotosintese	"Big bang" (oerknal)
Populisme	Paleontologie	Radio-koolstof-datering
Positivisme	Stasis	Neo-vitalisme
Mutasie	Natuurlike seleksie	Holisme
Diffusie	Wetenskaplike aannames	Organismiese biologie
Pan-psigisme	Emergensie-evolusionisme	

Ander struikelblokke ten opsigte van die vestiging van 'n anti-evolusieleer op gemeentevlak

Benewens vaktaal is daar ook ander oorwegings in die proses om die evolusieleer verdag te maak. Dit kan volgens skrywer se siening in twee areas verdeel word.

Rol van Predikant

Die kerkverband behoort skrywes/literatuur aan die leraars te verskaf wat in gebruiker-vriendelike formaat as preektemas en preekinhoud gebruik kan word. Hierdie is nodig aangesien die moontlikheid bestaan dat sommige predikante ook reeds verward geraak het en verkies om hierdie onderwerp te vermy.

Rol/Inhoud van Verbondsonderrig-leerplanne

Tans word evolusie wat lynreg teen die Génesis-skeppingsleer staan, nie in die leerplanne vervat nie. Ons kinders in staats- en privaatskole word stelselmatig onderrig in die evolusieleer. Hulle kan nie anders as om verward te word nie. *Die tienerkind se kwesbaarheid vir groepsdruk hoef sekerlik nie weer bespreek te word nie* (bl. 12). Daarbenewens word 'n kerkverband se standpunte verteenwoordig in die kerk se onderrigleerplanne. Ons Verbondsonderrig bevat die Afrikaanse Protestantse kerkverband se amptelike leer!

Fokusareas wat die evolusieleer verdag maak
Daar kan volgens skrywer op die volgende areas gekonsentreer word:

1) Selmutasies

Hierdie wetenskaplike feit is **ná** Darwin se tyd ontdek, maar word verkeerdelik in verband gebring met sy teorie van "natuurlike seleksie". Die waarheid is dat mutasie 'n verloop het van degenerasie en uiteindelike uitsterwing van die spesie.

2) Radio-koolstofdatering

Hierdie wetenskaplike benadering om die ouderdom van spesies en aardstowwe, versteende plante, ensovoorts te bereken, vind neerslag in die vorming van radioaktiewe koolstofatome

(C14) wat bots met stikstofatome (N14). Solank 'n organisme lewe, bly dit C14 opneem en behou 'n bepaalde verhouding tot C12. Sodra dit sterf, neem dit nie meer C14 op nie. 'n Mens kan dan uit die aanwesige C14/C12 die tydsverloop sedert die dood van die organisme bereken (bl. 20). Hierdie benadering berus op 'n paar twyfelagtige aannames:

- Dat daar 'n uniforme verhouding van C14 tot C12 bestaan. Baie organismes het eenvoudig nie dieselfde verhouding nie.
- Konstante vervalsnelheid van C14. Onlangs bewys dat die vervalsnelheid nie konstant is nie.
- Konstante hoeveelheid koolstof. Die hoeveelhede natuurlike en radioaktiewe koolstof was/is nie noodwendig dieselfde nie.
- Balans. 'n Gewigtige onjuiste aanname is dat daar 'n balans bestaan tussen die vorming van C14 in die atmosfeer en die verval daarvan. Hierdie balans bestaan nie.

3) "Big Bang" (oerknal).

Die aanname is dat alles met 'n oerknal begin het. Weens die massiewe knal is materie geskep wat muteer het na alles wat bestaan. Die swakheid van hierdie benadering is dat net IETS kan ontplof. NIKS kan nie ontplof nie. Daarbenewens moet IEMAND die knal veroorsaak. Die oerknal kon dus nie plaasgevind het nie, soos verduidelik word deur "wetenskaplikes", en die daaropvolgende ontstaan van spesies kon dan nie plaasgevind het d.m.v. evolusie nie. *Wetenskaplike bewerings is egter wel valsifiseerbaar aangesien die bevestiging van 'n bepaalde algemene bewering onmiddellik sou misluk wanneer selfs 'n enkele geval gevind sou kon word wat dit weerspreek* (bl. 8).

4) Teïstiese evolusionisme
Hierdie opvatting moet in perspektief gestel word met evolusie. Dit blyk 'n siening te wees wat toeneem in populariteit, aangesien dit voorkom as 'n kompromis tussen skepping en evolusie. Hierdie opvatting is ook vals en moet bestry word.

SLOTSOM

Waar daar 'n wil is, is daar 'n weg. Hierdie skrywe doen 'n beroep op die Afrikaanse Protestantse kerkverband om die evolusieleer (insluitend Teïstiese evolusionisme) op alle vlakke van die kerk verdag te maak met oortuigende teenargumente. Spesifiek moet daar op Woordverkondiging en Verbondsonderrig gekonsentreer word met verwysing na die onaanvaarbare sekulêre evolusieleer en uitvloeisels daarvan soos die oerknal.

Die baie bruikbare publikasies van dr. HD Mouton: *Skepping en Evolusie —onversoenbaar*" (bl. 17) kan moontlik as bronmateriaal gebruik word. Ook die detailargument en teenargumente van prof. Danie Strauss (bl. 13) kan met vrug gebruik word.
Die kragtige standpunt genoem in paragraaf 2 van "Bespreking" hierbo wys op die erns van hierdie saak.

AANBEVELING
Dit word aanbeveel dat:

1. 'n gepaste sinodale kommissie opdrag kry om die Afrikaanse Protestantse kerkverband se anti-evolusiestandpunt in Omgangsafrikaans te verwoord en die materiaal te verwerk in Verbondsonderrig-leerplanne op dieselfde ouderdomsvlakke as die ooreenstemmende skoolgrade.
2. gepaste skrywes aan leraars gerig word met aanmoediging om dit in preke te gebruik.

Goedgekeur deur die Ring van Stellenbosch

BYLAE KKCE4

BESWAARSKRIF VAN DIE RING VAN KLERSKDORP

RING VAN KLERKSDORP: BESWAARSKRIF OOR SKRIFGESAG: DIE BRONTEKS VAN DIE NUWE TESTAMENT WAT ROOMS IS

Hiermee word beswaar aangeteken teen die Sinodebesluit oor Bybelvertaling van 2004 (*Handelinge 2007*, pt. 4.3, bl. 392):

Die sinode aanvaar, dat wat die teks van die Nuwe Testament betref, enige vertaling daaraan beoordeel moet word of dit die beste saamgestelde bronteks bevat en of daar op 'n verantwoordelike tekskritiese wyse met die bronteks omgegaan is. Objektief geoordeel, moet die sogenaamde standaardteks, soos gevind in die 3de uitgawe van The Greek New Testament (wat dieselfde as die 26ste uitgawe van die Nestle-Aland is) met sy tekskritiese apparaat, in hierdie stadium as die beste bronteks vir vertalingsdoeleindes beskou word.

Motivering:

1. Die gemeente van Bloemfontein het by die Sinode van 2010 'n bewaarskrif teen hierdie besluit voorgelê en dit is afgekeur. Ons is van oordeel dat die verslag wat prof.dr. Smit op versoek van die KKCE opgestel het en wat in die 2010 Sinode-agenda gedien het as motivering om die besware van Bloemfontein af te keur, eensydig en misleidend was.
2. Die negende gebod is 25 keer misbruik om die sinode te beïnvloed. Waarom hierdie dringendheid? Kyk weer na die agenda van Sinode 2010.
3. Ons is van oordeel dat die Sinode nie oor die nodige inligting beskik het om 'n Godvrugtige besluit te neem oor hierdie wesenlike saak nie, weens die prosedure wat gevolg is en as gevolg van die wanvoorstelling in die eensydige verslag van die KKCE wat duidelik die Sinode mislei het. Hier moet ook gewys word op die belangrikheid om te waak teen 'n sinodokrasie. Die magsvergryp van die NG Kerk was juis een van die belangrike redes vir die stigting van die AP Kerk.
4. Sedert 1987 kom hierdie beswaarskrif sinode ná sinode voor vanaf die lidmate en veral ouderlinge. Dit is asof daar 'n instinktiewe vermoede is dat daar iets ysliks verkeerd is met die amper maniese dringendheid om 'n nuwe Afrikaanse vertaling wat meer "verstaanbaar" en meer "kontemporêr" is, op ons af te dwing. (Al Westcot & Hort se argumente word gebruik - dus moet daar 'n "skool" wees, of 'n groep "Skrifgeleerdes" wat gedryf word om "iets nuuts" te produseer - Hand.17:23) om ons nader na die "moederkerk" nl. Rome, te bring. Ons is nie meer 'heretics' wat vir die brandstapel beskore is nie. Ons is nou "lost bretheren" (Toegewing vanaf Rome).
5. Dit word nou duidelik dat gedurende die 2007 – 2008 periode, toe ds. Gerrit Kritzinger "Global Board Chairman" van die UBS (United Bible Society) was, in ooreenkoms met die CBF (Catholic Bible Federation) gegaan het om 'n gesamentlike bronteks te gebruik om 'n sogenaamde ekumene tussen Protestante en Rooms Katolieke te bewerkstellig.
   Verteenwoordigers van die RKK was kardinaal Onitsha van Nigerië en Biskop Alilona van Italië. Met ander woorde: Ons Afrikaanse Bybel en die Roomse Bybel het dieselfde bronteks. Nou weet ons waarom ons geleerdes nooit noem dat die hoofbron nl. die *Kodeks Vaticanus* deur die Skrifwetenskaplikes gebruik is nie.
   All Roads lead to Rome (M.de Semlyen) bl. 175:
   With Billy Graham back in England in 1989, Free Presbyterian Church of Scotland's Clerk to the Synod, Revd. Donald Maclean's comment in this letter to The Times 11th November, 1988 still deserves careful consideration:
   "The Ecumenical movement which you praise is the greatest disaster to affect the Christian Church this century. It has reduced the professing churches of this country to a collection of bloodless, spineless and boneless organizations, which can hardly raise a whimper on the side of Christ and His Truth. Small wonder that evil progresses as it

does, and spiritual darkness becomes more intense as the years go by. You appear to regard a body of professing Christians, of sober conduct, and deep spirituality of mind as fanatical and bigoted. If this be so then the eminent men of God, such as John Knox in Scotland, John Calvin and Martin Luther on the Continent, and Archbishop Cranmer in England were bigots in their contents with the errors of Popery. We are glad to be in such company." (The Times: 9th November 1988)

Met ander woorde: Ons Nuwe Afrikaanse Bybel en die Roomse Bybel het presies dieselfde bronteks. Dit is iets wat ons al lankal vermoed het en nou eers kan bewys.

6. Prof.H.G. v.d. Westhuizen skryf in 'Koers', Junie 201:
In die gees van ekumene word in Protestante kerke die verskille met die Roomse kerk versag. Omdat van die laaste Pape ook geleerdheid en menslikheid en billikheid uitstraal, word die algemene beskouing van die Protestante publiek teenoor die Roomse verbeter – minstens teoreties gesproke.
Ten spyte van bepaalde hervorming wat ook binne die Roomse kerk plaasvind, byvoorbeeld ten aansien van sekere teologiese benadering en dat Protestante en Roomses selfs saamwerk, byvoorbeeld wat Bybelvertaling betref, uit 'n gemeenskaplike grondteks, bly daar kardinale verskille wat nie verdoesel moet word nie.

7. Dr. Benjamin G. Wilkinson (Ph.D.). Skryf in 'Our Authorised Bible Vindicated' (1930):
A third result of this tide of revision is that when our time-honoured Bibles are revised, the changes are generally in favour of Rome. We are told that the Bible revision is a step forward; that new manuscripts have been made available and advance has been made in archaeology, philology, geography, and the apparatus of criticism. How does it come then that we have been revised back into the arms of Rome? If my conclusion is true, this so-called Bible revision has become one of the deadliest weapons in the hands of those who glorify the Dark Ages and who seek to bring Western nations back to theological thinking which prevailed before the Reformation.

8. Dit is duidelik dat die aanslag op die Bybel die voortreflikste metode sal wees van die antichris. Dit lyk of dit slaag, want die weerstand teen die Christendom het sedert die 2de wêreldoorlog, toe die nuwe Bybels hulle verskyning gemaak het, hand-oor-hand toegeneem. Ons sal hierdie Sinode (2017) moet kies of die Protestantse Kerk met sy Formuliere van Eenheid wat gebaseer is op die Woord van God, 400 jaar getrou was; of toegee aan Rome met hulle Ekumene. Iewers moet 'n stem in die woestyn roep!

Die skrywe uit die Vatikaan (1987): "Guidelines for the Interconfessional Cooperation in Translating the Bible 'The Revised Edition', Rome.: Ons het nou by 'n kruispad gekom en die AP Kerk sal moet besluit. Ons aanvaar die Roomse Bybel of die Reformatoriese Bybel. 'n Mengelmoes is onaanvaarbaar.

As die Reformatore reg was, was dit omdat hulle die korrekte Bybels (en MMS) gehad het (dit het hulle met hulle lewe beskerm). En as Rome dan verkeerd was, was dit omdat hulle MMS korrup was. Helvidius het reeds in 383 A.D. aan Hiëronimus (Jerome) laat weet dat sy MMS vir die Latynse Vulgaat korrup was. Erasmus moes geweet het van Helvidius, want hy het prof. Paulus Bombasius (die Pous se bibliotekaris) se aanbod om die *Codex Vaticanus* te gebruik, geweier. Selfs die monnik Sepulvidius kom hom ook nie oortuig nie. Vandag is dit "ons" Skrifkritici wat daaroor met Erasmus probleme het en vir hom kwaad is.

Die vraag is: Gaan ons sommer sito sito oorgee?. Tekens van Protestante kapitulasie is reeds aan die orde van die dag: 1 Maart 1516 (500 jaar gelede) het Desiderius Erasmus se eerste Griekse Nuwe Testament (GNT) verskyn. In *Die Boodskapper* en seker ook in ander geestelike geskrifte het ons nie 'n woord daaroor gerep nie. "Erasmus het die eier gelê wat Luther uitgebroei het", was 'n gesegde ná die Reformasie. As gevolg hiervan het talle vertalings ontstaan, te veel om op te noem. Dit was die begin van die grootste geskiedkundige gebeurtenis op aarde sedert die geboorte en lewe en sterwe en opstanding van ons Saligmaker, Jesus Christus!

Desiderius Erasmus het die smeulende vuur van reformasie aan die brand gesteek. Die Reformasie het sy ontstaan deur die Woord van God. Die Deformasie sal ook sy ontstaan hê deur die Woord van God. Dit is logies dat die finale aanslag sal wees om

die Woord van God wat "anders" sal wees as wat Hy dit aan ons gegee het, met ander woorde, die aanvaarde teks.

Om te dink dat ons Bybelwetenskaplikes dit ignoreer. Wat gaan ons met die 500-jarige herdenking van die Reformasie doen? Dr. Peter Hammond het darem al "The Greatest Century of the Reformation" die lig laat sien.
Is die pous nog die "Antichris" soos Martin Luther hom genoem het? Hierdie siening is beaam deur Charles Hadden Spurgeon, dr. H. Gratten Guiness, Martin Lloyd-Jones en honderde ander geleerdes voor die 19de eeu. Talle moes met hulle lewens boet. Dit was oor 'n paar Duitse "geleerdes" 'n ander siening gepropageer het. Sedertdien het die groot afval gekom. Dr. Martin Lloyd-Jones het gesê: "The Roman Catholic Church is a counterfeit, a sham, it represents prostitution of the worst and most diabolical kind" (All roads lead to Rome [M.de Semlyen]). Dieselfde dr. Lloyd-Jones het gesê "The Bible is Jesus Christ in script". Ek stem 100% saam. Liberalisme het nog net vernietig (kyk na ons land).

9. Dr. HG v.d. Westhuizen

Daar is 'n radikale verskil van Protestante met die Roomses oor die opvatting van die Woord van God. Vir die Roomses gaan die kerk voor die Bybel. Die kerk sou dan die Bybel tot stand gebring het. Die kerk sou bepaal het watter boeke in die Bybel moet wees en hoe die boeke of tekste verstaan moet word. Die kerk se gesag, (oftewel die pous s'n namens die kerk), is hoër as die Bybel. Die pous se amptelike uitsprake moet by die Bybel gevoeg word om dan eers by die Woord van God uit te kom. Uit hierdie opvatting blyk twee verskille van die Protestante met die Roomses duidelik: (a) die leer van die Pouslike oppergesag, en (b) die leer van Pouslike onfeilbaarheid.
Die moderne Bybelwetenskaplikes wat sê die Bybel is nie God se Woord nie, maar bevat dit, daarom moet dié wetenskaplikes, en ook nie die Heilige Gees nie, die Woord van God uit die rots van die teks uitkap, soos 'n mynwerker goud uit die rotslae veredel. Daar is nie 'n groot verskil tussen die Roomse Pouswoord langs die Bybel en die wetenskaplikes se finale woord langs die Bybel nie. In albei gevalle maak mensewoorde die Godswoord uit. Ons sê die Bybel is God se Woord: Sola Scriptura!.

10. M. de Semlyen in "All Roads lead to Rome":

The "Historicist", or historical view sees the prophecies of Daniel, Paul and John as fully faithfully laying out the entire course of Christian history. It recognizes the Roman Institution which claims to be the Universal Church as the whore posing as the Bride of Christ, and identifies 'the little horn' of Daniel 7", the man of sin of 2 Thessalonians 2 and the "Mother of Harlots" of Revelation 17 & 18 as the Papacy and false Church.

As ons aanhou toegee op die Woord van God sal ons moet toegee aan die S.A. Raad van Kerke, die Belhar-belydenis, die Wêreldraad van Kerke en dan sinkretisme met ander godsdienste en dan die sg. "New Age".
Daar word beweer dat die RKK buigsamer geword het – dit is 'n leuen uit die hel! In 1229 is twee konsilies in een jaar gehou, nl. Valencieë en Toulouse om een Roomse Bybel te proklameer, nl. die Heilige Geskrif. Ander Bybels is met hulle eienaars brandstapel toe. Honderde duisende is so die ewigheid in (Foxes book on inquisition). Die konsilie van Trent 1545 – 1563 het dit bevestig en die Jesuïete onder leiding van Lainez (Ignatius van Loyola se opvolger), het hierdie opdrag op verskeie maniere uitgevoer: (Die orde van die Jesuïete is 'n militêre orde met militêre dissipline en die uitsluitlike doel om die Protestantisme te vernietig!). Ek haal aan uit: "The most powerful man in the World" van Eric John Phelps: *Their purpose and oath: "The Jesuits, by their very calling, by their very essence of their institution, are bound to seek, by every means, right or wrong, the destruction of Protestantism. This is the condition of their existence, the duty they must fulfill or cease to be Jesuits.* Die huidige Pous is 'n Jesuïete generaal van Argentinië.

11. Die Konsilie van Vatikaan ll, 1962 – 1965, het dit bevestig. Daar is drie jaar lank beraadslaag oor:

1. Bybelvertaling ("Lees Guidelines for Interconfessional Translations")
2. 2. Charismatiese bewegings "Kardinaal Angelo Gioseppi Roncali het pastoor David du Plessis (Pastoor van die A.G.S. van die R.S.A) al in 1958 genooi om

meer uit te vind oor die "Doop met die Heilige Gees". Die pastoor het die hele konsilie bygewoon as gas van Pous Johannes XXIII(Roncali). Hy was een van die merkwaardige pouse. Boeke is oor hom geskryf.

3. Het gehandel oor die Ekumene. Kardinaal Wilfred Napier woon enkele jare gelede die Natalse NG Kerk se sinode by. Mnr. Pik Botha neem mnre. PW Botha en FW de Klerk vir 'n "Papal Blessing". Pik Botha oorhandig die 1983-NAV aan die Pous namens ons BGSA. Dr. Pierre Rossouw oorhandig aan hom "Kerk en Samelewing" en ds. Gerrit Kritzinger die "Tonga Bybel". Dit sal interessant wees as die nuwe Jesuïete Pous hier na ons kom om te sien hoe ons "Protestante", of sal ons hulle noem "Afro – Catholics", sal reageer. Die Engelse het hulle "Closetcatholics" genoem. Aanhaling uit "All Roads Lead to Rome".

12. **Their Anti - Protestantism:**

Westcott wrote to the Archbishop of Canterbury: "It does not seem to me that the Vaudois claim an ecclesiastical recognition. The position of the small Protestant bodies on the continent is, no doubt, one of great difficulty. But our church can, I think, only deal with churches growing to fuller life."[12]

Hort writes to Westcott, September 23, 1864: " I believe Coleridge was quite right that Christianity without a substantial church is vanity and disillusion; and I remember shocking you and Lightfoot not so long ago by expressing a belief that "Protestantism" is only parenthetical and temporary."[13] "Perfect Catholicity has been nowhere since the Reformation."[14]

Uit die aard van die saak was veral die Jesuïetegeneraals en -leiers bekommerd oor die sg. toegewings wat te bespeur was gedurende Vatikaan 2. Op 13 Desember 1965 om middernag is daar 'n "Black Mass" gehou met al die Jesuïete-generaals onder Superior Generaal Pedro Arupe waarin hy hulle verseker het dat die Vatikaan van "strategie" verander het maar nie van 'beleid' nie (Roberto Riviera).

Ons kan net noem dat die huidige Pous die eerste Jesuïetegeneraal is wat 'n "Wit Pous" geword het in die geskiedenis! (Die Jesuïetepous word die "Swart Pous" genoem en is altyd geklee in "swart".)

Opvallend ook is dat Pous Benedictus XVI (Ratzinger) ook die eerste Pous is wat bedank het – 'n Pous is pous tot die dood.

Wat ook merkwaardig is, is dat Pous Franciscus absoluut getrou is aan die "Secreta Monita": die Jesuïete-'instruksies'. Hierdeur sal minder ingeligte Protestante swaai na die Roomse Kerk. Dit kan net genoem word dat die sogenaamde pouslike naam 'Franciscus' nie na Franciscus van Assissi vernoem is nie maar na Ignatius van Loyola se regterhand 'Franciscus Xavier', die sendeling na die Ooste, 1542 AD.

Elke boek van die Nuwe Testament waarsku teen die afval in die laaste dae. Ons dank die Here dat ons die Psalms- en Gesangeboek kon behou - Die Sinode se reaksie hierop was 'n lewenslange belewenis. Mag dit ook so wees met die "Ou Vertaling". Ons moet 'n heenkome skep vir Christen Afrikanermense wat probleme met liberalisme in hulle kerke het! Ons kerk is die ideaal, net een voorwaarde: ons moet Jeremia se raad volg soos in Jeremia 6:16: *So spreek die HERE: Staan op die weë, en kyk en vra na die ou paaie, waar tog die goeie weg is, en wandel daarin; en julle sal rus vind vir julle siele. Maar hulle het gesê: Ons wil daarin nie wandel nie! Ek het wagte oor julle aangestel en gesê Luister na die geluid van die basuin, maar hulle het geantwoord Ons wil nie luister nie*. Vers 19: die gevolg: *Ek bring onheil oor hierdie volk, die vrug van hulle planne ...*

Hebreërs 13:7,8,9:
Gedenk julle voorgangers wat die Woord van God aan julle verkondig het, aanskou die uiteinde van hulle lewenswandel en volg hulle geloof na. Jesus Christus is gister en vandag dieselfde en tot in ewigheid. Moenie rondgeslinger word deur allerhande en vreemde leringe nie, want dit is goed dat die hart versterk word deur genade, nie deur voedsel nie, waarvan die wat daarin gewandel het, geen voordeel gehad het nie.

D.G. van der Merwe

Goedgekeur deur die Ring van Klerksdorp in sitting op 14 Feb. 2017

BYLAE KKCE5

WAT IS "ERGERLIKE SONDES" MET BETREKKING TOT KERKORDE ART. 59.3.4?

Kerkorde Art. 59.3.4

Die bewoording in die *Kerkorde 2014*, bl. 63 is soos volg: *In die geval van* ***ergerlike sondes*** *(eie beklemtoning) soos owerspel, onsedelikheid, moord, meineed, diefstal en wat verder deur die sinode as sodanig beskou mag word, mag net die sinode verlof tot herstel in die amp verleen. Sodanige gevalle kan alleen by hoë uitsondering, nadat gunstige aanbevelings van alle betrokke instansies ontvang is deur die sinode oorweeg word.*

Woordeboek-betekenis van "ergerlik"

Ergerlik word in die Verklarende Afrikaanse Woordeboek soos volg verklaar:

- Dit kan beteken dat iemand aanstoot gee deur sy gedrag tot ander.
- Dit kan ook as laakbaar beskryf word m.a.w. wanneer iemand in sy gedrag skade doen aan ander soos naamskending, laster, diefstal, ensovoorts. Hierdie gedrag lei normaalweg tot berisping.

Bybelse beginsels

Die bepaling van definisies is moeilik as die beginsels nie in ag geneem word nie. Wanneer sonde bestudeer word, het ons altyd te doen met 'n aanval op die eer van God. Die mens se opstand teen God word verwoord in die uiterlike gedrag van die mens (Jak. 1:14-15). Wanneer word sonde dan ergerlik? Sonde word sekerlik ergerlik wanneer die mens volhard in sy opstandige gedrag teenoor God en nie daarmee wil breek nie (vgl. 1 Kor. 6:9-10; Ef. 2:2-3; Kol. 3:2-10; Gal. 5:19-21). Bekering is die noodsaaklike vereiste vir die herstel van die mens se verhouding tot God.

Beginsel toegepas op die Kerkorde Artikel

Die betrokke artikel in die *Kerkorde* het ten doel om die aard van die sonde en die impak daarvan op die eer van God in die bediening te bepaal. Dit gaan nie hier oor die lys van moontlike sondes wat die sinode in ag kan of moet neem nie. Wanneer God se eer op die spel is, kan daar nie voortgegaan word met 'n bediening wat nie erns maak met die eer van God nie. Die sinode se taak is om te bepaal of die bedienaar werklik tot inkeer gekom het insake die bepaalde sonde wat gelei het tot sy stuiting in die amp.

"Ergerlike sonde" se impak op die bediening

Die bedienaar van die evangelie staan in 'n verantwoordelike posisie binne die geloofsgemeenskap. Elke mens worstel met sonde, maar niemand kan die stryd teen sonde laat vaar nie. Die leraar se beeld volgens die Bybel is een van heiligheid voor die Here aangesien hy afgesonder is tot spesiale diens in die amp. Sy lewe is gevolglik meer in die kollig en so is sy verantwoordelikheid gevolglik ook groter. Die *Kerkorde* noem voorbeelde van sondes wat as ergerlik beskou word aangesien enige mens wat in daardie voorbeeld van sonde volhard, nie meer getrou is aan die roeping as voorganger vir die gemeente en gevolglik ook nie herderlik die gemeente kan bedien nie. Dit maak hom ernstig berispelik en sy gedrag sou onaanvaarbaar wees as 'n herder en leraar.

SAMEVATTING

Die begrip “ergerlike sonde” moet gesien word in die lig van die eer van God. Wanneer die ergerlike gedrag voortduur kan God nie verheerlik word nie en die bediening en die eer van God ly skade. Bekering van enige sonde moet ’n herstel in die verhouding tot God meebring. Na die verloop van tyd en ’n getuigskrif van opregte bekering kan herstel in die amp weer oorweeg word.

VERSLAG: KOMMISSIE VIR KERKREGTELIKE SAKE (KKS)
Tydperk: September 2013 tot April 2017

1. PERSONEEL

Primarii: Ds. JL Schütte (Voorsitter), dr. JH Breytenbach, prof.dr. J Bosman, di. WJA van Schalkwyk (ondervoorsitter), JH Bisschoff, A Boshoff (skriba).

Sekundi: Di. PJ Möller, HJ Kok, OG van Rooyen.

Nadat ds. JL Schütte in 2017 as direkteur van kerkadministrasie benoem is, is hy as voorsitter deur ds. WJA van Schalkwyk vervang en ds. PJ Möller is opgeroep as primariuslid.

2. VERGADERINGS

Net een vergadering is gedurende hierdie dienstermyn van die KKS gehou. Tydens hierdie vergadering op 9 Mei 2017 is die verslag aan die Sinode afgehandel en goedgekeur.

Die werkswyse van die KKS wanneer om advies gevra word, is om advies eers intern per e-pos onder alle lede van die KKS te sirkuleer totdat alle insette en kommentaar in die advies verreken is en dit dan aan albei partye te stuur. Op hierdie wyse hoef daar nie byeengekom te word vir 'n vergadering om adviese op te stel nie.

KKS-lede is aangewys om gemeentes/ringe te besoek waar die KKS se teenwoordigheid volgens hulle lasgewing nodig was. Op dié wyse is geld wat op vergaderings bestee sou word, eerder aangewend vir hulp in die kerkverband.

Jaar	Adviese	Besoeke
2013	1	
2014	8	2
2015	13	5
2016	6	5
2017	1	7 (tot op datum waarop die verslag saamgestel is)

3. SAKE IN OPDRAG VAN DIE VEERTIENDE SINODE (2013)

3.1 ATTESTAAT

Vorm van attestaat: Ring van Derby (*Handelinge 2013* bl. 287 pt. 6.2)
Die vorige Sinode het aan die KKS opdrag gegee om die attestaat, soos voorgestel deur die Ring van Derby, aan te pas en aan hierdie Sinode voor te lê.

AANBEVELING

3.1.1 Die sinode besluit om die attestaat soos volg te wysig:

ATTESTAAT

Hiermee getuig die Ouderlingeraad van die
Afrikaanse Protestantse Kerk ..... (Naam, bv. Germiston)
oor die volgende belydende lidmate:

…… ID-nommer ……
…… ID-nommer ……

Aangaande hulle/sy/haar:
Erediensbywoning: _____
Meelewing in gemeente-aktiwiteite: _____
Lewenswandel: _____
Regsinnigheid: _____
Verbondsonderrigbywoning van kinders: _____
Lewenswandel van kinders: _____

Onlangse optrede van die ouderlingeraad ten opsigte van opsig en tug: _____
_____
_____
_____

Die volgende dooplidmate word ook aan u sorg toevertrou:
…… ID-nommer ……
…… ID-nommer ……
…… ID-nommer ……
…… ID-nommer ……
…… ID-nommer ……
…… ID-nommer ……

Adres van intrekkers in nuwe gemeente:
……
Selfoonnommers van lidmate:
……

Namens die ouderlingeraad wat hierdie attestaat uitreik:
Skriba: …… Voorsitter: ……

Datum: ……

3.2 KERKREGWOORDEBOEK

Die Sinode dra dit aan die KKS op om saam met die Sake-indeks ook ’n begripsverklaring van woorde in die *Kerkorde* te plaas (*Handelinge 2013*, bl. 288, pt. 6.6.2).

Die KKS het dit aan prof.dr. R Marè opgedra om behulpsaam te wees met die opstel van so ’n begripsverklaring. Hy het die werk in twee formate gelewer:

1. Kerkregtelike Verklarende Woordeboek; en
2. Kerkregtelike Woordeboek (Verklaring, Beginsels, Verduideliking en Toepassings).

Uittreksels uit twee voorgestelde woordeboeke
Telkens word by punt A die verkorte weergawe gegee en onder punt B die uitgebreide weergawe:

Aansoek om lidmaatskap

A. ’n Versoek om as (belydende) lidmaat tesame met kinders as dooplidmate (of ongedoop) in ’n plaaslike kerk (gemeente) opgeneem te word.

B. ’n Versoek om as (belydende) lidmaat tesame met kinders as dooplidmate (of ongedoop) in ’n plaaslike kerk (gemeente) opgeneem te word.
So ’n aansoek kan van kerklose persone kom. Dan moet die kinders verbondsonderrig ondergaan. Die volwassenes moet ook onderrig word, met gebruikmaking van *Volwasse in die geloof* en ’n gesprek met hulle oor die inhoud van *Ontmoetingsgesprek* (Albei publikasies is deur sinodes goedgekeur). Sodra die onderrig afgehandel is, moet die volwassenes belydenis van geloof aflê. As hulle nooit gedoop was nie, moet hulle nou gedoop word. Dan is hulle lidmate van die gemeente.

So ’n aansoek kan van persone vanuit ander kerkverbande kom. Indien dit uit nie-erkende kerke kom, moet dieselfde pad as hierbo geloop word. In die onderrig aan hulle sal ook die afwykende aspekte van hulle vorige kerk behandel moet word.

In die geval van ’n aansoek van persone wat uit erkende kerke kom (kyk “erkende kerke” hieronder), moet die volwasse aansoekers die publikasie *Ontmoetingsgesprek* bekom en bestudeer. Daarna gaan ’n kommissie (wat gewoonlik bestaan uit die predikant en ’n ouderling) die boek globaal saam met die voornemende lidmate deur om vas te stel of daar enige beginsel is wat die persone nie onderskryf nie – die kommissie rapporteer aan die ouderlingeraad, wat besluit oor opname as lidmate.

Beperkte dienstermyn

A. ’n Voltydse kontraktuele bediening deur ’n predikant vir ses maande in ’n gemeente, maar wat weer en weer met wedersydse instemming vir ’n verdere ses maande verleng kan word.

B. ’n Voltydse kontraktuele bediening deur ’n predikant vir ses maande in ’n gemeente, maar wat weer en weer met wedersydse instemming vir ’n verdere ses maande verleng kan word.
’n Predikant, teologiese dosent en amptenaar wat predikantstatus besit, mag nadat hulle geëmeriteer het (“afgetree” het), deur ’n gemeente beroep word met beperkte dienstermyn. Dit behels dat die beroepene vir ses maande lank die voltydse predikant van die gemeente is. Die predikantswerk word nie afgeskaal nie, maar beperk tot ses maande. Voordat die ses maande om is, kan die ooreenkoms tussen die kerkraad en die predikant vir ’n verdere ses maande verleng word. So kan dit weer en weer verleng word. Wanneer óf die kerkraad, óf die predikant ná afloop van ’n ses maande-dienstydperk nie die ooreenkoms verder wil hernu nie, beëindig die ooreenkoms sonder dat die kerkraad of die predikant redes vir hul besluit hoef te verstek.

Beswaarskrif

A. ’n Dokument waarin gemotiveerde argumente teen ’n besluit van ’n kerkvergadering gestel word, met die oog op aanvulling, wysiging of verwerping van die besluit. ’n Beswaarskrif word nie by die volgende meerdere vergadering ingedien nie, maar by die vergadering wat die besluit geneem het.

B. ’n Dokument waarin gemotiveerde argumente teen ’n besluit van ’n kerkvergadering gestel word. Die bedoeling met ’n beswaarskrif is die aanvulling, wysiging of verwerping van ’n bepaalde besluit. ’n Beswaarskrif word nie by die volgende meerdere vergadering ingedien nie, maar by die vergadering wat die besluit geneem het.

Wanneer ’n lidmaat verontreg voel oor ’n besluit van ’n kerkvergadering, of oordeel dat die besluit in stryd is met die Skrif/Belydenisskrifte/Kerkorde kan hy ’n skriftelike beswaar indien by die kerkvergadering wat die besluit geneem het (nl. by

die kerkraad, diakonie, ouderlingeraad, ring, sinode), met die oog op skrapping of verandering van die besluit.

Emeritering

A. Eervolle uitdienstrede deur 'n predikant aan die einde van sy bediening met behoud van sy ampstitel en preekstatus. Hy beklee dan die status van 'n emerituspredikant.

B. Eervolle uitdienstrede deur 'n predikant aan die einde van sy bediening met behoud van sy ampstitel en preekstatus. Hy beklee dan die status van 'n emerituspredikant. (Buite die kerk tree mense af, of "gaan met pensioen".) Hy is dan nie meer aan 'n gemeente verbonde nie, maar behou sy ampstitel en mag nog preek indien hy daartoe in staat is. Hy is dan 'n "emeritus-leraar".

Huisbesoek deur ouderlinge

A. Ouderlinge staan onder die roeping wat hulle verplig om by hul wykslidmate besoek af te lê.

B. Ouderlinge staan onder die roeping wat hulle verplig om by hul wykslidmate besoek af te lê.

'n Ouderling het nie net die voorreg om sy wykslidmate te besoek nie, maar hy is deur die Here geroep en opgedra om in die gemeente toesig te hou. Dit sluit huisbesoek in. Daarom mag lidmate nie 'n ouderling (of predikant, of diaken) toegang tot hulle woonplek weier nie. Hy moet by die huisbesoek Skriflesing en voorbidding doen. Verder moet hy liefdevol vermaan waar nodig.

Hy nooi nie lidmate om nagmaal toe te kom nie, maar wys hulle op die feit dat Christus dit ingestel het sodat sy kinders dit moet gebruik.

Kategismusprediking

A. Prediking uit die Skrif oor die inhoud van die belydenisskrif genaamd die Heidelbergse Kategismus.

B. Prediking uit die Skrif oor die inhoud van die belydenisskrif genaamd die Heidelbergse Kategismus.

Die Heidelbergse Kategismus is een van die kerk se belydenisskrifte. Dit is geskryf in vraag- en antwoordvorm en is daarom uitnemend geskik vir onderrig. Die inhoud is Bybels verantwoord en moet dus ook in die erediens aan die orde kom. Die predikant preek egter nie die Kategismus nie, want dit is nie die Bybel self nie. 'n Predikant mag net die Skrif preek, maar in "Kategismus-preke" word die inhoud van een of meer vrae en antwoorde vanuit die Skrif behandel. In die AP kerke moet daar minstens 18 keer per jaar Kategismuspreke gehou word. Dit is uitstekende toerusting vir die gemeente. Verder moet gereeldook spesifiek oor aspekte van die *Nederlandse Geloofsbelydenis* en van die *Dordtse Leerreëls* gepreek word.

Kerkorde

A. Die opskrifgestelde kerkregeringsbeginsels vir die orde wat in gemeentes en bepaalde kerke in kerkverband geld, en op die Skrif gegrond is. Verder ook kerkregtelike reëlings.

B. Die opskrifgestelde kerkregeringsbeginsels vir die orde wat in gemeentes en die bepaalde kerke in kerkverband geld, en op die Skrif gegrond is. Verder ook kerkregtelike reëlings.

Die kerkorde bevat nie "wette" nie, maar kerkordelike bepalinge wat op beginsels van die Skrif gebaseer is. Dit behels ooreengekome kerkregtelike uitgangspunte en bepalinge, byvoorbeeld ten opsigte van wat "kerk", kerkverband, lidmaatskap, die

ouderlinge-amp; ringsbevoegdhede en -werksaamhede, vermaning, tug, en baie ander sake behels.

Ontbinding van gemeente

A. Beëindiging van die voortbestaan van ’n gemeente.

B. Beëindiging van die voortbestaan van ’n gemeente.

Wanneer ’n gemeente nie verder kan bestaan nie (byvoorbeeld weens die lae getal lidmate wat oorgebly het nadat verreweg die meeste lidmate verhuis het en dit vir hulle nie moontlik is om in kombinasie met ’n ander gemeente te gaan nie, of om die finansies te vind om voort te gaan nie), versoek die kerkraad die ring om die gemeente te ontbind (te laat ophou om voort te bestaan).

Propaganda

A. Steunwerwing vir of teen iemand.

B. Steunwerwing vir of teen iemand.
Daar mag by die beroeping van ’n predikant of die verkiesing van ’n diaken of ouderlinge geen propaganda vir of teen bepaalde persone gemaak word nie.

Revisie

A. Hersiening; terugkom op ’n besluit.

B. Hersiening; terugkom op ’n besluit.

Wanneer ’n lid van ’n kerklike vergadering ’n besluit wat geneem is nog tydens dieselfde vergadering wil laat verander, kan hy die vergadering vra dat die saak heroorweeg word en ’n motivering daarvoor gee. Indien die vergadering met meerderheid van stem sy versoek bewillig, word die saak aan die einde van die vergadering heroorweeg. Die finale besluit kan die oorspronklike besluit handhaaf, verander, of verwerp. Dit geld vir alle kerkvergaderings.

In vergaderings van plaaslike kerke is daar ook die opsie dat ’n persoon op ’n vergadering kennis kan gee van die indiening van ’n versoek tot revisie op die volgende vergadering.

Staking van stemme

A. Gelykop stemme behaal vir persone of sake.

B. Gelykop stemme behaal vir persone of sake.

Wanneer daar in ’n vergadering gestem word en daar is ewe veel stemme, staak die stemme; dit wil sê daar is ewe veel stemme vir en teen iets of ’n persoon waaroor gestem word (kyk ook Beslissende stem en Lot).

AANBEVELINGS

3.2.1 Die Sinode besluit om een van die volgende weergawes te publiseer:

1) Die verkorte weergawe.

2) Die uitgebreide weergawe.

3) Beide weergawes.

3.2.2 Die Sinode dra dit aan die KKS en die PK op om die publikasie te versorg en te publiseer. Leraars en kerkrade wat insette wil lewer voordat die publikasie

gefinaliseer word, moet 'n elektroniese afskrif by die PK bekom en wysigings aan bogenoemde kommissies voorlê vir oorweging.

4. AANBEVELINGS EN KERKORDELIKE WYSIGINGS: LASGEWING PUNT 7

Deel van die KKS se lasgewing is: Die kommissie doen aanbevelings aan die sinodes ten opsigte van die hersiening van die Kerkorde, Bepalings en Ordereëls en behartig die redaksionele versorging van genoemde stukke asook die spoedige publisering daarvan ná 'n sinodevergadering (*Kerkorde 2014*, bl.176, pt. 7). Ten einde uitvoering aan hierdie deel van sy lasgewing te gee, stel die kommissie die volgende wysigings voor:

4.1 ARTIKEL 4.3

Huidige redaksie:

… opname na goedkeuring deur die ouderlingeraad van die attestaat of bewys (verklaring) van lidmaatskap, of op grond van die getuienis van twee lidmate van AP kerke insake die aansoeker se vorige kerklidmaatskap (ná approbasie deur die gemeente) wat deur belydende lidmate vanuit ander erkende gereformeerde (of gereformeerdgesinde) kerke as aansoek om lidmaatskap ingelewer is.

Nuwe redaksie:

… opname na goedkeuring deur die ouderlingeraad van die attestaat of bewys (verklaring) van lidmaatskap, of op grond van die getuienis van twee lidmate van AP kerke **of van die gemeente van herkoms** insake die aansoeker se vorige kerklidmaatskap (ná approbasie deur die gemeente) wat deur belydende lidmate vanuit ander erkende gereformeerde (of gereformeerdgesinde) kerke as aansoek om lidmaatskap ingelewer is.

Motivering:

Dit moet deurgaans verstaan word dat Bepalings nie Kerkorde-artikels is nie. Bepalings gee die praktiese uitvoering van die bepaalde artikel. Juis daarom mag die bepaling nie iets anders as die artikel sê nie.

Die KKS beveel aan dat Bepaling 4F geskrap word en voeg daarom hierdie spesifieke bewoording by Artikel 4.3.

Die praktiese toepassing van die artikel wat in Bepaling 4F na vore kom, is nie konsekwent nie. Die beginsel wat Artikel 4.3 stel, is die wyse waarop iemand 'n lidmaat van 'n plaaslike kerk kan word: Daar moet 'n attestaat of 'n bewys van lidmaatskap aan die ouderlingeraad gelewer word en indien bogenoemde nie gelewer kan word nie, kan **twee** lidmate van die plaaslike gemeente of die gemeente van herkoms getuienis lewer van die aansoeker se vorige kerklidmaatskap.

In die bepaling word hierdie beginsel verbreek deurdat daar net een lidmaat vereis word wat kan getuig oor 'n aansoeker se vorige kerklidmaatskap, maar meer nog, in die bepaling kan die aansoeker *self* getuig oor sy vorige kerklidmaatskap. Hierdie twee sake is strydig met wat in die artikel gereël word.

AANBEVELING

4.1.1 Die Sinode keur die wysiging goed.

4.2 BEPALING 4F

Huidige redaksie:

Indien 'n lidmaat se bewys van lidmaatskap onopspoorbaar blyk te wees, kan die ouderlingeraad, op getuienis van 'n bloedverwant, of van 'n belydende lidmaat, of van die betrokkene self, met vermelding van die gemeente en die betrokke predikant waar en naastenby wanneer belydenis afgelê is, 'n dusdanige lidmaat se aansoek om as belydende lidmaat aanvaar te word, goedkeur (ná approbasie deur die gemeente) en sy/haar naam in die lidmaatregister aanteken.

Skrap BEPALING 4F

Motivering:

Die KKS oordeel dat die gewysigde artikel duidelik genoeg is en die bepaling onnodig is.

AANBEVELING

4.2.1 Die Sinode keur die skrapping goed.

4.3 ARTIKEL 10.6

Huidige redaksie:

Die Kuratorium dien, volgens eie besluit, individuele of gesamentlike nominasies in vir die Raad van die AP Akademie se verkiesing van die kanselier van die AP Akademie.

Skrap die huidige Artikel 10.6 en voeg dit by die lasgewing van die Kuratorium.

Motivering:

Die KKS oordeel dat hierdie artikel nie 'n kerkordelike artikel is nie, maar dat dit by die lasgewing van die Kuratorium tuishoort. Die huidige 10.6 is 'n praktiese reëling ten opsigte van die aanwysing van die kanselier en is nie deel van die kerkreg nie.

AANBEVELING

4.3.1 Die Sinode keur die wysiging goed.

4.4 ARTIKEL 10.7

Huidige redaksie:

Die sinode subsidieer die AP Akademie finansieel (per begroting) ten opsigte van die vergoedingspakkette van die teologiese dosente en personeel, die biblioteekfonds, die Willie Lubbe Teologiese Studiefonds, geboue, toerusting en ander soos gereël in die ooreenkoms tussen die AP Akademie en die GKK.

Nuwe redaksie:

Sinodes besluit wanneer nodig oor die finansiële subsidiëring van die AP Akademie en reël dit in die ooreenkoms tussen die Akademie en die GKK.

Motivering:

Met hierdie wysiging word die reël gestel dat die kerkverband die Akademie finansieel bystaan.

Hierdie artikel is nie meer geldig in sy huidige vorm nie. Die AP Akademie funksioneer onafhanklik as regspersoon in eie reg. Die Raad van die AP Akademie neem besluite oor vergoedingspakkette en besit reeds die geboue en toerusting (geskenk deur die GKK). Daarom kan 'n sinode nie 'n besluit neem oor bogenoemde sake nie.

Die Willie Lubbe Teologiese Studiefonds is nie ’n fonds waaruit hulp aan die Akademie verleen word nie, maar ’n fonds waaruit die Kuratorium studente help.

AANBEVELING

4.4.1 Die Sinode keur die wysiging goed.

4.5 ARTIKEL 13

Huidige redaksie:

Enige belydende lidmaat van die beroepende gemeente het die reg om skriftelike beswaar by die ouderlingeraad aan te teken voor verstryking van die periode van approbasie, op grond van klagtes teen die leer of lewenswandel van die beroepene, of op grond van onreëlmatigheid in verband met die beroep.

Nuwe redaksie:

Enige belydende lidmaat van die beroepende gemeente het die reg om, voor verstryking van die periode van approbasie, skriftelike beswaar aan te teken, by die **kerkraad** op grond van onreëlmatigheid in verband met die beroep of by die **ouderlingeraad** op grond van klagtes teen die leer of lewenswandel van die beroepene.

Motivering:

In die huidige bewoording word alle klagtes teen die beroep by die ouderlingeraad ingedien. Wat egter verstaan moet word, is dat die ouderlingeraad nie die beroepende vergadering is nie, maar die kerkraad. Omdat dit die kerkraad is wat beroep, moet ’n beswaar teen die prosedure by die kerkraad ingedien word.

Sake wat die leer of lewe van die beroepene raak, hoort tuis by die ouderlingeraad en moet daarom deur hulle hanteer word.

AANBEVELING

4.5.1 Die Sinode keur die wysiging goed.

4.6 BEPALING 13A

Huidige redaksie:

Wanneer die voorsitter of skriba van die beroepende ouderlingeraad die beswaar ontvang, word ’n ouderlingeraadsvergadering onverwyld belê om die beswaar te oorweeg.

Nuwe redaksie:

Wanneer die voorsitter of skriba van die beroepende **gemeente se kerkraad of ouderlingeraad** die beswaar ontvang, word ’n vergadering onverwyld belê om die beswaar te oorweeg.

Motivering:

Hierdie wysiging verwoord die wysiging by die artikel.

AANBEVELING

4.6.1 Die Sinode keur die wysiging goed.

4.7 BEPALING 13B

Huidige redaksie:

Die ouderlingeraad handel die beswaar af indien moontlik.

Nuwe redaksie:

Die kerkraad handel die beswaar ten opsigte van die onreëlmatigheid in verband met die beroep af.

Motivering:

Hierdie wysiging verwoord die wysiging by die artikel.

AANBEVELING

4.7.1 Die Sinode keur die wysiging goed.

4.8 BEPALING 14E

Huidige redaksie:

Die beroepende kerkraad gee kennis van die bevestiging in die amptelike blad van die Kerk en aan die kerkkantoor, sodat kennis aan die Registrateur van Huwelike gegee kan word, en waar van toepassing, aansoek gedoen kan word vir die aanstelling as huweliksbevestiger deur die staat, en met die oog op pensioen- en mediese fondsvereistes.

Nuwe redaksie:

Die beroepende kerkraad gee kennis van die bevestiging in die amptelike blad van die Kerk en aan die **gemeenskaplike** kerkkantoor, sodat kennis aan die Registrateur van Huwelike gegee kan word, en waar van toepassing, aansoek gedoen kan word vir die aanstelling as huweliksbevestiger deur die staat, en met die oog op pensioen- en mediese fondsvereistes.

Motivering

Die wysiging is selfmotiverend.

AANBEVELING

4.8.1 Die Sinode keur die wysiging goed.

4.9 ARTIKEL 17.2

Huidige redaksie:

Indien die ring aansoek om oorgang goedkeur, verbeur die bedienaar sy status as bedienaar van die Woord.

Nuwe redaksie:

Indien die ring die aansoek om oorgang goedkeur, verbeur die bedienaar sy status as bedienaar van die Woord **met onmiddellike effek**.

Motivering:

Wanneer ’n bedienaar van die Woord oordeel dat hy nie meer geroepe is om bedienaar van die Woord te wees nie nader hy die ring om oor te gaan na ’n ander lewenstaak. In die

praktyk gebeur dit dat leraars se oorgang na 'n ander lewenstaak goedgekeur word, maar dan is die datum waarop die besluit in werking tree iewers in die toekoms. Dit mag tog nie gebeur dat 'n leraar nie meer oortuig van sy roeping is nie, maar hy wil vir nog drie of ses maande betaal word en diens lewer.

AANBEVELING

4.9.1 Die Sinode keur die wysiging goed.

4.10 ARTIKEL 19.1 en 19.2

Huidige redaksie:

19.1 Wanneer 'n bedienaar van die Woord oordeel dat hy nie langer tot stigting in die plaaslike kerk (gemeente) of in 'n kombinasie volgens sy beroepsbrief of kombinasie-ooreenkoms(te) waarop na sy aanvanklike beroeping met sy instemming besluit is, kan dien nie, moet hy sy besluit skriftelik aan die kerkraad bevestig, met dien verstande dat sy besluit nie mondeling of skriftelik herroep kan word nadat die kerkraad die besluit oorweeg en goedgekeur het vir deursending na en hantering deur die ring volgens Artikel 19.3 nie.

19.2.1 Wanneer 'n kerkraad of die gekombineerde kerkraad van 'n kombinasie oordeel dat die bedienaar van die Woord nie die plaaslike gemeente of die kombinasie langer tot stigting kan dien nie, word hy vir ten minste drie keer deur die ouderlingeraad skriftelik vermaan, met skriftelike bevestiging aan die predikant van wat genotuleer is en waarvan ontvangs by wyse van handtekening erken is;

19.2.2 Indien die ouderlingeraad van oordeel is dat daar geen positiewe resultate verkry is nie, vind 'n ondersoek plaas onder voorsitterskap van die konsulent, wat besluit of die saak na die ring deurgestuur behoort te word vir verdere hantering volgens Artikel 19.3.

Nuwe Redaksie:

19.1 Wanneer 'n bedienaar van die Woord self of 'n kerkraad (of gekombineerde kerkraad) oordeel dat hy nie langer tot stigting in die plaaslike kerk (of kombinasie) kan dien nie, moet:

19.1.2 die bedienaar van die Woord sy besluit skriftelik aan die kerkraad bevestig, met dien verstande dat sy besluit nie mondeling of skriftelik herroep kan word nadat die kerkraad die besluit oorweeg en goedgekeur het vir deursending na en hantering deur die ring volgens Artikel 19.3 nie;

19.1.2 die kerkraad die saak na die ring deurstuur, met behoorlike skriftelike bewyse hoedat daar gepoog is om die verhouding te beredder.

Skrap Artikel 19.2 in sy geheel.

Motivering:

Artikel 19.2 is strydig met die bedoeling van Artikel 19 en hoort tuis onder die tugartikels. Artikel 19 vind sy wortels in Artikel 11 van die Dordtse Kerkorde. Die beginsel wat die artikel stel, is dat daar 'n situasie in 'n plaaslike kerk kan ontstaan waarin daar soveel onenigheid tussen die leraar en die gemeente bestaan dat hy nie langer tot stigting in die gemeente kan dien nie. *Hier is nog nie sprake van 'n tugwaardige sonde aan die kant van die leraar nie*, maar eerder van persoonlikhede wat bots of 'n onvermoë om lank in 'n gemeente te dien of van taktlose en onsimpatieke optrede deur die leraar, ensovoorts.

Deur die eeue het die gereformeerde kerkreg die beginsel gehandhaaf dat die leraar nie ten koste van die gemeente in die gemeente mag bly nie en daarom is hierdie artikel reeds eeue

deel van die kerkreg. Omdat die toestand in 'n gemeente onhoudbaar kan word, kan die leraar of die kerkraad versoek dat die band losgemaak word.

Die probleem met die huidige Artikel 19.2 is dat die bewoording daarvan dit onder die tugartikels plaas. Artikel 19.2.1 beskryf 'n dissiplinêre proses van oortreding en vermaning en skriftelike waarskuwings. Hiervoor maak die tugartikels voorsiening. Artikel 19.2.2 beskryf selfs 'n tugondersoek onder voorsitterskap van die konsulent.

Dit is waar dat die huidige bewoording die kerkraad ten opsigte van die arbeidswet help beskerm, maar in die voorgestelde bewoording word voorsiening gemaak dat die kerkraad en of ouderlingeraad eers 'n pad van versoening met die leraar moes stap voordat daar vir Artikel 19 losmaking aansoek gedoen kan word: *met behoorlike skriftelike bewyse* (bv. notules of briewe) *hoedat daar gepoog is om die verhouding te beredder.*

Indien die wysiging goedgekeur word, sal die nommering in Artikel 19 gewysig word.

AANBEVELING

4.10.1 Die Sinode keur die wysiging goed.

4.11 ARTIKEL 19.3

Huidige redaksie:

Wanneer 'n ring die besluit van 'n bedienaar van die Woord **volgens Artikel 19.1 of die besluit van 'n kerkraad of gekombineerde kerkraad van 'n kombinasie volgens Artikel 19.2** ontvang het, stel die ring behoorlik, *maar spoedeisend* ondersoek in (wat insluit dat die ring hom deeglik daarvan moet vergewis dat die saak nie in werklikheid onder die tugartikels behandel moet word nie) en besluit of die band tussen die bedienaar van die Woord en die gemeente of die kombinasie losgemaak moet word.

Nuwe redaksie:

Wanneer 'n ring die besluit van 'n bedienaar van die Woord of van 'n kerkraad (of gekombineerde kerkraad) ontvang het, stel die ring behoorlik, *maar spoedeisend* ondersoek in (wat insluit dat die ring hom deeglik daarvan moet vergewis dat die saak nie in werklikheid onder die tugartikels behandel moet word nie) en besluit of die band tussen die bedienaar van die Woord en die gemeente (of kombinasie) losgemaak moet word. Alle partye word skriftelik van die besluit in kennis gestel (kyk ook Bepaling 56A).

AANBEVELING

4.11.1 Die Sinode keur die wysiging goed.

4.12 Artikel 19.3.1

Huidige redaksie:

Indien besluit word op die losmaking van die band moet die bedienaar van die Woord en die kerkraad of gekombineerde kerkraad skriftelik met die besluit bedien word (kyk ook Bepaling 56 A).

Skrap Artikel 19.3.1

Motivering:

Indien die wysiging van Artikel 19.1 en 19.2 goedgekeur word, is hierdie wysiging van 19.3 onvermydelik.

Die KKS oordeel dat 19.3.1 nie 'n aparte artikel moet wees nie aangesien dit eintlik 'n logiese uitvloeisel van die optrede van die ring is. Die saak is egter in die nuwe 19.3 ondervang.

AANBEVELING

4.12.1 Die Sinode keur die wysiging goed.

4.13 ARTIKEL 19.3.2

Huidige redaksie:

Indien die aanbeveling van die ring volgens Artikel 19.2 losmaking is, versoek die ouderlingeraad 'n buitengewone kerkraadsvergadering (Bepaling 34B) waar en wanneer die kerkraad as die werkgewer sonder meer die band losmaak; met skriftelike kennisgewing aan die leraar.

Nuwe redaksie:

Indien die aanbeveling van die ring losmaking is, maak die kerkraad as die werkgewer, tydens 'n buitengewone kerkraadsvergadering (Bepaling 34B) sonder meer die band los; met skriftelike kennisgewing aan die leraar.

Motivering:

Die huidige bewoording maak nie daarvoor voorsiening dat daar 'n kerkraadsvergadering gehou word wanneer die leraar die losmaking versoek nie. Selfs al is dit die leraar wat die losmaking van die band versoek, moet die werkgewer die amptelike besluit neem en uitvoering gee aan die versoek van die leraar.

AANBEVELING

4.13.1 Die Sinode keur die wysiging goed.

4.14 ARTIKEL 19.7

Huidige redaksie:

Die vergadering wat die band losmaak moet onmiddellik, deur middel van publikasie in *Die Boodskapper,* aan die kerke in kerkverband kennis gee dat die betrokke leraar beroepbaar is. Die ring moet sorg dra dat die kerkraad of die gekombineerde kerkraad aan die predikant 'n dokument gee dat hy volgens Artikel 19.3 of Artikel 19.4 (waar van toepassing) losgemaak is (Bylae 6.3). Hierdie dokument sal by 'n volgende gemeente in die plek van die akte van demissie dien (kyk Bepaling 4H in verband met lidmaatskap).

Nuwe redaksie:

Die vergadering wat die band losmaak moet onmiddellik, deur middel van publikasie in *Die Boodskapper,* aan die kerke in kerkverband kennis gee dat die betrokke leraar **losgemaak en beroepafwagtend** is. Die ring moet sorg dra dat die kerkraad of die gekombineerde kerkraad aan die predikant 'n dokument gee dat hy volgens Artikel 19.3 of Artikel 19.4 (waar van toepassing) losgemaak is (Bylae 6.3). Hierdie dokument sal by 'n volgende gemeente in die plek van die akte van demissie dien (kyk Bepaling 4H in verband met lidmaatskap).

Motivering:

Die bedoeling van die artikel is net duideliker geformuleer.

AANBEVELING

4.14.1 Die Sinode keur die wysiging goed.

4.15 ARTIKEL 31 – Wysiging van opskrif

Huidige redaksie:

SAKE VAN HOËR BEROEP

Nuwe redaksie:

BESWAARSKRIFTE EN APPÈLLE

Motivering:

Die term "Hoër Beroep" skep ongelukkig verwarring by mense en dan word daar gereken dat die ring of sinode 'n hoër vergadering met meer mag is. Juis daarom word die verandering bepleit.

Gesag in die kerk setel nie in die kerkraadslede nie, maar in die Woord van God.

Nie een van die ouderlingeraad, diakonie en kerkraad het minder gesag as die ander nie. *Al drie* moet die gesag van Christus (Bybelse gesag) toepas. Die kerkraad het nie minder gesag as die ring nie. Die ring is nie meer of minder bekwaam, meer of minder gesagvol as die kerkraad nie. Albei handhaaf die *gesag van Christus*.

Dieselfde geld ten opsigte van 'n ring wat 'n saak na 'n sinode voer.

Dit is juis waarom gereformeerdes nie van "hoër" vergaderings, of "hoër" gesag praat nie. Geen beroep mag op "hoër" gesag (bedoelende 'n meerdere vergadering) gemaak word nie. *Al* die vergaderings moet net die "hoogste" gesag soek, naamlik die gesag van Christus, die Koning van die kerk.

Hierdie saak sal ook in *Kerkorde* Bylae 4 bl. 94 reggestel word om te lees:
In sake wat na die Sinode deurgegee word, word die goedgekeurde beraming en verdeling na die GKK verwys vir invordering.

AANBEVELING

4.15.1 Die Sinode keur die wysiging goed.

4.16 ARTIKEL 36.1

Huidige redaksie:

Die ring word saamgestel uit die volgende afgevaardigdes: die bedienaar(s) van die Woord en twee ouderlinge.

Nuwe redaksie:

Die ring word saamgestel uit die volgende afgevaardigdes: die bedienaar(s) van die Woord en twee ouderlinge **uit elke gemeente in die ringsressort**.

Motivering:

Soos wat die artikel tans lui, kan verstaan word dat die ring uit een leraar en twee ouderlinge bestaan. Die bedoeling van die artikel word deur die byvoeging duidelik gemaak.

AANBEVELING

4.16.1 Die Sinode keur die wysiging goed.

4.17 ARTIKEL 37.3

Huidige redaksie:

… die stigting en ontbinding van gemeentes op versoek van kerkrade; …

Nuwe redaksie:

… die stigting, **afstigting** en ontbinding van gemeentes op versoek van kerkrade; …

Motivering:

Nêrens in Artikel 37 word voorsiening gemaak dat die ring behulpsaam moet wees by die afstigting van gemeentes nie. Die bepalings handel wel daaroor en daarom moet dit ook in die artikel staan.

AANBEVELING

4.17.1 Die Sinode keur die wysiging goed.

4.18 ARTIKEL 37.6

Huidige Redaksie:

… opsig en tug oor ampsdraers in sy ressort;

Nuwe redaksie:

… tugondersoeke saam met ouderlingerade en naburige ringe

Motivering

In die gereformeerde kerkregering het ringe nie tugbevoegdheid nie. Juis daarom kan ’n ring nie opsig en tug oor die ampsdraers uitoefen nie. Dit is die taak van die plaaslike ouderlingeraad.

Wanneer ’n saak na die ring verwys word, vind die ondersoek saam met die plaaslike ouderlingeraad plaas. Die besluit wat die ring ná die ondersoek neem, moet steeds deur die plaaslike ouderlingeraad as eie besluit oorgeneem en in hul eie notule opgeneem word (vgl. Art. 57.4).

Met hierdie wysiging word die gedagte dat die ring ’n hoër vergadering as die ouderlingeraad is, weerlê.

AANBEVELING

4.18.1 Die Sinode keur die wysiging goed.

4.19 BEPALING 37J

Huidige redaksie:

Waar ’n kerkraad nie meer bestaan nie, neem die ring die inisiatief om lidmate te begelei tot ’n gemeentelike tuiste.

Nuwe redaksie:

Waar 'n kerkraad nie meer bestaan nie, neem die ring die inisiatief om lidmate te begelei tot 'n gemeentelike tuiste **in 'n ander AP kerk**.

Motivering:

Die wysiging is selfmotiverend.

AANBEVELING

4.19.1 Die Sinode keur die wysiging goed.

4.20 BEPALING 37K

Huidige redaksie:

Wanneer 'n gemeente ontbind volgens Artikel 37.3 word uitvoering gegee aan Bepaling 37J met dien verstande dat die bates saam met die meerderheid van die gemeentelede gaan sodra 'n ander gemeentelike tuiste (m.a.w. 'n soortgelyke organisasie binne die kerkverband) gevind is (kyk Bepaling 32B.2).

Nuwe redaksie:

Wanneer 'n gemeente ontbind volgens Artikel 37.3 word uitvoering gegee aan Bepaling 37J met dien verstande dat die bates saam met die meerderheid van die gemeentelede gaan na **die AP Kerk waarin hulle tuiskom. Indien die bates nie saam met die meerderheid van die gemeentelede na 'n ander AP Kerk oorgaan nie, word die bates, hetsy deur die laaste kerkraad of die ring, aan die Bedieningsfonds van die SKK oorgedra (kyk Bepaling 32B.2).**

Motivering:

Die huidige redaksie skep onsekerheid en die nuwe redaksie gee duidelikheid oor hoe met die bates gehandel moet word.

AANBEVELING

4.20.1 Die Sinode keur die wysiging goed.

4.21 ARTIKEL 38.3

Huidige redaksie:

Indien 'n kerk (gemeente) nie afgevaardigdes na 'n sinode stuur nie, moet sodanige kerkraad skriftelik verskoning aanbied vir hulle afwesigheid met opgaaf van redes waaroor die Kommissie vir Geloofsbriewe beslis met verslag aan die sinode (kyk Ordereël 6).

Die kommissie beveel aan dat die artikel voortaan as Bepaling 38A in die Kerkorde sal staan.

Motivering:

Artikel 38.3 is nie 'n kerkorde artikel in die ware sin van die woord nie. Dit handel nie oor die samestelling van 'n sinode (opskrif) nie. Hierdie is slegs 'n praktiese reëling van die artikel en behoort dus as 'n bepaling by die artikel te staan.

AANBEVELING

4.21.1 Die Sinode keur die wysiging goed.

4.22 NUWE BEPALING 53E

Enige persoon, ook nie-lidmate van 'n plaaslike AP kerk, kan as getuie geroep word, met dien verstande dat die ondersoekvergadering sekerheid verkry oor die integriteit en betroubaarheid van alle getuies.

Motivering:

Die KKS word meermale gekonfronteer met die feit dat sleutelgetuies in 'n saak nie lidmate van 'n AP kerk is nie. Die gedagte dat sodanige persone nie in 'n kerklike ondersoek mag getuig nie, leef in baie lidmate en leraars se harte. Dit het 'n gebruik (usansie) in die AP Kerk geword. Dit het die KKS genoop om die saak te ondersoek sodat die sinode kan besluit oor die getuies wat in 'n ondersoek geroep mag word.

Die saak oor getuies word in Bep. 53D aangespreek:

Geen regspraktisyn of pleitbesorger mag namens enige party optree nie, met dien verstande dat die aangeklaagde getuienis mag voorlê en getuies mag roep in belang van sy verweer en die klaer ter stawing van sy klag. Dieselfde geld vir die betrokke kerkvergadering.

Juis omdat 'n tugondersoek na die waarheid soek, word daar nie in die artikel 'n beperking geplaas op wie as getuies geroep mag word nie. In die soeke na die waarheid kan die klaer en aangeklaagde getuies roep wat hulle saak kan bewys.

Waar prof.dr. FAH van Staden in die *Beknopte Handleiding vir Kerklike Tug*, bl. 28 oor getuies handel, word daar ewe-eens nie 'n beperking geplaas op wie die getuies mag wees nie. Ook hier is die onderliggende beginsel dat na die waarheid gesoek word.

Ander gereformeerde kerkregkundiges bevestig hierdie saak:

Dr. H Bouwman, in sy *De Kerklijke Tucht – Naar het Gereformeerde Kerkrecht*, 1912, bl. 216, stel dit baie duidelik dat dit nie die ondersoek sal dien as slegs lede van die kerkverband toegelaat word om te getuig nie.

> *Door sommigen is wel de meening verdedigd, dat de kerkeraad alleen leden der kerk als getuigen mag hooren ... Hiervoor kan men echter geen voldoende gronden aanvoeren. Want allereerst is het om de waarheid te doen, en zoo als eerlijk bekend staande personen, of zij, die als vrome menschen geacht worden, maar die buiten de kerk staan, den kerkeraad met de volle waarheid kunnen dienen, zouden dezen dan niet worden gehoord? Natuurlijk zal de kerkeraad niet vragen het getuigenis van onbetrouwbare personen, van lieden, die in kwaden roep staan, en wier getuigenis geen waarde heeft.*

Joh. Jansen, *Korte Verklaring van de Kerkenordening*, 1923, bl. 321 bevestig hierdie beginsel:

> *De kerkeraad mag daarbij alleen betrouwbare getuigen hooren; vooreerst de leden der gemeente, die niet wegens onbetrouwbaarheid onder de tucht staan; en voorts ook alle eerbare en betrouwbare personen buiten de kerk; maar geen personen, die als leugenaars en kwaadsprekers bekend staan. En na het verhoor moet hij oordeelen, welke waarde aan de mededeelingen der getuigen te hechten zij. Hij stelle dit met voorzichtigheid vast en gronde zijn oordeel niet licht op een getuigenis alleen van menschen, die buiten de kerk staan, tenzij deze zulke evidente bewijzen bijbrengen, dat alle twijfel is buitengesloten.*

In die *Handleiding by die Kerkorde van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika*, 1966, bl. 440 (wat op die Dordtse Kerkorde gebaseer is), word dieselfde saak gestel:

> *Die getuies moet eerbare en betroubare mense wees. Die kerkraad moet ook sekerheid verkry oor die integriteit van getuies wat nie lidmate van die Gereformeerde Kerk is nie, sodat leuenagtige getuies nie aangehoor sal word nie.*

Uit bostaande aanhalings is dit duidelik dat getuies wat nie lidmate van die kerkverband is nie deur die eeue van gereformeerde kerkreg toegelaat is om in tugondersoeke te getuig.

AANBEVELING

4.22.1 Die Sinode keur die toevoeging van Bepaling 53E goed.

4.23 ARTIKEL 57.4.2 en 57.4.3

Artikel 57.4.2

Huidige redaksie:

... skorsing deur die ouderlingeraad wat geskied vir ’n vasgestelde tydperk met behoud van traktement, behuisings-, mediese- en pensioenvoordele, maar met verlies van ander toelaes en met opskorting van die voorreg om beroep te word;

Nuwe redaksie:

... sensuur deur die ouderlingeraad en skorsing deur die **kerkraad** wat geskied vir ’n vasgestelde tydperk met behoud van traktement, behuisings-, mediese- en pensioenvoordele, maar met verlies van ander toelaes en met opskorting van die voorreg om beroep te word;

Artikel 57.4.3

Huidige redaksie:

... afsetting deur die kerkraad uit die diens op besluit van die ouderlingeraad ná aanbeveling deur die ring ooreenkomstig Artikel 56.3.5, wat nietigverklaring van die akte van legitimasie insluit. Dit geld ook vir emeriti en teologiese dosente.

Nuwe redaksie:

... sensuur deur die ouderlingeraad en afsetting deur die kerkraad uit die diens op besluit van die ouderlingeraad ná aanbeveling deur die ring ooreenkomstig Artikel 56.3.5, wat nietigverklaring van die akte van legitimasie insluit. Dit geld ook vir emeriti en teologiese dosente.

Motivering:

Uit die huidige bewoording van die artikel is dit nie duidelik dat die leraar wat skuldig bevind is, ook onder sensuur is nie. In die kerkreg is dit ’n logiese gevolg van die besluit van die ring en word deur Art. 59.3.1 en 2 bevestig, maar dit word tog steeds misverstaan. Die KKS oordeel dat hierdie ’n noodsaaklike byvoeging is wat verdere misverstande sal voorkom.

Die wysiging maak ook duidelik dat die ouderlingeraad, as opsig- en tugvergadering, die sensuur moet toepas, maar die kerkraad, as werkgewer, die skorsing of afsetting moet doen.

AANBEVELING

4.23.1 Die Sinode keur die wysiging goed.

4.24 ARTIKEL 58.1, 58.2.1 en 58.2.2

Huidige redaksie:

58.1 'n Aangeklaagde wat hom/haar in 'n tugsaak deur die uitspraak van 'n kerkvergadering veronreg voel, het die reg tot appèl tot by die sinode.
58.2.1 In tugsake wat die leer van die kerk raak, het die klaer in 'n vryspraak die reg tot appèl tot by die sinode.
58.2.2 In tugsake wat die lewe van die aangeklaagde raak, het die klaer in 'n vryspraak reg tot appèl tot by die sinode. Hierdie appèlreg geld net indien geappelleer word teen besluit(e) wat na die oordeel van die klaer geneem is op grond van verkeerde vertolking van die Kerkorde of negering van bepaalde aspekte van die Kerkorde. Die appèl handel dan nie oor die inhoud van die klag nie, maar oor die formele kerkordelike hantering daarvan.

Nuwe redaksie:

58.1 'n Lidmaat wat hom/haar in 'n tugsaak deur die uitspraak van 'n kerkvergadering veronreg voel, het die reg tot appèl tot by die sinode.

Skrap Artikel 58.2

Motivering:

Die onderskeiding wat in ons Kerkorde getref word tussen leer en lewe, is vreemd aan die gereformeerde kerkreg. Verskillende gereformeerde kerkregkundiges (Bouwman, Spoelstra, Jansen en ander) is nagegaan, nie een tref onderskeid tussen appèlle op grond van leer of lewe nie. Wat die bogenoemde skrywers duidelik stel, is dat die grond vir 'n appèl *regskrenking* is. Wanneer 'n klaer of 'n aangeklaagde oordeel dat daar nie aan hulle saak reg geskied het nie, het hulle die reg tot appèl.

In ons *Kerkorde* was daar oor die jare heen net appèlreg erken indien die saak oor die leer van die aangeklaagde handel. In 2012 het daar nog 'n artikel bygekom wat die klaer die reg tot appèl gee wanneer dit oor die lewe van die aangeklaagde handel. Hiermee is daar duidelik erken dat daar 'n tekortkoming in die artikel bestaan, ongelukkig is die bedoeling van die artikel deur 'n byvoeging verydel: *Hierdie appèlreg geld net indien geappelleer word teen besluit(e) wat na die oordeel van die klaer geneem is op grond van verkeerde vertolking van die Kerkorde of negering van bepaalde aspekte van die Kerkorde. Die appèl handel dan nie oor die inhoud van die klag nie, maar oor die formele kerkordelike hantering daarvan.*

Hierdie byvoeging maak appèl op grond van lewe feitlik onmoontlik. Dit gebeur dat 'n aangeklaagde openlik vir die vergadering lieg en daarom word hy onskuldig bevind en nou mag die klaer nie appelleer nie, terwyl die saak as afgehandel beskou word.

Die bestaande artikel laat dus ruimte dat 'n oënskynlike onreg nie aan die lig gebring kan word nie en dat die klaer of aangeklaagde in die saak verontreg word.

In die wysiging van die artikel poog die KKS om die beginsel van appèl neer te lê. Al die partye in 'n tugsaak het die reg op appèl en daarom word dit nie nodig geag dat daar twee artikels, een vir die aangeklaagde en een vir die klaer, is nie.

As die wysiging goedgekeur word, sal die nommering van die artikel verander.

AANBEVELING

4.24.1 Die Sinode keur die wysiging goed.

4.25 LASGEWING VAN DIE KKS PUNT 3

Huidige redaksie:

… adviseer lidmate (insluitende kerkraadslede), kerkrade, ouderlingerade, ringe en permanente kommissie t.o.v. kerkregtelike sake indien advies gevra word. Die kommissie vergewis homself eers deeglik van die feite van alle kante in verband met die saak voor advies gegee word.

Nuwe redaksie:

… adviseer lidmate (insluitende kerkraadslede), kerkrade, ouderlingerade, ringe en permanente kommissie t.o.v. kerkregtelike sake **(wat insluit die hulp met klagtes, beswaarskrifte, appèlle, ens.)** indien advies gevra word. Die kommissie vergewis homself eers deeglik van die feite van alle kante in verband met die saak voor advies gegee word.

Motivering:

Daar is by sommige ouderlingerade onduidelikheid oor die tipe advies wat die KKS mag gee. Daar bestaan die mening dat die KKS niemand mag help met die formulering van klagtes en/of beswaarskrifte en/of appèlle nie. Omdat hierdie drie sake 'n integrale deel van kerkregtelike advies is, help die KKS gereeld om klagtes, beswaarskrifte en appèlle kerkregtelik te versorg. Die hulp handel nie oor die inhoud nie, maar oor die vorm.

AANBEVELING

4.25.1 Die Sinode keur die wysiging goed.

5 BESWAARSKRIFTE

5.1 BESWAARSKRIF BLOEMFONTEIN-NOORD: EGSKEIDING EN STATUS

Beswaarskrif (*Handelinge 2013*, bl. 282, pt 4.8):

4.8 Die Sinode besluit dat 'n leraar wat afgesit is weens egskeiding, eers ná drie jaar (al was die sensuur reeds vroeër opgehef) weer by die Kuratorium kan aansoek doen om status.

Inhoud van beswaar:

As kerkraad ondersteun ons die Sinodale besluit van 2013 rakende die egskeiding van leraars, met uitsondering van 4.8 hierbo, heelhartig. Die blote feit dat 'n leraar slegs ná **drie jaar** kan aansoek doen om herstel by die Kuratorium, al is die sensuur opgehef, is ongegrond en nie Bybels nie. Die drie jaar-termyn moet deurgehaal word en uit bogenoemde Sinodebesluit verwyder word.

Motivering:

1. Elke daad het konsekwensies. Wanneer daar werklike berou is, sal God genade en vergifnis aan die skuldige persoon verleen wat daardie sonde bedek. So het die rower aan die kruis langs Jesus Christus nie van die kruis afgekom toe Jesus Christus sy sondes vergewe het nie en is hy gered . Hy het egter nog steeds die konsekwensies van sy optrede gedra. Alle leraars wat deur 'n egskeidingsgeding gaan, moet van die amp afgesit word sodat hierdie persoon die pad van heling kan loop.
2. Nêrens in die Woord van God word melding gemaak van 'n **tydperk** nie. Maar as ons ons sondes bely, vergewe God ons daardie sondes. Ons moet daarin volhard om nie weer in die sonde te verval nie. Alle oortredings moet gestraf word. God is die God van liefde en vergifnis. Hierdie geroepenes en gesalfdes van Hom moet begelei word in hul helingsproses. Hierdie taak moet egter met groot deernis en deursigtigheid

hanteer word. In 1 Timótheüs 4:12 word Timótheüs daarop gewys dat sy lewe as leraar vir ander 'n voorbeeld moet wees in die manier waarop hy praat, hoe hy optree, in die wyse waarop hy die liefde van Jesus Christus uitleef deurdat hy sy lewe rein moet hou, nie net die sewende gebod nie, maar ook ten opsigte van alle gebooie.

3. Die blote feit dat 'n termyn van **drie jaar** voorgehou word, is dus ondeurdag en onbybels. Hierdie termyn verhoed 'n leraar wat 'n pad van heling/herstel onder toesig van sy kerkraad geloop het om weer in die amp bevestig te word op 'n vroeër stadium. Ook gee dit 'n leraar wat nog nie herstel het nie weer die reg om aangestel te word bloot omdat die termyn uitgeloop het.

4. Nadat die sensuur opgehef is en die leraar vir alle praktiese doeleindes die Woord deur leespreke kan bedien, is dit nie nodig om vas te hou aan 'n termyn nie. Dit is nie vanselfsprekend dat dit so moet of sal wees nie. Die **termyn** neem alle inisiatief en diskresie van die kerkraad en ring wat met die betrokke leraar werk weg om die herstel van die leraar te toets, aangesien die vasgestelde tydperk dit verhinder. Nie die kerkraad of ring kan leraars aanstel nie. Hulle kan wel "toets" of die persoon herstel het en so aanbevelings aan die Kuratorium deurstuur as motivering vir die aansoek van die leraar se status. Die vasgestelde tyd verhinder dat so aanbeveling gemaak kan word.

<u>Voorgestelde nuwe bewoording:</u>

4.8 Die Sinode besluit dat 'n leraar wat afgesit is weens egskeiding, eers ná 'n pad van heling en deeglike ondersoek van sy kerkraad sowel as die betrokke ring, op versoek van die kerkraad en betrokke ring weer by die Kuratorium kan aansoek doen om status.

5. Die volgende is rakende die agtergrond van br. A. van den Berg (jr.):

5.1 Br. A. van den Berg is onder sensuur geplaas deur die Ouderlingeraad van die AP Kerk Bloemfontein-Noord. Die Ouderlingeraad van die AP Kerk Bloemfontein-Noord het hierdie sensuur gedurende Junie 2014 opgehef (Art 59.3.2).

5.2 Die Ouderlingeraad en Kerkraad van die AP Kerk Bloemfontein-Noord het gedurende November 2016 br. van den Berg se aansoek om toelating as leraar van die AP Kerk ondersteun deur 'n motiveringsbrief tesame met die aansoek na die Ring van Bloemfontein sowel as na die SKK te stuur sodat die stukke aan die Kuratorium voorgelê kon word (Art 59.3).

5.3 Daarna rig die kerkraad van AP Kerk Bloemfontein-Noord hierdie beswaarskrif aan die Sinode van 2017 sodat br. A van den Berg in sy amp as leraar herstel kan word en dat die Sinodebesluit van 2013 hersien kan word (Art 59.3.4).

6 Aanbevelings wat ons as kerkraad kan maak in die pad na heling:

6.1 Nadat die band as leraar losgemaak is, kan die betrokke gemeente en die AP kerkverband die pad na heling op twee maniere laat verloop:

6.1.1.1 Die gemeente waarin die leraar hom bevind, kan die leraar losmaak van sy band as leraar en dan geen verdere verpligtinge teenoor die leraar hê nie.

6.1.1.2 Tweedens kan die gemeente besluit om die leraar te ondersteun en die helingspad saam met hom te loop.

6.1.2 Die broeder kan aangewend word deur die gemeente nadat die tydperk van sensuur opgehef is.

6.1.3 Die broeder moet dan gelei word op die gebied van pastorale heling asook die gebied van psigologiese heling. Albei hierdie beraders moet gereelde verslae oor die vordering

van die broer voorlê. Hierdie vorderingsverslae moet deurgaans deeglik gemonitor word deur die kerkraad asook 'n verteenwoordiger van die KKS of Kuratorium.

6.1.4 Namate hierdie helingsproses vorder, kan die leraar meer formeel begin help met huisbesoek, siekebesoek en verbondsonderrig.

6.1.5 Wanneer daar deur die bogenoemde partye bevind word dat die helingsproses 'n gevorderde stadium bereik het, kan die leraar gevra word om eredienste te lei deur middel van leespreke uit 'n preekbundel soos uitgegee deur die Publikasiekommissie (kyk *Kerkorde* Bylae 1).

6.1.6 Waar bevind word dat die helingsproses vorder, kan die leraar met toestemming van die Kuratorium begin om sy eie preke te gebruik. Alle preke moet egter aan die ouderlingeraad van die gemeente waar gepreek word, die KKS, Kuratorium of 'n leraar wat aangewys word, gestuur word vir goedkeuring alvorens in 'n gemeente gepreek mag word.

6.1.7 Wanneer hierdie proses voltooi is en albei die beraders se verslae daarop dui dat die proses van heling genoegsaam is, kan hulle 'n finale verslag uitbring wat dan aan die betrokke ring van die betrokke gemeente deurgestuur word.

6.1.8 Daarna moet die betrokke gemeente se kerkraad tesame met die betrokke ring 'n aanbeveling aan die Kuratorium maak om die aansoek van die betrokke broeder tot hertoelating as leraar van die AP Kerk te oorweeg.

6.1.9 So 'n vergoedingspakket moet deur die GKK goedgekeur word.

6.1.10 Indien hierdie proses reg hanteer word, behoort dit ongeveer twee jaar te neem tot die volle herstel van die broer in die amp as leraar.

Verdere motivering:

Br. André van den Berg jr. het so 'n pad van heling deurloop onder toesig van die Ouderlingeraad van die AP Kerk Bloemfontein-Noord. In die proses was 'n pastorale berader en 'n sielkundige betrokke. Vorderingsverslae is deurlopend bekom. Daar is bevind dat hy in so mate herstel het dat hy die bediening van 'n gemeente sal kan behartig.

As manlike lidmaat van ons gemeente wat nie onder sensuur is nie, lei hy die eredienste. Preke wat hy maak, word voorgehou vir goedkeuring aan 'n aangewese persoon en die ouderlingeraad. Wat hom egter weerhou daarvan om aansoek te doen om status, is die tydperk van drie jaar wat nog nie uitgeloop het nie.

Derhalwe wend die AP Kerk Bloemfontein-Noord haar tot hierdie Sinode ten einde toestemming te gee aan die Kuratorium om sy aansoek te ontvang en te hanteer op die voorgeskrewe wyse wanneer 'n leraar aansoek doen om die herstel van status.

AANBEVELINGS

5.1.1 Die Sinode besluit die beswaarskrif is formeel ontvanklik.

5.1.2 Die Sinode besluit die beswaarskrif word nie gehandhaaf nie.

5.1.3 Die Sinode besluit dat 'n predikant ná afsetting ingevolge van Artikel 57.4.3 of losmaking van die amp ingevolge Artikel 17.1 of gemeenteverlating ingevolge van Artikel 17.4, eers ná drie jaar (al is sensuur toegepas wat reeds vroeër opgehef is) weer by die Kuratorium om status aansoek kan doen.

5.1.4 Die Sinode keur in beginsel goed dat 'n predikant ná afsetting besondere pastorale sorg ontvang ('n pad van heling loop).

5.1.5 Die Sinode versoek die KKS om ’n studie te doen oor die inhoud van die besondere pastorale versorging en aan die volgende Sinode verslag te lewer. Die Sinode versoek kerkrade/ouderlingrade om voorstelle in die verband aan die KKS te stuur.

Motivering:

1. In beginsel is egskeiding ’n ergerlike sonde. Waar ’n predikant se egskeiding die gevolg van owerspel of onsedelikheid is, kan slegs ’n sinode hom weer tot die amp toelaat. In sommige ouer gereformeerde kerkordes is ’n predikant ná egskeiding nie weer tot die amp toegelaat nie, vanweë die ernstige aanstoot wat egskeiding gegee het aan die openbare sedes. Omdat egskeiding ’n sonde in die openbare domein is, tas dit op ’n besondere wyse die eer van God in die wêreld aan, bring dit die waardigheid van die amp ernstig in gedrang en raak dit die heil van die kerk. Daarom moet daar met groot omsigtigheid te werk gegaan word voordat ’n ampsdraer wat nie op Bybelse gronde van sy vrou geskei het nie, in die amp herstel kan word.
2. Iemand wat as gevolg van egskeiding uit die amp afgesit is, kan dus nie sonder meer in die amp herstel word nie. Daar moet seker gemaak word dat hy grondige berou oor sy sonde het. Die berou moet nie net bely word nie, maar ook bewys word. Die Here ken die ampsdraer se hart en Hy weet of die berou eg is. Maar vir die kerk kan dit slegs uit die optrede van die ampsdraer duidelik word. Daarom moet ’n tyd verloop waarin die egtheid en blywendheid van die berou blyk.
3. Afsetting uit die amp in die geval van egskeiding is mede die gevolg daarvan dat die predikant nie aan die vereistes vir die amp voldoen nie. Voordat herstel oorweeg kan word, moet daar vasgestel word of hy nou aan die vereistes vir die amp voldoen. Is hy nóú onberispelik; nóú die man van een vrou; nóú in staat om sy eie huis goed te regeer? Dit kan nie anders beoordeel word as uit sy optrede oor ’n tydperk nie. Die tydperk moet lank genoeg wees dat die kerk seker kan maak dat die veranderinge blywend is.
4. Egskeiding bring die kerk in die openbaar in die skande. Daarom moet daar ook in die openbaar rus kom oor die skandelike optrede. Die kerk se optrede moet ook in die openbare domein ’n getuienis daarvan wees dat hy nie egskeiding ligtelik opneem of kondoneer nie. Daarom moet daar ’n tyd verloop voordat daar herstel in die amp kan wees.
5. Egskeiding is egter nie die enigste sonde nie. Wanneer ’n predikant uit die amp afgesit word, impliseer dit reeds dat hy op daardie oomblik nie voldoen aan die vereistes wat vir die amp gestel word nie. Afsetting uit die amp om welke rede ook al, tas die eer van God en die heil van die kerk aan. Dit bring altyd die kerk in onguns in die openbare oog. Daarom geld al die redes wat bo genoem is, dat iemand nie te gou weer in die amp herstel word nie.
6. Boonop is die tydsverloop nie alleen tot heil van die kerk nie, maar ook tot heil van die ampsdraer wat afgesit is. Nie slegs die afsetting as sodanig nie, maar ook die aanloop daartoe is ’n geloofstrauma. Die persoon wat dit ervaar het, moet voldoende tyd gegun word om tot ware berou en bekering te kom; om sekerheid te kry van sy roeping; om die geloofstrauma te verwerk.
7. ’n Predikant wat na ’n ander lewenstaak oorgaan, met of sonder die kennis van die ring (Artikel 17.1 en 17.4), bring ernstige twyfel oor sy roeping. Daar moet deur die kerk seker gemaak word dat hy ’n werklike roepingsbesef het. Dit kan vir die kerk slegs blyk uit sy optrede, deelname en bydrae tot die gemeenskap van gelowiges oor ’n afdoende tydperk.
8. ’n Predikant wat uit die amp afgesit is of die amp verlaat het, behoort besondere pastorale versorging te ontvang. Die inhoud van die versorging moet toegespits wees op berou, bekering, roepingsbesef, ens. Die versorging verg ’n kerklike en geloofstoespitsing. Dit is nie sonder meer duidelik dat sielkundige of psigologiese sorg die onderliggende geloofsprobleem kan beredder nie. Die inhoud van die versorging behoort kerklik bepaal te word en so plaas te vind dat dit die kerk dien in die vraag na hertoelating. ’n Deeglike studie en aanbevelings aan die sinode in die verband behoort gedoen te word.

5.2 BESWAARSKRIF KKS: EGSKEIDING

Die KKS het ’n beswaar teen die besluit van die Sinode, *Handelinge 2013* bl. 282, pt. 4.4.

Huidige bewoording:

Die Sinode besluit dat as daar bevind word dat ’n leraar sonder Bybelse gronde skei, hy uit die amp afgesit moet word.

Nuwe bewoording:

1. Die Sinode besluit dat ’n leraar wat in ’n egskeiding betrokke is, uit die amp afgesit moet word ingevolge Artikel 57.4.3
2. Die Sinode besluit dat, indien daar bevind word dat ’n leraar Bybelse gronde vir die egskeiding het en aan die Bybelse eise vir die amp voldoen, hy by die Kuratorium aansoek mag doen om herstel in die amp ingevolge Artikel 59.3.3, onmiddellik nadat die egskeiding finaal in ’n bevoegde hof beveel is.

Motivering:

1. Egskeiding, selfs in die geval waar Bybelse gronde daarvoor bestaan, is ’n ernstige aantasting van die eer van God en die waardigheid van die amp, wat die heil van die kerk in gedrang bring. Dit mag nie tugteloos verbygaan nie.
2. Terwyl ’n egskeidingsgeding aan die gang is, is daar ’n hofsaak hangende. Daarby is die predikant onvermydelik betrek. Dit is optrede in stryd met die Skrif: 1 Korinthiërs 6:1-7.
3. Die regsgeding waarin die predikant betrokke is, dui op ’n onversoende verhouding. Terwyl daar so ’n onversoende verhouding met ’n broer of suster bestaan, moet die predikant hom onthou van die gebruik van die nagmaal (vgl. Matthéüs 5:23-24; Klassieke Nagmaalsformulier). Dit hou in dat hy nie sy ampswerk in die gemeente kan verrig nie, veral dat hy nie die sakramente mag bedien nie.
4. Dit gebeur dat daar bevind word dat ’n predikant Bybelse gronde vir die egskeiding het en in die amp aanbly, maar daarna ontaard die egskeidingsgeding in ’n bitter geveg. So ’n betwiste geding neem lank, selfs jare, om afgehandel te word. Selfs onbetwiste egskeidings kan lank neem om afgehandel te word. Indien die predikant in die amp gestuit of geskors word totdat die geding afgehandel is, kan dit verlammende gevolge vir die gemeente hê en ’n ondraaglike finansiële las meebring.

AANBEVELINGS

5.2.1 Die Sinode keur die beswaarskrif goed.

5.2.2 Die Sinode besluit dat ’n leraar wat in ’n egskeiding betrokke is, uit die amp afgesit moet word ingevolge Artikel 57.4.3.

5.2.3 Die Sinode besluit dat, indien daar bevind is dat ’n leraar Bybelse gronde vir die egskeiding het en aan die Bybelse eise vir die amp voldoen, hy by die Kuratorium aansoek mag doen om herstel in die amp ingevolge Artikel 59.3.3, onmiddellik nadat die egskeiding finaal in ’n bevoegde hof beveel is.

5.3 BESWAARSKRIF DERBY – BEPALING VAN ’N KWORUM

Beswaarskrif teen Ordereël 8 wat handel oor die wyse waarop die kworum van ’n kerklike vergadering bepaal word in die Ordereëls vir kerklike vergaderings.

Huidige redaksie:

’n Volstrekte meerderheid van die lede van ’n vergadering vorm ’n kworum. In die bepaling van die getal waaruit die kworum bereken word, moet die aantal vakatures en verskonings (kragtens Ordereël 6) wat onvermydelik is, afgetrek word.

Nuwe redaksie:

'n Volstrekte meerderheid van die lede van 'n vergadering vorm 'n kworum. In die bepaling van die getal waaruit die kworum bereken word, moet die aantal vakatures afgetrek word.

Motivering:

1. Ten einde as wettige kerklike vergadering te konstitueer, moet minstens 51% van die dienende en/of afgevaardigde lede na/van 'n vergadering teenwoordig wees.
2. Eers ná afloop van die aanvanklike konstituering en wanneer sommige van die aanwesige lede gedurende die vergadering met verlof van die vergadering verskoon word, kan ordereël 19 (volstrekte meerderheid) in werking tree.
3. 'n Vergadering moet immers eers konstitueer voordat enige besluite geneem kan word rondom die wettigheid van 'n verskoning wat voor die vergadering dien.
4. Hierdie toevoeging kan wanpraktyke en ongelukkigheid uitskakel.
5. Dit sal verhoed dat slegs enkele lede besluite kan neem wat dalk nie weldeurdag is nie.

AANBEVELINGS

5.3.1 Die Sinode besluit die beswaarskrif is formeel ontvanklik.

5.3.2 Die Sinode besluit beswaarskrif word nie gehandhaaf nie.

5.3.3 Die Sinode besluit om 'n nuwe Ordereël 6, met die opskrif *KONSTITUERING*, goed te keur. Die nommering van die Ordereëls wat daarop volg, sal dan gewysig word.

Ordereël 6: 'n Vergadering konstitueer voordat hy open en met sy werksaamhede begin. Om as wettige vergadering te kan konstitueer, stel die aanwesige lede vas of daar:

1) behoorlik kennis gegee is van die vergadering (KO Bep. 34A en 34B); en

2) 'n kworum aanwesig is (Huidige Ordereëls 6 en 8).

Motivering:

1. Indien verskonings nie in ag geneem word by die berekening van die kworum van 'n vergadering nie, kan dit gebeur dat vergaderings weens die gebrek aan genoegsame lede nie sal kan voortgaan nie. Sodoende kan noodsaaklike werksaamhede en besluite onnodig vertraag word.

   Die KKS is van oordeel dat dit nodig is om kerkraadslede te wys op hulle **roeping en verantwoordelikheid voor die Here**, wat insluit om wel vergaderings by te woon. Ordereël 6 reël baie duidelik dat 'n kerkraadslid wat **onvermydelik** afwesig moet wees, vooraf verskoning met opgaaf van redes by die skriba of voorsitter van die vergadering moet indien.

   Hieruit is dit duidelik dat enige verskoning nie bloot aanvaar kan word nie. Die Ordereël praat van *onvermydelike afwesigheid*, wat dui op gewigtige redes wat onontkombaar voorgeval het, bv. dood en ernstige siekte.

2. 'n Vergadering moet konstitueer om wettig te wees. Ordereëls 6 en 8 bepaal hoe 'n vergadering gekonstitueer word. Die bepaling van die wettigheid van verskonings kragtens Ordereël 6, is deel van konstituering. Die aanwesige lede pas Ordereëls 6 en 8 toe. Die vergadering moet uit meer as die helfte van die bevestigde lede bestaan. Onvermydelike afwesigheid (bv. siekte en dood) word deur die teenwoordige lede

beoordeel en indien bevind word dat die redes gewigtig is, word die verskonings afgetrek van die getal waaruit die kworum bereken word.

3. Indien persone wat onvermydelik afwesig is, nie van die kworum afgetrek mag word nie, is dit moontlik dat sekere lede van 'n vergadering die neem van belangrike besluite kan verhoed deur te sorg dat nie genoeg lede die vergadering bywoon nie.

4. Indien enige lid van die vergadering nie tevrede is met besluite wat in sy afwesigheid geneem is nie, is daar steeds die weg van beswaarskrif en appèl.

5.4 BESWAARSKRIF DERBY: *KERKORDE* BYLAE 1 Punte 1.3 & 1.4

Beswaarskrif teen punt 1.3 van Bylae 1 van die *Kerkorde*

Huidige redaksie:

'n Dienende en/of geëmeriteerde manlike leraar van die NG Kerk / NH Kerk / Geref. Kerke, as familielid **by geleentheid** van 'n AP Kerk-lidmaat se doop / belydenisaflegging / bevestiging as ampsdraer, mits hy daartoe uitgenooi is deur die plaaslike kerkraad (hy mag egter nie die bediening van die sakramente of die aflegging van geloofsbelydenis of bevestiging van ampsdraers as sodanig behartig nie).

Nuwe redaksie:

'n Dienende en/of geëmeriteerde manlike leraar van die NG Kerk / NH Kerk / Geref. Kerke, as familielid **by geleentheid** van 'n AP Kerk-lidmaat se doop / belydenisaflegging / bevestiging as ampsdraer, mits hy daartoe uitgenooi is deur die plaaslike kerkraad.

Beswaarskrif punt 1.4 van Bylae 1 van die *Kerkorde*

Huidige redaksie:

'n Dienende en/of geëmeriteerde manlike leraar van die NG Kerk / NH Kerk / Geref. Kerke – slegs by wyse van **hoë uitsondering, en as tydelike maatreël –** mits dit geskied met die medewete en goedkeuring van die SKK en/of die dagbestuur van die Kuratorium. Sodanige toestemming van die SKK en/of Kuratorium moet skriftelik geskied ná behoorlike skriftelike motivering. Hy mag egter nie die bediening van die sakramente of die aflegging van geloofsbelydenis of die bevestiging van ampsdraers as sodanig behartig nie;

Nuwe redaksie:

'n Dienende en/of geëmeriteerde manlike leraar van die NG Kerk / NH Kerk / Geref. Kerke – slegs by wyse van **hoë uitsondering, en as tydelike maatreël –** mits dit geskied met die medewete en goedkeuring van die SKK en/of die dagbestuur van die Kuratorium. Sodanige toestemming van die SKK en/of Kuratorium moet skriftelik geskied na behoorlike skriftelike motivering.

Motivering:

1. Met hierdie beletsel plaas die AP kerkverband homself op die gevaarlike pad van die Rooms Katolisisme, naamlik om die bediening van die sakramente belangriker as die Woordbediening te ag.
2. Dit is in ons kerkverband met sy min predikante soms moeilik om 'n AP Kerkleraar te vind om die sakramente te bedien, veral waar datums bots; byvoorbeeld op Goeie Vrydag.
3. Wat die doopbediening, aflegging van die geloofsbelydenis en bevestiging van kerkraad betref, moet die betrokke ouderlingeraad asook die leraar wat betrokke is, vir homself duidelikheid kry of hy wel die vrae in die betrokke formuliere vir die persone sou kon vra as hyself nie daarmee saamstem nie.

AANBEVELINGS

5.4.1 Die Sinode besluit die beswaarskrif is formeel ontvanklik.

5.4.2 Die Sinode besluit die beswaarskrif word nie gehandhaaf nie.

5.4.3 Die Sinode besluit dat die *status quo* gehandhaaf word, volgens Bylae 1.3 en 1.4 en beklemtoon dat dit slegs by hoë uitsondering en as tydelike maatreël en met medewete en goedkeuring van die SKK en/of die Dagbestuur van die Kuratorium, mag plaasvind.

5.4.4 Die Sinode dra dit aan die SKK op om, deur die kantoor van die Direkteur, uitvoering te gee aan die sinodebesluite van 1988 en 2004, wat die bediening in kleiner gemeentes raak.

5.4.4.1 Die Sinode besluit dat elke kerkraad, waar 'n voltydse leraar is, telefonies gekontak word om 'n reëling te tref wanneer hul leraar in hierdie diens kan help. Hierdie hulpdiens moet baie spesifiek ook sakramentsbediening insluit.

5.4.4.2 Die Sinode besluit dat die gemeente waar die hulp verleen word, verantwoordelik is vir die reiskoste na hul gemeente asook 'n addisionele vergoeding vir die leraar (soos deur die SKK bepaal). Die SKK oordeel oor bedieningshulp indien nodig.

Motivering:

1. Die KKS oordeel dat die verhouding tussen die AP Kerk en die NG Kerk/NH Kerk/Geref. Kerke tans 'n brandpunt binne die AP Kerk is. Daarom word die *status quo* gehandhaaf totdat 'n sinode uitspraak lewer oor die verhoudinge.
2. Gemeentes moet kennis neem dat Bylae 1.3 en 1.4 handel oor hoë uitsondering en nie oor gereelde of vaste bediening nie. Daarom kan die wysiging van Bylae 1.3 en 1.4 nie die bedieningsnood van gemeentes sonder 'n eie leraar oplos nie.
3. Die kerkverband worstel al jare met die bediening in kleiner gemeentes en daarom oordeel die KKS dat die hele aanbeveling 5.4.4 'n begin is om hierdie nood aan te spreek.

   Vorige sinodes het soos volg oor bedieningshulp besluit:

   Die Sinode van 1988 (*Handelinge 1988*, bl. 47 pt. 60.4) het besluit:

   Die Sinode versoek gemeentes, wat 'n leraar het, om goedgunstiglik hul leraar vir 2 Sondae ses-maandeliks aan gemeentes waar geen leraar is nie, vir diens te leen. As 'n gemeente so besluit, kan die kantoor in kennis gestel word.

   Die Sinode van 2004 (*Handelinge 2004*, bl. 454 pt. 3.1) het besluit:

   Die Sinode versoek kerkrade om in ooreenstemming met vorige sinodebesluite hul leraars twee weke af te staan om in 'n ander gemeente te gaan werk en so 'n diens in die kerkverband te lewer. Die SKK rig jaarliks 'n skrywe aan elke kerkraad om hierdie versoek te oorweeg en 'n datum aan te dui waarop hulle leraar met hierdie diens kan help. Die SKK vind 'n wyse om die moontlikheid van hierdie bedieningshulp aan gemeentes te kommunikeer. Die SKK tree op as koördineerder t.o.v. hierdie bediening.

   Die KKS oordeel dat indien hierdie besluite prakties uitgevoer word en die SKK hierdie saak noukeurig koördineer, die nood van kleiner gemeentes werklik verlig kan word.

   Die KKS is ook van mening dat hulp aan gemeentes in twee afdelings verdeel moet word, nl. gemeentes wat net 2 Sondae se dienste wil hê en gemeentes wat 2 weke se

bediening wil hê. Vir veral die tweede opsie is daar groter ontwrigting vir die leraar en daarom die gedagte dat daar 'n addisionele vergoeding behoort te wees.

5.5 BESWAARSKRIF MOOINOOI: BENOEMINGS DEUR DIE SINODE OP DIE RAAD VAN DIE APA

Beswaarskrif teen die wyse waarop die Sinode van die AP Kerk sy vier verteenwoordigers op die Raad van die APA benoem.

Huidige bewoording:

Die Sinode besluit dat verteenwoordigers op die Raad soos volg benoem word: vier lede deur die Sinode verkies, twee lede deur die Kuratorium aangewys en een lid deur die GKK aangewys. Die vier lede deur die Sinode aangewys, moet kundige afgevaardigde ouderlinge wees (*Handelinge 2001*, bl. 271, pt. 5.1.1).

Die Sinode besluit op 'n *modus operandi* vir die benoeming van die sewe lede en daar word aanbeveel dat dit soos volg sal geskied:

- Vier lede word deur die Sinode benoem – afgevaardigde ouderlinge.
- Twee lede word deur die Kuratorium benoem.
- Een lid word deur die GKK benoem (*Handelinge 2001*, bl. 271, pt. 5.1.2).

Nuwe bewoording:

Die Sinode besluit dat verteenwoordigers op die Raad soos volg benoem word: vier lede deur die kerkverband verkies, twee lede deur die Kuratorium aangewys en een lid deur die GKK aangewys. Die vier lede deur die AP Kerk aangewys, moet kundige meelewende lidmate van die AP Kerk wees. Die beëindiging van lidmaatskap in die AP Kerk sal meebring dat 'n lid se Raadstermyn beëindig.

Die Sinode besluit op 'n *modus operandi* vir die benoeming van die sewe lede en daar word aanbeveel dat dit soos volg sal geskied:

- Vier lede word deur die Kerk benoem – Rondom elke sinode (op die vroegste twee maande voor en laastens twee maande ná afloop van elke sinode naaste aan die verstryking van die termyn van Raadslede volgens die Oprigtingsakte en Statuut van die APA) word in *Die Boodskapper* gevra vir nominasies van vier lede op die Raad. Die nuutsaamgestelde Raad stem dan op die eersvolgende vergadering vir die genomineerdes, en die vier lede wat die meeste stemme kry, word as Raadslede van die Kerkverband aangewys. Kennisgewing van verkose lede moet weer in *Die Boodskapper* gegee word.
- Twee lede word deur die Kuratorium benoem.
- Een lid word deur die GKK benoem.

Motivering:

1. Die huidige besluit maak melding van kundige ouderlinge. Die beste kundiges in die kerkverband ten opsigte van hoër onderwys word nie noodwendig na sinodes afgevaardig nie.
2. Die verkiesing van Raadslede vind gewoonlik aan die einde van sinodes plaas, met die gevolg dat daar soms in groot haas en onder druk gestem word vir lede op die Raad.
3. Deur die kerkverband by die nominasieproses te betrek, raak die kerkverband op ander wyse by die Raad van die APA betrokke. Daar is groter inspraak deur die kerkverband.

4. Lede wat op sinodes verkies word, word dikwels op grond van die feit dat hulle afgevaardigdes is en nie noodwendig hulle kundigheid oor hoër onderwys nie, verkies.
5. Die nuut-saamgestelde Raad kan enige vier van die lede kies aangesien alle genomineerdes deur die kerkverband as geskikte kandidate beskou word.
6. Dit is algemene praktyk en prosedure dat nominasies vir rade en instansies deur die media versoek word met bepaalde vereistes wat gestel word.

Raadslede kan vir 'n tweede termyn verkies word volgens die Statuut van die APA maar in die praktyk kon lede deur 'n sinode verkies, nog nooit vir 'n tweede termyn dien nie, aangesien hulle nie by 'n volgende sinode afgevaardigdes was nie.

AANBEVELINGS

5.5.1 Die Sinode besluit die beswaarskrif is formeel ontvanklik.

5.5.2 Die Sinode besluit die beswaarskrif word nie gehandhaaf nie.

Motivering:

1. Die gebrek aan kundigheid by dienende ouderlinge op die Raad van die AP Akademie oor die afgelope jare, is onbewese.
2. Die voorgestelde nuwe bewoording het 'n groter koste-implikasie, asook onnodige ekstra werklas vir die Raad. Dit word bevraagteken of dit sinvol is om 'n Raad eie aanstellings te laat maak. Indien daar bv. uit die kerkverband besware teen kandidate aangevoer word, sal die nuut-saamgestelde Raad veel meer moet vergader om besware en appèlle te hanteer en om onenigheid en onverkwiklikheid te besweer. Intussen bly die Raad onvolledig. Ook kom die onafhanklikheid van die Raad in gedrang.
3. Indien vertroue in die Raad skade ly, benadeel dit alle werksaamhede van die AP Akademie. Ook kan dit die onguns van die owerhede wek, wat akkreditasie in gedrang bring. Verder kan dit boonop die beeld van die AP Akademie by die breë samelewing onkeerbaar beskadig. Dit moet liefs vermy word.
4. Nominasies is alreeds "oop" vir die hele kerkverband op voorwaarde dat sodanige kundiges ook ouderlinge sal wees. KO Art. 23, met bepalings, reël sodanige "oopheid", waarby die hele kerkverband alreeds betrek word.
5. Die kwalifikasies vir die regeeramp, naas kundigheid en meelewendheid, reduseer in die voorgestelde nuwe bewoording tot slegs kundigheid en meelewendheid as lidmate.
6. Die volgende stelling verteenwoordig 'n veralgemening, t.w.: "Die beste kundiges in die kerkverband ten opsigte van hoër onderwys word nie noodwendig na sinodes afgevaardig nie." ***Wat*** as "beste" kwalifiseer en ***wie*** dit bepaal, bly vaag en onduidelik. Die mate waarin hierdie vae kriterium, genaamd "beste", ook van toepassing gemaak kan word op die ander Raadslede bly eweneens vaag en onduidelik. 'n Negatiewe en twyfelagtige wolk word oor sinodes en oor Raadslede geskep sonder duidelikheid en deursigtigheid.
7. Hoewel bedoel word om groter inspraak aan die kerkverband te bied, gebeur die teenoorgestelde in die voorgestelde nuwe bewoording. Die kerkverband kry minder inspraak. Die bestaande kerklike bevoegdheid, betreffende die betrokke vier lede, word dan aan die nuut-saamgestelde Raad oorgedra. 'n Kerklike vergadering in breedste sin (sinode) benoem dan nie meer uit eie geledere Raadslede nie. Slegs 'n aantal lede van die nuut-saamgestelde Raad kies die ander betrokke vier Raadslede uit 'n aantal nominasies, slegs soos voorgestel uit die geledere van die kerkverband. Dit kan eerder afstand tussen die AP Akademie en kerkverband in die hand werk, as wat dit verhoudinge bevorder.
8. Indien die Sinode inderdaad oordeel dat besluite rakende die verkiesing van Raadslede onder druk en haas aan die einde van die vergadering plaasvind, kan dit maklik vroeër op die sakelys 'n plek gegee word.

9. Opsegging van die band met die plaaslike kerk (kerklidmaatskap) beëindig in elk geval dienstermyn by die Raad en hoef nie gestipuleer te word nie. So 'n persoon is onder meer skuldig aan KO Art. 66.2.2 en tree nie meer kragtens kerklike besluite op nie.

5.6 BESWAARSKRIF NEWCASTLE: SAMESTELLING VAN SINODALE KOMMISSIES

Huidige redaksie:

2. Samestelling (KO, bl. 167, pt. 2)
   Sinodale kommissies word:
   2.1 saamgestel uit afgevaardigdes na die sinode
   2.2 wat die leraars betref, saamgestel uit nie-geëmeriteerde leraars van die AP Kerk.
   2.3 Ouderlinge, wie se ampstermyne in gemeentes verstryk, dien tot en met die volgende sinode.
   2.4 Die kommissies mag kundige lede koöpteer om in adviserende hoedanigheid die kommissies van advies te bedien.

   EN

   Ordereëls vir kerklike vergaderings, bl. 76, pt. 27.3
   27.3 Wanneer 'n leraar emeriteer kan hy nie meer op 'n sinodale kommissie dien nie en word die sekunduslid opgeroep.

Nuwe redaksie:

2. Samestelling
   Sinodale kommissies word:
   2.1 saamgestel uit afgevaardigdes na die sinode
   2.2 Ouderlinge, wie se ampstermyne in gemeentes verstryk, dien tot en met die volgende sinode.
   2.3 Die kommissies mag kundige lede koöpteer om in adviserende hoedanigheid die kommissies van advies te bedien.

Skrap 2.2 en Ordereëls 27.3.

Motivering:

1. Emeriti word op verskeie maniere deur die kerkverband gebruik en ondersteun.
2. Talle emeriti bedien die Woord in plaaslike kerke, maar kan nie tans op sinodale kommissies dien nie.
3. Talle emeriti het waardevolle ervaring, kundigheid en wysheid wat tans verlore gaan.
4. Ouderlinge wie se ampstermyne in gemeentes verstryk, dien tot en met die volgende sinode (*Kerkorde*, bl. 167, pt. 2.3). Die huidige besluit dui op 'n inkonsekwentheid teenoor die leraar wat emeriteer.
5. Die emerituspredikant kan ten volle afgevaardig word na die ring en die sinode (*Kerkorde* Art. 36.1 en 38.1). Op grond waarvan mag hy nie op 'n kommissie dien nie?

AANBEVELINGS

5.6.1 Die Sinode besluit die beswaarskrif is formeel ontvanklik.

5.6.2 Die Sinode besluit die beswaarskrif word nie gehandhaaf nie.

5.6.3 Die Sinode moedig kommissies aan om emeriti te koöpteer soos nodig.

Motivering:

Die Sinode het in 2007 juis aanvaar dat emeriti nie deel van sinodale kommissies moet wees nie om wisseling in die kommissies te bevorder. Die uitsluiting van emeriti op kommissies sou jonger leraars die geleentheid bied om ondervinding op te doen in sinodale kommissies. Daar is 'n situasie voorsien waar baie senior leraars byna gelyktydig sou aftree en 'n jong en onervare leraarskorps dan die leierskap in kommissies moes oorneem.

Indien die beswaarskrif slaag, sal dit die posisie omkeer en die jonger leraars 'n geleentheid ontneem om ervaring op kommissies op te doen.

Die kundigheid van emeriti kan steeds benut word deur koöptering op kommissies.

5.7 BESWAARSKRIF NEWCASTLE: WISSELING VAN LEDE OP SINODALE KOMMISSIES.

Huidige bewoording:

Die Sinode dra dit aan die Kommissie vir kommissies op om, met inagneming van die beginsel van kontinuïteit, ook te sorg vir genoegsame wisseling van lede van permanente kommissies wanneer hulle die permanente kommissies indeel vir voorlegging aan die Sinode, met die doel dat daar in die toekoms geen kommissies sal wees wat elke keer uit presies dieselfde predikante of ouderlinge bestaan nie (*Handelinge 1995*, bl. 252, pt. 6.4.1).

Nuwe bewoording:

Die Sinode dra dit aan die Kommissie vir kommissies op om, met inagneming van die beginsel van kontinuïteit, ook te sorg vir genoegsame wisseling van lede van permanente kommissies wanneer hulle die permanente kommissies indeel vir voorlegging aan die sinode, met die doel dat daar in die toekoms 'n maksimum van 50% van die vorige kommissielede op die huidige kommissie sal dien.

Motivering:

1. Die woord "presies" (soos in die huidige bewoording), kan tot gevolg hê dat kommissies met net een lid verander word, wat die bedoeling van die samestelling van die kommissies skend.
2. Hierdie wysiging sal wisseling van kommissielede verseker wat tot gevolg sal hê dat meer predikante en ouderlinge insette sal kan lewer.

AANBEVELINGS

5.7.1 Die Sinode besluit die beswaarskrif is formeel ontvanklik.

5.7.2 Die Sinode besluit die beswaarskrif word nie gehandhaaf nie.

5.7.3 Die Sinode versoek die Kommissie van kommissies om toe te sien dat leraars wat op twee kommissies benoem is, nie as eerste sekundus op enige ander kommissie benoem word nie.

Motivering:

Die statistiek oor die tydperk van die vorige drie sinodes toon aan dat daar met die permanente kommissies slegs in 2010 'n gemiddelde wisseling van minder as 50% was, naamlik 49%. Hierdie 49% sluit die primarii en sekundi lede in. Indien 'n mens net die primarii lede in ag neem, was die persentasie 62%. Vir 2007 is die persentasies 55% en 60% en vir 2013 was dit 61% en 59%. In 2013 was 48 van die 83 voltydse predikante betrokke by 'n kommissie wat 58% verteenwoordig.

In sommige gevalle het dit gebeur dat ’n enkele kommissie met net 20% en ander met in die 30% gewissel het, terwyl ander met tot 80% gewissel het. Die Kommissie vir kommissies neem in ag waar die predikant aangetoon het op watter kommissie hy graag sal wil dien en hiermee saam word ook die beginsel van kontinuïteit toegepas.

Gevolgtrekking: Om 'n besluit te neem dat daar altyd by elke kommissie ten minste 50% gewissel móét word, kan op die een of ander stadium ’n krisis laat ontstaan. Uit bovermelde statistiek is dit duidelik dat die Kommissie vir kommissies die afgelope drie sinodes ruim aan die besluit “om genoegsame wisseling van die lede van permanente kommissies” gehoor gegee het. Boonop staan dit elke sinode vry om die voorgestelde kommissies te verander wanneer dit aan hulle deur die Kommissie van kommissies voorgelê word.

5.8 BESWAARSKRIF AP KERK PRETORIA-OOS: ARTIKEL 3

Beswaarskrif ten opsigte van Artikel 3 van die Kerkorde van die Afrikaanse Protestantse Kerk

Voorstel:

Die Sinode van die Afrikaanse Protestantse Kerk herbesin oor die bewoording van Artikel 3 van die Kerkorde, wat tans soos volg lui:

3.1 Die kerk van Christus is die vrug van die werk van die Drie-enige God onder die koningskap van Christus.

3.2 Net blanke Afrikaners, asook ander blankes wat hulle met blanke Afrikaners vereenselwig, wat die saligmakende geloof in Christus het (Rom. 10:9-10), wat die belydenis, leer en die Kerkorde van die Afrikaanse Protestantse kerke in kerkverband (kyk Artikel 66) onderskryf, kan saam met hulle kinders lidmaatskap van ’n plaaslike kerk (gemeente) verkry.

3.3 Die Here leer ons in Gén. 11, Deut. 32:8, Hand. 2:8, Hand. 17:26, Openb. 7:9, Openb. 21:24 en 26, Openb. 22:2 dat die inheemse kerk sy wil is. Elke AP kerk wil ’n openbaring van die liggaam van Christus wees en ook die verinheemsing van die kerk van Christus onder die Afrikaner-Boerevolk naas andere volkere, van watter kultuur hulle ook mag wees.

Motivering:

1. **Brief van ’n lidmaat**: Op 26 Mei 2016 het ’n lidmaat van die AP Kerk Pretoria-Oos ’n skrywe aan die kerkraad gerig i.v.m. die bewoording van Artikel 3.2 van die Kerkorde. Hy het aangevoer dat ’n heroorweging in die lig van die vloeibare situasie in ons land toepaslik is. As voorbeeld het hy aangetoon dat woorde soos “blank” vandag ’n gelaaide term geword het met ’n skerp rassistiese kleur. Sommige inwoners van Suid-Afrika lê die skuld vir alles wat verkeerd geloop het in die land voor die deur van blankes. Ander inwoners is weer van oordeel dat blankes en met name die Afrikaner baie tot stand gebring het tot voordeel van Suid-Afrika. In hierdie oorverhitte politieke klimaat met sy oplaaiende rassespanning is dit noodsaaklik dat die AP Kerk die korrekte term gebruik om homself te definieer. In die lig daarvan is dit verkieslik om die term “blanke Afrikaner” nader te definieer ten einde die klem op volk en nie ras nie, te laat val. Die lidmaat se voorstel was dat die bewoording van Art. 3.2 verander word om te lui:

   3.2 **Net Boere-Afrikaners, asook ander Afrikaners wat hulle met die wel en weë van die geskiedenis en kultuur van die Boere-Afrikaners vereenselwig**, wat die saligmakende geloof in Christus het (Rom. 10:9-10), wat die belydenis, leer en die Kerkorde van die Afrikaanse Protestantse kerke in kerkverband (kyk Artikel 66) onderskryf, kan saam met hulle kinders lidmaatskap van ’n plaaslike kerk (gemeente) verkry.

2. **Kerkraad van AP Kerk Meyerton**
In die beredenering van die saak het dit onder die kerkraad se aandag gekom dat die kerkraad van die AP Kerk Meyerton ook met die saak rondom die bewoording van Artikel 3 van die Kerkorde besig is. Hulle motivering is dat, alhoewel die AP Kerk rassisme afwys, hulle as kerkraad egter in hulle betrekkinge na buite voortdurend die aanklag van rassisme a.g.v. die bewoording van Artikel 3.2 ervaar. "Selfs by aanvaarding van ons *bona fides*, word ons daarop gewys dat Artikel 3 ongelukkig geformuleer is, verleentheid skep en aanstoot gee." In die lig van hulle ervaring wil hulle graag die saak van Artikel 3 se bewoording bespreekbaar maak in breër verband.

3. **Prof.dr. JAE Adendorff**
Tydens die bespreking van die saak het een van die leraars van AP Kerk Pretoria-Oos ook 'n voorlegging gemaak ten einde rigting aan die gesprek te probeer gee. Prof.dr. Adendorff het voorgestel dat die inhoud van Artikel 3 die beginsel van verinheemsing moet stel en dat dit aan elke kerkraad in die lig van plaaslike omstandighede oorgelaat moet word om die beginsel in die praktyk toe te pas. Hy het die volgende bewoording, waarin die woorde van die Skrif en die gereformeerde belydenisskrifte weerklink, vir oorweging voorgelê:

3.1 In Christus en deur sy Gees en Woord vergader, beskerm en onderhou God uit die ganse menslike geslag, van die begin van die wêreld af tot die einde toe, in die eenheid van die ware geloof, vir Hom 'n kerk wat tot die ewige lewe uitverkies is (vgl. HK, Sondag 21, v/a 54).

3.2 Hierdie heilige, algemene en Christelike kerk kom in die Godbeskikte verskeidenheid van stamme, tale, volke en nasies (Openb. 4:9, vgl. ook Gén. 10; Gén. 11; Deut. 32:8; Hand. 17:26) tot openbaring as inheemse kerke wat in hulle onderskeie tale van die groot dade van God hoor (vgl. Hand. 2:8, 11) en Hom in en vanuit hulle volkwees dien (vgl. Openb. 21:24, 26; 22:2).

3.3 In die lig van bg. Skrifgronde handhaaf die Afrikaanse Protestantse kerke in kerkverband die Bybelse beginsel van belydeniskerke in volksverband. Elke plaaslike kerk van die AP kerkverband gee m.b.t. lidmaatskap gestalte aan die toepassing van hierdie beginsel.

3.4 Elke lidmaat onderskryf die belydenis, leer en die Kerkorde van die Afrikaanse Protestantse kerke in kerkverband (kyk Artikel 66).

4. **Kerkraad van AP Kerk Pretoria-Oos**
Die kerkraad van die AP Kerk Pretoria-Oos is van mening dat die argumente hierbo aangevoer, meriete het en dat dit die moeite sal loon om weer oor die bewoording van KO Artikel 3 na te dink. Daarom versoek die kerkraad die Sinode om die saak te bespreek en dit daarna na die KKS te verwys vir verdere besinning met verslag aan die volgende sinode.

AANBEVELINGS

5.8.1 Die Sinode besluit die beswaarskrif is tegnies nie ontvanklik nie.

5.8.2 Die Sinode besluit om die beswaarskrif van Pretoria-Oos wel ter tafel te neem en te bespreek.

5.8.3 Die Sinode versoek die kerkraad van Pretoria-Oos om, in die lig van die bespreking, 'n beswaarskrif vir die volgende Sinode voor te berei.

Motivering:

Die beswaarskrif stel nie ’n nuwe bewoording vir Art. 3 voor nie, maar versoek die Sinode om die saak te bespreek en dit daarna na die KKS te verwys vir verdere besinning met verslag aan die volgende Sinode.

Die KKS oordeel dat die beswaarskrif behandel moet word, al word daar nie ’n alternatief vir Artikel 3 voorgestel nie (Bepaling 66A.1). Die gees wat in die beswaarskrif openbaar word, vra na ’n langsame hantering van die saak en wil ’n oorhaastige wysiging van die Artikel vermy. Juis daarom word daar vir gesprek oor die saak gevra en voorgestel dat die KKS by die volgende Sinode verslag sal lewer.

5.9 BESWAARSKRIF KKS: KERKREGWOORDEBOEK

Beswaarskrif teen die besluit van Sinode 2013:

Huidige bewoording:

Die Sinode dra dit aan die KKS op om saam met die Sake-indeks ook ’n begripsverklaring van woorde in die Kerkorde te plaas (*Handelinge 2013*, bl. 288, pt. 6.6.2).

Nuwe bewoording:

Die Sinode besluit om dit aan die PK op te dra om die Kerkreg woordeboek op die mees bekostigbare wyse aan die kerkverband beskikbaar te stel.

Motivering:

Die KKS het die PK versoek om ’n aanduiding te gee wat die *Kerkorde* se publikasiekoste sal wees indien die kort en/of die lang weergawe van die *Kerkorde* woordeboek daarby ingesluit sou word.

Die koste is soos volg:
Kort weergawe 28 bladsye: ±R 90 meer per eksemplaar
Lang weergawe 104 bladsye: ±R 130 meer per eksemplaar

Hierdie koste en die dikker volume van die *Kerkorde* regverdig nie die insluiting van die woordeboek in die *Kerkorde* nie.

Die KKS oordeel dat die PK ander maniere kan ondersoek om die boekie aan die kerkverband beskikbaar te stel. Dit sluit nie die druk van die woordeboekie uit nie, maar daar is beslis ander goedkoper opsies.

AANBEVELINGS

5.8.1 Die Sinode besluit die beswaarskrif is ontvanklik.

5.8.2 Die Sinode herroep die besluit van Sinode 2013 en keur die nuwe bewoording goed.

5.8.3 Die Sinode gee uitvoering aan aanbeveling 3.2.2

6. APPÈLLE

Geen appèlle is ontvang nie. Indien daar voor die sinode appèlle ontvang word, sal dit tydens die sinode bekendgemaak word.

Die Sinode van 2010 het punt 9-11 aan die lasgewing van die KKS toegevoeg omdat die sinodes se tyd gedurig met lang appèlsake opgeneem word. Hierdie appèlsake het gewoonlik

gehandel oor prosedurefoute wat tydens die hantering van klagtes gemaak is. In ’n poging om sodanige appèlle te voorkom, het die Sinode besluit dat die KKS betrokke moet wees by en advies gee in die hantering van klagtes teen ampsdraers. Omdat die KKS sy werk elektronies probeer afhandel, is daar fondse beskikbaar om hierdie opdrag van die Sinode uit te voer. Die KKS is in adviserende hoedanigheid teenwoordig wanneer klagtes teen leraars deur die ouderlingeraad en ringe hanteer word. Op hierdie wyse word gepoog om prosedurefoute sover moontlik te vermy.

Die KKS se betrokkenheid by die tugondersoeke teen leraars het ook tot gevolg gehad dat afgesette leraars wat sake na die KVBA of selfs die Arbeidshof geneem het, nie hul sake teen die betrokke kerkrade kon wen nie. Wanneer daar gevra is na die billikheid van die afsetting of na die prosedure van afsetting, is daar telkens bevind dat die kerkraad prosedureel reg opgetree het.

Hierdie verslag is deur die KKS voorberei en goedgekeur op sy vergadering van 9 Mei 2017.

Ons vertrou dat die KKS uitvoering gegee het aan die opdragte volgens sy lasgewing.

Ons bid die Sinode die seën van die Here toe.

Di. WJA van Schalkwyk (voorsitter), AP Boshoff (skriba).

VERSLAG: KOMMISSIE VIR SENDING EN EVANGELISASIE (KSE)
Tydperk: September 2013 tot April 2017

1. PERSONEEL

Primarii: Ds. GCD Stoltz (voorsitter), prof.dr. J Bosman (ondervoorsitter), di. NJ Swart (skriba), JB Trollip, P Janse van Rensburg, oudl. WP Hugo.

Sekundi: Di. SA Roets, JF van der Merwe, H Scherman

2. VERGADERINGS

Daar is drie amptelike vergaderings tydens die KSE se huidige termyn gehou. Hierdie vergaderings het plaasgevind op 10/02/2015, 25/08/2016 en 19/04/2017.

3 LASGEWING

Die lasgewing van die KSE volgens *Kerkorde 2014* (bl. 184) is:

1. help waar moontlik om sending- en evangelisasie-aksies te koördineer;
2. om advies te gee; en
3. toe te sien dat op elke sinode verslag gedoen word van die stand van sending in die AP kerkverband

3.1 KOÖRDINEER

Daar het 'n versoek vanaf AP Kerk Dendron gekom om moontlik te help met fondse en gebed vir bediening in Botswana. Ds. Petrus Janse van Rensburg is hierby betrokke. Die kommissie het hierdie versoek uitgestuur en verskeie gemeentes het wel gereageer en help met finansiële ondersteuning.

AANBEVELINGS

3.1.1 Die Sinode neem kennis van die bedieningswerk wat gedoen word in Botswana.

3.1.2 Die Sinode versoek gemeentes om betrokke te raak by hierdie bedieningswerk deur middel van voortdurende, ernstige gebed en ook, waar moontlik, deur finansiële ondersteuning. Vir inligting oor moontlike hulp kan die leraar van die AP Kerk Dendron gekontak word.

3.2 ADVIES

Daar was geen navraag gerig aan die KSE vir advies betreffende sending- en evangelisasie-aksies vanuit enige gemeente nie.

AANBEVELING

3.2.1 Die Sinode neem kennis dat daar nie enige navraag betreffende advies vanuit enige gemeente gerig was insake sending- en evangelisasie-aksies nie.

3.3 STAND VAN SENDING IN DIE AP KERKVERBAND

'n Skrywe gedateer 2 Maart 2015 is elektronies aan alle gemeentes uitgestuur (kyk Bylae KSE1). Hierdie skrywe het ten doel gehad om punt 3 van die lasgewing van die KSE tot uitvoer te bring. Die volgende 17 gemeentes het op die skrywe gereageer: *Middelburg, Wesmoot, Potchefstroom, Worcester, Mosselbaai, Witbank, Bainsvlei (2), Wonderboom,*

Meyerton (2), Dendron, Smithfield, Leonardville, George, Lichtenburg, Alfa, Kimberley-Die Kruis en Bethal. Daar is ook 'n skrywe ontvang vanaf ds. L Pienaar in hierdie verband.

Vanuit die terugvoer wat ontvang is op die genoemde skrywe word die volgende gevolgtrekkings gemaak:

1. Verskeie gemeentes verwys na die brosjure *Elkeen oral gestuurde*. Dit is vir die KSE verblydend om te weet dat daar nog gemeentes is wat hierdie brosjure gebruik.
2. Slegs 5 van die gemeentes maak melding van 'n kommissie wat evangelisasie-, sending- of ander bedieningswerk behartig of organiseer.
3. Twee van die gemeentes wat gereageer het, maak melding van die feit dat hulle by die projek *Kinders van die Lig* betrokke is. Hierdie projek het verskeie aspekte waaronder ook geestelike bediening.
4. Ook vanuit die terugvoer van die gemeentes is daar twee gemeentes wat melding maak van die bedieningswerk in Botswana. Die een gemeente meld slegs dat hulle deur spesiale kollektes finansieel bydra vir hierdie bedieningswerk.
5. Enkele gemeentes vermeld ook dat hulle bydraes lewer aan die Bybelgenootskap en ander evangelisasie-organisasies. Die KSE is egter wel bewus van die feit dat daar vanuit baie gemeentes in die kerkverband bydraes gemaak word vir die Bybelgenootskap. Hierdie inligting word gereeld aan die gemeentes gegee by ringsvergaderings waar verteenwoordigers van die Bybelgenootskap verslag lewer.

AANBEVELINGS

3.3.1 Die Sinode neem met leedwese kennis van die feit dat so min gemeentes gereageer het op 'n skrywe rakende die ondersoek na die stand van sending in die AP kerkverband.

3.3.2 Die Sinode versoek ouderlingerade om aandag te skenk en te reageer wanneer daar weer in die toekoms 'n ondersoek gedoen word na die stand van sending in die AP kerkverband aangesien dit deel is van die lasgewing van die KSE om by elke sinode verslag te doen.

3.3.3 Die Sinode versoek alle ouderlingerade om vertroud te wees met die beleid van die AP kerkverband rakende sending en evangelisasie en indien gemeentes advies en leiding nodig het, die KSE te nader.

3.3.4 Die Sinode versoek alle kerkrade om seker te maak dat hulle wel 'n kommissie het wat die belangrike roeping van sending en evangelisasie ondersoek en sorg dra dat dit uitgevoer word ooreenkomstig die beleid van die AP kerkverband.

4. WERKSAAMHEDE

4.1 RINGE

4.1.1 RING VAN LICHTENBURG

Op 14/03/2015 het prof.dr. J Bosman 'n Bybelsgefundeerde evangelisasie-strategie aangebied tydens 'n byeenkoms van die Ring van Lichtenburg (Lichtenburg, Alfa, Sannieshof, Biesiesvlei, Coligny).

4.1.2 RING VAN MIDDELBURG

Op 20/05/2016 het die vergadering van die Ring van Middelburg plaasgevind te AP Kerk Witbank. Ds. NJ Swart het 'n gesprek ingelei met die tema "Sending". Verteenwoordigers uit die gemeentes Belfast, Bronkhorstspruit, Cullinan-Rayton, Laersdrif, Middelburg en Witbank was teenwoordig.

4.1.3 RING VAN POTGIETERSRUS

Die Ring van Potgietersrus (Potgietersrus, Roedtan, Tuinplaas, Marble Hall en Groblersdal) het op 17/09/2016 'n gespreksgeleentheid gehou waar 'n aantal lidmate vanuit al die gemeentes van die ring teenwoordig was. Ds. NJ Swart het ook tydens hierdie geleentheid verskeie aanbiedings gelewer met die hooftema "Sending in die AP Kerk".

4.1.4 RING VAN KIMBERLEY

Op 7 Maart 2017 het die Ring van Kimberley (Vaalharts, Douglas, Kimberley, Reivilo, Barkly-Wes, Christiana, Strydenburg, Griekwastad, Orania, Hopetown, Kimberley-Die Kruis) te Jan Kempdorp vergader. Tydens die vergadering het die onderskeie gemeentes geleentheid gehad om verslag te doen oor hulle sendingaktiwiteite en daar is ook gesprekke gevoer oor daardie aktiwiteite.

AANBEVELING

4.1.5 Die Sinode neem kennis van terugvoer- en gespreksgeleenthede wat plaasgevind het tydens vergaderings van die ringe van Lichtenburg, Middelburg, Potgietersrus en Kimberley.

4.2 *DIE BOODSKAPPER*

Daar is met *Die Boodskapper* ooreengekom dat een artikel per maand oor sending en evangelisasie sal handel. 'n Hele aantal artikels het reeds verskyn.

AANBEVELING

4.2.1 Die Sinode neem kennis van 'n hele aantal artikels betreffende sending en evangelisasie wat reeds in *Die Boodskapper* verskyn het.

4.3 STATUS EN BEROEPING VAN SENDELINGE

Twee gemeentes, te wete AP Kerk Pretoria-Oos en AP Kerk Dendron, het die KSE genader rakende status en beroeping van sendelinge. Dit blyk op hierdie stadium dat daar besinning nodig is oor die plek en rol van sendelinge as missionêre bedienaars van die Woord. Die eie geaardheid van sendingprojekte maak dit moeilik om binne bestaande strukture sendelinge uit te stuur. Veral AP Kerk Dendron wou alreeds permanente bediening in Botswana onder volksgenote vestig, maar kon tot nog toe nie weer oorgaan tot beroeping nie.

AANBEVELING

4.3.1 Die Sinode besluit dat 'n studiestuk met aanbevelings oor die plek, beroeping, bevestiging, opsig en tug oor sendelinge in die AP kerkverband opgestel moet word. Die KSE moet hierdie verslag opstel met insette vanuit ander kommissies.

5. SLOT

Die KSE vertrou dat hy sy opdragte bevredigend uitgevoer het en bid die Sinode en al die gemeentes die seën van die Here toe.

Di. GCD Stoltz (voorsitter), NJ Swart (skriba).

KOMMISSIE VIR SENDING EN EVANGELISASIE

Posbus 7453
Middelburg
1050
nico.swart@apk.co.za

17 Februarie 2015

Geagte Ouderlingeraad

Sending en Evangelisasie-aksies deur u gemeente

Die veertiende Sinode gehou te Pretoria, 2-4 September 2013 (vgl. Handelinge besluit 7.6.2, bl. 290), het soos volg besluit:

Die roeping van onse Here Jesus Christus, die Koning van ons kerk, is onontkombaar. Om waarlik kerk van die Here te wees, moet hierdie roeping daadwerklik gehoorsaam word deur alle lidmate en kerkrade. Iedere Ouderlingeraad in die kerkverband word ernstig opgeroep om afsonderlik en gesamentlik sending- en evangelisasie-aksies te inisieer terwyl die Kommissie vir sending en evangelisasie gelas word om:
i) waar moontlik te help om sodanige aksies te koördineer, advies te gee; en
ii) toe te sien dat op elke sinode verslag gedoen word van die stand van sending in die AP kerkverband.

Hierdie besluit van die veertiende Sinode gee praktiese uitvoering aan KO art 46 en 47, asook die sendingbeleid (1993) van Die Afrikaanse Protestantse Kerk, genaamd: ELKEEN, ORAL GESTUURDE.

U samewerking is nodig om die Kommissie vir Sending en Evangelisasie (KSE) se opdragbeskrywing aan die 15e Sinode uit te voer. Ten einde u samewerking konkreet te maak, net eers 'n bietjie agtergrond.

Die AP Kerk omskryf sending in sy beleid vanuit die Heidelbergse Kategismus, Sondag 21:

Die Sending is die handeling van die Drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees, met die wêreld waardeur Hy uit die ganse menslike geslag vir Hom 'n kudde deur sy Woord en Gees vergader, deur wie Hy sy Woord aan die gevalle wêreld laat verkondig, die gemeenskap van die heiliges uit alle nasies en volke tot stand bring, en diens aan die wêreld in sy nood laat lewer vir die uitbreiding en opbouing van Gods koninkryk onder mense tot aan die voleinding.

Na aanleiding van hierdie omskrywing het die KSE met kundiges beraadslag. Vanuit hierdie gesprekke en op grond van Skrif en belydenis wil ons 'n aantal rigtinggewende evaluasiepunte (kriteria) vir ons afsonderlike en gesamentlike roeping en gehoorsaamheid formuleer:

1) **Wêreldwye Fokus** (*die ganse menslike geslag*)
Ons leer in Handelinge 1:8 om nie eensydig te wees nie. Die patroon van God se handelinge vertoon 'n "sowel as" struktuur – *julle sal my getuies wees in Jerusalem sowel as in die hele Judéa en Samaría en tot aan die uiterste van die aarde*.
Die treffende "sowel as" dui aan dat hier van 'n wêreldwye gerigtheid sprake is, terwyl die plaaslike getuienis nie ophou nie. Jy werk dus doelbewus en aktief na die grootste raamwerk moontlik toe ('uiterste van die aarde'), sonder om op te hou werk in jou eie gebied en omgewing ('Jerusalem'). Elke plaaslike kerk het derhalwe 'n "sowel as" roeping en gehoorsaamheid.

2) **Ontwikkel strategiese prioriteite vir bediening na aanleiding van "alreeds" en "nog nie"** (*'n kudde deur sy Woord en Gees vergader*)
Die apostel Paulus (Rom. 15:20) het strategies met 'n doelbewuste gesindheid in diens van die sendingopdrag gestaan, naamlik: *dat ek my eer daarin gestel het om die evangelie te verkondig, nie waar Christus alreeds bekend was nie—om nie op die fondament van 'n ander te bou nie.* Só word hy 'n lewende bewys daarvan dat die sendingopdrag nie maar net blote 'teorie' is nie. Deur die werking van die Heilige Gees is die werkprogram van Christus 'n konkrete werklikheid in aksie, ook daar waar die oes nog nie ingesamel is nie. Afsonderlik en gesamentlik behoort ons in die AP Kerk ons voortdurend af te vra: "Is daar reeds 'n plaaslike kerk wat doen wat ons wil doen?" Indien "Ja" is die opvolgvraag: "Is daar kwantitatiewe of kwalitatiewe hulp nodig?" Indien "Nee" is die opvolgvraag: "Is dit dan nie juis ons roeping om in onbediende gebiede of onder nie-bereikte mensegroepe te arbei in gehoorsaamheid aan die sendingopdrag nie?"

3) **Strategiese energie-ontplooiing** (*die gemeenskap van heiliges uit alle nasies en volke tot stand bring*)
Wanneer ons in die lig van Hand. 13:2 Paulus se arbeid in diens van die *Heilige Gees* verreken, ontstaan 'n merkwaardige beeld oor die uitvoering van die sendingopdrag. Invloedryke toegangspoorte (gewoonlik, hawe- en handel- en hoofstede) na groter streke en gebiede ontvang voorkeur, by uitvoering daarvan om die evangelie aan die nasies en volke te bedien. Nie-bereikte gebiede en mensegroepe word deur middel van strategiese bedieningspunte hanteer wat weer 'n eie kettingreaksie aan die gang sit. Hoewel Paulus in gehoorsaamheid aan die Heilige Gees opgetree het, kry ons tog ook 'n oorkoepelende beeld van die strategiese daarstel van sentra wat 'n uitkringende invloed in die omstreke gehad het.

Ons behoort steeds so te beplan en ons navorsing wys daarop dat lande wat vandag strategiese aandag verdien, is veral Egipte, Indië en China.

- Egipte huisves ongeveer 47% van alle Christene in die Arabiese wêreld. Egipte word ook gesien as die "brein" van Islam. Betrokkenheid in Egipte open die deur na Arabies-sprekende Moslems.

- Nagenoeg een derde van alle onbereikte groepe in die wêreld woon in Indië, wat hierdie land 'n brandpunt vir evangelie-bediening maak.

- Sowat 45% van die wêreld se bevolking woon óf in China óf langs China. Byna die helfte van die mensdom is óf Chinees óf 'n buurman van 'n Chinees.

4) **Skreeuende Nood** (*die wêreld in sy nood)*
'n Oop oog en oor vir die Macedoniese hulproepe vandag (vgl. Hand. 16:9) is deurlopend nodig. Hierby word nie die diens van barmhartigheid bedoel nie, maar die getuienis-taak in terme van evangeliebediening aan diegene sonder Christus. Skreeuende nood word teenswoordig treffend gekonstateer deur middel van die akroniem wat in Engels bekend staan as die THUMB-riglyn.

T - Tribal (Stamme)
H - Hindoes
U - Unreached (Onbereiktes)
M - Moslems
B - Boeddhiste

5) **Effektiewe aktiwiteite** (*uitbreiding en opbouing)*
Skrifgegewens soos Hand. 6:1-6, 1 Kor. 12:25, Efés. 4:11-16 dui daarop dat mens nie maar net lukraak met die werk van die HERE kan omgaan nie. Doeltreffendheid is ten alle tye 'n vereiste waarna gestreef behoort te word. Dit kan so maklik gebeur dat ons 'n nie-strategiese projek in 'n strategiese land loots, of selfs 'n strategiese projek in 'n nie-strategiese gebied. Biddende beplanning is daarom 'n noodsaaklikheid.

Om bogenoemde redes wil die KSE elke Ouderlingeraad graag bedien met bepaalde insigte oor hierdie belangrike onderwerp. Ons vra daarom aan elke Ouderlingeraad om ons met inligting te bedien oor die stand van Sending- en Evangelisasie in u gemeente, asook om u gemeente-aksies so volledig moontlik te beskryf. Let daarop dat dit handig is om te onderskei tussen werk onder eie mense in Suid-Afrika, ander volke in Suid-Afrika, ander volke op ons kontinent, en ander volke in die wêreld. Onderstaande skema is bedoel om u te help om ons met effektiewe inligting te bedien:

Gee 'n oorsig van alle gemeentelik-georganiseerde aktiwiteite in terme van Sending- en Evangelisasie in u gemeente.

Land of Gebied (Eie mense in SA/ Ander mense in SA/Afrika/Wêreld)	**Mense betrokke**	**Bedrag bewillig deur gemeente-begroting**	**Doelomskrywing van betrokkenheid**

Dit is die voorneme van die KSE om alle inligting te verwerk aan die hand van bogenoemde kriteria, met die oog op 'n kerkverbandelike beeld. Dit sal ook help om DV die eersvolgende sinode te bedien met 'n netwerk van strategiese strukture waarby die APKerk-verband op grond van Skrif en belydenis met entoesiasme en volle vereenselwiging kan inskakel. Dit is verder die voorneme om met elke Ouderlingeraad in gesprek te bly wanneer advies of bystand of ondersteuning gevra word oor genoemde sake.

Die KSE ontvang graag u terugvoer voor of op 30 Junie 2016.

Van harte gegroet en seën op u arbeid toegebid.

Nico Swart (VDM)
(Skriba KSE)
nico.swart@apk.co.za

VERSLAG: KURATORIUM (KUR) EN AP AKADEMIE
Tydperk: 4 September 2013 tot 14 April 2017

INLEIDING

Op 1 Januarie 1988 is die Teologiese Skool van die AP Kerk geopen ná 'n besluit van die Eerste Sinode van 1987. Kragtens Onderwyswetgewing moes die Teologiese Skool om registrasie aansoek doen by die owerhede en aan die einde van 1999 is die Afrikaanse Protestantse Akademie (APA) by die Departement van Hoër Onderwys geregistreer.

Die AP Kerk en die AP Akademie het 'n historiese band wat ook in die samestelling van die Raad van die AP Akademie reflekteer. Elke sinode wys telkens lede op die Raad van die AP Akademie aan. Soos gebruiklik, lewer die Kuratorium ook oor die AP Akademie aan die Sinode verslag.

Ter wille van die onderskeidende pligte en werksaamhede word die verslag in twee afdelings, te wete 'n afdeling A en 'n afdeling B voorgehou.

AFDELING A: KURATORIUM

1. PERSONEEL

1.1 LEDE VAN DIE KURATORIUM

Die Kuratorium is saamgestel uit die volgende lede soos aangewys tydens die Veertiende Sinode:

Primarii:

Di. A Boshoff, MR Burger, JC Gericke, A Hough (skriba), MJ Hartzenberg (ondervoorsitter), PJ Möller, JL Schütte, GCD Stoltz, HSW Strauss, WJA van Schalkwyk en CR Vermaak (voorsitter).

Sekundi (opgeroep soos wat nodig was):

Di. AP Boshoff, RJ Pretorius en P Janse van Rensburg in dié volgorde soos aangewys deur die Veertiende Sinode.

Op 31 Augustus 2014 het ds. MJ Hartzenberg geëmeriteer. Ds. AP Boshoff is in sy plek permanent opgeroep om die vergaderings by te woon en ds. PJ Möller is as ondervoorsitter verkies.

Nadat ds. JL Schütte die benoeming as dosent in Ekklesiologie aanvaar het, is ds. P Janse van Rensburg permanent opgeroep om die vergaderings by te woon.

Nadat ds. A Hough oorgegaan het na 'n ander lewenstaak, is ds. RJ Pretorius permanent opgeroep om die vergaderings by te woon. Ds. A Boshoff het die taak van skriba oorgeneem.

1.2 VERANDERINGE IN DOSEERPERSONEEL

Gedurende die tydperk van die verslag het 2 professore hul diens by die AP Akademie beëindig, nl. proff.dr. FAH van Staden (31 Maart 2015) en prof.dr. R. Marè (31 Desember 2015). Ds. JL Schütte is vanaf 1 Oktober 2015 in die departement Ekklesiologie as voltydse dosent benoem en dr. CA Swanepoel is vanaf 1 Januarie 2016 in die departement Dogmatologie as voltydse dosent benoem.

Ds. JL Schütte is vanaf 1 Januarie 2017 as direkteur van kerkadministrasie benoem. Aangesien daar tans nie 'n geskikte kandidaat as dosent in Ekklesiologie beskikbaar is nie, is daar met die GKK onderhandel dat ds. Schütte die vakke in Ekklesiologie deeltyds sal aanbied totdat daar 'n geskikte kandidaat vir 'n voltydse aanstelling beskikbaar is. Gevolglik is die voltydse pos in die departement Ekklesiologie tans vakant.

AANBEVELING

1.2.1 Die Sinode beveel aan dat die Kieskollege, sodra moontlik en in ooreenstemming met die ooreenkoms met die Raad van die AP Akademie, die vyfde leerstoel moet vul.

2. VERGADERINGS

Die Veertiende Kuratorium het tot op datum van die verslag se voorbereiding **10** keer vergader: 5 September 2013, 19 September 2013, 21 en 22 Januarie 2014, 15 Oktober 2014, 27 en 28 Januarie 2015, 28 Augustus 2015, 26 en 27 Januarie 2016, 20 Oktober 2016, 1 en 2 Januarie 2017 asook 18 en 19 April 2017.

Op 27 Augustus 2015 het die Kieskollege, volgens die opdrag in die ooreenkoms tussen die AP Akademie en die AP kerkverband, onder leiding van die Kuratorium vergader.

As gevolg van die begroting wat aan die Kuratorium toegestaan is, kon daar slegs twee keer per jaar vergader word. In uitsonderlike gevalle kon nog 'n vergadering per jaar gereël word. Die werksaamhede van die Kuratorium, wat kontak met studente en dosente asook onderhoude met nuwe aansoekers insluit, vereis dat die vergaderings kwartaalliks moet plaasvind m.a.w. vier vergaderings per jaar.

AANBEVELINGS

2.1.1 Die Sinode neem kennis van die aantal kere wat die Kuratorium vergader het.

2.2.1 Die Sinode neem kennis van die Kieskollege wat vergader het.

2.3.1 Die Sinode besluit dat daar in die begroting ruimte gemaak moet word dat die Kuratorium kwartaalliks kan vergader.

3. DAGBESTUUR

Die Dagbestuur het nie amptelik vergader nie. Indien daar dringende besluite geneem moes word, is daar elektronies met die volle Kuratorium gekorrespondeer. Elektroniese besluite is by daaropvolgende Kuratorium vergaderings as deel van die notule bygevoeg.

4. AANSOEKE OM PREDIKANTSTATUS

Die Kuratorium het sedert Sinode 2013 sewe aansoeke vir die toekenning van predikantstatus ontvang waarvan die volgende broeder toegelaat is:

Ds. A (Arno) Nieuwhof – 20 Oktober 2016. Hy is beroepbaar gestel en het die beroep na die AP Kerk Ellisras opgevolg.

Sodra 'n aansoek om status ontvang word, word daar vanuit die Kuratorium 'n subkommissie aangewys om die aansoek te ondersoek. Met die terugrapportering van die subkommissies is daar meermale gerapporteer dat daar leerstellige leemtes by die aansoeker is. Die Kuratorium het die AP Akademie versoek om te help met die opstel van 'n oorbruggingskursus wat aansoekers sal moet voltooi voor toelating.

Met sommige van die aansoeke het die Kuratorium die behoefte uitgespreek dat daar van betroubare psigometriese toetsing gebruik gemaak moet word.

Die Kuratorium het 'n prosedurelys opgestel wat tydens die ondersoek van 'n aansoek gebruik word. Dit sluit 'n vraelys in wat tydens die *Colloquium Doctum* as riglyn vir die ondervraging kan dien.

AANBEVELINGS

4.1 Die Sinode bid die predikant wat toegelaat en beroepbaar gestel is, t.w. ds. Arno Nieuwhof, die seën van die Here met sy bediening toe.

4.2 Die Sinode neem kennis van die aansoeke wat onsuksesvol was.

4.3 Die Sinode besluit dat daar in die toekoms van alle aansoekers verwag gaan word om 'n oorbruggingskursus by die AP Akademie te voltooi voor toelating.

4.4 Die Sinode besluit dat die Kuratorium van 'n aansoeker kan verwag om 'n psigometriese toets af te lê.

4.5 Die Sinode besluit dat die koste van die toets vanuit die Kuratorium se begroting betaal word.

4.6 Die Sinode neem kennis van die eenvormige wyse waarop aansoeke hanteer word.

5. BEHOUD VAN STATUS

Die Kuratorium het in die verslagtydperk behoud van status aan die volgende persone toegeken:

Ds. JL Schütte – 1 Oktober 2015 as dosent in Ekklesiologie.
Dr. CA Swanepoel – 1 Januarie 2016 as dosent in Dogmatiek.
Ds. HSW Strauss – 1 Februarie 2016 as Redakteur: *Die Boodskapper*.
Ds. JL Schütte – 1 Januarie 2017 as Direkteur van Kerkadministrasie.

Daar is 'n sinodebesluit dat net die direkteur van kerkadministrasie en die redakteur van *Die Boodskapper* status kan behou wanneer hulle tot hierdie poste benoem word en dat hulle soos voltydse teologiese dosente met beperkte opdrag deur gemeentes beroep kan word. Daar is egter geen sinodebesluite oor die registrateur van die AP Akademie nie.

Die huidige registrateur het status behou en is ook met beperkte opdrag beroep, omdat die posbeskrywing wat hy aanvaar het aanvanklik kerklike werk ingesluit het. Hy moes die band tussen die AP Akademie en die kerkverband versterk, hy moes gemeentes besoek, daar preek en die AP Akademie bemark. Hy moes ook enkele teologiese vakke kon doseer indien dit nodig sou wees.

Die werksomskrywing van die registrateur het in die laaste jare geweldig verander. Die AP Akademie is 'n akademiese instelling wat nie net teologiese studente oplei nie. Die taak van die registrateur is hoofsaaklik administratief, akademies en skakeling met die onderwysdepartement. Die registrateur is ook in diens van die AP Akademie, wat 'n akademiese instelling is en nie in diens van die kerkverband nie.

Die Kuratorium het besluit dat dit onbillik sou wees om die status van die huidige registrateur nou in gedrang te bring.

In die toekoms hoef die registrateur nie noodwendig 'n predikant te wees nie. Indien 'n predikant vir die pos van Registrateur benoem word, word hy losgemaak uit sy amp volgens Kerkorde Artikel 17 en gaan hy oor tot 'n ander lewenstaak. Daarmee sal hy sy status verloor. Hierdie werkswyse sal met die aanstelling van daaropvolgende registrateurs gevolg word.

AANBEVELINGS

5.1. Die Sinode neem kennis van die behoud van status wat deur die Kuratorium toegeken is.

5.2. Die Sinode neem kennis van die omstandighede waaronder prof.dr. SD Nel sy status as leraar behou het.

6. TEOLOGIESE STUDENTE VAN DIE AP AKADEMIE GELEGITIMEER

Die Kuratorium het vanaf 2013 die legitimasiegeleenthede gereël soos wat dit prakties moontlik was. Die volgende ses studente het gedurende die afgelope vier jaar hulle studies suksesvol by die AP Akademie voltooi en is deur die Kuratorium gelegitimeer en beroepbaar gestel:

2013
HJ (Henning) Dafel – Benoni/Kemptonpark
HJ (Hanno) Jones – George/Brakrivier

2015
F (Fredry) Pretorius – Potchefstroom

2016
GN (Gerhard) Blom – Christiana
LAF (Louis) Kirstein – Nelspruit
OG (Greyling) van Rooyen – Brits

Een student t.w. dr. FJJ (Fritz) Neveling, wat by SATS (South African Theological Seminary) gestudeer het, is op voorskrif en onder begeleiding van die Kuratorium, bygestaan deur die dosente van die AP Akademie, ná ontvangs van sy uitslae op 27 November 2013 gelegitimeer en beroepbaar gestel. Hy het die beroep na Carolina opgevolg en op 30 April 2016 geëmeriteer.

AANBEVELINGS

6.1 Die Sinode neem kennis van die legitimasiereëlings wat getref is.

6.2 Die Sinode neem kennis van die studente wat gelegitimeer is.

6.3 Die Sinode bid hierdie predikante die seën van die Here toe op hulle bediening.

7. VERLIES VAN STATUS

Sedert die Sinode van 2013 het die volgende tien persone die bediening verlaat:
PDF le Grange (31/10/2013), JL Joubert (18/02/2014), NJ Nell (31/08/2014), PJ Olivier jr. (15/11/2014), AE v.d. Berg jr. (30/04/2015), AC Jordaan (18/01/2016), A Hough (31/03/2016), MA Buys (31/12/2016), GJ Kruger (14/01/2017), en JF v.d. Merwe (21/01/2017).

Een van die redes waarom predikante die bediening verlaat, is die volgehoue druk wat daar op die predikante en hul huwelike ondervind word. Dit het al dikwels tot huweliksverbrokkeling gelei. Om dit te probeer aanspreek, het die Kuratorium ondersoek ingestel na ’n huweliksverrykingskursus wat spesifiek aandag gee aan die predikant en sy eggenoot. Met behulp van die GKK het van die Kuratore en hul eggenote so ’n kursus bygewoon en positief terugvoer gegee.

AANBEVELINGS

7.1 Die Sinode neem met leed kennis van die broeders wat status verloor het.

7.2 Die Sinode besluit dat die Kuratorium verder aandag moet gee aan huweliksverrykingskursusse vir leraars.

7.3 Die Sinode versoek kerkrade en lidmate om daadwerklik vir hulle pastoriepare se huwelike te bid.

7.4 Die Sinode besluit dat die Kuratorium saam met die GKK na maniere moet soek om die huweliksverrykingskursusse te finansier.

7.5 Die Sinode moedig kerkrade aan om te help met die finansiering van huweliksverrykingskursusse vir leraarspare.

7.6 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor ds. AM Appelgryn en mev. Susan Grobler vir die kursus wat aangebied is en moedig gemeentes aan om van hulle gebruik te maak vir die aanbied van huweliksverrykingskursusse.

8. SKAKELING MET DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE AKADEMIE

Volgens die Statuut van die Raad van die Akademie word twee lede van die Kuratorium uit eie geledere aangewys om op die Raad te dien. Die Kuratorium het di. MR Burger en WJA van Schalkwyk aangewys. Van die Kuratoriumlede het waar moontlik fisies of per internetverbinding as waarnemers ingesit by die eksamens wat deur die studente afgelê is.

AANBEVELINGS

8.1 Die Sinode neem met dank kennis van die verteenwoordiging van die Kuratorium op die Raad en die skakeling wat die kerkverband met die Akademie het by wyse van die Kuratorium.

8.2 Die Sinode neem kennis van die reëling dat die Kuratorium as waarnemers by die eksamens teenwoordig is.

9. SKAKELING MET TEOLOGIESE DOSENTE

Die Kuratorium het deurlopende skakeling met die teologiese dosente. Die Kuratorium is ná volgehoue gesprek en betrokkenheid by die AP Akademie steeds daarvan oortuig dat die AP Akademie, as suiwere gereformeerde instelling, aan alle akademiese, kerklike en leerstellige vereistes van die AP kerkverband voldoen.

Indien die permanente dosente gebruik wil maak van hulp deur tydelike dosente, is die reëling dat hulle vooraf toestemming by die Kuratorium moet kry. Die permanente dosent bly verantwoordelik vir die inhoud van die werk wat deur die tydelike dosent aangebied word.

AANBEVELINGS

9.1 Die Sinode neem met dank kennis dat al die dosente, asook die AP Akademie self, as suiwere gereformeerde instelling aan alle akademiese, kerklike en leerstellige vereistes van die AP kerkverband voldoen.

9.2 Die Sinode betuig opnuut sy dank en waardering vir die werk wat die dosente by die AP Akademie doen.

9.3 Die Sinode neem kennis van die werkswyse wat gevolg word indien 'n tydelike dosent gebruik word en moedig die gebruik van sulke persone aan.

10. OMSENDBRIEF AAN EMERITI

Die Veertiende Sinode het opdrag gegee dat die ondervoorsitter van die Kuratorium die omsendbrief sal reël. Ds. MJ Hartzenberg het dit hanteer tot en met sy emeritaat. Aangesien hy a.g.v. gesondheidsprobleme nie kans gesien het om dit verder te hanteer nie, is dit in die bekwame hande van ds. DJ Malan toevertrou.

AANBEVELING

10.1 Die Sinode neem met dank kennis van di. MJ Hartzenberg en DJ Malan wat bereid was om die omsendbrief te hanteer.

11. TEOLOGIESE BEGELEIDING VAN STUDENTE EN VOOGSKAPPE

Die Kuratorium het ooreenkomstig sy lasgewing (*Kerkorde 2014*, pt. 12, bl. 179) heelwat aandag aan sy betrokkenheid by en begeleiding van die teologiese studente gegee. Die Kuratorium het voortgegaan om reeds aan die begin van die eerste studiejaar aan elke teologiese student 'n voog/mentor toe te ken wat hom deur sy hele studieloopbaan moet bystaan. Dit was nie noodwendig iemand uit die Kuratorium gewees nie. Daar is ook voogde aangewys vir die twee dames t.w. susters M Brink en C Möller. Hierdie voog/mentor kan ook die plaaslike predikant wees waar hierdie student vandaan kom.

Die Senaat en/of Kuratorium kan probleme met die voog/mentor bespreek, wat dit op 'n persoonlike vlak met die student moet opneem. Die voogde/mentors moet jaarliks verslae indien oor geloofsekerheid, geestelike groei en volwassenheid by studente. Dit kan ook aanbeveel word dat die student een van sy praktiese geleenthede by sy voog/mentor moet doen. Hierdie mentorskap kan ook baie vir die jong predikant beteken wanneer hy in 'n gemeente begin. Hy het dan reeds iemand vir wie hy gedurende die ses jaar van sy studies goed leer ken het, en wat hom ook baie goed ken.

Die Kuratorium het kennis geneem dat die AP Akademie vir die teologiese studente 'n elokusie-kursus aanbied. Die AP Akademie het egter versoek dat die kerkverband help met die koste van die kursus.

Die Kuratorium het in die begeleiding van die studente vasgestel dat daar 'n behoefte is vir 'n program (kursus) waarin aandag gegee kan word aan die studente se persoonlike optrede. Daar is alreeds begin om ondersoek in te stel na 'n gepaste kursus wat inhoudelik tot voordeel van die studente kan wees, dit bly egter ook 'n finansiële uitdaging om dit te laat realiseer.

Die Kuratorium het besluit om psigometriese toetse vir B.A.-studente in hulle derde jaar in te stel. Dit is 'n uitbreiding van 'n besluit om enige aansoeker te versoek om psigometriese toetse te ondergaan. Die doel van die toetse is om vroegtydig 'n behoefte by ons teologiese studente aan te dui sodat 'n deeglike pastorale pad van begeleiding gestap kan word waar dit nodig blyk te wees.

AANBEVELINGS

11.1 Die Sinode neem met dank kennis van die voortgesette skakeling tussen die Kuratorium en studente.

11.2 Die Sinode besluit dat die Kuratorium versoek word om, sover moontlik, voorsiening te maak in die begroting vir maksimale betrokkenheid by en skakeling met die teologiese studente.

11.3 Die Sinode neem kennis van die werkswyse van die Kuratorium rakende voogde en mentors van die teologiese studente.

11.4 Die Sinode neem kennis van die ondersoek wat gedoen is om 'n geskikte persoonsontwikkelingskursus saam te stel vir studente.

11.5 Die Sinode besluit dat die Kuratorium in samewerking met die GKK ondersoek moet instel na die finansiering van 'n persoonsontwikkelingskursus.

11.6 Die Sinode besluit dat die Kuratorium van voornemende teologiese studente kan verwag om 'n psigometriese toets af te lê en om daarvoor te begroot.

12. VOORTGESETTE TEOLOGIESE OPLEIDING VAN PREDIKANTE

Die Sinode van 1999 het besluit op verpligte voortgesette teologiese opleiding (VTO) van predikante (*Handelinge 1999*, pt. 7.2.2, bl. 503). Die Kuratorium het die volgende voorstel aan die teologiese dosente gemaak rakende VTO:

'n Sertifikaat word ontwerp vir VTO, soortgelyk aan kinders se verbondsonderrig-diploma. Die sertifikaat word gevul met seëls wat sekere krediete verteenwoordig. Wanneer 'n sertifikaat volgemaak is, reik die AP Akademie 'n amptelike VTO-diploma uit. Hierdie diploma word by 'n predikant se kwalifikasies erken as prestasie in die *Kerkjaarboek* . Meer as een diploma kan verwerf word waarvoor erkenning gegee kan word bv. VTO-diploma, VTO-diploma 2, ensovoorts.

'n Aantal krediete (bv. 25) moet uit ten minste drie departemente behaal word voordat 'n VTO-diploma uitgereik kan word.

Krediete word toegeken op vier vlakke:

Vlak 1 Bywoning van 'n Teologiese Dag, Predikantekonferensie, Teologiese Werkgemeenskap of soortgelyke teologiese konferensie(s): **1 krediet**.
Vlak 2 Werkstuk gelewer (Intreevlak): **2 Krediete** word verwerf vir 'n werkstuk of toets wat afgelê word n.a.v. 'n Teologiese Dag, Konferensie of Werkgemeenskap.
Vlak 3 Werkstuk (Intermediêr): **3 Krediete** word verwerf wanneer 'n dominee bv. 'n kort kursus ontwikkel of referaat lewer by 'n Teologiese Dag, Predikantekonferensie, Teologiese Werkgemeenskap of soortgelyke geleenthede.
Vlak 4 Werkstuk (Gevorderd): **5 Krediete** word verwerf vir gevorderde studie, bv. met 'n gepubliseerde navorsingsartikel wat gelewer word, 'n kursus wat gevolg is by 'n erkende instansie (bv. 'n beradingskursus by 'n erkende universiteit), ensovoorts.

AANBEVELINGS

12.1 Die Sinode keur goed dat die VTO-toekennings en sertifikate geïmplementeer word, met inagneming van die AP Akademie se ontwikkeling van die B.Div.-program.

12.2 Die Sinode neem met dank kennis van die geleenthede vir verdere teologiese opleiding wat in die kerkverband bestaan.

13. PREDIKANTEKONFERENSIE OF -VERGADERING

Die Sinode van 1997 (*Handelinge 1997*, bl. 292, pt. 6.3.3) het al 'n beroep op predikante gedoen om die predikantekonferensies by te woon. Die Sinode van 2004 (*Handelinge 2004*, bl. 351, pt. 50), het die volgende besluit oor predikantevergaderings geneem:

Die Sinode besluit dat daar jaarliks/tweejaarliks 'n predikantevergadering (algemeen of provinsiaal) gehou word. Die vergadering sal geen besluitnemende opdrag hê nie, maar 'n toerustende en broederlike karakter dra. Daar moet by die predikantevergadering beslis

geleentheid tot bespreking en gedagtewisseling wees. Die Sinode besluit dat die Kuratorium hierdie saak reël.

Die Sinode het toe ook kerkrade versoek om dit vir hulle predikante moontlik te maak om sodanige geleenthede by te woon aangesien dit 'n skolings- en opknappingsgeleentheid is.

In 2010 is die Afrikaanse Protestantse Teologiese Vereniging (APTV) in die lewe geroep en het die Sinode (*Handelinge 2010*, bl. 257, pt 14) besluit dat die Kuratorium ook die APTV moet betrek by die reëlings.

Hierdie opdragte van die Sinode is in 2014 en 2016 uitgevoer. Die reëlings hiervoor is grootliks deur die SKK hanteer en het saamgeval met die landswye susterskonferensies wat aangebied is.

AANBEVELINGS

13.1 Die Sinode neem met dank kennis van die geleenthede wat gereël word wat predikante op 'n vrywillige basis kan bywoon.

13.2 Die Sinode dra dit aan kerkrade en predikante op om gebruik te maak van die geleenthede en versoek kerkrade om dit vir hulle predikante moontlik te maak om VTO-geleenthede by te woon.

14. WILLIE LUBBE TEOLOGIESE STUDIEFONDS (WLTSF)

Die Willie Lubbe Teologiese Studiefonds is een van die fondse waaruit voorgraadse en nagraadse teologiese studente finansiële hulp van die kerkverband af ontvang.

AANBEVELINGS

14.1 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor gemeentes en indiwidue wat oor baie jare heen gehelp het om die WLTSF daar te stel (kyk Bylae KUR1).

14.2 Die Sinode versoek kerkrade en gemeentes om, afgesien van die naaste Sondag aan die datum van kerkstigting, naamlik 27 Junie, ook tydens Pinkster op 'n wyse soos deur die kerkraad besluit, 'n kollekte vir die WLTSF te hou.

14.3 Die Sinode versoek lidmate om by wyse van erflatings die WLTSF aan te vul.

15. SUBKOMMISSIE: BEURSE EN LENINGS

Die Kuratorium het 'n subkommissie benoem vir die hantering van aansoeke vir beurse en lenings om sy werksaamhede te bevorder en te bespoedig. Die Kommissie het bestaan uit di. CR Vermaak (voorsitter) en PJ Möller (ondervoorsitter) asook mnr. GJ Jansen van Rensburg (rekenmeester).

Die Kuratorium het gedurende die verslagtydperk **lenings** ten bedrae van R113 050,00, **behoeftebeurse** van R253 300,00 en **prestasiebeurse** van R150 000,00 uit die WLTSF toegeken. Die totale uitbetaling wat gemaak is, beloop R516 350,00.

Die AP Akademie het die Kuratorium versoek om studente in staat te stel om die LOGOS-rekenaarpakket aan te koop. Indien 'n student die behoefte om hulp het, kan hy as deel van sy WLTSF-lening, geld ontvang om die aankope te doen.

In die verlede is daar 'n lewenspolis op die lener se naam uitgeneem as sekuriteit vir die lening. Aangesien die WLTSF dit nou kan bekostig, dra die fonds self die risiko en word daar nie meer van die lewenspolisse gebruik gemaak nie.

Ongelukkig is daar van die predikante wat versuim om hulle lenings terug te betaal. Die Kuratorium het 'n versoek aan hulle gerig om die nodige reëlings te tref vir afbetaling sodra moontlik. Sou 'n predikant egter nie op die versoek reageer nie sal die Kuratorium in die toekoms die kerkraad van die gemeente waar die predikant in die bediening is, kontak om te help met die invordering van die uitstaande geld.

Dit gebeur dat predikante wat afstudeer en gelegitimeer word spoedig daarna die bediening verlaat. Die implikasie hiervan is dat die kerkverband so 'n persoon gesubsidieer het en nou nie die voordeel daarvan ontvang nie. Die Kuratorium ondersoek die moontlikheid om die studente voor die aanvang van hul studies kontraktueel te verbind om verantwoordelikheid te aanvaar vir die totale subsidie sowel as lenings wat hulle ontvang het, sou hulle die bediening binne 'n bepaalde tyd verlaat.

AANBEVELINGS

15.1 Die Sinode neem met dank kennis van die beurse en lenings wat uitbetaal is.

15.2 Die Sinode neem met dank kennis van die hulp wat aan studente gegee word om die LOGOS-program aan te koop.

15.3 Die Sinode neem kennis dat die WLTSF self die risiko dra vir geldelike verliese sou 'n student dalk afsterwe.

15.4 Die Sinode neem met leed kennis daarvan dat daar predikante is wat versuim om hul ereplig na te kom deur nie hul uitstaande lenings te betaal nie.

15.5 Die Sinode besluit dat die Kuratorium kerkrade se hulp kan vra om uitstaande leningskuld in te vorder.

15.6 Die Sinode besluit dat studente kontraktueel verplig kan word om verantwoordelikheid te aanvaar vir die totale subsidie sowel as lenings wat hulle ontvang het, sou hulle binne 'n bepaalde tyd die bediening verlaat en versoek die GKK om sodanige kontrakte op te stel.

16. ADVIESE GEVRA

Die Kuratorium het kennis geneem van sommige predikante wat hulself skuldig maak aan tentmakerbediening en dit opgeneem met die predikante, betrokke kerkrade en ringe. Aangesien daar onduidelikheid bestaan oor wat alles onder tentmakerbediening ingesluit kan word, is daar van die KKCE advies gevra oor die aangeleentheid.

Ná die Sinode van 2013 is daar predikante wat status as gevolg van egskeiding verloor het. Die Sinodebesluit meld dat so 'n predikant eers ná drie jaar weer by die Kuratorium aansoek kan doen om herstel van status. Daar is egter predikante wat binne die drie jaar tydperk aansoek gedoen het om herstel van status. Die Kuratorium het by die KKS advies gevra om te bepaal of die Kuratorium by magte is om so 'n aansoek te oorweeg.

AANBEVELINGS

16.1 Die Sinode neem kennis dat sommige predikante hulle aan tentmakerbediening skuldig maak en dat kerkrade en ringe onwillig is om die oortreding daarvan te beëindig.

16.2 Die Sinode neem kennis dat die KKS se advies duidelik daarop dui dat die Kuratorium nie by magte is om binne drie jaar 'n aansoek om herstel van status van 'n predikant wat status a.g.v. egskeiding verloor het, te oorweeg nie.

16.3 Die Sinode neem kennis dat die KKS se advies oor 'n predikant wat status a.g.v. egskeiding verloor het daarop dui dat indien 'n predikant binne drie jaar

nadat status verloor is, wil aansoek doen om herstel van status, dit slegs by ’n sinodesitting kan plaasvind en wel deur middel van 'n beswaarskrif.

17. HERDENKING VAN DIE REFORMASIE

Die Herdenkingsgeleentheid is gereël. Kyk verslag van die SKK.

18. DIE OOREENKOMS TUSSEN DIE AP AKADEMIE EN GKK

Die Kuratorium was behulpsaam met die hersiening van die ooreenkoms tussen die AP Akademie en die GKK.

19. BESKRYWINGSPUNT

Geen beskrywingspunte is ontvang nie.

20. BESWAARSKRIFTE

Geen beswaarskrifte is ontvang nie

21. SLOT

Hiermee vertrou die Kuratorium dat die kommissie sy taak tot bevrediging van die Sinode van die Afrikaanse Protestantse kerkverband uitgevoer het en dat die verslag ’n ware en getroue weergawe van die werksaamhede en aktiwiteite van die Veertiende Kuratorium is.

Di. CR Vermaak (voorsitter), PJ Möller (ondervoorsitter), A Boshoff (skriba).

AFDELING B: DIE AP AKADEMIE

1. INLEIDING

Die Vyfde Raad van die AP Akademie doen hiermee verslag aan die Vyftiende Sinode van die AP Kerk vir die periode vanaf die Veertiende Sinode tot einde Maart 2017.

2. PRIVAAT TERSIÊRE INSTITUUT

Die AP Akademie is kragtens die Onderwyswet nr. 101/1997 deur die Onderwysdepartement steeds geregistreer as ’n Privaat Tersiêre (Hoër Onderwys) Instituut, Registrasiesertifikaat Nr. 1999/HE08/001.

3. MAATSKAPPY SONDER WINSOOGMERK

Aan die Veertiende Sinode is gerapporteer dat die AP Akademie volgens die eis van bogemelde Wet as ’n Artikel 21 Maatskappy geregistreer was. Volgens vereistes van die Departement van Onderwys en die Maatskappyewet, is die AP Akademie as ’n maatskappy sonder winsoogmerk geregistreer en word dit sedertdien by die naam van die instelling aangedui, nl. Die Afrikaanse Protestantse Akademie MSW, registrasienommer 2002/031756/08.

4. REGSPERSOON

Die AP Akademie MSW, registrasienommer 2002/031756/08, is as regspersoon geregistreer.

5. SAMESTELLING VAN DIE RAAD

Die Statuut van die Raad bepaal dat die Raad soos volg saamgestel word:

- Die Visekanselier of Rektor van die AP Akademie,
- Die Registrateur,
- ander lede van die Raad tot die maksimum van sewentien (17) lede, bestaande uit die volgende benoemings:
    - Deur die AP Kerk 7
    - Deur die AP Akademie wat saamgestel word uit:
        - Die Senaat 2
        - Die Studenteraad 1
        - Die Konvokasie 2
        - Die AP Akademie Trustfondsraad 2
        - Die burgerlike samelewing (maksimum) 3

Die Dertiende Sinode (*Handelinge 2010*, bl. 271, pt. 5) het, wat die benoeming van die sewe lede van die AP Kerk betref, soos volg besluit:

Die Sinode besluit op 'n 'modus operandi' vir die benoeming van die sewe lede en dit word aanbeveel dat dit soos volg sal geskied:

- *Vier lede word deur die Sinode benoem - afgevaardigde ouderlinge.*
- *Twee lede word die Kuratorium benoem.*
- *Een lid word deur die GKK benoem.*

In die lig van die Sinodebesluit van 2013, (*Handelinge 2013*, bl. 300, pt. 5), is die ampstermyn van lede van die Raad van drie jaar na vier jaar verleng.

5.1 Samestelling

Die Vyfde Raad is ná die Veertiende Sinode sedert November 2013 soos volg saamgestel:

Prof.dr. JAE Adendorff (Visekanselier en Rektor), mnr. W Becker (AP Kerk), ds. MR Burger (Kuratorium), mnr. J Brink (Studenteraad), mnr. JHE du Plessis (GKK); ds. IP du Preez (Kanselier - seremonieel), mnr. AG du Toit (AP Kerk), ds. AJ Ferreira (Konvokasie), prof.dr. N Joubert (ICP), mnr. GJ Jansen van Rensburg (Trustfondsraad), prof.dr. R Marè (Senaat), prof.dr. SD Nel (Registrateur), mnr. WDR Scholtz (AP Kerk), prof.dr. GDS Smit (Senaat), ds. WJA van Schalkwyk (Kuratorium), mnr. AS Schutte (AP Kerk), ds. W van Zyl (Konvokasie).

Kragtens die Statuut dien die voorsitter van die Studenteraad ook op die Raad. Die volgende Studenteraadsvoorsitters het as lede van die Vyfde Raad gedien:

2014: Mnr. J Brink
2015: Mnr. TG van der Merwe
2016: Me. A Eckhardt
2017: Mnr. C Bester

5.2 Wisseling van lede

Die primarius-lid deur die Veertiende Sinode aangewys, mnr. W Becker, het ná die tweede vergadering bedank en mnr. HR Lemmer, tweede sekundus (*Handelinge 2013*, bl. 307, pt. 143) is vir alle verdere vergaderings van die Vyfde Raad opgeroep. Die eerste sekundus, mnr. JHE du Plessis, is deur die GKK benoem en was dus reeds lid van die Vyfde Raad.

Kragtens die Statuut kan tot drie lede van die burgerlike samelewing op die Raad benoem word. In 2014 is mnr. K Blignaut (AP Kerk Verwoerdburg), 'n arbeidsadviseur, op die Raad benoem en in 2016 is mnr. MJ Greyling (AP Kerk Groblersdal), 'n ouditeur en maatskappykundige, op die Raad benoem. Volgens besluit van die Raad verval ook hierdie benoemdes se lidmaatskap op die Raad ongeag die datum van benoeming, saam met dié van die ander verkose lede.

5.3 Vergaderings

Die Vyfde Raad van die AP Akademie het **tien** keer vergader, t.w 24 Oktober 2013, 22 Januarie 2014, 30 Oktober 2014, 11 Maart 2015, 22 Oktober 2015, 9 Maart 2016, 27 Junie 2016, 19 Oktober 2016 en 9 Maart 2017. Daar het ook een buitengewone vergadering van die Raad op 23 Junie 2015 plaasgevind.

'n Nuwe Raad sal ná die Sinode volgens die Statuut saamgestel word en die nuwe Raad sal ingestel word by die eersvolgende gradeplegtigheid.

6. KANSELIER

Soos die Veertiende Sinode kennis geneem het, het ds. IP (Piet) du Preez se termyn as Kanselier aan die einde van 2013 verstryk. Tydens die eerste vergadering van die Vyfde Raad op 24 Oktober 2013, is ds. IP du Preez egter volgens Statuut, eenparig vir 'n tweede termyn as Kanselier van die Raad verkies.

AANBEVELINGS

6.1 Die Sinode betuig sy dank en waardering aan ds. IP du Preez vir die twee ampstermyne as Kanselier van die Raad van die Afrikaanse Protestanste Akademie.

6.2 Die Sinode gee graag erkenning aan ds. IP du Preez vir die besondere bydrae tot die AP Akademie en wyse waarop hy die Akademie verteenwoordig het.

7. VISE-KANSELIER/REKTOR

Die rektor is *ex officio* vise-kanselier van die Raad. Op die Raadvergadering van Junie 2008 is prof.dr. JAE Adendorff as rektor vir die termyn van vyf jaar verkies met ingang vanaf 1 Januarie 2009. Op die Raadsvergadering van 14 Maart 2013, is prof.dr. JAE Adendorff vir 'n tweede termyn tot 31 Desember 2018 as rektor en vise-kanselier aangewys soos bepaal word deur die Statuut (Statuut, bl. 21, pt 2.9).

AANBEVELINGS

7.1 Die Sinode spreek besondere dank uit teenoor prof.dr. JAE Adendorff vir die werk as rektor en dosent aan die AP Akademie.

7.2 Die Sinode wens prof.dr. JAE Adendorff geluk met sy aanwysing as rektor en vise-kanselier vir 'n tweede termyn van vyf jaar.

8. FAKULTEITE EN PROGRAMME

8.1 LETTERE EN WYSBEGEERTE (B.A. en B.Psig.)

Die B.A.- en B.Psig.-programme was onderhewig aan herakkreditasie vanaf 2014. In 2014 is 'n selfevaluasieverslag ten opsigte van dié twee programme aan die CHE (Raad op Hoër Onderwys) gestuur en voorlopige akkreditasie is verleen tot einde 2015. Sedertdien word akkreditasie op 'n termyngrondslag verleen, onderhewig aan die uitkoms van kampusbesoeke wat van die CHE ontvang is. In 2015 en 2016 het die AP Akademie besoeke van die CHE ontvang.

Ná die besoek van die CHE in April 2015 is 'n verslag van die CHE in November 2015 ontvang waarin enkele sake geïdentifiseer is waaraan dringend aandag gegee moes word. Dit het hoofsaaklik gehandel oor 'n volledige werksladingsanalise van alle akademiese- en administratiewe personeel, asook die verskil in onderrig en leer tussen die twee kampusse. Die werksladingsanalise was 'n groot, maar minder problematiese taak. Aan die begin van Desember 2015 is 'n vergadering met die bestuur van die Germiston-kampus gehou om die

verskille tussen die twee kampusse te bespreek. Die moontlikhede wat bespreek is, was die volgende:

- Die ICP doen as kampus van die AP Akademie selfstandig nuut aansoek om 'n eie B.A.
- Die AP Akademie gee kennis dat die huidige B.A. by Germiston uitfaseer.
- Die B.A. word presies dieselfde by albei kampusse aangebied.

Die ICP is geleentheid gebied om oor gemelde moontlikhede te besin en self 'n besluit te neem, sodat dit nie onder dwang van die bestuur van die Pretoria-kampus moes plaasvind nie. Op Vrydag 11 Desember 2015 het die ICP kennis gegee dat hulle verkies dat die B.A.-program by die Germiston-kampus uitfaseer. Die CHE en die DHET (Departement van Hoër Onderwys en Opleiding) is onmiddellik van die besluit in kennis gestel en 'n volledige uitfaseringsplan is in 2016 aan die DHET en ook die CHE gestuur, waarin aangedui is dat die B.A. met onmiddellike effek vanaf Januarie 2016 by die Germiston-kampus uitfaseer word.

Wat die B.Psig. betref, het die HPCSA (Health Professions Council of South Africa) reeds in 2013 kennis gegee dat die B.Psig. by hulle gedeakkrediteer word. Die gevolglike implikasie was dat dié program dieselfde pad by die CHE sou loop en geen nuwe studente ingeneem sou kon word nie. Dit was inderdaad die geval en die AP Akademie het in 2014 kennis gekry dat die B.Psig. einde 2019 moet uitfaseer.

AANBEVELINGS

8.1.1 Die Sinode neem kennis dat die B.A.-graad by die Germiston-kampus (ICP) uitfaseer word en dat die uitfasering teen einde 2019 afgehandel moet wees.

8.1.2 Die Sinode neem kennis van die werksladingsanalise wat van alle akademiese en administratiewe personeel – tydelik, deeltyds en voltyds – gedoen is.

8.1.3 Die Sinode neem kennis dat die werksladingsanalise aangetoon het dat veral die voltydse teologiese dosente se werkslas te groot is.

8.1.4 Die Sinode neem kennis van die besluit van die Senaat dat die teologiese dosente se betrokkenheid hoofsaaklik teologiese opleiding is en dat die aanbieding van B.A.-vakke met ingang van 2016 drasties verminder is.

8.1.5 Die Sinode neem kennis van die versoek dat die teologiese dosente op nie meer as een permanente kommissie van die kerkverband dien nie.

8.1.6 Die Sinode neem kennis van die B.Psig.-graad wat teen einde 2019 uitgefaseer moet wees.

8.2 LETTERE EN WYSBEGEERTE – NGOS (Nagraadse Gevorderde Onderwyssertifikaat vir die Senior Fase en Verdere Opleiding- en Onderrigfase) (PGCE – Post Graduate Ceritificate in Education in Senior Phase and Further Education and Training)

Aan die Veertiende Sinode is gerapporteer dat daar gewerk word aan 'n onderwyskwalifikasie nadat 'n aanvanklike donateur geld bewillig het vir die ontwikkeling van sodanige kwalifikasie.

Die historiese verloop van die onderwyskwalifikasie aan die AP Akademie is aan die Sinode 2013 geskets (*Handelinge 2013*, bl. 212, pt. 8) en word daarom net kortliks herhaal.

Opvoedkunde as vak word aangebied sedert die B.A.-graad in 1999 geregistreer is. Studente voltooi 'n B.A.-graad by die AP Akademie waarna hulle volgens ooreenkoms met die Universiteit van Pretoria, 'n NGOS (Nagraadse Gevorderde Onderwyssertifikaat) kan verwerf. Dit is ook moontlik om 'n onderwyskwalifikasie by Unisa of die NWU te verwerf.

Die nood in die onderwys het daartoe gelei dat die Raad op sy vergadering van 29 Oktober 2009 in beginsel besluit het dat die registrasie van 'n eie onderwyskwalifikasie ondersoek moet word met inagneming van die finansiële implikasies. Die Sinode 2010 het besluit:

Die Sinode besluit dat die opleiding van onderwysers 'n saak van prioriteit is en versoek die Raad en die AP Akademie om deurlopend aandag aan die saak te gee en indien moontlik, 'n eie onderwyskwalifikasie te registreer.

Die Sinode 2010 het ook verder besluit:

Die Sinode doen 'n beroep op donateurs om die opleiding van onderwysers te steun met bydraes aan die AP Akademie Ondersteuningsfonds sodat 'n taakspan vir dié doel saamgestel kan word met verslag aan die volgende sinode.

Aan die begin van 2012 is gesprekke gevoer tussen lede van die Raad, die Senaat, enkele goedgesinde en belangstellende privaat indiwidue en professionele persone oor die registrasie van 'n eie onderwyskwalifikasie. Die Raad het toe ook 'n ruim skenking ontvang om die proses aan die gang te sit. Die ondersoek na die aard en inhoud van die kwalifikasie en hoe dit aangebied kan word, het in alle erns begin. Die aanvanklike loodskomitee het bestaan uit die Rektor, die Registrateur, die Dekaan van die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte, prof. Cor Basson, dr. Izak Marais en mev. MA Swanepoel (Dosent: Opvoedkunde). Twee onderwyskundiges is gekontrakteer om spesifiek aan die projek te werk.

Ná herhaalde pogings en talle wysigings is aansoeke by die CHE en die DHET ingedien. Intussen is hulp van 'n kurrikulumkundige vanaf 2016 bekom wat gehelp het met die appèl aan die CHE ten opsigte van die onderwyskwalifikasie en met die ontwikkeling van die teologiese kwalifikasie. 'n Onderwyskwalifikasie is een van die min kwalifikasies wat deur sowel die CHE as die DHET goedgekeur moet word. Op 8 Desember 2016 is bevestig dat die CHE die NGOS goedgekeur het, onderhewig aan goedkeuring van die DHET. Op 2 Maart 2017 het die DHET bevestig dat die NGOS deur hulle goedgekeur is. Met die voorbereiding van die verslag was daar intensiewe beplanning en voorbereiding aan die gang om alles in plek te kry sodat die onderwysprogram met ingang van 1 Januarie 2018 by die AP Akademie aangebied kan word.

AANBEVELINGS

8.2.1 Die Sinode dank ons hemelse Vader vir die verhoring van talle gebede en die akkreditering van 'n kwalifikasie aan die AP Akademie deur die onderwysowerhede.

8.2.2 Die Sinode betuig sy dank aan alle personeel van die AP Akademie en medewerkers vir die moeite, tyd en werk aan die daarstel van 'n onderwyskwalifikasie aan die AP Akademie.

8.2.3 Die Sinode neem met dank kennis van die implementering van die onderwysprogram vanaf 1 Januarie 2018.

8.3 TEOLOGIE – B.DIV.

8.3.1 AGTERGROND

Aan die Veertiende Sinode (*Handelinge 2013*, bl. 302), is gerapporteer dat die huidige kombinasie van 'n B.A.- en B.Th.-graad in die lig van die verandering aan die nasionale kwalifikasieraamwerk (HEQSF) sedert 2009 nie meer vir die CHE aanvaarbaar is nie en dat daar aan 'n nuwe teologiese kwalifikasie gewerk moet word. Die Sinode het goedgekeur dat die Raad, Kuratorium en die Senaat op 'n werkswyse besluit as die nuwe graad geïmplementeer word, sodat studente voor legitimasie en beroepbaarstelling steeds dieselfde vlak van teologiese opleiding as tans ontvang nadat hulle die nuwe graad voltooi het, al sou

dit beteken dat aansoek gedoen moet word vir een of twee verdere kwalifikasies by die Onderwysdepartement. Die Sinode het ook besluit dat die Senaat van die AP Akademie die nodige wysigings aan die teologiese graad van die AP Akademie kan aanbring en deur die Kuratorium aan die volgende Sinode verslag doen.

Volgens korrespondensie wat intussen van CHE ontvang is, word die huidige B.Th. teen 2019 uitgefaseer. Dit beteken dat die laaste studente-inskrywings vir die huidige graad in 2017 mag plaasvind. Dus moet daar vroeg in 2017 'n nuwe aansoek vir akkreditasie by die SA-owerhede dien. Die dosente het dus aan die werk gespring en groot werk gedoen in die ontwikkeling van 'n nuwe teologiese kwalifikasie vir die AP Akademie. Aangesien die Kuratorium kragtens hulle lasgewing ten nouste by hierdie saak betrokke is, is dié liggaam deur die Senaat versoek om saam te werk met die oog op die daarstelling van 'n nuwe leergang vir teologie-studente in terme van die hersiene nasionale kwalifikasieraamwerk. Gereelde kommunikasie het gevolglik tussen die Senaat en Kuratorium in dié verband plaasgevind.

8.3.2 VERANDERDE GRAADSTRUKTURE: 'N NASIONALE EN INTERNASIONALE VERGELYKING

Om insig in die strukturele ontwikkeling van teologiese opleiding in Suid-Afrika te verkry, is die graadstrukture van verskillende teologiese fakulteite met mekaar vergelyk. Uit die vergelyking het dit geblyk dat daar breë instemming is dat die teologiese opleiding verpak word in 'n voorgraadse professionele kwalifikasie, met een of twee daaropvolgende nagraadse kwalifikasies, wat meer praktykgeoriënteerd is. Die voorgraadse kwalifikasie by elke instelling kan ook met 'n meer akademiese kwalifikasie opgevolg word.

Internasionaal is die *curricula* van gelykwaardige instansies soos die Theologische Universiteit Kampen, Theologische Universiteit Apeldoorn en Mid-American Seminary onder oë geneem.

Die Senaat het in opvolging van bogenoemde navorsing prof. Dolf Britz, wat by die Vrystaatse Universiteit met kurrikulering getaak was, versoek om 'n nasionaal-gelykwaardige voorstel aan die Senaat voor te lê. Sy insette vertoon sterk ooreenkoms met die kurrikulum-aanpak van die Vrystaatse Universiteit, hoewel vir die eie aksente van die AP Akademie voorsiening gemaak is.

Na aanleiding van bogenoemde en gedagtig aan die kerklike eise, is nie net na die breë graadverpakking gekyk nie, maar ook in besonder rekening gehou met die kredietverdeling by ander teologiese fakulteite en so by 'n gemiddelde kredietverdeling per vak in die samestelling van vakke uitgekom.

8.3.3 VERGELYKING MET VROEËR

Verskeie dokumente is uit die AP Akademie-argief geraadpleeg sodat 'n vergelyking kon plaasvind met wat vroeër gedoen is. Volgens argiefstukke uit 1996 byvoorbeeld het die akademiese weekrooster (klastyd en eksamentyd) aanvanklik verloop vanaf Maandag tot Vrydag, 08:30–13:05, oor ongeveer 34 weke per jaar. Latere argiefstukke uit 2006 toon dat die akademiese werksdae verleng is: 08:00–15:45, terwyl daar by dieselfde aantal akademiese weke per jaar gehou is. Die jongste inligting uit die jaar 2017 toon dat gewerk word met 'n blokstelsel wat gemiddeld strek oor 36 akademiese weke per jaar, waarvan telkens 6 weke klas plus 3 weke eksamen per blok plaasvind. Die akademiese werksdae se ure het dieselfde gebly.

Oor die afgelope aantal jare het die akademiese studielas vir die student naasteby neergekom op 12 klasweke per semester.

Een van die veranderinge in vergelyking met vroeër hou verband met die kwessie van onderrig-leer. In die verlede was die hooffokus op die dosent wat lesings moes gee. Hoewel 'n mens nie van 'n gestandaardiseerde en eenvormige praktyk kan praat nie, toon

lesingmateriaal 'n werkslading van gemiddeld 100 bladsye se lesings per jaarvak en ongeveer die helfte daarvan vir 'n semestervak. Die totale tyd aan lesings in die klas bestee in al die vakke het jaarliks ongeveer 550 uur beloop – sowat die helfte van die teenswoordige minimum eis van 1200 studie-ure per jaar. 'n Student wat die lesingmateriaal van sekere vakke bemeester het, kon wel slaag, terwyl ander vakke bykomende voorgeskrewe boeke gehad het. Vir eksamens moes by sommige dosente wel ekstra uit die voorgeskrewe boeke bygelees word om onderskeidings te behaal. Toets- en eksamenwerk het dikwels oor dieselfde materiaal gehandel. Leeswerk vir werkopdragte was insidenteel en sporadies soos deur individuele dosente bepaal.

Met die vestiging van die nasionale kwalifikasieraamwerk (NKR), sedert die instelling van SAQA in 1995 (Wet no. 58 van 1995) het die onderrig-leer in die afgelope jare verander, sodat die hooffokus vandag op die leerder val en wat die leerder van die werk bemeester. Dosente moet gestandaardiseerde studiegidse opstel wat doelbewus omgaan met intellektuele vordering (moeilikheidsgraad en kwalitatiewe leer) en omvang (volume van leer). Kontaksessies gaan oor studiebegeleiding eerder as lesings deur die dosent. Alle akademiese aktiwiteite word beplan en uitgevoer in terme van kredietwaardes. Die minimum maatstaf van 1200 akademiese ure per jaar, oftewel 120 krediete, word oor die verskillende dissiplines verdeel in afgebakende eenhede (6 x 20 krediete per dissipline per jaar, bv. 20 vir Dogmatologie en 20 vir OT en 20 vir NT, ens.), met veel meer leeswerk deur studente en rekenskap daaroor in die klas, werkopdragte, toetse en eksamen. Aanbiedings deur studente is meestal aan die orde met sowel formatiewe (monitor student se leervordering) as summatiewe (evalueer student se leervordering) assessering deur die dosent.

Die leergang van 1999 tree ná ses jaar studie uit op NKR vlak 7, terwyl die beoogde nuwe leergang wil uittree op minimum NKR vlak 8 en verkieslik 'n gevestigde NKR vlak 9.

8.3.4 'N UNIEKE BENADERING

Ná meer as 'n eeu van 'n neiging tot atomisering deur middel van vakspesialisasie in die onderskeie wetenskaplike dissiplines, verdien een van die beklemtonings in die huidige tyd erkenning. Groter klem word geplaas op interdissiplinêre benaderings. Om hierdie rede speel die identifikasie van brugdissiplines 'n belangrike rol. Die volgende vakgebiede word voorgedra as brugdissiplines: Bybelse teologie, Historiese teologie en Apologetiek. Met hierdie vakgebiede as brugdissiplines word gepoog om die geheelperspektief op die teologiese veld te herwin. Dit dra baie daartoe by dat die eenheidsvisie te midde van die veelheid behou word.

So 'n hermeneutiese benadering beteken ook verder dat elke vakgebied in die breë gekenmerk word deur eerstens 'n Bybels–teologiese benadering wat die vakgebied of 'n tema daarin aan die hand van die Openbaringsgeskiedenis (Skrifverhaal) peil. Tweedens word daar dan telkens in die historiese teologie nagegaan hoe die vakgebied of tema histories gegroei het. En derdens word daar nagegaan hoe om aan die hand van kulturele apologetiek met die vak of tema in wysheid uit te reik na diegene binne en buite die kerk vandag. Sentraal in hierdie werkwyse staan die analogiese benadering wat 'n ryk en boeiende geskiedenis in die Christelike tradisie het.

Vanuit die gebruik van Woord en sakrament voed hierdie benadering die verbeelding om die hele lewenswerklikheid verbondsmatig as gawe van die Drie-enige God te ontvang en so in gemeenskap met God te leef. Op hierdie wyse word 'n dualistiese lewenswyse effektief bekamp en die diepgang van die verbondsverhouding met God waarlik in ere gehou.

8.3.5 VOORGESTELDE 4-JARIGE B.Div.

Met bg. gegewens tot beskikking van die Senaat en Kuratorium is 'n breë voorlopige raamwerk as vertrekpunt vir die beoogde nuwe kurrikulum daargestel.

Jaar 1: Jaarvakke							
Groep	**Departement**	**Kode**	**Vaknaam**	**NKR**	**Kr 72**	**F/C/E**	**Inhoud**
Antieke Tale	Antieke Tale	GRK100	Grieks 1	5	24	FD	
Antieke Tale	Antieke Tale	HEB100	Hebreeus 1	5	24	FD	
Antieke Tale	Antieke Tale	LAT101/DTS101	Latyn/Duits	5	12	FE	
Ondersteuning	Studente-ondersteunings-dienste	ITM101	Akademiese geletterdheid	5	12	FG	

Jaar 1: Semester 1							
Groep	**Departement**	**Kode**	**Vaknaam**	**NKR**	**Kr 24**	**F/C/E**	**Inhoud**
Bibliologies	Ou & Nuwe Testament	BYT101	Inleiding tot Bybelse Teologie	5	12	C	Openbarings-geskiedenis
Dogmatologies	Dogmatiek	DOG101	Teologiese oriëntasie	5	12	C	Ensiklopedie

Jaar 1: Semester 2							
Groep	**Departement**	**Kode**	**Vaknaam**	**NKR**	**Kr 36**	**F/C/E**	**Inhoud**
Dogmatologies	Dogmatiek	DOG102	Inleiding tot Dogmatiek	5	12	C	Simboliek
Missiologies	Missiologie	MIS102	Inleiding tot die Missiologie	5	12	C	'n Bybelse, historiese en praktiese oorsig met die oog op Sending vandag
Ekklesiologies	Ekklesiologie	EKA102	Inleiding tot Ekklesiologie	5	12	C	Algemene Kerkgeskiedenis

Jaar 2: Jaarvakke							
Groep	**Departement**	**Kode**	**Vaknaam**	**NKR**	**Kr 60**	**F/C/E**	**Inhoud**
Antieke Tale	Antieke Tale	GRK200	Grieks 2	6	30	C	
Antieke Tale	Antieke Tale	HEB200	Hebreeus 2	6	30	C	

Jaar 2: Semester 1							
Groep	**Departement**	**Kode**	**Vaknaam**	**NKR**	**Kr 48**	**F/C/E**	**Inhoud**
Bibliologies	Ou Testament	OTW210	OT Wetenskap	6	12	C	Studie vd Pentateug
Bibliologies	Nuwe Testament	NTW210	NT Wetenskap	6	12	C	Studie vd Sinoptiese evangelies
Diakoniologies	Diakoniologie	DKG210	Diakoniologie	6	12	C	Gemeentebou
Ekklesiologies	Ekklesiologie	EKA210	Ekklesiologie	6	12	C	Kerkreg

Jaar 2: Semester 2							
Groep	**Departement**	**Kode**	**Vaknaam**	**NKR**	**Kr 36**	**F/C/E**	**Inhoud**
Bibliologies	Ou Testament	OTW220	OT Wetenskap	6	12	C	Studie vd Historiese Boeke
Bibliologies	Nuwe Testament	NTW220	NT Wetenskap	6	12	C	Studie van Handelinge en Algemene Briewe
Missiologies	Missiologie	MIS220	Missiologie	6	12	C	Godsdiensgeskiedenis

Jaar 3: Semester 1							
Groep	**Departement**	**Kode**	**Vaknaam**	**NKR**	**Kr 78**	**F/C/E**	**Inhoud**
Bibliologies	Ou Testament	OTW310	OT Wetenskap	7	12	C	Studie vd Profete
Bibliologies	Nuwe Testament	NTW310	NT Wetenskap	7	12	C	Studie van die Johannese literatuur
Ondersteuning	Lettere en Wysbegeerte	ITM201	Navorsings-metodologie	7	12	FG	
Diakoniologies	Diakoniologie	DKG310	Diakoniologie	7	12	C	Kategetiek
Ekklesiologies	Ekklesiologie	EKA310	Ekklesiologie	7	12	C	Suid-Afrikaanse Kerkgeskiedenis
Dogmatologies	Dogmatiek	DOG310	Dogmatiek	7	12	C	Openbaring, Godsleer en Etiek
Prakties	Diakoniologie	DWL310	Werkgebaseerde leer	7	6	E	Prakties in 'n gemeente

Jaar 3: Semester 2							
Groep	**Departement**	**Kode**	**Vaknaam**	**NKR**	**Kr 66**	**F/C/E**	**Inhoud**
Bibliologies	Ou Testament	OTW320	OT Wetenskap	7	12	C	Studie vd Geskrifte
Bibliologies	Nuwe Testament	NTW320	NT Wetenskap	7	12	C	Studie van die Pauliniese literatuur
Diakoniologies	Diakoniologie	DKG320	Diakoniologie	7	12	C	Liturgiek
Dogmatologies	Dogmatiek	DOG320	Dogmatiek	7	12	C	Christologie, Kerkleer en Etiek
Missiologies	Missiologie	MIS310	Missiologie	7	12	C	Godsdiens-spesialisasie: Afrika en Islam
Navorsing	Enige van die Departemente	ITM301	Navorsings-voorstel	7	6	C	Kies uit een van die 6 spesialiteits-rigtings

Jaar 4: Semester 1							
Groep	**Departement**	**Kode**	**Vaknaam**	**NKR**	**Kr 72**	**F/C/E**	**Inhoud**
Bibliologies	Ou Testament	OTW401	Ou Testament wetenskap	8	12	C	Intertekstuele Teologie
Diakoniologies	Diakoniologie	DKG410	Diakoniologie	8	12	C	Poimeniek en Pastorale Psigologie
Ekklesiologies	Ekklesiologie	EKA410	Ekklesiologie	8	12	C	Kerkreg en Kybernetiek
Dogmatologies	Dogmatiek	DOG410	Dogmatiek	8	12	C	Pneumatologie, Eskatologie en Etiek
Missiologies	Missiologie	MIS410	Missiologie	8	12	C	Sending-geskiedenis
Prakties			Werkgebaseerde Leer	8	12	E	Prakties in 'n gemeente

Jaar 4: Semester 2							
Groep	**Departement**	**Kode**	**Vaknaam**	**NKR**	**Kr 72**	**F/C/E**	**Inhoud**
Bibliologies	Nuwe Testament	NTW401	Nuwe Testament wetenskap	8	12	C	Intertekstuele Teologie
Diakoniologies	Diakoniologie	DKG420	Diakoniologie	8	12	C	Homiletiek
Ekklesiologies	Ekklesiologie	EKA420	Ekklesiologie	8	12	C	Kybernetiek
Dogmatologies	Dogmatiek	DOG420	Dogmatiek	8	12	C	Apologetiek
Missiologies	Missiologie	MIS420	Missiologie	8	12	C	Sendingteorie en -teologie
Navorsing	Enige van die Departemente	ITM401	Skripsie	8	12	C	Kies uit een vd 5 spesialiteits-rigtings

AANBEVELINGS

8.3.5.1 Die Sinode neem met dank kennis van die werk wat reeds gedoen is aan die daarstel van 'n nuwe teologiese kwalifikasie in lyn met die HEQSF.

8.3.5.2 Die Sinode neem kennis dat die Kuratorium deurgaans geken en op hoogte gehou is tydens die proses van die ontwikkeling van die nuwe teologiese kwalifikasie.

8.3.5.3 Die Sinode besluit dat daar volstaan word met 'n sesjarige teologiese opleiding ongeag die uitslag van die aansoek om akkreditering van die beoogde B.Div.-program of ander programme vir die vyfde en sesde jaar van opleiding, aangesien die Sinode meer besorg is oor die inhoud van die teologiese opleiding as die naam van 'n sertifikaat wat verwerf kan word.

8.3.5.4 Die Sinode neem kennis van die konsep vir die nuwe struktuur van teologiese opleiding.

8.3.5.5 Die Sinode spreek sy waardering uit vir die teologiese dosente en die Kuratorium se werk om binne die steeds veranderende onderwysomgewing, teologiese opleiding van die hoogste standaard te bly lewer en selfs te verbeter.

8.4 LANDBOUKWALIFIKASIE

In 2014 het gesprekke tussen TLU SA en die AP Akademie begin ten opsigte van die moontlike akkreditasie van 'n landboukwalifikasie. Hierdie gesprekke is gedurende 2015 voortgesit. Op 22 Oktober 2015 besluit die Raad amptelik, ná 'n ontmoeting met 'n afvaardiging van TLU SA, dat daar deur die AP Akademie aansoek gedoen moet word vir 'n landboukwalifikasie. Dit was van meet af aan deel van die ooreenkoms dat aansoek gedoen word vir die akkreditasie van 'n landboukwalifikasie sonder dat die Raad verantwoordelikheid neem vir koste en befondsing van die ontwikkeling en akkreditasieproses asook die infasering daarvan. Fondse van buite moes gevind word.

Fondse van buite die AP Akademie het dit inderdaad moontlik gemaak dat iemand in die persoon van mnr. Hannes de Villiers, voormalige dosent van die Landboukollege in Potchefstroom, aan die begin van 2016 vir 'n tydperk van ses maande gekontrakteer kon word om die proses aan die gang te sit. Ongelukkig het 'n gebrek aan fondse dit onmoontlik gemaak om die aanvanklike kontrak ná 'n tydperk van ses maande te hernu. Ná beplanning en herbesinning is 'n nuwe besigheidsplan opgestel. Die registrateur, prof.dr. SD Nel, in samewerking met die kurrikulumkundige van TUT, het voortgegaan om steeds momentum aan die proses te verleen. Daar moet egter dringend fondse gevind word. Mnr. De Villiers, as aangewese programkoördineerder, ondersteun egter steeds die projek waar moontlik sonder enige vergoeding.

AANBEBELINGS

8.4.1 Die Sinode neem met dank kennis van die besluit van die Raad van die AP Akademie om 'n landboukwalifikasie te ontwikkel.

8.4.2 Die Sinode betuig sy dank en waardering teenoor almal wat betrokke was en groot werk gedoen het in die proses om die landboukwalifikasie te ontwikkel.

8.4.3 Die Sinode neem met groot dank en erkenning teenoor ons hemelse Vader kennis van die uitbreiding ten opsigte van programme by die AP Akademie.

8.4.4 Die Sinode verseker die AP Akademie van volgehoue gebede en ondersteuning vir die ontwikkeling van die programme op klassiek-gereformeerde grondslag van waaruit die Bybels-Skriftuurlike begronding beter in hoër onderwys in Suid-Afrika gevestig en uitgebou kan word.

9. STUDENTEGETALLE (2014 – 2017)

2014	2015	2016	2017
B.A. 1 = 38 B.A. 2 = 26 B.A. 3 = 35	B.A. 1 = 26 B.A. 2 = 27 B.A. 3 = 27	B.A. 1 = 50 B.A. 2 = 15 B.A. 3 = 25	B.A. 1 = 35 B.A. 2 = 35 B.A. 3 = 21
Totaal = 99	**Totaal = 80**	**Totaal = 90**	**Totaal = 91**
B.Th. 1 = 0 B.Th. 2 = 5 B.Th. 3 = 1 **Totaal = 6**	B.Th. 1 = 5 B.Th. 2 = 0 B.Th. 3 = 6 **Totaal = 11**	B.Th. 1 = 1 B.Th. 2 = 5 B.Th. 3 = 3 **Totaal = 9**	B.Th. 1 = 3 B.Th. 2 = 1 B.Th. 3 = 7 **Totaal = 11**
Groottotaal = 105	**Groottotaal = 91**	**Groottotaal = 99**	**Groottotaal = 102**

Propedeutiese studente:

2014 KURSUS	2015 KURSUS	2016 KURSUS	2017 KURSUS
B.A. 1 = 4 B.A. 2 = 1 B.A. 3 = 3	B.A. 1 = 4 B.A. 2 = 4 B.A. 3 = 0	B.A. 1 = 5 B.A. 2 = 4 B.A. 3 = 3	B.A. 1 = 7 B.A. 2 = 3 B.A. 3 = 3
Totaal = 8	**Totaal = 8**	**Totaal = 12**	**Totaal = 13**

B.A.-studente sedert registrasie van die AP Akademie:
1999 – 14, waarvan 14 propedeutiese studente
2000 – 19, waarvan 17 propedeutiese studente
2001 – 26, waarvan 17 propedeutiese studente
2002 – 30, waarvan 16 propedeutiese studente
2003 – 27, waarvan 16 propedeutiese studente
2004 – 30, waarvan 16 propedeutiese studente
2005 – 37, waarvan 17 propedeutiese studente
2006 – 36, waarvan 19 propedeutiese studente
2007 – 40, waarvan 23 propedeutiese studente
2008 – 51, waarvan 20 propedeutiese studente
2009 – 47, waarvan 19 propedeutiese studente
2010 – 43, waarvan 21 propedeutiese studente
2011 – 55, waarvan 13 propedeutiese studente
2012 – 78, waarvan 15 propedeutiese studente
2013 – 81, waarvan 7 propedeutiese studente
2014 – 99, waarvan 8 propedeuriese studente
2015 – 80, waarvan 8 propedeutiese studente
2016 – 90, waarvan 12 propedeutiese studente
2017 – 91, waarvan 13 propedeutiese studente

AANBEVELINGS

9.1 Die Sinode neem met dank kennis van die konstante toename in studentegetalle by die AP Akademie.

9.2 Die Sinode spreek sy kommer uit oor die dalende getal teologiese studente vanaf die B.A.-jare, veral die jare 2013, 2014 en 2015, aangesien dit die beskikbaarheid van predikante in die AP kerkverband direk raak.

9.3 Die Sinode neem met groot dank kennis van die feit dat daar sedert 2016 weer 'n toename in teologiese studente is.

10. DEKANE

Die Dekane van die Fakulteite word volgens die Statuut elke twee jaar deur die Senaat verkies. Die afgelope tien jaar was die dekaanskappe soos volg:

2007:
Fakulteit Lettere en Wysbegeerte: Prof.dr. R Marè
Fakulteit Teologie: Prof.dr. GDS Smit

2009:
Fakulteit Lettere en Wysbegeerte: Prof.dr. GDS Smit
Fakulteit Teologie: Prof.dr. R Marè

2011:
Fakulteit Lettere en Wysbegeerte: Prof.dr. GDS Smit
Fakulteit Teologie: Prof.dr. R Marè

2013:
Fakulteit Lettere en Wysbegeerte: Prof.dr. GDS Smit
Fakulteit Teologie: Prof.dr. R Marè

2015:
Fakulteit Lettere en Wysbegeerte: Prof.dr. GDS Smit
Fakulteit Teologie: Prof.dr. J Bosman

Einde 2016:
Fakulteit Lettere en Wysbegeerte: Prof.dr. GDS Smit
Fakulteit Teologie: Prof.dr. CA Swanepoel (Waarnemend)

AANBEVELINGS

10.1 Die Sinode spreek sy dank en waardering uit teenoor die teologiese dosente wat vir baie jare as dekane van fakulteite opgetree het.

10.2 Die Sinode bedank prof.dr. GDS Smit wat sedert 2009 opgetree het as Dekaan vir die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte.

10.3 Die Sinode bedank prof.dr. R Marè wat vanaf 2009 tot en met sy uittrede aan die einde van 2015 as Dekaan van die Fakulteit Teologie opgetree het.

10.4 Die Sinode bedank prof.dr. J Bosman wat vir 'n gedeelte van 2016 as Dekaan van die Fakulteit Teologie opgetree het.

10.5 Die Sinode bedank prof.dr. CA Swanepoel wat sedert Oktober 2016 as waarnemende Dekaan van die Fakulteit Teologie opgetree het.

11. INSTITUUT VIR CHRISTELIKE SIELKUNDE

Dr. NL Joubert het die AP Akademie in Januarie 2001, kort na die AP Akademie se registrasie as privaat instelling vir hoër onderwys in 1999, genader met 'n voorstel om Christelike Sielkunde met die oog op 'n B.Pisg.-graad te ontwikkel en aan te bied. 'n Aansoek vir 'n addisionele kampus is op 30 Augustus 2002 deur die AP Akademie ingedien. In die jaarverslag van 2002 is reeds gerapporteer dat die ICP met onderrig in die B.A. begin het. Die addisionele kampus in Germiston is die Instituut vir Christelike Psigologie (ICP) genoem. Ná indiening van die aansoek is met die B.Psig. in 2007 begin. 'n Nuwe skriftelike ooreenkoms tussen die Raad van die AP Akademie en die ICP is ook op 30 Oktober 2014 onderteken. Soos in 8.1 hierbo vermeld, het 'n kampusbesoek van die CHE in 2015 daartoe gelei dat daar ernstig en opnuut besin moes word oor die sinvolheid van die bestaan van die ICP as addisionele kampus van die AP Akademie. In Desember 2015 is kennis gegee dat die B.A.-program by die ICP teen einde 2019 D.V. uitgefaseer word en daar is reeds kennis ontvang van owerheidsweë dat die B.Psig.-program ook einde 2019 uitgefaseer moet wees. Dit het ernstige implikasies vir die toekomstige samewerking tussen die AP Akademie en die ICP.

AANBEVELINGS

11.1 Die Sinode neem kennis van die verwikkelinge rondom die Germiston-kampus.

11.2 Die Sinode spreek sy dank uit teenoor prof.dr. Nicolene Joubert en die ICP vir die ongeveer 16 jaar se samewerking wat tussen die AP Akademie en die ICP bestaan het.

11.3 Die Sinode bid dat die uitfaseringsproses wat D.V. einde 2019 ten einde loop, glad sal verloop in die beste belang van die AP Akademie en die ICP.

11.4 Die Sinode spreek sy vertroue uit dat die Raad op besondere wyse en met groot verantwoordelikheid sal besin oor enige samewerking met die ICP ná 2019.

12. TEOLOGIESE DEPARTEMENTE, CURRICULA EN PERSONEEL (2017)

DEPARTEMENT OU TESTAMENT	
Prof.dr. JAE Adendorff (Hoof) – B.A, B.D., Nagr.Dipl.Teol., M.Th., D.Th. (Diakoniologie, UOVS)	
Vakverantwoordelikheid	Bybelse Hermeneutiek (1) Bybelse Kánongeskiedenis (1) OT Inleiding (3) OT Teologie (3) NT Teologie (3)

DEPARTEMENT NUWE TESTAMENT	
Prof.dr. GDS Smit (Hoof) – B.A., B.A. Hons., B.Th. (AP Akademie), M.A. (Grieks), M.A. (Sem. Tale), D.Litt. (Antieke Tale, UP)	
Vakverantwoordelikheid	NT Argeologie (2) NT Eksegese (3) NT Inleiding (3) NT Tekskritiek (1) OT Eksegese (3)

DEPARTEMENT DOGMATOLOGIE	
Prof.dr. CA Swanepoel (Hoof) - B.A., Dipl.Teol. (APA), M.A. (New Saint Andrews Kollege, VSA), M.Th., D.Th. (Dogmatiek, UVS)	
Vakverantwoordelikheid	Apologetiek (1) Christelike Etiek (3) Dogmatiek (3)

	Dogmageskiedenis (3) Simboliek (2) Sektekunde (1)

DEPARTEMENT EKKLESIOLOGIE	
Ds. JL Schütte (Hoof) – B.A., B.Th. (APA), M.A. (Teologie, UP)	
Vakverantwoordelikheid	Algemene Kerkgesk. (3) Vaderlandse Kerkgesk. (3) Kerkreg (3) Kybernetiek (3)

DEPARTEMENT DIAKONIOLOGIE	
Prof.dr. J Bosman (Hoof) – B.A., B.D., Th.M., Ph.D. (Diakoniologie, NWU)	
Vakverantwoordelikheid	Gemeentebestuur en –administrasie (1) Gemeentebou (3) Homiletiek (3) Homiletiek Prakties (3) Kategetiek (2) Liturgiek (1) Ministerium (½) Pastorale Psigologie (2) Poimeniek (3) Praktiese werk (3)

DEPARTEMENT MISSIOLOGIE	
Prof.dr. J Bosman (Hoof) – B.A., B.D., Th.M., Ph.D. (Diakoniologie, NWU)	
Vakverantwoordelikheid	Missiologie (3)

AANBEVELINGS

12.1 Die Sinode neem kennis daarvan dat prof.dr. FAH van Staden 31 Maart 2015 uitgetree het.

12.2 Die Sinode betuig besondere dank aan prof.dr. FAH van Staden vir sy onbaatsugtige en toegewyde werk eers by die Teologiese Skool en daarna met die aansoek om registrasie van die AP Akademie by die onderwysowerhede en die gepaardgaande akkreditasie van programme by die onderwysowerhede.

12.3 Die Sinode betuig besondere dank aan prof.dr. FAH van Staden vir jare se werk aan die uitbou van die AP Akademie en besonderlik die vestiging van die FAH van Staden-biblioteek.

12.4 Die Sinode neem kennis daarvan dat prof.dr. R Marè einde Desember 2015 finaal uitgetree het.

12.5 Die Sinode betuig besondere dank aan prof.dr. R Marè as een van die eerste geslag dosente van die aanvanklike Teologiese Skool vir die teologiese opleiding van predikante vir die AP Kerk.

12.6 Die Sinode betuig besondere dank aan prof.dr. R Marè vir sy harde werk en toewyding aan die saak van hoër onderwysopleiding aan die AP Akademie.

12.7 Die Sinode betuig besondere dank aan proff.dr. FAH van Staden en R. Marè vir hulle inisiatief met die B.A.-graad en hulle betrokkenheid in die program vir baie jare.

12.8 Die Sinode neem kennis dat daar in 2014 aanvanklik 'n tydelike ooreenkoms met die AP Kerk Gordonia gesluit is ten einde ds. JL Schütte se dienste te bekom vir werk in die Departement Ekklesiologie tydens prof.dr. FAH van Staden se ongesteldheid.

12.9 Die Sinode bedank ds. JL Schütte en die AP Kerk Gordonia daarvoor dat ds. Schütte in 2015 op tydelike basis by die AP Akademie gekontrakteer kon word.

12.10 Die Sinode neem kennis dat ds. JL Schütte in 2015 benoem is as teologiese dosent in die plek van prof.dr. FAH van Staden met ingang van 1 Oktober 2015.

12.11 Die Sinode neem kennis daarvan dat dr. CA Swanepoel in 2015 benoem is as teologiese dosent in die plek van prof.dr. R Marè met ingang 1 Januarie 2016.

12.12 Die Sinode wens prof.dr. CA Swanepoel geluk met sy benoeming en bevestiging asook sy professorale intreerede in Januarie 2017 en bid hom die ryke seën van die Here toe.

12.13 Die Sinode neem kennis daarvan dat prof.dr. SD Nel sy werk in die Fakulteit Teologie in 2016 beëindig het.

12.14 Die Sinode neem kennis dat ds. JL Schütte in 2016 die benoeming as Direkteur van Kerkadministrasie met ingang 1 Januarie 2017 ontvang en opgevolg het.

12.15 Die Sinode neem kennis dat die Raad van die AP Akademie, in oorleg met die Kuratorium van die AP Kerk en die GKK, 'n ooreenkoms gesluit het vir die voortgesette betrokkenheid van ds. JL Schütte by die teologiese opleiding totdat 'n geskikte kandidaat vir voltydse aanstelling bekom kan word.

12.16 Die Sinode betuig sy dank aan ds. JL Schütte vir die tyd wat hy as dosent aan die AP Akademie gewerk het en ook vir die voortgesette betrokkenheid by die AP Akademie.

13. PRAKTIESE OPLEIDING

13.1 HOMILETIEK PRAKTIES:

13.1.1 Klaspreke

Elke week lewer 'n student in sy vierde, vyfde of sesde jaar 'n klaspreek wat deur die dosent in Diakoniologie asook sy medestudente beoordeel word. Preekstowwe kom uit die Ou of Nuwe Testament, asook die belydenisskrifte.

13.1.2 Kritiekpreek

'n Student in sy vyfde jaar lewer 'n preek in 'n plaaslike kerk wat deur die dosent in Diakoniologie asook twee medestudente beoordeel word.

13.1.3 Proefpreek

'n Student in sy sesde jaar lewer 'n proefpreek in 'n plaaslike kerk onder leiding en toesig van 'n dosent, wat dit beoordeel en 'n akademiese punt daarvoor toeken. Twee kuratore woon ook die proefpreek by en beoordeel dit as deel van die kerklike eksamen.

13.1.4 Pinksterbyeenkomste

Al drie jaargange is verplig om jaarliks in 'n plaaslike kerk Pinksterdienste waar te neem soos gereël met plaaslike kerkrade en met die goedkeuring van en verslag aan die dosent in Diakoniologie.

13.2 PRAKTIESE WERK IN ’N PLAASLIKE KERK

Praktiese werk word in oorleg met die dosent in Diakoniologie gereël.

13.2.1 Reëlings tot 2008

Alle teologiese studente in hulle vierde, vyfde en sesde studiejare was tot 2008 verplig om tien dae per jaar allesinsluitende praktiese werk in ’n plaaslike kerk onder leiding van die plaaslike leraar te doen. Sesdejaarstudente kon alternatiewelik die voorgeskrewe praktiese werk in ’n gemeente met ’n vakante leraarspos onder leiding van die ouderlingeraad doen.

13.2.2 Reëlings vanaf 2009

Sedert 2009 het die tydperk van praktiese werk in die gemeentes verander en alle teologiese studente (vierde-, vyfde- en sesdejaarstudente), doen ongeveer vier tot vyf weke praktiese werk in gemeentes, afhangende van die akademiese kalender. Die keuse van gemeentes word in oorleg met die SKK gedoen en vind onder die toesig van die plaaslike ouderlingeraad en mentorskap van ’n nabygeleë leraar plaas.

Predikante en ouderlingerade moet skriftelik verslag van bogenoemde praktiese werk aan die dosent in Diakoniologie doen, sodat dit geëvalueer en met elke betrokke student behandel kan word. Hierdie verslae word in die studente se persoonlike lêers opgeneem wat aan die Kuratorium ter insae beskikbaar gestel word.

13.3 Preek- en bedieningsvergunning

Aan die einde van 2012 het die Senaat die Kuratorium versoek om weer te kyk na die preekvergunning van die teologiese studente. Op die vergadering van Januarie 2013 het die Kuratorium die volgende besluit geneem:

13.3.1 Vierdejaarstudente (B.Th. 1) het nie preekvergunning nie. Dit word wel van B.Th. 1-studente verwag om tydens Pinkster prakties in ’n gemeente te doen. Vir die praktiese tydperk wat oor Pinkster val, word aan die studente die vergunning gegee om leespreke te lewer. Hierdie praktiese werk moet onder toesig van ’n plaaslike leraar gedoen word.

13.3.2 Vyfdejaarstudente (B.Th. 2) kry met ingang van hulle vyfde jaar preekvergunning om leespreke te lewer. Hulle word ook toegelaat om praktiese werk, steeds onder toesig van ’n leraar, te doen.

13.3.3 Sesdejaarstudente (B.Th. 3) ontvang vergunning om ná suksesvolle voltooiing van hulle tweede studiejaar hul eie preke te lewer. Hulle kan ook prakties doen in ’n gemeente wat vakant is.

13.3.4 Studente in hulle vyfde en sesde jare kry ook die geleentheid om op ’n meer gereelde en vaster basis in gemeentes behulpsaam te wees met aspekte van die gemeentelike bediening. Hierdie hulp word in oorleg met die dosent in Diakoniologie en per goedgekeurde ooreenkoms gereël.

13.4 Poimeniek prakties

Studente in al drie jaargange moet op spontane basis betrokke wees by siekebesoek, hospitaalbearbeiding en ander pastorale aangeleenthede. Elke student in die eerste jaar handig jaarliks een verslag daaroor in, tweedejaarstudente handig twee verslae in en derdejaarstudente handig jaarliks drie verslae by die dosent in vir opname in die student se persoonlike lêer. Die helfte van hierdie verslae moet oor besoeke by siekes in hospitale handel, terwyl die ander helfte verslae van besoeke by siekes tuis kan wees.

13.5 Verbondsonderrig

Elke student moet ten minste ses maande as voorganger by verbondsonderrig betrokke wees. 'n Skriftelike verslag daaroor word by die dosent in Diakoniologie ingehandig vir opname in die student se persoonlike lêer.

13.6 Gemeentebestuur en –administrasie

Studente ontvang ook onderrig in gemeentelike bestuur en administrasie, wat finansiële en argivale sake insluit.

AANBEVELINGS

13.7.1 Die Sinode neem met dank kennis van die gehalte studente wat by die Akademie opgelei word.

13.7.2 Die Sinode betuig, soos in die verlede, sy volle vertroue in die teologiese dosente, hulle suiwer Skrifbeskouing, hulle onderskrywing en handhawing van die belydenisskrifte, hulle diepe teologiese kennis, die hoë standaard van gereformeerd-teologiese opleiding wat hulle aan die teologiese studente bied en die gehalte student wat aan die kerkverband as predikante gelewer word.

14. ADMINISTRATIEWE PERSONEEL

Registrateur: Prof.dr. SD Nel
Persoonlike assistent vir die Rektor en Registrateur: Mej. E Nicklbauer
Sekretaresse-fakulteite en afstandstudente: Mej. A van der Westhuizen
Ontvangsdame: Mev. E Bierman (tydelik-deeltyds)
Bibliotekaresse: Mev. E Adendorff (tydelik-deeltyds)

As gevolg van die toename in studentegetalle en die akkreditasie van 'n nuwe program (NGOS), asook die aansoek vir akkreditasie van nog programme (Landbou en B.Div.), het die werkslading van die administratiewe personeel buite verhouding toegeneem. In die biblioteek, waar deurgaans nuwe skenkings ontvang word, is ook bykomende hulp nodig. Die oorbelading van administratiewe personeel is ook deur die volledige werksladingsanalise, soos elders in dié verslag vermeld, uitgewys.

AANBEVELINGS

14.1 Die Sinode betuig sy dank en waardering aan alle administratiewe personeel vir die administratiewe werk wat by die AP Akademie gedoen word.

14.2 Die Sinode spreek sy waardering teenoor die Registrateur, prof.dr. SD Nel, uit vir die harde werk en goeie leiding wat hy t.o.v. die administratiewe werk aan die AP Akademie lewer.

14.3 Die Sinode versoek die Raad om, indien dit finansieel haalbaar is, te kyk na personeeluitbreiding.

15. TERREIN EN GEBOUE

Wat die uitbreiding en ontwikkeling ten opsigte van leer- en onderrigfasiliteite van die AP Akademie betref, het die Raad goedgekeur dat die AP Akademie ook die gebou in Kirknessstraat 523 van die GKK huur vanaf die begin 2012. Die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte is sedert 2012 in die gebou gehuisves en die gebou in Farendenstraat 430 het dus hoofsaaklik as administratiewe sentrum en fasiliteit vir die teologiese fakulteit gedien.

In Februarie 2015 is die Jeugtuiste verkoop. Alle studente kon elders met akkommodasie geholpe raak. Daar is egter deurgaans behoefte aan studentebehuising.

Die gebou in Kirknesstraat 523 is op 10 Junie 2015 deur die GKK verkoop. Intussen het die huis langs die Akademie, Farendenstraat 428, in 2015 in die mark gekom en het die GKK volgens 'n vroeëre sinodebesluit, dit aangekoop en aan die AP Akademie verhuur. Dit is op 31 Oktober 2015 aangekoop. Die AP Akademie het oor jare soms ernstige probleme gehad om sy selfstandigheid teenoor die onderwysowerhede te wys en te bewys. Daarom het die GKK ná die gemelde eiendomstransaksies en ook die proses van verselfstandiging van die AP Akademie (punt 19 van hierdie verslag), besluit om die eiendomme te Farendenstraat 428 en 430 aan die Raad oor te dra.

Farendenstaat 432, ook langs die hoofgebou van die AP Akademie, is teen die einde van 2016 vir die Akademie te koop aangebied. Ná vele oorwegings het die Raad met 'n lening van die GKK die gebou aangekoop en is dit op 2 Februarie 2017 in die naam van die Raad van die AP Akademie geregistreer. Die eiendom is nie alleen 'n waardevolle byvoeging tot die AP Akademie se akademiese fasiliteite nie, maar bied ook huisvesting vir enkele studente.

Ondersoek is gedoen na die moontlikheid om die AP Akademie uit Clydesdale te verskuif as gevolg van die toenemende ontwikkelinge wat in die gebied plaasvind. In die proses is baie tyd bestee aan die besigtiging van ander eiendomme. A.g.v. die spesifieke behoeftes van 'n akademiese instelling is min beskikbare eiendomme egter vir die doeleindes van die AP Akademie geskik. 'n Ander probleem is die hoë prys van eiendomme in Pretoria. In die lig hiervan het die Raad uiteindelik besluit om die uitbreiding na eiendomme rondom die bestaande eiendom in Clydesdale te ondersoek. Die oogmerk is eerstens om sover moontlik ongewenste ontwikkeling direk langs die Akademie te stuit. 'n Verdere oogmerk is finansieel van aard: In die lig van stygende eiendomspryse in die omgewing maak dit sin om nou soveel moontlik eiendom te bekom wat later 'n goeie dividend kan lewer indien verskuiwing na 'n ander terrein genoodsaak word.

AANBEVELINGS

15.1 Die Sinode betuig sy dank teenoor die GKK en veral mnr. Leon Korkie vir die jarelange betrokkenheid by en werk aan die Jeugtuiste wat studenteverblyf vir studente aan die AP Akademie verskaf het.

15.2 Die Sinode neem met dank kennis van pogings en ondersoeke na die verskuiwing van die AP Akademie en betuig sy dank teenoor die Rektor en GKK vir die moeite en tyd aan dié saak bestee.

15.3 Die Sinode neem kennis van die beplanning rondom eiendom vir die AP Akademie.

16. DOSENTE EN VAKKE VAN DIE B.A.-PROGRAM

Vakke	Dosent	Voltyds/Deeltyds
Afrikaans 1, 2	Me. JM (Jeanette) Butler	Deeltyds
Akademiese geletterdheid	Prof.dr. SD (Danny) Nel	Deeltyds
Afrikaans 3	Me. MA (Martjie) Bosman	Deeltyds
Bybelkunde 1, 2, 3	Dr. BJ (Barend) Hefer	Deeltyds
Christelike Berading 1, 2, 3	Ds. WA (Wimpi) Burger	Deeltyds
Duits 1, 2, 3	Me. R (Ruleen) Lubbe	Deeltyds
	Dr. M (Marlene) le Roux	Deeltyds
Engels 1, 2, 3	Mev. P (Petru) Marx	Deeltyds
Filosofie 1, 2, 3	Dr. J (Johan) Otto	Deeltyds
Filosofie 2 en 3	Prof.dr. AWG (Andries) Raath	Deeltyds
Geografie 1, 2, 3	Mnr. MA (Andries) Buys	Deeltyds

Gereformeerde Lewens- en Wêreldbeskouing	Prof.dr. CA (Alwyn) Swanepoel	Voltyds
Geskiedenis 1, 2, 3	Dr. AJ (Arend) Posthuma	Deeltyds
Grieks 1, 2, 3	Prof.dr. GDS (Gerrit) Smit	Voltyds
Hebreeus 1, 2, 3	Ds. OG (Greyling) van Rooyen	Deeltyds
Latyn 1, 2, 3	Mnr. AD (Andries) Pieterse	Deeltyds
Navorsing- en Statistiese Metodes	Dr. AB (Barbara) Posthuma	Deeltyds
Nederlands 1, 2	Mnr. AD (Andries) Pieterse	Deeltyds
Opvoedkunde 1, 2, 3	Mev. MA (Mri) Swanepoel	Deeltyds
Rekenaargeletterdheid	Ds. W (Wynand) van Zyl	Deeltyds
Rekenaartegnologie 1, 2, 3	Mnr. AG (Gülbert) du Toit	Deeltyds
Sielkunde 1, 2, 3	Mnr. GN (Guillaume) Walters-du Plooy	Deeltyds
Sosiologie 1, 2, 3	Dr. SL (Simon) Kotzé	Deeltyds
Wiskunde 1, 2, 3	Dr. AB (Barbara) Posthuma	Deeltyds

AANBEVELING

16.1 Die Sinode neem kennis van die akademiese personeel in die B.A.-program en versoek dat 'n besondere woord van dank aan alle dosente betrokke by die B.A.-program oorgedra word.

17. ONDERRIGFOOIE

Die Raad het op aanbeveling van die Senaat die onderrigfooie van die Akademie soos volg verhoog:

2014		
B.A.	Klasgeld vir B.A. 1- en B.A. 2-vakke Klasgeld vir die derdejaarsvakke	R 4 500,00 (per vak, per jaar) R 6 250,00 (per vak, per jaar)
B.Th.	Klasgeld	R 20 000,00 (per jaar)

2015		
B.A.	Klasgeld vir B.A. 1- en B.A. 2-vakke Klasgeld vir die derdejaarsvakke	R 4 800,00 (per vak, per jaar) R 6 650,00 (per vak, per jaar)
B.Th.	Klasgeld	R 21 200,00 (per jaar)

2016		
B.A.	Klasgeld vir B.A. 1- en B.A. 2-vakke Klasgeld vir die derdejaarsvakke	R 5 100,00 (per vak, per jaar) R 7 000,00 (per vak, per jaar)
B.Th.	Klasgeld	R 22 500,00 (per jaar)

2017		
B.A.	Klasgeld vir B.A. 1- en B.A. 2-vakke Klasgeld vir die derdejaarsvakke	R 5 500,00 (per vak, per jaar) R 7 650,00 (per vak, per jaar)
B.Th.	Klasgeld	R 24 500,00 (per jaar)

18. SKENKINGS EN FONDSE

Die Raad van die Akademie het besluit om die groot aantal klein fondsies wat as gevolg van skenkings en donateurs ontstaan het, ter wille van administrasie en beheer te verminder na drie fondse, t.w. die APA Studentefonds, die APA Navorsingsfonds en die APA

Ondersteuningsfonds. Waar van toepassing, word donateurs se name by wyse van 'n bylae tot die spesifieke fonds bygevoeg. Donateurs kan ook aansoek doen om belastingvrystelling ten opsigte van donasies aan die AP Akademie.

AANBEVELINGS

18.1 Die Sinode neem met dank kennis van die nougesette beheer en administrasie van die Raadsfondse en die totstandkoming van die APA Studentefonds, die APA Navorsingsfonds en die APA Ondersteuningsfonds.

18.2 Die Sinode wil graag sy dank boekstaaf teenoor die donateurs vir hulle belangstelling in en spontane finansiële ondersteuning aan die AP Akademie

18.3 Die Sinode doen 'n beroep op lidmate om voortdurend skenkings aan die AP Akademie te doen by wyse van erflatings, donasies en bemakings.

18.4 Die Sinode versoek dat spesifieke bekendmaking van die belastingvrystelling wat donasies aan die AP Akademie geniet, ook by wyse van 'n artikel in *Die Boodskapper* gedoen kan word.

19. VERSELFSTANDIGING VAN DIE AP AKADEMIE

Die AP Akademie het vanuit die AP kerkverband ontstaan en gegroei. Van meet af aan was daar 'n besondere band tussen die AP Kerk en die AP Akademie. Die ontwikkelinge op die gebied van hoër onderwys in Suid-Afrika het dit egter toenemend genoodsaak dat die AP Akademie selfstandig funksioneer. Die AP Akademie het oor jare soms ernstige probleme gehad om sy selfstandigheid teenoor die onderwysowerhede te wys en te bewys. Gesprekke oor die verselfstandiging van die AP Akademie het al vir baie jare plaasgevind.

In Maart 2014 het die Raad 'n besluit geneem om die saak in alle erns met die GKK op te neem. Ná gesprekvoering het die Raad op Donderdag 30 Oktober 2014 in beginsel besluit op 'n finansiële en administratiewe skeiding tussen die Raad en die GKK. Ds. Joubert Ferreira het vanaf 1 Januarie 2015 as rekenmeester van die Raad opgetree.

Hierdie skeiding het ook gelei tot die opstel van 'n nuwe ooreenkoms tussen die Raad en die GKK, namens die Sinode van die AP Kerk. In hierdie ooreenkoms, asook die Akte van Oprigting en die Statute van die AP Akademie, is dit duidelik dat ongeag die skeiding, die besondere band tussen die AP Kerk en die AP Akademie vir beide partye belangrik en ononderhandelbaar is. Dit is met groot dankbaarheid dat aan die Vyftiende Sinode van die AP Kerk gerapporteer kan word dat hierdie skeiding mooi, glad en suksesvol verloop het.

Die Raad van die AP Akademie wil tog die Sinode versoek om juis in die lig van hierdie verselfstandiging van die AP Akademie te herbesin oor die manier waarop daar aan die Sinode verslag gedoen moet word. Die feit dat die AP Akademie deur 'n kommissie aan die kerkverband rapporteer, skep die indruk dat die hele AP Akademie onder 'n kommissie van die kerk staan en kan weer vrae oor die selfstandigheid van die AP Akademie laat ontstaan.

AANBEVELINGS

19.1 Die Sinode neem kennis van die administratiewe en finansiële skeiding tussen die AP Akademie en die GKK.

19.2 Die Sinode betuig sy dank teenoor die GKK en in besonder die personeel in die gemeenskaplike kerkkantoor wat vir baie jare en met groot sorg die administratiewe en finansiële sake van die AP Akademie hanteer het.

19.3 Die Sinode bedank die rekenmeester, mnr. GJ Jansen van Rensburg, vir sy jarelange diens aan die AP Akademie en die werk wat hy met groot onderskeiding gedoen het om dié instelling te help vestig en uitbou.

19.4 Die Sinode is dankbaar dat, afgesien van die AP Kerk wat deur die beskikking van die Here tot stand gekom het, daar vanuit die kerk nog 'n selfstandige instelling soos die AP Akademie ontstaan en ontwikkel het.

19.5 Die Sinode herbesin oor die manier waarop daar oor die werksaamhede van die AP Akademie verslag gedoen word.

20. OOREENKOMSTE MET ANDER INSTANSIES EN PARTYE

Ooreenkomste met ander instansies is ook gedurende die verslagtydperk aangegaan. Afgesien van 'n nuwe ooreenkoms wat met die ICP gesluit is en reeds in die verslag vermeld is, is die volgende ooreenkomste ook aangegaan:

20.1 JECA (Jonathan Edwards Centre Africa)

Jonathan Edwards was 'n Amerikaanse teoloog en filosoof uit die agtiende eeu wie se geskrifte 'n tuiste by die Yale universiteit in Amerika, waarvan hy eens 'n student was, gevind het. Die *Jonathan Edwards Centre* is as deel van die *Yale University Divinity School* gevestig, met geaffilieerde sentrums regoor die wêreld. In Suid-Afrika is die *Jonathan Edwards Centre Africa* (JECA) aan die Universiteit van die Vrystaat gevestig. Studente wat reeds oor 'n graad in teologie beskik, kan by dié instelling inskryf vir nagraadse studie in Historiese Teologie. Vanweë kontak tussen dosente aan die AP Akademie en personeel van die JECA is gesprekke gedurende 2013 oor moontlike samewerking tussen die twee instellings gevoer. 'n Amptelike ooreenkoms van akademiese samewerking tussen die Raad van die AP Akademie en die *Jonathan Edwards Centre Africa* aan die UVS is op 20 Oktober 2014 geteken. Een van die voordele van die ooreenkoms is dat studente wat by die AP Akademie afstudeer het, by JECA vir hulle gevorderde studie kan inskryf met die moontlikheid dat professore aan die AP Akademie as mede-studieleiers kan dien. Ongelukkig het die Amerikaanse *Jonathan Edwards Centre* hulle bande met die UVS intussen verbreek. Die AP Akademie gaan voort om ondersoek in te stel na bande met ander internasionale instellings.

AANBEVELINGS

20.1.1 Die Sinode neem met dank kennis van die kortstondige ooreenkoms met die Jonathan Edwards Centre Africa aan die Universiteit van die Vrystaat.

20.1.2 Die Sinode neem kennis van die AP Akademie se soeke na bande met internasionale instellings.

20.2 GELOOFSBOND VAN HERVORMDE GEMEENTES (GHG)

Die GHG is 'n dertigtal gemeentes wat ná besluite van die 2010 Algemene Kerkvergadering van die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika besluit het om weg te breek en as *steeds*Hervormers te funksioneer. Hulle het nie 'n aparte kerkverband gestig nie en beskou hulle steeds as Hervormers wat sedert 2013 met ooreenkoms in 'n geloofsbond funksioneer.

Die AP Akademie is in 2013 deur die GHG gekontak met die oog op samewerking en ook die opleiding van predikante vir die GHG. 'n Ooreenkoms is opgestel en op 20 Oktober 2014 onderteken. Die ooreenkoms behels dat die studente gewoon hulle B.A. en B.Th.-studies aan die AP Akademie voltooi en dat daar op 'n jaarlikse basis kontak met die Kuratorium van die GHG gemaak word. Die vereistes van die Kuratorium van GHG vir hulle B.A.-studente is Grieks 3, Hebreeus 3, Latyn 1 en Filosofie 3. Enige ander vereistes t.o.v. legitimasie moet los van die AP Akademie plaasvind en deur hulle Kuratorium self gereël, geïmplementeer en geassesseer word. Twee van hulle studente het in 2015 met die B.A.-program begin.

AANBEVELING

20.2.1 Die Sinode neem kennis van die ooreenkoms met die GHG.

21. BEMARKING

Die AP Akademie moet sy dienste lewer in 'n toenemend kompeterende mark. Hierdie mark kan nie sonder deeglike bemarking betree word nie. Die Raad van die AP Akademie het by die GKK aansoek gedoen om 'n lening van R1 miljoen, wat die GKK goedgunstiglik toegestaan het. Verder het die AP Akademie die belangrike besluit geneem om 'n professionele instansie te nader om met 'n bemarkingstrategie behulpsaam te wees. Die volgende aspekte van die AP Akademie se bemarkingstrategie word ter kennisname aan die Sinode voorgehou.

21.1 Doel

Maak die AP Akademie 'n huishoudelike naam in Afrikaanse kringe.

21.2 Produk

Hoër onderwys in 'n breë en omvattende verskeidenheid van beroepsgerigte, professionele en algemene akademiese programme op 'n gereformeerd-Christelike grondslag wat in Afrikaans as onderrigtaal aangebied word.

21.3 Teikenmark

21.3.1 Skoliere: Hierdie teikenmark moet bereik word d.m.v. opedae, besoeke aan skole, deelname aan loopbaanuitstallings, ensovoors. Daar moet ook met AP Kerke geskakel word ten einde te sorg dat hoërskoolgaande jeug in verbondsonderrigklasse weet van die AP Akademie sodat hulle dit as onderrigmoontlikheid kan oorweeg.

21.3.2 Ouers: Hierdie belangrike besluitnemers moet met promosiemateriaal bereik word. Kerkrade moet ook versoek word om inligting aan ouers te versprei. Verder moet daar op deurlopende wyse inligting aan leraars en kerkrade verskaf word sodat hulle ouers op hoogte kan hou en hulle vrae kan antwoord.

21.4 Bemarkingsmedia

'n Belangrike oogmerk is om 'n teenwoordigheid op sosiale media te handhaaf. Met die oog daarop is 'n nuwe webwerf ontwikkel, 'n Facebook-blad geskep en 'n Twitter-rekening geopen. Die moontlikheid van slimfoontoepassings moet ook ondersoek word. Daar word deurlopend aandag aan die ontwikkeling van effektiewe promosiemateriaal gegee. Die gebruikmaking van uitstalruimtes tydens geleenthede soos die Majubafees, Nampo en Kragdag geniet ook aandag.

AANBEVELINGS

21.5 Die Sinode neem kennis van die AP Akademie se bemarkingsinisiatiewe en moedig kerkrade aan om daaraan mee te werk.

21.6 Die Sinode neem goedkeurend kennis van die lening wat die GKK aan die AP Akademie toegestaan het spesifiek met die oog op bemarking.

22. FINANSIES (KYK BYLAE KUR2)

Die finansiële verslag van die AP Akademie vir 2016 word aangeheg vir kennisname deur die Sinode.

23. SLOT

Die AP Akademie bid die Sinode die seën van die Here toe op die vergadering, werksaamhede en besluite.

Ds. IP du Preez (kanselier:), prof.dr. JAE Adendorff (vise-kanselier), prof.dr. SD Nel (registrateur).

BYLAE KUR1

BEWEGING OP DIE WILLIE LUBBE TEOLOGIESE STUDIEFONDS EN DIE AP KERK TEOLOGIESE BEURSFONDS

Tydperk: 1 Januarie 2013 tot 31 Desember 2016

WILLIE LUBBE TEOLOGIESE STUDIEFONDS

	2013	2014	2015	2016
Opening saldo 01/01	9,757,390	10,371,916	11,278,320	12,232,668
Tel by:				
Rente verdien	230,449	394,301	488,194	295,473
Bydrae deur individue	207,615	188,819	7,940	34,194
Opbrengs uit uitkeerpolisse	75,024	264,978	402,920	213,404
Bydrae deur gemeentes	101,438	58,306	55,294	25,001
Sluitingsaldo 31/12	10,371,916	11,278,320	12,232,668	12,800,740

AP KERK TEOLOGIESE BEURSFONDS

	2013	2014	2015	2016
Opening saldo 01/01	977,182	1,199,973	1,519,993	1,932,088
Tel by: Rente verdien	266,791	411,120	517,295	305,198
Trek af: Beurse aan studente	(44,000)	(91,100)	(105,200)	(192,550)
Sluitingsaldo 31/12	1,199,973	1,519,993	1,932,088	2,044,736

Verdere hulp aan studente ten bedrae van R75,000 is betaal uit die Gebeurlikheidsfonds en die BG Els erflating. Hierdie hulp is betaal aan die 2014 jaargroep wie toe reeds in hul tweede jaar van teologie was. In die 2014 is die klasgelde aangepas en het die Kuratorium geoordeel dat hierdie groep nie deur so 'n besluit benadeel kon word nie, aangesien die verhoging in klasgelde onafwendbaar geraak het.

BYLAE KUR2

DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE AKADEMIE NPC

ANNUAL FINANCIAL STATEMENTS
FOR THE YEAR ENDED

31 DECEMBER 2016

DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE AKADEMIE NPC

Registration number: 2002/031756/08

Registered with the Department of Education as a private higher education institution under the Higher Education Act, 1997
Registration Certificate No. 1999/HE08/001

ANNUAL FINANCIAL STATEMENTS - 2016

FINANSIËLE STATE VIR - 2016

GENERAL INFORMATION

ALGEMENE INLIGTING

DIRECTORS/*DIREKTEURE*	SD Nel JAE Adendorff J Bosman GDS Smit
COMPANY REGISTRATION NUMBER/ *MAATSKAPPY REGISTRASIE NOMMER*	2002/031756/08
LEVEL OF ASSURANCE/ *MATE VAN GERUSSTELLING*	These annual financial statements have been voluntarily audited in compliance with the applicable requirements of the Companies Act of South Africa. *Hierde finansiele jaarstate is vrywilliglik geoudit in ooreenstemming met die toepaslike vereistes van die Maatskappywet van Suid Afrika.*
PREPARER/*OPSTELLER*	J Ferreira
PUBLISHED/*GEPUBLISEER*	08 March 2017/*08 Maart 2017*
NATURE OF BUSINESS AND PRICIPAL ACTIVITIES *AARD VAN BESIGHEID EN HOOFBEDRYWIGHEDE*	Tertiary Education Institution *Tersiêre Onderrig Instansie*
REGISTERED OFFICE/ *GEREGISTREERDE KANTOOR*	430 Farenden Street Sunnyside 0002
BUSINESS ADDRESS/ *BESIGHEIDSADRES*	430 Farenden Street Sunnyside 0002
BANKERS/*BANKIERE*	ABSA Bank
AUDITORS/*OUDITEURE*	Strachan & Crouse Auditors/*Ouditeure*

DIE AFRIKAANSE PROTESTANTSE AKADEMIE NPC

Registration number: 2002/031756/08

Registered with the Department of Education as a private higher education institution under the Higher Education Act, 1997

Registration Certificate No. 1999/HE08/001

INDEX	PAGE	INHOUD
Auditor's report	3-5	Ouditeursverslag
Director's report	6-7	Direkteursverslag
Approval of the annual financial statements	8	Goedkeuring van die finansiële state
Statement of Financial Position	9	Staat van Finansiële Posisie
Statement of Comprehensive Income	10	Staat van Omvattende Inkomste
Statement of Changes in Equity	11	Staat van Ekwiteitsverandering
Statement of Cash flow	12	Staat van Kontantvloei
Notes to the annual financial statements	13-15	Notas tot die finansiële state

STRACHAN & CROUSE

GEOKTROOIEERDE REKENMEESTERS (SA) / CHARTERED ACCOUNTANTS (SA)
GEREGISTREERDE OUDITEURE / REGISTERED AUDITORS

HARROGATE PARK G01
PRETORIUSSTRAAT 1237 PRETORIUS STREET HATFIELD PRETORIA
POSBUS / P O BOX 12701 HATFIELD 0028

TEL: +27 (0) 12 430 3420 FAKS / FAX: +27 (0) 12 430 3422 / 0866 878 676
www.strachancrouse.co.za E-POS / E-MAIL: info@strachancrouse.co.za

ONS VERW: 5/0052/0
OUR REF : ----------

8 March 2017

INDEPENDENT AUDITOR'S REPORT

TO THE MEMBERS OF **DIE AFRIKAANS PROTESTANTSE AKADEMIE NPC**

Opinion

Hiermee vertrou die kommissie dat die Sinode sal help om finale rigting te gee aan die afhandeling van hierdie projek. Dit bly ook ons bede dat die Here groot vrug op die arbeid sal gee *sodat die volgende geslag dit kan weet, die kinders wat gebore word, dat hulle kan opstaan en vertel aan hulle kinders, en hulle vertroue op God kan stel en die dade van God nie vergeet nie, maar sy gebooie kan bewaar …* (Ps. 78:6-7).

Proff.dr. JAE Adendorff (voorsitter), CA Swanepoel (skriba).

ADDENDUM A

A. Verduideliking van die model waarby ons aansluit

Hier is 'n opsomming van die model waarby aangesluit word. Dit is die *Vertel, vertel*-reeks se model en benadering om aan kinders kategese te gee.[1] Wat in hierdie model uitstaan, is:

(1) Die beklemtoning van die een groot ware verhaal van die hele Bybel,
(2) kinders wat geleentheid kry om die verhaal terug te vertel, sowel as
(3) beeldmateriaal wat nie hoog geag word nie.

Die hoofgedagtes van hierdie model word vervolgens aangestip waarby daar op gekwalifiseerde wyse aangehaak word:

- Die groot verhaal word in verskillende kleiner verhale vertel.
- Noukeurig en beeldryk in woorde.
- Vertrou die Heilige Gees om deur die Bybelverhaal self in die kinders te werk.
- Die *Oral Learning*-model wen baie veld.[2] Dit is steeds die manier hoe meer as twee derdes van die wêreld se mense leer.
- Die moderne wêreld het 'n versadigingspunt bereik met visuele beelde. Die vertel en oorvertel van die verhaal word weer een van die belangrikste wyses van leer. Dit betrek en ontwikkel die kind se verbeelding.
- Binne die groot verhaal van God speel ons eie lewensverhale af.
- Geloofsvorming by ons kinders vind plaas wanneer hul eie verhaal beleef word as deel van die groot verhaal van God se liefde vir ons.
- Deur net die groot verhaal van God oor te vertel, toon ons dat ons alle vertroue in die verhaal het om kragtig in kinders te werk.
- Die kleiner verhale behoort chronologies op mekaar te volg en ook voortdurend ingebed te word in die groter verhaal. Die bedoeling is om lewenslesse nie los te maak van die groter verhaal nie.
- Geen prente of aktiwiteite wat die aandag van die verhaal self aftrek nie.
- Geen verwysings na die konteks vandag of toepassings vir vandag in die verhaal self nie. Die Gees se werking deur die verhaal word vertrou om die toepassings vir elkeen te bring.
- Tog moet die verhaal tuiskom in elke kulturele konteks.
- Dit moet verkieslik voorgelees en nie in eie woorde vertel word nie.
- Dit word so vertel dat die hoorder 'n prentjie kan vorm van wat gebeur. Die hoorder word dus gehelp om verbeeldingryk te luister. Maar dramatisering word teologies verantwoordelik gedoen.
- Luister sal lei na lees. Daarom is die doel van die klas om studente te stimuleer en aan te moedig om die Bybel in die week by die huis te gaan lees.
- Die kinders word begelei om die verhaal weer oor te vertel. So word hulle speel-speel deel gemaak van die verhaal en geleer om die verhaal van God se liefde oor te vertel.

Indeling van die tyd: Vooraf: Skep die regte stemming. Gemaklik. Bid en sluit eers aan by die vorige verhaal om konteks te kry.

Vertel, vertel: "simply the story." Die verhaal word met goeie vertelstyl voorgelees terwyl oogkontak gemaak word. Geen verduidelikings en toepassings nie.

Vertel weer: Kinders vertel saam die verhaal weer oor vir mekaar. Nog nie te veel vrae en verduidelikings hier nie. Drama en toneelspel kan hier ook gebruik word.

Kom ons dink saam: Vra vrae met die oog op stimulering van die gesprek en om die kind te begelei om self toepassings te maak. Fokus aanvanklik daarop om 'n beeld van die verhaal in te prent; dan op feite wat die verhaalstruktuur dra; dan vrae wat kinders help om

toepassings vir hul eie lewe te vind. En as die kinders eers met mekaar begin praat, leer hulle die meeste. Die bedoeling is dat hulle deur die verhaal gelei word om die boodskap te ontdek.

Ontdek en leer: Kinders word nou aangemoedig om die gedeelte self in die Bybel te gaan lees. 'n Toepaslike teksgedeelte word geleer. Laat die hele groep die teks saam opsê of laat elkeen 'n woord bylas. Kinders word ook aangemoedig om die verhaal te gaan toepas en met God in 'n verhouding te gaan leef. Begelei hulle ook in gebed en lei hulle in lof, aanbidding, skulderkenning, ontvangs van vergifnis, gebede vir onsself, mekaar en die wêreld, en om hulle elke keer weer aan die Here in die krag van sy Gees oor te gee. Lei hulle om hul geloof te bely en liefde en toewyding aan Hom te verklaar.

Ontdek en Leer-blokkie - voorbeeld op bl. 32 van boek 1:

- Jy kan hierdie verhaal in Génesis 16 vers 1 tot 16 en Génesis 31 vers 8 tot 21 lees.
- Ken jy mense wat baklei en mekaar wegstoot en wegjaag? Dink 'n bietjie; hoekom gebeur dit?
- Leer en onthou: "U is 'n God wat my sien." (Gén. 16:13).
- Bid: "Here, daar is so baie kinders wat nie meer in 'n gelukkige huis en gesin woon nie. Dankie, dat u hulle raaksien. Sorg asseblief vir hulle."

B. FORMAAT VAN DIE EIE LESPLAN WAT OP BOGENOEMDE GESKOEI IS:

1. LESTEMA:

2. VOORBEREIDING VIR DIE VOORGANGER

2.1 Persoonlike gebed

Beklemtoon die noodsaaklikheid van persoonlike gebed ter voorbereiding van die lesaanbieding. Daarmee bely ons ons afhanklikheid van God en erken ons Hom as die Een wat geloof, bekering en heiligmaking in die lewens van kinders werk.

2.2 Skrifgedeelte

Gee die betrokke gedeelte(s) wat jy oordeel die voorganger moet deurlees om die les aan te bied. Hier kan selfs bietjie agtergrondinligting gegee word sodat die Skrifgedeelte vir die voorganger in heilshistoriese konteks geplaas kan word.

2.3 Leerdoelwitte

Om die kind te wys op:

Noem so drie tot sewe doelwitte. Onthou om hier ook, bo en behalwe die unieke gebeure van die verhaal, spesifiek aan te dui watter aspekte van die vier beklemtonings (verbond, antitese, Christologie en teosentries) aandag kry. Hou in gedagte vir graad 4-6: Fokus veral op die verhalende, basiese geskiedenis en teosentriese aard daarvan, maar bring die ander aspekte ter sprake waar nodig. Hou in gedagte vir graad 7-9: Die fokus verbreed bewustelik om al vier aspekte te betrek.

2.4 Moeilike begrippe

Gee hier definisies van moeilike of onbekende begrippe wat in die Skrifgedeelte mag voorkom. Dink veral aan Bybelse mates, geldeenhede, ensovoorts, wat die voorganger sal help met agtergrond om sekere vrae te beantwoord.

2.5 Plek in die heilsgeskiedenis

Dui baie kortliks die betrokke gedeelte se plek en belang in die heilsgeskiedenis aan.

3. LESAANBIEDING

3.1 Openingsgebed

Gee 'n konkrete voorbeeld van die gebed wat die voorganger kan bid. Maak ook hier moeite met die begeleiding d.m.v. die bewoording. Laat die doel jou lei in die bewoording.

3.2 Aansluiting by die vorige les

Help die voorganger en uiteindelik die kind om die "storielyn" van die Bybel raak te sien deur te wys hoe die vorige les by die huidige een aansluit. Die plek in die heilsgeskiedenis (2.5) behoort reeds hiermee te help. Die reeks vrae aan die einde van die vorige hoofstuk kan hier herhaal word en die klassie so ook op golflengte gebring word.

3.3 Oorvertelling

Lees die voorgeskrewe verhaal aan die kinders voor. Wees baie deeglik voorbereid. Maak voortdurend oogkontak in die lees met die kinders. Wees lewendig in die voorlesing.

3.4 Terugvertellling

Vra vrae om terugvertelling te stimuleer. Werk 'n reeks van tien tot vyftien vrae uit waarmee seker gemaak word dat die kinders die les duidelik begryp. **Onthou om telkens die antwoorde ook vir die voorganger neer te skryf.** Indien daar besluit word op 'n toneeltjie wat opgevoer moet word, of 'n ander vorm van terugvertelling, gee riglyne.

3.5 Insigvrae

Onthou die basiese vraag in die eerste siklus (gr. 4-6) is telkens: Wat leer ek van God?

Onthou die basiese vrae in die tweede siklus (gr. 7-9) wat moet uitkom by: Wat ek van God leer; wat ek van Christus leer; wat ek van God se verbond leer; wat ek van die goeie stryd leer. Moet dit egter nie meganies toepas nie. Doen dit net wanneer dit voor-die-hand-liggend is.

Onthou om die verhaal in te bed in die groter verhaal en die verband met die voorafgaande en die toekomstige verhale aan die orde te laat kom.

Vra ook hier vrae (ongeveer 5-10 vrae) wat die kinders laat begin gesels oor moontlike toepassings. Gee 'n moontlike voorbeeld, maar moenie te veel die gesprek met die spesifieke voorbeelde rig nie. Stel die vrae so op dat die kinders met hul eie voorbeelde vorendag kom.

Vra 'n vraag of twee aan die einde op so 'n wyse dat dit op toe-eiening van die verhaal appèl maak.

Onthou om telkens die antwoorde ook vir voorganger neer te skryf.

3.6 Samevatting

Formuleer 'n gepaste afsluiting vir die gesprek.

4. GEBED BY AFSLUITING

Vb.: Hemelse Vader, baie dankie dat U u Seun, Jesus Christus gestuur het om vir 'n mens soos ek se sondes te betaal sodat ek toegang deur die nou poort het. Help my asseblief om

in die krag van die Heilige Gees te volhard in my stryd teen die sonde. In Jesus se Naam. Amen.

5. TEKS, KATEGISMUS EN KERKLIED VAN DIE WEEK

Elke week word die klas weggestuur om in die Bybel te gaan lees oor die gedeelte waaroor daar in die klas gepraat is. Hulle kry ook 'n Bybelteks om te memoriseer, asook 'n deel uit die Kortbegrip van die Kategismus, asook 'n gepaste lied uit die Psalms en Gesangeboek. Dit kan speels reeds hanteer word voor die afsluiting van die klas, maar die taak is om dit te gaan leer en gereed te hê om saam daaraan deel te neem by die volgende week se opening. (Ons moet nog iemand hier identifiseer wat vir ons kan help met 'n uitgewerkte skema vir 'n jaar. Die gedagte is egter dat die kinders hier so 'n bietjie drilwerk doen in Bybelteks, kerklied en Kategismus).

6. WERKSOPDRAG

Gaan die antwoorde in die werkboeke oor die vorige week na.

7. ONTDEK EN LEER-KAARTJIE

Hierdie is waarskynlik iets waaraan die werkboekspan kan werk, maar die invul hiervan kan hulle alreeds 'n ent weg help. Die doel is dan sekerlik om ná afloop van elke klas 'n tipe kaartjie vir elkeen te gee, bv.:

Ontdek en Leer	
1. Lees jou Bybel Jy kan hierdie verhaal lees in …	**4. Kerklied van die week** *(Psalm of Gesang)*
2. Vraag van die week Bv.: Ken jy mense wat baklei en mekaar wegstoot en wegjaag? Dink bietjie; waarom gebeur dit?	**5. Kategismus van die week** *(Sondag ____ vraag en antwoord ___)*
3. Teks van die week "U is 'n God wat my sien." (Gén. 16:13).	**6. Bid** "Here, daar is so baie kinders wat nie meer in 'n gelukkige huis en gesin woon nie. Dankie, dat u hulle raaksien. Sorg asseblief vir hulle."

Hierdie kaartjie kan dan by die volgende week se opening hanteer word. 'n Spesifieke klas kan dan gekies word om hiermee by die opening voor te gaan en die ander te begelei.

[1] Vgl. https://www.clf.co.za/customer-login/product/573-vertel-vertel-ons-begin-cd1
[2] Vgl. http://legacy.orality.net/what_is_oral_learning.

VERSLAG: KOMMISSIE VIR ONDERWYS EN OPLEIDING (KOO)
Tydperk: September 2013 tot April 2017

1. PERSONEEL

Primarii: Di. MA Buys (voorsitter), PG Stans (ondervoorsitter), S Hoffman (skriba), AM Appelgryn, prof.dr. SD Nel.

Sekundus: Ds. DE Pretorius.

Om verskeie uiteenlopende redes, het hierdie kommissie byna totaal gedisintegreer kort ná die sinodesitting. Net 2 lede en die sekunduslid het oorgebly.

2. VERGADERINGS

Een vergadering is tydens die Mannekonferensie te Barkley-Wes, Pro Regno-terrein, om 14h00 op 15 Oktober 2014 gehou. Vanweë siekte en ander omstandighede was die voorsitter nie beskikbaar of bereikbaar nie en het die werksaamhede van die kommissie getaan. Verskeie pogings van die kant van die skriba om sake te beredder, het geen vrugte afgewerp nie. Die Voorsitter, Ondervoorsitter en ander lede van die KOO het om verskillende redes bedank. Die redes: Kostes, die beperkte lasgewing en wyd verspreide afstande tussen kommissielede. Die verbrokkeling van die kommissie het tot gevolg gehad dat die uurglas leeggeloop het.

Ten einde die werksaamhede van die KOO voort te sit, het die 2 oorblywende lede, tesame met die sekunduslid, op 20 Augustus 2015 besluit om per e-pos te kommunikeer en te "vergader".

3. SINODALE OPDRAGTE

3.1 DVD: DIE TOESTAND VAN ONDERWYS IN SUID-AFRIKA

Die enigste opdrag aan die Kommissie staan oor sedert die Dertiende Sinode. Die Kommissie het besluit om nie met die vervaardiging en verspreiding van die DVD voort te gaan nie.

Motivering:

Die doel en sin daarvan is nie duidelik nie. Die patetiese toestand van onderwys en opleiding in Suid-Afrika is aan ieder en elk bekend. Dit het geen sin om onnodige kostes aan te gaan om inligting wat aan almal bekend is, deur te gee nie. 'n DVD wat 'n oplossing kon bied, sou sekerlik van meer waarde wees. Die BCVO het so 'n projek in beplanning. Die KOO het hulp aangebied aan die voorsitter van die BCVO-direksie wat daarmee gemoeid is.

4. CHRISTELIKE-VOLKSEIE ONDERWYS:

Die volgende inligting is nagegaan in 'n poging om positief leiding te gee aan die belangrike aangeleentheid van Christelik-volkseie onderwys en ons verantwoordelikheid as AP Kerk in hierdie verband:

- ***Kerkorde 2014***, spesifieke die lasgewing van die KOO.
- **Besluite van Sinodes** – vanaf 1987 tot op hede rakende die onderwys en opleiding van ons jeug.
- **Christelike onderwys** – Waarheen gaan ek met my kind? Ds. WJA van Schalkwyk.
- **Wat is Christelike onderwys**? – P. H. Stoker.

- **Ondersteuning** aan ouers, onderwysers, opvoedkundiges en vakspesialiste met die oog daarop dat leerplanne en handboeke van 'n Christelike-volkseie grondslag sal wees. – Ds. D Pretorius.

In die lig van bogenoemde, nog heelwat ander bronne en ná gesprek met prof. Izak Brink aangaande die skrale lasgewing, het die KOO besluit om die volgende aan die Vyftiende Sinode voor te lê:

AANBEVELINGS

4.1 Die Sinode roep elke ouer, gemeente en ouderlingeraad op om binne elkeen se unieke omstandighede hulle te beywer daarvoor dat die kinders onder hulle opsig, behoorlike Christelik-volkseie onderwys en opleiding ontvang. Verbondsouers het in die verband 'n verantwoordelikheid t.o.v. hul doopbelofte. Daar moet toegesien word dat hierdie belofte nagekom word.

4.2 Christelik-volkseie onderwys en opleiding behoort 'n staande agendapunt te wees by ouderlingeraad- en ringsvergaderings, sodat die aangeleentheid behoorlik aandag kry en konstruktief resultate lewer.

5. BESKRYWINGSPUNT:

5.1 RING VAN MIDDELBURG: CHRISTELIKE VOLKSEIE ONDERRIG

Die Ring van Middelburg lê die volgende beskrywingspunt rakende Artikel 57.2 van die *Kerkorde (2014)* aan die Sinode voor. Volgens Sinodebesluit 8 (*Kerkorde 2014*, bl. 195-197) word die beskrywingspunt voorgelê met die versoek om dit voor die eersvolgende Sinode te lê. Die beskrywingspunt is aanvullend tot vorige sinodebesluite en is nie 'n beswaarskrif ten opsigte van enige vorige besluit nie.

Voorstel:

1. Die Sinode besluit om 'n taakspan saam te stel uit kundiges wat alle ouderlingrade, kerkrade en gemeentes van die AP Kerk sal inlig:

    a) oor die ideaal van Christelik-volkseie skole en die AP Kerk se beleid daaroor (*Handelinge 2001*, bl. 433, 16.1);
    b) oor die gevare wat onderrig in staatskole vir die verbondskinders inhou.

2. Die Sinode besluit dat 'n verteenwoordiger(s) vanuit die taakspan verkieslik alle ringe in die AP kerkverband sal besoek om die inligting oor te dra, maar dat alle ander maniere om die inligting deur te gee ook gebruik kan word.
3. Die Sinode dra dit aan ouderlingerade en kerkrade op om Christelike skole in hulle dorpe, wat aan die beleid van die AP Kerk voldoen (kyk *Handelinge 2001*, bl. 433, 16.1), daadwerklik te ondersteun.
4. Die Sinode besluit dat daar by elke ringsvergadering en sinode rapport gegee moet word oor die steun wat aan sulke skole gegee is.
5. Die Sinode besluit dat kerkrade in dorpe of gemeenskappe waar daar nie 'n Christelike skool is wat aan die beleid van die AP Kerk voldoen nie, die moontlikheid sal ondersoek vir die stigting van so 'n skool. Rapport oor die ondersoek moet gelewer word aan die ring en sinode.
6. Die Sinode versoek dat kerkrade in dorpe of gemeenskappe waar daar nie 'n Christelike skool is of gestig kan word nie, maniere sal ondersoek om verbonds-kinders na sodanige skool te stuur. Dit kan onder meer deur daaglikse vervoer of die oprig van 'n koshuis geskied.
7. Die Sinode versoek alle leraars en kerkraadslede om betrokke te wees by Christelik-volkseie onderwys en Christelike skole, die skole te promoveer en onder lidmate te propageer.

Motivering:

1. Wat word van ons verbondskinders in die AP Kerk?

   As die kerk sy jeug verloor deur toe te laat dat dwaalleringe aan hulle onderrig word, sal die kerk ook mettertyd nie meer kan bestaan nie. Die tendens wat ons tans sien, is dat die jongmense die kerkverband verlaat, omdat die kerk sukkel om die jeug te vorm in die 30-45 min van verbondsonderrig. Die kerk moet regstel wat die kind oor die laaste 6 dae by die wêreld (bv. vriende, televisie en skool) geleer het. Dit wek groot kommer dat die kerk nie daarin kan slaag met die tyd en geleentheid tot sy beskikking nie.

   In Deuteronomium 6 beveel God: *Hierdie woorde wat ek jou vandag beveel, moet in jou hart wees: en jy moet dit jou kinders inskerp en daaroor spreek as jy in jou huis sit en as jy op pad is en as jy gaan lê en as jy opstaan.*
   Dit wil sê, elke sekonde van jou dag. Vir vandag se ouers is dit baie moeilik om die opdrag van God uit te voer, omdat ouers nie meer tuisonderrig toepas nie. Om steeds gehoorsaam te wees aan hierdie eis van die Here, is dit dus uiters belangrik dat ouers moet seker maak dat die onderrig wat hulle kinders ontvang, die Woord van God weerspieël en getrou nakom.

2. "Vriendelikheid tot op 'n punt"

   In die *Kerkjaarboek* met Bybelse dagstukkies (2014, bl. 361) skryf ds. JF van der Merwe:

   > Teks: *As iemand na julle kom en hierdie leer nie bring nie, ontvang hom nie in die huis nie en groet hom nie (2 Joh. 1:10).*
   >
   > "Ons plig: Ons teks sê duidelik dat daar net een leer is en dat net dit verdra mag word. Elke Christen is hiervan 'n profeet en moet teenoor die wêreld proklameer dat Christus die enigste Verlosser is. As iemand iets anders verkondig en mense verlei, moet daar drasties opgetree word. So iemand moet nie kans gegun kan word om mense te verlei en af te rokkel van die ware geloof nie. So iemand moet dus nie geleentheid gegee word om sy leer te verkondig nie. Daarom die woorde: … *ontvang hom nie in die huis nie en groet hom nie*."

   Daarom is dit dan uiters belangrik om seker te maak dat die instansie wat die verbondskind vir 5 ure per dag namens ouers onderrig, nie 'n valse boodskap verkondig nie. Meer belangrik, ouers moet hulle nie eers vereenselwig met so 'n persoon of instansie nie. So 'n instansie het nie 'n bestaansreg nie. Mag gelowiges toelaat dat hulle kinders in 'n ander leer onderrig word en mag hulle hul kinders in so 'n sisteem sit?

3. Die verantwoordelikheid van ouderlingerade en kerkrade.

   Ouderlingerade en kerkrade het 'n groot verantwoordelikheid in dié verband. Dit spruit voort uit die plig tot gehoorsaamheid aan God se Woord en die onderhouding van die *Kerkorde* soos bepaal in Artikel 50, 51 en 51.1. Dié opdrag mag geen ampsdraer versuim nie, want dit strek tot eer van God en tot heil van die kerk.

   Artikel 50

   Kerklike opsig word toegepas en kerklike tug uitgeoefen tot eer van God, tot heil van die gemeente en tot behoud van die sondaar, volgens die voorskrifte van die Woord van God en die Kerkorde en aanverwante bepalings.

Artikel 51

Op alle lidmate van die gemeente rus die verpligting om mekaar in broederlike liefde te vermaan en om sulke vermaninge ter harte te neem. In die besonder is dit egter die roeping van die bedienaar van die Woord en die ouderling om te vermaan.

Artikel 51.1

Die kerklike opsig strek hom uit oor die hele lewenswandel en leer van die belydende en dooplidmate, en tug gaan oor alle tugwaardige sondes wat teen die Woord van God, die belydenis van die kerk en orde en dissipline in gemeente indruis.

In die lig van hierdie opsig en tugartikels dring die volgende vrae hulself op en verg ’n antwoord van elke ampsdraer en kerklike vergadering: Versuim ons nie om toesig te hou oor die kudde van die Here nie? Wat verwag God van ons ten opsigte van die toesig oor sy verbondskinders?

4. Wat is God se opdrag deur die Woord aan ons?

Johannes 21:15: *Toe hulle dan klaar was met die môre-ete, vra Jesus vir Simon Petrus: Simon, seun van Jona, het jy My waarlik lief, meer as hulle hier? Hy antwoord Hom: Ja, Here, U weet dat ek U liefhet. Hy sê vir hom: Laat my lammers wei.*

Matthéüs 28:19: *Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.*

Efésiërs 4:11-14: *En Hy het gegee sommige as apostels, ander as profete, ander as evangeliste, ander as herders en leraars, om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk, tot opbouing van die liggaam van Christus, totdat ons almal kom tot die eenheid van die geloof en van die kennis van die Seun van God, tot 'n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van Christus; sodat ons nie meer kinders sou wees nie wat soos golwe geslinger en heen en weer gedryf word deur elke wind van lering, deur die bedrieëry van die mense, deur sluheid om listiglik tot dwaling te bring ...*

Efésiërs 6:4: *En vaders, moenie julle kinders vertoorn nie, maar voed hulle op in die tug en vermaning van die Here.*

2 Timótheüs 3:16-17: *Die hele Skrif is deur God ingegee en is nuttig tot lering, tot weerlegging, tot teregwysing, tot onderwysing in die geregtigheid, sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus*.

5. Wat verwag die kerk van ons ten opsigte van die toesig oor die verbondskinders?

In die formulier vir die bevestiging in die amp bevestig die ouderlinge en diakens die volgende by implikasie: Ek glo van harte dat die leer van die kerk, soos saamgevat in die Drie Formuliere van Eenheid, naamlik die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls, in alles met die Woord van God ooreenstem.

’n Uittreksel uit die Dordtse Leerreëls, voorlaaste paragraaf (bl. 235; *Erediensboek vir die Afrikaanse Protestantse Kerk;* 2006):

Ten slotte doen hierdie Sinode ’n *beroep op alle mede-dienaars in die evangelie van Christus om hulle in die behandeling van hierdie leer in die skole en in die kerke vroom en gelowig te gedra.*

Kerkorde Artikel 62.1 en 62.2 beskryf die kerk se verbintenis tot Christelike opvoeding. Artikel 62.3 bepaal dat ouderlingerade moet toesien dat verbondskinders

se opvoeding en onderwys sal plaasvind in ooreenstemming met die leer van die kerk.

Sinodebesluite: 'n Kort opsomming van die belangrikste besluite word hier gegee.

Handelinge Sinode 2001, bl. 503, pt. 6.4.2:

1. Die Sinode versoek kerkrade om die gevare (uitgewys deur die KOO) in Godsdiensonderwys in openbare skole onder die aandag van ouers en onderwysers te bring.
2. Die Sinode besluit dat onderwys in openbare skole nie meer die ideale onderwysmedium vir Boere-Afrikanerkinders is nie, aangesien die inslag die kinders vervreem van hul Calvinisties-Gereformeerde godsdiens en Boere-Afrikanerkultuur.
3. Die Sinode wys verbondsouers op hul verantwoordelikheid kragtens hul doopbelofte. Bybelonderrig en Christelike opvoeding moet 'n prioriteit vir ouers in elke verbondshuis word.
4. Die Sinode versoek kerkrade om ouers aan te moedig om hul kinders in skole waarin Christelik-volkseie onderwys moontlik is, te plaas.

Handelinge Sinode 2004, bl. 395-7, pt. 5.3:

Die Sinode besluit vervolgens om ook die besluit van die Sinode van 2001 soos aangehaal op bl. 179 van die Sakelys aan te haal vir kennisname. Handelinge Sinode, bl. 2001, bl. 503, pt. 6.4.2: Die Sinode versoek kerkrade dringend om uitvoering te gee aan vorige sinodebesluite.

Handelinge Sinode 2007, bl. 337, pt. 3.4.5:

Die Sinode wil kerkrade daarop wys dat hulle 'n verantwoordelikheid het om Christelike Volkseie Onderwys te bevorder. Hierdie verantwoordelikheid lê veral op drie terreine:

1. Toerusting van ouers oor wat Christelik-Volkseie Onderwys behels.
2. Inligting aan ouers oor die huidige stand van sake in die onderwys.
3. Motivering van ouers om die primêre verantwoordelikheid vir die Christelik-volkseie onderwys van hulle kinders te dra.

Tans is die grootste meerderheid van ons kerk se verbondskinders in staatskole en daar is maar weinig groei in die Christelike skole soos byvoorbeeld die BCVO.

6. Is staatskool-onderrig aanvaarbaar vir God se verbondskinders?

Die staatskoolopvoedingstelsel handhaaf sogenaamd neutrale opvoeding en die Handves vir Menseregte (Human Rights Bill) word gebruik as rigsnoer vir die kind se geestelike opvoeding. Sodoende word God Drie-enig nie as enigste God en Christus as enigste Verlosser erken nie, maar God word gelykgestel met ander afgode; 'n oortreding van die eerste gebod (*Ek, Ek is die HERE, daar is geen Heiland buiten My nie* – Jes. 43:11.Vgl. Deut. 6:4-9).

Kinders word geleer dat die skepping uit 'n "oerknal" ontstaan het, terwyl die Woord op soveel plekke, maar in die besonder ook in die vierde gebod sê dat God die hemel en die aarde gemaak het. Dit is dus die oortreding van die gebod.

Die Here Jesus het self gesê: *Hy wat nie met My is nie, is teen My; en hy wat nie saam met my versamel nie, verstrooi* (Lk. 11:23). Volgens Christus is dit die anti-Chris en ontvang die kinders dus anti-Christelike onderrig.

Nog enkele voorbeelde van die toepassing van die Handves vir Menseregte en sy humanistiese inslag op die leer is die aanvaarding van homoseksualiteit en vrye seksuele omgang.

7. Dit is sonde.

As ek as verbondsouer vir my kind 'n opvoeder sou aanstel en ek vind mettertyd uit dat die opvoeder strydig met die Woord en my eie opvoeding vir my kind leer dat hy mag steel wanneer die omstandighede daarna vra – sou dit dan nie sonde wees as ek niks daaraan doen nie? Natuurlik: Die deler is so goed as die steler. Is dit dan nie ook sonde wanneer kinders, strydig met die Woord, die evolusieleer geleer word nie?

Die Woord leer dat daar een lewende God is en Hy het vir Hom 'n volk gekies (Efés. 1: 4, 5). Hy sê ook baie duidelik dat Hy sy kinders kies en nie hulle vir Hom nie (Joh. 15:16). Daarom is dit sonde as die skool ons kinders leer dat daar verskillende gode is, met die voor- en nadele van elkeen en dat die kinders vir hulle 'n afgod kan kies as god.

Skoolhoofde en onderwysers kan nie langer voorgee dat dit nie geleer word in hulle skole nie. Die Onderwysdepartement laat sedert 2014 selfs laerskoolkinders standardiseringsvraestelle skryf. As 'n skool dus nie hierdie materiaal vir die kinders leer nie, sal hulle nie die vraestelle kan beantwoord nie.

Kan ek daarop steun dat ek vir my kinders by die huis en kerk reg leer en daarom nie bekommerd hoef te wees oor wat hulle by die skool geleer word nie? Opvoedkundiges sê dit is hoogs waarskynlik dat die kind dan die huislike wêreld en skool as twee aparte wêrelde sal beleef, waar verskillende norme geld en dat hy veral in die skool sy huislike agtergrond as minderwaardig sal beleef.

Die samewerking tussen die twee belangrikste opvoedingsinstellings wat aan die kinderwêreld struktuur en inhoud gee, is noodsaaklik, selfs al lê elkeen se taak op 'n ander terrein (*Opvoedkunde*: Pieter van Zyl, bl. 206).

8. Wat sê die Woord van God oor die soort opvoeding?

Openbaring 2:20: *Maar ek het enkele dinge teen jou, dat jy die vrou Isébel, wat haarself 'n profetes noem, toelaat om te leer en my diensknegte te verlei om te hoereer en afgodsoffers te eet.*

2 Korinthiërs 6:14-17: *Moenie in dieselfde juk trek saam met ongelowiges nie, want watter deelgenootskap het die geregtigheid met die ongeregtigheid, en watter gemeenskap het die lig met die duisternis? En watter ooreenstemming het Christus met Bélial, of watter aandeel het die gelowige met die ongelowige? Of watter ooreenkoms het die tempel van God met die afgode? Want julle is die tempel van die lewende God, soos God gespreek het: Ek sal in hulle woon en onder hulle wandel, en Ek sal hulle God wees, en hulle sal vir My ''n volk wees. Daarom, gaan onder hulle uit en sonder julle af, spreek die Here; en raak nie aan wat onrein is nie, en Ek sal julle aanneem.*

Jakobus 4:17: *Wie dan weet om goed te doen en dit nie doen nie, vir hom is dit sonde.*

Romeine 1:32: … *mense wat – al ken hulle die verordening van God goed, dat die wat sulke dinge doen, die dood verdien – dié dinge nie alleen self doen nie, maar ook hulle goedkeuring skenk aan die wat dit doen.*

2 Thessalonicense 2:15-17: *So dan, broeders, staan vas en hou julle aan die voorskrifte wat julle geleer is òf deur 'n woord òf deur 'n brief van ons. En mag onse Here Jesus Christus self en onse God en Vader, wat ons liefgehad het en 'n ewige*

troos en goeie hoop in genade gegee het, julle harte vertroos en julle versterk in alle goeie woorde en werke!

9. Ten slotte

Met die jongste aanslae (hofsake) op die skole om alle vorme van Christelike onderwys uit skole te verwyder, het dit opnuut van belang geword dat ons weer na die opvoeding van ons verbondskinders kyk. Soos ons reeds weet, poog die staat om van die Afrikanerkind 'n identiteitlose wêreldling te maak. Onthou dat onderwys in die hande van die staat gebruik word om die spesifieke ideologie (beleidsrigting) van die staat oor te dra.

In 25 jaar het ons van 'n Christelike staat en skole met Bybelonderrig beweeg tot 'n neutrale staat en skole waar ons hand aan hand sit met ander gelowe. Alle gelowe word gelykgestel. Die teenkanting word al hoe flouer en dit lyk of ons stadig gebreinspoel word tot aanvaarding daarvan.

Die verval/ontkenning van die Christendom was skielik en in die laaste 25 jaar het die blanke Afrikaner 'n gesiglose Christen geword. As ons nie drasties 'n ommekeer bewerkstellig nie en seker maak dat ons jeug die regte opvoeding en voorbeeld van ouerhuise af kry nie, waar gaan ons oor 25 jaar van nou af wees?

Waar gaan u kinders of kleinkinders skoolgaan? Die verval in ons skole, aanslae teenoor ons Christenskap en die volksvreemde onderwys word net groter en sal nog groter word. By die staat is daar geen manier van omdraai nie. Die behoud is in ons hande.

Leiding in die opsig is dringend nodig. Dit word beweer dat 80% van die mensdom volgelinge is wat na die regte eindbestemming gelei moet word. Die regte leiding aan gelowiges moet deur die kerk in prediking en opsig gegee word. Die tyd om dringend leiding te gee ten opsigte van die onderrig van verbondskinders het aangebreek.

Geestelike leiers van die Afrikaner het in die laat 80's die erns besef om onsself en ons kinders te verwyder weg van 'n instansie (kerk) af wat gefaal het in die suiwer verkondiging van die Woord en volksvreemd geword het. Dit sal jammer wees as ons nie dieselfde verantwoordelikheid by die onderrig van ons kinders toepas nie. Dalk is daar 'n gebrek aan kennis van wat werklik in die leerplan van die staatskool geleer word en/of dalk 'n gebrek aan leierskap deur ouderlingerade wat gemeentelede moet toerus en lei om die regte besluit te neem.

Daar is dalk ook 'n vrees dat die AP Kerk meer lidmate sal verloor of die gemeente sal verdeel as die kerk 'n ferm standpunt sou inneem teen die staatskool-bestel. As hier egter onbeskroomd met die waarheid omgegaan word en die harde feite op 'n Christelike manier geopenbaar word, sal die lidmate die regte inligting en boodskap kry om 'n ingeligte besluit te kan neem.

Vanaf die ontstaan van die AP Kerk is daar op verskeie sinodes kommer uitgespreek oor die onderrig van ons verbondskinders en is die stig van CVO-skole aangemoedig. Op verskeie dorpe is Christelike volkseie skole geopen en word dit suksesvol bedryf. Ongelukkig sukkel van die skole om verskeie redes om voort te bestaan. Ons mag egter nie lou met hierdie uiters belangrike saak omgaan nie. Dit is immers 'n saak van ewige lewensbelang vir ons kinders.

Onthou dat kinders nog nie kan onderskei nie en wat hulle op skool leer, as waarheid aanvaar. Navorsing in die VSA toon aan dat tot 80% van alle Christenkinders wat in staatskole was, as gevolg van die staatsonderwys ná hulle eerste jaar op universiteit kerkloos en meestal ongelowig raak. Verbondsouers, ampsdraers, gemeentes en die AP kerkverband mag die uitdaging en opdrag om die Here se verbondskinders vir die Here op te voed, nie laat vaar nie.

AANBEVELINGS

5.1.1 Die Sinode besluit dat die beskrywingspunt formeel ontvanklik is.

5.1.2 Die Sinode besluit om 'n taakspan saam te stel uit kundiges wat alle ouderlingrade, kerkrade en gemeentes van die AP kerke sal inlig: a) oor die ideaal van Christelik-volkseie skole en die AP Kerk se beleid daaroor (Handelinge 2001, bl. 433, 16.1); b) oor die gevare wat onderrig in staatskole vir die verbondskinders inhou.

5.1.3 Die Sinode wys die volgende persone as taakspan aan: Prof.dr. R. Marè (sameroeper), dr. JH Breytenbach, di. PJ Möller, WJA van Schalkwyk, RK Combrink.

5.1.4 Die Sinode besluit dat die taakspan opvoedkundiges mag koöpteer.

5.1.5 Die Sinode versoek ringe om 'n verteenwoordiger(s) vanuit die taakspan te nooi om die inligting tydens ringsvergaderings oor te dra en dat die koste vir sulke besoek deur die betrokke ring gedra word.

5.1.6 Die Sinode versoek die taakspan om ondersoek in te stel na ander moontlike maniere om die inligting deur te gee.

5.1.7 Die Sinode dra dit aan ouderlingerade en kerkrade op om Christelike skole in hulle dorpe wat aan die AP Kerk se standpunte oor onderwys voldoen (kyk Handelinge 2001, bl. 433, 16.1), daadwerklik te ondersteun.

5.1.8 Die Sinode besluit dat die KOO 'n opname moet maak van steun wat aan sulke skole gegee word met verslag aan die volgende Sinode.

5.1.9 Die Sinode besluit dat die KOO moet ondersoek instel na moontlike maniere waarop gelowige onderwysers toegerus en van die nodige hulpmiddels voorsien kan word om Christelike onderwys te gee en te bevorder.

5.1.10 Die Sinode besluit dat kerkrade, in dorpe of gemeenskappe waar daar nie 'n Christelike skool is wat aan die AP Kerk se standpunte oor onderwys voldoen nie, die moontlikheid sal ondersoek vir die stigting van so 'n skool.

5.1.11 Die Sinode versoek dat kerkrade, in dorpe of gemeenskappe waar daar nie 'n Christelike skool is of gestig kan word nie, maniere sal ondersoek om verbondskinders na sodanige skool te stuur. Dit kan onder meer deur daaglikse vervoer of die oprig van 'n koshuis geskied.

5.1.12 Die Sinode versoek alle leraars en kerkraadslede om betrokke te wees by Christelik-volkseie onderwys en Christelike skole, die skole te promoveer en onder lidmate te propageer.

Motivering:

Die aanbevelings van die KOO (4.1 en 4.2) stem in wese volledig ooreen met hierdie beskrywingspunt van die Ring van Middelburg.

Die AP Kerk het 'n duidelike verantwoordelikheid om na te kom ten opsigte van ons verbondskinders se opvoeding. Die beskrywingspunt is aanvullend en bou voort op vorige sinodebesluite. Die motivering van die Ring van Middelburg dui netjies, breedvoerig en duidelik vanuit die Woord, die belydenisskrifte en die besluite van die AP Kerk, die verantwoordelikheid aan wat ons teenoor ons verbondskinders het. Ons mag nie langer sloer en daarvan terugdeins nie.

Dit is uiters laat in die dag, en ons het die verantwoordelikheid om hierdie aangeleentheid met alle erns aan te pak. Daar is nie meer tyd en geleentheid oor om a.g.v. beuselagtighede en randsake die saak te laat skipbreuk ly nie. Elke verbondsouer, gemeente, ring en die AP kerkverband moet nou mekaar se hande vat (t.s.v. kleiner verskille) en vir ons kinders behoorlike Christelike opvoeding en onderwysgeleenthede skep. Niemand anders gaan dit vir ons doen nie, ons moet self ons hande uit ons moue steek t.w.v. ons kinders en kleinkinders se toekoms. Dit is elke gelowige verbondsouer se verantwoordelikheid om ons doopbelofte in alle opsigte na te kom (Deut 6:4 e.v.).

6. AFSLUITING

Ons is almal deeglik bewus daarvan dat onderwys en opleiding in 'n krisis is. Ons mag hierdie aangeleentheid nie sleepvoetend aanpak nie. Die erns van die aangeleentheid behoort ons elkeen aan te vuur om ook in ons plaaslike gemeenskappe betrokke te wees en leiding te neem in die verband. Ons kinders is ons toekoms! Soli Deo Gloria.

Di. AM Appelgryn, S Hoffman, DE Pretorius.

VERSLAG: KOMMISSIE VIR FORMULIERE EN LITURGIE (KFL)
Tydperk: September 2013 tot Augustus 2017

1. PERSONEEL

1.1. DEUR VEERTIENDE SINODE AANGEWYS

Primarii: Prof.dr. SD Nel, di. DJ Malan (voorsitter), LE Prinsloo (skriba), H Scherman.

Sekundi: Di. AS Kruger, GJ Kruger, AP Boshoff.

1.2. PERSONEELWYSIGINGS/WISSELING

Ná die Sinode in 2013 het daar wisseling in die kommissie plaasgevind as gevolg van lede wat nie meer by die werksaamhede van die kommissie kon betrokke wees nie.

Prof.dr. SD Nel – Bedank as lid van die kommissie.
Ds. LE Prinsloo (skriba) – Bedank as lid van die kommissie.
Ds. DJ Malan (voorsitter) – Emeriteer.

1.3. KOMMISSIE SEDERT OKTOBER 2015

Di. AS Kruger (voorsitter), H Scherman (skriba), AP Boshoff.

2. VERGADERINGS

Die kommissie het nie vergader nie, maar per e-pos gekommunikeer oor die een sinodale opdrag wat in 2013 ontvang is.

3. SINODALE OPDRAG

3.1 VERTALING VAN KATEGISMUS (*Handelinge 2013*, bl. 311, pt. 6.4)

Die sinode dra dit aan die KFL op om in samewerking met die PK die Kategismus te vertaal in 'n Afrikaans wat vir die kind verstaanbaar is aangesien die huidige vertaling nie deur die kinders verstaan word nie. Kundiges kan gekoöpteer word om hiermee te help.

Werkswyse:

Die kommissie het vir 'n geruime tyd deur middel van die kerk se webblad 'n versoek aan leraars en gemeentes gerig om moontlike vertalings wat hulle tot hulle beskikking het, te deel en sodoende die vertaling hiervan in 'n verstaanbare Afrikaans vir kinders te vergemaklik. Bykans geen reaksie is ontvang nie. Hierna het die kommissie ander moontlikhede begin ondersoek. Die kommissie het bevind dat dit kostegewys oneffektief sou wees om dit vanuit die oorspronklike taal na Afrikaans toe te laat oorvertaal.

Die kommissie het ook navorsing gedoen oor moontlike publikasies in hierdie formaat wat reeds bestaan en wel sulke publikasies by die GKSA gevind: Heidelbergse Kategismus *Boek 1* en Heidelbergse Kategismus *Boek 2*. Hierdie publikasies is in 'n meer verstaanbare Afrikaans vir kinders en doen geen afbreuk aan die inhoud van die Kategismus nie. Dit kan met groot vrug gebruik word om onder die jeug 'n liefde vir die Kategismus te kweek en ook die betekenis van die inhoud sinvol te verduidelik. Enkele aanhalings uit die voorwoord van hierdie publikasies dui daarop dat die doel van hierdie publikasies tog dieselfde is as die doel waarvoor die AP Kerk dit wil gebruik.

... om die kinders van die kerk op te lei in die gereformeerde leer ... Hierdie boekie is 'n verkorting van die Kategismus om dit bevatlik te maak vir kleiner kinders. Baie van die Kategismusvrae is opgebreek in twee, drie of meer vrae, dog is daar moeite gedoen om in die vrae en antwoorde die segswyse van die Kategismus self te behou. (Die Heidelbergse Kategismus *Boek 1, piii)*

Hierin is die Kategismus verkort om dit meer bevatlik te maak vir die 13– tot 14-jarige kind. Van die begin af is die segswyse van die Kategismus in vrae en antwoorde behou. Hierin sluit Boek 2 onmiddellik aan by wat die kinders reeds in Boek 1 geleer het. (Die Heidelbergse Kategismus *Boek 2, piii)*

Voorbeeld van Sondag 1 uit hierdie publikasies

	Boek 1	**Boek 2**
Vraag 1	Wat is jou enigste troos?	Wat is jou enigste troos in lewe en sterwe?
Antwoord 1	My enigste troos is dat ek met liggaam en siel aan my Here Jesus Christus behoort.	My enigste troos is dat ek met liggaam en siel, in lewe en in sterwe, nie aan myself behoort nie maar aan my getroue Saligmaker, Jesus Christus, die Here. Rom. 14:8: "Want as ons lewe, leef ons tot eer van die Here; en as ons sterwe, sterf ons tot eer van die Here; of ons dan lewe, en of ons sterwe, ons behoort aan die Here."
Vraag 2	Waarom behoort jy aan die Here Jesus Christus?	Waarom sê jy dat jy aan die Here Jesus behoort?
Antwoord 2	Ek behoort aan die Here, omdat Hy vir al my sondes met sy bloed betaal het en my uit die mag van die duiwel verlos het.	Ek behoort aan Jesus Christus, omdat Hy vir my sondes met sy bloed betaal het en my so van die mag van die duiwel verlos het. 1 Joh. 1:7: "... en die bloed van Jesus Christus, sy Seun, reinig ons van alle sonde."
Vraag 3	Behoort jy ook aan die Vader en die Heilige Gees?	Wat doen Jesus Christus vir jou?
Antwoord 3	Ja, omdat ek aan Christus behoort, behoort ek ook aan die Vader en aan die Heilige Gees.	Jesus Christus bewaar my, verseker my, van die ewige lewe, en maak my gewillig om vir Hom te lewe. Rom. 8:16: "Die Gees self getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is."
Vraag 4	Wat moet jy weet sodat jy getroos kan lewe en sterwe?	Wat moet jy weet om in hierdie troos salig te kan lewe en sterwe?
Antwoord 4	Om getroos te kan lewe en sterwe moet ek drie dinge weet: 1. Hoe groot my sonde en ellende is, 2. hoe die Here my daarvan verlos het,	Om getroos te kan lewe en sterwe moet ek drie dinge weet: 1. Hoe groot my sondes en ellende is, 2. hoe ek daarvan verlos kan word;

	3. hoe ek die Here vir my verlossing moet bedank.	3. hoe ek die God vir my verlossing dankbaar moet wees. Ef. 5:8: "Want vroeër was julle in die duisternis, maar nou is julle lig in die Here – wandel soos kinders van die lig."

AANBEVELINGS

3.1.1 Die Sinode neem daarvan kennis dat die vertaling van die Heidelbergse Kategismus in 'n Afrikaans wat vir die kind verstaanbaar is, nie gedoen is nie.

3.1.2 Die Sinode besluit dat die twee publikasies van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, Die Heidelbergse Kategismus *Boek 1* en Die Heidelbergse Kategismus *Boek 2* deur gemeentes by die Administratiewe Buro van die GKSA aangekoop kan word en waar nodig ter toeligting van die Kategismus gebruik kan word.

3.1.3 Die Sinode versoek die PK om met die GKSA te onderhandel rakende die gebruik van hierdie publikasies veral met die oog op moontlike hersiening en herdrukke in die toekoms.

Hiermee vertrou die kommissie dat sy werksaamhede na behore en tot eer van die Here afgehandel is.

Di. AS Kruger (voorsitter), H Scherman (skriba).